1995 018 392.01

U.O.V.S. - U.O.F.S.
BLOEMFONTEIN
BIBLIOTEEK - LIBRARY

UOVS - SASOL-BIBLIOTEEK
19950183920122000019

HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE
BIBLIOTEEK VERWYDER WORD NIE

# DIE TRANSFORMASIE VAN POLITIEKE INSTELLINGS IN OORGANGSTYE – 'N REKONSTRUKSIE, INTERPRETASIE EN EVALUASIE VAN S.P. HUNTINGTON SE TEORETIESE BYDRAE

ANDRé DUVENHAGE

# DIE TRANSFORMASIE VAN POLITIEKE INSTELLINGS IN OORGANGSTYE - 'N REKONSTRUKSIE, INTERPRETASIE EN EVALUASIE VAN S.P. HUNTINGTON SE TEORETIESE BYDRAE

deur

ANDRé DUVENHAGE

PROEFSKRIF

voorgelê ter vervulling van die
vereistes vir die graad

PHILOSOPHIAE DOCTOR

in die

FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE

(Departement Politieke Wetenskap)

aan die

UNIVERSITEIT VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT

BLOEMFONTEIN

Promotor: Prof. dr. D.P. Wessels

Bloemfontein November 1994

Universiteit van die
Oranje-Vrystaat
BLOEMFONTEIN
- 6 JUN 1995
UOVS SASOL BIBLIOTEEK

T 321.09 DUV

Ek verklaar dat die proefskrif wat hierby vir die graad Philosophiae Doctor aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat deur my ingedien word, my selfstandige werk is en nie voorheen deur my aan enige ander universiteit/fakulteit ingedien is nie.

Opgedra aan Ronel,

Sonette en Madeleine

# VOORWOORD

Die voltooiing van 'n studie soos hierdie impliseer die direkte en indirekte betrokkenheid van verskeie persone sonder wie se hulp/bystand dit nie moontlik sou wees nie. My studieleier Prof. D.P. Wessels se entoesiasme en ondersteuning ten opsigte van hierdie studie, sowel as sy bereidheid om probleme in verband hiermee aan te hoor, verdien om uitgesonder te word. In besonder wil ek Proff. A.H. Marais en D.P. Wessels bedank vir hul inisiatief wat my die geleentheid gebied het om die volle 1993 in navorsingshoedanigheid aan hierdie studie te wy. Hiermee saam word waardering uitgespreek vir kollegas en tydelike personeel wat tydens 1993 vir my klasverpligtinge ingestaan het. Dank word ook uitgespreek teenoor die UOVS vir finansiële ondersteuning met betrekking tot hierdie studie. Mev. Ansie Olivier se deeglike en netjiese tikwerk, sowel as die kort tydsbestek waarin groot hoeveelhede werk afgehandel is, was 'n riem onder die hart. Prof. J.C. Steyn se keurige taalkundige versorging en advies is besonder waardeer en het deurgaans van deeglikheid en gehalte getuig. Mevv. M. de Vries, C. van Zyl en Mej. M.C.S. du Plessis se hulp met die voltooiing van tabelle en grafiese voorstellings word opreg waardeer. My familie, en in besonder Ronel, se bystand en ondersteuning met betrekking tot werksaamhede rakende hierdie studie word hoog op prys gestel.

Hierdie studie is die manifestasie van God se alomvattende genade waarsonder dit nie moontlik sou wees nie.

**André Duvenhage**

**November 1994**

"Futiel, nietig, blaaskrakerig, teleurstellend en ook skrikwekkend is ons tyd, maar ook ontsaglik, verruimend en onbegryplik hoopvol. Die geskiedenis is besig om sy sin oop te dek van die begin tot die einde toe; en ons begin in hierdie tyd vaagweg sy volle betekenis verstaan."

**(L.J. du Plessis, 1960)**

# LYS VAN TABELLE EN GRAFIESE VOORSTELLINGS

## HOOFSTUK 2


BLADSY

FIG. 2.1: 'n Seleksie vanuit die plurale aard van die vakwetenskaplike tradisie van die politieke wetenskap ........ 36

FIG. 2.2: Kuhn se denke oor die rewolusionêre aard van wetenskapsbeoefening ........ 41

FIG. 2.3: Sartori se klassifikasie van partystelsels ........ 47

FIG. 2.4: 'n Voorstelling van 'n klassifikasie in terme van 'n teenstelling ........ 49

FIG. 2.5: Direkte en indirekte veranderlikes as boustene van 'n eenvoudige en denkbeeldige kousale teorie ........ 54

FIG. 2.6: 'n Tipologie van enkele kenmerke van teorieë met verwysing na veral die politieke wetenskap ........ 56

FIG. 2.7: Die kontekste van wetenskapsbeoefening ........ 60

FIG. 2.8: 'n Metateoretiese raamwerk (staties beskou) vir die rekonstruksie, interpretasie en beoordeling van konseptuele raamwerke in die bestudering van probleme en verskynsels rakende politieke ontwikkeling ........ 67

FIG. 2.9: 'n Metateoretiese raamwerk (staties beskou) vir die rekonstruksie, interpretasie, beoordeling en evaluasie van Huntington se konseptuele raamwerke, rakende die transformasie van politieke instellings in oorgangstye ........ 69


## HOOFSTUK 3


FIG. 3.1: Die bereiking van politieke stabiliteit binne die raamwerk van die liberaal-ekonomiese denke ........ 119

FIG. 3.2: Staatbou in terme van die ewolusionêre verandering van politieke instellings (liberaal- ekonomiese beskouing) ........ 120

BLADSY

FIG. 3.3: Die demokraties-deterministiese paradigma in terme van self-ontwerpte kriteria ..... 121

FIG. 3.4: Modusse van verandering ..... 126

FIG. 3.5: Regime-veranderings - modusse en resultate ..... 129

FIG. 3.6: Verwagte resultate (ideaaltipes) van geïdentifiseerde modusse ..... 130

FIG. 3.7: 'n Algemene perspektief ten opsigte van die denkverskille tussen die demokratiese deterministe en die kontemporêre demokratiseringsdenke ..... 132

FIG. 3.8: 'n Vergelyking van die Huntington-beskouing met dié van die liberaal-ekonomiese denke ..... 137

FIG. 3.9: Bydraes oor politieke ontwikkeling en -modernisasie deur respondente as belangrik aangedui ..... 138

FIG. 3.10: Benaderings tot politieke ontwikkeling deur respondente as bruikbaar geag ..... 139

FIG. 3.11: Benaderings tot politieke ontwikkeling - bruikbaar gevind deur navorsers wat binne Afrika-studies, Latyns-Amerikaanse studies en die veld van die politieke ontwikkeling/ modernisasie werksaam is ..... 139

## HOOFSTUK 4

FIG. 4.1: Die tradisioneel-moderne kontinuum as vertrekpunt tot die transformasie van politieke instellings ..... 149

FIG. 4.2: Die Huntington-teenstelling as grondliggende vertrekpunt tot die transformasie van politieke instellings ..... 150

FIG. 4.3: 'n Verklaring vir politieke ontwikkeling/verval as voorbeeld van kousale teorie uiteengesit in dialektiese terme ..... 158

BLADSY

FIG. 4.4: Praetoriaanse samelewingstoestande in ontwikkelende state - simptome van politieke verval ..... 164

FIG. 4.5: 'n Eenvoudige tipologie van politieke bedelings in terme van die Huntington-kriteria van die graad en vorm van regering ..... 180

FIG. 4.6: Ekonomiese ontwikkeling as faktor wat demokratisering bevorder ..... 192

FIG. 4.7: 'n Voorstelling van die meganistiese denkpatroon onderliggend aan Huntington se denke met betrekking tot demokratisering ..... 216

FIG. 4.8: 'n Samevattende voorstelling van Huntington se beantwoording van die wat- en waarom-vrae (die analitiese komponent) ten opsigte van die transformasie van politieke instellings in oorgangstye ..... 218

## HOOFSTUK 5

FIG. 5.1: 'n Normatiewe perspektief ten opsigte van die transformasie van politieke instellings soos voorgestel in terme van 'n teenstelling ..... 241

FIG. 5.2: 'n Vergelyking van die klassieke leer van die demokrasie met die realistiese/proseduriële beskouing van Schumpeter ..... 246

FIG. 5.3: 'n Voorstelling van Dahl se teoretiese dimensies van demokratisering soos onderskryf deur Huntington ..... 251

FIG. 5.4: 'n Eenvoudige tipologie van normatiewe prioriteite in die denke van Huntington ten opsigte van die transformasie van politieke instellings in oorgangstye ..... 254

FIG. 5.5: 'n Samevattende voorstelling van Huntington se beantwoording van die waarheen- en waarom-vrae (die normatiese komponent) ten opsigte van die transformasie van politieke instellings in oorgangstye ..... 273

BLADSY

## HOOFSTUK 6

FIG. 6.1: Huntington se klassifikasie van burokratiese en feodale stelsels ..... 286

FIG. 6.2: Die gebruik van konsepte deur denkers binne die kontemporêre-demokratiserings paradigma om die modusse vir demokratisering aan te dui ..... 307

FIG. 6.3: 'n Klassifikasie van state in terme van tipe en modus wat tussen 1974 en 1990 gedemokratiseer het of in proses was om te demokratiseer ..... 317

FIG. 6.4: 'n Klassifikasie van state wat volgens Huntington-kriteria suksesvol, onsuksesvol of beperkte sukses behoort te behaal in terme van die konsolidasie van demokratiese bedelings ..... 331

FIG. 6.5: Die teoretiese raamwerk van Huntington se beantwoording van die hoe- en waarom-vrae ten opsigte van die transformasie van politieke instellings in oorgangstye ..... 333

FIG. 6.6: 'n Samevattende voorstelling van Huntington se beantwoording van die hoe- en waarom-vrae (die strategiese komponent) ten opsigte van die transformasie van politieke instellings in oorgangstye ..... 350

# INHOUDSOPGAWE

BLADSY

HOOFSTUK 1 .......... 1

1. INLEIDING .......... 1

1.1 Algemene oriëntering ten opsigte van hierdie tema .......... 1
1.2 Probleemstelling en motivering .......... 2
1.3 Navorsing ten opsigte van hierdie denker/terrein .......... 8
1.4 Doelstellings van hierdie studie .......... 11
1.5 Metodologiese invalshoek .......... 12
1.6 Uitleg van hierdie studie .......... 13

HOOFSTUK 2 .......... 15

1. INLEIDENDE ORIëNTERING .......... 15

2. DIE KONSEPTUALISERING VAN METATEORETIESE KONSEPTE .......... 17

2.1 Wetenskap .......... 18
Aanname I .......... 19
Aanname II .......... 20
Aanname III .......... 23
Aanname IV .......... 25
Aanname V .......... 27

2.2 Dissipline .......... 30
2.3 Vakwetenskaplike tradisie .......... 33
2.4 Paradigma en paradigma-verandering .......... 37
2.5 Konseptuele/teoretiese raamwerke .......... 44

2.5.1 Tipologie .......... 45
2.5.2 Model .......... 49
2.5.3 Teorie .......... 51

BLADSY

3. 'N METATEORETIESE RAAMWERK VIR WETENSKAPSBEOEFENING .......... 57

4. DIE STATUS VAN KONSEPTUELE RAAMWERKE IN DIE POLITIEKE WETENSKAP .......... 61

5. KONSEPTUELE RAAMWERKE IN DIE STUDIE VAN POLITIEKE VERANDERING - 'N METATEORETIESE PERSPEKTIEF .......... 65

6. 'N METATEORETIESE RAAMWERK VIR HIERDIE STUDIE .......... 68

7. SAMEVATTENDE PERSPEKTIEF .......... 70

HOOFSTUK 3 .......... 72

1. INLEIDENDE ORIëNTERING .......... 72

2. S.P. HUNTINGTON: 'N AGTERGRONDSKETS .......... 74

3. DIE KONSERWATIEWE TRADISIE .......... 79

3.1 Ideologiese begronding .......... 79
3.1.1 Lewens- en wêreldbeskouing .......... 81
3.1.2 Samelewingsbeskouing .......... 82
3.1.3 Mensbeskouing .......... 83
3.1.4 Staatsbeskouing .......... 85
3.2 Die transformasie van politieke instellings .......... 86
3.3 Literatuur binne hierdie tradisie .......... 88
3.3.1 Die uitbouing en konsolidasie van 'n politieke orde .......... 88
3.3.2 Die beklemtoning en sanksionering van die soewereiniteit van die staat .......... 89
3.3.3 Reaksie op ingrypende verandering .......... 92
3.3.4 Die beklemtoning van die belangrike rol van elites, heersersklasse en burokrasieë .......... 94
3.3.5 Historiese wetmatighede in terme van beskawingsgeskiedenis .......... 96

BLADSY

3.3.6 Beskawings en politieke verval ..... 97

4. DIE LIBERALE TRADISIE ..... 100

4.1 Ideologiese begronding ..... 100
4.1.1 Lewens- en wêreldbeskouing ..... 101
4.1.2 Samelewings- en mensbeskouing ..... 106
4.1.3 Staatsbeskouing ..... 107
4.2 Die transformasie van politieke instellings ..... 108
4.3 Literatuur binne hierdie tradisie ..... 109
4.3.1 Die demokraties-deterministiese paradigma ..... 110
4.3.2 Die kontemporêre-demokratiseringsparadigma ..... 123

5. HUNTINGTON SE BYDRAE TOT DIE STUDIE VAN DIE TRANSFORMASIE VAN POLITIEKE INSTELLINGS IN OORGANGSTYE ..... 133

6. SAMEVATTENDE PERSPEKTIEF ..... 142

HOOFSTUK 4 ..... 144

1. INLEIDENDE ORIëNTERING ..... 144

2. DIE INSTITUSIONALISERINGSKONTEKS ..... 146

2.1 Algemene vertrekpunt en invalshoek ..... 146
2.2 'n Verklaring vir politieke ontwikkeling/verval - die rekonstruksie van 'n teorie ..... 151
2.3 Praetoriaanse samelewingstoestande ..... 159
2.3.1 Oligargiese praetorianisme ..... 161
2.3.2 Radikale praetorianisme ..... 161
2.3.3 Massapraetorianisme ..... 162
2.4 Die interpretasie en evaluasie van 'n verklaring vir politieke ontwikkeling/verval ..... 165
2.4.1 Teoretiese konteks ..... 165
2.4.2 Vakwetenskaplike konteks ..... 169
2.4.3 Wetenskaplike konteks ..... 170
2.4.4 Voorwetenskaplike konteks ..... 173

BLADSY

3. DIE DEMOKRATIESE INSTITUSIONALISERINGSKONTEKS ............ 174

3.1 Algemene oriëntering ............ 174
3.2 Demokratisering as wyse van transformasie van politieke instellings ............ 175
3.3 'n Realistiese teorie ter verklaring van demokratisering ............ 181
3.3.1 Algemene riglyne ............ 181
3.3.2 Golfbewegings as verskynsel in die wêreldpolitiek ............ 181
3.3.3 Demokratiese golfbewegings as politieke verskynsel ............ 184
3.3.4 Die derde demokratiseringsgolf ............ 186
3.3.5 'n Kontekstuele verklaring vir die derde demokratiseringsgolf ............ 188
3.4 Die interpretasie en evaluasie van 'n verklaring vir demokratisering ............ 201
3.4.1 Teoretiese konteks ............ 201
3.4.2 Vakwetenskaplike konteks ............ 206
3.4.3 Wetenskaplike konteks ............ 209
3.4.4 Die voorwetenskaplike konteks ............ 214

4. 'N ALGEMENE PERSPEKTIEF VAN HUNTINGTON SE BYDRAE TOT DIE ANALITIESE KOMPONENT VAN DIE TRANSFORMASIE VAN POLITIEKE INSTELLINGS ............ 217

5. SAMEVATTENDE PERSPEKTIEF ............ 219

HOOFSTUK 5 ............ 221

1. INLEIDENDE ORIëNTERING ............ 221

2. INSTITUSIONALISERING AS NORM VIR DIE TRANSFORMASIE VAN POLITIEKE INSTELLINGS ............ 223

2.1 Die plek en rol van politieke instellings in die samelewing ............ 223
2.2 Politieke institusionalisering as norm vir die transformasie van politieke instellings ............ 225

BLADSY

2.3 Kriteria vir politieke institusionalisering ..... 227
2.4 Institusionalisering en die algemene belang van die burgery ..... 235
2.5 Die politieke party as voertuig vir politieke institusionalisering ..... 237

3. 'N DEMOKRATIESE OWERHEIDSVORM AS NORM VIR DIE TRANSFORMASIE VAN POLITIEKE INSTELLINGS ..... 242

3.1 Algemene opmerkings ..... 242
3.2 Demokrasie en demokratisering as norm ..... 243

4. DIE INTERPRETASIE EN EVALUASIE VAN NORMATIEWE PERSPEKTIEWE TEN OPSIGTE VAN DIE TRANSFORMASIE VAN POLITIEKE INSTELLINGS ..... 252

4.1 Teoretiese konteks ..... 255
4.2 Vakwetenskaplike konteks ..... 264
4.3 Wetenskaplike konteks ..... 267
4.4 Die voorwetenskaplike konteks ..... 270

5. 'N ALGEMENE PERSPEKTIEF OP HUNTINGTON SE BYDRAE TOT DIE NORMATIEWE KOMPONENT VAN DIE TRANSFORMASIE VAN POLITIEKE INSTELLINGS ..... 272

6. SAMEVATTENDE PERSPEKTIEF ..... 274

HOOFSTUK 6 ..... 276

1. INLEIDENDE ORIëNTERING ..... 276

2. MODUSSE VIR POLITIEKE INSTITUSIONALISERING ..... 278

2.1 Ewolusionêre hervorming as wyse van politieke institusionalisering ..... 278
2.1.1 Politieke leierskap ..... 279
2.1.2 Strategiese beplanning ..... 281
2.1.3 Tydsberekening van die inisiatief ..... 282

BLADSY


2.1.4 Die konsolidasie van politieke mag ........ 283
2.1.5 Die hantering van sensitiewe politieke kwessies ........ 284
2.1.6 Koalisiesluiting ........ 285
2.2 Ewolusionêre hervorming in 'n tradisionele samelewing ........ 286
2.3 Ewolusionêre hervorming in 'n praetoriaanse samelewing ........ 290
2.3.1 Die vetorol van militêre instellings ........ 291
2.3.2 Militêre instellings as beskermheer, suiweraar en bouer van politieke instellings ........ 292
2.4 Rewolusionêre hervorming as wyse van politieke institusionalisering ........ 293
2.4.1 Omstandighede wat rewolusie bevorder ........ 296
2.4.2 Politieke akteurs en die rewolusie ........ 297
2.4.2.1 Die stedelike komponent ........ 298
2.4.2.2 Die landelike komponent ........ 300
2.4.4 Rewolusie as strategie en institusionalisering as norm ........ 302

3. **STRATEGIEë VIR DIE DEMOKRATISERING VAN POLITIEKE INSTELLINGS** ........ 305

3.1 Modusse vir demokratisering ........ 305
3.1.1 Transformasie ........ 308
3.1.2 Regimevervanging ........ 311
3.1.3 Magsdeling (gesamentlike besluitneming) ........ 313
3.2 Kenmerke van die derde demokratiseringsgolf ........ 318
3.3 Probleme, uitdagings en strategieë vir die institusionalisering van nuwe demokrasieë ........ 320
3.3.1 Probleme met 'n politieke strekking ........ 320
3.3.2 Kontekstuele probleme ........ 325
3.3.3 Die ontwikkeling van 'n demokratiese politieke kultuur ........ 326
3.3.4 Gedragspatrone na afloop van demokratisering en die konsolidasie van nuwe demokrasieë ........ 327

4. **'N INTERPRETASIE EN EVALUASIE VAN HUNTINGTON SE BYDRAE TEN OPSIGTE VAN DIE STRATEGIESE KOMPONENT** ........ 332

4.1 Teoretiese konteks ........ 334

BLADSY

4.2 Vakwetenskaplike konteks ..... 342
4.3 Wetenskaplike konteks ..... 344
4.4 Die voorwetenskaplike konteks ..... 347

5. 'N ALGEMENE PERSPEKTIEF VAN HUNTINGTON SE BYDRAE TOT DIE STRATEGIESE KOMPONENT VAN DIE TRANSFORMASIE VAN POLITIEKE INSTELLINGS ..... 349

6. SAMEVATTENDE PERSPEKTIEF ..... 351

HOOFSTUK 7 ..... 354

SAMEVATTENDE PERSPEKTIEWE ..... 354

ABSTRACT ..... 366

BIBLIOGRAFIE ..... 368

# HOOFSTUK 1

# 1. INLEIDING

## 1.1 Algemene oriëntering ten opsigte van hierdie tema

Wanneer die huidige stand van sake ten opsigte van die wêreldpolitiek in oënskou geneem word, is die enkel oorheersende kenmerk die grondliggende en ingrypende politieke veranderinge van die afgelope aantal jare. Die periode van geleidelike verandering en stabiliteit soos geassosieer met die ou wêreldorde [die Koue Oorlogfase (1948-1989)] het letterlik oornag beslag gegee aan ingrypende verandering of te wel transformasies wat 'n bestaande orde in 'n oogwink verander het tot dit wat moeilik by voorbaat voorsien kon word. Snelveranderende situasies het verreikende implikasies vir bestaande politieke instellings en strukture ingehou en dikwels moes die instellings/strukture van talle state ingrypend geheroriënteer word om met die veranderde eise en omstandighede, eie aan 'n nuwe situasie, tred te hou.

Die transformasie van politieke instellings in talle state staan onder meer teen die duidelik afgetekende agtergrond van die verandering van 'n ou wêreldorde na 'n nuwe - soortgelyk, hoewel geensins identies, aan die veranderinge in die wêreldpolitiek wat gevolg het op die beëindiging van die Tweede Wêreldoorlog. Tendense wat die inisiëring van die nuwe wêreldorde ten grondslag gelê het, sluit onder meer in die ineenstorting van kommunistiese bewinde in die voormalige Sowjet-Unie en ander Oosblokstate; liberaliserings- en demokratiseringstendense wat in 'n veelheid van state voorgekom het en wat gelei het tot dit wat genoem kan word 'n wêreldwye demokratiseringsrewolusie; die amalgamasie van voormalige opponerende state (byvoorbeeld Oos- en Wes-Duitsland); die balkanisering van voormalige staatkundige bedelings (byvoorbeeld Joego-Slawië, Tsjeggo-Slowakye en die Sowjet-Unie); die eskalering van bepaalde konfliksituasies (Angola, Bosnië, Somalië); die opkoms van nuwe ideologieë (byvoorbeeld die Islam); die VSA wat na vore tree as die onbetwiste wêreldleier; en ekonomiese magblokke in Europa (die EU) en Suidoos-Asië (China, Japan, Korea, Singapoer en Taiwan) wat al hoe sterker op die voorgrond begin tree.

Die ingrypende aard van hierdie verandering het geen staat onaangeraak gelaat nie en het in baie gevalle verreikende veranderinge beteken vir bestaande staatkundige bedelings. Trouens, vir talle state het die nuwe omgewing en dit wat hieruit voortgespruit het, as eis ingehou verandering, aanpassing en hervorming - dikwels ter wille van die oorlewing van bepaalde politieke bedelings. Talle politieke bedelings

wat 'n nuwe omgewing en die eise wat hieruit voortspruit, onbeantwoord gelaat het, het van die toneel verdwyn, in die vlamme van rewolusie opgegaan of verval in wetteloosheid, wanorde en anargie. Onomwonde kan dit gestel word dat die veranderinge van die afgelope aantal jare vir talle politieke bedelings as eis ingehou het die transformasie van politieke instellings - 'n proses waaraan die meeste Suid-Afrikaners sedert 2 Februarie 1990 soms pynlik bewus geword het.

Die verskynsel van politieke verandering en meer spesifiek ingrypende politieke verandering met inbegrip van die transformasie van politieke instellings as verbandhoudende tendens, is nie 'n nuwe verskynsel in die politiek nie. Trouens, sedert die vroegste tye het politieke wetenskaplikes (hoe ook al gedefinieer) gesoek na verklarings vir hierdie uiters komplekse verskynsel. In die huidige tydsgewrig met sy komplekse en uiters dinamiese veranderinge is 'n verklaring of verklarings vir die verskynsel van politieke verandering en verbandhoudende tendense soos die transformasie van politieke instellings in oorgangstye, sake wat hoog op die agenda van elke politieke wetenskaplike behoort te wees.

Soos soveel kere in die verlede was ook politieke wetenskaplikes in die algemeen weereens die gevangenes van so 'n veranderingsproses en kon die tendens meestal reaktief (dit wil sê by nabaat) of kontemporêr histories "verklaar" word. Die vermoë om tendense pro-aktief te verklaar en te voorspel en by wyse van spreke die waterval in die rivier betyds te kon raaksien, was weereens nie vir alle politieke wetenskaplikes, asook die beoefenaars van verbandhoudende dissiplines, beskore nie. 'n Moderne denker wat wel daarin geslaag het om beperkte lig op die verskynsel te werp en metafories vergelyk kan word met 'n ster teen die agtergrond van 'n donker hemel is die vooraanstaande en dikwels omstrede Amerikaanse politieke wetenskaplike S.P. Huntington, wat ten opsigte van die verskynsel/probleem van die transformasie van politieke instellings in oorgangstye reuse werk verrig het. Die bydraes van Huntington ten opsigte van die tema - *die transformasie van politieke instellings in oorgangstye* - vorm die fokuspunt van hierdie studie.

## 1.2 Probleemstelling

Wanneer politieke verandering in die breë en meer spesifiek verandering ten opsigte van politieke instellings in oënskou geneem word, is dit by voorbaat nodig om tussen twee kategorieë van verandering te onderskei. Hierdie onderskeid word ontleen aan die bekende sosioloog Talcot Parsons (opgelei as ekonoon) se veel geroemde werk *The social system* (1951: 480) waarin dit gestel word: "It is possible and appropriate to theorize about many particular processes of change within social systems without

attempting to build up a theory of the processes of change of social systems as systems". Hierdie onderskeid waarna Parsons (1951: 480) verwys, beklemtoon enersyds verandering binne die raamwerk van 'n bepaalde sisteem waarin die bereiking van 'n ekwilibrium die voortbestaan van die sosiale sisteem verseker. Andersyds word daar weer klem geplaas op daardie verandering wat die voortbestaan van die sisteem in gevaar stel deurdat 'n toestand van dinamiese ekwilibrium of selfs disekwilibrium[1] bereik word wat kan impliseer dat 'n bestaande sisteem plek moet maak vir 'n totaal nuwe sisteem. Dit is veral ten opsigte van die verklaring van dinamiese ekwilibrium- en disekwilibrium-tendense waaraan verskeie dissiplines, met inbegrip van die politieke wetenskap, ver te kort skiet. Ten opsigte van die sosiologie wys Parsons (1951: 486) daarop dat "... a general theory of the processes of change of social systems is not possible in the present state of knowledge. The reason is very simply that such a theory would imply complete knowledge of the laws of process of the system and this knowledge we do not possess." Hierdie kategorie van verandering, of te wel die verandering van dinamiese ekwilibrium of selfs disekwilibrium (die oorgang van een sisteem na 'n ander) met as fokus die transformasie van politieke instellings binne 'n bepaalde staatsverband, word as fokuspunt van hierdie studie beklemtoon.[2]

In dieselfde tydsgleuf en in die soeke na "... a general theory (for) the understanding of political life" verskaf David Easton in sy ewe bekende werk (as dié van Parsons) *The political system: an inquiry into the state of political science* (1967[3]: 4) momentum aan dit wat later bekend sou staan as die behavioralistiese rewolusie in die politieke wetenskap met die strewe na die daarstelling van "a science of politics." Met as uitgangspunt dat "(a)ll mature scientific knowledge is theoretical", bepleit hy (1967: 4-36) die daarstelling van teoretiese konstrukte ter verklaring van die politiek met as sentrale fokus die verstaan van politieke verandering. In die verband beklemtoon hy

---

1. Met dinamiese ekwilibrium word bedoel onewewigtige politieke verandering wat die ritme en patroon van die sisteem versteur sonder om noodwendig die voortbestaan hiervan in gevaar te stel. Disekwilibrium-verandering kan lei tot die opskorting van 'n bestaande sisteem.
2. Die fokus van hierdie studie is die transformasie van politieke instellings binne staatsverband. Aangesien denkers soos Parsons (1951) en Easton (1965; 1965a; 1967) vanuit 'n stelselbenadering en -teorie na bogenoemde verskynsel kyk, en hul bydraes kernaspekte van die probleemstelling vorm, word die konsep politieke stelsel gebruik en veronderstel. Vanuit 'n stelsel-analitiese perspektief verkry die konsep politieke stelsel selfs 'n breër betekenisveld as die konsep staat. Easton (1967: 97) verklaar immers dat *"... political life constitutes a concrete political system which is an aspect of the whole social system"*. Vir doeleindes van hierdie studie word konsepte soos politieke stelsel en politieke instellings as onderdeel van staat gebruik - 'n beskouing wat verskil van die van die tradisionele stelsel-analiste soos Easton en Parsons. Waar aspekte van die denke van Easton en Parsons vir doeleindes van die probleemstelling en ander dele van die studie gerekonstrueer word, moet die stelsel-analitiese invalshoek egter in berekening gebring word. Dit is egter nie 'n vertrekpunt wat ten opsigte van hierdie studie gevolg word nie, aangesien Huntington se beskouing oor die transformasie van politieke instellings binne staatsverband gefokus word. Vir 'n definiëring van die konsepte, staat en politieke stelsel, word lesers verwys na afdeling 3.1.4 van hoofstuk 3 van hierdie studie.
3. Die eerste uitgawe was 1953.

(1967: 42) dat "... over the last seventy-five years political research has confined itself largely to the study of given conditions to the neglect of political change."

Hierdie wekroep van David Easton het nie op dowe ore geval nie en kort voor lank het verskeie bydraes vanuit die studievelde van veral die *Vergelykende Politiek* en die *Politieke Ontwikkeling* na vore getree wat gepoog het om aspekte wat verband hou met die tema van politieke verandering aan te spreek. Trouens, 'n vloedgolf van publikasies sou tydens die vyftiger- en sestigerjare die lig sien met as doelwit die verstaan van politieke verandering of verbandhoudende aspekte. In die meeste gevalle is gepoog om politieke verandering binne 'n bepaalde sisteem te verklaar waarin 'n ekwilibrium veronderstel word en waardeur die voorbestaan van 'n sisteem beklemtoon en veronderstel word. Voorbeelde van teoretiese konstrukte wat in dié verband na vore gekom het, sluit onder meer in die sogenaamde algemene *stelselbenadering/teorie*, die *struktuur-funksionalisme* en veral die *modernisasiedenke*.

Sedert die sestigerjare het verskeie teoretici hulle uitgespreek teen daardie benaderings en invalshoeke wat politieke verandering slegs in ekwilibriumterme beoordeel. Eisenstadt (1964b: 235) wys byvoorbeeld daarop dat "... (the) structural or structural-functional analysis, with its stress on systems, equilibrium, common values and boundary-maintenance, not only neglects problems of change, but is analytically incapable of dealing with them." Met 'n soortgelyke strekking as Eisenstadt se fel kritiek beklemtoon Bill & Hardgrave (1973: 82) dat "(t)he development literature reveals a one sided emphasis on modifying change (ekwilibrium verandering). Stability, order, balance, equilibrium, and harmony have been both the fundamental reality and fundamental goal for most development scholars. The popular and prevaling 'systems' and 'structural functional' approaches to the study of politics have decidedly emphasize such variables as homeostatis, equilibrium and selfmaintenance." Merkl (1977: xvii-xviii) is ook van mening dat 'patroonhandhawing' en 'stabiele ekwilibrium', soos geassosieer met sommige stelselanaliste en struktuur-funksionaliste, ontoereikend is vir die verstaan van politieke verandering met dinamiese ekwilibrium en selfs disekwilibrium as kenmerk. Teen hierdie agtergrond beweer Merkl (1977: xvii) dat "... it is very important that the comparative study of politics not permit itself to be locked exclusively into a stability oriented systems framework. Just as the actual systems are capable of changing back and forth from stable order to revolutionary transformations, the conceptual framework of the political scientist has to be able to accommodate all the varieties of political reality." [Lesers word ook verwys na Ball (1983: 13) en Young (1968: 37-48) vir soortgelyke kritiek teen die stelsel en struktuur-funksionele benaderings tot politieke verandering.]

Die modernisasiedenke waarvolgens ontwikkeling[4] in ooreenstemming met die Westerse patroon (voorgestel as 'n sisteem) moes plaasvind en wat as raamwerk vir talle bydraes, onder meer dié van Lerner (1958), Lipset (1960), Apter (1955), Deutsch (1961) en Moore (1966) gedien het, hoort eweneens tuis by daardie kategorie waarna verwys kan word as die ekwilibriumdenke. Volgens die modernisasiedenke (waarna ook verwys kan word as die liberaal-ekonomiese denke) sou 'n Westerse patroon van politieke ontwikkeling, voorgestel as 'n sisteem vir verandering, die konteks of verwysingsraamwerk vorm vir die verstaan van verandering in die sogenaamde "nuwe state" wat as gevolg van veral dekolonisasie beslag gekry het. Groot was die ontnugtering egter toe politieke ontwikkeling in die sogenaamde nuwe state buite die aanvaarde reëls (soos wat dit teoreties in ekwilibriumterme vasgelê was) 'n nuwe en vreemde koers sou volg. Van die verwagte ekwilibrium in terme van patroonmatigheid, 'n vasgestelde orde, ritme en ontwikkelingsgang, sowel as die nastrewing en bereiking van daardie waardes wat geassosieer kan word met 'n Westerse patroon van verandering, het baie min oorgebly. Die bakens op die nuut ingeslane weg was dié van politieke onstabiliteit, burgeroorlog, etniese konflikte, staatsgrepe, die verval van demokratiese waardes, chaos en anargie. Gou was dit duidelik dat die veranderingsproses wat die "nuwe state" ondergaan het, nie voldoende verstaan kan word deur alleen te konsentreer op ekwilibrium, harmonie en sisteemgerigte verandering nie. Die fokus moet val op dinamiese ekwilibrium of disekwilibrium of te wel die verandering van sisteme (aldus Parsons) met as fokus die transformasie van politieke instellings ten tye van ingrypende verandering. Hierin het die uitdaging gelê vir die verstaan van dit wat besig was om te gebeur in talle ontwikkelende state en wat nie voldoende deur bestaande teoretiese denke ondervang is nie. (Trouens, dit blyk dat die verandering van een sisteem na 'n ander ook noodsaaklik blyk te wees vir die verstaan van politieke ontwikkeling in die huidige tydsgewrig.) Ten einde 'n sterker wetenskaplike greep te verkry op tendense van dinamiese ekwilibrium en selfs disekwilibrium het talle denkers begin fokus op dit wat Bill & Hardgrave (1973: 75-83) noem die dialektiese beskouing vir die verstaan van politieke verandering met inbegrip die transformasie van politieke instellings in oorgangstye as fokus. Tesame met hierdie fokusverandering sou nuwe politieke waardes die denke rig van teoretici wat poog om tendense van dinamiese ekwilibrium en disekwilibrium te verstaan. O'Brien (1972: 351) is van mening dat "(s)tudies of modernization conducted by American political scientists over the past decade (1960-70) show a shift in teleological emphasis through which democracy as goal for developing polities has been gradually displaced by another ideal, that of institutional

4. Ontwikkeling en spesifiek politieke ontwikkeling kan voorgehou word as 'n spesifieke tipe verandering of dan politieke verandering. Vir Huntington het politieke ontwikkeling met institusionalisering te make en vir Lerner, Lipset en Apter met modernisasie. Vergelyk ook p.65, 115-118, 235-241 van hierdie studie.

order." Bydraes wat die nuwe stempel gedra het, sluit in Zolberg (1966), Pye (1966) en Binder *et.al.* (1971). Dit vorm dan ook die konteks sowel as die uitdaging waarbinne Huntington se eerste bydrae met as fokus die transformasie van politieke instellings die lig gesien het. Met 'n sterk gerigtheid tot die handhawing van orde en stabiliteit ten tyde van ingrypende verandering, soos gefundeer in die beklemtoning van institusionalisering as politieke norm, was Huntington met sy werk *Political development and political decay* (1965) en sy daaropvolgende en meer uitgebreide werk *Political order in changing societies* (1968), verantwoordelik vir dit wat binne die Kuhniaanse perspektief, maar met inagneming van die eiesoortige aard van denkveranderinge binne die politieke wetenskap, as 'n paradigma-verandering (1970: 92) beskryf sou kon word. [Vergelyk ook Duvenhage (1989: 1-39; 1992: 20-29) vir meer besonderhede oor die aard van hierdie paradigmaverandering.] Huntington se 1965- en 1968-bydraes staan teen die agtergrond van die wegbeweeg van die verstaan van politieke ontwikkeling in ekwilibriumterme (ekwilibriumteorie) in die rigting van die verstaan van politieke ontwikkeling in terme van dinamiese ekwilibrium en disekwilibrium (disekwilibriumteorie). Dit was veral sy argument dat ekonomiese modernisasie tot politieke verval kan lei, in teenstelling met die modernisasiedenke en meer spesifiek liberaal-ekonomiese denke waarvolgens geglo is dat ekonomiese modernisasie outomaties tot politieke ontwikkeling in 'n Westerse sin van die woord sou lei, wat ten grondslag lê van hierdie paradigmaverandering. Verder het Huntington (1965 en 1968) ook beklemtoon dat politieke institusionalisering, en nie 'n demokratiese bestel nie, as norm vir politieke ontwikkeling moes dien - 'n beskouing wat ingrypend verskil van dié van die liberaal-ekonomiese denke soos geartikuleer in die denke van Lerner, Lipset, Moore, Deutsch en andere.

Huntington (1965 en 1968) se vermoë om antwoorde te verskaf (dit wil sê teoretiese verklarings te formuleer) vir die *wat- en waarom-vrae* (analities), die *hoe- en waarom-vrae* (strategies) en die *waarheen- en waarom-vrae* (normatief) ten opsigte van die politieke verandering van politieke sisteme as sisteme, sou Huntington (1965 en 1968) na vore laat tree as 'n baanbreker tot die verstaan van hierdie tipe van politieke verandering. Dit was veral sy bydrae binne die strategiese konteks wat hom bo ander laat uitstyg het. Sy besondere kundigheid ten opsigte van die militêre strategie het duidelik 'n belangrike rol in hierdie verband gespeel.

Sy prominensie as wetenskaplike van statuur sou by die dag sterker beklemtoon word. Trouens, sy werk *Political order in changing societies* (1968) sou later beskryf word as een van die klassieke en baanbrekerbydraes van die moderne politieke wetenskap (Putman, 1986: 841). Tydens die vroeë sewentigerjare is in 'n opname

bevind dat dieselfde bydrae as die mees populêre werk binne die veld van die politieke ontwikkeling geïdentifiseer is (Groth, 1979: 203). Sy status as 'n vooraanstaande politieke wetenskaplike is onder meer uitgewys deur opnames van Roettger (1978) en Robey (1982). Roettger (1978: 6-12) het bevind dat Huntington onder die tien voorste akademici in die VSA gereken word wat die grootste bydrae tot die ontwikkeling van die politieke wetenskap tussen die jare sestig en sewentig gelewer het. Op sy beurt het Robey (1982: 199-200) bevind dat Huntington onder die voorste tien politieke wetenskaplikes ressorteer wie se bydraes die meeste aangehaal word [Vergelyk ook Kriek (1984: 539)]. Werke binne die studieveld van die politieke ontwikkeling wat 'n prominente plek aan Huntington (1965; 1968) toegeken het, sluit onder meer in Mayer (1972: 260-264), Bill & Hardgrave (1973: 75-83), Groth (1979: 203-204), Kesselman (1973: 139-142), O'Brien (1972: 351-378), Putman (1986: 837-846), Salamon (1978: 339-360) en Kenski & Kenski (1975: 567-578).

Die invloed van sy bydraes was egter nie net beperk tot die wetenskap nie. Trouens, hy het as adviseur betrokke geraak by die Viëtnam-oorlog en was later ook 'n veiligheidsadviseur van die Carter-administrasie. Buite die VSA het hy ook opgetree as adviseur by die demokratiseringsproses in Brasilië (Putman, 1986: 841-844). Sy verbondenheid aan konserwatiewe waardes soos die handhawing van orde en stabiliteit, effektiewe regering, 'n status quo-gerigtheid en sy uitlewing hiervan in terme van die praktiese politiek het aan Huntington die omstrede kleed van die Machiavelli van die moderne politiek besorg. Oor sy invloed as akademikus ten opsigte van die verklaring van politieke verandering kon daar nie aan getwyfel word nie. Hiermee saam sou die omstredenheid van die Machiavelli-figuur van die moderne politiek hom egter vergesel.

Sy bedraes tot die verstaan van politieke ontwikkeling was egter nie net beperk tot sy 1965- en 1968-bydraes nie. Die ingrypende aard van politieke ontwikkeling in die tagtigerjare en veral die wêreldwye demokratiseringsrewolusie sou die historiese konteks vorm vir 'n aantal nuwe bydraes. Sy bydrae *Reform and stability in a modernizing multi-ethnic society* (1981a) gelewer as referaat voor die Staatkundige Vereniging van Suid-Afrika, sou beskryf kon word as 'n pleidooi vir demokratiese hervorming hier ter plaatse, vergesel van 'n strategiese plan om hieraan uitvoering te gee. Hierdie toedrag van sake het die persepsie laat posvat dat Huntington in 'n strategiese sin advies gee oor hoe daar te werk gegaan moet word om politieke hervorming, gerig op 'n demokratiese bedeling, te inisieer. Hierdie persepsie, gerugsteun deur sy talle besoeke aan Suid-Afrika, sy bekendheid met vooraanstaande en invloedryke politieke, militêre en ander leiers in die land het in konserwatiewe politieke kringe en in die media aan Huntington 'n spesifieke plek as

adviseur in die hervormingsproses toegeken (Putman, 1986: 842; Chandler, 1993: 13). Oor die spesifieke aard van sy rol en die omvang hiervan, indien wel, bestaan daar egter nie duidelikheid nie.

Van sy ander prominente bydraes teen die agtergrond van die wêreldwye demokratiseringsrewolusie sluit in *Will more countries become democratic* (1984), *One soul at a time: political science and political reform* (1988) en *The modest meaning of democracy* (1989). Dit was egter sy nuutste bydrae *The third wave: democratization in the late twentieth century* (1991) waarin Huntington hom opnuut onderskei as die Machiavelli van die moderne politiek wat teen die agtergrond van demokratiseringstendense advies gee oor die proses van politieke verandering in talle state. In lyn met sy reputasie as die Machiavelli-figuur van die moderne politiek bevind Huntington hom weereens, soos ook telkens in die verlede die geval was, as politieke adviseur agter die een of ander troon wat sy dienste benodig. Sy besoek aan Suid-Afrika in die middel van 1993 was klaarblyklik ook daarop ingestel om advies te gee oor die hervormingsproses hier ter plaatse (Chandler, 1993: 13). Aan die statuur van hierdie politieke wetenskaplike/politieke adviseur kan daar nie getwyfel word nie. Trouens, sy talle bydraes, veral ten opsigte van die veld van die politieke ontwikkeling, maak hom een van die grootste politieke wetenskaplikes van sy tyd. Tans bevind hierdie vooraanstaande denker hom in die middelpunt van 'n debat oor hoe die nuwe wêreldorde daar gaan uitsien. Met artikels soos *The clash of civilizations?* (1993), *The next battleground* (1993) en *If not civilizations, what?* (1993), bevind hierdie prominente politieke wetenskaplike hom weereens letterlik en figuurlik op die voorpunt van tye.

Ongelukkig is hierdie denker se fenomenale bydrae tot die verstaan van politieke verandering vir baie 'n geslote boek óf is hy 'n persoon wat by voorbaat "gevonnis" is deur talle politieke wetenskaplikes as gevolg van sy kontroversiële standpunte wat dikwels bots met dit wat in die algemeen tot norm verhef is. Dit is in hierdie verband dat daar in veral die regsgesinde media in Suid-Afrika na Huntington verwys word as die argitek van "skelm hervorming". Die ontsluiting van hierdie "geslote boek" en die plasing van perspektief ten opsigte van hierdie kontroversiële standpunte gerig op die transformasie van politieke instellings in oorgangstye binne staatsverband as sentrale fokus, lê aan die hart van hierdie studie.

## 1.3 Navorsing ten opsigte van hierdie denker/terrein

Die bydraes van die meeste vooraanstaande buitelandse wetenskaplikes word dikwels jare nadat dit verskyn het, binne die Suid-Afrikaanse politieke konteks erken

en verreken. Huntington (1965; 1968) was geen uitsondering op hierdie reël nie. Hoewel nie totaal onbekend aan politieke wetenskaplikes in Suid-Afrika nie, was dit eers in die laat sewentiger- en vroeë tagtigerjare, met die eerste skuiwe in dit wat later die hervormingsproses genoem is, wat Huntington op die Suid-Afrikaanse akademiese toneel verskyn het - meer as tien jaar nadat bogenoemde publikasies die eerste keer verskyn het. Akademiese bydraes wat binne die Suid-Afrikaanse konteks teen die laat sewentiger- en vroeë tagtigerjare aan Huntington (1965 en 1968) erkenning gegee het, sluit in Olivier (1979: 3-12), Fick (1979: 172-192), Olivier (1981: 57-69) en Kotzé (1982: 49-51). In sy artikel *Conflict regulation in South Africa : options open to the Afrikaner power establishment* (1979: 3-12) wys Olivier, met die Huntington-filosofie as vertrekpunt, op die noodsaaklikheid van ewolusionêre verandering in Suid-Afrika. In 'n verdere artikel, getiteld *Hervormingstrategieë in Suid-Afrika* (1981: 57-69), maak Olivier weereens staat op die Huntington-filosofie ten einde die strategiese aspekte van die hervormingsproses in Suid-Afrika aan te spreek. Kotzé, met sy bydrae *Politieke ontwikkeling in die Afrika-konteks* (1982: 37-54) het weer van Huntington se institusionaliseringsnorme gebruik gemaak om politieke ontwikkeling binne die Afrika-konteks te verduidelik. Met Huntington (1965) se denke as vertrekpunt word klem gelê op sy onderskeid tussen politieke ontwikkeling (institusionalisering) en dit wat algemeen voorgehou word as modernisasie - 'n aspek wat sentraal staan in die paradigma-verandering op die veld van die politieke ontwikkeling en waarna reeds verwys is. Op sy beurt gee Fick (1979: 172-192) erkenning aan Huntington se bydrae (1968) tot die teorie van die politieke ontwikkeling. Huntington se besoek aan Suid-Afrika tydens 1981 en sy pleidooi vir demokratiese hervorming in Suid-Afrika, met inbegrip van 'n strategiese plan om hierdie doel te bereik, gelewer as 'n referaat voor die Staatkundige Vereniging van Suid-Afrika (en waarna reeds verwys is) het Huntington formeel op die spreekwoordelike Suid-Afrikaanse akademiese kaart geplaas. Sy prominensie as 'n vooraanstaande wetenskaplike is verder beklemtoon deurdat 'n bydrae oor sy denke (1965 en 1968) geskryf is deur Olivier in die versamelwerk *Die moderne politieke teorie* (1984: 168-190) - 'n vooraanstaande Afrikaanse werk ten opsigte van politieke teorie.

My belangstelling in 'n verklaring (teorie) vir die veranderingsproses in Suid-Afrika het my op die spoor van S.P. Huntington se bydraes gebring. Sedert 1986 het ek navorsing oor hierdie denker gedoen onder die tema *Politieke institusionalisering in oorgangsamelewings - 'n analise van Huntington se standpunte* met as doel 'n oorsigtelike verkenning en analise van hierdie skrywer se denke met as fokus sy 1965- en 1968-bydraes. Hierdie navorsing het uitgeloop op 'n M.A.-verhandeling wat in 1989 aan die P.U. vir C.H.O. voltooi is.

'n Belangrike leemte in my M.A.-studie, soos ook die geval was met Olivier (1984: 168-190) se analise van Huntington se denke, was die afwesigheid van duidelik uitgespelde metateoretiese riglyne vir die aanpak van 'n studie van hierdie aard. Wat dus afwesig was, was 'n uitgespelde metateoretiese raamwerk waaraan Huntington se bydrae (en by implikasie ook die bydraes van ander denkers) ten opsigte van die terrein van die politieke verandering en meer spesifiek die transformasie van politieke instellings in oorgangstye beoordeel kan word - 'n aspek wat myns insiens in die algemeen ten opsigte van teoretiese studies van hierdie aard in Suid-Afrika agterweë gebly het.

In 'n artikel *Die transformasie van politieke instellings in oorgangstye - 'n analise van Huntington se denke* (1992) het ek in 'n beperkte sin gepoog om aan die eis van 'n metateoretiese raamwerk vir die analise van Huntington se 1965- en 1968-bydraes te voldoen. Met die gebruik van die analitiese (die beantwoording van die wat- en waarom-vrae ten opsigte van ontwikkeling) die strategiese (die beantwoording van die hoe- en waarom-vrae ten opsigte van politieke ontwikkeling) en die normatiewe kategorieë (die beantwoording van die waarheen- en waarom-vrae ten opsigte van politieke ontwikkeling) kon Huntington se denke suksesvol gerekonstrueer word. Die leemte wat egter steeds bestaan het, was dat hierdie kategorieë slegs bruikbaar is vir die rekonstruksie van sy denke terwyl die behoorlike interpretasie en evaluasie van sy denke 'n aanvullende raamwerk, geïntegreer met die bestaande, as eis ingehou het.

Verder het Huntington ook 'n aantal nuwe bydraes (1981; 1984; 1988; 1989; 1991) laat verskyn wat poog om teen die agtergrond van demokratiseringstendense verdere lig te werp op die transformasie van politieke instellings in oorgangstye. Sy belangrikste bydrae in hierdie verband is *The third wave : democratization in the late twentieth century* wat in 1991 verskyn het. Hierdie bydraes, veral die 1991-bydrae is, sover vasgestel kon word, nog nie in 'n Suid-Afrikaanse konteks aan analise onderwerp nie, terwyl geen politieke wetenskaplike tot dusver gepoog het om 'n analise van die spektrum van sy werke gerig op die tema - *die transformasie van politieke instellings in oorgangstye* - te maak nie.

Die leemtes ten opsigte van 'n analise van hierdie denker se bydraes blyk gevolglik te wees:

* die afwesigheid van 'n uitgespelde metateoretiese raamwerk wat die rekonstruksie, interpretasie en evaluasie van Huntington se denke, gerig op hierdie tema van studie, moontlik sal maak;

* die rekonstruksie, interpretasie en evaluasie van sy belangrikste bydraes wat staan teen die agtergrond van demokratisering as wyse van die transformasie van politieke instellings;

* die rekonstruksie, interpretasie en evaluasie van al sy bydraes wat gerig is op 'n verklaring van die probleem/verskynsel naamlik die transformasie van politieke instellings in oorgangstye.

## 1.4 Doelstelling van hierdie studie

Die primêre doelstelling van hierdie studie is 'n *rekonstruksie*, *interpretasie* en *evaluasie* van Huntington se denke ten opsigte van die tema - *die transformasie van politieke instellings in oorgangstye*. Met rekonstruksie het ek in gedagte die "uitmekaarhaal" van sy denke/standpunte/beskouings en die herintegrasie hiervan met die spesifieke doel om dit op so 'n wyse te orden dat dit maklik verstaan kan word. Interpretasie verwys in wese na die doelwit om die betekenis van sy denke/standpunte/beskouings te verduidelik en sover moontlik te verklaar. Die evaluasie van sy denke impliseer 'n waardebepaling van sy denke/standpunte/beskouings, gerig op die tema van hierdie studie. Hierdie sentrale doelstelling het as eis die verdere uitspel van kleiner verbandhoudende doelstellings wat soos volg daar uitsien:

(a) Die ontwikkeling en daarstelling van 'n metateoretiese raamwerk wat gebruik kan word vir die rekonstruksie, interpretasie en evaluasie van Huntington se denke ten opsigte van die sentrale tema van studie.

(b) Die rekonstruksie, interpretasie en evaluasie van sy denke wat staan teen die agtergrond van die beklemtoning van institusionaliseringsnorme. Bydraes waarop daar in hierdie konteks gekonsentreer sal word, sluit in *Political development and political decay* (1965), *Political order in changing societies* (1968). In 'n ondersteunende sin sal daar ook gebruik gemaak word van *The change to change : modernization, development and politics* (1971), *No easy choice : political participation in developing countries* (1976) en *Reform and stability in a modernizing multi-ethnic society* (1981a).

(c) Die rekonstruksie, interpretasie en evaluasie van sy denke, wat staan teen die agtergrond van demokratiseringsnorme, vorm 'n belangrike deel van die studie. Hier sal die fokus veral geplaas word op sy nuutste bydrae *The third wave : democratization in the late twentieth century* (1991). In 'n sekondêre sin sal die volgende bydraes gehanteer word, naamlik *American politics : the promise*

*of disharmony* (1981); *Reform and stability in a modernizing multi-ethnic society* (1981a); *Will more countries become democratic?* (1984); *One soul at a time : political science and political reform* (1988); en *The modest meaning of democracy* (1989).

(d) Die implikasie van doelstellings (b) and (c) is 'n totale analise van sy belangrikste bydraes wat gerig is op die sentrale tema van hierdie studie. Dit moet beklemtoon word dat daar in hierdie verband van heelwat meer van sy werke as net bogenoemdes gebruik gemaak sal word ten einde 'n geheelperspektief van sy denke na vore te bring.

## 1.5 Metodologiese invalshoek

Studies wat poog om die een of ander analise van 'n teoretiese bydrae ten opsigte van 'n bepaalde terrein/probleem/verskynsel te maak word dikwels gekenmerk deur die afwesigheid van uitgespelde metateoretiese riglyne vir die aanpak van sodanige analise/studie. Wat dus dikwels in sulke studies ontbreek, is 'n raamwerk, metateoreties gesproke, wat gebruik kan word om 'n teoretiese bydrae van die een of ander aard aan die hand van 'n stel metateoretiese kriteria te analiseer.

Ten einde hierdie probleem binne hierdie studie te voorkom of sover moontlik uit te skakel (of selfs net te minimaliseer) is 'n metateoretiese raamwerk ontwikkel wat kan dien as die simboliese gereedskap vir die rekonstruksie, interpretasie en evaluasie van Huntington se denke ten opsigte van die sentrale tema. Hierdie metateoretiese raamwerk maak 'n planmatige en geordende rekonstruksie, interpretasie en evaluasie van Huntington se denke ten opsigte van die transformasie van politieke instellings in oorgangstye moontlik.

In 'n neutedop behels die metateoretiese raamwerk die identifikasie van *voorwetenskaplike*, *wetenskaplike*, *vakwetenskaplike* en *teoretiese kontekste* waarbinne Huntington se denke verstaan kan word.[5] Elk van hierdie kontekste is toegerus met 'n stel kriteria wat òf die rekonstruksie òf die interpretasie en evaluasie of albei moontlik maak vir die verstaan van Huntington se bydrae ten opsigte van die transformasie van politieke instellings in oorgangstye as tema. Vir doeleindes van die rekonstruksie van sy denke is veral die teoretiese konteks van belang. Binne hierdie konteks word die rekonstruksie gedoen in terme van 'n analitiese komponent (sy beantwoording van die wat- en waarom-vrae ten opsigte van die transformasie van

5. Hoofstuk 2 van hierdie studie is volledig afgestaan aan die ontwikkeling van 'n metateoretiese raamwerk wat gebruik sal word vir die rekonstruksie, interpretasie en evaluasie van Huntington se teoretiese bydrae.

politieke instellings in oorgangstye), die strategiese komponent (sy beantwoording van die hoe- en waarom-vrae ten opsigte van dieselfde tema) en die normatiewe komponent (sy beantwoording van die waarheen- en waarom-vrae). Vir doeleindes van die interpretasie van sy denke word dit ten diepste herlei tot die voorwetenskaplike konteks waarin die lewens- en wêreldbeskoulike grondslae en dit wat hiermee saamgaan (mens-, samelewings- en staatsbeskouing) blootgelê word. Binne die wetenskaplike konteks word Huntington se vermoë om orde en struktuur ten opsigte van hierdie terrein (tema) te bewerkstellig, en sy vermoë om geldige en betroubare kennis as eis van die wetenskap te genereer, in oënskou geneem. Sy gebruik van wetenskaplike metodes, soos ontleen aan 'n bepaalde wetenskapsbeskouing wat sy denke ten grondslag lê, figureer sentraal binne hierdie konteks. Vakwetenskaplik gesproke moet die denker se verbintenisse aan bepaalde vakwetenskaplike tradisies en paradigmas vasgestel word sowel as sy kritiek op ander paradigmas en tradisies binne die betrokke studieveld. Teen die agtergrond van die interpretasie van sy denke in terme van die aangeduide kontekste sal sy bydraes geëvalueer word. Dit impliseer die kritiese beoordeling van sy denke in 'n positiewe sowel as in 'n negatiewe sin.

Dit moet egter beklemtoon word dat hierdie metateoretiese raamwerk en die kategorieë wat hier gebruik word, 'n sisteem of te wel 'n geheel is en dat die een kategorie nie los van die ander gesien kan word nie, hoewel die organisasie en ordening van hierdie studie uiteraard staatmaak op sodanige kategorieë. So is die rekonstruksie, interpretasie en evaluasie van Huntington se denke kante van dieselfde munt en vloei die een regstreeks voort uit die ander. Dit impliseer uiteraard dat oorvleuelings en grys gebiede tussen kategorieë moontlik is, hoewel gepoog word om dit tot 'n minimum te beperk.

Wat die rekonstruksie van sy denke ten opsigte van die analitiese, strategiese en normatiewe komponente aanbetref, is 'n verkapping van sy bydrae, wat die geheelbeeld kan skaad, 'n wesenlike probleem. Ten einde hierdie probleem te ondervang is daar van verwysings gebruik gemaak om lesers se aandag te vestig op gedeeltes waar noodsaaklike verbande aangedui moet word.

## 1.6 Die uitleg van hierdie studie

Die uitleg van hierdie studie kry beslag in terme van ses verdere hoofstukke.

In hoofstuk 2 van hierdie studie word 'n metateoretiese raamwerk van geïdentifiseerde metateoretiese konsepte ontwikkel waarmee Huntington se teoretiese bydrae tot die verstaan van die verskynsel van die transformasie van

politieke instellings in oorgangstye gerekonstrueer, geïnterpreteer en geëvalueer kan word.

Die doel met hoofstuk 3 van hierdie studie is om die studieveld, waarin die sentrale tema aangespreek word, te rekonstrueer en dan Huntington se bydrae tot hierdie terrein aan te dui. Sowel dié bydraes wat staan teen die agtergrond van die beklemtoning van institusionaliseringsnorme as daardie bydraes waarin demokratiseringsnorme beklemtoon word, sal aangedui word.

Hoofstuk 4 van hierdie studie is gerig op die rekonstruksie, interpretasie en evaluasie van Huntington se beantwoording van die wat- en waarom-vrae ten opsigte van politieke verandering binne die institusionaliserings- en demokratiese-institusionaliseringskonteks (die analitiese komponent). Onder die tema van die faktore/determinante wat die transformasie van politieke instellings inisieer, word inhoud aan hierdie afdeling gegee.

Hoofstuk 5 van hierdie studie het betrekking op die rekonstruksie, interpretasie en evaluasie van Huntington se beantwoording van die waarheen- en waarom-vrae ten opsigte van die transformasie van politieke instellings in oorgangstye, gerig op institusionaliserings- en demokratiseringsnorme (die normatiewe komponent). Normatiewe perspektiewe ten opsigte van die transformasie van politieke instellings dien as vlag vir hierdie hoofstuk.

Hoofstuk 6 van hierdie studie het as doelwit die rekonstruksie, interpretasie en evaluasie van Huntington se beantwoording van die hoe- en waarom-vrae ten opsigte van die transformasie van politieke instellings in oorgangstye met as fokus die institusionaliserings- en demokratiese institusionaliseringskonteks (die strategiese konteks). Strategiese aspekte wat die transformasie van politieke instellings ten grondslag lê, is die tema van hierdie hoofstuk.

Hoofstuk 7 van hierdie studie het as fokus 'n samevattende perspektief ten opsigte van Huntington se teoretiese bydrae tot die verstaan van die transformasie van politieke instellings in oorgangstye.

# HOOFSTUK 2

# 'N METATEORETIESE RAAMWERK VIR HIERDIE STUDIE

## 1. INLEIDENDE ORIëNTERING

Enige wetenskaplike, ongeag sy/haar waardes, norme en oortuigings, gebruik teoretiese konstrukte (konsepte) van die een of ander aard, in die omvattende of minder omvattende sin, sigbaar of onsigbaar, om verskynsels, gebeure en probleme binne 'n bepaalde veld van studie te beskryf, te verklaar, te voorspel, en te beoordeel. Hierdie standpunt kan selfs verder gevoer word aangesien ook nie-wetenskaplikes van bepaalde verwysingsraamwerke (voorwetenskaplik van aard) gebruik maak, meestal afgelei vanuit 'n bepaalde kultuurkonteks (dit wil sê prakties gerig) ten einde probleme, verskynsels en gebeurtenisse in 'n eie omgewing te verstaan. Hierdie verwysingsraamwerke vervul by die gewone persoon 'n soortgelyke rol as die van teoretiese konstrukte[1] vir die wetenskaplike. Uiteraard is daar belangrike verskille tussen die teoretiese konstrukte (konsepte) wat wetenskaplikes gebruik en die verwysingsraamwerke waaruit die gewone persoon na die wêreld om hom kyk. Hierdie verskil hang nou saam met Stoker (1961: 133-134) se onderskeid tussen "kennis" en "wetenskaplike kennis" en Kerlinger (1986: 4-5) en Nagel (1961: 1-14) se onderskeid tussen "science" en "common sense".

Die feit dat wetenskaplikes dikwels stof aanbied met geen sigbare of duidelik uitgespelde teoretiese inhoud nie, impliseer nie noodwendig dat daar sonder teoretiese begronding van die een of ander aard gewerk word nie. Indien teoretiese begronding totaal sou ontbreek, sou die stof nie kon aanspraak maak op die status van wetenskaplike kennis nie. Trouens, enige wetenskaplike analise, klassifikasie of beoordeling veronderstel die bestaan van teoreties gerigte vertrekpunte of minstens elemente daarvan. Myns insiens verhoog die wetenskaplike die kwaliteit van sy werk deur teoreties gerigte vertrekpunte uit te spel en te verreken eerder as om dit te veronderstel.

Hierdie argumente kan ook op die politieke wetenskap as dissipline van toepassing gemaak word. Bluhm (1965: 1) merk tereg op dat "... a political theory is an explanation of what politics is all about, a general understanding of the political world, a frame of reference. Without one we should be unable to recognize an event as political, decide anything about why it happened, judge whether it was good or bad,

1. Na gesprek met taalkundiges en metodoloë aan die UOVS word daar by gebrek aan 'n akkurater Afrikaanse woord met die term "konstruk" volstaan. Dit is ook die term wat deur Mouton & Marais (1990: 127-154) gebruik word.

or decide what was likely to happen next." Soos ander terreine en sub-dissiplines in die politieke wetenskap is ook die terrein van die politieke ontwikkeling afhanklik van 'n teoretiese invalshoek/raamwerk in 'n poging om verskynsels soos die transformasie van politieke instellings in oorgangstye te beskryf, te verklaar en selfs te voorspel.

Net soos die wetenskaplike poog om verskynsels en probleme aan die hand van teorieë te verstaan moet die wetenskaplike die instrumente waarmee daar verstaan word (konseptuele raamwerke) plaas teen die agtergrond van 'n metateoretiese perspektief (raamwerk). Dus, wanneer die bydrae van 'n teoretikus (byvoorbeeld dié van Huntington) ten opsigte van 'n verskynsel (soos die transformasie van politieke instellings in oorgangstye) gerekonstrueer, geïnterpreteer en geëvalueer moet word, moet dit geskied aan die hand van bepaalde kriteria ten opsigte van die teorie van teorie (metateorie). Te veel studies in die politieke wetenskap wat te make het met tweede-orde-teorie (die analise van teoretiese bydraes) is aangepak sonder 'n behoorlike uitgespelde en gefundeerde derde-orde teoretiese raamwerk (metateorie). Om hierdie rede is besluit om 'n volle hoofstuk af te staan aan 'n metateoretiese raamwerk waarbinne die bydrae van S.P. Huntington ten opsigte van die transformasie van politieke instellings in oorgangstye gerekonstrueer, geïnterpreteer en geëvalueer kan word.

Teoretiese konstrukte en die verrekering hiervan binne die breër raamwerk van die wetenskap (en ook die politieke wetenskap) is 'n hoogs omstrede aangeleentheid aangesien 'n veelheid standpunte, visies en interpretasies in dié verband bestaan. Hierdie omstredenheid is veral geleë in voorwetenskaplike aannames (lewens- en wêreldbeskouing) sowel as standpunte oor die aard van wetenskap wat lê op die vlak van die wetenskapsfilosofie. So gee die behavioralistiese denkstroom in die politieke wetenskap (in ooreenstemming met 'n positivistiese wetenskapsfilosofie) 'n hoogs eksakte en eksklusiewe status aan die konsep "politieke teorie" [Vergelyk die standpunt van Easton (1965: 13-16) in dié verband]. Hierteenoor staan die werk van Sabine & Thorsun (1973: 4) waarin politieke teorie voorgehou word as "... the disciplined investigation of problems." 'n Hoogs inklusiewe inhoud word hierdeur aan teorie toegeken deurdat politieke filosofie in die wydste sin van die woord as teorie gereken word (vergelyk Sabine & Thorsun, 1973: 3-17). Verwante metateoretiese begrippe soos wetenskap, paradigma, tradisie en benadering vertoon eweneens 'n meersinnige aard soos wat dit bepaal word deur voorwetenskaplike en wetenskapsfilosofiese aannames. Die uitklaring van die status en inhoud van enkele metateoretiese konsepte en die daarstelling van 'n metateoretiese raamwerk is noodsaaklik alvorens 'n rekonstruksie van die studieveld en die bydrae van

Huntington gerekonstrueer, geïnterpreteer en geëvalueer kan word. Dit moet egter beklemtoon word dat die doelstelling van hierdie hoofstuk sekondêr van aard is, aangesien dit 'n middel tot 'n doel is. Drie verbandhoudende kleiner doelstellings word in die hoofstuk geïdentifiseer, naamlik:

- Die konseptualisering (dit wil sê konseptuele analise) van enkele metateoretiese terme met die oog daarop om hierdie studie met duidelik omlynde metateoretiese konsepte te benader. Hierdie konsepte moet dien as die *simboliese gereedskap* waarmee hierdie studie aangepak sal word. 'n Oorsigtelike uiteensetting van hierdie konsepte word as doelwit gestel.
- Die konseptualisering van metateoretiese terme op so 'n wyse dat dit die besondere behoeftes van die politieke wetenskap en die studieveld van die politieke verandering ondervang.
- Die integrering van verskillende perspektiewe in 'n metateoretiese raamwerk wat kan dien as 'n grondslag vir die hantering van hierdie studie.

Die konkretisering van hierdie doelstellings impliseer dat die meeste van die afdelings daarop ingestel is om meer as een van hierdie doelstellings gelyktydig te verwesenlik. Die doelwitte van die hoofstuk sien soos volg daaruit:

- Die konseptualisering oftewel die konseptuele analise van metateoretiese terme soos wetenskap, dissipline, tradisie, paradigma en paradigmaverandering en konseptuele raamwerk soos van toepassing gemaak op die politieke wetenskap.
- Die daarstelling van 'n algemene metateoretiese raamwerk vir wetenskapsbeoefening.
- Die aantoon van die status van konseptuele raamwerke in die politieke wetenskap.
- Konseptuele raamwerke in die analise van politieke verandering.

## 2. DIE KONSEPTUALISERING VAN METATEORETIESE TERME

Die besonder komplekse aard van die metateorie as studieveld en die groot aantal terme, meestal met 'n hoogs omstrede aard en inhoud, maak dit nodig om selektief te werk te gaan. Sodanige keuse moet egter die belangrikste konsepte wat relevant is vir die daarstelling van 'n metateoretiese raamwerk vir die politieke wetenskap en dus

ook vir hierdie studie behandel. Aangesien die beoefening van alle wetenskap konteksmatig geskied, word konsepte met die verste strekking eerste aan die orde gestel waarvandaan ingefokus sal word op daardie begrippe met 'n kleiner betekenisveld. Dit is veral nodig omdat die breër konsepte reeds bewustelik of onbewustelik inhoud en betekenis oordra aan daardie begrippe met 'n meer beperkte betekenisveld. Dit is bekend dat die aard van 'n wetenskapsbeskouing bepalend is vir die inhoud wat gegee word aan paradigmas, konseptuele raamwerke en selfs feite as die kleinste entiteite. Met dit in gedagte word die volgende begrippe aan die orde gestel: *wetenskap, dissipline, tradisie, paradigma en paradigmaverandering en konseptuele raamwerke (teorie, model en tipologie)*. Aan hierdie konsepte word vervolgens aandag gegee.

## 2.1 WETENSKAP

Hoewel elke wetenskaplike daarop aanspraak maak dat hy/sy wetenskap beoefen, impliseer dit nie dat almal presies dieselfde inhoud hieraan gee nie. Trouens, daar word verskeie interpretasies van wetenskap, voorwetenskaplik bepaal, aangetref en hulle kry beslag in 'n veelheid uiteenlopende wetenskapsfilosofiese strominge. Hierna verwys Stoker (1961: 252-255) as die wetenskapsidee of wetenskapsbeskouing wat die beoefening van wetenskap ten grondslag lê (vergelyk ook Duvenage, 1983: 12-14, 23-36). Wetenskapsbeskouings wat in die moderne tyd prominent is (ook in die politieke wetenskap) sluit in die positivisme, die logiese positivisme, die empirisme, neo-marxisme, historisme en die christelike wetenskap - om net enkeles te vermeld. Hierna kan ook verwys word as wetenskapskole - dit wil sê skole van denke met verskillende, uiteenlopende en selfs teenstrydige antwoorde op basiese en elementêre vrae soos: *Wat is wetenskap? Wat is die taak van die wetenskap/wetenskaplike? Watter aspekte van die wetenskap moet prioriteit geniet in 'n bepaalde navorsingsveld? Watter metodes is gepas vir 'n bepaalde studie?* Hierdie toedrag van sake maak dit nodig om bepaalde domein-aannames oor die aard en wesenskern van die wetenskap uit te klaar ten einde die wetenskapsbeskouing wat hierdie studie ten grondslag lê, duideliker uit te spel, sowel as om die raamwerk te verskaf waarbinne die plek en posisie van die ander aangeduide metateoretiese konsepte verreken kan word. Die konseptualisering van wetenskap sal gehanteer word, deur enkele aannames oor die aard en karakter hiervan aan te dui en dit dan te bespreek. Bepaalde aksente/fokusse oor die aard van wetenskap, soos gereflekteer in die aannames, word uitgelig maar moet ten alle tye in terme van die samehang van al hierdie aksente gelees en beoordeel word.

## AANNAME I

*Voorwetenskaplike kennis, gedefinieer as lewens- en wêreldbeskouing, is bepalend vir die beoefening van die wetenskap.*

Voorwetenskaplike kennis, soos dit tot uitdrukking kom in 'n lewens- en wêreldbeskouing beteken "... die geheel van antwoorde of oortuigings van die mens aangaande fundamentele vrae betreffende die oorsprong, sin, bestemming, doel en waarde van mens en wêreld en van hul verhouding tot God (of tot iets wat afgodies in die plek van God gestel word)" (Stoker, 1961: 113). Aangesien 'n lewens- en wêreldbeskouing ten diepste deur religieuse oortuiging/religie bepaal word (vergelyk Dooyeweerd, 1953: vi; 3-114; Stoker 1961: 18) is dit 'n kernaspek wat verreken moet word wanneer 'n wetenskaplike se wetenskapsbeskouing en alles wat daaruit voortvloei (teorieë en modelle) beoordeel word. [Vergelyk ook Stoker (1961: 117-118) in dié verband.]

Die goue sleutel tot die verstaan van die voorwetenskaplike konteks van wetenskapsbeoefening is die rol wat religieuse oortuigings/religie speel. Met "religie" bedoel Dooyeweerd (1953: 57) "... the innate impulse of human selfhood to direct itself toward the <u>true</u> or toward a <u>pretended</u> absolute Origin of all temporal diversity of meaning, which it finds focused concentrically in itself." Hierdie religieuse oortuiging/religie kan mens-, natuur-, waardevry-, rasioneel of christelik-reformatories georiënteerd wees - om net enkele fokusse te noem. Die kernaspek hier (in terme ook van hierdie studie) is dat alle wetenskaplikes wetenskap beoefen vanuit wat genoem word 'n religieuse grondmotief (wat dit ook al mag wees) en dat die verstaan van 'n wetenskaplike bydrae van byvoorbeeld Huntington en andere alleen tot sy volle reg kan kom wanneer die grondmotief van die bydraer blootgelê kan word.

Voorwetenskaplike kennis, met as lewens- en wêreldbeskouing geanker in 'n religieuse grondmotief, kan akademies gesproke onderskei word van wetenskaplike kennis (vergelyk Stoker, 1961: 133) maar is 'n aspek wat die beoefening van wetenskap regstreeks bepaal en kan daarom nie geïgnoreer word nie. Die positivisme (van Comte, Hume en andere) en in 'n mindere mate die logiese positivisme (van Wittgenstein, Reichenbach en andere) se klem op 'n onderskeid tussen feite en waardes en die beklemtoning dat wetenskap slegs met feite behoort te werk (dit wil sê 'n neutrale wetenskapsbeskouing) word met die aanvaarding van die vertrekpunte van Dooyeweerd en Stoker as grondslag vir wetenskapsbeoefening verwerp. Die implikasie van die aanvaarding van die aanname is dat voorwetenskaplike kennis die beoefening van wetenskap bepaal, wat daarop dui dat die wortel van alle teoretiese denke, ingestel op die verklaring van probleme en

verskynsels, buite die verklarings (teoretiese) milieu lê en ten diepste "religie-bepaald" is as die sentrum van 'n lewens- en wêreldbeskouing (vergelyk Dooyeweerd, 1953: 56).

Die blootlegging van die voorwetenskaplike denke maak dit verder moontlik om teoretiese bydraes vanuit 'n eie voorwetenskaplike konteks normatief te beoordeel en stel sodoende 'n grondslag daar vir transendentale kritiek - dit wil sê kritiek vanuit 'n eie wetenskaps-filosofiese perspektief. In die verband wys Dooyeweerd (1953: 70) daarop dat "(a) sharp distinction between theoretical judgements and the supra-theoretical pre-judgements, which alone make the former possible is a primary requisite of critical thought".

Samevattend kan dit gestel word dat voorwetenskaplike kennis bepalend is vir die beoefening van wetenskap, en hieruit vloei voort dat feite en die verbande waarin dit gegiet is (konseptuele raamwerke) 'n voorwetenskaplike stempel dra. Hiermee saam gaan die verwerping van die neutrale wetenskapsbeoefening eie aan die positivisme en die logiese positivisme, aangesien alle wetenskapsbeoefening bepaal en gerig word vanuit 'n voorwetenskaplike konteks wat 'n neutrale grondslag vir die beoefening van wetenskap onmoontlik maak. Vir die beoordeling van tweede-orde-teorie is die blootlegging van die voorwetenskaplike aard van Huntington se bydrae bepalend vir 'n diepliggende verstaan hiervan en kan dit verder aan transendentale kritiek (soos beoordeel vanuit 'n eie gefundeerde voorwetenskaplike konteks) beoordeel word.

## AANNAME II

*Die wetenskap is ingestel op geldige en betroubare kennis - nie absolute kennis nie.*

Epistemologies gesproke, is die wetenskap ingestel op die ontwikkeling en daarstelling van geldige en betroubare kennis of behoort dit so te wees (Popper, 1968: 29-30; Mouton & Marais, 1991: 14-16). Vir die klassieke filosowe het dit as eis ingehou die soeke ná en die ontdekking ván die waarheid, vir Descartes die soeke na sekere en onbetwyfelbare kennis en vir Sir Frances Bacon die akkummulering of opeenvolging van feite. In sy *Novum Organum* wys Bacon daarop dat die "wetenskap" nie ingestel moet wees op "... pretty and probable conjections (nie), but certain and demonstrable knowledge" (1889: 40).

Hoewel daar seer sekerlik waarheidsmomente in elkeen van hierdie beskouings opgesluit is, het die bekende en omstrede werk van Thomas Kuhn, *The stucture of scientific revolutions* (1962; 1970), nuwe lig gewerp op, die aard van geldige en

betroubare kennis (as eis van die wetenskap) deurdat die historiese en paradigmatiese aard van wetenskapsbeoefening beklemtoon word. (Die paradigmakonsep word later in meer besonderhede hanteer en slegs 'n kriptiese uiteensetting van die kernargumente van Kuhn se bydrae, relevant vir die aspek op tafel, word in 'n neutedop aangestip).

Vir Kuhn (1970: 10) word normale wetenskap, dit wil sê "... research firmly based upon one or more past scientific achievements ...", gekenmerk deur die bestaan van 'n paradigma van denke. By wetenskaplikes bestaan daar konsensus oor die veronderstellings waarop hierdie paradigma berus en dien dit as rigtinggewende raamwerk vir die beoefening van wetenskap op 'n bepaalde terrein. Met verloop van tyd ontstaan daar egter probleme en vraagstukke waarvoor die heersende paradigma van denke nie oplossings of verklarings kan bied nie. Hierna word verwys as teenstrydighede (anomalieë) (Kuhn, 1970: 52-65). Hierdie probleme/vraagstukke inspireer nuwe kreatiewe denke wat manifesteer in baanbrekersbydraes wat die geldigheid van die veronderstellings, waarop die bestaande paradigma van denke berus, bevraagteken, aangesien dit 'n onvermoë openbaar om spesifieke probleme en vraagstukke aan te spreek (Kuhn, 1970: 37, 66-76). Hierdie toedrag van sake lei tot wat genoem word 'n wetenskapskrisis waardeur wetenskapsbeoefening 'n rewolusionêre (extraordinary) fase betree en waarin nuwe verklarings vir probleme en vraagstukke die skep van 'n nuwe paradigma inisieer (Kuhn 1970: 84-58). Vir Kuhn (1970: 90, 92-100) beteken dit dat 'n *wetenskapsrewolusie* plaasgevind het. Maar wat sê dit alles vir die eis van geldige en betroubare kennis?

- Die "statiese beskouing" van wetenskapsbeoefening (vergelyk Kerlinger, 1985: 7-8), wat onder andere impliseer dat die wetenskaplike (à la Bacon) bloot nuwe kennis toevoeg tot die bestaande liggaam van kennis is nie aanvaarbaar nie. Dit het as implikasie dat nuwe teorieë, modelle en hipoteses naas die wat reeds bestaan, geplaas moet word. Binne die idioom waarin Kuhn (1970) die ontwikkelingsgang van die wetenskap aandui, is dit bepaald nie die opeenstapeling van kennis nie maar eerder die soeke na nuwe verklarings vir probleme en vraagstukke wat aan die ontwikkeling van die wetenskap 'n rewolusionêre karakter gee. In die verband merk Cohen (1956: 148) op dat "(t)here is ... no genuine progress in scientific insight through the Baconian method of accumulating empirical facts without hypothesis or anticipation of nature. Without some guiding idea we do not know what facts to gather... we cannot determine what is relevant and what is irrelevant". Hoewel die standpunt van Kuhn (1970) dat wetenskap rewolusionêr ontwikkel, soos voortspruitend uit sy analise van die historiese ontwikkeling van die

natuurwetenskappe, is dit tog ook so dat wetenskapsbeoefening vir baie wetenskaplikes die opeenstapeling van feite is, in terme van wat hy (Kuhn) tipeer as "normale wetenskapsbeoefening". Die eis van geldige en betroubare kennis en die strewe na 'n beter toedrag van sake word egter nie altyd deur die opeenstapeling van feite alléén gedien nie, soos tereg deur Kuhn (1970) en Cohen (1956) aangedui word.

- Tweedens impliseer die statiese beskouing van die ontwikkelingsgang van die wetenskap dat die kritiese kant van die beoefening van wetenskap, naamlik om bestaande vertrekpunte, paradigmas, teorieë en standpunte krities te beoordeel en te bevraagteken, nie binne hierdie wetenskapsbeskouing tot sy reg kom nie. In hierdie opsig kan daar aansluiting gevind word by die standpunt van Popper in sy werk *The logic of scientific discovery* (1968) waar 'n kritiese rasionalisme in die beoefening van wetenskap bepleit word en waarvolgens die menslike rede krities aangewend moet word vir wetenskaplike selfondersoek en beoordeling van stof met die verdere beklemtoning van die taak van die wetenskap om stellings, hipoteses en teorieë te ondersoek en/of verkeerd te bewys (78-92) - in die strewe na geldige en betroubare kennis as eis van die wetenskap.

- Derdens kan vanuit die denke van sowel Kuhn (1970: 111-135) as Popper (1968: 29-30) afgelei word dat wetenskaplike kennis nie absolute kennis is nie, maar dat die wetenskap eerder gerig moet wees op die soeke na geldige en betroubare kennis as verklaring vir wetenskaplike probleme en verskynsels. Die strekking van hierdie perspektief sluit aan by die Christelik-reformatoriese wetenskapsbekouing wat beklemtoon dat die mens as skepsel van God, te midde van 'n gebroke wêreld waarin hy hom bevind, slegs ten dele kan ken (vergelyk Stoker, 1961: 102-103, 137).

- Vierdens kan daar vanuit Kuhn (1970) se denke afgelei word dat wetenskapsontwikkeling ten nouste saamhang met die daarstelling van méér betroubare en méér akkurate wetenskaplike kennis. Anders gestel, die wetenskap het, histories gesproke, daarin geslaag om meer geldige en betroubare kennis op tafel te plaas met die verloop van tyd [Vergelyk ook Stoker (1961: 137) in die verband]. Hoewel die wetenskap vandag meer vraagstukke kan verklaar as 200 jaar gelede kan dit verwag word dat die wetenskap 200 jaar verder in die toekoms meer geldige en betroubare kennis sal hê, as wat tans die geval is. Hierdie perspektief bevestig net weereens dat

die wetenskap nie op absolute kennis en insig op 'n gegewe moment in die geskiedenis kan aanspraak maak nie.

Die strewe na geldige en betroubare kennis as eis van die wetenskap (en dus ook van hierdie studie) impliseer dat die wetenskaplike die veronderstellings waarop wetenskapsbeoefening berus, blootlê en argumente wat hieruit voortvloei, krities beoordeel; alle foute en onakkuraathede identifiseer en sover moontlik uitskakel; die beperkings van wetenskaplike metodes in te sien en maatreëls tref om geïdentifiseerde probleme uit te skakel; en streef na wat Stoker (1961: 136-137) noem "tegnies metodies geverifieerde en soveel moontlik tegnies gesistematiseerd kennis as kennis."

## AANNAME III

*Die wetenskap is daarop ingestel om orde en struktuur in die werklikheid (of aspek daarvan) bloot te lê.*

Die strewe om orde en struktuur in die werklikheid (of 'n aspek van die werklikheid) bloot te lê en te formuleer in terme van wetmatighede (hoe ook al gekonstrueer) loop soos 'n goue draad deur die geskiedenis van wetenskapsbeoefening. Vir Botha (1987: 6) is die soeke na die *waarheid*, die soeke na *orde* en die soeke na *struktuur*, drie temas wat sentraal staan in die historiese ontwikkelingsgang van die wetenskap. Die soeke na orde impliseer basies die soeke na reëlmaat terwyl struktuur dui op die organisering van stof volgens 'n bepaalde vorm of patroon. Dit is veral die positivistiese en logies positivistiese denke, soos aangetref in die politieke wetenskap en die manifestering hiervan in die behavioralistiese metodologie (in ooreenstemming met die wetenskapsmodel van die natuurwetenskappe) wat streef na die verklaring van probleme in terme van algemeen geldende wette en teorieë. (Vergelyk in dié verband Easton (1965: 6-8) se strewe na 'n "general theory" vir die politieke wetenskap). Vanuit hierdie wetenskapsperspektief stel Braithwaite (1955: 1) dit dat "(t)he function of science ... is to establish general laws covering the behaviors of the empirical events or objects with which the science in question is concerned, and thereby to enable us to connect together our knowledge of the separately known events, and to make reliable predictions of events as yet unknown". Vanuit dieselfde perspektief skryf Kerlinger (1986: 8): "The basic aim of science is to explain natural phenomena. Such explanations are called theories."

Die ideaal wat die positivistiese-behavioralistiese filosofie vir die sosiale wetenskappe (en ook vir die politieke wetenskap) in gedagte gehad het, was om teorieë daar te stel waardeur sosiale en politieke verskynsels en probleme wetenskaplik gesproke

gestruktureer en georden kan word. [Vergelyk Easton (1965: 6-8) (1967: 52-63) en Almond (1966: 869-879) se ideale vir die politieke wetenskap vanuit 'n positivisties-behavioralistiese perspektief]. Die nastrewing van hierdie ideaal, dit is gehoop, moes lei tot die daarstelling van teoretiese konstrukte vir die sosiale wetenskappe en die politieke wetenskap wat kan vergelyk met die teorieë van 'n Newton en 'n Einstein soos aangetref in die natuurwetenskappe.

Aangesien die sosiale en geesteswetenskappe (anders as die natuurwetenskappe) nie-eksakte of te wel menswetenskappe is, is die nastrewing van algemeen geldende wette / teorieë beslis vergesog en problematies. Die wetenskaplike teorieë wat vanuit 'n positivisties-behavioralistiese wortel in die politieke wetenskap tot stand gekom het (vergelyk Almond se struktuurfunksionalisme), kan alles behalwe aanspraak maak op die status van algemeen geldende wetmatighede, vergelykbaar met dié van die natuurwetenskappe. Soos vroeër aangedui, kan hierdie toedrag van sake onder meer toegeskryf word aan die gebroke wêreld waarin die mens hom bevind met as implikasie dat hy net ten dele kan ken en dat die volle waarheid dus altyd op die horison sal wink. Dit is waarom die eis geldige en betroubare kennis is, en nie absolute kennis nie - 'n eis wat ook vir die natuurwetenskappe geld en des te meer (soos afgelei kan word) vir die geestes- en sosiale wetenskappe, met inbegrip van die politieke wetenskap.

Die strewe van wetenskaplikes om orde en struktuur in die werklikheid bloot te lê is geensins eksklusief aan die positiviste en logiese positiviste nie. Trouens, die soeke na orde en struktuur in die werklikheid (of 'n aspek daarvan) is die strewe van alle wetenskaplikes. Oor die vlak waarop hierdie strewe gerealiseer kan word, is daar verskil van mening. Stoker (1961: 135) som sy siening van die soeke na orde en struktuur in die werklikheid op deur te beweer dat "(m)et die vorming van die wetenskap wil die mens opsetlik (onder andere) begryp, beskryf, verklaar, verstaan en beoordeel, met ander woorde samehange (verbande) ontdek, insien en teoreties weergee, dit wil sê sisteemvormend ken resp. gesistematiseerde kennis vorm." By Stoker (anders as by die positiviste en logiese positiviste) is die wetenskapsideaal van die daarstelling van algemeen geldende wette getemper deur die gebruik van "sagter" terme soos samehange en verbande. By Stoker (1961: 133-138) is die eis geldige en betroubare kennis, soos dit manifesteer in samehange en verbande, en nie absolute kennis, soos geïmpliseer met algemeengeldende wette / teorieë nie.

Myns insiens is die soeke na orde en struktuur in die werklikheid (of 'n aspek van die werklikheid) en die formulering hiervan in teoretiese konstrukte met die doel om te verklaar, die hart en polsslag van wetenskapsbeoefening. Trouens, hiersonder kan

"wetenskap" nie aanspraak maak op die status van wetenskap nie en word die status verlaag tot dié van die voorwetenskaplike. Dit is vanuit hierdie perspektief dat Easton (1967: 31, 46) die tradisionele politieke wetenskap daarvan beskuldig dat "(t)he lack of more reliable knowledge flows directly from an immoderate neglect of general theory" en dan verder "If we continue in the long tradition of the social sciences we shall be more likely to find reason for believing that such generalizations (die soeke na orde en struktuur) can be discovered..."

Dit was egter die behavioralisties-georiënteerde politieke wetenskaplikes wat (ten spyte van kritiek teen hul wetenskapsbekouing en metodologie) in die vyftiger- en sestigerjare blywende bydraes gelewer het tot die teorie van politieke wetenskap in hul soeke na orde en struktuur op hierdie terrein van die wetenskap. Die bydraes sou egter nie die status van algemeen geldende teorieë / wette verwerf nie, maar is nietemin teoretiese konstrukte waarsonder die politieke wetenskaplike vandag kwalik kan klaarkom. In hierdie opsig kan die bydraes van Easton, Almond, Dahl, Apter en Huntington (om net enkeles te beklemtoon) aangedui word as gewaardeerde pogings om orde en struktuur op 'n veelheid van terreine in die veld van die politieke wetenskap bloot te lê.

## AANNAME IV

*Die beoefening van wetenskap impliseer 'n planmatige, gesistematiseerde en gestruktureerde besluitnemingsproses (metodologie).*

Die onderskeid tussen die verwerwing van wetenskaplike kennis en die verwerwing van nie-wetenskaplike kennis word veral bepaal deur die wyse (metode) waarop hierdie kennis bekom word. Die verskil word dus bepaal deur die wyse waarop hierdie "kennis" tot stand kom. Die niewetenskaplike verwerf kennis vanuit 'n beperkte ervaringswêreld meestal op 'n terloopse, onbeplande en selektiewe wyse. Afgelei, veral vanuit praktiese ervaring, kom verwysingsraamwerke tot stand - voorlopig en ongetoets (hipoteties - vergelyk Kerlinger, 1986: 4) - wat poog om probleme en verskynsels te verklaar. [Vergelyk ook Stoker (1961: 133-134) se onderskeid tussen wetenskaplike en niewetenskaplike kennis].

Hierteenoor is die wetenskaplike egter met 'n doelbewuste (teleologiese) aksie besig om met die middele tot sy beskikking 'n gestelde doelwit of doelwitte te bereik (Stoker 1961: 50). Anders as by die niewetenskaplike gaan dit vir die wetenskaplike oor die gebruik van 'n verantwoordelike handelwyse of werkswyse (Stoker, 1961: 49). Wesenlik gaan dit hier oor die vrae: *Hoe kom kennis tot stand? Watter metodes is ingespan om hierdie kennis tot stand te bring?* Toegepas op hierdie studie sou die vraag

gestel kan word: *Met behulp van watter metodes het Huntington hierdie kennis tot stand gebring wat aan 'n teorie beslag gegee het?* Hierdie terrein staan bekend as die wetenskapsmetodologie en verwys na "... die logika onderliggend aan die toepassing van wetenskaplike metodes in die bestudering van werklikheidsverskynsels ..." (Mouton & Marais, 1991: 16). Vir Stoker (1961: 52) is "'n (w)etenskaplike metode 'n beplande verifiërende en sistematiserende handelswyse (of werkswyse) om met die gebruikmaking van die wetenskaplike kenbare, wetenskap (dit wil sê geverifeerde en gesistematiseerde kennis) te vorm". Dus, die verskil tussen die wetenskaplike en die niewetenskaplike lê veral by die manier van doen oftewel dit wat Kaufmann noem "... the theory of correct decisions" (1944: 230).

Met die betrekking tot die aard van sodanige besluitnemingsproses moet die volgende beklemtoon word:

- Aangesien wetenskaplikes mense is wat hierdie besluite neem met beperkte vermoëns, vaardighede en insigte, voortspruitend uit die gebroke wêreld waarin almal staan, is hierdie besluite soos enige ander besluite feilbaar. Verder kan hieruit ook afgelei word dat geen wetenskaplike metode onfeilbaar is nie. Dus, alle wetenskaplike metodes het bepaalde ingeboude tekortkominge en gebreke en dikwels moet die wetenskaplike maniere ondersoek om dit te bowe te kom of die negatiewe faktore hieraan verbonde te minimaliseer. [Vir meer besonderhede oor die beperkinge van wetenskap in die algemeen en wetenskaplike metodes in die besonder kan Stoker (1961: 103-107) geraadpleeg word].

- Anders as by die natuurwetenskappe waar 'n enkele metode oorheers, bestaan daar by die menswetenskappe 'n veelheid van metodes. Teen hierdie agtergrond val die onus op die wetenskaplike / navorser om die beste metode/s te identifiseer en te selekteer wat die beoogde doelwitte eie aan 'n studie die béste kan verwesenlik. Meestal is 'n kombinasie en wisselwerking van 'n aantal metodes (byvoorbeeld histories en analities) nodig ten einde al die fasette van 'n betrokke verskynsel / probleem suksesvol aan te spreek. Hierna kan verwys word as 'n metode-pluralisme wat noodsaaklik is vir 'n meer volledige verstaan van 'n verskynsel / probleem.

- Die ontwikkeling en daarstelling van 'n eie metodologiese raamwerk spesiaal ontwikkel en ontwerp vir 'n bepaalde studie kan nodig wees indien sodanige behoefte bestaan en indien dit in belang is van die strewe na geldige en betroubare kennis. So het Schmitter & O'Donnel (1988: 4) in hul analise van die transformasie van politieke instellings in oorgangstye die sogenaamde

"normal science methodology" as ontoereikend beskou en 'n behoefte aan 'n nuwe metodologiese invalshoek vir 'n dinamiese en snelveranderende situasie beklemtoon.

Metodologies gesproke, moet die wetenskaplike homself vergewis van die metodes beskikbaar, die mees suksesvolle metodologie vir die beoogde studie identifiseer, 'n kritiese seleksie maak waardeur 'n grondslag vir 'n planmatige, gesistematiseerde en gestruktureerde besluitnemingsproses verseker kan word. Ten opsigte van hierdie studie is dit belangrik om die metodologiese invalshoek van Huntington, soos gebruik in die daarstelling van teoretiese konstrukte ter verklaring van die transformasie van politieke instellings, te identifiseer en te beoordeel in terme van die eis van die daarstelling van geldige en betroubare kennis.

## AANNAME V

*Die beoefening van wetenskap is kontekstueel gefundeer.*

Elke wetenskaplike beoefen sy/haar wetenskap konteksmatig. Hiermee word bedoel dat elke wetenskaplike vanuit 'n bepaalde konteks of samehang van faktore (in sommige gevalle uit meer as een konteks wat dui op 'n wetenskaplike skisofrenie) hul wetenskap beoefen. Sodanige wetenskaps-kontekste is dinamies en uiters kompleks en verskil van wetenskaplike tot wetenskaplike hoewel onderlinge raakpunte en eenstemmigheid met betrekking tot wetenskaps- en empiriese aspekte, soos ook verskille, uiteraard sal bestaan. Raakpunte bestaan waar wetenskaplikes ooreenstemmende voorwetenskaplike en wetenskaplike vertrekpunte deel in terme van die bestaan van bepaalde tradisies, paradigmas, denkskole en benaderings wat gebruik word. Na hierdie terrein of studieveld word verwys as die wetenskapsosiologie (Mouton & Marais, 1990: 9-12).

Hierdie kontekste waaruit wetenskap beoefen word, is saamgestel uit 'n groot aantal subkontekste wat akademies gesproke onderskei kan word, maar in die praktyk bepaald nie. Die kompleksiteit van hierdie samehange maak dit nodig om enkele van hierdie subkontekste te onderskei en te beklemtoon.

- Die beoefening van wetenskap is meestal dissipline-gerig hoewel projekte uiteraard ook interdissiplinêr gefokus kan wees. 'n Dissiplinêre fokus/invalshoek tot probleme/verskynsels/gebeurtenisse impliseer 'n eiesoortige kyk op sake soos dit voortspruit uit 'n bepaalde vakwetenskaplike tradisie. So is die invalshoek van die sosiologie tot politieke verandering anders as dié van die politieke wetenskap of die ekonomie, hoewel daar

belangrike raakpunte kan bestaan en bydraes vanuit die onderskeie vakwetenskaplike sighoeke gelewer kan word tot 'n voller begrip van die verskynsel. (Hierdie faset sal duideliker toegelig word wanneer die konseptualisering van 'n dissipline aan die orde kom).

- Binne 'n bepaalde dissipline, dit wil sê intradissiplinêr, bestaan bepaalde tradisies, paradigmas en navorsingsnetwerke wat 'n invloed uitoefen op die beoefening van wetenskap. Kuhn (1970) se gebruik van die *paradigmakonsep*, Lakatos (1971) se *navorsingsprogramme*, Crane (1972) se "*invisible colleges*" en Radnitsky (1968) se "*internal steering factors*" beklemtoon almal die belangrikheid van hierdie kontekstuele aspek en die rigtinggewende invloed hiervan op die beoefening van wetenskap. (Hierdie aspek word in besonderhede gehanteer wanneer die konseptualisering van veral tradisie en paradigma aan die orde kom).

- Die beoefening van wetenskap het verder ook 'n gemeenskapsgerigtheid wat nou by die voorafgaande aspek aansluit. Duvenage (1983: 28) wys daarop dat "... die wetenskaplike mens-in-gemeenskap (is)". Onderskeid kan hier getref word tussen die akademiese gemeenskap (soos vroeër aangedui) en die breë gemeenskap / samelewing wat albei beïnvloedend inwerk óp en meewerk tót die aktiwiteite van die wetenskaplike. Hierdie onderskeiding hang nou saam met Radnitsky (1968: 391) se onderskeid tussen "internal steerings factors" (met verwysing na die akademiese gemeenskap) en "external steering factors" (oftewel die breë gemeenskap en samelewing) as faktore wat die beoefening van wetenskap rig en bepaal. So kan 'n bepaalde akademiese gemeenskap voorkeur gee aan die gebruik van 'n bepaalde paradigma ten einde 'n probleem te verklaar (internal steering factor) terwyl die samelewing (external steering factor) nuwe probleme na vore bring wat aangespreek behoort te word.

- Soos by aanname I aangedui, is voorwetenskaplike kennis, konteksmatig gesproke, nie net belangrik vir die beoefening van wetenskap nie, maar bepalend (Stoker, 1961: 133). Hierdie voorwetenskaplike kennis sluit lewens- en wêreldbeskouing in die wydste sin in en is in wese religieus / religiebepaald (Stoker, 1961: 133; Dooyeweerd, 1953: 3-114).

- In reaksie op veral die positivistiese en logies positivistiese wetenskapsfilosofie waarin die historiese konteks waarin wetenskapsbeoefening plaasvind misken word, plaas skrywers soos Toulman, Polanyi en Kuhn juis klem op hierdie aspek. Dit was veral Kuhn (1962, 1970) se werk, waarna reeds verwys is, wat

die histories-paradigmatiese aard van wetenskapsbeoefening beklemtoon het. Hiervolgens is die historiese konteks waarin wetenskap beoefen word en die paradigmas wat histories bestaan, deurslaggewend vir die beoefening van die wetenskap - 'n kontekstuele faktor wat nie geïgnoreer kan word nie en op elke wetenskaplike sy nalatenskap afdwing.

- Die sosiaal-sielkundige of persoonlike subkonteks wat verwys na die persoonlikheid van die navorser/wetenskaplike, sy agtergrond, motivering en belangstelling (vergelyk Mouton & Marais, 1991: 11-12) is eweneens belangrik vir die beoefening van wetenskap en is 'n faktor wat nooit uit die oog verloor mag word nie.

Hierdie lys van subkontekstuele faktore wat insluit die dissiplinêre, paradigmatiese, samelewings, voorwetenskaplike, historiese en persoonlike kontekste sou heelwat verder uitgebou en verfyn kon word, maar is reeds voldoende om die kompleksiteit van samehange aan te dui van waaruit die wetenskaplike sy wetenskap beoefen. Trouens, dit illustreer by uitstek dat die beoefening van wetenskap kontekstueel gefundeer en geanker is. Ten einde perspektief te kry op Huntington se teorie oor die transformasie van politieke instellings in oorgangstye is dit van kardinale belang vir die verstaan van sy denke om die konteks waarbinne dit staan deeglik te verreken. Twee duidelik onderskeibare samehange te wete die *institusionaliserings-* en *demokratiese institusionaliseringskonteks* kan duidelik binne Huntington se breër denkraamwerk onderskei word en vorm 'n belangrike grondslag vir die kategorisering, interpretasie en evaluasie van sy bydraes.

In 'n neutedop kan aangedui word dat die aard van wetenskap en die onderliggende wetenskapsbeskouing gestalte kry in die onderlinge afhanklikheid van die geïdentifiseerde aannames. Hiervolgens is *voorwetenskaplike kennis bepalend vir die beoefening van wetenskap; dat wetenskap ingestel is op geldige en betroubare kennis; wetenskap ten doel het om orde en struktuur in die werklikheid bloot te lê; wetenskapsbeoefening 'n planmatige, gesistematiseerde en gestruktureerde besluitnemingsproses impliseer; en die beoefening van wetenskap kontekstueel gefundeer is.*

Hierdie analise en die beskouing wat hiermee saamgaan sal in die hoofstuk dien as grondslag vir die verdere inkleding van die ander metateoretiese konsepte. Verder dien dit ook as die wetenskapsbeskouing waarmee hierdie studie benader word en dus 'n grondslag waaruit wetenskaplike bydraes soos dié van Huntington en andere beoordeel sal word.

Die kompleksiteit van wetenskap en die beskouing wat dit ten grondslag lê, maak die definiëring hiervan 'n groot probleem. 'n Definisie kan moeilik die kompleksiteit hiervan akkuraat weergee. Vir Stoker (1961: 136) is die essensie van wetenskap dat dit "... soveel moontlik tegnies-metodies geverifieerde en soveel moontlik gesistematiseerde kennis as kennis (is)..." Vir die doeleindes van hierdie studie word wetenskap gedefinieer *as die kennisresultaat (geldige en betroubare kennis, voorwetenskaplik en kontekstueel gefundeer) van metodiese pogings ('n planmatige besluitnemingsproses) om 'n aspek van die werklikheid (probleem, verskynsel, gebeurtenis) teoreties (die soeke na orde en struktuur) te verstaan (beskryf, verklaar, voorspel en beoordeel).* Met dit as grondslag word verder na die begrip "dissipline" gekyk.

## 2.2 DISSIPLINE

Die begrip 'dissipline' (oftewel vakwetenskap) is afkomstig van die Latynse woord *disciplina* wat beteken onderdeel van die wetenskap. Wesentlik dui die begrip op onderskeibare "navorsingstradisies" (histories, metodologies maar veral terrein/modaal gefokus) wat ingestel is op onderrig en navorsing oor die werklikheid (die filosofie as totaliteitswetenskap of -dissipline), 'n aspek van die werklikheid (soos die politieke wetenskap as dissipline) of samehang van onderling afhanklike aspekte van die werklikheid (soos die interdissiplinêre aard van die ontwikkelingstudies). Vir Phenix (1969: 189) is 'n dissipline "... knowledge organized for instruction." Die volgende is kenmerkend van 'n dissipline:

a) Dit het 'n outonome en selfstandige staanplek naas ander dissiplines maar staan ook in samehang met ander dissiplines binne dit wat bekend staan as die "ensiklopedie van die wetenskap".

b) 'n Dissipline fokus op 'n aspek of onderling afhanklike aspekte (in sommige gevalle modaliteite) van die werklikheid of 'n onderdeel daarvan. Belangrik om aan te toon, is die bestaan van 'n definieerbare intellektuele tradisie waardeur die status van dissipline moontlik gemaak word. (Vergelyk in hierdie opsig David Easton (1968: 282) se standpunt met verwysing na die politieke wetenskap as dissipline). Die politieke wetenskap het byvoorbeeld te make met die politieke aspek of onderling afhanklike aspekte van die werklikheid wat vir Easton (1967: 129-134) fokus op "(t)he authoritative allocation of values for a society". As voorbeeld kan die onafhanklike status van die politieke wetenskap van dié van die sosiologie, filosofie en antropologie beklemtoon word, maar terselfdertyd moet ruimte gelaat word vir die samehang wat

bestaan en verskillende sighoeke op dieselfde werklikheid wat hierdeur moontlik gemaak word.

c) 'n Dissipline is 'n eenheid in 'n verskeidenheid deurdat verskillende subdissiplines en vakterreine bestaan, dikwels onderskeibaar in terme van 'n veelheid van fokusse, teoretiese invalshoeke en selfs metodologie, maar wat as 'n eenheid gebind word, deur die sentrale fokus of modale bestemming. Phenix (1969: 193) verwys in die opsig na "... a hierarchy of ideas ordered as a unity in difference." Die interne struktuur van 'n dissipline is ingestel op 'n voller begrip van die betrokke aspek van die werklikheid soos wat verskillende dissiplines bydra tot 'n voller begrip van die wetenskap in sy totaliteit. Subdissiplines en studievelde binne die politieke wetenskap sluit onder andere in: die politieke teorie en filosofie, vergelykende politiek, politieke dinamika, internasionale politiek, politieke ontwikkeling, die bestudering van politieke gedrag en die metodologie van die politieke wetenskap. Die tema van hierdie studie het verál te make met die terreine van die politieke teorie en die politieke ontwikkeling.

d) 'n Dissipline word ook gekenmerk deur die aanwesigheid van 'n liggaam van kennis (body of knowledge) onderskeibaar van dié van ander dissiplines (vergelyk Phenix, 1969: 193) [Meehan (1967: 3) verwys na "... some concrete body of phenomena, some aspect of human observation and experience."] Hierdie liggaam van kennis is georganiseerd en gesistematiseerd in terme van onderlinge samehange, verbande en terreine. Sistematisering en planmatigheid - 'n eis vir die beoefening van wetenskap - word hier op die dissipline as onderdeel van die groter wetenskap van toepassing gemaak. Dit is belangrik dat vakwetenskaplikes hierdie liggaam van kennis moet uitbou en konsolideer in terme van die wetenskaplike eis van geldige en betroubare kennis. In hierdie opsig is die bestaan en ontwikkeling van teoretiese konstrukte eie aan die dissipline van besondere belang - 'n aspek wat vir te lank deur politieke wetenskaplikes verwaarloos is (vergelyk Easton, 1967: 52-63; 1965: 3-8).

e) In noue aansluiting met die vorige kenmerk, is 'n kern van teoretiese konstrukte (veral konseptuele raamwerke), sowel as 'n eiesoortige en selfgesentreerde metodologiese oriëntasie, eie aan 'n dissipline. Vir Phenix (1969: 192) beteken dit "... the construction of new wholes, the coordination of elements into significant structure." [Vergelyk in dié verband ook Duvenage (1983: 16).] Die soeke na orde en struktuur in die werklikheid is die sentrale

taak van die dissipline ten opsigte van 'n bepaalde veld van ondersoek. Die soeke na orde en struktuur verkry gestalte in terme van die daarstelling van teoretiese konstrukte en meer spesifiek konseptuele raamwerke. Sò kan dit gestel word dat die soeke na orde en struktuur in terme van die transformasie van politieke instellings in oorgangstye as eis inhou die formulering van teoretiese konstrukte aan die hand van bepaalde metateoretiese kriteria waardeur beskrywing verklaring, voorspelling en beoordeling van hierdie verskynsel moontlik gemaak word - soos gepoog deur onder andere S.P. Huntington.

f) 'n Dissipline word ook gekenmerk deur die bestaan van 'n uitsonderlike vakwetenskaplike tradisie - 'n tradisie van vakmanskap en voortreflike bydraes, wat aan 'n unieke "liggaam" van kennis beslag gegee het. In hierdie verband beklemtoon Easton (1967: 3) dat "(f)rom the days of Aristotle political science has been a master science ..." - wat dui op die aanspraak wat gemaak word op 'n eiesoortige vakwetenskaplike tradisie. (Die konsep tradisie en sy plek en rol in die metateorie word in die volgende afdeling in groter volledigheid aan die orde gestel).

Voortvloeiend uit die kenmerkende struktuur van 'n dissipline kan die volgende funksies onderskei word: dié van onderrig en navorsing, en hiermee saam die uitbouing van die bestaande liggaam van kennis met in begrip van die daarstelling van teoretiese konstrukte. Deur middel van abstraëring word 'n beter greep op die betrokke terrein verkry met as doel: "... (t)o simplify understanding" wat direk verband hou met die funksies van onderrig en navorsing (Phenix, 1969: 192) (Vergelyk ook Phenix, 1969: 189-192).

Teen die voorafgaande agtergrond kan 'n dissipline vir doeleindes van hierdie studie gedefinieer *word as 'n afgebakende, outonome en eksklusiewe onderrig- en navorsingstradisie, met 'n bepaalde teoreties-metodologiese gesofistikeerdheid, gerig op die uitbouing van 'n liggaam van kennis betreffende die werklikheid, 'n aspek van die werklikheid of onderdeel daarvan.*

Uit die voorafgaande uiteensetting en konseptualisering van 'n dissipline is die belangrikheid van 'n vakwetenskaplike tradisie beklemtoon. Hierdie aspek word vervolgens in groter besonderhede uitgespel.

## 2.3 VAKWETENSKAPLIKE TRADISIE

Etimologies is die term 'tradisie' afkomstig van die Latynse woord *tradere* wat beteken om te oorhandig of oor te dra. Algemeen gesproke, impliseer dit die navolging van vaste oorgelewerde gebruike, menings, gevoelens en beginsels. Indien van toepassing gemaak op 'n vakwetenskap, beteken dit die navolging van vakwetenskaplike filosofieë, navorsingsmetodes, benaderings, invalshoeke en algemene oriëntasies. Die begrip tradisie is letterlik 'n aanduiding van 'n potpourri van sake, oftewel 'n familie van idees en oortuigings rakende die beoefening van die vakwetenskap. Met die politieke wetenskap as verwysingsraamwerk kan die volgende kenmerke van 'n vakwetenskaplike tradisie uitgesonder word:

* 'n Vakwetenskaplike tradisie beklemtoon die eiesoortige aard, geskiedenis en kultuur van 'n betrokke dissipline. Soos vroeër aangetoon, is dit 'n belangrike kriterium waarmee 'n dissipline van ander dissiplines onderskei word. Op basis van 'n vakwetenskaplike tradisie kan die politieke wetenskap onderskei word van die ekonomie of die sosiologie - ook wat onderlinge raakpunte aanbetref.

* 'n Vakwetenskaplike tradisie is histories gefundeer in dié mate dat dit betrekking het op die geskiedenis van wetenskaplike aktiwiteite op 'n bepaalde vakterrein. Algemeen word aanvaar dat die tradisie wat die politieke wetenskap ten grondslag lê, teruggevoer kan word tot die Helleense beskawing (die Grieke) waar mense soos Sokrates, Plato en Aristoteles die weg gebaan het (Murray, 1987: 11-12). Op basis van die historiese ontwikkeling van die politieke wetenskap onderskei Easton (1968: 289-291) vier metodologiese fases, naamlik die universalisme (die standpunte van die klassieke filosowe met 'n sterk morele inslag), tradisionalisme (die bestudering van die staat [Staatslehre]), die realisme (die bestudering van die politieke proses) en die behavioralisme waar die fokus val op die strewe na 'n eksakte wetenskapsbeoefening in terme van die bestudering van politieke gedrag. 'n Vyfde fase naamlik die post-behavioralisme sou tot hierdie lys toegevoeg kon word (vergelyk Potgieter 1979: 1-10) met 'n sterk normatiewe, kritiese en anti-positivistiese ingesteldheid.

* Soos aangetref binne die politieke wetenskap, kan 'n tradisie saamgestel wees uit 'n netwerk oftewel 'n pluralisme van kleiner tradisies, strominge, substrominge, benaderings en denkskole. Hierdie plurale aard van die vakwetenskaplike tradisie (soos aangetref in die politieke wetenskap) is beide filosofies-ideologies en metodologies van aard. (Vergelyk in die verband Almond, 1988: 828-840). Die uiters komplekse aard van die vakwetenskaplike

tradisie van die politieke wetenskap maak dit nodig om in die bespreking hiervan selektief en oorsigtelik te werk te gaan. (Slegs die belangrikste tradisies, sub-tradisies, benaderings en oriëntasies word hier beklemtoon en geen aanspraak word op volledigheid gemaak nie).

a) Op 'n filosofies/ideologiese vlak kan daar onderskeid getref word tussen 'n konserwatiewe subtradisie (Aquinas, Hobbes, Burke), 'n liberale sub-tradisie (Locke, Rousseau, Montesquieu) 'n radikale subtradisie (Marx, Lenin, Mao Tse-Tung) en 'n reformatoriese subtradisie (Calvyn, Luther, Kuyper, Dooyeweerd) - om enkeles te vermeld. Die onderskeid tussen hierdie subtradisies is ten diepste voorwetenskaplik bepaal en dus veranker in onderskeibare lewens- en wêreldbeskouings (religieus/religiebepaal) met verreikende implikasies vir samelewings-, staat- en mensbeskouing. As uitvloeisel hiervan kan eiesoortige waardestelsels onderliggend aan subtradisies onderskei word. Binne die konserwatiewe tradisie word daar byvoorbeeld 'n besondere premie geplaas op die handhawing van die status quo deurdat orde en stabiliteit as oorheersende waardes beklemtoon word. Hierteenoor plaas die liberale subtradisie klem op politieke vryheid as dominante waarde, binne die tradisie moet die mag van die owerheid beperk word, in ooreenstemming met die uitoefening van die volkswil deur middel van verteenwoordigende en verantwoordelike regering.

Dit is verder belangrik om aan te dui dat subtradisies in eie reg 'n netwerk van oriëntasies, standpunte en denkskole reflekteer. So kan daar binne die liberale subtradisie verder onderskei word tussen 'n klassiek-liberale oriëntasie (Locke, Rousseau), die utilitarisme (Bentham en Mill) 'n modern liberale oriëntasie (Dewey, von Hayek) en 'n pluralistiese oriëntasie (Bentley, Truman). Op dieselfde wyse kan daar binne die radikale subtradisie verder onderskei word tussen die Marxisme (Marx), neo-Marxisme (die Frankfurterschule) die eksistensialisme (Sartre, Fanon) en rewolusionêre denke (Mao Tse-Tung, Guevara, Marigella).

b) Metodologies gesproke, kan daar ook verskeie subtradisies onderskei word, byvoorbeeld die moreel-filosofiese en universalistiese (Plato, Aristoteles, Machiavelli), die tradisionele (Staatslehre-oriëntasie), die positivisties-behavioralistiese (Easton, Dahl, Almond) en die post-behavioralistiese sub-tradisies (historiese skool, fenomonologie en neo-Marxisme).

Hierdie subtradisies verskil in hul wetenskapsbeskouing en sodoende ook ten opsigte van die metodologiese invalshoek. Die tradisionele (Staatslehre)

oriëntasie bestudeer die staat (Easton, 1968: 289) met 'n invalshoek wat deur Marcridis (1991: 16-26) beskryf word as nie-vergelykheid, beskrywend, parogiaal, staties en monografies. Hierteenoor staan die positivistiese behavioralisme wat poog om met die gebruikmaking van die wetenskaplike metode (scientific method), gerig op die bestudering van politieke gedrag, teorieë en wette oor die politieke werklikheid daar te stel wat nie net kan beskryf nie, maar ook kan verklaar en voorspel (vergelyk Dahl, 1992: 27-46 en Easton, 1967: 31-36).

Binne die onderskeie subtradisies kan verskeie benaderings blootgelê word, wat beskryf kan word as 'n bepaalde oriëntasie tot 'n bepaalde verskynsel/probleem. (Vir Faure (1991: 30) is 'n benadering "... sets of criteria and considerations that scholars consciously or unconciously employ in order to select, order, describe, explain and evaluate the political phenomena that they study"). 'n Benadering is meer funksioneel, toegespits en teoreties gerig as die tradisie waarvandaan dit afkomstig is. So kan daar byvoorbeeld binne die behavioralistiese subtradisie onderskei word tussen 'n stelselbenadering (Easton), 'n struktureel-funksionele benadering (Almond), en 'n histories-vergelykende benadering (Huntington) - om net enkeles uit te sonder. Binne die tradisionalisme kan daar weer onderskeid getref word tussen 'n wettiese benadering, 'n histories-filosofiese benadering en 'n institusionele benadering. Skematies kan die kompleksiteit van die vakwetenskaplike tradisie eie aan die politieke wetenskap soos volg voorgestel word:





Fig. 2.1 'n Seleksie vanuit die plurale aard van die vakwetenskaplike tradisie van die politieke wetenskap

Die volgende funksies eie aan 'n vakwetenskaplike-tradisie kan onderskei word. Dit oriënteer die wetenskaplike ten opsigte van die aard, inhoud en geskiedenis van die dissipline waarin daar gewerk word; dit verskaf 'n verwysingsraamwerk en identiteit vir die wetenskaplike; dit beïnvloed wetenskaplike aktiwiteit binne die dissipline en kan vergelyk word met 'n bepaalde genetiese lyn wat 'n neerslag en 'n stempel laat; 'n vakwetenskaplike tradisie (as 'n familie van idees, standpunte en denke soos aangetref in die politieke wetenskap) laat ruimte vir debatte en besprekings wat bevorderlik is vir die ontwikkeling van die liggaam van kennis eie aan 'n dissipline.

Aan die hand van die politieke wetenskap as verwysingsraamwerk kan 'n vakwetenskaplike tradisie dan gedefinieer word as *'n komplekse netwerk van filosofies/ideologiese en, metodologiese oriëntasies eie aan 'n bepaalde dissipline, wat histories gefundeer is en beïnvloedend inwerk op die beoefening van wetenskap op hierdie terrein.* 'n Konsep wat baie raakpunte en ooreenkomste met die term tradisie vertoon is die omstrede paradigma-konsep wat vervolgens aan die orde gestel word.

## 2.4 PARADIGMA EN PARADIGMAVERANDERING

Die konsep 'paradigma', soos afgelei vanuit die Griekse woord *paradeigma* (wat beteken "model", "patroon" of "eksemplaar") is reeds deur die filosoof Plato in sy werk *Republiek* hanteer (Ball, 1976: 155). Vir Plato het die begrip 'paradeigma' na die ideale staat of toestand verwys. Dit was egter die werk van Thomas Kuhn (1962; 1970) (waarna reeds verwys is) wat die paradigmakonsep, soos gebruik in sy analise en beskouing van die historiese ontwikkeling van die natuurwetenskappe, in die midde van die nie-eksakte wetenskappe (met inbegrip van die politieke wetenskap) gelaat het. Sedertdien is die term in die nie-eksakte wetenskappe gepopulariseer en word sinonieme soos meesterteorie (Ball), navorsingstradisie (Kuhn), denkmodel (Austin), eksemplaar (Kuhn) en navorsingsprogram (Lakatos) hiervoor gebruik.

Ten einde inhoud te gee aan die paradigmakonsep en die waarde hiervan vir die politieke wetenskap aan te dui, moet die standpunte van Kuhn opnuut in oënskou geneem word. Aangesien sy hantering van die paradigmakonsep ten nouste verweef is met sy breër wetenskapsbeskouing, moet enkele kernaspekte hier gerekonstrueer word. (Lesers word ook verwys na die afdeling wat handel oor die wetenskap se strewe na geldige en betroubare kennis waar enkele aspekte van sy standpunt reeds aan die orde gestel is.)

In wat beskryf kan word as die twee gesigte of manifestasies van wetenskapsbeoefening onderskei Kuhn (1970: 82) tussen 'n *normale* en 'n

*rewolusionêre* (extraordinary) fase in die beoefening van wetenskap wat kortliks geïdentifiseer/verklaar word.

a) Normale wetenskapsbeoefening beteken vir Kuhn (1970: 10-22) die beoefening van wetenskap binne 'n bepaalde paradigma van denke wat wesenlik dui op 'n bewese en aanvaarde navorsingstradisie ["normal scientific tradition" (Kuhn, 1970: 41)]. In wese is 'n paradigma dus 'n model vir normale wetenskapsbeoefening waarin die aanvaarding van 'n bepaalde paradigma van denke voorop staan. Opsommenderwys kan die volgende struktuurkomponente van 'n paradigma (aan die hand van Kuhn) onderskei word:

- die bestaan en aanvaarding (deur 'n akademiese gemeenskap) van bepaalde voorwetenskaplike aannames of te wel dit wat vroeër as lewens- en wêreldbeskouing getipeer is (vergelyk Kuhn, 1970: 42);

- die bestaan en aanvaarding van bepaalde domein-aannames, dit wil sê aannames oor die werklikheid (of aspek daarvan), wat bestudeer word. Hierna word verwys as "quasi metaphysical commitments" (Kuhn, 1970: 41);

- die bestaan en aanvaarding van bepaalde teorieë, gegiet in die konstruksie van die groter paradigma wat aangewend word as die akademiese gereedskap om tersaaklike aspekte van die werklikheid te verstaan (Kuhn, 1970: 40). Die akademiese gemeenskap wat die paradigma deel, glo in die superioriteit van hul eie teorieë bo ander wat mag bestaan (Kuhn, 1970: 17-18). (In die opsig sê Kuhn [1970: 23] dat "(p)aradigms gain their status because they are more successful than their competitors in solving a few problems that the groups of practitioners has come to recognize as acute");

- die gebruik van relatief eenvormige en ooreenstemmende navorsingsmetodes en tegnieke (metodologie) (Kuhn, 1970: 40).

Teen dié agtergrond kan daar gesê word dat wetenskaplikes wat besig is om normale wetenskap te beoefen, ooreenstem in lewens- en wêreldbeskouing, domein-aannames, teoretiese voorkeure en metodologiese invalshoeke. In dié verband verwys Kuhn (1970: 42) na "(t)he existence of this strong network of commitments - conceptual, theoretical, instrumental and methodological ..." Dit is duidelik dat die paradigma, soos deur Kuhn gevisualiseer, bepalend is vir die beoefening van wetenskap. Wat wetenskapsbeoefening aanbetref, vervul die paradigma die volgende

funksies: *probleemidentifisering* en *die bepaling van relevante feite; die operasionalisering van teorieë* en *die artikulasie en verfyning van bestaande teorieë* (Kuhn, 1970: 24, 34, 35-42). Hoewel die genoemde funksies akademies onderskei kan word (en as sodanig gehanteer sal word) moet dit beklemtoon word dat dit 'n proses is waarvan bogenoemde sake in wisselwerking met mekaar is.

* Vir Kuhn (1970: 37) funksioneer 'n paradigma as "... a criterion for choosing problems ...". Lewens- en wêreldbeskouing en domeinaannames, dit wil sê die veronderstellings waarop die "meesterteorie" berus, is bepalend vir die keuse van probleme. Waar kompeterende paradigmas in 'n studieveld aangetref word, kan aanvaar word dat uiteenlopende of verskillende veronderstellings sal lei tot die identifikasie van eiesoortige probleme. Hierdie veronderstellings funksioneer dus as kriteria vir die identifikasie van probleme en is 'n selektiewe aangeleentheid (Kuhn, 1970: 37). Slegs dit wat as ter sake/relevant geïdentifiseer is, word aangedui. Ongeldige probleme, met inbegrip van dit waarvoor die paradigma nie antwoorde het nie, word afgemaak as irrelevant of word as metafisies beskou. Die keuse van probleme word dan ook veral bepaal deur dit wat paradigmaties gesproke suksesvol beantwoord kán word.

** Die identifisering van relevante probleme en die akkumulering van feite word normale wetenskap deurdat erkende en bewese teorieë op geïdentifiseerde terreine (probleme) aangewend word in 'n poging om te verstaan. Vir Kuhn (1970: 34) beteken dit "... (the) matching of facts with theory". Hierdie operasionalisering van teorieë kan vergelyk word met die invul van 'n blokkiesraaisel waarin die paradigma (in die breër sin) en teorieë (meer spesifiek) leidrade verskaf waardeur probleemoplossing/hantering dan plaasvind (Kuhn, 1970: 34, 52). ["The man who succeeds proves himself an expert puzzlesolver, and the challenge of the puzzle is an important part of what usually drives him on" (Kuhn, 1970: 36)].

Die geykte reëls (uitgespel of veronderstel) waarbinne normale wetenskapsbeoefening bedryf word, maak dit moontlik om navorsingsresultate te voorspel. In dié opsig beweer Kuhn (1970: 35) "(s)ometimes, as in a wave-length measurement, everything but the most esoteric detail of the result is known in advance, and the typical latitude of expectation is only somewhat wider."

*** Normale wetenskapsbeoefening vervul verder die funksie van die artikulering (die korrek bewys) van bestaande teorieë en/of die verfyning (uitbouing of polering) van hierdie teorieë (Kuhn, 1970: 28-29; 35). In dié sin beteken

normale wetenskapsbeoefening 'n nie-kritiese ingesteldheid teenoor aannames en vertrekpunte waarop die paradigma berus sowel as die teorieë wat hieruit voortvloei. Hier kan dus gepraat word van 'n status quo-beoefening van wetenskap (normale wetenskap).

Die funksies wat 'n paradigma vervul in terme van die bestaan van 'n aanvaarde navorsingstradisie is dus *probleemidentifisering, die akkumulering* (versameling) *van ter sake feite, probleemhantering deur die sinchronisasie van teorie en data, die voorspelling van resultate, die artikulasie* (beklemtoning) *en verfyning* (uitbouing) *van bestaande teorieë.*

b) Volgens Kuhn word die fase van normale wetenskapsbeoefening dramaties en ingrypend onderbreek deur wat getipeer kan word as 'n wetenskapsrewolusie, oftewel "(a)... non-cumulative developmental episode" (1970: 92). Sodanige wetenskapsrewolusie word ingelei deur die bewuswording van lede van 'n akademiese gemeenskap dat teenstrydighede (anomalieë) na vore tree wat nie deur die bestaande paradigma verklaar of beantwoord kan word nie. Hierna word verwys as "new and unexpected phenomena" (Kuhn, 1970: 52). Hierdie teenstrydighede is so ernstig dat dit die grondliggende vertrekpunte eie aan die paradigma onder verdenking bring. Dié weerspreking is van so 'n aard dat die paradigma nie geheroriënteer ("retool") kan word om hierdie teenstrydighede te akkommodeer nie (vergelyk Kuhn, 1970: 52-65). Dit lei tot 'n wetenskapskrisis wat impliseer "... the blurring of a paradigm and the consequent loosening of the rules for normal research" (1970: 84) en laat die ondersteuners van die paradigma (die akademiese gemeenskap) verward en gedisoriënteerd (1970: 67). Vanuit hierdie fase van krisis word 'n fase van "extraordinary research" (1970: 86-91) betree. Kuhn (1970: 87-90) is van mening dat "... the neo paradigm or a sufficient hint to permit later articulation, emerges all at once, sometimes in the middle of the night, in the mind of a man deeply immersed in crises". Uit hierdie omstandighede tree 'n nuwe paradigma van denke na vore wat die aanvanklike teenstrydighede uit die weg ruim en wat beteken dat 'n wetenskapsrewolusie plaasgevind het (1970: 90) en daar beslag gegee is aan 'n nuwe "tradisie" vir die beoefening van normale wetenskap. Skematies kan die gedagtes soos volg voorgestel word:

NORMALE WETENSKAP (PARADIGMATIES) → TEENSTRYDIGHEDE → KRISIS → BAANBREKERSBYDRAE/S → REWOLUSIE → NUWE PARADIGMA (NORMALE WETENSKAP)

Fig: 2.2 Kuhn se denke oor die rewolusionêre aard van wetenskapsbeoefening

Die invloed van Kuhn (1970) se paradigmatiese beskouing van wetenskapsbeoefening, soos van toepassing gemaak op die politieke wetenskap, kan nie gering geag word nie (Ball, 1976: 151, 158-159). Die waarde van sy beskouing is veral geleë in die standpunt dat die ontwikkeling van wetenskaplike kennis nie net kumulatief dit wil sê opeenvolgend van aard is nie; dat voorwetenskaplike kennis die beoefening van wetenskap histories-konteksmatig beïnvloed; en dat feite ingespan word om teorieë as korrek te bewys (normale wetenskap) as om hulle te falsifieer (Ball, 1976: 158-159).

Vanuit die oogpunt van die politieke wetenskap kan die paradigmakonsep, soos deur Kuhn (1970) gebruik, egter nie ongekwalifiseerd aanvaar word nie. Die beskouing van Kuhn (1970) dat "nuwe kennis" in terme van 'n nuwe paradigma rewolusioner tot stand kom, is 'n ekstreme standpunt in terme van die politieke wetenskap en 'n oormatige reaksie op die beskouing van die akkumulasie van kennis (Almond, 1966: 875). Per slot van rekening: hoeveel glorieryke "big bang"-rewolusies (aldus die Kuhniaanse perspektief) het die politieke wetenskap sedert die tyd van Plato en Aristoteles beleef? Hoogstens kan daar na die behavioralistiese rewolusie (vergelyk Almond, 1966: 875-876) en móóntlik 'n post-behavioralistiese rewolusie verwys word. Die groei van wetenskaplike kennis in die politieke wetenskap is enersyds geleidelik en inkrementeel (Ball, 1976: 157), maar andersyds is rewolusionêre momente ook te bespeur, soos die behavioralistiese fase (rewolusie) en die post-behavioralistiese fase (rewolusie?) dan ook aandui. Ten einde hierdie werklikheid te ondervang, wat klaarblyklik nie eiesoortig aan die politieke wetenskap is nie, het Kuhn (1970a: 249-250) later toegegee dat rewolusies ook op 'n kleiner skaal en op subvelde kan plaasvind sonder dat 'n volwaardige wetenskapsrewolusie noodwendig hierdeur geaktiveer word. Laasgenoemde is 'n waardevolle perspektief vir die politieke wetenskap met sy kompleksiteit van tradisies/subtradisies/benaderings en so meer.

'n Meer aanvaarbare denklyn oor die ontwikkeling van wetenskaplike kennis (ook vir die politieke wetenskap) wat poog om 'n balans te verkry tussen die akkumulasie van feite (Bacon) en wetenskapsrewolusies (Kuhn) word deur die wetenskapsfilosoof *Imre Lakatos* in die vooruitsig gestel. Vir Lakatos (1970: 91-196) bestaan 'n navorsingsprogram (sy ekwiwalent vir 'n paradigma) uit 'n harde kern (hard core) en teorieë wat funksioneer as 'n beskermingsgordel (protective belt). Die harde kern

funksioneer as die grondslag waaruit teoretiese konstrukte (konseptuele raamwerke) geformuleer word. Deur middel van teoretiese konstrukte word gepoog om teen die agtergrond van die harde kern probleme te beskryf, te verklaar en te voorspel. Wanneer teenstrydighede (anomalieë) opduik, word aanpassings aan die beskermsgordel (konseptuele raamwerke) aangebring sonder dat die harde kern noodwendig hierdeur in gedrang kom. 'n Vermoë om aan te pas en te heroriënteer dui op die vermoë van die navorsingsprogram (paradigma) om te oorleef. Positiewe aanpassing "progressive problem shift" verseker die voortbestaan van die paradigma deur te vernuwe en aan te pas, sonder om die bestaan van die harde kern hiermee in gedrang te bring, terwyl negatiewe aanpassing ("degenerating problem shift") tot die ondergang van so 'n paradigma kan lei (vergelyk Lakatos, 1970: 133). 'n Goeie voorbeeld in dié verband is die Marxistiese paradigma (soos aangetref in die radikale tradisie) van die politieke wetenskap wat reeds verskeie aanpassings ("problem shifts") in sy beskermingsgordel beleef het. Aanvullende en korrigerende teorieë (verklarings) op die klassieke standpunte van Marx (byvoorbeeld Lenin se standpunte oor kolonialisme, Stalin se "revolution from above" en selfs die neo-Marxiste se maatskappykritiek en "dependencia"-teorie) sonder dat die harde kern (met inbegrip van ekonomiese determinisme en die rewolusionêre aard van verandering) in die proses in gedrang gekom het, bevestig die beskouing van Lakatos.

Ball (1976: 165) interpreteer die beskouing van Lakatos (1970) met die volgende geldige vergelyking ter illustrasie hiervan: "A good research program is a good swimmer - mainly because its 'protective belt' serves as a lifebelt, keeping the 'hard core' afloat on an ocean of anomalies. So long as this belt can be adjusted in 'progressive' (i.e. content increasing) ways, the research-program is in no danger of sinking..." Daar kan dus hieruit afgelei word dat paradigmas (in terme van hul teoretiese en konseptuele vermoëns) poog om hulle aan te pas (indien nodig) ter wille van oorlewing in 'n stryd wat beskryf kan word as die Darwinistiese "survival of the fittest". Hierdie beskouing van navorsingsprogramme het belangrike implikasies vir die gebruik van die paradigmakonsep in die politieke wetenskap sowel as vir die wyse waarop nuwe kennis na vore kom. Enkele aspekte in dié verband word kortliks uitgelig:

a) Die ontwikkeling van nuwe wetenskaplike kennis in die politieke wetenskap is beide kumulatief én rewolusionêr, maar in die meeste gevalle bestaan 'n balans tussen hierdie uiterstes. Dit is baie selde en by hoë uitsondering nét die een of nét die ander maar meestal 'n kombinasie van albei.

b) Paradigmaverandering vind slegs plaas wanneer die kernstruktuur ("hard core") van die paradigma gewysig word. Hierdie standpunt van Lakatos stem ooreen met dié van Stegmuller (1977) en Vasques (1983). [Laasgenoemde het in sy analise van paradigmas, gerig op die verstaan van die internasionale politiek, onderskei tussen 'central topics' en 'non central ones' (1983: 35-36)]. 'n Wetenskapsrewolusie kan volgens hom slegs plaasvind, as die 'central topics' (kernstruktuur) gewysig word, dit wil sê in lyn met die breë standpunt aangaande paradigmaveranderings soos deur Lakatos (1976) beredeneer.

c) Anders as by die natuurwetenskappe is die politieke wetenskap 'n kompleksiteit van tradisies, subtradisies en benaderings. Dit dui op die bestaan van 'n veelheid van kompeterende (konkurrente) paradigmas. [Vergelyk in dié verband Mouton & Marais (1990: 153), Van Niekerk (1986: 4) en Ball (1976: 153).] Dit is teen hierdie agtergrond dat Beardsley (1974: 60) 'n "multi-paradigmatiese toestand" vir die politieke wetenskap bepleit aangesien dit sal help om 'n voller begrip van die werklikheid of aspek daarvan te verwerf - 'n standpunt wat ten opsigte van hierdie studie sterk ondersteun word.

Vir die doeleindes van hierdie studie word die paradigmakonsep en paradigmaverandering soos volg gekwalifiseer:

- 'n Wetenskapsrewolusie in terme van 'n paradigmavervanging is 'n ekstreme en hoogs uitsonderlike toestand in terme van die historiese ontwikkeling van die politieke wetenskap. Waar sodanige rewolusies wel voorgekom het, was dit eerder studieveld- of subdissiplinegebonde en nooit van so 'n aard dat die vakwetenskaplike tradisie van 'n dissipline as 'n geheel in die gedrang gekom het nie. By wyse van spreke sou daar eerder sprake kon wees van "staatsgrepe", "onluste" en "politieke onstabiliteit" eerder as 'n volwaardige rewolusie in die sin wat Kuhn dit geprojekteer het.

- Paradigmavervanging (subdissiplinêr en studieveldgebonde) kan slegs plaasvind indien die kernstruktuur van die paradigma gewysig word.

- Daar bestaan 'n veelheid kompeterende paradigmas (veranker in die kompleksiteit van die vakwetenskaplike tradisie) in die politieke wetenskap met 'n eksklusiewe status aan elk verbonde, wat inklusief kan bydra tot 'n voller begrip van die probleem of verskynsel wat bestudeer word.

- Paradigmas (vanuit die Lakatos-perspektief) pas hulle self teoreties aan en heroriënteer hulle self by veranderende omstandighede ten einde bruikbaar en diensbaar te bly.

- Die daarstelling van nuwe kennis in die politieke wetenskap vertoon 'n samehang van kumulatiewe en nie-kumulatiewe prosesse (rewolusionêr van aard).

Vervolgens val die fokus op konseptuele raamwerke wat in die voorafgaande konseptualiserings telkens geïmpliseer is, en wat nou in groter besonderhede gehanteer sal word.

## 2.5 KONSEPTUELE/TEORETIESE RAAMWERKE

'n Sentrale aspek of strewe van wetenskapsbeoefening is die soeke ná en die bloot lê ván orde en struktuur in die werklikheid of 'n aspek daarvan. In die wetenskap vind ons die vergestalting van hierdie strewe in die totstandkoming van konseptuele oftewel teoretiese raamwerke. Dit is juis dit (teoretiese raamwerke) wat Kerlinger (1986: 9) in gedagte het wanneer hy die mees fundamentele doelstelling van die wetenskap, as die daarstelling van "teorieë" identifiseer. 'n Konseptuele raamwerk verwys na die samevoeging van konsepte (dit wil sê simboliese konstrukte waarmee die werklikheid geklassifiseer word) in stellings (omskryf as sinne wat 'n bepaalde kennisinhoud oor 'n aspek van die werklikheid oordra soos definisies en hipoteses) en die ordening en samevoeging hiervan volgens rigtinggewende, regulatiewe, oriënterende en funksionele norme (vergelyk Mouton & Marais, 1990: 128, 132, 139). [Vir meer besonderhede oor die aard, kenmerke en funksies van konsepte en stellings kan die werk van Mouton & Marais (1990: 128-139) geraadpleeg word]. Die funksionele aard van konseptuele raamwerke (in die algemeen gesien) stem ooreen met die taak van die wetenskap deurdat die beskrywende, verklarende, voorspellende, en beoordelingsfunksies beklemtoon word. [Vergelyk die definisie van wetenskap soos vroeër aangedui.] Breedweg gesproke is die doel van konseptuele raamwerke die daarstelling van orde en struktuur in 'n aspek of aspekte van die werklikheid deurdat 'n enkele of kombinasie van of die totaliteit van bogenoemde funksies vervul word.

Dit is uit die voorafgaande duidelik dat konseptuele raamwerke nie in isolasie gehanteer kan word nie, maar 'n integrale deel en produk van die breër samehange/verbande van wetenskapsbeoefening is. So identifiseer die sosioloog Gouldner (1971) "background assumptions" waarin 'n verdere onderskeid, naamlik dié van "world hypothesis" (voorwetenskaplike) en "domain assumptions"

(wetenskaplike en vakwetenskaplike kontekste), aangedui word wat die daarstelling van teoretiese raamwerke rig en determineer. [Vir meer besonderhede oor die aard en tipes voorveronderstellings wat teoretiese raamwerke determineer en rig kan Botha, (1987: 6-18) geraadpleeg word]. Vir die doeleindes van hierdie studie word die voorwetenskaplike, die wetenskaplike en vakwetenskaplike konteks geïdentifiseer as fundamenteel bepalend vir die aard, wese en funksie van teoretiese raamwerke.

Konseptuele raamwerke kan onderskei word in terme van funksie(s) - dit wil sê die funksionele aard hiervan. Sodanige onderskeiding val uiteen in drie basiese kategorieë, naamlik *tipologieë (klassifikasies)*, *modelle (analogieë)* en *teorieë (verklarings)* (vergelyk Mouton & Marais, 1990: 139-147, Faure, 1991: 42-43). Hierdie drievoudige onderskeiding is 'n oorvereenvoudiging aangesien hierdie kategorie in subkategorieë verdeel kan word veral wat teorieë aanbetref. Verder is die grense tussen die aangeduide kategorieë ook nie duidelik afgepen nie, met die gevolg dat hierdie kategorieë willekeurig en selfs in 'n teenstrydige sin deur wetenskaplikes gebruik word wat 'n verdere verduideliking hiervan nodig maak. Die laagste vlak van 'n konseptuele raamwerk is die tipologie wat vervolgens gehanteer word.

## 2.5.1 TIPOLOGIE

'n Tipologie word algemeen voorgehou as die mees eenvoudige konseptuele raamwerk soos aangetref in die geestes- en sosiale wetenskappe (vergelyk Mouton & Marais, 1990: 140; Meehan, 1967: 26). Wisselterme vir hierdie tipe konseptuele raamwerk is klassifikasies en taksonomieë. 'n Tipologie kan beskryf word as die indeling/klassifisering van bepaalde verskynsels of waarnemings aan die hand van bepaalde kriteria (vergelyk ook die omskrywings van Mouton en Marais (1990: 140) en Faure (1991: 42).) Sartori (1976: 125) definieer 'n klassifikasie as " ... an ordening based on mutually exclusive classes that are established by the principle, or criterion, chosen for that classification." Tipologiese konstruksie kan ten beste verduidelik word aan die hand van die volgende kenmerke: die bestaan van 'n klassifikasiekonteks, die identifisering van ideaaltipes en die toepassing van hierdie ideaaltipes (soos geplaas in 'n bepaalde konteks).

- Tipologiese konstruksie impliseer die aanwesigheid van 'n relasie/verband/konteks waarbinne waarnemings/verskynsels staan wat geklassifiseer moet word. So kan die politieke stelsel, partystelsel, politieke ontwikkeling (verskynsel of studieveld) of selfs die politieke wetenskap as dissipline so 'n konteks/verband aandui. Sodanige verband dui op die aanwesigheid van gemeenskaplikhede of raakpunte (byvoorbeeld politieke

stelsels of partystelsels as kategorie) wat verder geklassifiseer moet word. Hierna kan verwys word as die klassifikasie-raamwerk.

Met die klassifikasiekonteks as verwysingsraamwerk word aan die hand van 'n stel kriteria 'n aantal "subkategorieë" daargestel, bekend as ideaaltipes. Ideaaltipes kom tot stand deur middel van abstraëring en veralgemening en impliseer dus 'n selektiewe kyk na die interpretering van hierdie aspekte van die werklikheid (Mouton & Marais, 1990: 140). So het politieke wetenskaplikes soos Duverger (1951: 206-280) Ranney *et. al.* (1956: 155-264) en Epstein (1967: 46-76) partystelsels geklassifiseer in terme van 'n getalsmatige kriterium (dit wil sê die hoeveelheid aktiewe partye aangetref in 'n bepaalde partystelsel) en die volgende tipologie voorgestel, naamlik *eenpartystelsels, tweepartystelsels, predominante partystelsels* en *veelpartystelsels*. Hierdie kategorieë funksioneer as ideaaltipes en verskaf sodoende 'n grondslag vir die klassifikasie van partystelsels.

Volgens Mouton & Marais (1990: 140) is die vereistes vir 'n goeie klassifikasie volledigheid ("exhaustiveness") en wedersydse uitsluiting. Meehan (1967: 26-27) waarsku egter enersyds teen 'n te eksklusiewe klassifikasie (te min veralgemeend) en andersyds teen 'n te inklusiewe klassifikasie (te veel veralgemeend) aangesien albei ekstreme die basiese funksie van 'n tipologie, naamlik die ordening van die klassifikasiekonteks, kan ondermyn. Terug by die klassifikasie van partystelsels kan verwys word na die uiters gesofistikeerde klassifikasie (soos gemeet aan bostaande kriteria) van partystelsels in die werk *Parties and partysystems - a framework for analysis* (1976) van Giovanni Sartori. Sartori (1976: 119-125) het die kriterium van kompetisie toegevoeg tot die getalsmatige waardeur beter wedersydse uitsluiting sowel as 'n meer volledige klassifikasie (in vergelyking tot bogenoemde klassifikasie) bewerkstellig is. Die klassifikasie is beter as dié van Duverger en andere en kan soos volg voorgestel word:

| P A R T Y S T E L S E L S | |
|---|---|
| KOMPETERENDE PARTYSTELSELS | NIE-KOMPETERENDE PARTYSTELSELS |
| 1. TWEEPARTYSTELSEL<br>2. PREDOMINANTE PARTYSTELSELS<br>3. GEMATIGDE PLURALISTIESE PARTYSTELSEL<br>4. EKSTREME PLURALISTIESE PARTYSELSEL<br>5. ATOMISME | A. EENPARTYSTELSELS<br>1. TOTALITÊR -<br>2. OUTORITÊR -<br>3. PRAGMATIES -<br>B. HEGEMONIESE EENPARTYSTELSEL<br>1. IDEOLOGIES -<br>2. PRAGMATIES |

Fig. 2.3 Sartori se klassifikasie van Partystelsels

(Sartori, 1976: 131 - 243)

'n Ander bekende voorbeeld van 'n klassifikasie is Almond & Coleman (1960: 1-17) se klassifikasie van die funksies van 'n politieke stelsel wat so voorgestel word: Insetfunksies: *politieke sosialisering en werwing, belange-artikulasie, belange-aggregasie en politieke kommunikasie*. Uitsetfunksies: *reëlmaking, reëltoepassing en reëlverandering.*

- Nadat die kategorieë binne die klassifikasiekonteks geïdentifiseer en omskrywe is, word dit toegepas. Dit beteken dat die kategorieë met empiriese stof gevul word. Die toepassing van die klassieke klassifikasie van partystelsels sou kortliks so daar kon uitsien:

  - Eenpartystelsels (byvoorbeeld Zimbabwe, China).
  - Tweepartystelsels (byvoorbeeld Brittanje en die V.S.A.).
  - Predominante partystelsel (byvoorbeeld Frankryk en Duitsland).
  - Veelpartystelsel (Suid-Afrika en Namibië).

Hoewel die waarde van tipologieë (as konseptuele raamwerke) beperk is, kan die volgende verbandhoudende funksies nietemin onderskei word: die identifisering van klasse en kategorieë van 'n verskynsel; die verskaffing van 'n verwysingsraamwerk vir die versameling van data; die skepping van 'n grondslag vir die ordening en sistematisering van stof; en die inspirasie vir verdere navorsing.

'n Tipologiekonstruksie wat afwyk van die klassieke vorm (soos pas uiteengesit) is die dichotomie oftewel 'n klassifikasie in terme van die gebruik van 'n teenstelling (vergelyk Meehan, 1967: 28-29). Hierdie tipe klassifikasie is veral prominent op die studievelde van die vergelykende politiek en die politieke ontwikkeling en is van besondere belang vir hierdie studie. Die dichotomie se kenmerkende struktuur bestaan uit die daarstelling van twee teenoorstaande ideaaltipes. 'n Kontinuum (met 'n skaal of daarsonder) verbind hierdie ideaaltipes met mekaar. Verskynsels of waarnemings word dan geplaas of geposisioneer op hierdie kontinuum in terme van die status/plek daarvan soos gemeet aan die hand van kriteria wat aan die ideaaltipes beslag gegee het. Voorbeelde in die verband is die bekende tradisioneel-moderne kontinuum eie aan die modernisasiedenke, Gemeinschaft teenoor Geselschaft (Ferdinand Tönnies) en ontwikkeld teenoor ontwikkelend. Die volgende sou as 'n voorbeeld van 'n klassifikasie in teenstelling kon dien:





Fig. 2.4 'n Voorstelling van 'n klassifikasie in terme van 'n teenstelling

Behalwe die basiese funksie van klassifikasie vervul die dichotomie ook die funksie van evaluasie (Meehan 1967: 29), terwyl voorspelling in 'n beperkte mate ook moontlik is. Die mate waarin hierdie tipe klassifikasie egter kan voorspel en verklaar, impliseer dat dit eerder die status van 'n teorie begin aanneem. Eie aan hierdie kategorie is die voorspellingsfunksie dus 'n beperkte en gekwalifiseerde funksie. Die tweede tipe konseptuele raamwerk is die *model* wat vervolgens aan die orde kom.

## 2.5.2 MODEL

Die begrip 'model' is 'n omstrede en meersinnige aangeleentheid in die geestes- en sosiale wetenskappe (Mouton & Marais, 1990: 141; Rudner, 1966: 23). Die gebruik van die begrip 'model' in die politieke wetenskap is geen uitsondering op hierdie reël nie (vergelyk Lawson, 1985: 69). Dit is veral die onderskeid (indien wel getref) tussen "teorie" en "model" wat problematies is en dikwels op die eie interpretasie van 'n wetenskaplike berus, wat hieraan 'n omstrede en meersinnige karakter gee. Myns insiens is daar wel 'n onderskeid te tref soos aan die lig sal kom uit die konseptualisering van hierdie twee begrippe.

Na die begrip 'model' word ook verwys as 'n analogie of 'n metafoor. Modelle kom tot stand wanneer probleme/verskynsels, waaroor daar beperkte kennis bestaan, beter verduidelik en opgehelder word deur 'n analogie met 'n ander verskynsel/patroon waaroor daar meer volledige kennis bestaan (Mouton & Marais, 1990: 141-145;

Rudner, 1966: 23-28). (As voorbeeld kan verwys word na vroeëre pogings om die struktuur, werking en gedrag van atome (relatief onbekende verskynsels) te verduidelik en op te helder in terme van die sterrekunde en meer spesifiek die gedrag van planetêre hemelliggame.) Die veronderstelling wat gemaak word, is dat daar ooreenkomste/ooreenstemming/analogie bestaan tussen die onbekende verskynsel (A) en die bekende verskynsel (B) waarmee A in verband gebring word. B word dus as 'n model gebruik om A beter te kan verstaan. Die volle konteks van B dien nie noodwendig as 'n model nie, aangesien slegs dit wat nodig is van B om A beter te verstaan, ingespan word (vergelyk Meehan, 1967: 30-32).

Meehan (1967: 30) verwys na die gebruik van die model in die politieke wetenskap met die volgende stelling: "(b)y assuming that politics, or some aspect of politics, is analogous to all or part of some living organism or mechanical device, our knowledge of the organism or the machine can be used to further explanation, prediction or exploration of the phenomena being studied." Twee tipes modelle kan aldus Meehan (1967: 30-31) onderskei word, naamlik die *organiese* (informele, nie-logiese) model en die *meganiese* (formele) model. [Vergelyk ook Rudner (1966: 26-27) se onderskeid tussen empiriese en analitiese modelle]. Wanneer die funksionering van 'n politieke stelsel na analogie van 'n lewende organisme (as model) bestudeer word, is dit 'n voorbeeld van 'n organiese model. Indien die verhouding tussen twee state na analogie van 'n skaakspel ('n model met vaste reëls) bestudeer word, kan daar na 'n meganiese of formele model verwys word.

Aan die hand van die bydraes van Gorrel (1981: 130-132), Meehan (1967: 30-34) en Mouton & Marais (1990: 141-145) kan die volgende kenmerke van 'n model geïdentifiseer word:

* Dit spreek verskynsels/probleme aan waaroor daar ontoereikende kennis bestaan.

* In die geestes- en sosiale wetenskappe is 'n model 'n vereenvoudiging oftewel 'n afskaduwing van die werklikheid wat bestudeer word.

* In terme van die analogie word nuwe kennis, insig en perspektief tot die verskynsel/probleem toegevoeg wat dikwels in terme van 'n nuwe taalspel (nuwe konsepte en definisies) aangebied word.

* In teenstelling met die statiese uiteensettings, kenmerkend van veral die klassieke tipologie, spreek die model ook die dinamika van verskynsels en probleme aan deur verbande tussen verskynsels of veranderlikes daar te stel.

* Modelle reflekteer verder 'n voorlopige (prototipiese) karakter aangesien dit as 'n voorloper tot 'n teorie gebruik kan word. Dit is waarom Gorrel (1981) die term 'prototipiese' teoretiese model gebruik.

In die mate waarin 'n model ook verklarende kwaliteit besit, word die status van 'n teorie daaraan toegeken en word dit vir doeleindes van hierdie studie nie meer as 'n model gereken nie.

Aangesien 'n model 'n hoër vlak konseptuele raamwerk is as wat die geval met 'n tipologie is, word dit aanvaar dat 'n model (benewens die funksies van 'n tipologie) ook ander funksies kan vervul. Funksies eie aan 'n model (soos onderskei van dié van 'n tipologie en dié van 'n teorie) is 'n heuristiese funksie, dit wil sê dit is ontdekkend van aard (vergelyk Mouton & Marais, 1990: 144, Meehan, 1967: 31 en Rudner, 1966: 26). Modelle word sodoende veral geassosieer met die ontdekking van nuwe feite en perspektiewe. Verder word die kwaliteite van voorspelling ook as eie aan 'n model gereken (Meehan, 1967: 31; Lawson, 1985: 69).

Waarskynlik die beste voorbeeld van 'n model in die politieke wetenskap, is die politieke sisteembenadering wat na aanleiding van 'n analogie met ekosisteme (vanuit die biologie) tot stand gekom het. Vanuit hierdie perspektief het Easton se stelselmodel beslag gekry, dit wil sê 'n organiese model soos geformuleer in sy *The political system - An inquiry into the state of political science* (1953), *A framework for political analysis* (1965), en sy *A systems analysis of political life* (1965). Dit was 'n tipiese voorbeeld van 'n prototeoretiese model [vergelyk Gorrel (1981) se standpunte oor die voorlopige aard van modelle] wat uitgeloop het op 'n raamwerk waarbinne politieke verskynsels verstaan kan word. Vervolgens word daar verder na teorieë as 'n voorbeeld van 'n konseptuele raamwerk gekyk.

## 2.5.3 TEORIE

Die begrip 'teorie' is afgelei van die Griekse woord *theöria* wat die betekenis het van 'n indringende bestudering en beskouing van verskynsels/probleme in 'n poging om 'n greep daarop te kry - dit wil sê om te verstaan. In die politieke wetenskap word die begrip 'teorie' in verskillende verbande gebruik (vergelyk Brecht, 1968: 307; Bluhm, 1965: 4-5). Beoordeel vanuit 'n makroperspektief en as 'n konseptuele raamwerk, kan daar in die politieke wetenskap tussen 'n normatiewe beskouing (Sabine, Strauss) en 'n empiriese beskouing (Easton, Almond, Moore) van teorie onderskei word. Eersgenoemde verwys na die sogenaamde "value theory" met inbegrip van die politieke filosofie wat die klem laat val op funksies soos beoordeling, kritiek en evaluasie teen die agtergrond van 'n normatiewe wetenskapsbeskouing. 'Empiriese

1995 018 392-01

teorie' hierteenoor het 'n veel meer begrensde toepassing soos veral deur die behavioraliste hieraan toegeken; daar word gestreef na verklaring (kousaal en rasioneel) deur veral van empiriese gegewens gebruik te maak (Bluhm, 1965: 7; Meehan, 1967: 23-25). Laasgenoemde standpunt oor teorie vloei voort uit 'n positivisties-empiristiese wetenskapsbeskouing. Albei hierdie standpunte/sienings oor "teorie" het meriete en albei sou in eie reg op 'n staanplek (in terme van die tradisie van die politieke wetenskap) kon aanspraak maak. Nietemin is dit nodig om hierdie ekstreme standpunte vir die doeleindes van hierdie studie te kwalifiseer. Bogenoemde kategorieë kan as ideaaltipes (ekstremes) in terme van 'n dichotomie voorgestel word. 'n Balans of tussenweg is nodig en impliseer die volgende kwalifikasies:

- Ten eerste is alle teorieë in 'n mindere of meerdere mate 'n kombinasie van empiriese en normatiewe komponente. Dus, geen teorie kan net empiries of net normatief wees nie. Dit impliseer dat empiriese stof (feite) te alle tye 'n normatiewe stempel dra, afgelei uit 'n voorwetenskaplike, wetenskaplike en vakwetenskaplike konteks waaruit dit voortspruit. Die idee van 'n waardevrye empiriese teorie (eie aan die positivisties-behavioralistiese oriëntasie) word met hierdie standpuntinname dus gekwalifiseer.

- Tweedens is daar ook nie 'n plek vir normatiewe teorie sonder 'n empiriese basis nie, aangesien dit aan wetenskap die karakter van 'n religie sal gee. Dit beteken dat teorie as manifestasie van wetenskaplike aktiwiteit te alle tye oor 'n empiriese basis moet beskik wat verifikasie moontlik maak. Hierdie standpuntinname impliseer 'n kwalifikasie van die suiwer normatiewe standpunt oor die aard van teorieë.


- Derdens kan teorie en filosofie binne die idioom van Sabine & Thorsun (1973) wat die twee aan mekaar gelykstel, nie aanvaar word nie. Filosofie as gesistematiseerde lewens- en wêreldbeskouing (vergelyk Duvenage, 1983: 20) bestryk 'n veel wyer veld as teorie ('n konseptuele raamwerk) wat veral ingestel is op die verklaring van probleme of verskynsels. Dit word wel aanvaar dat 'n teorie (as 'n konseptuele raamwerk) veranker is in bepaalde filosofiese veronderstellings.

Met inagneming van hierdie kwalifikasies kan 'n teorie gedefinieer word as "... a set of interrelated constructs (concepts), definitions, and propositions that present a systematic view of phenomena by specifying relations among variables with the purpose of explaining and predicting the phenomena (Kerlinger, 1986: 9; Vergelyk in dié verband ook die definisies van Brecht (1968: 307), Meehan (1967: 23) en Rudner

(1966: 10) vir raakpunte en ooreenstemming met hierdie definisie). Met die aanvaarding van hierdie definisie is dit duidelik dat 'n meer beperkte en begrensde afbakening aan die begrip 'teorie' toegeken word, dit wil sê meer in ooreenstemming met die inhoud wat die behavioraliste soos Easton (1965: 3-16) hieraan toegeken het, maar met die inagneming van kwalifikasies soos hierbo uitgespel.

Met Kerlinger se definisie as sleutel en met dien verstande dat die sentrale funksie van teorie (in onderskeiding van ander konseptuele raamwerke) sy verklarende vermoë/potensiaal is, kan die struktuurkomponente van 'n teorie soos volg aangedui word:

a) Die identifisering en klassifikasie/kategorisering van twee of meer veranderlikes (verkieslik empiries meetbare kategorieë) uitgedruk in terme van konsepte (definisies en proposisies) rakende 'n bepaalde verskynsel/probleem is die sleutel tot die daarstelling van 'n teorie (vergelyk Faure, 1991: 43-44; Meehan, 1978: 12; Kerlinger, 1979: 15-16). In die geestes- en sosiale wetenskappe is die selektiewe identifikasie van veranderlikes (vergelyk Meehan, 1978: 12) nodig, aangesien die kompleksiteit en ingewikkeldheid van verskynsels dit onmoontlik maak om alle veranderlikes in ag te neem. Breedweg gesproke, kan twee tipes veranderlikes onderskei word, naamlik *indirekte veranderlikes* en *direkte veranderlikes*. 'n Indirekte veranderlike beïnvloed ander veranderlikes wat dan indirek die verskynsel/probleem beïnvloed. Soos afgelei kan word, beïnvloed die direkte veranderlike die verskynsel/probleem regstreeks (Kerlinger, 1979: 16, 17, 20, 21). [Vergelyk ook Mouton & Marais, (1990: 132) vir 'n onderskeid tussen afhanklike en onafhanklike veranderlikes.] Die volgende eenvoudige voorbeeld kan ter illustrasie gebruik word:




| | | |
|---|---|---|
| A1, A2, A3 | = | Indirekte veranderlikes |
| B | = | Direkte veranderlike |
| C | = | Verskynsel/Probleem |

A1, A2, A3 sou die status van 'n onafhanklike veranderlikes in terme van B (die afhanklike veranderlike) kon inneem.

Fig. 2.5 Direkte en indirekte veranderlikes as boustene van 'n eenvoudige en denkbeeldige kousale teorie.

b) In noue aansluiting met die identifikasie en klassifikasie van veranderlikes staan die neerlê van wetmatighede wat die geïdentifiseerde veranderlikes in terme van 'n logiese patroon inrig, ten opsigte van die verskynsel/probleem wat bestudeer word, eie aan 'n teorie. Dit impliseer die bepaling van die status (direkte of indirekte) en die onderlinge verhouding van afhanklikes waaruit 'n orde/sisteem dan na vore tree. Dit is juis die neerlê van hierdie verbande, dit wil sê die daarstelling van 'n sisteem/orde wat verklaring moontlik maak. In dié opsig beweer Kerlinger (1979: 15) dat "(a) theory is a systematic account of the relations among a set of variables".

c) Die vermoë van hierdie sisteem om te verklaar en vanuit hierdie verklaring te kan voorspel, verleen hieraan die status van 'n teorie (Kerlinger, 1986: 9; Faure, 1991: 144-147). Verklaring het, aldus Mouton & Marais (1991: 145) direk te make met die beantwoording van die "waarom vraag". Dit behels onder meer om die verskynsel in verband te bring met "'n dieperliggende

meganisme of struktuur" (die sisteem/orde waarna vroeër verwys is) wat verklaring dan moontlik maak (Mouton & Marais, 1991: 146).

Algemeen gesproke, kan twee tipes verklarings onderskei word naamlik kousale verklarings (teorieë) en rasionele verklarings (teorieë). Eersgenoemde is 'n verklaring in terme van die aanbieding van oorsake (dit wil sê veralgemening/wetmatighede) en laasgenoemde in terme van die verskaffing van redes/doelstellings/motiewe wat kontekstueel gebonde is (Mouton & Marais, 1991: 145). Die voorafgaande skets is 'n voorbeeld van 'n kousale verklaring.

Voorspelling, as funksie van teorie, word veral met kousale teorie in verband gebring. Dit sou kon beteken dat indien A1, A2, A3 (volgens bogenoemde skets) B op 'n sekere manier beïnvloed, 'n bepaalde resultaat by C voorsien kan word. Dit impliseer dat 'n bepaalde resultaat of uitslag voorspel kan word.

Ander kenmerke wat met teorie in verband gebring word, is die spesifisering van algemeen beïnvloedende faktore/kondisies bepalend vir die sukses, al dan nie van 'n verklaring ten opsigte van 'n verskynsel/probleem. Dit is veral nodig omdat die groot getal veranderlikes seleksie noodsaak en dat die spesifisering van algemene toestande meewerk om groter akkuraatheid te verseker. Laastens word 'n teorie ook uitgeken aan die feit dat veranderlikes meetbaar (dit wil sê empiries toetsbaar) moet wees ten einde die akkuraatheid van hierdie gesofistikeerde konseptuele raamwerk te verseker - in groter mate as wat die geval is met 'n model. Kriteria vir 'n goeie teorie is akkuraatheid, "consistancy" (dit wil sê interne en eksterne samehang), reikwydte (toepassingsveld), eenvoud (samestelling) en fertiliteit (daarstelling van nuwe hipoteses en voorspellings).

Uit die voorafgaande bespreking kan afgelei word dat daar meer as een tipe teorie (verklaring) bestaan. 'n Eenvoudige tipering (tipologie) van teorieë kan soos volg voorgestel word:

| | IDEAAL-TIPIESE KENMERKE |
|---|---|
| 1. WETENSKAPSFILOSOFIESE AARD VAN TEORIEË | ← MEER NORMATIEF — MEER EMPIRIES →<br>← NORMATIEF (PLATO, LOCKE, ROUSSEAU) — EMPIRIES (EASTON, ALMOND) →<br>(KLASSIFIKASIE IN TERME VAN 'N TEENSTELLING) |
| 2. TIPE VERKLARING | A: KOUSALE TEORIE (OORSAAKLIK)<br>B: REALISTIESE TEORIE (KONTEKSMATIG) |
| 3. KWALITEIT VAN DIE VERKLARING | ← (HOOGS ONSEKER) BAIE LAAG — (ONSEKER) LAAG — (SEKER) HOOG →<br>TENDENSIDENTIFIKASIE (TENDENCE STATEMENTS) — WAARSKYNLIKHEIDSTEORIE (PROPABALISTIC THEORY) — DEDUKTIEWE TEORIE<br>(KENMERKEND VAN DIE GEESTES- EN SOSIALE WETENSKAPPE) — (KENMERKEND VAN DIE NATUURWETENSKAPPE) |
| 4. REIKWYDTE VAN DIE VERKLARING | ← E K S K L U S I E F (BEPERK) — I N K L U S I E F (ONBEPERK) →<br>ENKELDUIDIGE VERALGEMENINGS (MEER VOLOP IN DIE POLITIEKE WETENSKAP) — DEELTEORIEË — ALGEMENE TEORIEË (INDIEN DIT BESTAAN IN DIE POLITIEKE WETENSKAP IS DIT VAN 'N LAE STATUS) |

Fig: 2.6 'n Tipologie van enkele kenmerke van teorieë met verwysing na veral die politieke wetenskap

Bogenoemde klassifikasie moet as ideaaltipies gesien word. Verder moet in gedagte gehou word dat 'n teorie gelyktydig in verskillende van die aangeduide kategorieë kan tuishoort. So kan 'n teorie kousale, deel-, waarskynlikheids- en empiriese kenmerke vertoon. In terme van hierdie ideaaltipes kan Easton se stelselanalise (waarna reeds verwys is) as 'n kousale, algemene, waarskynlikheid- en empiriese teorie gereken word. Almond en Verba se teorie oor politieke kultuur, afkomstig van hul werk *The civic culture: political attitudes and democracy in five nations* (1963), kan weer as 'n kousale-, deel-, waarskynlikheids- en empiriese teorie gereken word.

Teen die agtergrond van die voorafgaande konseptualisering van enkele metateoretiese terme kan daar nou 'n metateoretiese raamwerk vir die beoefening van wetenskap daargestel word.

## 3. 'N METATEORETIESE RAAMWERK VIR WETENSKAPSBEOEFENING

Die konseptualisering van die aangeduide begrippe het aan die lig gebring dat daar 'n duidelike onderlinge verband bestaan en dat geen van hierdie begrippe in isolasie gehanteer kan word wanneer die aktiwiteit wetenskapsbeoefening ter sprake is nie. Trouens, die aangeduide konsepte beklemtoon duidelik onderskeibare analitiese kontekste (prakties uiteraard 'n eenheid) waarbinne die wetenskaplike sy wetenskap kan beoefen. Die goue draad wat hierdie kontekste aanmekaar verbind, is die strewe van die wetenskaplike om (ter wille van die wetenskaplike eis van geldige en betroubare kennis) orde en struktuur in die werklikheid of 'n aspek daarvan bloot te lê deur probleme/verskynsels/gebeurtenisse te beskryf, te verklaar, te voorspel en te beoordeel.

Die kontekste van wetenskapsbeoefening, soos aangedui deur Duvenage (1983: 31-32) naamlik 'n makrovlak (lewensbeskoulike oortuigings) 'n meso-vlak (wetenskaplike teorieë en strominge) en die mikrovlak (metodes, probleme) is onvoldoende teen die agtergrond van die voorafgaande beredenering. [Vir volledige besonderhede kan Duvenage (1983: 23-44) geraadpleeg word.] Die ontoereikendheid van hierdie kategorieë is geleë in 'n gebrekkige onderskeid tussen die voorwetenskaplike en wetenskaplike kontekste en 'n ontoereikende hantering van konseptuele raamwerke (die teoretiese konteks) binne die breër konteks van wetenskapsbeoefening. Die onderskeie kontekste van wetenskapsbeoefening en hul inkleding kom nie tot sy reg binne die raamwerk soos verskaf deur Duvenage (1983: 31-32) nie. Vyf duidelik onderskeibare kontekste vir die beoefening van

wetenskap, te wete die *voorwetenskaplike*, die *wetenskaplike*, die *vakwetenskaplike*, die *teoretiese* en die *operasionele konteks*, kan myns insiens onderskei word.

* *Die voorwetenskaplike konteks:* Hierdie konteks het betrekking op sowel wetenskaplikes as nie-wetenskaplikes. Die voorwetenskaplike konteks impliseer die totaliteit van menslike oortuigings oftewel lewens- en wêreldbeskouing, soos veranker in 'n religie/religieuse oortuiging wat 'n bepalende rol speel in die wetenskaplike/nie-wetenskaplike se poging om die werklikheid te ken en te verstaan. Hieronder word ingesluit sake soos 'n samelewings-, mens- en staatsbeskouing as uitvloeisel van 'n lewens- en wêreldbeskouing. In die beoefening van die wetenskap kan geen wetenskaplike homself losmaak van hierdie voorwetenskaplike konteks nie.

* *Die wetenskaplike konteks:* Hierdie konteks is beperk tot die aktiewe wetenskapsbeoefenaars. Op hierdie vlak figureer sake soos die soeke na geldige en betroubare kennis (as eis van die wetenskap), die gebruik van 'n algemeen aanvaarde metodologie, soos afgelei uit 'n bepaalde wetenskapsbeskouing en die soeke na orde en struktuur - dit wil sê in 'n poging om die wêreld wetenskaplik te ken en te verstaan. Voorwetenskaplike oortuigings beïnvloed en rig die wetenskaplike op hierdie vlak.

* *Die vakwetenskaplike konteks:* Hoewel beïnvloed en gerig deur die voorafgaande kontekste, word hierdie konteks begrens deur daardie kategorie wetenskaplikes wat gemoeid is met die ken en verstaan van 'n studieveld wat gestruktureer is as 'n dissipline, subdissipline of interdissiplinêre studieveld. Hierdie konteks kan verder ingekleur word deur vakwetenskaplikes se verbondenheid aan bepaalde tradisies, subtradisies, benaderings en paradigmas van denke. Dit verleen 'n bepaalde identiteit aan die vakwetenskaplike en karakteriseer sy ken en verstaan van 'n betrokke aspek van die werklikheid.

* *Die teoretiese konteks:* Die invloed van die voorafgaande kontekste werk deur na die ontwikkeling sowel as die keuse (dit wil sê die voorkeure) ten opsigte van die konstrukte van die wetenskap naamlik konseptuele raamwerke (tipologieë, modelle en teorieë). Die doel van die konseptuele raamwerke is om orde en struktuur ten opsigte van 'n aspek van die werklikheid (probleem/verskynsel/gebeurtenis) bloot te lê in die soeke na geldige en betroubare kennis. Dit word bewerkstellig deur die funksies van beskrywing, verklaring, voorspelling en beoordeling ten opsigte van die geïdentifiseerde probleem/verskynsel/gebeurtenis.

* *Die operasionele konteks:* Die bloot lê van orde en struktuur in die soeke na geldige en betroubare kennis ís en móét te alle tye probleem/verskynsel/gebeurtenis gerig of gefokus wees. Trouens, hiersonder verloor die wetenskap sy primêre funksie en opdrag, naamlik die verstaan van die werklikheid. Die toepassingskonteks verwys juis na daardie aspekte van die werklikheid waaroor meer geldige en betroubare kennis benodig word. Die transformasie van politieke instellings in oorgangstye, sou kon dien as 'n voorbeeld van 'n verskynsel of probleem waaroor daar onvoldoende en ontoereikende geldige en betroubare kennis bestaan.

Skematies kan die gedagtes in terme van die volgende metateoretiese raamwerk geïntegreer word:





Fig. 2.7 Die kontekste van wetenskapsbeoefening

'n Saak wat tot dusver onbevredigend in hierdie hoofstuk gehanteer is, is die status van konseptuele raamwerke in die politieke wetenskap (soos aangetref in die teoretiese konteks van die voorafgaande diagram). Hierdie aangeleentheid word nou in groter besonderhede aan die orde gestel.

## 4. DIE STATUS VAN KONSEPTUELE RAAMWERKE IN DIE POLITIEKE WETENSKAP

Die soeke na konseptuele raamwerke, soos veranker in 'n veelheid wetenskapsbeskouings, is so oud soos die bestudering van die politiek. Konseptuele raamwerke vir die verstaan van die politiek is reeds aangetref voor die tyd van Plato en Aristoteles. Die daarstelling van konseptuele raamwerke wás en ís daadwerklike pogings om die wetenskaplike eis van orde en struktuur, gerig op geldige en betroubare kennis, op die terrein van die politiek tot volle ontplooiing te bring. Die plurale aard van die vakwetenskaplike tradisie van die politieke wetenskap is 'n aanduiding van die lang pad wat reeds geloop is, met as resultaat 'n veelheid van konseptuele raamwerke soos geskep vanuit 'n veelheid van wetenskapsbeskouings, tradisies, paradigmas en benaderings.

Die behavioralistiese rewolusie in die politieke wetenskap tydens die vyftiger- en sestigerjare kan beskryf word as 'n reaksie op die historiese, beskrywende, nie-vergelykende, parogiale, statiese en monografiese aard van wetenskapsbeoefening eie aan die tradisionele politieke wetenskap en, die grondslag wat hierdie beskouing neergelê het vir die skep van konseptuele raamwerke. In wese kom hierdie reaksie neer op 'n verwerping van die sogenaamde "value theory" eie aan hierdie tradisie en die strewe om 'n wetenskap van die politiek te verseker met pogings om deduktief-empiriese teorie daar te stel. Easton (1967: 69), 'n voorstander van die empiriese teorie vir die politieke wetenskap en erkende behavioralis, kritiseer die tradisionaliste deur dit te stel dat "(t)hese systematic theories (dié van die tradisionaliste) were however substantive theories or philosophy of history not theoretical modes of analysis depicting the major variables and their possible relation (deduktief-empiriese teorie)". (Vergelyk verder Easton (1967: 31-63, 78-89, 233-265, 307-320) vir meer besonderhede oor sy kritiek en standpunt). Hierdie reaksie van die behavioraliste is deur Almond (1966: 869-879) as 'n paradigmaverandering (in terme van die idioom waarin Kuhn (1970) dit gebruik) beskryf, met as implikasie nuwe klem op die daarstelling van konseptuele raamwerke wat verskynsels/probleme kan beskryf, verklaar en voorspel in die naam van 'n wetenskap vir die politiek. Vanuit 'n positivistiese wetenskapsbeskouing, dit was die mening, moet politieke gedrag herlei word tot die daarstelling van konseptuele raamwerke wat kan beskryf, verklaar en

voorspel. Dit was teen die agtergrond van die behavioralistiese strewe dat 'n groot hoeveelheid baanbrekersbydraes (die sogenaamde empiriese teorie) van Easton, Almond, Dahl, Huntington en vele ander die lig gesien het en wat 'n grondslag daargestel het vir die beoefening van die moderne politieke wetenskap. Vir die positivisties-georiënteerde behavioraliste het die fokus baie sterk geval op teoretiese konstrukte en die daarstelling van konseptuele raamwerke wat kan vergelyk met dié van die natuurwetenskappe, soos geskep deur 'n Copernicus, Newton en Einstein. Easton (1965: 14) formuleer hierdie ideaal vir die politieke wetenskap met die stelling dat: "Just as we have a general theory of motion in physics or of life in biology, we require a general theory of the vital processes in politics".

Ten spyte van die edele strewes van die behavioraliste het teoretiese konstrukte wat vanuit hierdie gestelde ideaal en filosofie ontspring het, ver tekort geskied by soortgelyke konstrukte in die natuurwetenskappe. Die verklaring hiervoor moet gesoek word in onder meer die nie-eksakte aard van die geestes- en sosiale wetenskappe (menswetenskappe) teenoor die eksakte aard van die natuurwetenskappe.

In ooreenstemming met die ander menswetenskappe is 'n kenmerk van die politieke wetenskap (op enkele uitsonderings ná en in vergelyking tót die natuurwetenskappe) die lae status van konseptuele raamwerke soos gemeet in terme van funksionele kriteria. Dit is teen die agtergrond van hierdie perspektief dat Meehan (1967: 23-26) na konseptuele raamwerke in die politieke wetenskap as "kwasi-teorie" verwys - juis as gevolg van die beperkte funksionele vermoëns hiervan in terme van die eise van beskrywing, verklaring en voorspelling.

Die relatief lae status van konseptuele raamwerke in die politieke wetenskap kan aan 'n veelheid van redes toegeskryf word. Enkeles sluit in die nie-eksakte aard van die politieke wetenskap, die subjektiewe aard van wetenskapsbeoefening soos bepaal vanuit voorwetenskaplike, wetenskaplike en vakwetenskaplike kontekste; konseptuele verwarring en onduidelike konseptualisering; en die groot getal veranderlikes wat seleksie noodsaak waardeur akkuraatheid ingeboet word, in terme van pogings om te verklaar en te voorspel. Meehan (1967: 25) verreken die implikasie van bogenoemde met die stelling dat "(m)ost of the conceptual structures found in political science are qausi theories, according to the strict definition of 'theory', though their are some factor theories that propably qualify ... We rely heavily upon quasi theory - models, analogies, even metaphors - to relate our data."

Die lae status van konseptuele raamwerke bring mee dat funksies soos om te klassifiseer, te verklaar en te voorspel beperk is en gekenmerk word deur lae vlakke

van veralgemening, onsekerheid van resultate en selfs "wetenskaplike spekulasie" eerder as deduktief-empiries afgeleide eenhonderd persent-verklaring vir verskynsels en probleme (vergelyk Meehan, 1967: 24-26). Die status van konseptuele raamwerke, in die breë gesien, is wat deur Meehan (1967: 20) as "probalistic theory" (waarskynlikheidsteorie) en "tendency statements" (gekenmerk deur hoë vlakke van onsekerheid) beskryf word. Die implikasie hiervan is lae vlak konseptuele raamwerke ten spyte van die behavioralistiese ideaal om die teendeel te bewys. Die leidende behavioralis in die politieke wetenskap, Gabriel Almond (1969: 23), erken immers dat "(w)e (die behavioraliste) are not the first generation of political theorists to discover that the problem of explanation in social and political affairs is an extremely difficult one, that the problem of prediction comes close to being insoluble ...". Dus, in die breë gesien, is konseptuele raamwerke in die politieke wetenskap begrens deur beperkte funksionele vermoëns voortspruitend uit die eie aard en karakter van die dissipline as 'n menswetenskap wanneer dit vergelyk word met die dissiplines vanuit die natuurwetenskappe.

Die lae status van konseptuele raamwerke in die politieke wetenskap word verder weerspieël in die aanwesigheid van deelteorieë ("narrow gauge theory") en die hoë afwesigheid of beperkte waarde van algemene teorie - indien dit wel bestaan. Met algemene teorie ("broad gauge theory") word bedoel "... a type of causal theory that differs from singular generalizations and partial theory, in scope at least, by virtue of its presumed application to the whole of a field of inquiry" - aldus Easton (1967: 8). (Die verwysingsraamwerke van filosowe soos Aristoteles, Plato en andere kan wel aanspraak maak op 'n algemene status, maar word nie as deduktief afgelei beskou nie en eerder as "value theory" gesien.) Vir Easton (1967: 4-7) en ander behavioraliste soos Almond was die strewe na 'n algemene teorie (in terme van bostaande kriteria) 'n groot prioriteit. Vir Easton (1965: 14-16; 1967: 76-100) was die stelselanalise, en meer spesifiek die daarstelling van 'n "algemene teorie" oor die politieke stelsel, die sleutel tot die daarstelling van so 'n teorie, terwyl dit vir Almond (1966: 869-879) geleë is in die aanlê van funksionele kriteria vir 'n politieke stelsel soos gefundeer in 'n funksionele benadering tot die politiek - om net enkele inisiatiewe in dié verband uit te sonder.

Ten spyte van hierdie hoogs gewaardeerde pogings tot die opstelling van 'n algemene teorie skiet dit nietemin ver tekort in terme van die kriteria soos self deur Easton (1967: 8) (vroeër) uitgespel. Veel eerder is die dissipline van die politieke wetenskap opgebou uit 'n groot aantal "deelteorieë" (konseptuele raamwerke) wat ontleen is aan die komplekse samestelling van die vakwetenskaplike tradisie. Selfs subdissiplines van die politieke wetenskap reflekteer 'n mosaïek van konseptuele

raamwerke in 'n poging om probleme/verskynsels ten opsigte van 'n aspek van die politieke wetenskap te beskryf, te verklaar en te voorspel. Trouens, die studieveld van politieke ontwikkeling alleen bied verskeie sleutels tot die verklaring van politieke ontwikkeling in samelewings, byvoorbeeld *industrialisasie* (Lerner, Lipset), *modernisasie* (Apter, Black), *demokratisering* (Dahl, Schmitter & O'Donnel) en *institusionalisering* (Huntington) wat uitgebou is tot die status van konseptuele raamwerke. Elk van hierdie sleutels bied 'n *eiesoortige verstaan* vir die verskynsel van politieke ontwikkeling.

Die lae status van konseptuele raamwerke in die politieke wetenskap en die groot getal sighoeke gerig op 'n aspek van die werklikheid, impliseer verder die aanwesigheid van 'n teoriepluralisme. Binne hierdie teoriepluralisme kan sterker en swakker konseptuele raamwerke onderskei word ter verklaring van 'n verskynsel/probleem. Slegs in hoogs uitsonderlike gevalle is 'n volledige verklaring vir 'n verskynsel/probleem tot 'n enkele konseptuele raamwerk beperk. Veel eerder word die beperkinge van 'n bepaalde konseptuele raamwerk oorkom deur ook van ander sighoeke (verklarings) gebruik te maak ten einde 'n meer volledige verklaring moontlik te maak. Hierdie toedrag van sake impliseer dat politieke wetenskaplikes in die verklaring van probleme/verskynsels 'n teoriepluralisme moet verreken met die oog daarop om sterker konseptuele raamwerke van swakkeres te onderskei. Deur middel van die sintese van bestaande raamwerke of selfs die daarstelling van nuwe raamwerke met sterker ontwikkelde funksionele vermoëns (dit wil sê teoriebou) kan die politieke wetenskaplike reg laat geskied aan die wetenskaplike eis van die strewe na geldige en betroubare kennis.

Samevattend dus, kan konseptuele raamwerke in die politieke wetenskap in die algemeen gesien, uitgeken word aan 'n lae status, gemeet in terme van funksionele kriteria, die afwesigheid of ontoereikende aard van algemene teorie wat in staat is om subdissiplines en studievelde onder een sambreel te verenig en die aanwesigheid van 'n teoriepluralisme ten opsigte van die verklaring van verskynsels/probleme. In hierdie verband gesien en na analogie van die toedrag van sake in die natuurwetenskappe, is die politieke wetenskap steeds op soek na 'n paradigma (navorsingstradisie) waarin die kompleksiteit van die vakwetenskaplike tradisie (soos vroeër aangedui) op 'n verenigde en eenvormige grondslag geplaas kan word. Dit blyk egter dat hierdie ideaal, soos deur veral die behavioraliste gevisualiseer, nie vir politieke wetenskaplikes beskore is nie. Met dit as basis kan die situasie met betrekking tot konseptuele raamwerke op die studieveld van politieke ontwikkeling nou in oënskou geneem word.

# 5. KONSEPTUELE RAAMWERKE IN DIE STUDIE VAN POLITIEKE ONTWIKKELING - 'N METATEORETIESE PERSPEKTIEF[2]

Politieke ontwikkeling as studieveld word vir doeleindes van hierdie studie ingespan as 'n sambreelterm wat insluit makropolitieke prosesse soos politieke modernisasie, demokratisering, politieke verval en transformasies in die algemeen. Politieke ontwikkeling as verskynsel is nie 'n aangeleentheid wat politieke wetenskaplikes kan ignoreer nie. Trouens, alle konseptuele raamwerke behoort op die een of ander wyse die dinamiese werklikheid van verandering aan te spreek.

In sy poging om 'n sisteemanalise vir die politieke wetenskap daar te stel was 'n sentrale vraag wat David Easton moes verreken - in sy eie woorde gestel die volgende: "How can any political system ever persist whether the world be one of stability or of change?" (1965: 15). Ten spyte van talle pogings van politieke wetenskaplikes, oor die jare heen, om verandering en wat hiermee saamgaan te verklaar, is slegs beperkte sukses behaal (vergelyk Parsons, 1951: 486, Huntington 1971: 283, Easton, 1967: 42). Dit is bekend dat die politieke wetenskap vanuit 'n Westerse milieu en tradisie, sedert die totstandkoming van die dissipline in die vorige eeu, in 'n baie beperkte sin aan die werklikheid van diepliggende verandering blootgestel was. Soos Huntington (1971: 283-284) tereg opmerk: "Until very recently ... political theory in general has not attempt to deal directly with the problems of change ... Political scientists neglected change because they focussed their primary attention on states where change did not seem to be much of a problem."

Toestande van ekonomiese groei en politieke stabiliteit (die bereiking van moderniteit) het toestande teweeggebring wat deur Wallerstein (1991: 18) as "normal change" getipeer is en wat politieke wetenskaplikes se aandag weggelei het van die vraagstukke wat verband hou met ingrypende politieke verandering met inbegrip van die transformasies van politieke instellings in oorgangstye. Dit is dan ook die grondliggende rede waarom Easton (1967: 42) die politieke wetenskaplikes beskuldig van 'n analise en verklaring van relatief statiese toestande oftewel toestande met 'n beperkte dinamika eerder as toestande van ingrypende politieke verandering.

Soos die periode van dekolonisasie (ingrypende politieke verandering) in die vyftiger- en sestigerjare die politieke wetenskap onkant gevang het, het die

2. Die konsepte, politieke verandering en politieke ontwikkeling staan sentraal tot hierdie studie. Vir doeleindes van hierdie studie word politieke verandering as 'n algemeengeldende en universele proses voorgehou, kenmerkend van alle samelewings en gemeenskappe. Politieke verandering is 'n algemeengeldende konsep wat tendense soos modernisasie, ontwikkeling, verval en afhanklikheid (dependencia) kan impliseer. Politieke verandering kan as die gene en laasgenoemde as die spesies voorgehou word. Politieke ontwikkeling kan gevolglik gesien word as 'n spesifieke tipe verandering. Binne die literatuur word daar verskillende beskouings oor politieke ontwikkeling aangetref wat manifesteer in terme van teoretiese konstrukte, byvoorbeeld modernisasie (Lipset, Lerner en Apter), institusionalisering (Huntington), demokratisering (Schmitter en O'Donnel) en dependencia (Frank en Galtung).

demokratiseringsrewolusie van die tagtiger- en negentigerjare hierdie Achilleshiel van die politieke wetenskap opnuut blootgelê. Ten spyte van groot getalle nuwe bydraes sedert die sestigerjare is die politieke wetenskap steeds nie by magte om die makroprosesse eie aan politieke verandering na behore te verklaar nie en word die terrein gekenmerk deur die relatief lae status van konseptuele raamwerke, die gebrek aan 'n algemene teorie op hierdie terrein en, die bestaan van 'n teoriepluralisme van veral deelteorieë wat poog om meer lig op hierdie terrein te werp.

Vanuit 'n metateoretiese oogpunt gesien, moet 'n algemene teoretiese raamwerk vir die verstaan van politieke verandering minstens drie onderskeibare terreine na behore kan aanspreek. Ten eerste moet daardie faktore (veranderlikes) wat ten grondslag lê aan politieke verandering geïdentifiseer en gekonseptualiseer word, waarna die onderlinge verband tussen hierdie veranderlikes aangedui word, wat verklaring (konteksmatig of kousaal) moontlik maak. Hierna word verwys as die *analitiese komponent* en dit kan die status van 'n deelteorie verwerf.

Tweedens moet daar aangedui word hoe hierdie verandering plaasvind. Dit moet dan uitloop op 'n kontekstuele of 'n kousale verklaring. Wesenlik gaan dit hier oor die wyse of modus van verandering. Hierna kan verwys word as die *strategiese komponent* en dit kan ook die status van 'n deelteorie verwerf.

Die derde komponent het te make met die koers en rigting van die verandering. Dit is vrae soos: Waarheen stuur die verandering?; Waarom is dit die geval?; wat in terme van 'n kousale of kontekstuele verklaring gestalte moet kry. Aangesien denke in dié verband dikwels ideaaltipies is, word hierna as die *normatiewe komponent* verwys en dit kan ook uitgebou word as 'n deelteorie op hierdie studieveld.

Teen die agtergrond van die voorafgaande diagram (2.7) waar die vlakke van wetenskapsbeoefening aangedui is, kan die volgende diagram 'n metateoretiese raamwerk verskaf vir die bestudering van teoretiese raamwerke wat ingestel is op die verklaring van politieke ontwikkeling.





Fig. 2,8 'n Metateoretiese raamwerk (staties beskou) vir die rekonstruksie, interpretasie en beoordeling van konseptuele raamwerke in die bestudering van probleme en verskynsels rakende politieke ontwikkeling

## 6. 'N METATEORETIESE RAAMWERK VIR HIERDIE STUDIE

Die voorafgaande konseptualisering van metateoretiese begrippe en die integrasie hiervan in 'n metateoretiese raamwerk, gerig op politieke verandering as studieveld, stel my in staat om teoretiese bydraes ten opsigte van 'n bepaalde probleem/verskynsel (in die veld van studie) te rekonstrueer, te interpreteer, en te evalueer aan die hand van gefundeerde norme en kriteria afkomstig vanuit 'n bepaalde wetenskapsbeskouing. Die rekonstruksie van teoretiese bydraes op hierdie studieveld sal ooreenkomstig hierdie raamwerk in terme van 'n *analitiese*, *strategiese* en *normatiewe* komponent tot ontplooiing kom. Dit is dan ook die rede waarom die rekonstruksie van Huntington se bydrae in terme van hierdie drie komponente (hoofstukke 4, 5, 6) ingerig is. Dit is ook vanuit hierdie grondplan dat die rekonstruksie van die studieveld aangepak sal word.

Die interpretasie, beoordeling en evaluasie van teoretiese bydraes is moontlik deur die voorwetenskaplike, wetenskaplike en vakwetenskaplike kontekste van die bydraes bloot te lê. Die relatief gedetailleerde konseptualisering van metateoretiese konsepte stel my in staat om bydraes aan die hand van die geïdentifiseerde kriteria te rekonstrueer, interpreteer en te evalueer. Verder kan hierdie raamwerk 'n grondslag verskaf vir die vergelyking van teoretiese bydraes. Kort gestel, die daarstelling van 'n metateoretiese raamwerk soos hier aangebied, stel 'n grondplan daar waarmee die teoretiese bydrae van S.P. Huntington ten opsigte van die verskynsel van die transformasie van politieke instellings in oorgangstye gesaghebbend gerekonstrueer, geïnterpreteer, geëvalueer en met ander konseptuele raamwerke vergelyk kan word. Skematies kan dit so voorgestel word:

| | | | |
|---|---|---|---|
| VOORWETENSKAPLIKE KONTEKS | DIE LEWENS- EN -WÊRELDBESKOULIKE RAAMWERK VAN HUNTINGTON SE DENKE<br>- SY MENS-, SAMELEWINGS- EN STAATSBESKOUING<br>- SY VERONDERSTELLINGS RAKENDE DIE MENS IN SY WÊRELD | | |
| WETENSKAPLIKE KONTEKS | DIE WETENSKAPSBESKOUINGS VAN HUNTINGTON EN DIE IMPLIKASIE WAT DIT INHOU VIR:<br>- DIE SOEKE NA GELDIGE EN BETROUBARE KENNIS<br>- DIE SOEKE NA ORDE EN STRUKTUUR<br>- DIE KEUSE VAN WETENSKAPLIKE METODES | | |
| VAKWETENSKAPLIKE KONTEKS | DIE VAKWETENSKAPLIKE KONTEKS WAARBINNE HUNTINGTON STAAN:<br>- SY VERBINTENISSE AAN 'N<br>* SUBDISSIPLINE<br>* TRADISIE<br>* PARADIGMA<br>* BENADERINGS | | |
| TEORETIESE KONTEKS | DIE DAARSTELLING VAN ORDE EN STRUKTUUR (VERKLARING VIR DIE PROBLEEM / VERSKYNSEL)<br>ALGEMENE TEORETIESE RAAMWERK VAN HUNTINGTON | | |
| | ANALITIESE KOMPONENT | STRATEGIESE KOMPONENT | NORMATIEWE KOMPONENT |
| | AKADEMIESE VRAE<br>WAT EN WAAROM?<br>DEELTEORIE<br>(KOUSAAL/KONTEKSTUEEL) | AKADEMIESE VRAE<br>HOE EN WAAROM?<br>DEELTEORIE<br>(KOUSAAL/KONTEKSTUEEL) | AKADEMIESE VRAE<br>WAARHEEN EN WAAROM?<br>DEELTEORIE<br>(KOUSAAL/KONTEKSTUEEL) |
| DIE OPERASIONELE KONTEKS | TRANSFORMASIE VAN POLITIEKE INSTELLINGS IN OORGANGSTYE | | |

Fig. 2.9 'n Metateoretiese raamwerk (staties beskou) vir die rekonstruksie, interpretasie, beoordeling en evaluasie van Huntington se konsep= tuele raamwerke rakende die transformasie van politieke instellings in oorgangstye

## 7. SAMEVATTENDE PERSPEKTIEF

Wanneer 'n teoretiese bydrae gerekonstrueer, geïnterpreteer en geëvalueer word, behoort dit te geskied aan die hand van 'n metateoretiese raamwerk - dit wil sê 'n raamwerk wat handel oor die teorie van teorie. Hiersonder sal pogings tot 'n gesaghebbende rekonstruksie, interpretasie en evaluasie van enige teoretiese bydrae tot mislukking gedoem wees. Te veel pogings tot die rekonstruksie, interpretasie en evaluasie van teoretiese bydraes word aangetref sonder die bestaan en toepassing van uitgespelde kriteria herlei vanuit 'n uitgespelde en gefundeerde metateoretiese raamwerk. Hierdie toedrag van sake is vergelykbaar met pogings om probleme / verskynsels / gebeurtenisse te verstaan sonder om teoretiese vertrekpunte doelmatig te verreken - 'n toedrag van sake wat die wetenskaplike eis van die soeke na geldige en betroubare kennis op die agtergrond plaas.

Met bogenoemde in gedagte het hierdie hoofstuk as doel gehad die opstel van 'n metateoretiese raamwerk waaruit Huntington se teoretiese bydrae tot die transformasie van politieke instellings in oorgangstye na behore gerekonstrueer, geïnterpreteer en geëvalueer kan word. Dit moet egter in gedagte gehou word dat hierdie doelstelling sekondêr van aard is ten opsigte van hierdie studie, dit wil sê dit is 'n middel tot 'n doel, want die finale doelwit is die rekonstruksie, interpretasie en evaluasie van Huntington se teoretiese bydrae tot die aangeduide terrein. Nietemin is die finale doelwit nie moontlik sonder die uitspel van 'n metateoretiese raamwerk nie.

Met hierdie sentrale doelstelling in gedagte is drie kleiner, verbandhoudende doelstellings geïdentifiseer, te wete:

- die oorsigtelike konseptualisering van enkele metateoretiese konsepte wat kan dien as die simboliese gereedskap vir die aanpak van hierdie studie;

- die toepassing van die konseptualiserings op die dissipline van die politieke wetenskap in die algemeen;

- die afleiding van perspektiewe vanuit die konseptualiserings en die herleiding daarvan tot 'n metateoretiese raamwerk wat kan dien as 'n grondslag waaruit Huntington se bydrae gerekonstrueer, geïnterpreteer en geëvalueer kan word.

Die konseptualisering van wetenskap het as grondslag gedien vir die konseptualiserings van dissipline, vakwetenskaplike tradisie, paradigma en paradigmaverandering, sowel as konseptuele raamwerke (teorieë, modelle en tipologieë). Op 'n deurlopende basis is die politieke wetenskap, die studieveld van die

politieke ontwikkeling en die tema van hierdie studie as verwysingsraamwerk vir dié konseptualiserings gebruik.

Vanuit die konseptualiserings is perspektiewe herlei vir die daarstelling van 'n metateoretiese raamwerk vir die beoefening van die wetenskap. Die voorwetenskaplike, wetenskaplike, vakwetenskaplike, teoretiese en operasionele konteks van sodanige raamwerk is oorsigtelik uitgespel. Hierdie raamwerk is verder ten opsigte van die teoretiese konteks uitgebou deur die status van konseptuele raamwerke in die politieke wetenskap en die studieveld van die politieke verandering te verreken. Ten einde die behoeftes van hierdie studie binne die teoretiese konteks aan te spreek, is aangedui dat 'n teoretiese bydrae vir die volledige verstaan van politieke verandering in die algemeen en die transformasie van politieke instellings in die besonder oor drie struktuurkomponente moet beskik, naamlik 'n analitiese, strategiese en 'n normatiewe komponent. Elk van hierdie komponente kan die status van 'n deelteorie verwerf. Die metateoretiese raamwerk is dus so ingerig dat dit die besondere metateoretiese behoeftes vir hierdie studie kan aanspreek.

Vanuit hierdie metateoretiese perspektief en grondslag kan daar nou oorgegaan word tot die rekonstruksie van die studieveld en sal daar gepoog word om Huntington se bydrae binne veral die vakwetenskaplike konteks aan te toon.

# HOOFSTUK 3

# 'N REKONSTRUKSIE VAN DIE STUDIEVELD - HUNTINGTON SE BYDRAE

## 1. INLEIDENDE ORIëNTERING

Alvorens 'n rekonstruksie, interpretasie en evaluasie van Huntington se bydrae, teoreties gesproke, gemaak kan word, moet die bydraes van ander denkers en skrywers op hierdie terrein (die transformasie van politieke instellings in oorgangstye) eers in 'n neutedop aangedui word. Dit is belangrik dat Huntington se bydrae binne die breër vakwetenskaplike konteks aangedui moet word, naas ander bydraes vanuit soortgelyke sowel as ander relevante tradisies en paradigmas van denke op hierdie studieveld. Trouens, 'n rekonstruksie van die studieveld is van kernbelang om die aard, plek en status van Huntington se bydrae op hierdie terrein aan te dui en dit verskaf verder 'n noodsaaklike grondslag vir die rekonstruksie, interpretasie en evaluasie van sy bydrae ten opsigte van die aangeduide tema.

Die rekonstruksie van die studieveld en die aantoon van Huntington se bydrae het, soos gestel, veral met die vakwetenskaplike konteks (vergelyk figuur 2.7 van die vorige hoofstuk) te make waarin metateoretiese konsepte soos *vakwetenskaplike tradisie* en *paradigma* prominente simboliese gereedskap is vir die verstaan van hierdie konteks van wetenskapsbeoefening. (In hierdie geval ten opsigte van die transformasie van politieke instellings in oorgangstye. Vergelyk ook figuur 2.8 van die voorafgaande hoofstuk vir 'n toepassing op hierdie tema). Dit is egter ook belangrik dat relevante tradisies en paradigmas (soos van toepassing gemaak op die studieveld en die denker) teruggevoer word na die wetenskaplike maar veral die voorwetenskaplike kontekste wat die geïdentifiseerde bydraes rig en bepaal - dit wil sê die lewens- en wêreldbeskoulike grondslae. Die verrekening van die teoretiese kontekste van geïdentifiseerde bydraes, te wete die analitiese, strategiese en normatiewe komponente is nie moontlik binne hierdie afdeling (hoofstuk) nie.[1]

Wanneer die studieveld, gerig op hierdie tema, in oënskou geneem word, kan drie prominente en duidelik onderskeibare tradisies binne die groter vakwetenskaplike tradisie geïdentifiseer word, te wete 'n konserwatiewe, liberale en 'n radikale tradisie - elk met betekenisvolle perspektiewe ten opsigte van die transformasie van politieke

1. Lesers word verwys na die afdelings wat handel oor die konseptualisering van vakwetenskaplike tradisie en paradigma sowel as die argumente wat aan figure 2.7 en 2.8 beslag gegee het, aangesien dit nie hier herhaal kan word nie.

instellings in oorgangstye.[2] Wanneer Huntington se spesifieke bydrae egter uitgesonder word, blyk dit dat 'n rekonstruksie van veral die konserwatiewe, maar ook die liberale tradisie ten opsigte van die sentrale tema nodig is vir 'n volledige verstaan van sy bydrae. Hoewel Huntington rewolusie as wyse van verandering wetenskaplik verreken, dui oorweldigende getuienis sowel as 'n selferkenning in dié verband (1981a: 17-18) daarop dat hy bepaald nie tuishoort by die radikale tradisie nie. Trouens, die teenoorgestelde is eerder waar. Met hierdie perspektief as vertrekpunt, word daar gekonsentreer op die konserwatiewe en die liberale tradisies as grondslag van die rekonstruksie van die studieveld waaruit Huntington se bydrae dan aangedui sal word. Op basis van eiesoortige ideologiese begrondings, eie aan elke tradisie, voorwetenskaplik bepaal in terme van lewens- en wêreld- beskoulike komponente (met inbegrip van 'n samelewings-, staats- en mensbeskouings) sal literatuur in terme van hierdie twee analitiese kategorieë (tradisies) gegroepeer word. Dit sal 'n noodsaaklike grondslag daarstel en agtergrond verskaf waarteen Huntington se bydrae tot hierdie tema verreken kan word.

Aangesien die doelstelling van hierdie hoofstuk is om Huntington se bydrae aan te dui en nie in dieselfde mate die rekonstruksie van literatuur binne hierdie tradisies as doelwit op sigself nie, is literatuur op so 'n wyse gekies dat die sentrale doelstelling (die aantoon van Huntington se bydrae) die beste gedien kan word. Wat die konserwatiewe tradisie aanbetref, is die rekonstruksie ingestel op die bydraes van filosowe en vooraanstaande denkers met inbegrip van Machiavelli, Hobbes, Bodin, Burke en Niebuhr (om enkeles te vermeld) aangesien Huntington se denke vanuit hierdie wortels gevoed is. Wat die liberale tradisie aanbetref, het die fokus geval op literatuur met demokratisering as grondslag wat Huntington enersyds kritiseer (aspekte van die demokratiese deterministe) maar waarin hy in 'n kontemporêre idioom ook bydraes lewer (die kontemporêre demoktratiseringsdenke).

Ten spyte van hierdie fokusse wat die lys van literatuur aansienlik verklein, is die aantal bydraes steeds so veel dat net 'n oorsigtelike verkenning van slegs prominente bydraes in hierdie hoofstuk moontlik is. Die metodologie ter sprake in hierdie hoofstuk is derhalwe 'n literatuurstudie ingestel op 'n oorsigtelike verkenning van literatuur relevant tot hierdie tema vanuit die geïdentifiseerde vaktradisies. Klem word veral geplaas op daardie literatuur wat belangrik is vir die aantoon van juis Huntington se bydrae.

2. Wanneer die term 'tradisie' in hierdie hoofstuk gebruik word, verwys dit na die filosofies-ideologiese komponent en nie die metodologiese komponent nie. Vergelyk figuur 2.1 van die vorige hoofstuk vir besonderhede oor hierdie onderskeid.

In hierdie hoofstuk word dit as doelwit gestel om die konserwatiewe en liberale tradisies te omlyn deur 'n breë karakterisering van elk te gee, die lewens- en wêreldbeskoulike grondslae van elk bloot te lê (voorwetenskaplik van aard) met inbegrip van die onderskeie samelewings-, mens- en staatsbeskouings. Die implikasies wat hierdie onderskeie beskouings vanuit die geïdentifiseerde tradisies vir die transformasie van politieke instellings in die algemeen inhou, sal verreken word, en gevolg word deur 'n oorsigtelike verkenning van die mees prominente bydraes in hierdie verband. Dit sal gevolg word deur 'n aanduiding van Huntington se bydrae in die algemeen tot die bestudering van die transformasie van politieke instellings in oorgangstye. Alvorens hierdie doelwitte op die agenda geplaas kan word, is dit wenslik om eers 'n agtergrondskets van Huntington aan te bied, aangesien dit belangrike inligting bevat wat sy bydrae tot hierdie terrein in perspektief sal stel.

## 2. S.P. HUNTINGTON : 'N AGTERGRONDSKETS[3]

Samuel Philips Huntington is op 18 April 1927 in New York gebore. Op die jeugdige ouderdom van sestien jaar matrikuleer hy aan die Hoërskool Peter Stuyvesant en twee en 'n half jaar later, in 1946, ontvang hy 'n Baccalaureusgraad aan die Yale Universiteit. As nagraadse student openbaar hy 'n groot belangstelling in die internasionale politiek en in 1948 ontvang hy 'n meestersgraad aan die Chicago Universiteit. Gedurende hierdie tyd was sy hoofbelangstelling die politieke geskiedenis van die VSA sowel as die interne politieke kwessies van daardie land. Op die Chicago-kampus was hy ook 'n aktiewe deelnemer aan studentepolitiek.

Ter wille van 'n akademiese loopbaan, wat by Chicago aan bande gelê is deur algemene politieke bedrywighede en studente-aktivisme, sit Huntington sy studies aan die Harvard Universiteit voort. In 1950 word hy bekroon met 'n doktorsgraad wat in die bestek van slegs vier maande geskryf is. In Junie (dieselfde jaar) word Huntington aangestel as 'n lid van die "Government department" aan hierdie universiteit. In hierdie fase was sy belangstelling egter gefokus op die binnelandse politiek van die VSA.

Die periode wat as die Koue Oorlog-fase bekend gestaan het, het Huntington sensitief gemaak vir die belangrikheid van orde en stabiliteit as dominante politieke waardes - waardes wat by uitstek in die Amerikaanse politieke tradisie gereflekteer word. Teen hierdie agtergrond wys Putman (1986: 839) daarop dat "Huntington's enduring concern for authority and institutional stability would characterize virtually all his monumental contributions to political science". Aanklank is veral gevind by die

3. Vergelyk ook Duvenhage (1989: 13-17).

vertrekpunte van Burke en Niebuhr - denkers wat binne die raamwerk van konserwatisme (as denkrigting) geopereer het (Putman, 1986: 838-839). Hierdie invloed word onder meer vergestalt in 'n artikel met die titel, *Conservatism as an ideology*, wat in 1957 verskyn het. Die kleed van "konserwatisme" sou egter in die toekoms negatiewe gevolge vir Huntington in die hand werk.

Steeds in die tydsgewrig van die Koue Oorlog, met gebeure soos die afdanking van generaal MacArthur deur President Truman en die Koreaanse oorlog, toon Huntington groot belangstelling in die veld van die "civil-military relations". Die belangstelling word afgerond met die werk, *The soldier and the state - the theory and politics of civil-military relations*, wat ook in 1957 verskyn het. In hierdie baanbrekerswerk, gekenmerk deur die soeke na eksakte verklarings soos wat dit geassosieer kan word met 'n positivisties-behavioralistiese invalshoek, word klem geplaas op die professionaliteit van die soldaat en openbaar die skrywer 'n hoë agting vir die militêre etiek van die destydse Pruisiese weermag (kyk Putman, 1986: 839). Sy agtergrond en belangstelling in strategie en strategiese studies, gekenmerk deur 'n konserwatiewe ingesteldheid, kom sterk in dié bydrae na vore. Sy aanklank by die konserwatisme sowel as 'n sensitiwiteit vir orde en stabiliteit lei egter daartoe dat 'n professoraat aan die Harvard Universiteit aan hom geweier word. Die rede waarom hy nie bevorder is nie, was geleë in sy sogenaamde "... authoritarian infatuation with Prussian style militarism" wat kenmerkend van sy bydraes was, maar wat onaanvaarbaar was vir 'n liberale instelling soos die Harvard Universiteit (Putman, 1986: 840). Dit het veroorsaak dat Huntington die pos van Assistent-Direkteur aan die "*Institute of War and Peace studies*" aan die Colombia Universiteit aanvaar het.

Aan die van Colombia Universiteit was hy vier jaar lank werksaam. In samewerking met Zbigniew Brzezinski ('n militêre strateeg en later veiligheidsadviseur in die Carter-administrasie) sien die publikasie *Political power US/USSR* in 1959 die lig. Dit sou die eerste publikasie van dié skrywer op die terrein van die vergelykende politiek wees. In 1961 lewer hy 'n bydrae tot die werk *The common defense: strategic programs in national politics* onder die redaksie van W.T.R. Fox. Verder was hy ook redakteur van die werk *Changing patterns of military politics* wat in 1962 uitgegee is. In dieselfde jaar aanvaar Huntington 'n professoraat aan die Harvard Universiteit.

Terug by sy alma mater, verskuif sy belangstelling ten volle na die studieveld van die politieke ontwikkeling. In 1964, by 'n seminaar oor politieke ontwikkeling te Boston, lewer hy 'n referaat met die titel, *Political development and political decay.* Met die artikel is bepaalde aannames van die liberaal-ekonomiese beskouing gekritiseer en is nuwe vertrekpunte vir ontwikkeling in die algemeen en politieke ontwikkeling in

besonder aangedui. Die standpunte in die artikel is verder uitgebou en die werk, *Political order in changing societies*, verskyn in 1968. Putman (1986: 841) beskou hierdie werk as een van die "... top classics of modern political science". Die werk het 'n nuwe visie in die VSA tot gevolg gehad en was bykans oornag prominent in die sillabusse oor politieke ontwikkeling aan talle universiteite. Dié werk is ook die grootste enkele bydrae wat tot dusver deur hom gelewer is. In die middel sestigerjare word Huntington lid van die *Social Science Research Council's Committee on Comparative Politics* waar hy onder andere ook as voorsitter opgetree het. Hierdie komitee het 'n leidende rol gespeel ten opsigte van die bestudering van politieke ontwikkeling as 'n wetenskaplike/akademiese dissipline in die VSA.

As ondersteuner van die Demokratiese Party raak Huntington in die middel sestigerjare aktief by die politiek betrokke deur toesprake vir Hubert Humphrey, 'n demokratiese Presidentskandidaat, te skryf. Gedurende hierdie tyd neem hy deel aan die interne politiek van die staat, Massachusetts in 'n poging om die belange van bogenoemde party te bevorder. Vanaf 1966 tot 1969 tree Huntington ook op as voorsitter van die *South East Asia Development Advisory Group* se subkomitee oor Viëtnam. Aanvanklik was Huntington 'n groot voorstander van die Viëtnam-oorlog en volgehoue Amerikaanse betrokkenheid, maar later bepleit hy 'n politieke oplossing gebaseer op die desentralisasie van politieke mag as metode om die konflik te hanteer. Hierdeur is 'n bydrae gelewer tot die beëindiging van Amerikaanse betrokkenheid by dié oorlog gedurende die sewentigerjare (kyk Putman, 1986: 843).

Sy adviserende betrokkenheid by die Viëtnam-oorlog lei daartoe dat hy 'n ongewilde en omstrede persoon by Harvard sowel as op sy tuisdorp Cambridge was. Op die kampus het hy te doen gekry met protesoptogte en demonstrasies as gevolg van sy "ondersteuning" van die oorlogspoging en sommer ook sy akademiese standpunte in die algemeen wat as militaristies en konserwatief getipeer is. So erg was die weerstand dat 'n slagspreuk ("War criminals live here") teen sy huis se voordeur geverf is (vergelyk Putman, 1971: 843). Die protes het egter weinig gehelp om hom van siening te laat verander.

Gedurende die sewentigerjare is hy ook betrokke by 'n aantal publikasies waaronder *Authoritarian politics in modern society: The dynamics of one party systems* (1970), in samewerking met C.H. Moore. Die werk, *No easy choice: Political participation in developing countries*, in samewerking met J.M. Nelson, verskyn in 1976. Verder was Huntington ook mederedakteur van die publikasie, *The crises of democracy* wat in 1975 die lig gesien het. Die bydraes wat in hierdie werke gelewer is, dui enersyds op 'n verdere uitbouing en verfyning van sy standpunte oor politieke ontwikkeling van die

sestigerjare en andersyds op die ontginning van nuwe terreine/probleme/verskynsels van 'n veranderde politieke omgewing van die jare sewentig. Geleidelik sou die beklemtoning van demokratiese waardes as uitvloeisel van 'n Amerikaanse politieke tradisie meer prominent op die voorgrond begin tree. Akademies gesproke, was die sewentigerjare 'n vrugbare tyd in Huntington se loopbaan hoewel dit nie vergelykbaar is met sy bydraes in die vorige twee dekades nie.

In die bewindstermyn van president Carter is Huntington saam met Zbigniew Brzezinski as 'n senior lid van die Nasionale Veiligheidsraad aangestel. In 1978 word hy ook aangestel as direkteur van die Centre for International Studies aan die Harvard Universiteit. Gedurende hierdie tyd tree hy ook op as politieke adviseur vir die hervormingsprogramme van die Brasiliaanse regering (Putman, 1986: 842). Die strewe na die bevordering van demokratiese waardes wêreldwyd tree in hierdie tyd sterker op die voorgrond.

Op versoek van die Staatkundige Vereniging van Suid-Afrika besoek Huntington die land in 1981 en lewer 'n referaat met die titel, *Reform and stability in a modernizing multi-ethnic society*. In die aanbieding bepleit Huntington politieke hervorming in Suid-Afrika gerig op die bereiking van die demokratiese ideaal, maar in terme van die vertrekpunte van 'n konsosiatiewe demokrasie (1981a: 11-14). In Suid-Afrika het hierdie bydrae groot byval gevind en is selfs deur wetenskaplikes en politici voorgehou as 'n belangrike vertrekpunt vir die hervormingsinisiatiewe van die P.W. Botha-bewind ten opsigte van die transformasie van politieke instellings in oorgangstye. In 1986 besoek Huntington Suid-Afrika vir die tweede keer en is hy skerp krities ingestel oor die inisiëring van die hervormingsinisiatiewe van die Suid-Afrikaanse regering. In 'n bydrae gepubliseer onder die titel, *Whatever has gone wrong with reform?* (1986) beskuldig Huntington die Botha-bewind van 'n onwilligheid en 'n klaarblyklike onvermoë om die politieke hervormingsproses tot sy logiese uiteinde deur te voer.

Op die tuisfront spits Huntington hom, sedert die begin tagtigjare, toe op onder meer die binnelandse politiek van die VSA en verskyn die werk *American politics - the promise of disharmony* (1981). Gedurende 1986 val 'n groot eer Huntington te beurt toe hy aangewys word as die nuwe president van die invloedryke *American Political Science Association* en volg hy in die voetspore van vooraanstaande politieke wetenskaplikes soos V.O. Key en Gabriel Almond - om enkeles te meld.

Teen die agtergrond van demokratiseringstendense wêreldwyd sien verskeie artikels die lig waarin die belangrikheid van 'n demokratiese politieke stelsel beklemtoon

word. Van sy belangrikste bydraes in hierdie verband sluit in *Will more countries become democratic?* (1984), *One soul at a time: Political science and political reform* (1988) en, *The modest meaning of democracy* (1989). In 1987 verskyn die werk *Understanding political development* (1987) met Huntington en Myron Weiner as redakteurs. Hierdie werke sou die weg baan vir sy ander groot bydrae, *The third wave: democratization in the late twentieth century* (1991) - 'n bydrae wat staan teen die agtergrond van die kontemporêre demokratiseringsdenke wat sedert die sewentigerjare vorm aangeneem het.

Hierdie groot Amerikaanse politieke wetenskaplike, tans 'n Eaton Professor of Science and Government en direkteur van die John M. Olin Institute for Strategic Studies aan die Harvard Universiteit, wat oor 'n periode van bykans veertig jaar onverpoos die een groot bydrae na die ander die lig laat sien het, se werke word gekenmerk deur die beklemtoning van politieke waardes eie aan die Amerikaanse politieke tradisie, 'n positivistiese wetenskapsbeskouing en die strewe om realpolities te werk te gaan.

In terme van die Eastoniaanse soeke na 'n verklaring vir dit wat politieke verandering onderlê (1953: 42), kan Huntington se bydrae tot die studieveld van die politieke ontwikkeling in die algemeen en die transformasie van politieke instellings in besonder nie gering geag word nie. Trouens, sy bydrae tot 'n beter begrip van politieke ontwikkeling is een van die juweel-bydraes tot die literatuur in die kontemporêre politieke wetenskap. Putman (1986: 844) beskryf hierdie merkwaardige akademikus en navorser as "... a complex person who defies easy categorization, but friends and adverseries agree that his most striking characteristic, apart from daunting intelligence, is his intellectual integrity."

Ten einde hierdie vooraanstaande denker se bydraes tot die transformasie van politieke instellings in perspektief te stel (wat geen eenvoudige taak is nie), moet die rekonstruksie van politiek-ideologiese tradisies, naamlik die konserwatisme en die liberalisme, eers plaasvind en algemene bydraes binne hierdie tradisie aangedui word, wat 'n basis kan verskaf vir die aantoon van Huntington se bydrae tot die transformasie van politieke instellings in oorgangstye. Vervolgens word aandag gegee aan die konserwatisme en belangrike literatuur, ten opsigte van die transformasie van politieke instellings in oorgangstye. Dit verskaf 'n belangrike raamwerk vir die verstaan van Huntington se bydraes in die algemeen.

# 3. DIE KONSERWATIEWE TRADISIE

## 3.1 Ideologiese begronding

Die begrip 'konserwatief' is afgelei van die Latynse woord *conservare* wat beteken om dit waaraan waarde geheg word en waarop daar 'n hoë premie geplaas word te bewaar, te beskerm, te behou en waar nodig selfs uit te bou (Scruton, 1984: 21-22). Op die politieke terrein word konserwatiewe denke veral geassosieer met die behoud, bewaring, beskerming en ook die uitbouing van bestaande politieke instellings (Scruton, 1984: 15; O'Sullivan, 1976: 9; Honderich, 1990: 1-16). Trouens, konserwatisme op die terrein van die politiek word direk geassosieer met regering deur middel van bestaande politieke instellings. Oor presies wat bewaar moet word en waarom dit die geval moet wees, dit wil sê die motivering vir dit wat bewaar en beskerm moet word, bestaan daar verskillende standpunte, perspektiewe en antwoorde binne die geledere van konserwatiewe denkers (vergelyk O'Sullivan, 1976: 22-28). Hierdie toedrag van sake kan direk toegeskryf word aan verskillende situasies (histories gesproke) waarin eiesoortige omstandighede unieke antwoorde vereis op dit wat bewaar moet word en ook die motivering hiervoor. In reaksie op die oorweldigende invloed en voortslepende politieke onstabiliteit, geïnisieer deur die Franse Rewolusie, en die gevaar wat dit ingehou het vir naasliggende state, onder meer Brittanje, beklemtoon Edmund Burke (1729-1997), die instandhouding van die Britse ongeskrewe grondwet soos dit histories ontwikkel en beslag gekry het. Burke (1905: 14-15) spreek hom ook uit ten gunste van 'n "constitutional society" soos aangetref in Brittanje teenoor 'n "revolutionary society" aanwesig in Frankryk tydens en na die rewolusie van 1789 en wat volgens hom die Franse volk van hul eie geskiedenis en beskawingsontwikkeling geïsoleer het. Vir De Maistre, 'n Franse konserwatis, wat ook as reaksionêr getipeer is, was die *Ancien Regime* in Frankryk, soos dit bestaan het voor die rewolusie van 1789, dít wat bewaar en behou moes word. Vir Duitse konserwatiewe denkers soos Novalis, Müller, Pütter, Stahl en Ranke, binne die raamwerk van die denke van die sogenaamde Romantiek, was die "organiese staat", soos geassosieer en aangetref in die Middeleeue (met die beklemtoning van 'n feodale orde en aristokratiese klas), dit wat bewaar, beskerm, behou en uitgebou moes word. Dus, kenmerkend van die konserwatisme (ook in 'n politieke sin) is die afwesigheid van 'n bepaalde ideaal of ideale wat nagestreef moet word, maar eerder die instandhouding en selfs die uitbouing van bepaalde (politieke) praktyke, tradisies en konvensies ingebou en gereflekteer deur politieke instellings wat hulself oor jare heen (histories gesproke) as suksesvol bewys het. In hierdie opsig kan die konserwatisme onderskei word van ander ideologieë soos byvoorbeeld

die liberalisme en die sosialisme waar onderskeidelik die ideale van (politieke) vryheid en (politieke) gelykheid as sentrale fokuspunte dien.

Ten opsigte van die vraag: *Waarom moet politieke instellings beskerm, bewaar, in stand gehou en uitgebou word?* bestaan daar eweneens verskillende antwoorde en perspektiewe. So word die rasionaal vir die behoud, instandhouding en selfs die uitbouing van bestaande politieke instellings gesoek in terme van 'n godgegewe orde - dit wil sê 'n morele, teologiese oftewel meta-fisiese regverdiging vir die bestaande orde soos aangetref in onder meer die denke van Burke, De Maistre en Bonald. Vir hierdie denkers is die bestaande orde gelegitimeer in wat O'Sullivan (1976: 22, 23) noem "... an absolute principle of order" in 'n "... supra-historical world of absolute values".

Lesse wat die geskiedenis leer in terme van die formulering van uitgespelde historiese wetmatighede (vergelykbaar met Marx se sogenaamde 'iron laws of history') en soos aangetref by veral die Duitse Romantiese Skool, Britse konserwatiewe soos Carlyle en Coleridge en historici soos Spengler en Toynbee word as verklarings- en regverdigingsbasis gebruik vir die bewaring en uitbouing van bestaande politieke instellings. Derdens is 'n bepaalde skeptisisme oor die toekoms en verwagtinge dat sake verkeerd gaan verloop, soos ook aangetref in die denke van Toynbee en Spengler, 'n motivering om die bestaande te beskerm, te behou en te konsolideer. [Vergelyk O'Sullivan (1976: 22-31) vir besonderhede oor standpunte, motiverings en denkskole binne die konserwatiewe tradisie].

Om die konserwatisme in terme van bepaalde, vasgestelde en veral algemeen geldende waarhede (geformuleer in terme van die bestaan van vaste ideale) te probeer omskryf, is teen die agtergrond van die voorafgaande verduideliking net nie moontlik nie. Trouens, die groot getal en meestal uiteenlopende politieke ordes in terme van hul onderskeibare en kenmerkende aard (byvoorbeeld demokraties, tradisioneel, monargaal, outoritêr en selfs Kommunisties) wat vanuit hierdie beginselgrondslag van die konserwatisme instand gehou kan word, bevestig hierdie toedrag van sake. Tog kan daar bepaalde gemene delers, algemeen gesproke, binne die breë raamwerk van die konserwatisme geïdentifiseer word wat die meerderheid konserwatiewes waarskynlik in beginsel tevrede sal stel, maar nie noodwendig die verskeie gestaltes wat vanuit hierdie beginselgrondslag gesanksioneer moet word nie. Ten einde hierdie gemene delers bloot te lê, in soverre dit natuurlik moontlik is, moet die voorwetenskaplike konteks van hierdie denke blootgelê word wat verband hou met 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing, samelewingsbeskouing, mensbeskouing en staatsbeskouing waaruit 'n beskouing ten opsigte van die

transformasie van politieke instellings in oorgangstye binne staatsverband filosofies begrond kan word en wat as grondslag kan dien vir die identifikasie van relevante literatuur binne hierdie tradisie.

### 3.1.1 Lewens- en wêreldbeskouing

Die lewens- en wêreldbeskouing van die konserwatisme is, algemeen polities gesproke, veranker in die geloof in bepaalde tradisies, konvensies, sameloop van omstandighede en die manifestering hiervan in bepaalde ordeningsmomente wat aan bepaalde politieke strukture/instellings binne staatsverband gestalte gegee het, persepsioneel deur 'n hoër hand geïnisieer en waarvan die grondslag en praktyk nie net bewaar en beskerm nie, maar ook uitgebou en volvoer moet word. Hierdie uitbouing of bestemmingsfunksie (histories en prakties gedefinieer) moet op dieselfde gematigde wyse volvoer word as wat gelowiges van 'n christelike kerk veronderstel is om die koninkryk van God binne kerkverband tot ontplooiing te bring. Vir Edmund Burke in sy *Reflections on the French Revolution* is die wêreld dan ook 'n geordende hiërargiese totaliteit (of behoort dit so te wees) waarin die hele skepping, 'n bepaalde plek het soos die geskiedenis dit aan hom toegeken het.

'n Belangrike kenmerk van konserwatiewe denke is 'n religieuse uitkyk en fundering as grondslag vir hierdie lewens- en wêreldbeskouing (vergelyk O'Sullivan, 1976: 10-11; Baradat, 1979: 14 & Ackron, 1982: 36). Binne 'n Westerse raamwerk van denke is daar 'n sterk vereenselwiging met algemeen aanvaarde Bybelse vertrekpunte (O'Sullivan, 1976: 10-11; Ackron, 1982: 36). 'n Sentrale lewens- en wêreldbeskoulike komponent by Bybel-georiënteerde denke is die beklemtoning van die sondeval en derhalwe die gebroke wêreld waarin die mens hom bevind en waaraan daar weinig verander kan word. Daarom sal die wêreld nooit 'n utopia kan wees nie en moet daar berusting wees by 'n bepaalde status quo wat bekend en bewese is, teenoor dit wat onbekend en nie beproef is nie.

Dit word soms gestel dat konserwatiewe denkers gekant is teen enige vorm van verandering, dit wil sê ten gunste van 'n eenhonderd persent behoud van die status quo. Hierdie siening is egter nie waar nie, aangesien konserwatiewes wel ten gunste is van verandering, maar verandering wat voldoen aan bepaalde vereistes soos inkrementalisme en kontinuïteit (ten tye van verandering) met die behoud van dit wat as goed geag word, gedefinieer in terme van dié bestaande orde (vergelyk Baradat, 1979: 12-14; O'Sullivan, 1976: 22; Scruton, 1984: 22; Ackron, 1982: 33-34). O'Sullivan (1976: 9) is van mening dat die konserwatisme gekenmerk word deur "... opposition to the idea of total or radical change, and not by the absurd idea of opposition to

change as such, or by any commitment to preserving all existing institutions". Dus, die konserwatisme is in wese nie gekant teen verandering wat geleidelik inkrementeel en "natuurlik" is nie, maar wel teen verandering wat die bestaande orde en die grondslag waarop dit staan, bedreig. Trouens, O'Sullivan (1976: 12) wys daarop dat die konserwatis gedwing kan word om die inisiatief te neem met die verandering oftewel die uitbouing van die status quo - 'n filosofie wat deur 'n denker soos Machiavelli (1916: 144) in Italië ten tyde van die Renaissance voorgestaan is. Teen die agtergrond van die karakterisering van die lewens- en wêreldbeskouing van konserwatiewe denkers (algemeen getipeer) neem 'n bepaalde beskouing van die samelewing, mens en staat nou vorm aan.

### 3.1.2 Samelewingsbeskouing

Drie verbandhoudende sake staan hier sentraal, te wete: *die samelewing is 'n produk van die geskiedenis met 'n bestemming in die toekoms; die samelewing as 'n geheel is meer as net die som van sy lede; en die samelewing word voorgestel as 'n groeiende organisme.*

Die samelewing ontleen sy identiteit aan sy geskiedenis, en dit wat hom daargestel het. Hierdie samelewing as identiteit met 'n bepaalde kultuur, soos wat dit histories tot stand gekom het, is 'n bron van geakkumuleerde wysheid tot die beskikking van al sy lede en 'n bron van inspirasie waarmee die toekoms met vertroue betree kan word. Vir Burke (1905: 84) is die samelewing 'n kontrak; "(i)t is a partnership in all science; a partnership in all art, a partnership in every virtue, and in all perfection. As the ends of such a partnership cannot be attained in many generations, it becomes a partnership not only between those who are still living, but between those who are living, those who are dead, and those who are to be born". Dit is duidelik dat die samelewing soos hier gevisualiseer, heelwat meer is as net die som van sy lede. Trouens, individue kom tot volle ontplooiing binne die groter geheel van die samelewing met sy bepaalde kultuur, tradisie, konvensies en gebruike. Die individu kan dus net tot sy volle reg kom wanneer hy deel vorm van die groter samelewing wat aan hom 'n bepaalde plek, identiteit en bestemming gee. Dus, soos die som van die aantal dmate van 'n kerk minder is as die gemeente waaraan dit beslag gee, is die burgers s individue, kollektief gesproke, minder as die samelewing as 'n geheel.

n Metafoor (model) wat dikwels gebruik word om die konserwatiewes se amelewingsbeskouing te illustreer is die analogie wat getref word met 'n organisme. cruton (1984: 25) wys daarop dat "(c)onservatism presupposes the existence of a ocial organism. Its politics is concerned with sustaining the live of that organism, rough sickness and health, change and decay". Soos 'n organisme groei en

verander, moet die samelewing ook verander, maar nooit ten koste van die bestaan en voortbestaan van die organisme (samelewing) self nie. Met hierdie samelewingsbeskouing word bepaalde riglyne neergelê vir die mensbeskouing waarop daar vervolgens gekonsentreer gaan word.

### 3.1.3 Mensbeskouing

Uit die voorafgaande moet dit duidelik kenbaar wees dat die konserwatisme met 'n duidelik identifiseerbare mensbeskouing werk - onderskeibaar van dié van ander ideologieë. Die volgende is kenmerkend van die mensbeskouing eie aan die konserwatisme:

a) Anders as wat soms aanvaar word, beklemtoon konserwatiewe dikwels die waarde van individuele vryheid en -regte soos wat dit geassosieer word met die klassieke liberalisme (vergelyk Ackron, 1982: 36, 37). Hierdie toedrag van sake kan veral toegeskryf word aan die institusionalisering van liberaal-demokratiese waardes wat maak dat individuele vryheid en regte deel van die bestaande orde is soos aangetref in baie Westerse state en nasies. Algemeen gesproke is hierdie individuele vryheid egter begrens deur die reëls, konvensies en strukture van die gestelde orde of status quo. Die vryheid van die individu word dus begrens deur die aanwesigheid van 'n bepaalde orde en gesag wat vanuit hierdie vryheid voortvloei. Gesag moet erken en eerbiedig word en die individu het ook bepaalde pligte en verantwoordelikhede ten opsigte van die handhawing van die status quo (Ackron, 1982: 37).

b) Die mens beskik oor 'n beperkte vermoë om sy posisie te verbeter as gevolg van "... the redemptive, power of (the) human will" (O'Sullivan, 1976: 15). Hierdie beskouing vloei regstreeks voort uit die lewens- en wêreldbeskoulike perspektief van die gebroke wêreld waarin die mens hom bevind, besmet met die sonde, en gevolglik sy beperkte vermoë om 'n situasie wesenlik te verander. Hierdie beperkte vermoëns geld ook die verandering van politieke instellings. Vandaar die verwysing na 'n "limited style of politics" (O'Sullivan, 1976: 12) as die manifestasie van konserwatiewe denke. Juis daarom lê die individu se heil in die groter samelewing en daardie strukture wat bestaan ten einde die beperkinge, geplaas op die individu, in 'n beperkte sin te kan oorbrug.

Soos vanuit die samelewingsbeskouing afgelei kan word, is die mens 'n onderdeel ván en ondergeskik áán die groter samelewing as produk van die geskiedenis waarvan hy deel is. Die mens is dus 'n produk van die

geskiedenis eerder as wat die mens 'n skepper van sy geskiedenis is soos wat dit in radikale kringe aanvaar word. Die taak van die individu is daarom nie net beperk tot die instandhouding van dit wat bestaan nie, maar ook vir die uitbouing, konsolidering en volvoering van die fundamentele grondslae onderliggend aan hierdie orde ten einde die toekoms met vertroue binne te kan gaan. Daarom is die individu, as 'n produk van die geskiedenis, reeds geplaas op 'n bepaalde weg wat hy met sy beperkte vermoëns 'n entjie verder op hierdie reeds ingeslane koers moet neem. Die individu gooi dus nie die fondament vir die spreekwoordelike huis nie, maar ontvang dit as 'n historiese gegewe en is slegs een van baie wat die konstruksie voltooi en sal voltooi soos wat die argitek van die geskiedenis (die Skepper) dit vooraf vasgelê en bepaal het.

c) As deel van die groter orde word aanvaar dat almal nie gelyk kan wees nie en dat 'n samelewing juis bestaan uit verskillende klasse, lae en strata. Baradat (1979: 14) wys daarop dat "(i)n the conservative's opinion the differences among people are so great in both quality and quantity as to make any claim of human equality absurdly idealistic". Die metafoor van die organisme [soos vroeër gebruik om die samelewingsbeskouing uit te lig (vergelyk afdeling 3.1.2 van hierdie hoofstuk)] of die vergelyking met die gemeente van Christus en die plek van lidmate in die verband, kan ter illustrasie van hierdie beskouing voorgehou word. Die gemeente (samelewing) het baie lidmate (burgers) wat verskillende posisies beklee (dit wil sê status) en rolle vervul (met verantwoordelikhede beklee) wat mekaar aanvul en so saam die gemeente (samelewing of organisme) vorm indiens van die koninkryk (die geskiedenis) en die besondere taak wat dit individue oplê. (Vergelyk in die verband 1 Korintiërs 12: vers 12-31 vir meer besonderhede oor die Bybelse beskouing van die gemeente en die verskillende rolle wat lidmate kan vervul). Vandaar die perspektief dat almal nie gelyk is nie, maar selfs die geringstes 'n waardevolle en selfs 'n noodsaaklike rol kan en moet vervul.

d) Laastens plaas hierdie beskouing 'n skaduwee oor die individu se vermoë om sy lot te verbeter - dit wil sê 'n beperkte en selfs pessimistiese toekomsverwagting (vergelyk Baradat, 1979: 13) soos dit voortspuit uit die beskouing van 'n beperkte vermoë waaroor die individu beskik om sy posisie wesenlik in sy eie guns en tot sy voordeel te kan verander. Juis daarom is toekomsverwagtinge nie hoog nie en word dit afgeplat en verwater deur die perspektief van 'n glorieryke verlede waarin die individu en die groter samelewing hulle bevind, wie se heil reeds bepaal is en wat dien as grondslag

van waaruit die toekoms benader moet word. Hierdie perspektief staan in skerp kontras met ander ideologieë soos die Marxisme en die liberalisme waarin 'n vooruitgangsgeloof, in terme van bepaalde ideale wat nagestreef moet word, prominent aanwesig is. Vanuit die konstruksie van die lewens- en wêreldbeskouing van die konserwatisme (mens- en samelewingsbeskouing ingesluit) kan perspektiewe nou aangebied word vir die betrokke staatsbeskouing.

### 3.1.4 Staatsbeskouing[4]

Uitgaande van die voorafgaande grondslae van konserwatiewe denke, kan die volgende kernaspekte in konserwatiewe denke beklemtoon word, te wete:

- die staat is 'n produk van die geskiedenis [die fundering van die staat en wat hiermee geassosieer word (eksterne en interne soewereiniteit), 'n bepaalde politieke orde (met inbegrip van politieke instellings), staatsgrense en 'n burgery in terme van bepaalde historiese norme];

- die beklemtoning van die bewaring, instandhouding en selfs die uitbouing van die status quo;

- die inkrementele verandering van die staatsorde waar nodig, met politieke hervormings gerig op die uitbouing van die status quo as 'n ekstreme wyse van verandering - alles in terme van die behoud en uitbouing van 'n historiese gegewe (status quo);

---

4. Twee konsepte wat prominent binne hierdie studie figureer, is staat en politieke stelsel. Aangesien hierdie twee konsepte vanuit verskillende perspektiewe verskillende betekenisse verwerf het, moet 'n duidelike onderskeid getref word. Easton (1965a: 25) identifiseer vanuit die stelsel-analitiese perspektief *"... political life as a boundary-maintaining set of interactions imbedded in and surrounded by other social systems to the influence of which it is constantly exposed"*. [Vergelyk verder Easton (1965a: 23-25); (1967: 96-100) en Parsons (1951) vir besonderhede oor hierdie benadering en die teorie/ë wat hieruit voortvloei.] Anders as die stelsel-analitiese perspektief wat die staat as 'n onderdeel van 'n groter politieke en sosiale sisteem voorhou, word 'n andersoortige beskouing in hierdie studie gehuldig. Hiervolgens word die staat gesien as die groter geheel waarbinne 'n politieke stelsel (politieke instellings) funksioneer. Kenmerkend van 'n moderne nasionale staat is die aanwesigheid van 'n vaste geografiese verwysing (grondgebied of staatsterritorium); 'n permanente samelewing of gemeenskap (nasie, burgery, onderdane) - hoe ookal saamgestel; as instelling beklee met eksterne en interne soewereiniteit (onafhanklik na buite en oppermagtig na binne); en beskik dit oor die bestaan van 'n permanente staatsorganisasie en owerheidsinstellings. [Vergelyk in die verband Du Plessis (1941: 3-20, 68-79); Sicker (1991: 1-16) en Von Glahn (1970: 65-66).] Vir doeleindes van hierdie studie word terme soos politieke stelsel en politieke instellings alleen in verband gebring met dit wat as 'n permanente staatsorganisasie (owerheidsinstellings) voorgehou is. Hiervolgens is politieke instellings 'n onderdeel van dit wat as 'n staat getipeer word. Waar die konsepte staat en politieke stelsel binne die studie hanteer word, sal bogenoemde onderskeid deurgaans geïmpliseer word, behalwe waar daar eksplisiet na die stelsel-analitiese perspektief verwys word. Dit blyk dat bogenoemde onderskeid ook in lyn is met die Huntington beskouing waarin die staat as prominente verwysingsraamwerk funksioneer. Dit wil egter nie sê dat aspekte van 'n stelsel-analitiese- asook struktuurfunksionele perspektief by Huntington afwesig is nie. Trouens, dit vorm weliswaar deel van sy wetenskaps- en metodologiese oriëntasie. Binne hierdie studie figureer die staat egter as die sentrale verwysingsraamwerk.

- die voorstelling van die burgery as 'n lotsverbonde eenheid soos dit histories tot stand gekom het, met die beklemtoning van 'n bepaalde identiteit in terme van 'n nasionalisme, patriotisme en die identifisering met nasionale simbole;

- politieke regte en vryhede van die burgery, gedefinieer binne die groter staatsorde en ondergeskik daaraan, maar met die beklemtoning van die idee van "simpatieke regering", soos gedefinieer in terme van verskillende politieke praktyke.

Politieke waardes wat teen die gestelde agtergrond deur konserwatiewe denkers beklemtoon word, sluit in orde en stabiliteit in terme van die behoud en bewaring van die status quo, die beklemtoning van die rol van elites (polities, militêr, ekonomies) teen die agtergrond van ongelykheid in die samelewing as aanvaarde verskynsel; en, die beklemtoning van politieke tradisies, konvensies en gebruike. Vervolgens word daar gekonsentreer op relevante perspektiewe vir die tema, naamlik die transformasie van politieke instellings.

## 3.2 Die transformasie van politieke instellings

Vanuit konserwatiewe tradisie beoordeel, met inagneming van dit wat reeds gestel is, kan twee sake rakende die transformasie van politieke instellings binne staatsverband uitgelig word, naamlik:

- die geleidelike en inkrementele verandering van politieke instellings (in normale omstandighede) binne die raamwerk van histories aanvaarde en gevestigde waardes;

- die politieke hervorming van instellings (in reaksie op snelveranderde omstandighede) met die erkenning en behoud van fundamentele waardes waarop bestaande instellings berus en die uitbouing hiervan vanaf 'n aanvanklike eksklusiewe aanvaarding tot 'n meer inklusiewe aanvaarding.

deologies gesproke, is konserwatiewe denkers, soos reeds gestel, nie gekant teen ie verandering van politieke instellings nie, maar wel teen bepaalde wyses van olitieke verandering soos radikale en rewolusionêre verandering (vergelyk Ackron, 982: 33-34; Baradat, 1979: 12-15; Scruton, 1984: 22; O'Sullivan, 1976: 9-10). onserwatiewe denkers is wel ten gunste van die inkrementele of geleidelike erandering van politieke instellings op 'n ewolusionêre wyse waar kontinuïteit, orde n stabiliteit aanwesig is en waar hierdie veranderinge aan die eis van "organiese" of istoriese groei" voldoen. Die filosofie onderliggend aan hierdie perspektief is dat

bestaande politieke instellings gesien word as die produk of resultaat van geakkumuleerde wysheid, soos opgebou oor jare, wat vergelykbaar is met 'n persoonlikheid wat oor 'n lang periode heen geslyp en gevorm is. Vandaar die perspektief dat 'n nuwe instelling nooit so suksesvol kan wees as wat die geval is met ou gevestigde praktyke nie.

Ten tyde van ingrypende verandering, met as eis die transformasie van politieke instellings, word klem geplaas op die politieke hervorming of uitbouing van politieke instellings. In wese behoort dit 'n geleidelike proses te wees, 'n uitbouing van die status quo en die politieke instellings wat hiermee geassosieer word, in terme van bestaande en aanvaarde waardes (histories gedefinieer) waarin eksklusiewe regte en voordele binne die institusionele raamwerk van die staat gedefinieer word as meer inklusief of toeganklik. Shibutani & Kwan (1965: 405) argumenteer dat "(a)lthough reformers are often accused of radical activity, they are basically conservative. The objective in social reform is not the overthrowing of an existing social order, but the reaffirmation of prevailling values. Reformers cite values that are generally accepted - such as equality, justice and freedom - and call attention to discrepancies between there avowed ideals and existing conditions .... In contrast a revolutionary movement attacks basic values ...".

Kenmerkend van hervormingsinisiatiewe in terme van die konserwatiewe tradisie is:

- die uitbouing van bestaande instellings met die inagneming van aanvaarde historiese waardes;
- die legitimering van "nuwe" strukture / ordeningsmomente (indien benodig en as voortsetting van bestaande tradisies) in terme van bestaande, aanvaarde gemeenskapswaardes;
- die beklemtoning van kontinuïteit tydens die veranderingsproses - dit wil sê 'n ordelike en stabiele veranderingsproses;
- die herdefiniëring van eksklusiewe regte en voorregte, steeds veranker in bestaande gemeenskapswaardes, tot inklusiewe regte en voorregte sonder dat die status van heersende groepe noodwendig in gedrang moet kom;
- die beklemtoning van die belangrike rol van leierskap en eliterolle tydens die hervormingsproses.

een die agtergrond van die voorafgaande aangebode perspektiewe word daar nou orgegaan tot 'n klassifikasie van literatuur binne hierdie tradisie.

## 3.3 Literatuur binne hierdie tradisie

'n Opvallende kenmerk van literatuur binne hierdie tradisie is die aanwesigheid van bepaalde verbandhoudende fokusse as grondslag vir konserwatiewe denke wat konsentreer op sake soos: *die uitbouing en konsolidasie van 'n politieke orde; die beklemtoning en sanksionering van die soewereiniteit van die staat; 'n reaksie op ingrypende verandering; die beklemtoning van die belangrike rol van elites, heersersklasse en burokrasieë; die soeke na historiese wetmatighede in terme van beskawingsgeskiedenis; en beskawings- en politieke verval.* Aan hierdie aspekte word vervolgens aandag gegee.

### 3.3.1 Die uitbouing en konsolidasie van 'n politieke orde

Nicolla Machiavelli (1469-1527), wat algemeen voorgehou word as die eerste moderne staatkundige denker, het in sy werke waarvan die Engelse vertalings die volgende titels het: *The Prince* (1958) *(Il Principe), Discourses* (1970) *(Discorsi), The art of war* (1965) en *Florentyne history* (1988), sterk klem geplaas op die konsolidasie, die uitbouing en ook die instandhouding van die moderne staat (vergelyk Sabine & Thorsun, 1973: 318, Gagiano, 1987: 169; Gilbert, 1986: 21-22). Hoewel Machiavelli in baie opsigte as progressief en selfs rewolusionêr gesien kan word, lê sy konserwatisme egter in sy verabsolutering van die Romeinse Imperium wat as grondslag en model gedien het vir sy toekomsvisie van 'n gekonsolideerde Italië - vergelykbaar met die totstandkoming van nasionale state in Spanje en Frankryk (Sabine & Thorsun, 1973: 317, 319, 321-322, Gagiano, 1987: 167; Gilbert, 1986: 22). Vir Machiavelli was enige politieke inisiatief geregverdig om Italië vanuit die ruïnes van chaos, wetteloosheid, verdeeldheid en korrupsie te bevry en te lei tot die vroeëre glorie van die Romeinse Imperium. Klem word veral geplaas op leierskap in terme van inisiatief, kreatiwiteit en onverbiddelikheid (indien nodig) en, die aanwending van militêre mag om die doel van staatsvorming te bereik op basis van die filosofie van die doel heilig die middele. Van die Prins sê Machiavelli (1958: 92) "... it is much safer to be feared than love ..." en van militêre mag "(t)he chief foundations of all states, new as well as old or composite, are good laws and good arms; and as there cannot be good laws where the state is not well armed, it follows that where they are well armed they have good laws" (65). Vandaar die perspektief: "... let a prince have the credit of conquering and holding his state" (1916: 144).

Sentraal binne die denke van Machiavelli is sy beklemtoning van die belangrike rol van veral militêre elites (in beheer van garnisoene voetsoldate, militia -

geskoei op die Romeinse militêre praktyke), die konsolidasie en uitbouing van 'n politieke en staatkundige orde in terme van 'n magspolitieke beskouing, die beklemtoning van die glorieryke geskiedenis van die Romeinse Imperium en 'n reaksie teen politieke verval, wanorde, korrupsie en verdeeldheid soos geassosieer met die Italië waarin hy gelewe het. Die beklemtoning van hierdie beskouing, soos veranker in 'n lewens- en wêreldbeskouing, plaas Machiavelli stewig binne die breë raamwerk van die konserwatiewe tradisie.

Grondliggend aan Machiavelli se denke oor verandering en meer spesifiek die transformasie van politieke instellings in oorgangstye lê 'n sikliese beskouing van die geskiedenis as 'n kringloop van orde en voorspoed, gevolg deur verval, agteruitgang en korrupsie en die terugkeer na eersgenoemde fase (Gagiano, 1987: 171). Die transformasie van politieke instellings moet binne sy denke gerig wees op die uitbouing en konsolidasie van staatsgesag op basis van die doel heilig die middele. Staatbou en die konsolidasie van staatsgesag in terme van politieke instellings, al is dit gesetel in 'n prinsdom, moet gerig wees op die uitskakeling van chaos, wanorde en politieke verval. Dit vorm dan ook die konteks waarbinne Machiavelli die "Prins" geadviseer het.

Waar nodig moet die Prins (aldus Machiavelli) bereid wees om politieke hervormings aan te bring en word advies ook in die verband aangebied. Dit maak van Machiavelli 'n pionier ten opsigte van politieke en staatkundige hervorming en veral die strategiese aspekte hieraan verbonde, waarvoor hy vandag nog gerespekteer word en wat 'n belangrike grondslag vir Huntington se latere bydraes gevorm het.

### 3.3.2 Die beklemtoning en sanksionering van die soewereiniteit van die staat

Hierdie beskouing is primêr 'n produk van die sestiende en sewentiende eeu en staan teen die agtergrond van die verdeeldheid en versplintering eie aan die Middeleeue en die opkoms en totstandkoming van absolute monargieë in veral Frankryk en Spanje. Denke rakende staatsoewereiniteit soos vergestalt in absolute monargieë word veral geassosieer met die denke van Bodin (1530-1596) en Hobbes (1588-1679). In sy bydrae *Six livres de la Republique* (1583; 1977) (*Six books of the common wealth*) bepleit Bodin, teen die agtergrond van onrus, onstabiliteit en onsekerheid in Frankryk, die idee van staatsoewereiniteit soos beliggaam in 'n absolute monargie as voorbeeld van 'n gesentraliseerde en gevestigde politieke bedeling (Sabine & Thorsun, 1973: 377-379, Labuschagne, 1987: 211-212). Ooreenkomstig Bodin se denke veronderstel 'n

goedgeordende staat die aanvaarding van soewereine mag soos vergestalt in 'n absolute monargie. Hierdie denklyn verskaf dan ook 'n belangrike grondslag vir die konsolidering van staatsgesag binne die moderne nasionale staat teen die agtergrond van 'n versplinterde politieke orde - kenmerkend van die Middeleeue. (Met die konsolidering van staatsgesag word bedoel die sentralisasie en die verstewiging/vereniging van politieke mag soos wat dit geassosieer word met die totstandkoming van die moderne nasionale staat.)

Die fundering van en regverdiging vir die absolute monargie is volgens Bodin geleë in die goddelike en natuurreg (Sabine & Thorsun, 1973: 379) waardeur sanksionering verkry word vir die bestaan en die voortsetting van die Franse monargie. Bodin se konserwatisme kom veral tot uiting in sy geloof dat die staat 'n direkte uitvloeisel van die sondeval is, en teen hierdie agtergrond beklemtoon hy dan ook die monargale politieke stelsel soos ontleen aan die geskiedenis waarteen die Ou Testament van die Bybel afspeel en word hierdie stelsel as 'n model vir Frankryk voorgehou. Sodoende verskaf sy denke 'n grondslag vir die konsolidasie van staatsgesag in Frankryk teen die agtergrond van die versplintering van politieke gesag tydens die politieke orde eie aan die Middeleeue - 'n denklyn wat ook prominent aanwesig is in die denke van Huntington (1965; 1968).

Hoewel sterk magspolities ingestel, soos afgelei kan word uit die voorafgaande bespreking, erken Bodin die plek van die burger (veral die familie) binne die groter geheel van die staatsorde en ken hy bepaalde en onvervreembare regte soos eiendomsbesit en vaderlike gesag (om enkeles te noem) toe aan die burgery (Sabine & Thorsun, 1973: 374-379). Wat die transformasie van politieke instellings aanbetref, bepleit Bodin die konsolidasie en sentralisasie van staatsgesag in magspolitieke terme, maar wat begrens word deur bepaalde burgerregte en -vryhede soos toegeken aan die burgery in terme van die totstandkoming van 'n absolute monargie soos by uitstek in Frankryk gedemonstreer is. Die filosofiese grondslag van hierdie denkpatroon word veral gevind in die geloof dat 'n goed geordende staat die aanvaarding van soewereine gesag veronderstel. Hierdie denke, en die beskouing onderliggend hieraan, is tot verdere hoogtes gevoer deur die Britse filosoof Thomas Hobbes (1588-1679).

Die meestal omstrede Hobbes (as gevolg van uiteenlopende interpretasies van sy bydraes) het in sy werke *Leviathian* (1904), *The Elements of law* (1969) en *De Cive* (1949) soos Bodin 'n pleidooi gelewer vir staatsoewereiniteit (wat

beteken die oppermagtige heerskappy van die staat) soos veronderstel en beliggaam in veral 'n absolute monargie, maar met die beklemtoning van die Britse konstitusionele praktyke. Hobbes se denke staan teen die agtergrond van die 17de-eeuse chaos, anargie en burgeroorlog in Brittanje en die voortslepende stryd tussen puriteinse hervorming (deur die parlement) en staatsabsolutisme in terme van die Tudor- en Stuarttradisies (Baradat, 1979: 54-56; Sabine & Thorsun, 1973: 422-423). Hobbes se denke was veral ingestel op die herstel van die absolute gesag van die Stuartmonargie (Baradat, 1979: 55). Hobbes was van mening dat die chaos en anargie in Brittanje in hierdie periode alleen gehanteer kon word deur mag te sentraliseer in terme van soewereine vermoë met besliste voorkeur aan 'n absolute monargie (De Crespigny, 1987: 230). Juis daarom is Hobbes ten gunste van 'n absolute monargie en die herstel hiervan in Brittanje. Volgens hom is dit die mees geskikte regeringstelsel in belang van orde en stabiliteit en ook in terme van die persoonlike sekuriteit van die burgery (Sabine & Thorsun, 1973: 422-423).

Anders as Bodin wat die legitimiteit van soewereine staatsgesag (in terme van 'n absolute monargie) gesoek het in die natuurreg en goddelike reg ("divine rights of kings"), plaas Hobbes teen die agtergrond van 'n komplekse denkstelsel - gerig op die strewe na 'n "science of politics" - klem daarop dat die burgery ter wille van orde en stabiliteit hul reg om te regeer, opsê en oordra aan 'n soewereine monarg. Hobbes (1904: 118-119) verklaar: "I Authorise and give up my Right of Governing my selfe, to this Man, to this Assembly of men, on this condition, that thou give up thy Right to him, and Authorise all his Actions in like manner". Dit blyk nodig te wees aangesien die inherente slegte aard van die mens [tipies konserwatief - vergelyk Hobbes (1904: hoofstuk 6, 10, 11, 13)] lei tot onderlinge konflik en selfs burgeroorlog. Goeie regering (dit wil sê waar orde en stabiliteit bestaan en waar die individu genoeg sekuriteit het om te kan oorleef) beteken vir Hobbes 'n situasie waar hierdie konflik en stryd geminimaliseer kan word en dit is slegs moontlik waar soewereine gesag, verkieslik gekonsolideer in 'n absolute monargie, bestaan of tot ontplooiing kom. Dus, in ruil vir orde, stabiliteit en sekuriteit, in terme van "goeie regering", moet die burgery sy politieke selfbeskikkingsreg (individuele politieke vryheid) opsê en dit oordra aan 'n soewereine, absolute monargie. Dit impliseer 'n sosiale kontrak tussen die soewereine gesag (die absolute monarg) en die burgery waarin bepaalde regte en verpligtinge uitgespel word, wat deur beide partye in stand gehou moet word. Vir die absolute monarg, of wie/wat in sy plek regeer, beteken dit om in ooreenstemming met die

goddelike en natuurreg wette te maak waardeur orde, stabiliteit en persoonlike sekuriteit verseker kan word. (Vergelyk Hobbes, 1904: 120-128 vir besonderhede oor die regte en pligte van die soewereine gesag). Hierdie kontrak impliseer verder dat die burgery sy politieke regte en vryhede in eie belang prysgee en daarom slegs baie beperkte politieke regte en vryhede kan geniet - soos wat dit die soewereine gesag behaag.

Aangesien die koning in ooreenstemming met die goddelike en natuurreg wette maak, is dit van toepassing op die burgery en moet dit gehandhaaf word. Die soewereine gesag daarteenoor, dit wil sê die makers van die wette, word egter nie hierdeur (die wette) gebind nie en kan binne die gestelde beperkinge van die goddelike en natuurreg die wette verander en aanpas in belang van 'n goeie orde, stabiliteit en burgerlike sekuriteit.

Vanuit bogenoemde perspektief, soos ook aangetref in die denke van Bodin, moet mag en gesag gekonsolideer en gesentraliseer en moet politieke instellings dus getransformeer word tot soewereine staatsinstellings (dit wil sê oppermagtige instellings) wat die handhawing van wet en orde en die sekuriteit van die burgery voorop kan stel. Indien nodig moet politieke hervorming gerig wees op die herstel van die soewereine gesag en die beliggaming hiervan in 'n absolute monargie.

### 3.3.3 Reaksie op ingrypende verandering

Die Franse Rewolusie en die ingrypende veranderings wat dit in Wes-Europa en die wêreld tot gevolg gehad het, het 'n reaksie van die kant van status quo-georiënteerde denkers tot gevolg gehad met 'n uitbouing van die konserwatiewe denkrigting as resultaat. Vir die eerste keer is daar gepoog om 'n bepaalde filosofiese grondslag te verskaf vir die konserwatiewe idee en word dit aangetref in die denke van Edmund Burke en veral in sy *Reflections on the French Revolution*. In 'n neutedop kan sy denke teruggevoer word na die volgende sentrale vertrekpunte, te wete: *politieke instellings is ingebed in bepaalde voorskriftelike norme, tradisies, gebruike en konvensies (kultuur); politieke instellings groei uit die verlede en pas aan in die hede met kontinuïteit as grondslag; geanker in religie (Bybelsgeoriënteerd) en gebou op tradisie weerspieël die konstitusie* (volgens Burke die reëls waarvolgens die samelewing georden word) *die geakkumuleerde wysheid en beskawingswaardes van die samelewing* (verlede, hede en as grondslag vir die toekoms). (Vergelyk in dié verband ook Sabine & Thorsun, 1973: 558-559). Wanneer hierdie drie aspekte toegespits word op die

tema (die transformasie van politieke instellings) kan die volgende beklemtoon word:

a) Die samelewingsorde is deur 'n godgegewe besluit gewil en deur 'n historiese sameloop van omstandighede tot ontplooiing gebring waarin tradisies, konvensies en politieke praktyke deurslaggewend is vir die heil en lotsbestemming van die totstandgekome orde (samelewing). Vir Burke (1905: 56) beteken dit "(i)f civil society be the offspring of convention, that convention must be its law". Verandering word deur Burke as 'n algemene sosiale en politieke verskynsel gesien, slegs solank as wat die lewe en voortbestaan van die histories totstandgekome ordening (metafories vergelykbaar met 'n organisme) nie in gevaar gestel word nie. Hy (1905: 27) is van mening dat "(a) state without the means of some change is without the means of its conservation. Without such means it might even risk the loss of that part of the constitution which it wished the most religiously to preserve." Met hierdie beskouing as vertrekpunt word regverdiging gevind vir waardes binne sy denkraamwerk wat insluit orde en stabiliteit (ook ten tyde van verandering) hiërargieë van mense (elitisme) as deel van die werklikheid en politieke hervorming (indien nodig) - maar met die eis van kontinuïteit ten tyde van verandering.

b) Vanuit die voorafgaande volg dit dat die samelewing en die politieke instellings wat dit voortbring, 'n natuurlike en organiese produk van inkrementele verandering moet wees - geïnterpreteer as historiese groei. Hieruit volg die afleiding dat die Franse Rewolusie met sy vernietiging van die bestaande orde (en dus ook die politieke instellings) die historiese grondslag of basis waarop daar gebou moes word, vernietig het. Die Franse samelewing is aan sy eie lot oorgelaat deurdat die bande met sy geskiedenis en die beskawing vernietig is (Burke, 1905: 13-34). Hy (1905: 34) stel dit dat "(t)he very idea of the fabrication of a new government (Frankryk tydens die rewolusie) is enough to fill us with disgust and horror. We wished ... to derive all we possess as *an inheritance from our forefathers*."

c) Politieke instellings is die produk van die geakkumuleerde wysheid van die samelewing (verlede, hede en as grondslag vir die toekoms). Burke (1905: 41) verwys na "... the virtue and wisdom of a whole people collected into one focus ..." en verder "(t)here is no qualification for government but virtue and wisdom, actual or presumptive" (48). Daarom word groot waarde geheg aan bestaande politieke instellings, tradisies en gebruike wat

hulleself oor jare heen as suksesvol bewys het. Bestaande politieke instellings word gesien as die resultaat of produk van geakkumuleerde wysheid opgebou oor jare wat vergelykbaar is met 'n persoonlikheid wat oor 'n lang periode heen geslyp en gevorm is. Daarom kan 'n nuwe instelling nooit so suksesvol wees as 'n ou gevestigde instelling nie. Daarom verklaar Burke (1905: 80) dan ook dat "(w)e are resolved to keep an established Church, an established monarchy, an established aristocracy, and an established democracy, each in the degree it exists, and in no greater."

Wat die transformasie van politieke instellings aanbetref, beteken dit vir Burke die inkrementele en geleidelike verandering van politieke instellings sonder om die bestaande te ontwrig of dit waaraan waarde geheg word, prys te gee. Selfs die hervorming van die samelewing is moontlik binne sy denke, maar op basis daarvan dat die historiese die grondslag verskaf vir dit wat daargestel moet word. Kontinuïteit in terme van politieke orde en stabiliteit ten tyde van verandering staan te alle tye voorop.

### 3.3.4 Die beklemtoning van die belangrike rol van elites, heersersklasse en burokrasieë

Uitgaande van die veronderstelling dat 'n samelewingsorde natuurlik en organies saamgestel is en bestaan uit hierargieë van mense, sosio-ekonomiese klasse en politieke strata, polities geherdefinieer tot heersers (elites) en onderdane (burgers), word daar binne die konserwatiewe tradisie besondere klem geplaas op die rol van hierdie elites en heersersklasse. Sodoende is dit dan ook 'n belangrike konteksgebonde fokuspunt binne hierdie tradisie. Prominente bydraes in die literatuur soos dié van Gaetano Mosca *Elementi di Scienza Politica* (1896) *(The ruling class),* Vilfredo Pareto *The mind and society* (1935) en Robert Michels se *Zur Soziologie des Parteiwesens in der modernen Demokratie* (1910) (in Engels onder die titel *Political parties: A sociological study of the oligarchial tendencies of modern democracies*) artikuleer bogenoemde vertrekpunt en het dit trouens uitgebou tot toonaangewende teoretiese konstrukte binne hierdie tradisie. (Interessant is dit dat al drie hierdie denkers op die een of ander wyse bygedra het tot die teoretiese fundering en legitimering van die Italiaanse Fascisme en in hul denke duidelike raakpunte vertoon met die idees van Machiavelli). Die monumentale bydrae van Gaetano Mosca (1858-1941) word in hierdie betrokke afdeling as fokuspunt van analise uitgesonder.

Sentraal tot Mosca (1939: 50) se denke staan die idee dat "(i)n all societies - from societies that are very meagerly developed and have barely attained the dawning of civilization, down to the most advanced and powerful societies - two classes of people appear - a class that rules and a class that is ruled". Hieruit kan die afleiding gemaak word, soos deur Mosca (1939: 50-53) onderskryf, dat alle samelewings deur minderhede (hoe ook al gedefinieer en saamgestel) geregeer word. Juis daarom is demokrasieë en diktature (aldus hierdie denkpatroon) bloot verskillende manifestasies van dieselfde verskynsel, te wete oligargieë (vergelyk Mosca, 1939: 50-54; Livingstone, 1939: xv). In sy strewe om die wette wat die beskawingsgeskiedenis onderlê, wetenskaplik bloot te lê (soortgelyk aan Marx se strewe om die "iron laws of history" te ontdek) - maar met die fokus van "(t)he political organization of human societies" (vergelyk Mosca, 1939: 6) - val die fokus op heersersklasse: hul samestelling, ideologiese dryfvere en legitimering as die goue sleutel tot die verstaan van politieke verandering, asook die transformasie van politieke instellings in oorgangstye. Die heersersklas en sy rol is dan vir Mosca (soos ook vir Pareto en Michels) die sleutel tot die ontsluiting van die verborge waarhede van die totale geskiedenis van menswees - of soos Livingstone (1939: x, xvi) dit beskryf as die sleutel tot die "... arcana of human history".

Kontinuïteit word geassosieer met beskawingsgroei terwyl politieke onstabiliteit weer geassosieer word met agteruitgang en beskawingsverval [vergelyk Mosca (1939: 201-202) se standpunte oor rewolusie]. Vir Mosca (1939: 55-56) kom die beskawingsgeskiedenis van die mens neer op 'n deurlopende konflik tussen die strewe van dominante elemente om politieke mag te monopoliseer in terme van 'n historiese sanksie en hierteenoor die strewe van ondermynende politieke magte ("subversive groups") wat poog om die bestaande orde te ondermyn. Elites en die politieke instellings wat om hulle gebou is, beleef agteruitgang en verval wanneer die beskikbare bronne (politieke steun) wat gemobiliseer kan word vir die handhawing van die heersersklas se posisie, oorweldig word deur die mobilisasie van bronne deur die ondermynende groepe (Mosca, 1939: 65-66). Die geskiedenis van die mens is daarom 'n magstryd om politieke beheer en politieke heerskappy waarin die rol van politieke elites en hul vermoë om politieke mag te monopoliseer deurslaggewend is. Tye van ingrypende politieke verandering gaan gepaard met die val van 'n politieke elite en die status quo (met inbegrip van die politieke instellings). Mosca se beklemtoning en sanksionering van die status quo plaas sy denke binne 'n konserwatiewe konteks - en dus deel van hierdie tradisie.

Sterk ooreenkomste met Machiavelli se beskouing van magspolitiek, gekombineer met die Darwinistiese idee van die "survival of the fittest" is in die denke van Mosca te bespeur. Ten opsigte van die transformasie van politieke instellings in oorgangstye het kontinuïteit en die ewolusionêre verandering van politieke instellings (aldus Mosca) te make met die vermoë om politieke steun te mobiliseer vir die status quo en by implikasie die heersende elite, terwyl onstabiliteit, diskontinuïteit en rewolusie (kontra tot die idee van beskawingsontwikkeling) verwys na 'n onvermoë van die heersersklas om politieke steun te mobiliseer, die ineenstorting van die ou heersersklas en die daarstelling van 'n nuwe heersersklas wat op sy beurt 'n nuwe status quo inisieer.

### 3.2.5 Historiese wetmatighede in terme van beskawingsgeskiedenis

Teen die agtergrond van die onsekere toestand en klaarblyklike agteruitgang van Westerse samelewings (beskawing) tussen die twee Wêreldoorloë (1919-1939), soos teweeggebring deur onder meer die prosesse van industrialisasie, sekularisasie, verstedeliking en demokratisering (aldus hierdie denke), het 'n vlaag van pessimisme oor die toekoms van die Westerse beskawing posgevat. Hierdie pessimisme word gereflekteer in 'n bepaalde historiese beskouing [deur Popper (1972) as historisme getipeer] van die aanvaarding van bepaalde wetmatighede wat die geskiedenis onderlê en waarvolgens beskawings histories-deterministies kom en gaan in terme van 'n patroon van *ontstaan, ontwikkeling, bloeitydperk* en *verval*. Popper (1972: 110) wys daarop dat hierdie beskouing impliseer dat "... history is repetitive, and the laws of the life-cycle of civilizations ... can be studied in the same way as we study the life-cycle of a certain animal species." Metafories gesproke, kan hierdie beskouing met behulp van die reeds gebruikte beeld van 'n organisme voorgestel word, en wel in die vorm van geboorte, ontwikkeling, volwassenheid en dood. Die gevolgtrekking waartoe doemprofete binne hierdie denkraamwerk geraak het, was dat die Westerse beskawing verby sy bloeitydperk was en onvermydelik kragtens die gestelde wetmatigheid wat die geskiedenis onderlê, afstuur op sy eie ondergang.

In die bydraes van Oswald Spengler *Der Untergang des Abendlandes* (1923) *[The decline of the West* (1922)] en Arnold Toynbee se *A study of history* (1955: Vol. I-VI) word in hierdie tydperk pessimisme uitgespreek oor die toekoms van die Westerse samelewing in die vorm van 'n sikliese beskouing van beskawingsontwikkeling met as fokus die ontstaan, groei, volwassenheid,

agteruitgang en verval van beskawings. Die metafoor van die lewe van 'n organisme dien as 'n modelmatige begronding van hierdie denke. Spengler (1922) het die klem laat val op die ewolusie van beskawings kragtens die leer van die vorm en bou van organismes (die morfologie van beskawings) met spesifieke verwysing na die Romeinse, Griekse en Arabiese samelewings. Sy gevolgtrekkings van hierdie analises het hy vergelykenderwys in 'n historiese determinisme op die Westerse beskawing van toepassing gemaak (vergelyk ook Scruton, 1982: 443). Toynbee het in 'n ensiklopediese bydrae op nie minder nie as een en twintig beskawings gekonsentreer (1955: Vol.I-VI) en spreek ook sy pessimisme, op soortgelyke gronde as Spengler, uit oor die toekoms van die Westerse beskawing. Die pessimisme soos aangetref by hierdie denkers, as uitvloeisel van 'n vergelykende historiese determinisme ten opsigte van beskawingsontwikkeling, impliseer die sanksionering van beskawingswaardes eie aan die Westerse samelewings. Dit dui ook op 'n bepaalde konserwatisme ingevolge die bewaring en beskerming van beskawingswaardes met spesifieke verwysing na die stand van sake in Westerse samelewings.

Ten opsigte van die transformasie van politieke instellings in oorgangstye word vanuit 'n perspektief van historiese ewolusie en sosiale verandering in direkte assosiasie met die patroonmatige ontwikkeling van beskawings (histories-deterministies) na hierdie verskynsel gekyk. Hierdie beskouing dien as raamwerk waarbinne die verandering van politieke instellings geïnterpreteer moet word, in noue aansluiting met die idee van politieke en beskawingsverval as uitvloeisel van die politieke koers wat Westerse samelewings ingeslaan het.

### 3.2.6 Beskawings en politieke verval

Sentraal tot die konserwatiewe waardesisteem is die status quo-oriëntasie wat 'n bedreiging sien in enige situasie / omstandigheid wat 'n heersende orde (waarop daar 'n besondere premie geplaas word) in gevaar stel. Juis daarom is 'n kenmerk van 'n konserwatiewe denksisteem 'n reaksie op die verval van 'n gekoesterde orde, hoe ook al gedefinieer, en vorm dit 'n belangrike fokus binne hierdie tradisie.

Reinhold Niebuhr (1892-1971) bekend as 'n ondersteuner van die Realisme-paradigma in die Internasionale Politiek, skerp kritikus van die idealisme en ook die utopisme, met sy denke gewortel in 'n Reformatoriese lewens- en wêreldbeskouwing, lewer in sy werk *Nations and Empires - recurring patterns in*

*political order* (1959) 'n pleidooi vir die handhawing van orde in reaksie op wat beskryf kan word as tendense van beskawingsverval. Soos Toynbee en Spengler is Niebuhr (1959) ook geïnteresseerd in die ontstaan, ontwikkeling en verval van die groot ryke ("empires") van die wêreld. Vanuit 'n doktrinêre konserwatisme word 'n besondere premie geplaas op die handhawing van orde. Hy (1959: 5-6) wys daarop dat "... order must remain the first value of any community". Niebuhr (1959: 146-163) argumenteer verder dat die groot ryke ("empires") van die wêreld tot niet gaan indien orde en stabiliteit nie bewerkstellig kan word nie.

Dit was egter die bydrae van S.P. Huntington, *Political order and political decay* (1965), en die daaropvolgende uitgeboude werk *Political order in changing societies* (1968) wat die verskynsel van politieke verval in veral die post-koloniale state beklemtoon het. Op basis van die vertrekpunt dat die bevordering van politieke orde 'n prioriteit behoort te wees (1968: vii) bevind hierdie bydraes van Huntington hul binne die konserwatiewe tradisie. Hierdie bydraes moet egter geplaas word teen die agtergrond van grootskaalse politieke onstabiliteit in veral post-koloniale gebiede in Afrika, Latyns-Amerika en Suidoos-Asië in die sestigerjare waar die aanwesigheid van staatsgrepe, rewolusies en burgeroorloë die weg gebaan het vir politieke verval. Sentraal tot sy denke (sonder om in enige besonderhede hierop in te gaan en daardeur argumente vooruit te loop) is 'n situasie-analise van die omstandighede wat tot hierdie verval aanleiding gegee het, gemaak deur die verhouding van die mobilisasie van nuwe groepe in die politieke arena en die dienooreenkomstige ontwikkeling van politieke instellings (institusionalisering) te beklemtoon (Huntington, 1968: viii-viii, 1-8, 32-92). Hierdie aspek het te make met die analitiese komponent van politieke verandering waarna vroeër verwys is. (Vergelyk figuur 2.8 van die vorige hoofstuk.) Teen hierdie agtergrond word politieke institusionalisering, die normatiewe komponent (vergelyk figuur 2.8) beklemtoon en word strategieë gerig op institusionalisering (die strategiese komponent) uitgelig en beklemtoon. (Vir volledige besonderhede oor die metateoretiese grondslae van die studie oor politieke verandering word lesers verwys na afdeling 5 en 6 van hoofstuk 2 van hierdie studie).

Kenmerkend van bogenoemde bydraes van Huntington is die aanwesigheid van bykans al die sentrale fokusse geïdentifiseer binne die literatuur van die konserwatiewe tradisie. Huntington se idee van die konsolidasie en sentralisasie van staatsgesag binne die raamwerk van institusionalisering vertoon duidelike ooreenkomste met Machiavelli se standpunte oor die

uitbouing van staatsinstellings, terwyl die aanwending van militêre mag in wat Huntington (1968: 78) identifiseer as praetoriaanse samelewingstoestande, ook 'n sterk Machiavelliaanse inslag na vore bring.

Sy beklemtoning van geïnstitusionaliseerde soewereine politieke instellings (1968: 8-24) plaas Huntington stewig binne die dampkring van die denke van Bodin en Hobbes. Sentraal tot sy denke staan verder die reaksie op politieke onstabiliteit soos na vore gebring deur staatsgrepe en burgeroorloë (1968: 1-8) - dit wil sê 'n tendens van onaanvaarbare en ingrypende veranderings wat ooreenstemming vertoon met die beskouing wat Edmund Burke se denke onderlê.

Die belangrike klem wat Huntington andersins plaas op politieke leierskap, politieke en militêre elites (veral ten opsigte van die strategie-komponent) vertoon op sy beurt raakpunte met elitistiese denke soos aangetref by Pareto, Mosca en Michels. Hoewel Huntington nie historiese wetmatighede soek in terme van 'n sikliese beskouing van beskawingsontwikkeling en -verval nie, poog hy nietemin om wetmatighede (kousaal van aard) daar te stel vir die verklaring van politieke verandering en die transformasie van politieke instellings in oorgangstye. Sy klem op historiese materiaal, onder meer afkomstig uit die beskawingsgeskiedenis en die besondere plek wat politieke verval binne sy denke inneem, vertoon ook raakpunte met die denke van Toynbee, Spengler en Niebuhr. As dit verder in aanmerking geneem word dat Huntington, hoewel nooit onkrities nie, steun op die bydraes van Machiavelli, Bodin, Burke, Mosca en Niebuhr, moet dit as verdere bewys dien vir sy staanplek binne hierdie tradisie.

'n Belangrike kenmerk van die konserwatiewe tradisie, soos hier uitgespel, is die sterk realpolitieke inslag wat by denkers aangetref word en by uitnemendheid in die denke van Huntington (1965; 1968) te bespeur is. Minstens, in soverre as wat dit wat hierdie twee bydraes aanbetref, moet Huntington as 'n situasie-gebonde konserwatief gekarakteriseer word (Putman, 1986: 844). Voldoende getuienis bestaan dus om Huntington se bydraes (1965; 1968), en ook van sy ander bydraes, uitsluitlik binne hierdie tradisie te verreken. Van sy latere werke, veral die artikels *Reform and stability in a modernizing multi-ethnic society* (1981a), *Will more countries become democratic?* (1984), *One soul at a time: political science and political reform* (1988), *The modest meaning of democracy* (1989) en, verál sy nuutste boek *The third wave: democratization in the late twentieth century* (1991) dui daarop dat 'n

eenvoudige plasing van Huntington se volledige bydrae binne die gestelde konserwatiewe tradisie nie in alle opsigte geregverdig is nie of ten minste gekwalifiseer behoort te word. Dit stel as eis die rekonstruksie van ook die liberale tradisie met die tema van studie as fokuspunt en die verrekening van Huntington se bydrae in dié verband alvorens 'n finale standpunt oor Huntington se bydrae, vakwetenskaplik gesproke, ingeneem kan word.

# 4. DIE LIBERALE TRADISIE

## 4.1 Ideologiese begronding

Die liberale tradisie as grondslag vir die beoefening van die politieke wetenskap is bepaald die mees komplekse van die aangeduide tradisies aangesien so 'n groot hoeveelheid subtradisies, strominge en bydraes in dié verband geïdentifiseer kan word [Vergelyk die klassieke liberalisme (Locke, Rousseau, Montesquieu), die moderne liberalisme (Hayek), utilitarisme (Bentham, Mill) en die groot getal teoretiese konstrukte oor net die demokrasie (Tocqueville, Bryce, Dahl, Sartori) wat vanuit hierdie ideologiese wortel orent gekom het]. Aangesien dit nie moontlik is om al die verskillende aksente binne hierdie tradisie te hanteer nie, moet daar noodgedwonge op gemene delers gekonsentreer word. Die eis in hierdie afdeling is om op so 'n wyse te werk te gaan dat daardie argumente wat noodsaaklik is vir die plasing van Huntington binne die studieveld na behore gehanteer sal word.

Die beoefening van die politieke wetenskap in toonaangewende Westerse lande soos die VSA, Brittanje, Kanada en Australië word meestal vanuit hierdie tradisie beoefen, terwyl dit aan Suid-Afrikaanse universiteite ook 'n sterk inslag het. Die transformasie van politieke instellings in oorgangstye is gevolglik 'n tema wat ook binne hierdie tradisie in 'n veelheid van publikasies toegelig word, veral teen die agtergrond van die huidige wêreldwye demokratiseringsrewolusie wat 'n vloedgolf van publikasies op hierdie terrein tot gevolg het.

Die grondslag van die liberale tradisie is afkomstig uit die liberalisme as politieke ideologie. Die begrip liberalisme is afgelei van die Latynse woorde <u>liber</u> en <u>libertas</u> wat onderskeidelik "vry" en "vryheid" beteken. Die liberalisme beteken vir Schapiro (1958: 9) "... an attitude of mind towards life and life's problems that stresses the values of freedom for individuals, for minorities, and for nations." As vertakking van die humanisme (met die mens as sentrale fokus) word die herkoms van die liberalisme soms by die Renaissance-tydperk gesoek, terwyl 'n skrywer soos Schapiro (1958: 14-15) die oorsprong by die Griekse stadstate en spesifiek by 'n

denker soos Sokrates (oorlede 399 v.C.) identifiseer. Ongeag die herkoms van die liberalisme het dit eers teen die laat agtiende en vroeë negentiende eeu as prominente ideologie na vore getree (Duvenage, 1983: 181). Hierdeur is die grondslag gelê vir die totstandkoming van demokratiese bedelings, aanvanklik in die VSA, Frankryk en Brittanje waarna dit wêreldwyd versprei het - inderdaad 'n demokratiserings-rewolusie wat vandag steeds voortduur. Trouens, die tendens van demokratisering word in die huidige tydsgewrig juis tot groot hoogtes gevoer. Ten grondslag van hierdie praktyk lê 'n voorwetenskaplike beskouing wat met behulp van lewens- en wêreldbeskoulike komponente uitgespel moet word.

### 4.1.1 Lewens- en wêreldbeskouing

Die hart, oftewel die religie van die liberale tradisie, moet gesoek word in die beklemtoning van die individualisme en die vertolking hiervan in terme van *individuele outonomie*; *die inherente goedheid van die mens*; *die mens se rasionele vermoë; die mens se strewe na vryheid*; *die mens se geloof in vooruitgang*; *en gelykheid en/of gelyke geleenthede vir alle individue*. (Vergelyk in dié verband Schapiro, 1958: 9-13; Duvenage, 1983: 188-195; Baradat, 1979: 8-11; Lawson, 1985: 96; Marcridis 1980: 18-19 en Du Toit, 1987: 38-46 vir die beklemtoning van hierdie aspekte.) Hierdie aspekte is bepalend vir die lewens- en wêreldbeskouing onderliggend aan die liberale tradisie en word vervolgens kortliks in oënskou geneem.

a) **Individuele outonomie:** Die outonome individu vorm die boustene van die menslike samelewing en is die sentrale fokus van belangstelling ten opsigte van hierdie aspek. (Schapiro, 1958: 9; Marcridis, 1980: 18-19). Marcridis (1980: 18) gaan sover om die liberalisme as "... a pure and simple individualistic ethic" te beskryf. Anders as by die konserwatisme waar die samelewing meer as net die som van lede is, word binne die liberalisme klem geplaas op die individu se plek, status, regte en vryhede. Hallowel (1946: 23) wys in dié verband daarop dat "(i)ndividuals were conceived to the autonomous, each being a moral entity possessing an absolute value equal to that of every other individual..." Die plasing van individualiteit in die sentrum van hierdie denke het direk te make met die geloof in die inherente goedheid van die mens/individu.

**Inherente goedheid van die mens:** Klassieke liberaliste soos Locke en Rousseau beklemtoon die inherente goeie aard van die mens soos by uitstek aangetref in hul konseptualisering van die sogenaamde natuurstaat waar vryheid en gelykheid voorop gestaan het. Hulle glo dat 'n herstel van die

toestande, geassosieer met die natuurstaat, die inherente goeie aard van die mens tot wasdom sal bring. Negatiewe en slegte kwaliteite van mense soos onverdraagsaamheid, naywer en jaloesie word toegeskryf aan die omgewing en omstandighede waarin die mens hom buite die "natuurstaat" bevind. Dus, indien die slegte en negatiewe omstandighede ten goede verander kan word, sal dit die inherent goeie aard van die mens tot volle ontplooiing bring. Waar konserwatiewe denkers die klem laat val op die mens se geneigdheid tot die kwaad en die slegte, beklemtoon liberale denkers die inherente goedheid van die mens en sy natuurlike ingesteldheid om die goeie na te streef, in harmonie met sy medemens te lewe en verdraagsaamheid aan die dag te lê (Du Toit, 1987: 42; Duvenage, 1983: 187). In samehang met die beklemtoning van die goeie aard van die mens word daar 'n besondere premie geplaas op sy vermoë tot rasionele denke en optrede.

c) **Rasionele vermoë:** Die humanisme se verabsolutering van die menslike rede vind sterk neerslag binne die liberalisme. Trouens, die mens/individu word as 'n rasionele wese voorgehou (Schapiro, 1958: 12; Baradat, 1979: 9). Hierdie beskouing staan in skerp kontras met dié van die konserwatisme waarin ruimte gelaat word vir die subjektiewe en emosionele aard van die mens. Schapiro (1958: 12) skets hierdie vertrekpunt van die liberalisme deur te beweer dat "... man is essentially a rational creature ... . Liberals in general have believed in the existence of objective truth, discoverable through reason according to the scientific method of research, experiment, and verification ... Reason, not revelation, is his mentor. Hence, what cannot stand the test of reason is not to be accepted, no matter how great the authority behind it." Hieruit volg dit dat die menslike rede die individu in staat stel om sy omgewing, ook die politieke omgewing waarin hy hom bevind, in eie belang te kan verander wat ook tot die voordeel van ander individue kan strek. Praktyke en idees wat nie die toets van die rede kan deurstaan nie, verdien nie om in stand gehou te word nie. Dus, geïnspireer deur die rede, met geloof en vertroue in eie vermoëns, vaardighede en kundigheid, kan die mens sy omgewing skep en verander na gelang van sy behoeftes en belange - of, gesien binne die idioom van die utilitarisme (Bentham en Mill), die maksimalisering van plesier en die minimalisering van pyn.

Teen die agtergrond van die beklemtoning van die menslike rede word daar juis 'n premie geplaas op wetenskap, tegnologie en kundigheid soos wat dit staan teenoor onvermoë en onkunde (Schapiro, 1958: 11-12; Duvenage, 1983: 186-187). Wetenskap, tegnologie en kundigheid impliseer instrumente

wat deur die menslike rede ontwikkel is en waardeur sy heil en lot verseker kan word - of anders gestel, die instrumente waarmee die individu se aardse paradys gebou kan word.

Op basis van die Baconiaanse idee van kennis is mag, moet alle onkunde, soos geassosieer met onvermoë en beperkte individuele vermoëns, teëgewerk en die menslike rede as instrument van mag in die hande van die individu uitgebou en gekonsolideer word. Hierdie denklyn is onlangs deur die futuroloog Alvin Toffler (1968: 38) uitgebou met die standpunt dat kennis die mag in jou hande is om 'n situasie in jou guns te verander, dit wil sê die vermoë om jou eie toekoms te skep of skeppend daartoe by te dra.

Vanuit 'n bepaalde wetenskapsfilosofie, versoen met die beklemtoning van die menslike rede eie aan die liberalisme, word daar binne 'n rasionele denkraamwerk klem geplaas op die wetenskaplike metode en neutrale wetenskapsbeoefening (positivisties van aard en in ooreenstemming met die metodologie van die natuurwetenskappe) in die geloof dat hierdie wetenskapsoriëntasie kan bydra tot die heil van die individu en dat daardeur die samelewing as 'n geheel bevoordeel sal word. Die behavioralistiese metodologie in die politieke wetenskap, 'n moderne vergestalting van hierdie wetenskapsbeskouing, het juis op Huntington 'n groot invloed gehad.

Teen die agtergrond van die rasionele individu, die beklemtoning van sy vermoëns ten einde sy heil uit te werk, vertoon hierdie denke ook 'n sterk sekulêre inslag (Du Toit, 1987: 43). Die verwêreldliking eie aan die sekularisme konstrasteer skerp met die konserwatisme se beklemtoning van religieuse waardes. Ten einde die eis van individuele selfverwesenliking in 'n gesekulariseerde wêreld moontlik te maak, moet die individu maksimale vryheid geniet.

**Vryheid:** In sy *Du contrat social et autres oeuvres politiques* (1762) ("The Social Contract") wys Rousseau (1954: 2) daarop dat in sy leeftyd "(m)an was born free and anywhere he is in chains..." Hierdie simboliese kettings moet deurbreek word en individuele vryheid wat "selfbeskikking" moontlik maak, moet seëvier. Vryheid sal die goeie aard van die mens navore laat kom (soos wat dit vroeër aanwesig was, in die natuurstaat aldus Locke en Rousseau) en dien as dinamo vir ontwikkeling, progressie en vooruitgang - aldus hierdie tradisie.

Marcridis (1980: 19-34) identifiseer drie terreine of sfere waarop vryheid volgens die liberale tradisie aanwesig behoort te wees, te wete die *morele, politieke* en *ekonomiese*. Op die morele terrein word basies verwys na die erkenning van basiese en fundamentele menseregte met spesifieke verwysing na persoonlike vryhede en die uitskakeling van alle vorme van diskriminasie (Marcridis, 1980: 20-22). Polities gesproke word 'n verteenwoordigende oftewel 'n liberale demokrasie en wat hiermee geassosieer word bepleit (Marcridis, 1980: 28-34). Op die terrein van die ekonomie word klem geplaas op ekonomiese individualisme en die manifestering hiervan in 'n vryemark-ekonomie, terwyl eiendomsreg ook beklemtoon word (Marcridis, 1980: 22-28; Baradat, 1979: 28). Die plasing van minimum beperkings op die vryheid van die individu verseker volgens hierdie denke 'n gesonde grondslag vir selfverwesenliking en vooruitgang.

e) **Vooruitgangsgeloof:** Die inherent goeie aard van die mens, sy rasionele vermoë in 'n omgewing waarin hy maksimale vryheid geniet, is volgens hierdie tradisie 'n waarborg vir vooruitgang waardeur vertroue in die toekoms verseker word. Die werk van die Franse aristokraat De Concordet (1743-1794), in Engels vertaal onder die titel *Sketch for a historical picture of the progress of the human mind* (1795), met 'n sterk liberale ingesteldheid, beklemtoon die vooruitgangsidee soos gefundeer in die menslike rede. Die eis van vooruitgang impliseer egter opofferings veral ten opsigte van die ontwikkeling van die individu deur universele opvoeding ten opsigte van die wetenskap en tegnologie met die verwagtinge wat hieruit volg soos 'n verhoogde lewenstandaard en 'n beter lewenskwaliteit. Schapiro (1958: 12-13) som die liberalisme se standpunt oor vooruitgang soos volg op: "... (P)rogress, slow at one time and rapid at another, results in transforming one system of society which is bad but not too bad, to another which is good but not too good. Always has mankind been advancing steadily, continually, and inevitably to an ever beter civilization, a process that will go on indefiniteley". In hierdie beskouing lê dan ook die grondliggende vertrekpunt vir die transformasie van politieke instellings te wete die strewe na 'n beter samelewing, demokraties gefundeer, wat die kwaliteite van die "goeie lewe" vir die individu meer toeganklik sal maak.

Aangesien liberaliste eksperimenteer met nuwe idees en die toepassing hiervan is die sukses hiervan al dan nie, dikwels onbekend, met die gevolg dat onsekerheid deel van hierdie denktradisie uitmaak (Lawson, 1987: 96; Baradat 1979: 11). Teen die agtergrond van geloof in die menslike rede en die

vooruitgang wat dit reeds gebring het, is dit 'n kwessie van "(t)he odds make it worth trying; the outcome is uncertain" (Lawson, 1987: 96). Hierdie aspek in die mondering van liberale denkers verskil ingrypend van dié van die konserwatiewe wat juis op soek is na sekerheid en sekuriteit in bestaande gebruike, tradisies en konvensies. Ook ten opsigte van die daarstelling van demokratiese bedelings as uitvloeisel van die transformasie van politieke instellings in oorgangstye is onsekerheid ("uncertainty") die naam van die spel (Przerworski, 1988: 58-70). 'n Liberaal-demokratiese bedeling met onder andere politieke gelykheid en gelyke geleenthede as vertrekpunt verkry 'n besondere staanplek binne hierdie tradisie.

f) **Gelykheid en gelyke geleenthede**: Binne die klassiek-liberale idioom beklemtoon Tocqueville die belangrikheid van gelykheid. Hy stel dit dat "... liberty is not the chief and constant object of their (die burgery) desires; equality is their idol ... (N)othing can satisfy them (die burgery) without equality, and they would rather perish than lose it" (Tocqueville, 1953: 53-54).

Binne die klassiek-liberale idioom word geglo dat individue op gelykheid kan aanspraak maak in ooreenstemming met die natuurreg (Locke en Rousseau), terwyl daar in 'n moderne idioom klem geplaas word op gelyke regte, aansprake en geleenthede. Ten opsigte van die moderne idioom wys Ranney (1990: 114) daarop dat "... the principle of political equality means genuinely equal opportunities for all adult citizens, and not actual equal participation." Schapiro (1958: 10) beklemtoon weer dat "... all have equal rights before the law, and that all are entitled to civil liberty." As vertrekpunt word aanvaar die uitskakeling van alle vorme van bevoorregting en diskriminasie ten opsigte van ras, geslag, geloof en kultuur. Dit is juis vanuit die beklemtoning van die waardes van gelykheid en gelyke geleenthede en die manifestering hiervan op die politieke terrein dat universele stemreg vir alle landsburgers voorgestaan word sowel as gelyke toegang tot die reg. Op basis van die genoemde waardes en die aansluiting hiervan by ander vertrekpunte van die liberalisme gebruik Schmitter & O'Donnel (1988: 7-8) burgerskap en die regte wat hiermee saamgaan as die leidende beginsel vir die definiëring van demokrasie - dié politieke stelsel wat die sterkste met die liberale tradisie geassosieer word.

Die beklemtoning van hierdie ses komponente/aspekte kan nie in isolasie van mekaar gesien word nie, maar is boustene van 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing wat hierdie tradisie ten grondslag lê en waarin die individu

hom/haar in die sentrum van hierdie denke bevind. Vervolgens word daar kortliks gelet op enkele aspekte rakende samelewings- en mensbeskouing as manifestasies van die gesketste lewens- en wêreldbeskouing eie aan die liberalisme.

## 4.1.2 Samelewings- en mensbeskouing

Teen die agtergrond van die beklemtoning van waardes soos individuele outonomie, die inherente goedheid en rasionaliteit van die individu sowel as vryheid en gelykheid, is dit vanuit die staanspoor duidelik dat vir die liberalisme is die samelewing 'n samevoeging van individue. Marcridis (1980: 18) wys daarop dat binne hierdie denke "(i)ndividual experience becomes the supreme value in itself, and the joining of many individual experiences in deliberation the best possible way for a community to make decisions." Soos materie opgebou word uit atome en molekules, is individue die boustene van die groter samelewing. Trouens, so sterk word die fokus op die individu geplaas dat die verbande en strukture wat die individu in 'n groter geheel moet saambind, te wete die samelewing, op die agtergrond gedwing word. In hierdie sin kan daar met reg van 'n atomistiese samelewingsbeskouing (vergelyk Duvenage, 1983: 197-198) gepraat word, waar die individu vooropgestel en die samelewing gereduseer word tot die dekor van 'n verhoogstuk. Die samelewingsverband dien gevolglik as 'n verwysing om 'n versameling van individue aan te dui, waarin die heil van hierdie kollektiewe identiteit (samelewing) deur die optrede, inisiatief en kreatiwiteit van individue bepaal word. Dit staan in skerp kontras tot die konserwatisme waar die groter geheel (die samelewing) vooropgestel word, terwyl die individu op die agtergrond gedwing word.

Voortvloeiend vanuit die voorafgaande lewens- en wêreldbeskoulike grondslae en samelewingsbeskouing van die liberalisme is 'n duidelik waarneembare mensbeskouing aanwesig. Die feit dat die outonome individu tot 'n bykans onaantasbare status verhef word, dien as sleutel tot die mensbeskouing binne hierdie tradisie. Vandaar die beklemtoning van die inherente goedheid van die mens en sy vermoë tot rasionele optrede (Schapiro, 1958: 9-13; Marcridis, 1980: 18-19; Baradat, 1979: 8-11). Hieruit volg dit dat 'n vrye individu met aanspraak op gelyke regte kan dien as resep vir progressie en vooruitgang. Vanuit die dinamo van die vrygemaakte mens word die heil van 'n hele samelewing bepaal. Juis daarom word die individu en sy dikwels sluimerende vermoëns (wat wag om ontwikkel te word en tot ontplooiing te kom) verhef tot die alfa en die omega en word die individu die wegbereider, die spreekwoordelike messias, onderweg na 'n aardse paradys, soos geskep deur sy individualiteit en eie vermoëns.

Anders as die beskouing eie aan die konserwatisme waar die som van die lede minder is as die geheel (samelewing) geld die teenoorgestelde by die liberale denke. Die som van individue is juis meer as die geheel oftewel die samelewing. Binne die konserwatiewe beskouing is die individu 'n middel tot 'n doel; die liberale beskouing daarteenoor verhef die individu tot die doel op sigself. Dus, vanuit die liberale tradisie gesien, is die outonome en rasionele mens met sy inherente goeie aard, met die nodige vryheid en geleenthede tot sy beskikking die bewerker van sy eie heil en lot en is in die proses ook die argitek van sy eie lewe wat regstreeks bydrae tot die lotsbestemming van die samelewing as 'n geheel. Vanuit hierdie tradisie het 'n staatsbeskouing wortel geskiet wat vandag wêreldwyd tot norm verhef word.

### 4.1.3 Staatsbeskouing[5]

Die staatsbeskouing waaraan die liberale tradisie beslag gegee het, verwys in wese na die demokratiese owerheidsvorm en wel soos dit gestalte gekry het in die sogenaamde liberaal-demokratiese modelle van die VSA, Frankryk en Brittanje. Hiervandaan het die demokrasie versprei na ander dele van die wêreld. Filosofies en ideologies gesproke, is hierdie liberaal-demokratiese modelle die vergestalting van die politieke komponent van die liberalisme (vergelyk Marcridis, 1980: 46-49). Hoewel die wortels van hierdie staatkundige praktyk sover as die Griekse stadstate (met Sparta en Athene as die bekendste) teruggevoer kan word, is hierdie praktyk in 'n moderne sin deur die Amerikaanse (1776) en die Franse (1789) rewolusies geïnisieer en het dit in die 19de eeu, en meer spesifiek 1828-1926, in veral Wes-Europa en Skandinawië beslag gekry waarna dit na ander wêrelddele versprei het [Vergelyk Dahl (1971: 10-11), Huntington (1991: 16), Strong (1960: 25-42) en Hattersley (1930: 161-186) vir hierdie ontwikkeling sowel as besonderhede in die verband]. Gedurende die 20ste eeu is die demokrasie as owerheidsvorm binne die geledere van die sogenaamde Westerse en Westersgesinde state tot norm verhef. Woodrow Wilson se strewe "to make the world safe for democracy" dien as sprekende voorbeeld in hierdie verband. Die demokratiseringstendense van die periode 1945-1960 en die tagtiger- en negentigerjare van hierdie eeu kan gesien word as daadwerklike pogings van veral Westersgesinde state (die VSA,Brittanje, Frankryk en Kanada) om die gestelde ideale, eie aan die liberaal-demokratiese model, op 'n breër grondslag inslag te laat vind.

Ranney (1990: 112) definieer die liberale demokrasie as "... a form of government organized in accordance with the principles of popular sovereignty, political equality, popular consultation, and majority rule" (Vergelyk ook Ranney & Kendall, 1956: 1-56).

---

[5] Vir doeleindes van hierdie studie word daar oorsigtelik na hierdie staatsbeskouing verwys.

Hoewel verskillende politieke bedelings vanuit die wortel van die liberaal-demokratiese oriëntasie tot stand gekom het (onder meer konstitusionele monargieë, parlementêre demokrasieë en republikeinse stelsels), kan daar nietemin algemene vertrekpunte geïdentifiseer word (soos bostaande definisie suggereer) - aanwesig in die onderskeie modelle. Op basis van die vertrekpunt van Hattersley (1930: 1), naamlik dat "... the common element is the vesting of supreme power in the majority of the citizen body", en Dahl (1971: 1) se interpretasie van demokrasie as "... the continuing responsiveness of the government to the preferences of its citizens, considered as political equals..." kan klem geplaas word op die gedagtes van populêre soewereiniteit, regering deur instemming; verantwoordelike en verteenwoordigende regering; beperkte regering; die idee van konstitusionalisme; "rule of law"; en die handhawing van algemene burgerregte en vryhede as uitvloeisel van die gestelde vertrekpunt. Teen hierdie agtergrond het die liberaal-demokratiese model ontwikkel vanuit 'n breëre Westerse politieke tradisie. (Vir volledige besonderhede oor hierdie aspekte/vertrekpunte van die liberaal-demokratiese model kan Ranney & Kendall, 1956: 1-56; Ranney, 1990: 111-118; Marcridis, 1980:28-38 en Du Toit, 1987: 53-58 geraadpleeg word). Hierdie aspekte/vertrekpunte is gevoer tot n demokratiese staatspraktyk[6] wat, alhoewel verskillend ingekleur, kenmerke ertoon soos grondwetlike regering, parlementêre verteenwoordiging en oewereiniteit; 'n onafhanklike regbank; universele stemreg; gereelde en vrye erkiesings en die skeiding van staatsmagte (die driedelingsleer). Op basis van ierdie demokratiese staatspraktyk bestaan 'n beskouing oor die transformasie van olitieke instellings waarop daar vervolgens gekonsentreer sal word.

## .2 Die transformasie van politieke instellings

oos met konserwatiste is liberaliste ook gekant teen radikale en rewolusionêre randering van die samelewing en die politieke instellings wat hiermee geassosieer ord. Anders as die konserwatis wat glo aan die geleidelike en inkrementele aard van randering (organiese groei) glo liberaliste soms aan snelle en ingrypende randering van die status quo eie aan die vooruitgangsgeloof eie aan hierdie disie. Baradat (1979: 9) beweer in hierdie verband dat "(l)iberals seek change in system by several important means, but they reject any attempt to revolutionize system because they support its essentials." Denkers binne die liberale tradisie is ter nie in dieselfde mate status quo-georiënteerd as denkers binne die nserwatiewe tradisie nie, maar wel ten gunste van die progressiewe verandering n politieke instellings. Schapiro (1958: 13) wys daarop dat "(t)ime, place, and

Met demokratiese staatspraktyk word daar in wese verwys na 'n demokratiese owerheidsvorm wat 'n demokratiese regering as onderdeel impliseer.

history determine the pace, as well as the method of progress. The liberal way is the way of the 'inevitability of gradualness' in the progress of mankind." Sentraal tot hierdie tradisie staan die geloof in die demokratiese staatspraktyk (in die Westerse sin van die woord) as die mees geskikte politieke stelsel om die outonome individu met sy goeie ingesteldheid en rasionele vermoë in staat te stel om polities gesproke tot volle ontplooiing te kom. Juis daarom dien die demokratiese staatspraktyk en wat hiermee geassosieer word (in die liberaal-demokratiese model) as norm vir die transformasie van politieke instellings ten tyde van oorgang. Om hierdie rede moet politieke instellings herskep en hervorm word om die ideale eie aan die liberalisme in terme van 'n liberaal-demokratiese staatspraktyk polities tot sy reg te laat kom. In die 20ste eeu het hierdie gedagte binne die breëre liberale tradisie dan ook sterk posgevat. In sy werk *Modern Democracies* (1921: 4) verwys John Bryce byvoorbeeld na "... the universal acceptance of democracy as the normal and natural form of government". In die werke van Frederich Ogg *The governments of Europe* (1920) en *European governments and politics* (1934, 1939) sowel as die bydrae van Carl Frederich *Constitutional Government and Democracy* (1937) word die liberale demokrasie ook tot norm vir politieke ontwikkeling verhef.

Die proses wat noodsaaklik is om hierdie vooropgestelde doelwit, te wete die liberale-demokrasie, tot stand te bring, is geleë in die gedagte van die demokratisering van die samelewing met inbegrip van die bestaande politieke instellings. Vir Dahl (1971: 5-10) het demokratisering op die politieke vlak te make met die liberalisering van geslote hegemonieë (nie-demokratiese bedelings) enersyds, dit wil sê die oopmaak van die politieke stelsel binne staatsverband vir kompeterende groepe (die beweging van 'n geslote hegemonie na 'n kompeterende oligargie) en andersyds die verbreding van politieke deelname (dit wil sê van 'n geslote na oop hegemonie). Wanneer albei prosesse plaasgevind het, is die resultaat poliargie, dit wil sê 'n demokrasie soos wat dit prakties daar uitsien (Dahl, 1971: 7). [Vergelyk ook Dahl 1971: 7 vir 'n diagrammatiese voorstelling van hierdie denklyn.] Wanneer literatuur binne hierdie tradisie aan die orde kom, word daar ten opsigte van die tema gekonsentreer op literatuur wat die transformasie van politieke instellings plaas teen die agtergrond van 'n demokratiese staatspraktyk, soos geanker in die liberaal-demokratiese idee en pogings om die ideale hieraan verbonde te laat realiseer.

## 3 Literatuur binne die liberale tradisie

Literatuur binne hierdie tradisie het ontwikkel teen die agtergrond van bepaalde historiese kontekste wat verskillend deur skrywers gekategoriseer word. [Vergelyk in hierdie verband Hattersley (1930: 30-41), Dahl (1971: 10-11), Rustow (1990: 75-91)

en Huntington (1991: 13-26). Dit demonstreer by uitstek die konteksgebonde aard van wetenskapsbeoefening soos aangedui in die vorige hoofstuk]. Vir doeleindes van hierdie afdeling word minstens drie historiese tydvakke geïdentifiseer waarin prominente tendense van demokratisering aanwesig was. Hierdie fases, te wete ± 1776-1926 (Fase I); ± 1945-1965 (Fase II) en die periode wat dateer vanuit die middel-sewentigerjare tot en met vandag (Fase III) word voorgehou as daardie periodes waarin tendense van demokratisering as die praktiese vergestalting van die liberale politieke tradisie bepaalde hoogtepunte bereik het.

Die eerste fase van demokratisering het sy oorsprong gehad in die Amerikaanse Rewolusie van 1776 en die Franse Rewolusie van 1789 en die demokratiseringstendense wat tydens die negentiende en vroeë dekades van die twintigste eeu in veral Wes-Europa beslag gekry het [Vergelyk Hattersley (1930: 141-186), Dahl (1971: 10-11) en Huntington (1991: 16-17)]. Die tweede fase (1945-1965) is geïnisieer deur 'n nuwe wêreldorde waarin die ideologiese stryd tussen Oos en Wes enersyds, maar verál die dekolonisasieproses van die ou koloniale gebiede 'n grondslag vir demokratisering daargestel het (Huntington, 1991: 18-19). Die derde fase is 'n produk van veral die tagtigerjare waarin die ineenstorting van Kommunistiese regimes in die ou Oosblok en die Sowjet-Unie die weg gebaan het vir demokratisering en die uitbreiding hiervan as 'n wêreldwye tendens in die vroeë jare negentig. Dit is hierna wat Rustow (1990: 75) verwys as hy sê dat "(a) tide of democratic change is sweeping the world ..."

Hierdie na verwysde historiese fases het bepaalde kontekste daargestel waarbinne daar na verklarings vir hierdie demokratiseringstendense gesoek is. Twee paradigmas van denke, te wete die *demokratiese deterministe* en die sogenaamde *ontemporêre demokratiseringsdenke* kan binne die literatuur onderskei word. Hierdie wee paradigmatiese konstrukte dien as grondslag vir die organisasie van literatuur inne hierdie tradisie.

## .3.1 Die demokraties-deterministiese paradigma

nne hierdie paradigma van denke word daar binne 'n Westerse ervaringsveld esoek na bepaalde samelewingsvereistes, en -omstandighede wat in 'n terministiese sin die ontplooiing van demokratiese bedelings inisieer. Na hierdie nke word verwys as die sogenaamde "... search for democratic preconditions" arl, 1990: 2-4; Przerworski, 1988: 47-50) en dit het betrekking op die eerste en eede fase van demokratisering. Denkers binne hierdie paradigma "... see political nsformations as determined, and seek to discover the patterns of determination by

inductive generalizations - comparative statistical studies" (Przerworski, 1988: 47-48). Die demokraties-deterministiese paradigma omvat 'n groot hoeveelheid literatuur waarin die klem val op verskillende determinante (onafhanklike veranderlikes) wat meewerk tot die ontplooiing van demokratiese bedelings. Hoewel hier nie werklik sprake is van die formulering van universeelgeldende wetmatighede in terme van spesifieke veranderlikes nie, vertoon teoretiese konstrukte binne hierdie paradigma wel 'n kousale inslag of ten minste 'n strewe na die aanduiding van oorsaak-gevolg relasies in hierdie verband. Dit moet egter beklemtoon word dat geen enkele determinant tot die status van die enigste onafhanklike veranderlike verhef word wat alleenbepalend vir die ontplooiing van demokratiese bedelings voorgehou word nie. Veel eerder word meer as een determinant teen die agtergrond van die breë liberale tradisie as bepalend vir demokratisering beklemtoon. Daarom word verkies om net van determinante te praat, hoewel die paradigma as 'n geheel staan teen die agtergrond van 'n Westerse historiese determinisme. As uitvloeisel van hierdie breëre Westerse historiese determinisme kan die volgende determinante beklemtoon word: die *egaliteitsdeterminant*, 'n *klasse-determinant*, *pluralismedeterminant*, 'n *kultuurdeterminant*, 'n *situatiewedeterminant*, 'n *nasiewordingsdeterminant* en 'n *sosio-ekonomiese determinant* - met laasgenoemde as die mees prominente. Op hierdie determinante word daar nou kortliks gekonsentreer.

) **Die egaliteitsdeterminant:** Die bydrae van Alexis de Tocqueville (1805-1859) *De la Democratie en Amérique* [Democracy in America (volume i - 1835 en volume ii - 1840) staan teen die agtergrond van die eerste fase van demokratisering. Soos prominente sosioloë van sy tyd (Tönnies, Spencer, Durkheim en Weber) beklemtoon ook Tocqueville dat 'n politieke bedeling (die staat en die instellings wat dit veronderstel) in ooreenstemming behoort te wees met die omstandighede wat die samelewing reflekteer. Indien samelewingsomstandighede verander, sal dit uiteindelik deurwerk na die politieke bedeling en die instellings wat hiermee saamgaan. Daarom word 'n liberaal-demokratiese bedeling gedetermineer deur bepaalde omstandighede en vanuit die betrokke samelewing.

Tocqueville (1953: 5) visualiseer die geskiedenis van samelewings in die Westerse wêreld as 'n progressie ooreenkomstig die vertrekpunte onderliggend aan die egalitarisme - oftewel 'n beweging ooreenkomstig individuele gelykheid. Hy (1953: 3) wys daarop dat "(t)he more I advanced in the study of American society, the more I perceived that this equality of condition is the fundamental fact from which all others seem to be derived and the central point at which all my observations constantly terminated." Die feit dat die gelykheidsbeginsel in die negentiende eeu in die VSA verder gevoer is as in Frankryk (met sy tradisie van 'n absolute monargie en 'n

aristokratiese klas) het daartoe bygedra dat die demokrasie makliker 'n vatplek en bestaansreg in die VSA as Frankryk kon verwerf. Tocqueville (1953: 9) argumenteer soos volg: "Gradually the distinction of rank are done away with; the barriers that once severed mankind are falling; property is divided, power is shared by many, the light of intelligence spread, and the capacities of all classes tend towards equality. Society becomes democratic, and the empire of democracy is slowly and peaceably introduced into institutions and customs." Dus: vanuit die denke van Tocqueville word samelewingsontwikkeling gekenmerk deur egaliserende kragte wat 'n grondslag daarstel vir die ontplooiing van 'n demokratiese bedeling soos by uitstek in die VSA van die negentiende eeu gedemonstreer is.

b) **Die klassedeterminant:** Steeds binne die denke van Alexis de Tocqueville word die klassestruktuur van die samelewing beklemtoon as 'n bydraende faktor tot die skep van 'n toestand van politieke gelykheid waardeur die ontplooiing van 'n demokratiese bedeling moontlik gemaak word, soos by uitstek in die VSA in die negentiende eeu gedemonstreer is. Uitgaande van die idee van 'n "sosiale rewolusie" in Westerse samelewings waardeur egaliteitsnorme gevestig is, beklemtoon Tocqueville (1953: 3-16; 46-54) die totstandkoming van 'n middelklas met as implikasie "(t)he nobel has gone down the social ladder, and the commoner has gone up; the one descends as the other rises" (6). Dit het as resultaat nuwe geleenthede geskep vir hierdie kategorie van mense (die middelklas) om hul aspirasies ten opsigte van mag en rykdom te bevredig. In teenstelling met die toestand in Europa in die 18de en 19de eeu het hierdie proses veel verder gevorder in die VSA en het dit daadwerklik bygedra tot die ontplooiing van 'n demokratiese bedeling.

In 'n meer kontemporêre idioom verwys Barrington Moore (jr) in sy werk *Social origins of dictatorship and democracy* (1966: 413-432) na die belangrikheid van die bourgeois (middelklas-) rewolusies in die Westerse geskiedenis as 'n produk van ekonomiese verandering en meer spesifiek industralisasie en kommersialisering, en die grondslag wat dit verskaf het vir die suksesvolle ontplooiing van 'n liberale demokrasie. Moore (1966: 418-419) argumenteer dat "... a vigorous and independent class of town dwellers has been an indispensable element in the growth of parliamentary democracy. No bourgeois no democracy". En verder "Among the most decisive determinants influencing the course of subsequent political evolution are whether or not a landed aristocracy has turned to commercial argriculture and, if so, the form that this commercialization has taken." Dit is teen die agtergrond van die voorafgaande bespreking en motivering duidelik dat sowel Tocqueville as Moore 'n besondere premie plaas op 'n bepaalde klassestruktuur waarin 'n prominente middelklas aanwesig is (as deel van die Wes-Europese en Amerikaanse geskiedenis

van politieke ontwikkeling) en dat dit 'n belangrike vereiste/omstandigheid is vir die suksesvolle ontplooiing van 'n demokratiese bedeling.

c) **'n Pluralismedeterminant:** 'n Pluralistiese samelewing, dit wil sê 'n samelewing waarin 'n veelheid van kruissnydende belangegroepe (polities, sosiaal, ekonomies, religieus) poog om hul belange op 'n georganiseerde wyse te bevorder en onder die aandag van die owerheid te bring, soos by uitstek in die Amerikaanse samelewing aangetref word, word sóms as 'n vereiste vir die daarstelling en voortbestaan van 'n demokratiese bedeling gestel. Volgens hierdie denklyn, algemeen getipeer, het ekonomiese ontwikkeling bygedra tot 'n pluralistiese sosiale orde met as eis 'n meer kompeterende politieke stelsel wat die totstandkoming en instandhouding van 'n demokratiese bedeling bevorder (Vergelyk Dahl, 1971: 7-8 se konseptualisering van hierdie denklyn). Reeds in die vorige eeu (1835) beklemtoon Tocqueville (1953: 196-198) dat 'n pluralistiese samelewingsorde soos aangetref in die VSA, 'n situasie is wat bydra tot die skepping en vestiging van die demokratiese ideaal. In die werk van Rudolph & Rudolph, *The modernity of tradition : political development in India* (1967: 15-154), word beklemtoon dat die aanwesigheid van die kastestelsel in Indië (vergelykbaar met 'n pluralistiese orde) bevorderlik was vir die totstandkoming en behoud van 'n demokratiese bedeling in hierdie staat. Hoewel nie prominent binne hierdie paradigma nie, word die pluralistiese determinant, soos geassosieer met veral die Amerikaanse praktyk, voorgehou as 'n determinant wat kan bydra tot die totstandkoming en instandhouding van 'n demokratiese bedeling.

) **'n Kultuurdeterminant:** Almond (1956: 396) is van mening dat "(e)very political ystem is embedded in a particular pattern of orientations to political action". In die ekende werk van Almond & Verba *The civic culture* (1963) word hierdie vertrekpunt itgebou en kry dit beslag in 'n gesofistikeerde teoretiese konstrukt waarin kultuur as eterminant uitgesonder word vir die skepping en funksionering van politieke stelsels. ir Almond & Verba (1963: 21, 31-32) is 'n burgerlike kultuur ("civic culture") en die ate waarin hierdie kultuur, eienskappe van 'n deelnemerskultuur (subkategorie) flekteer, 'n belangrike determinant vir die daarstelling van 'n demokratiese bedeling terme van die vertrekpunt/filosofie van kontinuïteit tussen kultuur en struktuur.

tgaande van hierdie vertrekpunt (kontinuïteit tussen kultuur en struktuur) wys rskeie skrywers, onder wie Bollen, in 'n artikel *Political democracy and the timing of velopment* (1976: 572-587) op die verband wat bestaan tussen 'n Protestantse ltuur en die totstandkoming en voortbestaan van 'n demokratiese bedeling - 'n pek wat Tocqueville (1953: 5-6) reeds aangedui het as 'n belangrike religieuse skouing wat gelykheid bevorder. (Volgens die Protestantisme is almal gelyk voor

God - 'n beskouing wat deur die Rooms-Katolieke Kerk verwerp word). Die Rooms-Katolieke kultuur met sy beklemtoning van 'n hiërargiese gesagslyn, elitisme en statusposisies het veel later en in meer onsekere terme (vergelyk Suid-Europa met sy sterk Rooms-Katolieke inslag), indien enigsins (Latyns-Amerika), aan standhoudende demokratiese bedelings beslag gegee. Die Islamgeloof kan tot dusver ook nie 'n grondslag verseker vir demokratiese bedelings nie soos die transformasie (rewolusie) in Iran by uitstek gedemonstreer het. Dus, grondliggend aan die deterministiese denke kan 'n kultuurgrondslag voorgehou word as 'n belangrike determinant vir die ontplooiing en instandhouding van 'n demokratiese bedeling.

e) **'n Situatiewe determinant:** Hoewel hierdie determinant geensins die prominensie geniet van byvoorbeeld die sosio-ekonomiese determinant binne hierdie paradigma nie, is daar nietemin enkele skrywers wat wys op situatiewe (omgewings-) faktore wat bevorderlik, of nie bevorderlik kán wees vir die ontplooiing van 'n demokratiese bedeling. Dependencia-denkers, met 'n sensitiwiteit vir die demokrasie, soos Frank (1966: 17-31), O'Donnel (1973: 3-15, 113-114) en Cardoso (1973: 142-178) wys op die kapitalistiese uitbuiting eie aan die internasionale ekonomiese orde wat die metropole (Westerse state) bevoordeel en die periferie-gebiede (derdewêreldstate, spesifiek Latyns-Amerika, en Afrika) benadeel en 'n omgewing/situasie skep wat die bereiking van die demokratiese ideaal in periferie-gebiede bemoeilik, indien nie heeltemal onmoontlik maak nie.

n sy *American politics - the promise of disharmony* (1981: 246-259) wys Huntington op ie positiewe grondslag wat leidende wêreldmoondhede tot stand gebring het, en teeds tot stand kan bring vir die inisiëring van demokratiese bedelings. In 'n ander ydrae, *Will more countries become democratic?* (1984: 206), wys dieselfde skrywer aarop dat "...the rise and decline of democracy on a global scale is a function of the se and decline of the most powerful democratic states." As voorbeelde verwys hy 984: 206) na die dominante posisie van Brittanje in die 19de en vroeë 20ste eeu ase I) en die dominante posisie van die VSA na die Tweede Wêreldoorlog (fase II). bei was leidende demokratiese moondhede in hierdie onderskeie tydperke. Die ynende invloed van die VSA, veral in die sewentigerjare, het weer bygedra tot die ynende invloed van demokratiseringstendense wêreldwyd (Huntington, 1984: 207-8).

ewel hierdie determinant nie baie prominent figureer nie en hoewel Huntington 981: 246-259; 1984: 205-207) dit ook nie tot alleenbepalende veranderlike vir nokratisering verhef nie, dui dit daarop dat dit vir Huntington eerder 'n bydraende tor tot demokratisering is en nie werklik 'n determinant in terme van 'n kousale

teorie nie. (Vergelyk in dié verband ook Huntington 1991: 37-38). Die beklemtoning van die situatiewe determinant verkry 'n bestaansreg in samehang met en in interafhanklikheid van ander determinante. Om hierdie rede word Huntington se denke ook nie ten volle verklaar binne hierdie paradigma nie en vertoon sy nuutste bydrae *The third wave - democratization in the late twentieth century* (1991) sterk raakpunte met die kontemporêre demokratiserings-paradigma wat in die volgende afdeling uitgelig sal word. As 'n behavioralis met die strewe om kousale teorie oor verskynsels te formuleer, is daar egter by Huntington deurlopend 'n strewe om wetmatighede in terme van determinante te formuleer - 'n aspek wat nie uit die oog verloor moet word nie.

) **Die nasiewordingsdeterminant:** Die uitgangspunt hier is dat "... (d)emocratic egimes were more likely to emerge if problems of national identity were resolved rior to the establishment of central government and if both of these events proceded he formation of mass-parties" [Vergelyk Karl (1991: 3) vir die formulering van hierdie ertrekpunt - nie die aanvaarding hiervan nie]. Teen die agtergrond van die Wes-uropese ervaring, waar nasiewording staatsvorming voorafgegaan het, identifiseer inder (et. al.) in hul bydrae *Crises and sequence in political development* (1971) asiebou en die totstandkoming van 'n nasionale identiteit (histories gesproke) as ereiste vir die ontplooiing van 'n demokratiese bedeling. Hierdie perspektief staan en die agtergrond van die Westerse historiese determinisme eie aan hierdie denke aradigma) en word voorgehou as verklaring vir waarom demokratisering in sekere ate tot sy reg kom en in andere nie. Hierdie determinant vertoon raakpunte met die ilturele determinant wat vroeër na verwys is.

**Die sosio-ekonomiese determinant:** Die beklemtoning van sosio-ekonomiese terminante as grondslag vir die skepping en instandhouding van demokratiese tellings kan met reg, as die mees prominente determinant binne die groter amwerk van deterministiese denke beklemtoon word. 'n Veelheid van werke wat luit Daniel Lerner se *The passing of traditional society* (1958); Seymour Martin Lipset *Political man* (1960); David E. Apter se *The gold coast in transition* (1955); Karl W. utsch se artikel *Social mobilization and political development* (1961); Almond & rba se *The civic culture* (1963), Cyril E. Black se *Dynamics of modernization* (1966); er H. Merkl se *Political continuity and change* (1967) A.F.K. Organski se *The stages olitical development* (1965), W.W. Rostow *The stages of economic growth* (1960) en rington Moore se *Social origins of dictatorship and democracy* (1966) tel onder die angrikste bydraes wat aspekte van hierdie denke beklemtoon en uitgebou het. lens die vyftiger- en vroeë sestigerjare het die beklemtoning van sosio-nomiese determinante gelei tot die daarstelling van 'n paradigma van denke in eie

reg binne die studieveld van die politieke ontwikkeling - beter bekend as die modernisasie- of liberaal-ekonomiese denke [Vergelyk in hierdie verband Duvenhage, 1989: 1-8; 26-30; 1992: 23-28) vir besonderhede oor die status van hierdie denke as paradigma in eie reg.] Verder is dit ook so dat van die ander determinante soos kultuur, gelykheid en nasiewording ondersteunende materiaal verskaf vir die sosio-ekonomiese determinant as grondslag vir die ontplooiing van demokratiese bedelings. Om hierdie rede is die sosio-ekonomiese determinisme as die mees prominente determinant/e ook die kulmineringspunt van die groter deterministiese demokratiseringsdenke met, veral die bydraes van Lipset, Lerner en Moore aan die spits.

Die mees fundamentele vertrekpunt onderliggend aan hierdie denklyn is dat die totstandkoming van demokratiese bedelings in Westerse state gesoek moet word, in die ekonomiese geskiedenis van hierdie state en meer spesifiek die prosesse van industrialisasie en modernisasie. [Vergelyk Merkl (1967: 439-447) vir besonderhede oor die Westerse model van modernisasie en die politieke ontwikkeling wat hieruit gevolg het]. Volgens hierdie denke is ontwikkeling en ook politieke ontwikkeling 'n *linieêre proses* van 'n tradisionele na 'n moderne samelewingstoestand waardeur daar polities gesproke aan demokratiese politieke instellings beslag gegee word.

Die wortel van hierdie denke kan teruggevoer word na die 19de eeu waarin sosioloë soos Durkheim en Tönnies die ewolusionêre verandéring van samelewingstrukture beklemtoon het. In Tönnies se baanbrekersbydrae *Gemeinschaft und Gesellschaft* (1887) [*Community and Association* (1955)] beklemtoon hy die ewolusionêre oorgang van 'n gemeenskap (Gemeinschaft na 'n samelewing/assosiasie (Gesellschaft) soos deur die kapitalisme en veral industrialisasie, as uitvloeisel van eersgenoemde, teweeggebring is in Wes-Europese state. Die aard van hierdie oorgang is ekonomies gedetermineer en impliseer die beweging van wat hy (1955: 17) 'n "natural will" noem na 'n sogenaamde "rational will" en wat dui op 'n tradisionele samelewing (waardestelsel) wat vervang word deur 'n moderne samelewing (waardestelsel). [Tönnies (1955: 25) verklaar dat "(t)he people (Volk) as in the case of the estate resembles the Gemeinschaft; 'the' society, like the class, has ... the basic characteristic of Gesellschafts" (Tönnies, 1955: 25)]. Op sy beurt verwys Durkheim na die beweging van 'n "meganiese" na 'n "organiese solidariteit" as uitvloeisel van die modernisasieproses (Vergelyk Kuper, 1974: 235-242). Hierdie samelewingsverandering stel 'n bepaalde samelewingsgrondslag daar vir die transformasie van politieke instellings in terme van die vertrekpunte eie aan die liberaal-demokratiese politieke model soos dit by uitstek in Brittanje gedemonstreer word. Ewolusionêre verandering op basis van die strewe na kontinuïteit tussen kultuur

(samelewing) en struktuur (politieke instellings) vorm die filosofiese grondslag waaruit hierdie denke (liberaal-ekonomies) opereer.

In die twintigste eeu is hierdie denke verder uitgebou en gekonsolideer as 'n toonaangewende raamwerk van denke ten opsigte van die transformasie van politieke instellings in oorgangstye. Ten opsigte van hierdie denke word die volgende aspekte beklemtoon:

- die agterlikheid van samelewings in derdewêreldstate (dit wil sê die afwesigheid van 'n "natural will" en 'n "meganiese solidariteit") moet verander word deurdat modernisasie en meer spesifiek industrialisasie in ooreenstemming met die Westerse ervaring deurgevoer word. Dit sal samelewings vanuit 'n tradisionele na 'n moderne grondslag lei. Die implikasie hiervan vir politieke ontwikkeling word deur Hattersley (1930: 164) verduidelik met die stelling dat "(t)he need for economic and social reform ... became the chief motive power of the new democratic movement". In aansluiting by Hattersley beklemtoon Lipset (1960: 48) dat "... the most common generalization linking political systems to other aspects of society has been that democracy is related to the state of economic development". En verder: "The association between economic development and democracy has led many Western statesmen and political commentators to conclude that the basic political problem of our day is produced by the pressure for rapid industrialization. If only the underdeveloped nations can be successfully started on the road to high productivity, the assumption runs, we can defeat the major threat to newly established democracies" (68). Lipset (1960: 49, 51-54) gaan sover om empiriese gegewens te verstrek om hierdie verband te bevestig.

Voortvloeiend uit die voorafgaande beskouing word geglo dat die aktivering van die ekonomiese dinamo samelewingstoestande sal laat verander met as uitvloeisel 'n nuwe klassestruktuur. 'n Gesellschaft of organiese solidariteit sal met die totstandkoming van 'n arbeiders- en middelklas groter politieke betrokkenheid en deelname in die hand werk. Ten opsigte van die ontwikkeling van 'n klassestruktuur wat politieke deelname voorafgaan, put hierdie denke onder meer vanuit die bydraes van Tocqueville (1953: 3, 5, 9, 13-16) se egaliteitsleer en die totstandkoming van 'n middelklas en, Moore (1966: 418) se beskouing van "(n)o bourgeois, no democracy", waar die rol van die middelklas in terme van die funksionering van die demokrasie uitgelig word. Moore se beskouing oor die belangrike rol van die middelklas staan

teen die agtergrond van die breër perspektief (geloof) dat "... there was only one main highway to the world of modern industrial society, a highway leading to capitalism and political democracy" (1966: 159).

Vir Lerner (1958: 71) vorm die modernisasieproses, dit wil sê die beweging van 'n Gemeinschaft na 'n Gesellschaft, 'n oorgangsfase na 'n samelewing met 'n nuwe klassestruktuur, soos by uitstek in die ontwikkeling van Westerse state voorgekom het en waar deelname demokraties plaasvind. Lerner (1958: viii) gaan sover as om te beweer dat die Westerse model slegs histories-Westers van aard is - "... sociologically it is global". Soos ook by ander denkers binne hierdie paradigma is die grondliggende filosofie van die verabsolutering van die Westerse patroon van politieke ontwikkeling ook by Lerner prominent en staan sy bydrae teen die agtergrond van 'n Westerse historiese determinisme.

Teen die agtergrond van die voorafgestelde vereistes (na analogie van die Westerse patroon of model) en die gepaardgaande eis van kontinuïteit tussen kultuur en struktuur as aanvaarde verskynsel en filosofie) word die ewolusionêre verandering van politieke instellings beklemtoon. Vandaar die beskouing van ewolusionêre maar tog progressiewe verandering in terme van hierdie tradisie.

Ewolusionêre verandering van politieke strukture sal uitloop op die totstandkoming van demokratiese strukture na analogie van dit wat in Westerse state gebeur het naamlik 'n proses van politieke ontwikkeling met 'n liberale-demokrasie as resultaat. [Dit is die optimisme eie aan hierdie denkraamwerk wat Apter (1955: vii) laat opmerk het dat die Goudkus (Ghana) sukses behaal het "... in the transformation from a tribal dependency to a parliamentary democracy"].

Demokratiese strukture sal verder waarborge bied vir die handhawing van politieke orde en optrede in die algemene belang van die burgery. Dus, in ooreenstemming met die Westerse ervaring word veronderstel dat die totstandkoming van demokratiese bedelings in agtergeblewe dele van die wêreld politieke stabiliteit sal verseker. Hierdie aspek kan ten beste met die volgende diagram voorgestel word:






Fig. 3.1 Die bereiking van politieke stabiliteit binne die raamwerk van die liberaal-ekonomiese denke.

Teen die agtergrond van die voorafgaande bespreking kan die volgende aspekte aan die liberaal-ekonomiese denke verbind word, te wete:

- Ontwikkeling impliseer die oorgang van 'n tradisionele na 'n moderne samelewing;
- die oorgangsfase behoort ewolusionêr te wees in terme van die filosofie van kontinuïteit tussen kultuur en struktuur;
- ekonomiese modernisasie en meer spesifiek industrialisasie hou die sleutel tot politieke ontwikkeling;
- politieke ontwikkeling word voltrek met die bereiking van politieke moderniteit (demokrasie);
- die demokrasie verskaf 'n waarborg teen politieke onstabiliteit.

Skematies kan die liberaal-ekonomiese denke soos volg voorgestel word:




aatbou in terme van die ewolusionêre verandering van politieke instellings.

Wat die groter paradigma van die demokratiese deterministe aanbetref waarvan die sosio-ekonomiese determinisme een fokuspunt is, kan dit skematies so voorgestel word:

| KRITERIUM | DEMOKRATIES-DETERMINISTIESE PARADIGMA |
|---|---|
| (A) Historiese konteks | Fase I (1776-1926)<br>Fase II (1945-1965) |
| (B) Struktuur van die veranderingsproses | Deterministies in terme van die sóéke na bepaalde vereistes en omstandighede wat demokratisering moontlik maak |
| (C) Doelwitstelling (normatief gesproke) | Liberaal-demokratiese model (idealisties en utopies) |
| (D) Doelwitbereiking in terme van gestelde ideale | Hoë verwagtinge (optimisties) |
| (E) Verrekening van die strategiese konteks en die wyse waarop verandering plaasvind | - Ewolusionêr en linieêr in terme van die filosofie van kontinuïteit tussen kultuur en struktuur<br>- Strategiese en taktiese oorweging lê in die strewe na die bereiking van bepaalde doelwitte (ekonomies, nasiewording ens.). (Geen aandag op sigself aan strategie en taktiek nie.) |
| (F) Metateoretiese kenmerke | - Kousale inslag<br>- Induktief (Westerse ervaring)<br>- Algemene geldigheid<br>- Hoë sekerheid<br>- Konvensionele metodologie<br>- Analitiese konsepte |

g 3.3 Die demokraties-deterministiese paradigma in terme van self-ontwerpte kriteria.

rdie demokraties-deterministiese paradigma was egter nie teen kritiek gevrywaar . Teen die middel en laat sestigerjare het daar 'n skerp reaksie gekom teen die raal-ekonomiese denklyn en wel om die volgende redes:

die verval van die demokratiese ideaal in die meeste derdewêreldstate (Eisenstadt, 1964: 345-367; Zolberg, 1966: 1-8);

die aanwesigheid van grootskaalse politieke onstabiliteit in die Derde Wêreld (Huntington, 1965; 1968: 108);

- spesifieke politieke omstandighede in die VSA soos onstabiliteit en ontevredenheid wat die soeke na orde en stabiliteit as dominante waarde gestel het (O'Brien, 1972: 352-370);

- 'n reaksie op die negatiewe gevolge van modernisasie in derdewêreldstate soos gepropageer deur dependencia-denkers (Frank, 1966: 17-31).

Hierdie reaksie het aan nuwe denke en literatuur op hierdie studieveld beslag gegee. Binne 'n Westerse raamwerk van denke sou literatuur met 'n sterk konserwatiewe inslag na vore tree. Werke soos Zolberg se *Creating political order: the party states of West Africa* (1966); Pye se *Aspects of political development* (1966); Weiner se *Partybuilding in a New Nation: the Indian National Congress* (1967); Rustow, *A World of nations - problems of political modernization* (1967) en Binder (et al., red.), se *Crises and sequences in political development* (1971). Hierdie werke was skerp krities ingestel teenoor die liberaal-ekonomiese denke. Dit was egter die bydraes van Huntington *Political development and political decay* (1965) en die gekonsolideerde *Political order in changing societies* (1968) wat vanuit 'n situasiegebonde konserwatisme 'n nuwe paradigma vir politieke ontwikkeling (in terme van die Kuhniaanse perspektief oor paradigmaverandering) totstand gebring het (Vergelyk afdeling 2, 4 van die vorige hoofstuk met spesifieke verwysing na Kuhn se denke oor wetenskapsrewolusies. Lesers word ook verwys na Duvenhage, 1989: 26-40; Duvenhage, 1992: 23-30 vir besonderhede oor hierdie paradigmaverandering. Hierdie paradigmaverandering sal in meer besonderhede gehanteer word wanneer die bydrae van Huntington in 'n latere afdeling van hierdie hoofstuk bespreek word.)

inne die liberale tradisie het daar ook reaksie gekom teen die demokraties-eterministiese denke. Die bekende werk van Robert Dahl, *Polyarchy : participation nd opposition* (1971), en Rustow se *Transitions to democracy* (1969) sou die weg baan r nuwe denke oor demokratisering. Trouens, Karl (1990: 2) sou later beklemtoon at "... the once dominated search for prerequisites of democracy has given way to a ore process-orientated emphasis on contingent choice." Hierdie nuwe denke kende die demokratisering van samelewings het as implikasie 'n radigmaverskuiwing weg van die liberaal-ekonomiese denke in terme van die katos-perspektief (vergelyk afdeling 2, 4 van die vorige hoofstuk). Hiervolgens het e kernstruktuur van die paradigma (in hierdie geval die strewe na die realisering van e liberaal-demokratiese model) onveranderd gebly, maar die teoretiese konstrukte verklaring van hierdie probleem/verskynsel is wel indringend hersien. (Vanuit die katos-perspektief pas paradigmas hulleself teoreties aan by veranderde standighede ten einde bruikbaar te bly.) Die deterministiese denke het sodoende

plek gemaak vir die sogenaamde kontemporêre demokratiseringsdenke wat 'n raamwerk bied vir die verstaan van veral Huntington se nuutste bydrae *The third wave: democratization in the late twentieth century* (1991).

### 4.3.2 Die kontemporêre-demokratiseringsparadigma

Teoretisering wat vanuit hierdie denke voortgevloei het, impliseer standpunte wat verál tussen 1974 en 1993 na vore getree het - oftewel die periode waarna Huntington (1991: 21-26) verwys as *"the third wave of democratization"* (fase III). Hierdie periode is gekenmerk deur 'n demokratiseringsgolf wat oor die wêreld heen gespoel het en 'n hoogtepunt bereik het in die laat tagtigerjare met die sogenaamde demokratiseringsrewolusie in veral Oos-Europa. Denkers wat aan die demokratiseringsdenke verbind kan word, sluit onder meer in Dahl en Rustow as die wegbereiders en later Schmitter, O'Donnel, Whitehead, Przerworski, Karl, Huntington, Share, Mainwaring, Stepan en Linz. Hierdie denke kan ten beste voorgestel word deur op die volgende breë kontoere te konsentreer, te wete *die kenmerkende struktuur an dié veranderingsproses, modusse van verandering en taktiese besluitneming, enmerkende aard en verwagtinge rakende die veranderingsproses, doelwitstelling, oelwitbereiking en metateoretiese kenmerke.* Ten opsigte van hierdie kontoere sal grepe it die denke van enkele van bogenoemde denkers geneem word om hierdie aradigmaskuif te demonstreer.

) **Kenmerkende struktuur van die veranderingsproses:** Vir Schmitter & O'Donnell 988: 6) beteken regime-transformasie of verandering "... the interval between one gime and another ..." waarin twee prosesse te wete *liberalisering* en *demokratisering* anwesig is en gevolg kán word deur 'n derde proses (ook genoem 'n tweede ansformasie) te wete *sosialisering*. Liberalisering verwys basies na daardie prosesse aardeur bepaalde indiwidue en groepe se regte en vryhede deur die bestaande gime gewaarborg word teen arbitrêre optrede van die kant van die staat of derde irtye (Schmitter & O'Donnell, 1988: 7). Hierteenoor verwys demokratisering na "... e processes whereby the rules and procedures of citizenship are either applied to litical institutions previously governed by other principles (e.g. coersive control, cial tradition, expert judgement, or administrative practice) or expanded to include rsons not previously enjoying such rights and obligations (e.g., nontaxpayers, erates, women, youth, ethnic minorities, foreign residents), or extended to cover ues and institutions not previously subject to citizen participation (e.g. state encies, military establishments, partisan organizations, productive enterprices, ucational institutions etc.)" (Schmitter & O'Donnell 1988: 8). Hoewel liberalisering nokratisering normaalweg voorafgaan, kán hierdie subprosesse ook relatief

gelyklopend ("double stream") wees. Liberalisering is egter moontlik sonder dat dit noodwendig demokratisering as vennoot óf as resultaat het (Vergelyk die aanwesigheid van liberalisering en die afwesigheid van demokratisering onder die P.W. Botha-bewind tussen 1985 en 1989 in Suid-Afrika).

Tesame met die voorafgaande subprosesse is die eis van sommige akteurs grootskaalse regstellende aksie oftewel die herverdeling van rykdom soos moontlik gemaak deur die prosesse van liberalisering en demokratisering - in wese 'n tweede ransformasieproses. Schmitter & O'Donnell (1988: 13) merk dan ook op dat "(i)n the contemporary world, these two transitions - to political democracy and to socialism - are simultaneously on the agenda" - 'n toedrag van sake wat tans ook in Suid-Afrika noontlik is. Hierdie tweede transformasieproses beteken nie net gelyke politieke geleenthede nie, maar ook die strewe na ekonomiese gelykheid met implikasies vir ie toewysing van skaars hulpbronne deur die staat, maar ook die privaatsektor se eheer oor skaars hulpbronne (Schmitter & O'Donnell, 1988: 12). Dit sou kon eteken dat die aanvanklike prosesse van liberalisering en demokratisering aan 'n elsynsdemokrasie, sosiale demokrasie en selfs 'n sosialistiese demokrasie (met ikwels sterk outoritêre karaktertrekke) beslag kan gee.

) **Modusse van verandering en taktiese besluitneming:** Kenmerkend van emokratiseringsdenke is die besondere klem wat geplaas word op die modusse van randering en taktiese besluite van akteurs in die transformasieproses en, die vloed wat dit het op die realisering al dan nie van demokratiese strewes (vergelyk untington, 1991: 109-163; Schmitter & O'Donnell, 1988: 3-5, 37-47; Karl, 1990: 8- ). In dié verband merk Karl (1990: 5) op dat "(t)he failure to identify clear erequisites, plus the hunch that much of what had been thought to produce mocracy should be considered as its product, has caused theorists of comparative litics to shift their attention to the strategic calculations, unfolding processes and quential patterns that are involved in moving from one type of political regime to other, especially under conditions of non violence, gradualism, and social ntinuity." Dit staan in skerp kontras tot die voorafgaande denke (die demokratiese erministe) waarin beperkte en in baie gevalle bykans geen aandag aan die ategiese komponent van die transformasie van politieke instellings gegee word nie. ne die kontemporêre demokratiseringsdenke bestaan daar algemene konsensus die aard van die proses (en by implikasie die modus van verandering) bepalend is die bereiking van bepaalde doelwitte.

l (1990: 8-12) identifiseer vier modusse in die transformasieprosesse van politieke ellings in Latyns-Amerikaanse state, te wete <u>imposisie</u>, <u>hervorming</u>, <u>rewolusie</u> en

paktvorming. Hierdie modusse van verandering word onderskei op basis van die dominante rol van bepaalde akteurs enersyds en die mate van magsuitoefening (dwang) andersyds. Wanneer 'n eksterne mag (buitelandse moondheid) of 'n interne mag (byvoorbeeld die weermag) as 'n elitegroep eensydig en soms met geweld of dreigemente 'n transformasieproses, gerig op onder meer demokratisering, afdwing word daar na imposisie verwys. [Voorbeelde van "eksterne imposisie" is Guatemala (1984) en El Salvador (1982), terwyl Brasilië (1974) 'n voorbeeld van "interne imposisie" is (Karl, 1990: 10).] Hervorming impliseer die organisasie en mobilisasie van die massa as die voertuig vir verandering (en ook demokratisering) met die ondergeskikte rol wat die uitoefening van geweld as instrument vir verandering mpliseer. [Voorbeelde van hervorming is Argentinië (1946-1951) en Chili (1970-1973) (Karl, 1990: 10).] Rewolusie impliseer die snelle mobilisasie van nuwe groepe (vanuit die breë bevolking) in die politieke prosesse van 'n staat teen 'n tempo waarteen bestaande instellings nie die nuwe eise en insette kan absorbeer nie, hierdie nstellings dan vernietig word en nuwe instellings die plek van bestaandes inneem. Voorbeelde is Mexiko (1910- ), Rusland (1917- ) Nicaraqua (1979) (vergelyk Karl 1990: 8-9); Huntington (1968: 266, 315-332). Paktvorming verwys na 'n nderhandelde skikking en ooreenkoms tussen elitegroepe ten opsigte van die aard, ie wyse en die doelwitte van die aanwending van staatsmag in die eranderingsproses. Schmitter & O'Donnell (1988: 37) definieer 'n pakt as "... an xplicit, but not always publicly explicated or justified, agreement among a select set f actors which seek to define (or, better, to redefine) rules governing the exercise of ower on the basis of mutual guarantees for the 'vital interests' of those entering into . Voorbeelde van paktvorming is aangetref in Venezuela (1958- ) en Uruguay 984- ) (Karl, 1979: 10). Karl (1990: 8) wys daarop dat geeneen van hierdie odusse daarin kon slaag om 'n standhoudende demokrasie in Latyns-Amerika daar stel nie - veral in soverre as wat rewolusie as modus aangewend is. Volgens haar arl, 1979: 10-11) het die pakt-modus tot dusver die grootste sukses (al is dit baie perk) behaal ten opsigte van die verwesenliking van die demokratiese ideaal. ematies kan haar gedagtes ten opsigte van die modusse van verandering so orgestel word:

| | | KOMPROMIS | MAGSUITOEFENING |
|---|---|---|---|
| RELA-TIEWE AKTEUR-STERKTE | ELITES (dominant) | PAKT | IMPOSISIE *(ekstern) *(intern) |
| | MASSA (dominant) | HERVORMING | REWOLUSIE |

Fig. 3.4 Modusse van Verandering.

(KARL, 1990:9)

'anuit 'n soortgelyke perspektief as dié van Karl (1990) identifiseer Huntington 1991: 114) drie modusse vir die verandering van politieke instellings, naamlik *ansformation* (transformasie), *replacement* (regime- vervanging) en *transplacement* nagsdeling[7]). Eersgenoemde ("transformation") verwys na 'n situasie waarin die lite van die bestaande regime die inisiatief neem en 'n demokratiese bedeling tot and bring. [Brasilië ná 1974 is 'n voorbeeld in dié verband (Huntington, 1991: 126).] egimevervanging (rewolusie?) impliseer 'n situasie waar opposisiegroepe die leiding eem, die regime tot 'n val bring en 'n nuwe regime geïnstitusionaliseer word, soos e geval was met die ou Oos-Duitsland, die beëindiging van die Caetano-bewind in ortugal (1974) en die val van die Marcos-bewind in die Filippyne. Laasgenoemde ransplacements") vind plaas wanneer demokratisering die produk is van meenskaplike aksies en besluite van elites ten opsigte van die verandering van litieke instellings as eis vir staatbou. Dit stem ooreen met Karl (1990: 8-10) se skouing van paktvorming. Volgens Huntington (1991: 154-155) is Suid-Afrika, der die bewind van F.W. de Klerk 'n voorbeeld van laasgenoemde.

By gebrek aan 'n beter woord word daar met "magsdeling" volstaan.

Huntington (1991: 141-142, 149-151, 162-163, 231, 251-253) gaan sover as om taktiese spelreëls te identifiseer om die totstandkoming van die demokrasie onder verskillende omstandighede en met die inisiatief van verskillende akteurs (in ooreenstemming met die leidende groepering binne elk van die geïdentifiseerde modusse) uit te spel.[8] Dit kan gesien word as taktiese besluitneming binne die raamwerk van die groter strategiese plan (modus) ter bereiking van die demokratiese ideaal.

C) **Kenmerkende aard en verwagtinge rakende die veranderingsproses:** In teenstelling met die algemeen aanvaarde denke by die deterministe, waar verandering as progressief gevisualiseer word en hoë verwagtinge gekoester word ten opsigte van die bereiking van die demokratiese ideaal, word demokratiseringsdenke gekenmerk deur lae verwagtinge rakende die ontplooiing van die demokrasie. Die moontlikheid van regressie, agteruitgang, verval, ineenstorting en selfs die herstel van 'n outoritêre bedeling is net so wesenlik (trouens, heelwat méér as statistieke in aanmerking geneem word) as wat die geval is met die realisering van die demokratiese ideaal. (Vergelyk Schmitter & O'Donnell, 1988: 3, Karl, 1990: 8-10, Huntington, 1991: 290-294, Przerworski, 1988: 58-61). Soos Schmitter & O'Donnell (1988: 3) in dié verband opmerk, kan pogings om te demokratiseer lei tot "... the instauration of a political democracy or the restoration of a new, and possibly more severe form of authoritarian rule... (or) ... the rotation in power of successive governments which fail to provide any enduring or predictable solution to the problem of institutionalizing political power." Verder word ook verwys na "... the extraordinary uncertainty of the transition, with its numerous surprises and difficult dilemmas" (3).

Onsekerheid bestaan ook of die demokrasie (indien wel gerealiseer) standhoudend sal wees. Rustow (1970: 346) het vroeër reeds opgemerk dat "(t)he factors that keep a democracy stable may not be the ones that brought it into existence : explanations of democracy must distinguish between function and genesis." In die verband wys Przerworski (1988: 58-60) ook daarop dat die proses waardeur 'n demokrasie tot stand kom op die institusionalisering van onsekerheid ("uncertainty") neerkom met as implikasie dat 'n stabiele proses na afloop van die realisering van die demokratiese ideaal moeilik bereik kan word en nuwe risiko's, eise en verwagtinge verreken moet word met inbegrip van staatsgrepe, rewolusies en geweld (waar van toepassing). Dus, demokrasie impliseer nie noodwendig 'n substantiewe kompromis, dit wil sê die middE van die pad nie (vergelyk Przerworski, 1986: 59-60). Trouens, onsekerheid,

---

8 Raadpleeg Huntington (1991: 141-142, 149-151, 162-163, 231, 251-253) vir meer besonderhede oor hierdie taktiese spelreëls. In afdeling 3 van hoofstuk 6 waar die strategie-komponent van sy denke hanteer word, word hierdie aspekte in besonderhede uitgespel.

politieke onstabiliteit en geweld is 'n groot moontlikheid wanneer demokratiese praktykte geïnstitusionaliseer word. Die gevolge van die onlangse verkiesing in Angola, en die intensivering van die burgeroorlog as uitvloeisel hiervan, is nóg vars in die geheue.

Aspekte soos lae verwagtinge rakende die realisering van die demokratiese ideaal en die "onsekerheidsbeginsel" deurspek kontemporêre denkers se werke en dui wesenlik op 'n sterk realisme en getemperde liberalisme indien geplaas teenoor die denke van die deterministe. Die ideaal van die ontwikkeling van politieke instellings as eis vir staatbou openbaar as gevolg van die aangeduide realisme 'n amperse konserwatisme en selfs 'n pessimisme rakende die ontplooiing van die demokratiese ideaal soos ook beklemtoon word deur doelwitstelling en doelwitbereiking in terme van hierdie denke.

)) **Doelwitstelling en doelwitbereiking:** Normatief gesproke is die denkers sterk erbind tot die nastrewing van die demokratiese ideaal (doelwitstelling) of te wel dit vat vroeër as die liberaal demokratiese model voorgehou is (vergelyk Schmitter & )'Donnell, 1988: 3, 13-14; Karl, 1990: 1-5; Huntington, 1991: XV, 5-13; Przerworski, 988: 58-61). Schmitter & O'Donnell (1988: 3) beweer in hierdie opsig dat "... ıstauration and eventual consolidation of political democracy constitutes per se a esirable goal." Huntington (1991: XV) beklemtoon dat "... I believe that democracy is ood in itself and that ... it has positive consequences for individual freedom, omestic stability, international peace and the United States of America." Hoewel die emokratiese ideaal wyd gepropageer word, is hierdie denkers, in teenstelling met e deterministe, realisties en selfs pessimisties oor die realisering van die emokratiese ideaal. Schmitter & O'Donnell (1988: 70) vat hierdie toedrag van sake oed saam, deur te beklemtoon dat "(p)olitical democracy ... usually emerges from a onlinear highly uncertain, and imminently reversible process ..."

e tipe demokrasie (indien wel bereik en sonder waarborge vir voortbestaan) kan k verskillende vorme aanneem, soos 'n politieke demokrasie (poliargie), lsynsdemokrasie, sosiale demokrasie, populistiese demokrasie (Schmitter & Donnell, 1988: 13). In teenstelling met die linieêre en onomkeerbare aard van elwitbereiking, prominent by die deterministiese denkers, beklemtoon nokratiseringsdenkers die kompleksiteit van so 'n veranderingsproses, die skillende "roetes" met verskillende "bestemmings", sowel as die verskillende vorme elwitbereiking) wat die demokrasie kan aanneem. Schmitter & O'Donnell 38: 13) se diagrammatiese voorstelling van die onderskeie "roetes" en temmings lyk soos volg:





Fig. 3.5 REGIME-VERANDERINGS - MODUSSE EN RESULTATE
(Schmitter & O'Donnell, 1988:13)

ırl (1990: 15) wys ook daarop dat 'n bepaalde modus van verandering (ideaaltipies ısproke) kán lei tot die bereiking van 'n bepaalde doelwit of situasie. So kan *eksterne posisie* lei tot 'n "electoral authoritarian rule" (skyndemokrasie), terwyl *interne posisie* meestal lei tot 'n konserwatiewe demokrasie met 'n anti-sosialistiese ıesteldheid. *Paktvorming* het dikwels as resultaat 'n korporatiewe of konsosiatiewe mokrasie in terme van ooreenkomste bereik, terwyl *hervorming* kán lei tot 'n mpeterende veelparty-demokrasie, maar as gevolg van sy broosheid dikwels die

weg baan vir 'n outokrasie. *Rewolusie* as modus van verandering sal bykans sonder uitsondering aan 'n dominante eenpartystelsel beslag gee. Die volgende aangepaste diagram (vergelyk Karl, 1990: 15) illustreer bogenoemde:

| MODUS | MOONTLIKE RESULTATE |
|---|---|
| IMPOSISIE →<br>* EKSTERN →<br>* INTERN → | KONSERWATIEWE UITSLAG<br>VEELPARTY (electoral authoritarian rule)<br>VEELPARTY (beperkend) |
| PAKT → | TIPE KONSOSIATIEWE DEMOKRASIE (kompromis) |
| HERVORMING → | KOMPETERENDE VEELPARTYSTELSEL |
| REWOLUSIE → | DOMINANTE EENPARTYSTELSEL |

Fig. 3.6 Verwagte resultate (ideaaltipes) van geïdentifiseerde modusse. (KARL, 1990:15)

Teen die agtergrond van die voorafgaande bespreking, behoort dit duidelik te wees dat demokratiseringsdenke, meta-teoreties gesproke, ingrypend verskil van dié van die deterministe. Aan hierdie aspek word ten slotte aandag gegee.

E) **Metateoretiese kenmerke:** Anders as die oorheersende kenmerk van die deterministe, naamlik die strewe na hoë vlakke van veralgemening en sekerheid oor die korrektheid van teoretiese konstrukte, staan demokratiseringsdenkers skepties teenoor hoë vlakke van veralgemening (gegewe die kompleksiteit van elke situasie) en word beperkte sekerheid oor die korrektheid van teoretiese konstrukte soos voortgebring uit hierdie oriëntasie beklemtoon (vergelyk Schmitter & O'Donnell, 1988: 3-5, 65-72; Huntington, 1991: XIII-XV). Die titel van een van die werke *Transitions from authoritarian rule - tentative conclusions about uncertain democracies* bevestig hierdie toedrag van sake. Waar teoretiese konstrukte by die deterministe 'n sterk kousale inslag vertoon, is dié van die demokratiseringsdenke eerder realisties oftewel ingestel op die verklaring van 'n bepaalde konteks.

'n Verdere kenmerk van die demokratiseringsdenke is die pleidooi vir 'n nuwe metodologiese invalshoek vir die bestudering van ingrypende politieke verandering van politieke instellings (Schmitter & O'Donnell 1988: 4; Przerworski, 1988: 47-50). Schmitter & O'Donnell (1988: 4) beklemtoon dat "(a) 'normal science methodology' is inappropriate in rapidly changing situations, where those very parameters of political action are in flux. This includes transitions from authoritarian rule." Hoewel geen metodologiese credo aangebied word nie, is daar tog enkele uitsonderlike aspekte eie aan die metodologie van die demokratiseringsdenke wat beklemtoon kan word te wete *'n konteksgebonde bestudering van prosesse en sub-prosesse, die skepping en gebruik van konsepte waarmee gepoog word om 'n greep op die strategiekomponent*[9] *van verandering te verkry (liberalisering, demokratisering, sosialisering), 'n sensitiwiteit vir impulse en seine vanuit die proses, die verrekening van subjektiewe faktore aanwesig in 'n bepaalde konteks, en die beklemtoning van bepaalde politieke keuses (besluite) teen die agtergrond van beskikbare opsies.* Skematies kan 'n vergelyking van die deterministiese en demokratiseringsdenke betreffende die teorie van die transformasie van politieke instellings so voorgestel word:

Konsepte van die demokratiese deterministe is sterker op die analitiese as die strategiese konteks van politieke verandering ingestel.

| KRITERIUM | DEMOKRATIESE-DETERMINISTE (ideaal-tipies) | KONTEMPORêRE DEMOKRATISERINGSDENKE (ideaal- tipies) |
|---|---|---|
| HISTORIESE KONTEKS | ± 1776 - 1921 (First wave) ± 1945 - 1965 "Second wave" (Huntington) | 1974 - 1993 "Third wave" (Huntingon) |
| STRUKTUUR VAN DIE VERANDERINGS-PROSES | DETERMINISTIES IN TERME VAN DIE SóêKE NA BEPAALDE VEREISTES, OMSTANDIGHEDE EN KONDISIES WAT DEMOKRATISERING MOONTLIK MAAK<br><br>OORGANG<br>HOOG ←——→<br>LERNER<br>LIPSET<br>MOORE | PROSESMATIG, KONTEKSGEBONDE DENKE MET DIE BEKLEMTONING VAN SUBJEKTIEWE FAKTORE WAT TEN GRONDSLAG Lê AAN DEMOKRATISERING<br><br>HOOG<br>DAHL RUSTOW SCHMITTER<br>O'DONNEL<br>KARL<br>PRZERWORSKI<br>LINZ |
| DOELWITSTELLING (Normatief gesproke) | WESTERSE DEMOKRASIE (VSA, BRITTANJE) (Idealisme)<br>←——→ | POLIARGIE (Dahl) (Realisme) |
| DOELWITBEREIKING IN TERME VAN GESTELDE IDEALE | HOë VERWAGTINGE (optimisties)<br>←——→<br>STERK | LAE VERWAGTINGE (pessimisties)<br><br>STERK |
| VERREKENING VAN DIE STRATEGIESE KONTEKS EN DIE WYSE WAAROP VERANDERING PLAASVIND | BEPERKTE INDIEN ENIGE AANDAG AAN STRATEGIESE EN TAKTIESE OORWEGINGS<br>←——→<br>EWOLUSIONêR EN LINEêR | DIE BEKLEMTONING VAN STRATEGIESE EN TAKTIESE OORWEGINGS AS BEPALEND VIR DIE VERANDERINGSPROSES EN DIE UITKOMS HIERVAN<br><br>KOMPLEKS, SIKLIES SELFS DIALEKTIES MET VERSKEIE MODUSSE (roetes) (ook rewolusie) |
| META-TEORETIESE KENMERKE | - KOUSALE INSLAG<br>- ALGEMEENGELDIGHEID<br>- HOë SEKERHEID<br>- KONVENSIONELE METODOLOGIE<br>- ANALITIESE KONSEPTE<br><br>IDEAAL-TIPIES | - REALISTIESE INSLAG<br>- BEPERKTE GELDIGHEID<br>- LAE SEKERHEID<br>- SOEKE NA 'N NUWE METODOLOGIE<br>- STRATEGIESE KONSEPTE<br><br>IDEAAL-TIPIES |

FIG. 3.7'N ALGEMENE PERSPEKTIEF TEN OPSIGTE VAN DIE DENKVERSKILLE TUSSEN DIE DEMOKRATIESEDETERMINISTE EN DIE KONTEMPORêRE DEMOKRATISERINGSDENKE.

Die kontemporêre-demokratiserings-paradigma met sy eiesoortige historiese konteks, sy realisme en selfs pessimisme ten opsigte van die haalbaarheid van die demokratiese ideaal, die beklemtoning van strategiese en taktiese oorwègings in prosesverband as bepalend vir die realisering van die demokratiese ideaal, die formulering van realistiese teoretiese konstrukte en die algemene realisme en pessimisme wat hierdie denkraamwerk in 'n konserwatiewe rigting dwing (geplaas teenoor die demokratiese deterministe) verskaf die konteks vir die verstaan van Huntington se nuutste bydrae *The third wave : democratization in the late twentieth century* (1991).

Met die rekonstruksie van die studieveld in perspektief geplaas kan daar nou gepoog word om 'n geheelbeeld van Huntington se bydrae tot die transformasie van politieke nstellings aan te bied.

## 5. HUNTINGTON SE BYDRAE TOT DIE STUDIE VAN DIE TRANSFORMASIE VAN POLITIEKE INSTELLINGS IN OORGANGSTYE

.P. Huntington het oor 'n periode van bykans veertig jaar bydraes gelewer op erskillende terreine, met inbegrip van die Amerikaanse Politiek, Strategiese Studies, 'ergelykende Politiek en die studieveld van die Politieke Ontwikkeling. Die bydrae an 'n denker van sy kaliber tot hierdie temas kan nie simplisties gekategoriseer en eïnterpreteer word nie. Vandaar die relatief komplekse rekonstruksie van die udieveld van veral politieke ontwikkeling, wat as grondslag benodig is om net die elangrikste bydraes van Huntington in plek te kry. As die ontwikkeling van die olitieke Wetenskap enersyds en die groot verandering in die wêreldpolitiek ndersyds gedurende hierdie periode (die laaste bykans veertig jaar) in ag geneem ord, is dit duidelik dat verskillende en selfs uiteenlopende kontekste verreken moet ord ten einde Huntington se bydrae aan te toon. Teen hierdie agtergrond is dit dig om Huntington binne 'n bepaalde *akademiese tradisie* te plaas waarna sy draes in terme van die *kontekste* waarbinne dit staan, verreken sal word. Laastens Huntington se bydraes in 'n bepaalde *metateoretiese konteks/te* geplaas word.

**Akademiese tradisie:** Uit die rekonstruksie van die studieveld is dit duidelik dat ntington se vroeëre bydraes aan 'n konserwatiewe tradisie verbind kan word wyl sy latere bydraes (1981a; 1984; 1987; 1989) en veral sy nuutste bydrae (1991) rker aanklank vind by die liberale tradisie. Op sigwaarde lyk dit dus of Huntington grondliggende verskuiwing in denke beleef het ten opsigte van die tema. Dit is er nie die geval nie en kan verklaar word deur die volgende faktore te verreken:

- die institusionalisering van liberale waardes in die Amerikaanse politieke tradisie;

- die historiese kontekste waarbinne die onderskeie kategorie-bydraes staan;

- die realisme, pessimisme en selfs konserwatisme eie aan die kontemporêre demokratiseringsdenke.

* Anders as Wes-Europa met 'n tradisie van absolute monargieë, het die VSA uitsluitlik 'n demokratiese politieke tradisie van meer as 200 jaar en kan liberale waardes dus versoen word met 'n Amerikanisme as 'n tipe konserwatisme. Verder word die Amerikaanse politieke tradisie gekenmerk deur die verabsolutering van die waardes van orde en stabiliteit enersyds (geassosieer met die konserwatiewe radisie) en vryheid en gelyke geleenthede andersyds (geassosieer met die liberale radisie). Hierdie skynbare dualisme (orde en gesag versus politieke vryheid) word odoende opgehef teen die agtergrond van die Amerikaanse politieke tradisie in erme van 'n Amerikanisme waarin die waardes eie aan die liberalisme in terme van 'n onserwatisme beskerm, bewaar en uitgebou moet word.

Die historiese kontekste waarbinne die onderskeie bydraes gelewer is, verskil ook ngrypend. Die konteks waarbinne eersgenoemde bydraes (1965; 1968) staan, is 'n onteks waar politieke verval en, agteruitgang in veral die derdewêreldstate rominent was, terwyl die Amerikaanse politieke orde en die waardes waarop dit eanker was en steeds is, bedreig is deur die imperialisme en ekspansionisme van e USSR en sy bondgenote, gerugsteun deur 'n rewolusionêre ideologie. Hierdie edreiging het by Huntington, as erkende strateeg, 'n natuurlike reaksie van die eklemtoning van orde en stabiliteit as prominente waardes gehad, veral waar hy in e Viëtnam-oorlog regstreeks met die rewolusionêre magte en hul bedreiging van de en stabiliteit (in hierdie tyd 'n redelik algemene verskynsel) te kampe gehad het.

ntington (1968: 5-7) motiveer (en kritiseer) die onsensitiwiteit vir orde en stabiliteit sommige Amerikaanse teoretici as die resultaat van die dominante posisie van die eraal-ekonomiese beskouing as denklyn vir politieke ontwikkeling in hierdie tyd. Hy wys na "... the absence in the American historical experience of the need to found olitical order" (1968: 5-7). Ten opsigte van laasgenoemde aspek wys Huntington arop dat "(w)hen an American thinks about the problem of government-building, he ects himself not to the creation of authority and the accumulation of power (dit rd veronderstel) but rather to the limitations of authority and the division of power" 87: 7). Binne die Amerikaanse tradisie (teoreties gesproke) het die klem dus der geval op hoe politieke mag beperk kan word, in teenstelling met die uitbreiding

en konsolidasie van mag, as eis vir politieke ontwikkeling. Hierdie redes, sowel as 'n redelik algemene tendens by denkers in die laat sestigerjare waarna O'Brien (1972: 352) verwys as "... (a) shift from 'democracy' to 'order' as a political goal and ideal", verklaar Huntington se beklemtoning van konserwatiewe waardes in hierdie tyd. Sy bydraes van die sestigerjare moet dus gelees en beoordeel word teen die spesifieke agtergrond en omstandighede van daardie tyd en kan nie los daarvan verstaan word nie.

Hierteenoor staan sy bydraes van veral die laat jare tagtig teen die agtergrond van 'n nuwe wêreldorde waarin demokrasie en demokratisering tot norm verhef is deur Westerse state en, waar die bedreiging van hierdie ideaal, deur die Sowjet-Unie en sy bondgenote, verdwyn het, aangesien laasgenoemde as magsblok in die internasionale politiek teen die laat tagtigerjare verbrokkel het en self in demokratiese rigting (liberaal-demokraties) begin ontwikkel het. Dus: teen die agtergrond van die Amerikaanse politieke tradisie en die eiesoortige aard van die historiese kontekste waarbinne hierdie bydraes geskryf is, lê die verklaring vir die sogenaamde "grondverskuiwing" in die denke van Huntington.

Soos reeds vroeër aangedui, is 'n belangrike kenmerk van die kontemporêre demokratiseringsdenke 'n pessimisme ten opsigte van die haalbaarheid van die demokratiese ideaal, soos wat dit te staan kom teenoor die naïewe idealisme en optimisme van verál die liberaal-ekonomiese denke. Die vervanging van die idealisme deur realisme (en selfs pessimisme) binne die denke van kontemporêre demokratiseringsdenkers beweeg hierdie denke teenswoordig in 'n konserwatiewe rigting wat raakpunte vertoon met die realisme eie aan die Huntingtondenke van die jare sestig. Dus Huntington se bydraes (1965; 1968) reflekteer aspekte van die filosofie wat later prominent by denkers binne die kontemporêre demokratiseringsparadigma waar te neem is. Huntington se 1991-bydrae hoort ook tuis by die kontemporêre demokratiseringsparadigma wat 'n aanduiding van konsekwentheid in sy denke is.

**Bydraes binne die onderskeie kontekste:** Soos pas aangedui, het redes soos 'n reaksie op die idealisme en naïwiteit van die liberaal-ekonomiese denke, dit wil sê Amerikaanse teoretici se ignorering van die faktore wat orde en stabiliteit in die hand werk, 'n fokusverskuiwing van 'demokrasie' na "politieke orde" as dominante waarde in die literatuur van die politieke ontwikkeling gelei tot die 1965- en 1968-bydraes van Huntington wat 'n sterk konserwatiewe en behoudende inslag het. In 'n neutedop kan die bydrae van Huntington teruggevoer word na die volgende sake:

* Politieke ontwikkeling (institusionalisering) en politieke modernisasie (die skepping van 'n politieke bewussyn) is nie sinoniem tot mekaar nie (1965: 386-405; 1971: 288-305; 1968: 266).

* Politieke ontwikkeling en politieke modernisasie is moontlik deur ewolusie en rewolusie (1968: 264-396).

* Sommige state word gekenmerk deur politieke ontwikkeling en ander deur politieke verval (1965; 1968:1-8).

* Ekonomiese modernisasie kan lei tot politieke verval (1965; 1968: 6).

* Orde en stabiliteit is die dominante waardes vir politieke ontwikkeling en vorm die grondslag waaruit die demokratiese ideale van vryheid en gelykheid kan ontwikkel (1965; 1968: vii-viii, 1-8, 461).

Politieke institusionalisering is die sleutel tot politieke stabiliteit (1965; 1968: 8-32).

)ie kern van Huntington se argumente kom daarop neer dat ekonomiese ıodernisasie tot politieke verval aanleiding kán gee. Politieke institusionalisering, 'n nafhanklike doelwit van ekonomiese modernisasie, kan dien as teenvoeter vir olitieke onstabiliteit. Vanuit 'n toestand van orde en stabiliteit kan politieke vryheid, in rme van die demokratiese ideaal, na vore kom.

ierdie argumente van Huntington verskil ingrypend van dié van die liberaal-konomiese denke - die dominante denke van die laat vyftiger- en die sestigerjare. So grypend verskil die argumente dat Huntington die kernstruktuur van die liberaal-onomiese denke wysig en daardeur verantwoordelik is vir 'n paradigma-randering ('n wetenskapsrewolusie - aldus Kuhn) [Vergelyk ook Duvenhage, 989: 26-40) (1992: 23-30). Lesers word ook verwys na afdeling 2, 4 van die vorige ofstuk oor besonderhede van die gestelde vereistes vir paradigma-verandering os uitgespel vir hierdie studie.] Skematies kan die vertrekpunte van die liberaal-onomiese paradigma soos volg teenoor dié van die Huntington-paradigma gestel rd:

| DIE HUNTINGTON-BESKOUING: | DIE LIBERAAL-EKONOMIESE BESKOUING: |
|---|---|
| 1. EKONOMIESE MODERNISASIE KAN LEI TOT POLITIEKE VERVAL. (KERN) | 1. EKONOMIESE MODERNISASIE LEI TOT POLITIEKE ONTWIKKELING (DEMOKRASIE) (KERN) |
| 2. POLITIEKE INSTITUSIONALISERING VERSEKER STABILITEIT WAARUIT VRYHEID KAN VOORTVLOEI. | 2. PARLEMENTêRE DEMOKRASIE VERSEKER STABILITEIT. (KERN) |
| 3. POLITIEKE ONTWIKKELING EN POLITIEKE MODERNISASIE IS NIE SINONIEME NIE. | 3. POLITIEKE MODERNISASIE IS POLITIEKE ONTWIKKELING. |
| 4. POLITIEKE ONTWIKKELING KAN EWOLUSIONêR SOWEL AS REWOLUSIONêR WEES. | 4. POLITIEKE ONTWIKKELING BEHOORT EWOLUSIONêR TE WEES. |

Fig. 3.8 'n Vergelyking van die Huntington-beskouing met diê van die liberaal-ekonomiese denke

ı Opname wat in 1973 aan Amerikaanse Universiteite gedoen is, het die populariteit ın Huntington se bydrae *Political order in changing societies* beklemtoon (Groth, ı979: 203). Hiervolgens was bogenoemde werk die populêrste binne die studieveld ın die politieke ontwikkeling. Van die respondente het 57,6% aangetoon dat hulle ɔorkeur gee aan Huntington se bydraes binne die sillabusse vir Politieke ntwikkeling. Almond & Powell se *Comparative politics - a developmental approach* ɔ66), was in die tweede plek met slegs 26,5% van die stemme. Verder het 59,4% ın die respondente aangetoon dat Huntington se benadering tot die studieveld ıikbaarder is as dié van kompeterende werke (Groth, 1979: 203). Die volgende ıgramme gee 'n aanduiding van die populariteit en status van Huntington se 1968-drae tot die studieveld van die politieke ontwikkeling:

| Outeur en titel van boek | % van Respondente | Getal |
|---|---|---|
| Samuel Huntington, *Political Order in Changing Societies* | 57.6 | 98 |
| Gabriel Almond and G. Bingham Powell, *Comparative Politics: A Developmental Approach* | 26.5 | 45 |
| David Apter, *The Politics of Modernization or Choice and the Politics of Allocation* | 14.1 | 24 |
| Gabriel Almond and James Coleman, eds., *The Politics of Developing Areas* | 11.8 | 20 |
| Barrington Moore, Jr., *Social Origins of Dictatorship and Democracy* | 11.8 | 20 |
| C.E. Black, *The Dynamics of Modernization* | 7.0 | 12 |
| Jason Finkle and Richard Gable, eds. *Political Development and Social Change* | 7.0 | 12 |
| Princeton Series on Development (met verwysing na die totale pakket) | 7.0 | 12 |
| Leonard Binder, James S. Coleman, Joseph La Palombara, Lucian W. Pye, Sidney Verba, Myron Wiener, *Crises and Sequences in Political Development* | 6.5 | 11 |
| Karl Deutsch, *Nationalism and Social Communication* | 5.9 | 10 |
| John Kautsky, *The Political Consequences of Modernization* | 5.3 | 9 |
| Rupert Emerson, *From Empire to Nation* | 5.3 | 9 |
| Lucian Pye, *Aspects of Political Development* | 5.3 | 9 |
| GEEN | 8.2 | 14 |

(Kensky & Kensky, 1975:572).

IG. 3.9 BYDRAES OOR POLITIEKE ONTWIKKELING EN-MODERNISASIE DEUR RESPONDENTE AS BELANGRIK AANGEDUI

| Outeur en titel van boek | % van Respondent | Getal |
|---|---|---|
| Samuel Huntington, *Political Order in Changing Societies* .............................. | 59.4 | 101 |
| Gabriel Almond and G. Bingham Powel, *Comparative Politics: A Developmental Approach* .... | 47.0 | 80 |
| David Apter, *The Politics of Modernization* ........ | 25.3 | 43 |
| Lucian Pye, *Aspects of Political Development* ...... | 13.5 | 23 |
| C.E. Black, *The Dynamics of Modernization* .......... | 9.4 | 16 |
| John Kautsky, *The Political Consequences of Modernization* ................................ | 7.0 | 12 |
| Barrington Moore, Jr., *Social Origins of Dictatorship and Democracy* ....................... | 6.5 | 14 |
| Fred Riggs, *Administration in Developing Countries* or various articles .................... | 5.0 | 8 |

FIG. 3.10 BENADERINGS TOT POLITIEKE ONTWIKKELING DEUR RESPONDENTE AS BRUIKBAAR GEAG

| enadering | Afrikaniste | Latyns-Amerikaniste | Ontwikkelings-kundiges |
|---|---|---|---|
| Samuel Huntington ...... | 37.1 | 44.0 | 59.4 |
| Gabriel Almond and G. Bingham Powel ...... | 44.9 | 37.0 | 47.0 |
| David Apter ........... | 30.9 | 6.5 | 25.3 |
| Lucian Pye ........... | * | * | 13.5 |
| Charles Anderson ....... | * | 16.8 | * |
| C.E. Black ............ | * | * | 9.4 |
| hristian Potholm ...... | 7.9 | * | * |
| ristide Zolberg ....... | 7.9 | * | * |
| ohn Kautsky .......... | * | * | * |
| arrington Moore ....... | * | * | 6.5 |
| elio Jaguaribe ....... | * | 5.4 | * |
| red Riggs ............ | * | * | 5 |

(Kenski & Kenski, 1975:575)

G. 3.11 BENADERINGS TOT POLITIEKE ONTWIKKELING - BRUIKBAAR GEVIND DEUR NAVORSERS WAT BINNE AFRIKA-STUDIES, LATYNS-AMERIKAANSE STUDIES EN DIE VELD VAN DIE POLITIEKE ONTWIKKELING/MODERNISASIE WERKSAAM IS

Vir die doeleindes van die organisasie van literatuur in die volgende hoofstukke sal daar na hierdie bydraes van Huntington verwys word as dié wat staan binne die *institusionaliseringskonteks*.

Huntington se latere bydraes, te wete dié van die jare tagtig, maar veral die laaste boek *The third wave - democratization in the late twentieth century* (1991), vorm deel van die denke wat as kontemporêr-demokraties getipeer word. Hoewel enkele kleinere afwykinge van die groter paradigma wel bestaan (soos sy beklemtoning van die dialektiese aard van die geskiedenis van demokratisering teenoor ander denkers se iikliese beskouing) verskaf dit 'n voldoende raamwerk/grondslag vir die verstaan en ategorisering van Huntington se denke. Teen hierdie agtergrond is dit voldoende om a Huntington te verwys as 'n leidende denker binne die raamwerk van hierdie enke. Vir doeleindes van die kategorisering van hierdie bydraes sal daar verwys ord na die *demokratiese-institusionaliseringskonteks*.

) **Metateoretiese konteks van sy bydraes:** Huntington se vormingsjare as politieke etenskaplike staan teen die agtergrond van die "behavioralistiese rewolusie" in die olitieke wetenskap van die jare vyftig en sestig en die strewe na 'n "science of olitics". Vandaar die strewe by Huntington om kousale teorie in terme van die ositivistiese filosofie (en die analogie hiervan met die teorie eie aan die tuurwetenskappe) te formuleer. Huntington se bydraes (1965; 1968) sowel as oeëre bydraes met inbegrip van *The Soldier and the state : the theory and politics of il-military relations* (1957), kan meta-teoreties gesproke geplaas word teen die tergrond van die positivistiese wetenskapsfilosofie en die gebruik van die tenskaplike metode om aan kousale teorie beslag te gee.

ntington se latere bydraes, veral *The Third wave: democratization in the late twentieth tury* (1991), vertoon, wat die formulering van teorie aanbetref, 'n sterk realistiese lag - dit wil sê die soeke na faktore/omstandighede binne 'n bepaalde konteks wat verklaring vir 'n verskynsel (in hierdie geval demokratisering) kan dien.[10] alistiese teorie is 'n swakker teorie/verklaring as kousale teorie (vergelyk afdeling 5, 3 van die vorige hoofstuk) wat die indruk laat dat Huntington se enskapsbeskouing in hierdie tyd verander het. Ten opsigte van sy 1991-bydrae

---

Dit moet egter beklemtoon word dat slegs die algemene karakter van Huntington se teoretiese bydraes binne die institusionaliseringskonteks van sy denke kousaal van aard is. Wat die normatiewe komponent van sy bydrae aanbetref (binne hierdie konteks) is 'n afwyking te bespeur, aangesien 'n sterker realistiese (teoretiese) inslag hier na vore kom. 'n Soortgelyke afwyking van die algemene patroon is ook te bespeur ten opsigte van die normatiewe en strategiese komponente van sy bydrae binne die demokraties-institusionaliseringskonteks waar 'n sterker kousale inslag inteenstelling tot 'n realistiese (teoretiese) inslag uitgewys kan word. In die algemeen gesien is die teoretiese karakter van sy bydrae binne die institusionaliseringskonteks van sy denke (ten spyte van die afwyking) sterker kousaal georiënteerd. Die algemene strekking van sy bydrae binne die demokraties-institusionaliseringskonteks is weer (ten spyte van die genoemde afwykings) sterker realisties ingestel. Hierdie afwykings word gereflekteer in Fig. 5.5 en Fig. 6.6 van hierdie studie.

verklaar hy egter dat "(t)his book partakes of both theory and history, but it is neither a work of theory nor a work of history. It falls somewhere in between; it is primarily explanatory. A good theory is precise, austere, elegant and highlights the relations among conceptual variables ..." (xiii-xiv). En verder "As in Political order, I have attempted to keep my analysis as detached as possible from my values; at least that s the case in 95 percent of this book ...". Hierdie verklaring dui duidelik daarop dat daar by Huntington nog altyd die strewe was, en steeds is, om vanuit 'n positivistiese vetenskapsfilosofie kousale teorie met 'n sterk empiriese inslag te formuleer en sien y self sy 1991-bydrae as 'n onvoldoende verklaring (teorie) vir die verskynsel van lemokratisering soos gemeet aan sy eie hoë standaarde.

Om saam te vat kan die volgende ten opsigte van S.P. Huntington se bydrae gestel vord:

Ten grondslag van Huntington se denke lê 'n Amerikanisme waarin liberale aardes deel vorm van 'n bepaalde politieke tradisie wat beskerm, bewaar en tgebou moet word. Dit verklaar Huntington se verbondenheid aan die sigbare nkretisme van waardes wat geassosieer word met sowel konserwatiewe as liberale adisies soos dit in hierdie hoofstuk uitgespel is en die beskouings onderliggend eraan. *Om hierdie rede moet Huntington se denke beoordeel word teen die agtergrond n die inkleding van liberale waardes binne 'n konserwatiewe tradisie.* Dit verklaar ook die obleme wat ervaar word om Huntington se bydraes te kategoriseer en te erpreteer en hiermee saam sy hoogs omstrede posisie as politieke wetenskaplike.

Die geïdentifiseerde historiese kontekste (die institusionaliserings- en demokratiese-stitusionaliseringskontekste) bring eiesoortige omstandighede, probleme en rskynsels na vore wat kragtens geselekteerde waardes, relevant vir elke lsgewrig, vanuit 'n tipe konserwatisme (Amerikanisme) aangespreek word. In een uasie is 'n bepaalde waarde, en die grondliggende filosofie wat dit veronderstel, bas en in ander omstandighede 'n ander waarde met 'n ander grondliggende sofie, maar op basis daarvan dat dit versoenbaar is, in die geval van Huntington, t die Amerikaanse politieke tradisie. Dit verklaar sy beklemtoning van die waardes orde en stabiliteit in een periode en die waardes verbonde aan die liberaal-nokratiese model in 'n ander tydperk. Albei waardestelsels is versoenbaar met 'n erikanisme as direkte uitvloeisel van 'n Amerikaanse politieke tradisie.

leta-teoreties gesproke moet Huntington se denke, wat die wetenskapsfilosofie van aanbetref, as positivisties-behavioralisties getipeer word met die strewe om 'n sale teorie te vorm ter verklaring van probleme en verskynsels soos politieke abiliteit en demokratisering.

Kortom, Huntington se denke kan polities-ideologies gesproke aan 'n Amerikanisme verbind word en wetenskaplik-filosofies aan 'n positivisties-behavioralistiese tradisie.

## 6. SAMEVATTENDE PERSPEKTIEF

Die plasing van Huntington binne die studieveld en die aantoon van sy vakwetenskaplike bydraes in die algemeen en, ook ten opsigte van die tema van hierdie studie in die besonder, is geen geringe taak nie. Huntington se vakwetenskaplike bydraes, ook ten opsigte van die transformasie van politieke nstellings in oorgangstye, kan voorwetenskaplik gesproke teruggevoer word na 'n iesoortige Amerikanisme waarin geïnstitusionaliseerde liberale waardes teen die gtergrond van 'n konserwatisme, gegiet in terme van die Amerikaanse politieke adisie, prominent aanwesig is. Om hierdie rede moet die grondslae van Huntington e denke gesoek word in die eiesoortige en kenmerkende aard van die Amerikaanse olitieke tradisie en die inkleding hiervan met geïnstitusionaliseerde en gevestigde berale waardes. Dit bied 'n grondslag vir die verstaan van sy beklemtoning van aardes soos orde en stabiliteit binne een konteks en die beklemtoning van waardes oos geassosieer met die liberaal-demokratiese model as uitvloeisel van die liberale adisie binne 'n ander konteks.

nne 'n wetenskaplike konteks moet Huntington se wetenskapsfilosofie, sowel as e metateoretiese raamwerk waarbinne hy opereer, in terme van die vertrekpunte en osofie van die positivistiese behavioralisme gesoek en verstaan word. Vandaar sy ewe om teoretiese konstrukte met 'n kousale inslag te skep in analogie met oretisering binne die natuurwetenskappe ten einde orde en struktuur in die rklikheid bloot te lê en geldige en betroubare kennis tot stand te bring.

kwetenskaplik gesproke kan twee kontekste geïdentifiseer word ten opsigte van tema, te wete 'n institusionaliserings- en 'n demokratiese-titusionaliseringskonteks. Binne eersgenoemde konteks was Huntington met sy ke rakende institusionalisering verantwoordelik vir 'n wetenskapsrewolusie (binne Kuhniaanse idioom) binne die studieveld van die politieke ontwikkeling. Binne 'n nokratiese-institusionaliseringskonteks het Huntington navore getree as 'n ende denker ten opsigte van die kontemporêre-demokratiseringsparadigma.

ntington se bydrae tot die transformasie van politieke instellings in oorgangstye nie gering geag word nie. Trouens, hy kan met reg as een van die leidende kers ten opsigte van politieke verandering in die algemeen en die transformasie politieke instellings in die besonder uitgesonder word, veral sedert die Tweede eldoorlog.

Met Huntington se bydrae vakwetenskaplik aangedui, kan daar nou oorgegaan word na die rekonstruksie, interpretasie en evaluasie van sy bydrae binne 'n teoretiese konteks met beklemtoning van die analitiese, strategiese en normatiewe komponente.

# HOOFSTUK 4

# FAKTORE/DETERMINANTE WAT DIE TRANSFORMASIE VAN POLITIEKE INSTELLINGS INISIEER

## 1. INLEIDENDE ORIëNTERING

Met 'n aanduiding van die voorwetenskaplike en wetenskaplike kontekste waarbinne Huntington se denke verstaan moet word, soos uiteengesit in hoofstuk 3 van hierdie studie, kan daar nou in groter besonderhede op die *teoretiese konteks* van Huntington se bydrae gekonsentreer word.[1] Dit wil egter nie sê dat eersgenoemde twee kontekste nou eenkant toe geskuif kan word nie. Trouens, die hantering van die teoretiese konteks kom juis voort uit die voorwetenskaplike en die wetenskaplike kontekste en bly daarom ter sprake. Die fokus van hierdie hoofstuk, soos die tema ook aandui, is egter primêr teoreties ingestel.

Metateoreties gesproke moet 'n teoretiese raamwerk vir die verstaan van politieke verandering (met inbegrip van die transformasie van politieke instellings in oorgangstye) op drie sake lig werp, te wete 'n analise van daardie faktore wat verandering in die hand werk *(die analitiese komponent)*, die wyses waarop of prosedusse waarvolgens hierdie veranderinge kan plaasvind *(die strategiese komponent)* en die koers/rigting (uitleg) van hierdie veranderingsproses *(die normatiewe komponent)*. In hierdie hoofstuk val die fokus op die analitiese komponent oftewel daardie faktore/determinante wat die transformasie van politieke instellings inisieer, soos aangetref in die denke van S.P. Huntington. Basies gaan dit in hierdie hoofstuk oor Huntington se beantwoording van die *wat-* en *waarom-vraag* ten opsigte van politieke ontwikkeling met spesifieke verwysing na die transformasie van politieke instellings in oorgangstye.[2]

Soos afgelei kan word uit hoofstuk 3 van hierdie studie, moet Huntington se beantwoording van hierdie vrae in terme van die twee geïdentifiseerde kontekste, te wete die *institusionaliseringskonteks* en die *demokratiese institusionaliseringskonteks* beoordeel word. Binne eersgenoemde konteks verskaf hy in die bydraes *Political development and political decay* (1965) en *Political order in changing societies* (1968) 'n

---

1 Lesers word verwys na afdelings 5 en 6 van hoofstuk 2 van hierdie studie met verwysing na die onderskeie kontekste van wetenskapsbeoefening.

2 Aangesien 'n teorie 'n geïntegreerde geheel vorm en 'n verkapping van 'n teoretiese bydrae 'n skeefgetrekte beeld van die verklaring ten opsigte van die probleem/verskynsel kan beteken, is oorvleuelings binne die aangeduide komponente (analities, strategies en normatief) 'n praktiese probleem in enige analise van 'n teoretiese bydrae op hierdie terrein. Sover moontlik is oorvleuelings uitgeskakel deur lesers te verwys na relevante gedeeltes in die onderskeie hoofstukke waar belangrike en dikwels noodsaaklike verbande bestaan wat aangedui moet word.

kousale teorie vir die verklaring van institusionele ontwikkeling/verval. Binne die demokratiese institusionaliseringskonteks bied hy weer 'n realistiese teorie aan vir die verklaring van demokratisering soos verál aangetref in die werk *The third wave : democratization in the late twentieth century* (1991).

In hierdie hoofstuk word dit as doel gestel om 'n rekonstruksie, interpretasie en evaluasie van Huntington se denke ten opsigte van die wat- en waarom-vraag rakende die transformasie van politieke instellings in oorgangstye te maak teen die spesifieke agtergrond van die twee geïdentifiseerde kontekste. Metodologies gesproke is hierdie hoofstuk ingestel op 'n analise van Huntington se denke ten opsigte van die geïdentifiseerde fokusse met inagneming van die aangeduide kontekste - met as breë riglyn die metateoretiese raamwerk soos in hoofstuk 2 van hierdie studie ontwikkel is. Binne elkeen van die kategorieë sal 'n oorsigtelike rekonstruksie van sy bydrae gemaak word, waarna 'n interpretasie en evaluasie gemaak sal word aan die hand van metateoretiese kriteria soos vroeër ontwikkel.

Die doelwitte van hierdie hoofstuk sien soos volg daaruit:

Binne die institusionaliseringskonteks is die doelwit om die algemene vertrekpunt en invalshoek van Huntington in vergelyking tot die toonaangewende denke (paradigma) in hierdie tyd aan te dui. Dit sal gevolg word deur 'n rekonstruksie van sy teorie, ingestel op 'n verklaring vir politieke ontwikkeling/verval in terme van die transformasie van politieke instellings. 'n Interpretasie en evaluasie van sy bydrae binne die aangeduide konteks sal volg - waarmee hierdie afdeling afgesluit sal word.

Binne die demokratiese-institusionaliseringskonteks is die doelwit 'n rekonstruksie van Huntington se denke ten opsigte van daardie faktore wat die wat- en die waarom-vraag rakende demokratisering aanspreek. 'n Rekonstruksie van sy bydrae sal gemaak word, waarna 'n interpretasie en evaluasie sal volg. Hierdie hoofstuk sal afgesluit word met 'n algemene perspektief op Huntington se bydrae oor die analitiese komponent van die transformasie van politieke instellings.

# 2. DIE INSTITUSIONALISERINGSKONTEKS VAN HUNTINGTON SE DENKE

## 2.1 Algemene vertrekpunt en invalshoek

Teen die vroeë sestigerjare was die mees aanvaarde denklyn ten opsigte van die transformasie van politieke instellings veranker in die geloof dat die beweging van 'n tradisionele ekonomiese orde (Gemeinschaft) na 'n moderne ekonomiese orde (Gesellschaft) as afhanklike veranderlike - teoreties gesproke - 'n demokratiese politieke stelsel met politieke stabiliteit in die hand sou werk. (Vergelyk die liberaal-ekonomiese denke soos uitgespel in afdeling 3.3.1 van hoofstuk 3 van hierdie studie.) Hiervolgens sou die politieke agterstand (gaping) tussen die ontwikkelde en ontwikkelende state - soos beoordeel ten opsigte van die afwesigheid van demokratiese bedelings by laasgenoemde - outomaties reggestel word indien die ekonomiese orde dieselfde kenmerke vertoon wat aangetref word by eersgenoemde kategorie state. Dus, vanuit die ekonomiese dinamo ten opsigte van modernisasie, en meer spesifiek industrialisasie, sou politieke ontwikkeling plaasvind wat die weg sou baan vir demokratiese bedelings en stabiele regerings waardeur die politieke gaping tussen die ontwikkelde en die ontwikkelende state opgehef sou kon word. Ekonomiese modernisasie word derhalwe beskou as bepalend vir politieke ontwikkeling (met inbegrip van die transformasie van politieke instellings) wat ooreenkomstig die Westerse ervaring deterministies sou lei tot 'n demokratiese politieke bedeling. So wyd het hierdie filosofie en sy onderliggende vertrekpunte byval gevind dat die Marshall-plan vir die heropbou van Europa na die Tweede Wêreldoorlog, sowel as die Amerikaanse buitelandse beleid in hierdie tyd ten opsigte van veral die ontwikkelende state hierdie denklyn weerspieël het. Huntington (1968: 6) som hierdie denke op deur te beweer dat "(i)n American thinking the causal chain was: economic assistance promotes economic development, economic development promotes political stability. This dogma was enshrined in legislation and, perhaps more important, it was ingrained in the thinking of officials in *aid* and other agencies concerned with foreign assistance programs." Vir Huntington (1965; 1968) was hierdie vorm van determinisme, soos aangetref in onder meer die denke van Lerner, Lipset, Moore en Deutsch, onaanvaarbaar. Uitgaande van die filosofie dat enige regering beter is as geen regering, beklemtoon hy (1968: 1) dat die groterwordende gaping tussen die ontwikkelende en ontwikkelde state van die wêreld nie soseer geleë is in die vorm van regering, dit wil sê demokraties of nie-demokraties nie (soos geartikuleer binne die liberaal-ekonomiese denke), maar eerder in terme van die *graad van regering*. Binne die konserwatiewe idioom soos dit geassosieer kan word met die denke van Machiavelli, Hobbes, Bodin en Mosca

beklemtoon Huntington (1968: 28) dat "(t)he function of a government is to govern. A weak government, a government which lacks authority, fails to perform its function and is immoral in the same sense in which a corrupt judge, a cowardly soldier, or an gnorant teacher is immoral."

Met die graad van regering ("degree of government") bedoel Huntington (1968: 1-8) die vermoë om te regeer soos gemeet aan die handhawing van orde en stabiliteit en die algemene funksionele vermoëns wat gepaard gaan met die owerheidstaak. Trouens, Huntington se denke maak voorsiening en laat ruimte vir demokrasieë met n beperkte regeervermoë en nie-demokratiese bedelings met 'n hoë kwaliteit van egering - 'n beskouing wat ingrypend verskil van dié van die liberaal-ekonomiese lenke wat die paradigma-verandering ten grondslag lê. Volgens Huntington se enke word state met 'n hoë kwaliteit van regering gekenmerk deur effektiewe olitieke instellings, goedgeorganiseerde politieke partye, volks-deelname in gemene sake, sterk en aanpasbare politieke instellings, burgerlike beheer oor die eermag en effektiewe prosedures om konflik te beheer soos onder meer aangetref die VSA, Brittanje en die destydse USSR (Huntington, 1968: 1-2). Hierdie kenmerke grootliks afwesig in die ontwikkelende state van die wêreld. Kortom, eersgenoemde ate word gekenmerk deur geïnstitusionaliseerde politieke stelsels met 'n bewese rmoë tot die handhawing van orde, stabiliteit en effektiewe regering, terwyl asgenoemde gekenmerk word deur nie-geïnstitusionaliseerde politieke stelsels aarin wanorde, chaos, korrupsie en politieke verval aan die orde van die dag is. In e ontwikkelde state van die wêreld word dus 'n toestand van politieke ontwikkeling ngetref, terwyl toestande van politieke verval in die meeste ontwikkelende state aan e orde is. Huntington (1968: 4) verklaar juis dat "(t)hroughout Asia, Africa and Latin nerica there was a decline in political order, an undermining of the authority, ectiveness, and legitimacy of government ... Not political development but political cay dominated the scene".

ntington (1968: 2) beweer selfs dat die politieke gaping tussen die ontwikkelde te en die ontwikkelende state besig is om te vergroot - dit wil sê enersyds meer itieke ontwikkeling by eersgenoemde en andersyds meer politieke verval by sgenoemde. Huntington se waarneming van wat in die ontwikkelende state van die eld aan die gang is, te wete toestande van politieke verval, is soortgelyk aan die stande en kenmerke wat denkers soos Spengler, Toynbee en Niebuhr identifiseer assosieer met wêreldryke wat die fase na die sogenaamde bloeitydperk betree.

eenstelling met denkers wat binne die raamwerk van die liberaal-ekonomiese ke opereer en wat as uitgangspunt het die tradisioneel-moderne kontinuum (as

voorbeeld van 'n klassifikasie in terme van 'n teenstelling en waar die tradisionele en die moderne onderskeidelik die pole van die teenstelling vorm) werk Huntington met 'n klassifikasie in terme van 'n teenstelling waarin die pole onderskeidelik 'n geïnstitusionaliseerde versus 'n nie-geïnstitusionaliseerde politieke stelsel is. Hierdie twee dichotomies (tweedelings) kan so voorgestel word:





Fig.4.1 **DIE TRADISIONEEL - MODERNE KONTINUUM AS VERTREKPUNT TOT DIE TRANSFORMASIE VAN POLITIEKE INSTELLINGS**





Fig.4.2 **DIE HUNTINGTON-TEENSTELLING AS GRONDLIGGENDE VERTREKPUNT TOT DIE TRANSFORMASIE VAN POLITIEKE INSTELLINGS**

Huntington (1968: 4-5) beklemtoon die aanwesigheid van politieke verval deur groot hoeveelhede statistieke aan te bied waarin die ineenstorting van orde, stabiliteit en effektiewe regering saamval met 'n onvermoë om aan die demokratiese ideaal uitdrukking te gee. In hierdie verband vind Huntington (1968) aanklank by die perspektiewe van Rupert Emmerson in sy werk *From empire to nation: the rise to self-assertion of Asian and African peoples* (1967: 272-294). Albei skrywers maak melding van politieke ontwikkeling (verval) weg van die gestelde demokratiese ideaal soos wat dit geassosieer word met veral die liberaal-ekonomiese denke.

Dit is teen hierdie agtergrond dat Huntington (1968: 6) sy vertrekpunt tot die daarstelling van 'n nuwe paradigma oor politieke ontwikkeling soos volg formuleer: "... (E)conomic development and political stability are two independent goals and progress toward one has no necessary connection with progress toward the other. In some instances programs of economic development may promote political stability; n other instances they may seriously undermine such stability." Hierdie vertrekpunt erskil ingrypend van dié van die liberaal-ekonomiese denke waarvolgens konomiese modernisasie veronderstel is om politieke stabiliteit in die hand te werk. luntington se argument dat ekonomiese modernisasie tot politieke verval kan lei, erteenwoordig 'n ingrypende wysiging op die bestaande denklyn van die liberaal-konomiese denke in dié mate dat hier na 'n paradigma-verandering verwys kan ord (Vergelyk in hierdie verband ook Duvenhage, 1989: 26-40; 1992: 23-30). Waar onomiese modernisasie binne die raamwerk van die liberaal-ekonomiese denke as afhanklike veranderlike tot die ontplooiing van demokratiese bedelings en politieke abiliteit sou lei, word hierdie vertrekpunt dus verwerp en word 'n "nuwe" in die plek ervan gestel. Huntington (1968: 1-8), in teenstelling met die aanvaarde denke van tyd, beklemtoon dus dat ekonomiese ontwikkeling as 'n manifestering van die breë odernisasieproses tot politieke ontwikkeling óf politieke verval kan lei. Veral die rband tussen ekonomiese modernisasie en politieke verval blyk 'n nuwe invalshoek wees wat in hierdie tydsgewrig nuwe lig werp op die transformasie van politieke tellings in oorgangstye. Huntington (1965; 1968) gaan egter sover om 'n verklaring orie) vir die verskynsels van politieke ontwikkeling/verval aan te bied wat volgens die aandag verdien.

## 2 'n Verklaring vir politieke ontwikkeling/verval - die rekonstruksie van 'n teorie

bs afgelei kan word, word daar met politieke ontwikkeling bedoel die itusionalisering van politieke organisasies en prosedures oftewel die legitimisering van, terwyl politieke verval te make het met 'n onvermoë van politieke instellings

vanweë beperkte of geen institusionalisering wat die handhawing van orde, stabiliteit en effektiewe regering onmoontlik maak (Huntington, 1965: 393-394, 405-411, 1968: 1-8).[3] Politieke verval word veral geassosieer met 'n korrupte politieke orde of 'n orde waar praetoriaanse toestande prominent aanwesig is (Huntington, 1965: 408-409). Teen hierdie agtergrond kan die vraag gevra word: *Wat lê ten grondslag van politieke ontwikkeling in prominente ontwikkelde state en politieke verval in die meeste ontwikkelende state?* Die verklaring vir hierdie verskynsel/probleem kry beslag in die vorming van 'n kousale teorie waarop daar in hierdie afdeling gekonsentreer sal word.

In sy *Political order in changing societies* (1968: 4) wys Huntington daarop dat "(t)he primary thesis of this book is that it (political decay) was in large part the product of rapid social change and the rapid mobilization of new groups into politics coupled with the slow development of political institutions." Vir Huntington (1965; 1968) lê die verklaring vir politieke ontwikkeling (soos geassosieer met politieke stabiliteit) en politieke verval (soos geassosieer met politieke onstabiliteit) in die verhouding tussen politieke deelname en politieke institusionalisering. Ten einde egter 'n volledige verklaring (teorie) aan te bied, moet daar eers gekyk word na wat ten grondslag lê van politieke deelname waarna laasgenoemde se verhouding tot politieke institusionalisering aan die orde sal kom.


Die grondliggende rede vir politieke deelname in die ontwikkelende state moet volgens Huntington gesoek word in die "... grand process of modernization" (1971: 288) oftewel die oorgangsproses van 'n tradisionele na 'n moderne samelewing. Hierdie proses word deur hom beskryf as rewolusionêr (ingrypend), kompleks, sistemies, globaal, langdurig, geforseerd, gelykmakend, progressief en onomkeerbaar (1971: 288-290). [Vir meer besonderhede oor Huntington se beskouing van modernisasie kan die artikel *The change to change: modernization, development and politics* (1971: 288-290) geraadpleeg word]. Ekonomiese modernisasie, dit wil sê industrialisasie en innovasie, manifesteer volgens Huntington op twee terreine. In die eerste plek bevorder dit ekonomiese groei wat deur Huntington (1968: 33-34) as tydelike "ekonomiese ontwikkeling" aangedui word. Hiermee word bedoel "... the growth in the total economic activity and output of a society" (1968: 33-34). Dit kan gemeet word in terme van die per capita-produk, bruto nasionale produk, vlakke van industrialisasie en die hoeveelheid welsyns- en gesondheidsdienste beskikbaar (Huntington, 1968: 34). Tweedens lei ekonomiese

---


3 In die hoofstuk wat handel oor die normatiewe komponent rakende politieke verandering in die algemeen en die transformasie van politieke instellings in die besonder word volledig aandag gegee aan Huntington se beskouing van institusionalisering. Lesers word verwys na afdeling 2 van hoofstuk 5 van hierdie studie.

modernisasie tot sosiale mobilisasie wat dui op " ... a change in the attitudes, values and expectations of people from those associated with the traditional world to those common to the modern world" (Huntington, 1968: 33). [Hierdie definisie stem grootliks ooreen met Deutsch (1961: 494) se definisie van sosiale mobilisasie as "... the process in which major clusters of old social, economic and psychological commitment are eroded or broken and people become available for new patterns of socialization and behavior".] Sosiale mobilisasie beteken vir Huntington (1968: 37) nie net die mobilisasie van 'n klassebewussyn soos dit deur die Marxiste geïnterpreteer word nie, maar groepsbewussyn in die algemeen, dit wil sê ten opsigte van stam, geloof, etnisiteit, groep, klas en kaste. Hierdie groepsmobilisasie en skepping van 'n groepsbewussyn bevorder wat beskryf kan word as stygende verwagtinge en word aangehelp deur verbeterde kommunikasievermoëns as uitvloeisel van 'n komplekse proses van modernisasie. In hierdie opsig word beweer dat "(i)ncreased communication may thus generate demands for more 'modernity' than can be delivered. It may also stimulate a reaction against modernity and activate traditional forces" (1965: 406).

Ekonomiese groei soos geassosieer met die kwaliteite van die "goeie lewe" (moderniteit) staan in 'n dialektiese verhouding met stygende verwagtinge afkomstig van sosiale mobilisasie aangesien die ekonomiese groei baie minder is as die verwagtinge, aspirasies en eise van die gemobiliseerde groepe. Dit gee aanleiding tot sosiale frustrasie en kan so voorgestel word:




Gefrustreerde, gemobiliseerde groeperings wend hulle nou tot die politieke terrein in 'n poging om hierdie kwaliteite van die "goeie lewe" (moderniteit) meer toeganklik te maak deur veral politieke druk toe te pas. Geleenthede tot politieke mobilisasie lei gevolglik tot politieke deelname en kan so voorgestel word:




Samevattend stel Huntington (1965: 388) sy beskouing soos volg: "Modernization means mass mobilization; mass mobilization means increased participation; and increased participation is the key element of political development. Participation distinguishes modern politics from traditional politics." Hierdie beskouing van Huntington (1965: 405-411, 1968: 1-8, 24-55) stem grootliks ooreen met die siening van Deutsch (1961: 497-498): "... social mobilization brings with it an expansion of the political relevant strata of the population". Deutsch (1961: 493-514) se standpunt dat sosio-ekonomiese verandering outomaties tot politieke deelname en verder tot politieke ontwikkeling sal lei, word egter nie ongekwalifiseerd deur Huntington anvaar nie. Trouens, rekenskap moet gegee word van tendense van politieke verval at nie deur Deutsch (1961: 493-514) verreken word nie, maar wat juis deur untington as 'n opvallende kenmerk van die ontwikkelende state in hierdie tyd ereken word. Huntington (1965: 405-411; 1968: 1-8, 24-55) stem egter saam met eutsch (1961: 493-514) en Lerner (1958: 48-50) dat die kragte van modernisasie litieke deelname bevorder. In hierdie opsig stem die Huntington-denke binne erdie konteks ooreen met dit wat algemeen binne die liberaal-ekonomiese denke nvaar word.


eeds by die kwessie van politieke deelname moet beklemtoon word dat Huntington 965; 1968) veel meer hieronder verstaan as die uitoefening van stemreg in 'n nokrasie. Trouens, hy beskou politieke deelname as "... activity by private citizens signed to influence governmental decision making" (Huntington & Nelson, 76: 4). Twee tipes deelname word onderskei te wete *gemobiliseerde* en *outonome lname*. Eersgenoemde verwys na voorskriftelike deelname, dit wil sê geïnisieer, eer en georkestreer deur elites, terwyl laasgenoemde volgens eie inisiatief en deel plaasvind (Huntington & Nelson, 1976: 7-10). Volgens hierdie skrywers het ans alle politieke stelsels in die wêreld hierdie twee tipes van deelname ombineer. Politieke deelname in die ontwikkelende state (Afrika, Asië en Latyns-erika) neem verskeie vorme aan met inbegrip van verkiesings, georganiseerde

aktiwiteite soos massa-demonstrasies en stakings, individuele kontak met persone of nstellings en geweld (vergelyk Huntington & Nelson, 1976: 11-15). Huntington (1968: 64) identifiseer selfs korrupsie as 'n vorm van politieke deelname.


n soverre as wat politieke deelname in ontwikkelende state aangaan, word drie ategorieë van state onderskei, te wete die sogenaamde "low level states", state vaarin politieke deelname deur 'n politieke rewolusie teweeggebring is, en state vaarin politieke deelname as uitvloeisel van die invloede van modernisasie orwegend ewolusionêr geskied het (Huntington & Nelson, 1976: 21). "Low level tates" beleef altyd 'n fase van ekonomiese stagnasie met die gevolg dat mobilisasie n politieke deelname beperk bly. Rewolusie op sy beurt is niks anders nie as 'n ntploffing van politieke deelname wat die bestaande politieke instellings van die neel verwyder (Huntington, 1968: 266). Wanneer 'n rewolusie lei tot die verbreding n deelname binne nuwe instellings (wat oor die nodige legitimiteit beskik dit wil sê olitieke institusionalisering) het politieke ontwikkeling plaasgevind en is hier sprake n 'n volwaardige rewolusie (1968: 308). Wanneer 'n rewolusie beperk bly tot die ntploffing van politieke deelname sonder dat die proses 'n geïnstitutionaliseerde elsel as produk nalaat, is hier sprake van 'n onvolledige rewolusie (1968: 308). In sgenoemde geval het politieke modernisasie plaasgevind sonder dat politieke twikkeling (institusionalisering) aan die orde was.

e meerderheid state volg egter die derde weg waar politieke deelname langs olusionêre weë (selde geweldloos maar sonder dat dit die afmetings van 'n volusie aanneem) totstand kom. Die tempo waarteen politieke deelname binne rdie kategorie state uitbrei en, die vermoë van die politieke instellings om hierdie elname te kan akkommodeer, is bepalend of hier van politieke ontwikkeling of itieke verval sprake gaan wees.

die voorafgaande bespreking van Huntington se beskouing van politieke lname behoort dit duidelik te wees dat die verhouding/wisselwerking tussen tieke deelname enersyds en politieke institusionalisering andersyds bepalend is olitieke stabiliteit al dan nie, wat op sy beurt weer bepaal of politieke ontwikkeling olitieke verval aan die orde van die dag sal wees. Wanneer politieke deelname so ig uitgebrei word dat politieke instellings nie by magte is om die nuwe eise en tte wat afkomstig is van die nuut gemobiliseerde groepe wat aan die politiek neem te kan hanteer nie, is die resultaat voortslepende politieke onstabiliteit wat dwendig sal uitloop op politieke verval. Skematies kan dit so voorgestel word:




/anneer die uitbreiding van politieke deelname hoog is, terwyl die vlakke van olitieke institusionalisering ook hoog is of moontlik selfs nog verder verhoog kan ord, is die resultaat politieke ontwikkeling en kan dit skematies so voorgestel word:




soverre as wat dit die ontwikkelende state van die wêreld aangaan, is die algemene dens dat die vlakke van politieke deelname (as direkte uitvloeisel van dernisasie en mobilisasie) baie hoog, terwyl die vlakke van politieke itusionalisering dieselfde is as voor die verhoogde vlakke van deelname of selfs ninder het. Dit het as resultaat politieke onstabiliteit wat op sy beurt tendense van tieke verval impliseer. Dus, die toename in politieke deelname oorskry die noëns van die politieke stelsel tot die handhawing van orde, stabiliteit en ktiewe regering wat dan noodwendig aanleiding moet gee tot politieke verval in die state. Die volgende kan in 'n neutedop as die sentrale lyn van Huntington se ke ten opsigte van politieke ontwikkeling/verval voorgehou word: "The rates of al mobilization and the expansion of political participation are high; the rates of ical organization and institutionalization are low. The result is political instability disorder. The primary problem of politics is the lag in the development of political

insitutions behind social and economic change" (1968: 5). Skematies kan Huntington se teorie ten opsigte van tendense van politieke ontwikkeling/verval so voorgestel word:







Fig.4.3 'n Verklaring vir politieke ontwikkeling/verval as voorbeeld van kousale teorie uiteengesit in dialektiese terme.

'n Aspek van die teorie van Huntington wat meer aandag verdien, is sy klassifikasie en interpretasie van politieke verval in wat hy tipeer as praetorianisme. Hierdie aspek word vervolgens onder die loep geneem.

## 2.3 Praetoriaanse samelewingstoestande

'n Kenmerk van ontwikkelende state waarin politieke verval aan die orde van die dag is, is die aanwesigheid van praetoriaanse samelewingstoestande met verreikende gevolge vir hierdie state. Met praetoriaanse samelewings-toestande word bedoel "... society which lacks law, authority, cohesion, and discipline and consensus, where private interests dominate public ones, where there is an absence of civic obligation and civic duty, where in short, political institutions are weak and social forces strong" (Huntington, 1965: 416). Hierna word ook in politieke terme, binne die Machiavelli-idioom, verwys as "korrupte state" (Huntington, 1965: 409, 416-417).[4]

Praetoriaanse samelewingstoestande word gekenmerk deur hoë vlakke van politieke deelname en lae vlakke van politieke institusionalisering wat lei tot politieke verval en in skerp kontras staan met die sogenaamde "civic society" waar hoë vlakke van deelname en van politieke institusionalisering aan die orde van die dag is. 'n Verdere kenmerk van 'n praetoriaanse samelewingstoestand is die bykans algehele verpolitisering van sosiale kragte in die samelewing en politieke verandering wat fluktueer tussen die ekstreme pole van volks-demokrasie enersyds en diktatuur andersyds (Huntington, 1965: 415-417, 1968: 72-92, 192-194). Veral laasgenoemde kenmerk is vir Huntington tiperend van praetoriaanse samelewings.

Vir Huntington (1968: 192) het praetorianisme veral te make met "... the intervention of the military in politics". In hierdie opsig vind Huntington aansluiting by Perlmutter (1966: 306) se denke waarvolgens 'n moderne praetoriaanse staat beskryf word as "... one in which the military tends to intervene and potentialy could dominate the political system", of dit waarna Laswell (1941: 455-468) verwys as "garnisoenstate" waarin militêre instellings die politieke proses manipuleer.

4 Die begrip praetorian is afgelei van die Latynse woord "praetor" en dra die betekenis van lyfwag, skildwag of beskermheer binne 'n gedefinieerde militêr-politieke konteks. Perlmutter (1977: 89) wys daarop dat "(u)nder praetorian conditions, many civil-military combinations become possible: the army can take over the government with or without the consent of civilian politicians, on their behalf or against them, with the aim of replacing one civilian group with another or with the aim of eliminating rivals in the military". Histories gesproke is praetorianisme aangetref in die Romeinse Imperium waar die Praetoriaanse wag, 'n elite militêre groep, die Senaat beskerm het teen rebelerende garnisoene en ander ontevredenes. Die rol van die praetoriaanse wagte het dikwels verder gestrek as net die van skildwag en lyfwag van politieke instellings soos die Senaat. Dikwels het die wag ook politieke rolle vervul in magstryde deur betrokke te raak en bepaalde politieke keuses te manipuleer (Perlmutter, 1977: 90). In moderne omstandighede waar state ontwrig is deur die kragte van modernisasie, tree die verskynsel in 'n moderne gedaante na vore (modern praetorianism - Perlmutter, 1966: 306). Moderne praetorianisme is 'n toestand waarin die "militêre establishment" hom regstreeks wend tot die terrein van die politiek met die doel om in te meng en selfs politieke prosesse te manipuleer en in uiterste gevalle die politieke bewind oor te neem.

Die verklaring vir die inmenging van militêre instellings op die terrein van die politiek, kan volgens Huntington direk toegeskryf word aan hoë vlakke van politieke deelname en lae vlakke van politieke institusionalisering. Hierdie toestand skep 'n politieke lugleegte wat dan deur militêre instellings (dikwels die mees geïnstitusionaliseerde instellings in die samelewing) gevul word (Huntington, 1965: 410).

Hiermee bied Huntington, teen die agtergrond van sy groter teoretiese verklaring vir politieke verval, ook 'n verklaring vir die groot getal staatsgrepe, militêre diktature en militêre regimes in ontwikkelende state wat soms die plek neem van politieke strukture wat vroeër òf demokraties was òf minstens in hierdie rigting geneig het. Die inmenging van militêre instellings op die terrein van die politiek, kan direk volgens Huntington, toegeskryf word aan die afwesigheid van of gebrek aan effektiewe politieke instellings in die samelewing en die onvermoë van enige ander instelling (byvoorbeeld die kerk of die skool) wat die regeertaak onder hierdie omstandighede kan oorneem. Soos Huntington (1965: 405-411, 1968: 192-237) wys Pye (1962: 84) ook daarop dat "... in a disrupted society ... (the military is) the only effective organized element capable of competing for political power and formulating public policy". Hierdie kenmerk moet volgens Huntington verstaan en geïnterpreteer word teen die agtergrond van 'n intens ontwrigte samelewingsorde waarin die verpolitisering van sosiale kragte 'n algemene verskynsel is. Hy (1968: 194) wys daarop dat "(c)ountries which have political armies also have political clergies, political universities, political bureaucracies, political labour unions, and political corporations. Society as a whole is out-of-joint, not just the military."

Huntington (1968: 220) wys verder daarop dat praetoriaanse samelewingstoestande voorkom in alle situasies waarin 'n uitbreiding van politieke deelname die vermoë van politieke instellings tot institusionalisering oorskry. Die groot aantal manifestasies van hierdie verskynsel soos dit histories aangetref word en die verskillende grade van ontwrigting van samelewings waar hierdie verskynsel voorkom, maak dit nodig om meer spesifiek te wees. In hierdie verband onderskei Huntington (1968: 198-237) tussen *oligargiese, radikale* en *massa- praetorianisme*. Onderskeid word getref ten opsigte van prominente akteurs wat betrokke is, die graad en intensiteit van die ontwrigting sowel as die tydsduur van elke fase. Die beweging van een fase van praetorianisme na die volgende is 'n moontlikheid maar nie 'n noodwendigheid nie. Hierdie drie subkategorieë word vervolgens kortliks aangeraak.

### 2.3.1 Oligargiese praetorianisme

Hierdie fase van praetorianisme kom na vore in toestande waarin die invloed van modernisasie op samelewings beperk is en 'n middelklas grootliks afwesig is. Binne hierdie kategorie van praetorianisme is die ontwrigtende invloede van modernisasie beperk en is politieke ontstabiliteit gering, aangesien net enkele elitegroepe polities gemobiliseer word. Politieke strukture is ongedifferensieerd en die politieke mag is gesetel in 'n koningshuis of vorstehuis van een enkele persoon. Akteurs in die politiek s die grondbesittersklas (aristokrasie), swaardvegters (militariste) en geestelikes (Huntington, 1968: 198). Die aard van die stryd in hierdie periode is beperk tot oolitieke elites en dit is veral familiebelange en persoonlike belange wat na vore kom is fokuspunte van die stryd. Die taak van die militariste ("praetoriaanse wagte") is eral daarop ingestel om paleisrewolusies te voorkom. Die rol van die Musketiers in rankryk tydens die bewind van Lodewyk XIV en hul stryd met veral die Rooms-atolieke Kerk onder die leiding van Richelieu en later Mazarin moet binne hierdie etrokke konteks beoordeel word. Huntington (1968: 198) wys daarop dat die nvermoë van die koloniale moondhede, Portugal en Spanje, om effektiewe politieke stellings in voormalige kolonies te vestig, verantwoordelik was vir 'n toestand van ligargiese praetorianisme in die 19de eeu, terwyl dieselfde toestand in state van die aribiese Eilande selfs in die twintigste eeu voortgesit is. Dit is dus 'n toestand wat ie lank (in sommige gevalle eeue) kan voortduur. Groter en meer intense ootstelling aan modernisasie bring egter 'n middelklas op die voorgrond wat groter obilisasie en deelname beteken en wat die terrein voorberei vir 'n toestand wat as dikale praetorianisme aangedui word.

### 3.2 Radikale praetorianisme

e kragte van modernisasie gee in hierdie fase beslag aan 'n middelklas, en die twrigting van die samelewing is heelwat erger as wat in die vorige fase die geval s. Hoewel algemeen aanvaar word dat 'n gevestigde middelklas 'n stabiliserende tor in enige samelewing is, wys Huntington (1968: 289) daarop dat die skepping n 'n middelklas - juis dit wat in hierdie fase van praetorianisme aan die orde is - 'n ogs onstabiele proses is. Aangesien die middelklas hoofsaaklik in stedelike gewings gestalte kry, word hierdie fase veral gekenmerk deur politieke onstabiliteit lie stede. Belangegroepe wat in hierdie fase om politieke mag meeding, sluit in dente, intellektuele, maar veral arbeidersgroepe en die weermag. Huntington 68: 197) wys daarop dat in hierdie fase "... social forces interact directly with each er and make little or no effort to relate their private interest to public good." ikale praetorianisme word volgens Huntington (1968: 197) gekenmerk deur 'n

stryd tussen "... institutional and occupational groups". Vier verhoudingsituasies tussen akteurs is prominent in hierdie fase, te wete:

* Arbeiders teenoor die regering en militêre establishment.
* Arbeiders en die militêre establishment teenoor die regering.
* Arbeiders en die regering teenoor die militêre establishment.
* Arbeiders versus die regering versus die militêre establishment.

Huntington, 1968: 214-215).

oestande van radikale praetorianisme kan soms dekades voortduur. Huntington 1968: 200) beklemtoon dat die invloed van modernisasie via kolonialisme erantwoordelik was vir toestande van radikale praetorianisme in Afrika. Trouens, olitieke toestande in Suid-Afrika sedert die middel sewentigerjare vertoon sterk oreenkomste met dit wat deur Huntington as radikale praetorianisme geïdentifiseer ord. Wanneer die uitbreiding van politieke mobilisasie en deelname plaasvind om ok die laer klasse van 'n samelewing in te sluit, word radikale praetorianisme rvang deur 'n toestand wat as massapraetorianisme beskryf kan word.

## 3.3 Massapraetorianisme

hierdie fase is die samelewing as gevolg van die snelle uitbreiding van politieke obilisasie en deelname na die laer middelklas en veral die landelike bevolking so nstig ontwrig dat politieke onstabiliteit 'n landwye verskynsel is (vergelyk ntington, 1968: 222). Massapraetorianisme word onderskei van radikale aetorianisme aangesien politieke mobilisasie in sowel landelike as stedelike biede plaasvind in die geval van massapraetorianisme, terwyl radikale mobilisasie ofsaaklik tot die stede beperk is. Weerstands- en rewolusionêre groepe is in hierdie e prominent en 'n georganiseerde stryd om die bewind te vernietig, bestaan in rdie tyd. Die fase is gewoonlik baie kort, tot net enkele maande, en dien dikwels as voorspel tot rewolusie. Die toestand in die destydse Rhodesië, kort voor die name van Mugabe, is 'n voorbeeld van omstandighede waarin ssapraetorianisme prominent aanwesig was.

is vanuit die voorafgaande bespreking duidelik dat die verskynsel van politieke al, soos aangedui in diagram 4.3, 'n komplekse verskynsel is en dat verskillende gorieë van verval in terme van die subteorie oor praetorianisme aangedui kan d. Hierdie inkleding van toestande van politieke verval in terme van praetoriaanse

toestande dien as uitbouing van die teorie soos gerekonstrueer in diagram 4.3 en kan so voorgestel word:





FIG. 4.4 PRAETORIAANSE SAMELEWINGSTOESTANDE IN ONTWIKKELENDE STATE - SIMPTOME VAN POLITIEKE VERVAL

Hiermee is die rekonstruksie van Huntington se teorie oor die determinante wat die tranformasie van politieke instellings inisieer, dit wil sê die analitiese komponent met verwysing na die institusionaliseringskonteks binne sy denke, afgehandel. Nou kan daar oorgegaan word tot 'n interpretasie en evaluasie van sy denke in hierdie verband.

## 2.4 Die interpretasie en evaluasie van 'n verklaring vir politieke ontwikkeling/verval

Alvorens 'n evaluasie van Huntington se teorie oor die faktore/determinante wat die transformasie van politieke instellings inisieer (die analitiese komponent) onderneem kan word, is 'n interpretasie van sy denke nodig. Dit sal gedoen word deur sy verklaring/teorie teoreties, vakwetenskaplik, wetenskaplik en voorwetenskaplik te interpreteer in terme van die metateoretiese raamwerk soos ontwikkel in hoofstuk 2 van hierdie studie. (Lesers word verwys na afdelings 3, 4 en 5 van hoofstuk 2 van hierdie studie). Binne elkeen van die aangeduide metateoretiese kontekste sal die interpretasie gevolg word deur 'n evaluasie van Huntington se bydrae.

### .4.1 Teoretiese konteks

let die identifisering en konseptualisering van veranderlikes (empiries meetbare ategorieë) soos modernisasie, sosiale mobilisasie, ekonomiese groei en sosiale ustrasie, die neerlê van verbande tussen hierdie veranderlikes as verklaring vir die rskynsel van politieke ontwikkeling/verval is dit uit die staanspoor duidelik dat intington aan 'n kousale teorie (empiries van aard) gestalte gegee het. Die knoping van hierdie veranderlikes (soos uitgestippel in figuur 4.3 en 4.4 van hierdie ofstuk) in die vorm van wetmatighede slaag daarin om 'n verklaring aan te bied ten sigte van die *wat-* en *waarom-vrae* oor die transformasie van politieke instellings. uens, wanneer die verklaringspotensiaal van hierdie konstruk in aanmerking neem en vergelyk word met dié wat eie is aan die liberaal-ekonomiese denke, is dit delik dat dit 'n komplekse verklaring vir 'n baie ingewikkelde verskynsel is. nneer die beperkinge van die politieke wetenskap ten opsigte van die formulering gesaghebbende verklarings (teorieë), veral ten opsigte van die veld van die itieke verandering, in aanmerking geneem word, kan die verklaring van Huntington 'n juweelteorie beskou word - vergelykbaar met teoretiese konstrukte soos rmuleer deur Easton, Almond en Apter. Dit kan inderdaad as 'n antwoord of erdeel van 'n groter antwoord voorgehou word, in terme van David Easton 53: 39-47) se soeke na 'n verklaring vir waarom politieke instellings verander.

Dit wil egter nie sê dat hierdie verklaring bo kritiek verhewe is nie. Trouens, verskeie vorme van kritiek is teen hierdie teoretiese konstruk ingebring en kan in twee kategorieë, te wete *formele* en *inhoudelike kritiek*, verdeel word. Op die formele vlak is Huntington op epistemologiese gronde (dit wil sê die wyse waarop kennis volgens 'n bepaalde patroon en uitleg aangebied word) sowel as ontoereikende konseptualisering gekritiseer. Kebschull (1969: 843) wys daarop dat die analise van *Political order in changing societies* (1968) "... proceeds rather disjointly at times..."; erwyl Olivier (1984: 168) dieselfde mening toegedaan is. Hierdie kritiek is geregverdig aangesien die rekonstruksie van hierdie teorie (soos vroeër in hierdie hoofstuk uiteengesit) meer samehangend en beter gestruktureerd aangebied kon gewees het. )ie feit dat groot dele van die 1968-bydrae onder verskillende afdelings behandel noes word vir die rekonstruksie van hierdie teorie, sowel as dele vanuit van sy ander /erke, bevestig hierdie punt van kritiek.

teeds op die formele vlak is Huntington ook gekritiseer vir die ontoereikende onseptualisering van sleutelkonsepte in sy teorie (Vergelyk in hierdie verband esselman, 1973: 143, Leys, 1982: 338-339 en Riggs, 1967: 335). Hierdie kritiek is eldig aangesien sleutelbegrippe soos sosiale mobilisasie, politieke deelname, olitieke institusionalisering en politieke verval slegs terloops aangeraak word. Veral / analise van politieke verval kon konseptueel sowel as ten opsigte van die groter gumentasie sterker uitgebou gewees het (vergelyk Riggs, 1967: 335). eorievorming, wat 'n verklaring in eie reg impliseer, bring die eis van duidelik formuleerde konsepte mee, veral as dié teorie die resultaat is van transendente tiek op bestaande teorieë binne die raamwerk van die liberaal-ekonomiese denke. lke konsepte is grootliks afwesig in Huntington se 1965- en 1968-bydraes en arom is hierdie kritiekpunt houdbaar. Huntington moet egter aangeprys word vir effektiewe wyse waarop moeilike argumente in eenvoudige bewoording gestel rd.

die inhoudelike vlak is Huntington op verskeie gronde gekritiseer, te wete *sy ssifikasie in terme van 'n teenstelling van politieke ontwikkeling/politieke verval en die osiasie wat hieruit gemaak word met ontwikkelde state enersyds en ontwikkelende state lersyds; die afwesigheid van 'n diepgaande toepassing van sy teorie op ('n) allestudie(s); 'n onvoldoende verrekening van die faktore/determinante wat die sformasie van politieke instellings inisieer; en die verabsolutering van orde en stabiliteit nderliggende waardes.*

Vir Huntington dien die graad van regering as kriterium vir die aanduiding van toestande van politieke ontwikkeling (geassosieer met die ontwikkelde state)

en politieke verval (soos geassosieer met die ontwikkelende state). Ontwikkelende state kan gevolglik nie 'n hoë graad van regering handhaaf nie, soos gemeet aan die eise van orde, stabiliteit en effektiewe regering. Hierteenoor is toestande van politieke verval afwesig in die ontwikkelde state van die wêreld as gevolg van die aanwesigheid van hoë vlakke van politieke institusionalisering. 'n Ontwikkelende staat soos Botswana, waarvan die bruto binnelandse produk in die dekade 1967/68 en 1977/8 drievoudig toegeneem het (vergelyk Mentz, 1983: 119) - en wat dus hoë vlakke van modernisasie meebring - is deurgaans gekenmerk deur politieke stabiliteit, orde en effektiewe regering. Hierteenoor het vooraanstaande ontwikkelde state soos Duitsland (ten tyde van die ineenstorting van die Weimar-Republiek) en Frankryk (met die beëindiging van die Vierde Republiek en die oorname van De Gaulle) in bepaalde historiese fases grootskeepse politieke onstabiliteit en ontwrigting beleef wat groot ooreenkomste vertoon met dit wat deur Huntington as politieke verval aangedui word. Soortgelyke krisisse was ook prominent in Latyns-Europese state soos Spanje, Portugal en Italië - selfs tot in die sewentigerjare. Dit is dus te betwyfel of politieke ontwikkeling/verval ongekwalifiseerd op 'n bepaalde kategorie van state toegepas kan word aangesien pertinente uitsonderings op hierdie reël bestaan (vergelyk ook Groth, 1979: 212-217). Ten spyte van hierdie kritiek is dit steeds 'n meer korrekte en akkurate teenstelling as wat die geval is met die tradisioneel-moderne kontinuum eie aan die liberaal-ekonomiese denke. Huntington verdien bepaald krediet vir 'n poging wat gelei het tot meer akkurate en betroubare kennis as eis van die wetenskap máár wat steeds nie op die status van absolute kennis kan aanspraak maak nie.

Kritiek is ook geopper oor die afwesigheid van ('n) diepgaande toepassing(s) van sy teorie op gevallestudies, asook die aanwesigheid van groot getalle empiriese feite en voorbeelde wat oppervlakkig gehanteer is en so gekies is om juis sy teoretiese vertrekpunte te staaf (vergelyk Leys, 1982: 338-339, Groth, 1979: 212-216). Dit is wel korrek dat geen diepgaande toepassing op gevallestudies gemaak is nie en dat empiriese voorbeelde baie oorsigtelik hanteer is. Die selektiewe keuse van empiriese stof om teoretiese vertrekpunte te ondersteun, is egter nie ongekwalifiseerd waar nie. Dit is bekend dat teoretiese konstrukte in die algemeen in die politieke wetenskap gekenmerk word deur lae vlakke van veralgemening en beperkte geldigheid. Wanneer beweeg word na hoë vlakke van veralgemening is dit so dat uitsonderings op bykans enige reël aangedui kan word, terwyl die interpretasie en lesse wat wetenskaplikes uit gevallestudies maak of aflei in baie gevalle uiteenlopend is.

Wanneer die meriete van die groot aantal voorbeelde (empiriese stof) wat wel aangedui word, ondersoek word, het dit bepaald waarde, is dit nie selektief gekies nie en voldoen dit aan die eis van die wetenskap. Trouens, sy ensiklopediese gebruik van voorbeelde dien as demonstrasie vir die verifikasie van daardie veronderstellings eie aan sy teorie. Dus, binne die gestelde beperkinge wat die politieke wetenskap bied (ten opsigte van die formulering van teorieë) verdien Huntington bepaald krediet en kan die kritiek van Groth en Leys nie ongekwalifiseerd aanvaar word nie.

c) Verreken Huntington al die faktore/determinante wat die transformasie van politieke instellings bepaal? Met hierdie vraag in gedagte wys Kesselman (1973: 149) daarop dat Huntington nie internasionale faktore/determinante verreken wat die transformasie van politieke instellings inisieer nie. Hy (1973: 149) verklaar dat "(g)iven their stress on history, sequence, mobilization and development, it is curious that the two analysis virtually ignore the impact of imperialism, decolonization, neo-colonialism, and the cold war." Hierdie vertrekpunt is geldig en daar kan verder bygevoeg word dat unieke faktore wat dien as voorbeelde wat die transformasie van politieke instellings bepaal, ook nie deur Huntington (1965; 1968) aangedui en hanteer word nie. Geen teorie kan egter rekenskap gee van 'n totale omgewing wat beïnvloedend inwerk op 'n verskynsel/probleem nie. Ter versagting moet daar verwys word na verskillende werke van Huntington wat binne die demokratiese-institusionaliseringskonteks staan waarin verskeie konteksgebonde faktore uitgespel en hanteer word ten opsigte van die verskynsel van demokratisering [Vergelyk in hierdie verband Huntington (1981: 246-259); (1984: 205-209); (1991: 46-108).] Belangrik egter is dat Huntington ten opsigte van die 1965- en 1968-bydraes belangrike sleutels identifiseer en aanbied in terme van wetmatighede vir die verklaring van die verskynsel van die transformasie van politieke instellings in oorgangstye wat duidelik nie sonder meriete is nie.

Fel kritiek is verder teen Huntington (1965; 1968) geopper oor sy verabsolutering van orde en stabiliteit as onderliggende waardes in sy denke, met as implikasie die aanwesigheid van 'n konserwatiewe status quo-oriëntasie in sy analise van toestande van politieke ontwikkeling/verval in state [Vergelyk in hierdie opsig Kesselman (1973: 142-143), Chilcote (1981: 280-281), Leys (1982: 332-335) en Groth (1979: 207-212, 230)]. Vir Huntington (1965; 1968) het politieke ontwikkeling regstreeks te make met orde en stabiliteit terwyl politieke verval, die teenpool van politieke ontwikkeling, met chaos, wanorde en anargie te make het. Teen hierdie agtergrond staan die

probleem waarmee bostaande kritici worstel, naamlik dat alle vorme van orde nie noodwendig 'n goeie orde impliseer nie en dat, wanneer politieke onstabiliteit die oorgang van 'n slegte orde na 'n beter orde impliseer, dit nie as politieke verval aangedui kan word nie. In dié mate dat 'n goeie orde impliseer dat daar in die algemene belang van die burgery geregeer moet word, kan enige orde nie byvoorbaat gesanksioneer word nie. Huntington se denke laat ruimte om enige orde as goed te tipeer en enige wanorde as sleg. Dit verleen aan Huntington se denke 'n konserwatiewe status quo-oriëntasie wat algemeen-gesproke as die Achilleshiel van sy denke binne hierdie konteks beskou kan word. Dit kan veral toegeskryf word aan Huntington se onvermoë om sy beskouing van politieke ontwikkeling in terme van politieke institusionalisering, soos veranker in die waardes van orde, stabiliteit en effektiwiteit, te versoen met politieke instellings wat die algemene belang van die burgery voorop stel. Dit bied 'n verklaring vir waarom Huntington se denke (1965; 1968) in die algemeen verbind kan word aan 'n konserwatiewe en status quo-oriëntasie. Kritiek vanuit hierdie oord is gegrond en bevestig die plasing van hierdie bydraes van Huntington binne die konserwatiewe tradisie soos vroeër ook aangedui.

## .4.2 Vakwetenskaplike konteks

**ıradigmaverandering:** In sy opbou van 'n teorie wat 'n verklaring bied vir die faktore ɐt die transformasie van politieke instellings ten grondslag lê, tree Huntington (1965; )68) na vore as 'n baanbreker, aangesien kernaspekte van die liberaal-ekonomiese ɪnke hiersien is wat aan 'n nuwe paradigma op die terrein van die politieke twikkeling beslag gee waarna verwys kan word as die *institusionaliseringsparadigma* ɜrgelyk ook Duvenhage, 1989: 26-40; 1992: 23-30 sowel as hoofstuk 3 van hierdie ɪdie). Waar die liberaal-ekonomiese paradigma politieke ontwikkeling en politieke ɔdernisasie as sinonieme hanteer, beklemtoon Huntington dat politieke ɔdernisasie te make het met 'n uitbreiding van politieke deelname terwyl politieke wikkeling regstreeks na politieke institusionalisering herlei kan word. Dit was egter beskouing dat ekonomiese modernisasie tot politieke verval kán lei, in teenstelling : die liberaal-ekonomiese denke wat beklemtoon dat ekonomiese modernisasie tot tieke ontwikkeling (demokrasie) sál lei, wat die kernstruktuur van laasgenoemde ɐdigma gewysig het en verantwoordelik was vir 'n paradigmaverandering, of soos ɪn (1970: 86-92) na hierdie tendens sou verwys as 'n wetenskapsrewolusie, maar rens tot hierdie veld van studie. 'n Verdere kenmerk van hierdie ɪdigmaverandering was die beklemtoning dat politieke institusionalisering (en nie ɜmentêre-demokrasie nie) verantwoordelik is vir politieke stabiliteit in state.

Hierdie paradigmaverandering op die studieveld van die politieke ontwikkeling beklemtoon die grondverskuiwing wat deur Huntington se pioniersbydrae teweeggebring is en wat hom as wetenskaplike plaas in 'n klas wat min beskore is.

**'n Konserwatiewe tradisie:** Uit die breë analise van hoofstuk 3, sowel as die analise in hierdie hoofstuk, is dit duidelik dat die twee ter sake bydraes (1965; 1968) polities-deologies gesproke aan 'n konserwatiewe tradisie verbind kan word. Sy beklemtoning van orde, stabiliteit en effektiewe regering wat ten grondslag lê aan sy onderskeiding tussen politieke ontwikkeling/verval beklemtoon juis hierdie toedrag van sake. Dit is verder ook duidelik dat Huntington se denke raakpunte openbaar met dié van konserwatiewe denkers soos Burke (die beklemtoning van die status quo uit eaksie op ingrypende verandering), Hobbes en Bodin (orde en stabiliteit in terme an die konsolidasie van staatsgesag). Huntington (1965: 411) wys immers self aarop dat "(p)olitics is a Hobbesian world of unrelenting competition among social orces - between man and man, family and family, clan and clan, region and region, ass and class - a competition unmediated by more comprehensive political rganizations."

y (1968: 1) beklemtoning van die samelewings in ontwikkelde state in terme van "... overwhelming consensus among the people ..." en die belangrikheid van "... aditions and principles upon which the political community is based" vertoon sterk urkeaanse karaktertrekke waar die samelewing vooropgestel word terwyl die dividu op die agtergrond staan. Dus, elemente van 'n konserwatiewe samelewings- mensbeskouing en die manifestasie hiervan in 'n konserwatiewe staatsbeskouing aarin orde, stabiliteit en effektiewe regering vooropstaan, vorm boustene van 'n oter konserwatiewe lewens- en wêreldbeskouing wat prominent aanwesig is in die nke van Huntington en maak hom deel van die konserwatiewe tradisie - soos ook oofstuk 3 van hierdie studie beklemtoon is.

opsigte van die metodologiese tradisie kan Huntington verbind word aan 'n sitivisties-behavioralistiese tradisie wat inherent ook die stempel van nserwatisme dra, aangesien dit in terme van 'n neutrale wetenskapsbeskouing 'n k status quo-oriëntasie openbaar. Hierdie aspek word in groter besonderhede gelig wanneer daar gekonsentreer word op die wetenskaplike konteks waarbinne ntington se bydrae staan, wat vervolgens die aandag verdien.

## .3 Wetenskaplike konteks

rme van die metateoretiese raamwerk soos ontwikkel in hoofstuk 2 van hierdie ie (vergelyk veral figuur 2.7) is die volgende sake van belang: die

wetenskapsbeskouing en die implikasies hiervan vir die soeke na orde en struktuur sowel as die strewe na geldige en betroubare kennis. Die konteks waarbinne wetenskap beoefen is, (die institusionaliseringskonteks) sal ook kortliks aangeraak word.

a) **Wetenskapsbeskouing:** Dit is uit die staanspoor duidelik dat Huntington as produk van die behavioralistiese rewolusie in die politieke wetenskap verbind is tot die beoefening van neutrale wetenskap, asook die formulering van teoretiese konstrukte vergelykbaar met dié van die natuurwetenskappe oftewel kousale teorie. Die verklaring vir politieke ontwikkeling/verval soos wat dit vroeër gerekonstrueer is, is 'n poging van Huntington om 'n sosiale wet (vergelykbaar met die wette eie aan die natuurwetenskappe) in kousale terme te formuleer. Die invloed van die behavioralistiese metodologie is ook prominent waarneembaar in die gebruik van die mees prominente benaderings na aanleiding van hierdie metodologie en meer spesifiek die stelselbenadering (insette in terme van mobilisasie en uitsette soos gemeet aan die norme van funksionaliteit en effektiwiteit) en die struktuur-funksionalisme van veral Almond (waar funksionaliteit op die voorgrond staan) wat ooreenstem met Huntington se beskouing van institusionalisering. Deur van historiese materiaal gebruik te maak in 'n histories-vergelykende inslag (benadering) word empiriese materiaal daargestel om die geldigheid van teoretiese vertrekpunte te motiveer.

Die strewe van Huntington, soos dié van ander positiviste, naamlik die beoefening van 'n neutrale of waardevrye wetenskap, is prominent in sy werke aanwesig. Soos wat ook die geval is met ander positiviste, is 'n waardevrye beoefening van die wetenskap nie moontlik nie en is dit duidelik dat Huntington se denke stewig veranker is in die waardes van orde, stabiliteit en effektiwiteit en die operasionalisering hiervan in wat getipeer kan word as 'n konserwatisme ten opsigte van die Amerikaanse politieke tradisie (Amerikanisme). (Meer sal hieroor gesê word wanneer die voorwetenskaplike konteks ter sprake kom). Huntington (1991: xiii-xv) se aanspraak op waardevryheid in terme van 'n positivistiese strewe en die aanwesigheid hiervan in al sy prominente werke blyk ongeldig te wees aangesien geen wetenskaplike hom/haar kan isoleer van waardes soos aangetref in die breër lewens- en wêreldbeskouing en die omgewing waarin hy/haar hul bevind.

**Orde en struktuur:** Die afwesigheid van neutraliteit in wetenskapsbeoefening by Huntington (soos by alle wetenskaplikes) doen nie afbreuk aan sy vermoë

om orde en struktuur ten opsigte van hierdie aspek van die werklikheid (die analitiese komponent ten opsigte van die transformasie van politieke instellings) bloot te lê nie. Sy daarstelling van 'n kousale teorie ter verklaring van die faktore/determinante wat die transformasie van politieke instellings inisieer, is 'n hoogs suksesvolle poging om ordenings- en struktuurmomente ten opsigte van hierdie aspek van die werklikheid bloot te lê en dui bepaald op vordering ten opsigte van die wetenskaplike eis van die daarstelling van geldige en betroubare kennis.

) **Geldige en betroubare kennis:** Hoewel Huntington met die daarstelling van hierdie teorie nuwe kennis en perspektiewe - ten opsigte van die wetenskaplike eis van geldige en betroubare kennis na vore bring - kan dit nogtans nie aanspraak maak op die status van absoluut geldende kennis nie. Daarvoor is te veel punte van kritiek teen hierdie teorie geopper en is die eis van absolute kennis nie moontlik binne die dissipline van die politieke wetenskap nie. Dat Huntington se bydrae nuwe lig werp op 'n verskynsel wat vantevore baie eensydig en etnosentries hanteer is (vergelyk die liberaal-ekonomiese denke) kan nie betwyfel word nie. Inderdaad het Huntington nuwe kennis, insig en perspektief op hierdie aspek van die werklikheid gebring wat bepaald dui op 'n uitbouing van die bestaande liggaam van kennis in terme van 'n paradigmaverandering wat Huntington as baanbreker na vore laat tree het.

**Konteks van wetenskapsbeoefening:** Soos ook vroeër aangedui, staan die bydraes wat ter sprake is (1965; 1968) binne 'n bepaalde historiese konteks waarin wetenskapsbeoefening gerig en gestuur word deur eiesoortige omstandighede en faktore. Die institusionaliseringskonteks waarbinne hierdie bydraes hulle bevind, kan geplaas word teen die agtergrond van die verval van die demokratiese ideaal as prominente waarde, eie aan die Amerikaanse politieke tradisie, vir die bestudering van politieke ontwikkeling. Die veronderstelde waardes van orde, stabiliteit en effektiewe regering wat ook eie is aan die Amerikaanse politieke tradisie maar eers binne hierdie omstandighede (die verval van orde en stabiliteit) na vore tree, het by uitstek gemanifesteer in die denke van S.P. Huntington. (Lesers word ook verwys na afdeling 4 van hoofstuk 3 vir die volledige en uitgebreide motivering van hierdie aspek).

## 2.4.4 Voorwetenskaplike konteks

Vakwetenskaplik en wetenskaplik gesproke is 'n Amerikanistiese lewens- en wêreldbeskouing, soos gefundeer in 'n spesifieke waardestelsel, aanwesig in die denke van Huntington wat ook aangetref word by ander Amerikaanse politieke wetenskaplikes. Waardes, soos veranker in 'n Amerikaanse politieke tradisie van orde, stabiliteit en effektiewe regering, manifesteer by uitstek in die denke van Huntington. Kesselman (1973: 153-154) wys ook daarop dat "(t)he works analyzed here (1965; 1968) are, like much scholary literature, permeated by an implicit belief in the superiority of American political values, institutions and processes.... In essence, development and order come to mean what prevails in the United States."

Kenmerkend van hierdie lewens- en wêreldbeskouing is dan ook die beklemtoning van 'n politieke sisteem as 'n hiërargies geordende geheel, bykans militaristies van aard, en eie aan 'n konserwatiewe tradisie (Amerikanisties) waarin politieke prosesse patroonmatig en gesistematiseerd voltrek word. Dit word by uitstek aangetref in die institusionaliseringsdenke van Huntington, maar ook gereflekteer in die stelselanalitiese benadering van Easton en die struktuur-funksionalisme van Almond wat benaderingsgewys aspekte van eersgenoemde se denke onderlê. Ten grondslag van sy denke, onder meer geïnspireer deur 'n positivisties-behavioralistiese wetenskapsfilosofie, lê 'n organistiese beskouing van die politiek in terme van die wisselwerking en interaksie van die dele binne 'n sisteem. Die sisteem wat modelmatig met 'n organisme of ekosisteem vergelyk kan word, impliseer die wisselwerking van die dele volgens 'n bepaalde kringloop met 'n vaste ritme en patroon. Binne die denke van Huntington word hierdie "ekosisteem" se ritme en patroon versteur wat die kringloop van aksies (deelname versus institusionalisering) versteur waardeur die sisteem se voortbestaan in gevaar gestel (politieke verval) of selfs totaal bedreig kan word (rewolusie). Tipies konserwatief word die samelewing volgens die sisteem sentraal geplaas terwyl die individu vasgevang is in die sisteem waarin hy histories geplaas is en slegs in 'n beperkte mate sy lotsbestemming kan bepaal in die breëre samelewing. Hierdie denke gee gestalte aan 'n konserwatiewe staatsbeskouing waarin orde, stabiliteit en effektiwiteit tot norm verhef word binne sy institusionalisering-beskouing wat hom status quo georiënteerd maak.

Daarom kan Huntington se denke binne die institusionaliseringskonteks teruggevoer word na 'n eiesoortige Amerikanistiese lewens- en wêreldbeskouing, in samehang met 'n positivistiese wetenskapsfilosofie en 'n organistiese beskouing van die politiek wat aan 'n konserwatiewe samelewings-, mens- en staatsbeskouing beslag gee.

Vervolgens word daar aandag gegee aan 'n rekonstruksie, interpretasie en evaluasie van Huntington se bydrae binne die demokratiese-institusionaliseringskonteks.

## 3. DIE DEMOKRATIESE-INSTITUSIONALISERINGSKONTEKS VAN HUNTINGTON SE DENKE

### 3.1 Algemene oriëntering

Die denke van Huntington oor die demokratisering van politieke instellings het veral etrekking op sy nuutste werk *The third wave : democratization in the late twentieth entury* (1991). Vir doeleindes van die rekonstruksie van sy denke binne die emokratiese-insititusionaliseringskonteks word daar primêr op hierdie werk ekonsentreer, terwyl daar in 'n ondersteunende (sekondêre) sin ook gebruik emaak sal word van sy *American politics : the promise of disharmony* (1981) en die tikels *Will more countries become democratic?* (1984), *The modest meaning of emocracy* (1989), en *One soul at a time : political science and political reform* (1988). entraal tot Huntington se denke binne die demokratiseringskonteks is sy eklemtoning van die goeie kwaliteite van die demokrasie, veral ten opsigte van dividuele vryheid, binnelandse stabiliteit, internasionale vrede en verál die belang n die VSA as 'n vooraanstaande demokratiese staat (1991: XV).

denke moet verder geplaas word teen die agtergrond en idioom van die ntemporêre demokratiseringsdenke soos uiteengesit is in afdeling 4.3.2 van ofstuk 3 van hierdie studie. Dit het veral betrekking op wat hy tipeer as *"(t)he third ve of democratization"* (1974-1990). Hierteenoor moet die eie aard van sy ndpunte ook beklemtoon word, aangesien sy vorige bydraes, soos gehanteer ne die institusionaliseringskonteks, die raamwerk verskaf waarbinne latere draes verstaan moet word. (Hierdie institusionaliseringsperspektief is bepaald esig by ander kontemporêre demokratiseringsdenkers). Hoewel Huntington se tste bydraes ook elemente bevat wat onder die vlag van die demokratiese erministe gehanteer is (vergelyk veral die situatiewe sowel as ander determinante s hanteer in afdeling 4.3.1 van hoofstuk 3 van hierdie studie), werk hy eerder met elasies en verbande as met determinante. Dit dui op 'n verwaterde kousaliteit der as die formulering van 'n kousale teorie soos in die voorafgaande afdeling (sy ae binne die institusionaliseringskonteks) die geval is. Trouens, wanneer hy die rd *explain* in sy 1991-bydrae gebruik, bedoel hy eerder *verduidelik*, terwyl dit e die institusionaliseringskonteks die sterker betekenis van *verklaar* het. Sy klaring" (verduideliking) vir die verskynsel van demokratisering moet daarom er in realisties-teoretiese sin (dit wil sê 'n swakker tipe verklaring) beoordeel

word, waar die verskynsel van demokratisering in terme van faktore soos 'n legitimiteitskrisis, ekonomiese ontwikkeling, religieuse verandering en die rol van internasionale akteurs, verduidelik word. Elemente van kousaliteit, of minstens die strewe daarna, neig egter om telkens na die oppervlak te kom en is 'n aspek wat nie volledig geïgnoreer kan word nie, maar terselfdertyd nie oorbeklemtoon moet word nie.

Hoewel demokratisering as verskynsel in die breë hanteer word, word daar primêr op die periode 1974-1990 (oftewel die derde demokratiseringsgolf) gekonsentreer. Die sentrale doelstelling van die 1991-bydrae is "... to explain (verduidelik) and to analyze a particular group of regime transitions that occured in a limited period of time ..." (xiii). Binne die demokratiese-institusionaliseringskonteks kom die *wat-* en die *waarom-vraag* ten opsigte van die demokratisering van politieke instellings aan die orde. Eerstens sal daar ten opsigte van die rekonstruksie van sy denke binne hierdie konteks gefokus word op wat bedoel word met demokratisering as wyse van transformasie van politieke instellings. Dit sal gevolg word deur 'n rekonstruksie van 'n realistiese verklaring (teoreties gesproke) van die demokratisering van politieke instellings.

## 2 Demokratisering as wyse van transformasie van politieke instellings

Vir Huntington (1991: 15) kan demokratisering as 'n historiese golf beskryf word en tipeliseer dit "... a group of transitions from nondemocratic to democratic regimes that occur within a specified period of time and that significantly outnumber transitions in the opposite direction during that period of time." Hierdie beskouing van demokratisering word deur Huntington met behulp van demokratiseringsgolwe en teengolwe (nie-demokratiese tendense) beskryf (1991: 13-26). Met nie-demokratiese golwe word basies bedoel die beweging weg van demokratiese instellings in die rigting van outoritêre bedelings ("authoritarian") wat insluit die eenpartystelsel, totalitêre stelsels, militêre regimes en diktature (1991: 12-13). 'n Demokratiese golf dui op 'n meerderheid state wat verander van 'n nie-demokratiese oriëntasie, na 'n demokratiese oriëntasie terwyl 'n teengolf weer dui op 'n meederheid van state wat in die omgekeerde rigting (dit wil sê demokraties na nie-demokraties) verander.[5]

Demokratisering as 'n proses het vir Huntington (1991: 35) te make met die beëindiging van 'n nie-demokratiese regime en die konsolidasie (institusionalisering)

5 In hoofstuk 5 van hierdie studie word daar op die normatiewe aspekte rakende die transformasie van politieke instellings gekonsentreer. In hierdie hoofstuk (5) sal Huntington se beskouing ten opsigte van die demokrasie volledig hanteer word. Lesers word verwys na afdeling 3 van hoofstuk 5 van hierdie studie.

van 'n demokratiese regime. Laasgenoemde het veral te make met die onderskeid tussen stabiele (standhoudende) demokrasieë en onstabiele (nie-standhoudende) demokrasieë en stem ooreen met sy onderskeid tussen geïnstitusionaliseerde en nie-geïnstitusionaliseerde politieke stelsels.

In die moderne geskiedenis word drie demokratiseringsgolwe en twee teengolwe geïdentifiseer (1991: 13-26) terwyl 'n derde teengolf in die toekoms (onder bepaalde omstandighede) nie uitgesluit kan word nie (1991: 290-316). Die *eerste demokratiseringsgolf* het ontstaan na aanleiding van die Franse en Amerikaanse rewolusies en het voortgeduur tot na die Eerste Wêreldoorlog (dit wil sê 1776-1926) en was veral prominent in Wes-Europa waar demokratisering onder meer voorgekom het, in Brittanje, Frankryk, Italië, Switserland en van die destydse Britse kolonies soos Nieu-Seeland en Australië (Huntington, 1991: 16-17). Die periode na die Eerste Wêreldoorlog het weer 'n grondslag daargestel vir nie-demokratiese bewegings oftewel die *eerste teengolf*. Geïnspireer deur die opkoms van Kommunistiese, Fascistiese en militêre ideologieë het verskeie politieke stelsels vanuit 'n demokratiese na 'n nie-demokratiese rigting beweeg. Met Fascistiese Italië (1922) en later Nazi-Duitsland (1933) aan die spits, is politieke stelsels in Portugal, Spanje, Oostenryk, Pole, Griekeland, Joego-Slawië en Bulgarye deur hierdie golf meegesleur, terwyl Japan onder die invloed van 'n militaristiese ideologie ook in 'n nie-demokratiese rigting beweeg het (Huntington, 1991: 17-18).

ie *tweede demokratiseringsgolf* het beslag gekry tydens en ná die Tweede êreldoorlog en was veral prominent in Wes-Europa, Suidoos-Asië, Latyns-Amerika, rika en ander dele van die Asiatiese vasteland en omringende eilande, sowel as in e Mediterreense gebied. In Wes-Europa was demokratiseringstendense aan die de in state soos Wes-Duitsland, Italië en Oostenryk, terwyl Japan en Korea in idoos-Asië soortgelyke tendense ondervind het. In Latyns-Amerika het Argentinië, lombia, Brasilië, Costa Rica, Peru en Venezuela in 'n demokratiese rigting ander.

Afrika en ander dele van Asië het die beëindiging van koloniale bewinde gelei tot nokratiseringstendense in die politieke stelsels van Ghana, Nigerië, Indië, Maleisië, Lanka en die Filippyne. In die Mediterreense gebied was die beweging na nokrasie prominent in Israel, Turkye en Griekeland (Huntington, 1991: 18-19). rdie demokratiseringsgolf het 'n kortstondige bestaan gehad en teen die vroeë en del sestigerjare het verskeie dikwels nuutgevonde demokrasieë, die weg gebaan nie-demokratiese bedelings (Vergelyk ook Emmerson, 1967: 272-294).

Die *tweede teengolf* ("second reverse wave") was prominent in die middel sestigerjare en het voorgekom in Asië, Latyns-Amerika, die Mediterreense gebied en Afrika (Huntington, 1991: 19-21). In Latyns-Amerika het Peru, Brasilië, Bolivië, Argentinië, Chili en Uruquay in 'n nie-demokratiese rigting beweeg terwyl Pakistan, Indonesië, en die Filippyne - Asiatiese state - soortgelyke tendense beleef het. In Afrika was die ervanging van demokratiese bedelings deur nie-demokratiese bedelings (hoe ook al gedefinieer) prominent in politieke stelsels soos aangetref in Nigerië, Ghana, Kenia en Zambië - om net enkeles te vermeld. Huntington (1991: 20-21) beklemtoon dat van die drie en dertig Afrika-state wat tussen 1956 en 1970 onafhanklikheid verkry het, dit et Botswana was wat demokraties gebly het. Hy (1991: 20-21) wys daarop dat "(t)he ecolonization of Africa led to the largest multiplication of independent authoritarian overnments in history". In die Mediterreense gebied was dit Griekeland en Turkye aar tendense in 'n nie-demokratiese rigting prominent waarneembaar was. Dit was nne hierdie historiese konteks waarin verskeie skrywers en denkers pessimisme or die toekoms van die demokrasie uitgespreek het. Chaos en anargie as resultaat n demokratiseringspogings in die wêreld het gelei tot die beklemtoning van orde en abiliteit, soos geassosieer met 'n konserwatiewe tradisie, eerder as die waardes van yheid wat prominent aanwesig is in die liberale tradisie en by demokraties-terministiese denkers. Dit is dan ook waarteen Huntington se 1965- en 1968-draes gesien moet word. Hierdie toedrag van sake sou duidelik verander in die wentigerjare, maar veral in die tagtigerjare, waar die vlam van die demokrasie aan derde demokratiseringsgolf beslag gegee het.

*derde demokratiseringsgolf* het volgens Huntington (1991: 1, 21) sy ontstaan in rtugal gehad met die beëindiging van die militêre bewind van Marcello Caetano op April 1974. Hiervandaan het dit versprei na ander Suid-Europese state waaronder ekeland en Spanje (Huntington, 1991: 21-22). Hierna sou die demokratiseringsgolf breed om dele van Latyns-Amerika, Asië, die ou Oos-Blok (Oos-Europa en dele Asië), sowel as dele van Afrika in te sluit. Huntington (1991: 21) wys daarop dat the fifteen years following the end of the Portuguese dictatorship in 1974, nocratic regimes replaced authoritarian ones in approximately thirty countries in ope, Asia and Latin America."


atyns-Amerika het state soos Equador, Bolivië, Argentinië en Brasilië in die rigting die demokrasie beweeg. In Asië het Turkye, die Filippyne, Korea, Taiwan en stan 'n fase van demokratisering in die tagtigerjare betree. Teen die einde van die gerjare het die geweld van die demokratiseringsgolf die ou Kommunistiese blok f en was demokratisering aan die orde in Pole, die gewese Oos-Duitsland, die seggo-Slowakye en Roemenië. Samevattend wys Huntington (1991: 25) daarop

dat in die bestek van vyftien jaar "... the democratic wave moved across southern Europe, swept through Latin America, moved on to Asia and decimated dictatorship in the Soviet bloc." Ook in Afrika is die demokratiseringsproses of bewegings in die rigting van 'n demokratiese bedeling waargeneem in state soos Algerië, Egipte en Suid-Afrika (Huntington, 1991: 25). Teen 1990 was ± 45% van die onafhanklike state van die wêreld onder die beheer van demokratiese stelsels wat vir Huntington (1991: 25) dui op 'n hoogtepunt in 'n groter proses wat volgens hom beskryf kan word as 'n "... two-step-forward (demokraties) one step backwards pattern (nie-demokraties)" wat kenmerkend is van die geskiedenis van demokratisering sedert 1776. Die fokus van sy 1991-bydrae konsentreer veral op die derde demokratiseringsgolf en die soeke na verklarings in hierdie verband. [Vir vollediger besonderhede oor die geskiedenis van demokratisering in state word lesers verwys na Hattersley (1930: 141-186), Strong (1960: 31-44) ten opsigte van die eerste demokratiseringsgolf, Huntington (1991: 18-19) ten opsigte van die tweede demokratiseringsgolf en Schmitter & O'Donnel (1988), Karl (1990: 8-17), Rustow (1990: 75-91) en Huntington (1991: 21-26) ten opsigte van die derde demokratiseringsgolf).

Binne die paradigma van die kontemporêre demokratiseringsdenke is die derde golf van demokratisering 'n proses waarin dit deur liberalisering voorafgegaan is, dit wil sê demokratisering is dikwels, hoewel nie noodwendig nie, die resultaat van liberaliseringstendense soos die vrylating van politieke gevangenes, groter openbare debat oor kontensieuse politieke aangeleenthede, verminderde sensuur-bepalings en algemene stappe wat verband hou met die gees van 'n demokratiese staatspraktyk. Kortom kom dit vir Huntington (1991: 9) neer op die "... partial opening of an authoritarian system short of choosing governmental leaders through freely competitive elections."

Binne dieselfde idioom (kontemporêr-demokraties) beklemtoon Huntington (1991: 11, 28) die feit dat demokratiseringsprosesse kan lei tot die daarstelling van onsekere demokrasieë - 'n denklyn wat ook prominent voorkom by Schmitter & O'Donnel (1988: 3-5), Karl (1990: 8-10) en Prezerworski (1988: 58-61). Vir Huntington (1991: 11, 28) is die onderskeid tussen stabiele en standhoudende demokrasieë enersyds en onstabiele en wisselvallige demokrasieë andersyds geleë in die mate van institusionalisering soos geformuleer in sy 1965- en 1968-bydraes. Trouens, in ondersteuning van die vertrekpunt dat die graad van regering (soos gemeet in terme van institusionalisering) belangriker is as die owerheidsvorm (1968: 1) beklemtoon Huntington (1991: 28) dat "(t)he distinction between order and anarchy is more fundamental than the distinction between democracy and dictatorship. Yet that

distinction is also crucial ..." 'n Grafiese voorstelling van die twee veranderlikes, te wete die graad van regering, en die owerheidsvorm kan gebruik word om 'n tipologie van politieke stelsels te maak wat onder meer gebruik kan word om stabiele en onstabiele demokrasieë te onderskei. Hierdie voorstelling lyk soos volg:




. 4.5 'n Eenvoudige tipologie van politieke bedelings in terme van die Huntington-kriteria van die graad van regering en die owerheidsvorm.

Met Huntington (1991) se standpunte ten opsigte van demokratisering as wyse van transformasie van politieke instellings (oftewel die wat-vraag ten opsigte van hierdie verskynsel) afgehandel, kan daar nou oorgegaan word tot 'n rekonstruksie van sy verklaring vir demokratisering oftewel die beantwoording van die waarom-vraag.

## 3.3 'n Realistiese teorie ter verklaring van demokratisering[6]

### 3.3.1 Algemene riglyne

Hierdie teorie kan volledig gerekonstrueer word deur op die volgende sake te konsentreer:

- Golfbewegings as verskynsel in die wêreldpolitiek.
- Demokratiese golfbewegings as politieke verskynsel.
- Die derde demokratiseringsgolf.
- 'n Kontekstuele verklaring vir die demokratiseringsgolf.

ervolgens word daar op hierdie vier sake gekonsentreer.

### .3.2 Golfbewegings as verskynsel in die wêreldpolitiek


lgens Huntington (1991: 31) is golfbewegings oftewel prosesse/verskynsels wat lyktydig in meer as een politieke stelsel na vore kom by verskeie geleenthede in die ëreldpolitiek waargeneem. So verwys hy (1991: 31) na die voorkoms van rewolusies die middel negentiende eeu in verskeie Europese state, die studente-opstande van sestigerjare in Frankryk, die VSA en Brittanje en die groot getal staatsgrepe sedert Tweede Wêreldoorlog in Latyns-Amerika en Afrika. Demokratiseringsgolwe en ngolwe moet volgens hom as soortgelyke verskynsels beskou word. Huntington 91: 31-34) identifiseer vier hipotetiese oorsake oftewel ideaal-tipiese oorsaak-/olg-relasies ten einde hierdie verskynsel in perspektief te stel. Hy (1991: 31) poog rmee "... to identify the possible causes of waves such as these in politics." Hierdie aal-tipiese oorsaak-gevolg-relasies word voorgehou as 'n *enkel-oorheersende aak, parallelle ontwikkeling, die sneeubaleffek* en dit wat beskryf kan word as 'n

---

[6] Vir meer besonderhede oor die kenmerke van 'n realistiese teorie word lesers verwys na afdeling 2.5.3 van hoofstuk 2 van hierdie studie.


*kitsmedikasie vir die hantering van bepaalde politieke vraagstukke (prevailing nostrum).*[7] Hierdie hipotetiese oorsaak-gevolg-relasies word verduidelik deur van ses denkbeeldige state ($X_{1-6}$) gebruik te maak.

a) *Enkel-oorheersende oorsaak* (single cause): Hipoteties gesproke kan 'n enkele oorheersende oorsaak (determinant) A verantwoordelik wees vir demokratisering in ses verskillende state. Skematies kan dit so voorgestel word:




untington, 1991: 32)


*Parallelle ontwikkeling*: Hipoteties gesproke kan dieselfde onafhanklike veranderlike in ses verskillende state aan dieselfde verskynsel in dieselfde tydsgleuf beslag gee. Skematies kan dit so voorgestel word:




ntington, 1991: 32)


The *Concise Oxford Dictionary* (1976: 744) beskryf die woord nostrum as 'n "(m)edicine prepared by person recommended it, quack remedy, patent medicine; pet scheme for political or social reform ...". By gebrek aan 'n akkurate direkte vertaling word die term kitsmedikasie gebruik teen die spesifieke agtergrond van 'n "... pet scheme for political or social reform ...".

c) *Sneeubaleffek*: Hiervolgens word veronderstel dat 'n bepaalde determinant gelei het tot 'n verskynsel in 'n bepaalde staat wat op sy beurt weer dieselfde verskynsel in ander state tot gevolg het en wat weer dieselfde verskynsel in nog verdere state teweegbring. Skematies kan dit so voorgestel word:




Huntington, 1991: 33)

) *Kitsmedikasie* ("prevailing nostrum"): 'n Bepaalde "medikasie" (remedie) kan hiervolgens in verskillende state op dieselfde tydstip aangewend word om verskillende probleme/vraagstukke binne dieselfde tydsgewrig met dieselfde formule (byvoorbeeld demokratisering) reg te "dokter". Hiervolgens kan 'n bepaalde tendens geaktiveer en gemotiveer word vanuit verskillende en selfs uiteenlopende oorsake in die geloof dat dit die beste keuse/alternatief binne die heersende omstandighede is. Indien $A_1$, $B_2$, $C_3$, $D_4$, $E_5$ en $F_6$ die verskillende oorsake aandui, en Z die kitsmedikasie (demokratisering), kan dieselfde tendens in ses verskillende state voorkom en kan dit so voorgestel word:




ntington, 1991: 34)

Die kompleksiteit van die daarstelling van 'n verklaring (teorie) vir golfbewegings in die politiek word goed geïllustreer wanneer Huntington (1991: 34) daarop wys dat "(t)hese four possible explanations of political waves are not exhaustive; nor are they mutually exclusive; nor are they necessarily contradictory. All four factors may be at work in any one situation." Met hierdie ideaal-tipiese oorsaak-gevolg-relasies en die perspektief ten opsigte van die kompleksiteit van 'n verklaring vir golfbewegings kan daar nou gefokus word op Huntington se *verduideliking* van demokratiese golfbewegings.

## 3.3.3 Demokratiese golfbewegings as politieke verskynsel

Vanneer demokratiese golfbewegings aan die orde is, kwalifiseer Huntington sy tandpunte/beskouings in twee belangrike opsigte. Ten eerste word daar gefokus op emokratisering - dit wil sê die proses as onafhanklike veranderlike en nie met emokrasie as doelwit, produk of resultaat nie. In samehang met eersgenoemde walifikasie word beklemtoon dat regime-verandering en nie die handhawing van 'n estaande regime nie as fokus dien (Huntington, 1991: 34). (Laasgenoemde het erder te make met die institusionaliseringskonteks wat verbind kan word aan 'n onserwatiewe tradisie soos vroeër uitgespel). Met die fokus op die prosesmatige tewel demokratisering vind Huntington aansluiting by die demokratiseringsdenke n Robert Dahl waarin demokratisering verbind word aan twee prosesse, te wete die elating van kompeterende kragte ("public contestation") in bestaande politieke osesse as uitvloeisel van liberalisering, en groter politieke deelname ("participation") t gesamentlik beslag gee aan wat Dahl (1971: 7) voorhou as poliargie oftewel listiese demokrasie. [Raadpleeg Dahl (1971: 6-13) vir besonderhede oor sy denke standpunte.] Die vertrekpunt van Huntington se denke kan egter nog verder uggevoer word na die Schumpeteriaanse beskouing van proseduriële demokrasie t 'n sterk empiriese grondslag in teenstelling met idealistiese en utopistiese inisies van demokrasie. Hiervolgens moet 'n demokrasie verbind word aan die volging van vaste prosedures soos dit na vore kom in die werk *Capitalism, ialism and democracy* (1943: 269-283) van Joseph Schumpeter. [Wanneer die matiewe komponente van Huntington se denke behandel word (afdeling 3 van fstuk 5 van hierdie studie) word hierdie grondslag van Huntington se denke in er besonderhede hanteer].

afhanklike veranderlike, naamlik demokratisering, word voorgehou as 'n miese en uiters komplekse verskynsel wat impliseer die beëindiging van 'n nie-okratiese bedeling, die vestiging van demokratiese prosedures en praktyke en ndelik die vestiging van 'n demokratiese bedeling (Huntington, 1991: 36-37).

Die oorsake van demokratisering is eweneens veelvoudig en uiters kompleks. Nie minder nie as 27 verskillende en selfs uiteenlopende oorsake word deur Huntington (1991: 37-38) gelys in terme van oorsake wat tot demokratisering aanleiding kan gee. [Die belangrikste determinante sluit in die vlak van ekonomiese ontwikkeling, die mate van sosiale gelykheid, klassestruktuur van die samelewing, eksterne omgewing en kultuur. Vergelyk ook Huntington (1984: 199-209).] Huntington (1991: 38) beklemtoon dat geeneen van hierdie veranderlikes werklik universeel geldend is nie en in die meeste gevalle slegs 'n beperkte toepassings- en dus ook verklaringswaarde het. Huntington (1991: 38) is van mening dat "(t)he causes of democratization differ substantially from one place to another and from one time to another." As vertrekpunt by die soeke na 'n verklaring vir demokratisering formuleer Huntington (1991: 38) die volgende hipotetiese riglyne wat geïnterpreteer kan word as die *credo* vir 'n kontemporêre demokratiese denker:

) Geen enkele faktor/oorsaak is bepalend om die ontwikkeling van 'n demokrasie in alle state of in 'n enkele staat te verklaar nie.

) Geen enkele faktor/oorsaak is deurslaggewend vir die ontplooiing van demokratiese bedelings in state nie.

) Demokratisering in 'n staat is die resultaat van 'n kombinasie van faktore/oorsake.

Die kombinasie van faktore/oorsake (ten opsigte van die daarstelling van 'n demokratiese bedeling) verskil van staat tot staat.

Die kombinasie van faktore/oorsake wat aan een demokratiseringsgolf beslag gegee het, verskil van dié wat aan ander golwe beslag gegee het.

Die aard en samestelling van oorsake wat aan demokratiese bedelings beslag gegee het, kan verander soos die demokratiseringsgolf voortstu.

Oorsaak van demokratisering, in samehang met konteksgebonde faktore, wat ntington (1991: 39) nodig vind om spesifiek te beklemtoon, is "... the crucial role of itical leadership and political skill in bringing about democracy". Huntington 91: 39) kom tot die gevolgtrekking dat "(a) chain or funnel... of causation exists; international, social, economic, cultural and, most immediately, political factors operate, often in conflicting ways, either to facilitate the creation of democracy or ustain authoritarianism." Huntington (1991: 39-40) motiveer hierdie stelling deur oorsigtelik te verwys na die oorsake wat die eerste en tweede nokratiseringsgolf ten grondslag gelê het. (Die oorsake wat bepalend was vir die

eerste demokratiseringsgolf sluit in 'n kombinasie van ekonomiese ontwikkeling, ndustrialisasie, verstedeliking, die totstandkoming van 'n arbeiders- en middelklas, die opkoms en invloed van die Protestantisme, die invloed van die Franse Rewolusie en die denke van Locke, Rousseau en andere. Politieke en militêre faktore was prominente inisiërende kragte tydens die tweede demokratiseringsgolf. Demokratisering was die resultaat van dwang van die Geallieerdes (Wes-Duitsland, talië, Japan); die dominante invloed van die waardestelsel (demokraties georiënteer) an die oorwinnaars (Griekeland, Turkye, Brasilië); en die opkoms van nasionalisme vat die dekolonisasieproses in dele van die Derde Wêreld ten grondslag gelê het.) een hierdie agtergrond verduidelik Huntington dat die derde demokratiseringsgolf, ie fokus van sy 1991-bydrae, uit 'n ander samestelling van oorsake/faktore beslag ekry het.

## .3.4 Die derde demokratiseringsgolf

'n poging om 'n bevredigende verklaring vir die verskynsel (die sogenaamde golf) verkry en aangesien die nie-demokratiese aard en kenmerke van 'n politieke stelsel f dit 'n militêre diktatuur, of 'n oligargie of 'n eenpartystaat is) nie alleenbepalend is waar en wanneer demokratiseringstendense plaasvind nie, konsentreer ntington op die geskiedenis van politieke stelsels wat wel gedemokratiseer het, of gings wat in dié verband aangewend is, as rigtinggewend vir die aanwesigheid en k die verstaan van hierdie verskynsel (Huntington, 1991: 41). Anders gestel, die nwesigheid van 'n geskiedenis van pogings om te demokratiseer in 'n bepaalde at of state word dus as 'n belangrike sleutel tot die verstaan van demokratisering bruik. Inherent aan die geskiedenis van hierdie politieke stelsels word vyf algemene nokratiseringspatrone geïdentifiseer, te wete *'n sikliese patroon, nie-tweede ronde sesvol-patroon, onderbrekende demokratiseringspatroon, direkte oorgang* en *olonisasie* wat vervolgens kortliks aangeraak word.

*'n Sikliese patroon:* Binne hierdie patroon fluktueer politieke stelsels tussen die uiterstes van 'n volksdemokrasie enersyds en 'n ekstreme nie-demokratiese bedeling, veral militêre regimes, andersyds (Huntington, 1991: 41). Hier is dus sprake van 'n pendulumswaai van een uiterste na die ander wat sterk ooreenkomste vertoon met wat Huntington (1965: 415-417, 1968: 72-92, 192-194) voorhou as praetorianisme. (Vergelyk afdeling 2.3 van hierdie hoofstuk vir meer besonderhede oor Huntington se denke rakende praetorianisme.) Hierdie sikliese patroon word veral geassosieer met Latyns-Amerikaanse state soos Argentinië, Brasilië, Peru, Bolivië en Equador. State buite die Latyns-Amerikaanse kategorie waarin soortgelyke sikliese patrone voorgekom het,

sluit in Turkye en Nigerië (Huntington, 1991: 41-42). Hul weerstand teen volksdemokrasieë was veral gesetel in die ontwrigting van die bestaande orde deur radikale optrede, korrupsie en 'n onvermoë om wet en orde te handhaaf. Dit het die weg gebaan vir militêre oornames wat kort voor lank 'n legitimiteitskrisis beleef met 'n terugkeer na 'n demokratiese orde en, wat impliseer dat 'n kringloop voltooi is (Huntington, 1991: 42). Hierdie patroon stem volgens Huntington ooreen met die bewindsoorname van 'n politieke party binne 'n geïnstitusionaliseerde demokratiese bedeling.

b) *'n "Tweede ronde suksesvol"-patroon:* Hierdie patroon verwys na 'n aanvanklike nie-demokratiese bedeling wat vervang word deur 'n demokratiese bedeling, maar wat as gevolg van bepaalde omstandighede/faktore nie kan bly voortbestaan nie, en dus weer vervang word deur 'n nie-demokratiese bedeling wat 'n eiesoortige krisis beleef en net weer vervang word deur 'n suksesvolle demokratiese bedeling (Huntington, 1991: 42). Tydens die tweede demokratiseringsgolf het Duitsland, Italië, Oostenryk en Japan hierdie patroon gevolg, terwyl Spanje, Portugal en Pole binne die derde demokratiseringsgolf in 'n meerdere of mindere mate volgens hierdie patroon gedemokratiseer het (Huntington, 1991: 42).

*Die onderbrekende demokratiseringspatroon:* Hieronder word basies verstaan die patroon in daardie state wat beskik oor gevestigde demokratiese instellings wat as gevolg van 'n bepaalde krisissituasie tydelik opgeskort word, veral deur die ingryping van militêre instellings, en waarna 'n demokratiese bedeling na 'n betreklik kort periode weer in werking gestel word. Voorbeelde in hierdie verband sluit in Uruquay, die Filippyne, Chili en Indië (Huntington, 1991: 42). 'n Ander goeie voorbeeld in hierdie verband (waarna Huntington nie verwys nie) is die opskorting van die Franse Vierde Republiek deur De Gaulle en die totstandkoming van die Franse Vyfde Republiek.

*Die direkte oorgangspatroon:* Die ewolusionêre oorgang (meestal inkrementeel van aard) van 'n nie-demokratiese bedeling na 'n demokratiese bedeling, soos veral aangetref tydens die eerste demokratiseringsgolf, word hier beklemtoon (Huntington, 199: 43). Tydens die derde demokratiseringsgolf het state soos Roemenië, Bulgarye, Taiwan, Mexiko, Guatamala, El Salvador, Honduras en Nicaragua, hierdie demokratiseringspatroon gevolg.

*Die dekolonisasiepatroon:* 'n Koloniale moondheid met 'n demokratiese bedeling vestig 'n demokratiese bedeling in 'n bepaalde kolonie wat na onafhanklikheid behou word (Huntington, 1991: 43). Hierdie tendens word

veral geassosieer met voormalige Britse kolonies. Voorbeelde van hierdie patroon tydens die derde demokratiseringsgolf is onder meer Belize, die Dominikaanse Republiek, Saint Lucia en Saint Vincent (Huntington, 1991: 43).

Huntington (1991: 44) beklemtoon dat al vyf demokratiseringspatrone prominent was tydens die derde demokratiseringsgolf. Aanvanklik het politieke stelsels met vorige ondervinding van die demokrasie begin om te demokratiseer, maar later, veral na 1989, is daar ook state betrek met geen vorige ondervinding van demokratiese bedelings nie. Huntington (1991: 44) kom tot die gevolgtrekking dat "... these transitions were produced in part by common causes affecting many countries, by parallel development within several countries, and by the impact of early transitions on later ones." Volgens Huntington (1991: 45) het 'n aantal konteksgebonde faktore tydens die sestiger- en sewentigerjare die terrein as't ware voorberei vir die demokratisering tydens die derde demokratiese golf. Aan hierdie faktore wat aan 'n kontekstuele teorie gestalte gegee het, word daar vervolgens aandag aan gegee.

## .3.5 'n Kontekstuele verklaring vir die derde demokratiseringsgolf

yf faktore lê hierdie kontekstuele verklaring ten grondslag naamlik:

*die legitimiteits- en effektiwiteitskrisisse van nie-demokratiese bedelings;*

*die ekonomiese ontwikkeling/groei van die sestigerjare;*

*die nuwe politieke filosofie van die Rooms-Katolieke Kerk;*

*nuwe beleidsrigtings deur prominente internasionale akteurs;*

*'n sneeubaleffek.*

Eenvoudige en bondige rekonstruksie van Huntington se belangrikste argumente opsigte van hierdie vyf faktore wat demokratisering bevorder, word as doelwit in rdie afdeling gestel. [Vir volledige besonderhede oor veral die groot aantal orbeelde en empiriese materiaal wat deur hom gebruik word, word lesers verwys Huntington (1991: 46-108).]

### Die legitimiteits- en effektiwiteitskrisisse van nie-demokratiese bedelings

vertrekpunt tot bogenoemde stel Huntington (1991: 46-47) dat in 'n veranderde eld waarin "(a) world democratic ethos came into being", soos veral geïnisieer r 'n toonaangewende moondheid (vergelyk ook Huntington, 1981: 246-259; 4: 206-208), tradisionele legitimeringsfaktore vir 'n nie-demokratiese bedeling met

inbegrip van tradisie, religie en die goddelike reg om te regeer deur 'n groeiende demokratiese waardestelsel ondermyn word. Huntington (1991: 47) gaan sover om te beweer dat "(i)n a sense, the body politic of their society (nie-demokratiese samelewings) had been infected with the democratic virus, and even if the previous democratic regime had not been terribly successful, the belief remained that a truly legitimate government had to be based on democratic practices." Anders as demokratiese regimes wat deur middel van gereelde verkiesings legitimiteitskrisisse kan oorkom of selfs net verminder, ondervind nie-demokratiese bedelings wat Huntington (1991: 48) noem 'n "selfrenewal problem". Dit beteken die onvermoë van 'n nie-demokratiese bewind om steun vir sodanige bewind te mobiliseer. Ten einde hierdie legitimiteitskrisis te oorkom, poog vele nie-demokratiese bedelings om met effektiwiteit/prestasie ("performance") hiervoor te vergoed. Veral ekonomiese groei word in hierdie opsig beklemtoon (1991: 48). Die ontstaan van bepaalde ekonomiese krisisse, byvoorbeeld die verhoogde oliepryse van die vroeë sewentigerjare, skep 'n daadwerklike krisis vir nie-demokratiese bedelings wat hul legitimiteit soek in ekonomiese groei (effektiwiteit) as teenprestasie. Huntington (1991: 50) stel dat "(p)oor performance undermined the legitimacy of both the rulers and the legitimacy of the system." Die onvermoë van veral Marxisties-Leninistiese politieke stelsels om in terme van hul besondere ideologie ekonomiese groei te bewerkstellig, was verantwoordelik vir 'n diepliggende legitimiteitskrisis in hierdie kategorie van state. Met hierdie vertrekpunt vind Huntington (1991) aansluiting by die denklyn van Almond, Flanagan en Mundt (eds) in hul werk *Crisis, choice and change : historical studies of political development* (1973: 628-629) waarin gewys word op die politieke ontwikkelingskrisis wat saamval met bepaalde ekonomiese krisisse soos depressie, werkloosheid, industrialisasie en verstedeliking. Huntington (1991: 51) wys daarop dat state soos Spanje, Portugal, Griekeland, Brasilië, die Filippyne en Uruguay se nie-demokratiese politieke stelsels ernstig geraak is deur die skerp styging in oliepryse in die vroeë sewentigerjare. In verskeie demokratiese politieke stelsels soos die VSA, Kanada, Brittanje en Frankryk het nuutverkose bewinde oorgeneem as uitvloeisel van die oliekrisis - iets wat onmoontlik is in nie-demokratiese bedelings. [Vergelyk Huntington (1991: 52-54) vir meer besonderhede oor die aard en omvang van die ekonomiese krisis in bogenoemde nie-demokratiese state].

Militêre nederlae soos wat dit voorgekom het in Argentinië (die Falkland-oorlog) en die USSR (die stryd in Afghanistan) het in die lig van die afwesigheid van prestasie bygedra tot 'n verdieping van die legitimiteitskrisis van hul politieke instellings (Huntington, 1991: 54-55). In dieselfde mate wat oneffektiewe optrede kan bydra tot 'n verdiepende legitimiteitskrisis, kan effektiewe optrede (prestasie-lewering) 'n teengelyke tendens in die hand werk deurdat die bestaansreg van 'n bepaalde

regime hierdeur in gevaar gestel kán word. Anders gestel, die rede/oorsaak waarom 'n bepaalde regime ondersteun moet word, verdwyn aangesien hierdie rede van die toneel verwyder word deur middel van effektiewe optrede (Huntington, 1991: 55). Die herstel van wet en orde deur die onderskeie militêre regimes in Brasilië (1974) en Argentinië (1980-1981) het sodanige krisis vir hierdie regimes ingehou. Huntington 1991: 55) kom tot die gevolgtrekking dat "(b)ecause their legitimacy was based on performance criteria, authoritarian regimes lost legitimacy if they did not perform and lso lost it if they did perform."

een die agtergrond van 'n verdiepende legitimiteitskrisis vir nie-demokratiese edelings kan verskillende weë, aldus die skrywer, gevolg word in reaksie op hierdie risis. Voorbeelde in hierdie verband is die ignorering van die krisis, die verskerping n onderdrukkende maatreëls en die sekurokratisering van die samelewing; die kep van 'n eksterne konflik om hierdeur groter interne steun te probeer verwerf rgentinië se besetting van die Falkland-eilande); die verskaffing van 'n mokratiese aansien aan 'n nie-demokratiese bedeling; en die deurvoering van rklike demokratisering tot sy volle konsekwensies geneem (Huntington, 1991: 55-). Binne 'n wêreldorde waarin demokratiese waardes hoogty vier, word sgenoemde alternatief as norm en prioriteit deur Huntington beklemtoon.

rvolgens word daar gekonsentreer op ekonomiese ontwikkeling/groei wat ten ndslag lê van die derde demokratiseringsgolf.

**Die ekonomiese ontwikkeling/groei van die sestigerjare**

kwalifiseerd anders as die denke eie aan die demokratiese deterministe en meer sifiek die liberaal-ekonomiese denklyn, beklemtoon Huntington (1991: 59) dat die houding tussen ekonomiese ontwikkeling as onafhanklike veranderlike en nokratisering as afhanklike veranderlike kompleks en dinamies is en nie reglynig nomies deterministies is soos eersgenoemde denklyn veronderstel nie. (Vergelyk ling 4.3.1 van hoofstuk 3 vir die liberaal-ekonomiese denke.) Trouens, Huntington 91: 59) verkies om van korrelasies en verbande tussen afhanklike en onafhanklike nderlikes te praat eerder as om dit deterministies te interpreteer. In hierdie opsig sy denke aansluiting by een van die pioniers van die kontemporêre-okratiseringsdenke, D.A. Rustow (1970: 337-363), waarvolgens ekonomiese re in terme van korrelasies eerder as determinante gehanteer word en waar emtoon word dat die oorsprong van 'n demokrasie nie die resultaat is van ormige en gedefinieerde ekonomiese toestande in samelewings nie (346). ington (1991: 59) beklemtoon dan ook, soos Rustow (1970: 337-373), dat "... no

level or pattern of economic development is in itself either necessary or sufficient to bring about democratization."

Algemene ekonomiese faktore wat tot die derde demokratiseringsgolf bygedra het, was verhoogde vlakke van ekonomiese ontwikkeling wat demokratisering in die hand gewerk het en snelle ekonomiese groei in sommige state wat druk op nie-demokratiese bedelings geplaas het om te liberaliseer en uiteindelik te demokratiseer (1991: 59). Hierbenewens het ekonomiese krisisse soos die oliekrisis van die vroeë sewentigerjare daartoe bygedra om nie-demokratiese bedelings in 'n legitimiteitskrisis e dompel. Huntington konsentreer egter in hierdie afdeling op die verband wat bestaan tussen ekonomiese ontwikkeling en demokratisering enersyds en die erband tussen ekonomiese groei en demokratisering andersyds wat vervolgens die andag verdien.

**konomiese ontwikkeling en demokratisering:** Ekonomiese ontwikkeling dui vir untington op konstante of minstens relatief konstante vlakke van ekonomiese restasie oor 'n periode heen - dit wil sê 'n relatief permanente ekonomiese restasievermoë. Met bogenoemde in gedagte beklemtoon Huntington (1991: 60) die erband/korrelasie tussen rykdom (gemeet aan die per capita inkomste soos ereken in terme van die bruto nasionale produk) en die totstandkoming van emokratiese bedelings en wys daarop dat "(i)n poor countries democratization is nlikely; in rich countries it has already occurred". Huntington (1991: 61-62) entifiseer 'n drempelvlak van ekonomiese ontwikkeling, ook genoem "the middle vel of economic development", wat ekonomies gesproke demokratisering in die nd werk. Tydens die eerste demokratiseringsgolf is hierdie drempel bereik nneer die per capita inkomste soos bereken in terme van die BNP 300$ - 500$ reik het en tydens die sewentigerjare (die derde demokratiseringsgolf) 500$ - 00$. Huntington (1991: 61) wys daarop dat "... the post-World War II surge of onomic growth that lasted until the oil shocks of 1973-74 moved many countries the transition zone, creating within them the economic conditions favorable to the velopment of democracy. In considerable measure, the wave of democratization t began in 1974 was the product of the economic growth of the previous two ades." Teen hierdie agtergrond word daarop gewys dat 27 van die 31 state wat ens die derde demokratiseringsgolf geliberaliseer en gedemokratiseer het, hierdie mpelwaarde bereik het of reeds vroeër hierdie vlak van ekonomiese ontwikkeling eik het om te ressorteer as middel-inkomste-kategorie state soos gemeet in terme die onderskeie per capita inkomstes onderskeidelik bereken in terme van die o nasionale produk van hierdie state (Huntington, 1991: 63).

In dieselfde asem word daar egter ook op belangrike uitsonderings op hierdie reël gewys, byvoorbeeld Tjeggo-Slowakye en Oos-Duitsland wat in die middel sewentigerjare deel van die hoë inkomstegroep was (meer as 3 000$ per capita inkomste); die USSR, Bulgarye, Pole en Hongarye (meer as 2 000$ per capita inkomste) in dieselfde tydperk en Iran en Irak (1 500$ - 3 000$ per capita inkomste) wat teen 1989 steeds nie gedemokratiseer het nie (Huntington 1991: 63-65). Hierdie uitsonderings op die reël dwing Huntington om die ekonomiese determinisme waartoe skrywers geneig is te versag deur dit af te water. Hy beklemtoon egter die samehang van die ekonomiese faktor met ander relevante faktore wat meewerk om demokratisering moontlik te maak en waardeur die grond vir 'n realistiese oftewel 'n swakker tipe verklaring gelê word.

In 'n poging om die verband tussen ekonomiese ontwikkeling en demokratisering te verduidelik, beklemtoon hy (1991: 65-66) 'n aantal faktore wat as gevolg van ekonomiese ontwikkeling die terrein vir demokratisering voorberei. In dié konteks word verwys na die ontwikkeling van 'n nuwe sosiale struktuur in samelewings, verhoogde onderrig- en geletterdheidsvlakke, die herverdeling van rykdom, groter internasionale beïnvloeding deur middel van investering, die verskaffing van tegnologie, verbeterde kommunikasie en toerisme, en die totstandkoming van 'n groter middelklas. Skematies kan sy gedagtes so voorgestel word:





Fig. 4.6 Ekonomiese ontwikkeling as faktor wat demokratisering bevorder

**Ekonomiese groei en demokratisering:** Ekonomiese groei, of anders 'n sporadiese en tydelike ekonomiese opbloei, dwing state verby die geïdentifiseerde drempelvlak soos gemeet in terme van die per capita inkomste, en ontketen kragte wat demokratisering in die hand werk. Huntington (1991: 69) argumenteer dat "(r)apid economic growth creates rapidly the economic base for democracy that slower economic growth creates more slowly. It also, however, raises expectations, exacerbates in-equalities, and creates stresses and strains in the social fabric that stimulate political mobilization and demands for political participation." Dit is duidelik dat Huntington se denke in hierdie verband voortkom uit sy kousale teorie soos geformuleer binne die institusionaliseringskonteks van sy denke (Vergelyk afdeling .2 van hierdie hoofstuk). As voorbeelde verwys Huntington (1991: 69-70) na riekeland, Brasilië en Spanje wat tydens die sestigerjare fases van ongekende konomiese groei beleef het en waar bogemelde prosesse aan onstabiele emokrasieë gestalte gegee het. Onstabiele demokrasieë oftewel nie-eïnstitusionaliseerde demokratiese bedelings is volgens hom (1991: 72) die resultaat n 'n tydelike bereiking van hierdie ekonomiese drempel maar wat die nuutgevonde emokrasie in 'n ekonomiese krisis dwing as gevolg van 'n onvermoë om onomiese groei op 'n meer permanente grondslag (ekonomiese ontwikkeling) te aas.

ntington (1991: 72) kom tot die gevolgtrekking dat, oor die lang termyn gesien, onomiese ontwikkeling 'n belangrike basis vir demokratisering verskaf. Op die rttermyn sal snelle ekonomiese groei wat afgewissel word met ekonomiese krisisse legitimiteit van nie-demokratiese bedelings in gevaar stel. Waar die ekonomiese mpelwaarde, soos gemeet aan die per capita inkomste (bereken in terme van die to nasionale produk) nie bereik is nie of nie gehandhaaf kan word nie, lei dit tot die rstelling van 'n onstabiele demokrasie. Wat die derde demokratiseringsgolf betref, wys Huntington (1991: 72) daarop dat 'n kombinasie van ekonomiese wikkeling enersyds en korttermyn ekonomiese krisisse andersyds ten grondslag an die transformasie van nie-demokratiese bedelings in 'n demokratiese rigting.

volgens word daar gekonsentreer op die aard van religieuse veranderinge wat lense van demokratisering bevorder het.

**Religieuse veranderinge**

enmerk van sommige demokraties-deterministiese denkers is die beklemtoning 'n bepaalde kultuurgrondslag en spesifiek religieuse waardes as grondslag vir okratisering. Dit is veral die waardes van individualisme en selfverwesenliking wat dit binne die Protestantisme beslag gekry het wat deur Max Weber en vele

ander as bevorderlik vir demokratisering geïdentifiseer is. (Vergelyk afdeling 4.3.1 van hoofstuk 3 vir die kultuur-determinant.) Hierdie vertrekpunt word deur Huntington (1991: 73-74) gedeel, hoewel hy hierdie faktor geensins deterministies tot demokratisering verhef nie. Veel eerder is hier by Huntington sprake van die identifisering van verbande tussen 'n aantal faktore waarvan die kultuur-grondslag net een van vele faktore is binne 'n gedefinieerde konteks. Weereens beklemtoon dit Huntington se verbondenheid tot daardie paradigma wat vroeër as kontemporêr-demokraties aangedui is (Vergelyk afdeling 4.3.2 van hoofstuk 3 van hierdie studie vir besonderhede oor hierdie paradigma).

Huntington (1991: 72-73) beklemtoon dan ook die verband tussen Westers-Christelike waardes en die ontplooiing van demokratiese waardes in politieke stelsels as 'n wêreldwye verskynsel, terwyl ander gelowe nie dieselfde grondslag vir demokratisering verseker het nie. Hy (1991: 73) verwys na die verbreding van Christelike waardes in Suid-Korea, 'n staat wat oorwegend Boeddhisties is en waar 5% van die bevolking (meestal lede van die middelklas), gekersten is - waardeur 'n rondslag vir demokratisering verseker is. Huntington verklaar hierdie tendens deur e wys op die bevordering van individualisme en selfrealisering binne 'n Protestantse enkraamwerk as bepalende waardes wat tot demokratisering aanleiding gegee het n wat in eie reg 'n bydrae tot die derde demokratiseringsgolf gelewer het.

teenstelling met die algemeen aanvaarde opvatting dat alleen daardie waardes wat nuit 'n Protestantse lewens- en wêreldbeskouing voortspruit, kan bydra tot emokratisering, beklemtoon Huntington (1991: 74-85) die aanwesigheid van ortgelyke waardes soos aangetref in die nuut gedefinieerde rol van die Rooms-tolieke Kerk en wat in eie reg momentum gegee het aan die derde mokratiseringsgolf. Waar die Rooms-Katolieke Kerk vroeër 'n tradisionele dersteuner van die status quo was, het verandering in sy leerstellings, dogma, erskap en samelewingsbetrokkenheid in onlangse dekades hierdie instelling meer ogressief ingestel ten opsigte van demokratiese waardes en die prosesse van mokratisering. Huntington (1991: 77) wys daarop dat "(t)his repositioning of the tholic Church from a bullwork of the status quo, usually authoritarian, to a force for nge, usually democratic, was a major phenomenon." Die afgelope dekade het die oms-Katolieke Kerk verander van 'n standpunt van die ongekwalifiseerde vaarding van 'n bepaalde status quo tot 'n fase van dualisme gekenmerk deur die erskrywing van die demokratiese ideaal aan die een kant en weerstand daarteen die ander kant en in die finale instansie na 'n pro-demokratiese en anti-status -beskouing. Die Katolieke Kerk het veral in reaksie gekom teen die skending van nseregte en het as direkte gevolg hiervan sy internasionale bedingingsvermoë ten

gunste van demokratiese waardes van stapel gestuur. In Maart 1979 het pous Johannes Paulus II verklaar dat die Rooms-Katolieke Kerk haarself sien as die beskermer van politieke vryheid waardeur 'n konstruktiewe rol ten gunste van demokratisering in die vooruitsig gestel word (Huntington, 1991: 82-85). Dit is in hierdie verband dat Huntington (1991: 76) daarop wys dat 75% van die state wat gedemokratiseer het tydens 1974-1989 (die derde demokratiseringsgolf) oorwegend Rooms-Katoliek-georiënteerde bevolkings gehad het. State waarin die Rooms-Katolieke Kerk 'n prominente rol gespeel het om demokratisering teweeg te bring, sluit in Brasilië, Chili, die Filippyne, Pole, Spanje en Portugal (Huntington, 1991: 77-85). Aangesien dieselfde state in die periode wat demokratisering voorafgegaan het ook fases van ekonomiese ontwikkeling en groei beleef het, moet die rol van die Rooms-Katolieke Kerk ten opsigte van demokratisering nie deterministies verreken vord nie. Die uitsonderings wat oorwegend nie-Katolieke bevolkings in state soos Oos-Duitsland en Suid-Afrika lewer, word deur Huntington (1991: 76) in hierdie erband beklemtoon. Nietemin is die rol van die Rooms-Katolieke Kerk vir Huntington 1991: 85), naas die ekonomiese faktor die belangrikste faktor wat demokratisering in ierdie tydsgewrig (1974-1990) geïnisieer het.

ervolgens word daar verder gefokus op nuwe beleidsrigtings van prominente kteurs in die internasionale gemeenskap as 'n belangrike kontekstuele faktor wat emokratisering bevorder het.

**Nuwe beleidsrigtings deur prominente internasionale akteurs**

van sy vroeëre werke beklemtoon Huntington (1981: 246-259; 1984: 205-208) die langrike invloed van toonaangewende demokratiese moondhede op die gang van mokratisering in ander state. Huntington (1984: 205-208) wys veral op die langrike rol wat Brittanje as leidende demokratiese moondheid in die 19de eeu (die rste demokratiseringsgolf) gespeel het en die VSA wat na die Tweede reldoorlog (die tweede demokratiseringsgolf) en in die tagtigerjare (die derde nokratiseringsgolf) 'n soortgelyke rol as Brittanje vervul het. Sy 1991-bydrae klemtoon ook die rol van die VSA as 'n toonaangewende demokratiese moondheid die invloed wat dit het op demokratisering as 'n wêreldwye verskynsel, maar in nehang met ander internasionale faktore/kragte as beïnvloedend (nie erministies nie) op die gang van demokratisering tydens die derde nokratiseringsgolf. Teen hierdie agtergrond beklemtoon hy (1991: 86) dat "... by late 1980's the major sources of power and influence in the world - the Vatican, European Community, the United States, and the Soviet Union - were actively noting liberalization and democratization. Rome delegitimated authoritarian

regimes in Catholic countries; Brussels provided incentives for democratization in southern and eastern Europe; Washington pushed democratization in Latin America and Asia; Moscow removed the principal obstacle to democratization in Eastern Europe". Aangesien daar na die rol van die Rooms-Katolieke Kerk in die voorafgaande afdeling verwys is, spits Huntington hom in hierdie afdeling toe op die rol van Europese instellings, die VSA en die voormalige USSR as toonaangewende moondhede wat op eiesoortige wyses momentum gegee het aan demokratisering tydens die derde demokratiseringsgolf.

**Europese instellings:** Dit was veral twee Europese instellings, die *Europese Gemeenskap* (tans die Europese Unie) en die *Konferensie oor Sekuriteit en Samewerking in Europa*, ook bekend as die Helsinki-proses, wat deur Huntington (1991: 89-91) voorgehou word as belangrike instellings wat demokratisering in die Europese konteks aangehelp het. Die *Konferensie oor Sekuriteit en Samewerking in Europa* (ook bekend as die Helsinki-proses) waarvan die sogenaamde *Final Act* in 1975 deur 35 Europese en Noord-Amerikaanse state onderteken is, het gepoog om die menseregte-idee en demokratiese beginsels te bevorder. Met sanksies van prominente state soos die VSA, Kanada en lede van die Europese Unie is groot druk op die voormalige USSR en Oos-Europese state uitgeoefen om aan hierdie ooreenkoms (wat deur hul onderteken is) uitvoering te gee. Sodoende het dit bygedra tot die bevordering van demokratiese waardes in die destydse USSR en die voormalige Oosblok-state (Huntington, 1991: 89-91). Die Europese Gemeenskap, met bepaalde ekonomiese voordele en status vir lidstate, het demokrasie as geldende norm en toelatingsvereiste beklemtoon. Vir Griekeland, Portugal en Spanje, die Europese state wat na 1974 gedemokratiseer het, het demokratisering en toelating tot die Europese Gemeenskap hand aan hand verloop (Huntington, 1991: 87). In twee opsigte was die Europese Gemeenskap se rol belangrik vir demokratisering in hierdie state, te wete die ekonomiese voordeel wat vir hulle hieruit kon voortspruit en, die stabiliserende rol van hierdie instellings vir die nuutgevonde demokrasieë in die betrokke state. Ten opsigte van Portugal het hierdie rol selfs nog verder gestrek en het direkte Wes-Duitse ekonomiese betrokkenheid bygedra tot die daarstelling van 'n demokrasie in hierdie staat.

Die Helsinki-proses het op sy beurt bygedra om veral die ou Oosblok-state te verbind tot die erkenning en handhawing van menseregte en vryhede. Dit het op ooreenkomste (die Final Act) uitgeloop waarvolgens state (wat die voorskrifte soos vervat in die ooreenkoms sou oortree) tot orde geroep kon word (Huntington, 1991: 89-91). Hierdeur is 'n grondslag neergelê vir liberalisering wat eventueel tot demokratisering moes lei deurdat demokratiesgesinde kragte inspraak gekry het in

dit waarna verwys kan word as die huishoudelike aangeleenthede van nie-demokratiese state in Midde- en Oos-Europa. Huntington (1991: 91) beklemtoon dat die Helsinki-proses "... did not create democracies but it helped foster political openings in Eastern Europe and the Soviet Union."

Die VSA: Sedert die vroeë sewentigerjare het die beklemtoning van menseregte en hiermee saam die bevordering van demokrasie as norm vir politieke ontwikkeling toenemend deel van die VSA se buitelandse beleid geword (Huntington, 1991: 91). Die inisiatief vir hierdie beweging het aanvanklik by die Amerikaanse Kongres gelê, maar is voortgesit en uitgebou deur presidente Carter, Reagan en Bush (Huntington, 1991: 91-93). Toenemend het die VSA aktief deel geword van pogings om demokratisering binne sy invloedsfeer te bevorder. Verskeie politieke, ekonomiese, diplomatieke en militêre metodes is tydens die derde demokratiseringsgolf aangewend ter bevordering van die demokratiese ideaal. Op die politieke vlak is pro-demokratiese uitsprake van vooraanstaande politici, die uitsondering van state wat menseregte verontagsaam en mediapropaganda aangewend ter bevordering van demokratisering wêreldwyd. Ekonomiese druk en sanksies (bilateraal en multilateraal) op nie-demokratiese state enersyds en handelsvoorkeur en ondersteuning vir state wat demokraties is of wat besig is om te demokratiseer andersyds is ekonomiese maatreëls aangewend ter bevordering van die demokratiseringsproses of die instandhouding van bestaande demokratiese bedelings. Diplomatieke aksies ter bevordering van die demokratiese ideaal het ingesluit die optredes van ambassadeurs en diplomate wêreldwyd, asook die organisasie en mobilisasie van politieke steun vir die demokrasie by Internasionale instellings soos die Verenigde Nasies. Militêre druk deur direkte inmenging (Grenada), finansiële ondersteuning vir groepe insurgente wat nie-demokratiese bedelings ondermyn (Afghanistan, Angola) en die verlening van militêre hulp aan nuwe demokraties verkose regerings (El Salvador, die Filippyne) was 'n verdere deel van die Amerikaanse modus operandi ter bevordering van die gestelde ideaal. Vergelyk Huntington (1991: 93-94) vir volledige besonderhede oor die metodes aangewend om demokratisering te bevorder.]

Huntington (1991: 95) wys verder daarop dat "... under Carter, Reagan and Bush the United States adopted a democratic version of the Brezhnev doctrine: within its area of influence it would not permit democratic governments to be overthrown." Hoewel Huntington slegs 'n oorsig bied van Amerikaanse betrokkenheid om demokratisering te bevorder (dit wil sê geen diepgaande evaluering nie) dui die oorsig tog daarop dat die VSA verskeie state waaronder die Dominikaanse Republiek, Grenada, El Salvador, Guetemala, Honduras, Uruguay, Peru, Ecuador, Panama en die Filippyne

tot die demokrasie oorgehaal het. Verder weg het die VSA ook bydraes gelewer tot demokratisering in Portugal, Chili, Pole, Korea, Bolivia en Taiwan. Hoewel Huntington (1991: 91-98) geen oordrewe rol aan die VSA toeken ten opsigte van demokratisering nie, beklemtoon hy nietemin dat "... the absence of the United States from the process would have meant fewer and later transitions to democracy" (98).

**Die Sowjet-Unie:** Die invloed van veranderde beleidsrigtings in die ou Sowjet-Unie ten opsigte van demokratisering in dele van Oos- en Midde-Europa word deur Huntington (1991: 99) belangriker geag as die invloed van die Amerikaanse buitelandse beleid in dieselfde streek. Hierdie verandering in die beleid van die Sowjet-Unie verwys na die vervanging van die Brezhnev-leerstelling van Sowjet-hulp aan Kommunistiesgesinde state na 'n standpunt van geen militêre inmenging in die huishoudelike sake van Oosblok- en ander Kommunistiesgesinde state, sowel as die daarstelling van 'n beleid ten opsigte van ekonomiese liberalisering en herstrukturering en, politieke hervorming ("glasnost" en "perestroika") wat direk geassosieer word met die bewind van Michael Gorbatsjof. In die algemeen het hierdie nuwe beleid van die Sowjet-Unie bygedra tot liberalisering wat Kommunistiese bewinde in gevaar gestel het en wat prosesse van demokratisering in verskeie Oosblokstate aangehelp het. Met die uitsondering van Pole waar interne kragte soos die vakbondwese tot demokratisering bygedra het, is verskeie Oos-Europese state soos Tsjeggo-Slowakye, Oos-Duitsland, Bulgarye en Hongarye met die nuwe beleidsrigting van die Sowjet-Unie in staat gestel om demokratiese inisiatiewe te onderneem (Huntington, 1991: 99-100). Nuwe beleidsrigtings in die Sowjet-Unie en die manifestering daarvan in die onmiddellike invloedsfeer van die Sowjet-Unie het volgens Huntington bestaande struikelblokke in die weg van demokratisering in hierdie streke verwyder. In dié verband vermeld Huntington (1991: 100) veral die rol van Gorbatsjof in samehang met pous Johannes Paulus II en presidente Carter en Reagan as leiers aan die stuur van internasionale kragte wat tydens die derde demokratiseringsgolf demokratisering in groot dele van die wêreld moontlik gemaak het.

Ten slotte word daar gekonsentreer op die sneeubaleffek as 'n kontekstuele faktor wat demokratisering tydens die derde demokratiseringsgolf tot gevolg gehad het.

**'n Sneeubaleffek**

Soos vroeër uiteengesit in afdeling 3.3.2 (c) van hierdie hoofstuk, verwys hierdie effek na die proses wat plaasvind wanneer 'n staat byvoorbeeld demokratiseer, dit oorgeplant word op ander state wat weer op hul beurt ander state beïnvloed in 'n beweging wat momentum kry, uitbrei en uiteindelik tot niet gaan. Sonder om 'n

indringende studie van hierdie kontekstuele faktor te maak, wys Huntington (1991: 100-106) op 'n oorsigtelike wyse, met 'n sterk hipotetiese strekking, na die nvloed van die sneeubaleffek op demokratisering tydens die derde demokratiseringsgolf. Huntington (1991: 101) skryf die sneeubaltendens toe aan 'n proses wat in een staat plaasvind en as rolmodel dien vir ander state ten opsigte van vat moontlik is, en hóé hierdie ideaal (verbonde aan die rolmodel) ten beste bereik an word, en watter gevare en risiko's uitgeskakel moet word om 'n soortgelyke deaal plaaslik te verwesenlik. Volgens Huntington (1991: 101) was die sneeubaleffek eelwat sterker tydens die derde demokratiseringsgolf as met die vorige twee golwe. ly (1991: 101-106) skryf die belangrike rol van die sneeubaleffek tydens die derde emokratiseringsgolf toe aan drie redes: *verbeterde kommunikasie en vervoer; ografies- en kulturele beïnvloeding; en, die wêreldwye demokratiseringsgees* (spirit) *as rekte oorsaak vir verdere demokratisering.* Aan hierdie sake word daar kortliks aandag egee.

Verbeterde kommunikasietegnieke en vervoermiddelle dra daartoe by dat inligting oor die sogenaamde wêreldwye demokratiese rewolusie die uithoeke van die wêreld bereik. Dit verskaf 'n basis vir die mobilisasie van soortgelyke strewes in baie ander state (Huntington, 1991: 102). Trouens, suksesse ten opsigte van demokratisering wat in ander state behaal is, bereik 'n reuse teikengehoor binne 'n baie kort tydsbestek en dien as aansporing vir bevolkings in nie-demokratiese state om soortgelyke aspirasies te koester en te inisieer. Regimes in nie-demokratiese state is nie meer by magte om hul bevolkings van hierdie inligting te isoleer nie sodat die eggo's van demokratisering wêreldwyd gehoor word.

Ten spyte van die invloed van veral verbeterde kommunikasie word naasliggende state of state met 'n soortgelyke kultuurgrondslag die sterkste geraak deur 'n gebeurtenis soos demokratisering in 'n bepaalde staat, wat as sentrum van die inisiatief dien. Geografiese aaneengeskakelheid soos in die ou Oosblok was 'n belangrike faktor vir die demokratiseringsgolf wat in enkele maande oor talle state heen gespoel het (Huntington, 1991: 104). Die effek van demokratisering in Portugal en Spanje op hul vroeëre kolonies (wat oor 'n soortgelyke kultuurgrondslag beskik het) was 'n belangrike faktor wat tot demokratisering in state soos Brasilië en Argentinië gelei het. Huntington som hierdie aspek wat tot sneeubaleffek aanleiding gee so op: "The transitions in Spain and Portugal demonstrated most convincingly that Iberian cultures were not inherently and immutably antidemocratic. If Spain and Portugal could do it, 'Latin America could free itself from tyranny'" (1991: 103).

c) Die aspek wat Huntington (1991: 104-106) hier in gedagte het, verwys na die invloed van die siening dat, indien demokratisering elders kon plaasvind, dit op die tuisfront ook moontlik is. Waar die grondliggende oorsake tot demokratisering in state aanvanklik toegeskryf kan word aan byvoorbeeld interne oorsake/redes word hierdie aanvanklike demokratiseringsprosesse in "pionierstate" nou die direkte oorsaak vir verdere demokratiseringsprosesse in ander state. Die produk in een staat (demokratisering) word nou die oorsaak vir verdere demokratisering wat in effek dui op 'n sneeubaleffek (Huntington, 1991: 105). Hy (1991: 105) beskryf hierdie tendense deur 'n prominente gesegde in die ou Oosblok (tydens demokratisering) aan te haal wat lui: "In Poland ... democratization took ten years, in Hungary ten months, in East Germany ten weeks, in Czechoslovakia ten days, and in Romania ten hours." Hoewel Huntington die sneeubaleffek tot 'n belangrike rede vir demokratiseringstendenses verhef, word dit geensins verabsoluteer in 'n deterministiese sin nie. Trouens, hy beklemtoon die samehang van hierdie faktor met ander geïdentifiseerde faktore as verklaring vir demokratisering, maar beklemtoon terselfdertyd dat unieke faktore in sommige state meer deurslaggewend is as in ander state. Huntington (1991: 107) wys ook verder daarop dat "(g)eneral factors create conditions favorable to democratization. They do not make democratization necessary, and they are at one remove from the factors immediately responsible for democratization. A democratic regime is installed not by trends but by people." Binne die raamwerk van die liberale tradisie en op basis van die filosofie dat die mens die bewerker van sy eie politieke heil en lot is, beklemtoon Huntington die belangrike rol wat mense, veral leiers, speel om die demokratiese ideaal praktiese inslag te laat vind (Vergelyk Huntington, 1991: 106-108). Vandaar die beklemtoning van "from causes to causers" as bepalend vir die realisering van die demokratiese ideaal, wat aansluit by sy beskouing (1968: 345; 1981: 17) dat leierskap van deurslaggewende belang is om 'n demokratiese staatsbestel te laat realiseer.

en die agtergrond van die breë rekonstruksie van sy bydrae ten opsigte van die t- en waarom-vraag rakende die transformasie van politieke instellings in rgangstye binne die demokratiese institusionaliserings-konteks kan daar nou rgegaan word tot die interpretasie en evaluasie van sy bydrae in hierdie verband.

## 3.4 Die interpretasie en evaluasie van Huntington se teorie oor demokratisering

Soos die geval was in die vorige afdeling (die interpretasie en evaluasie van sy bydrae binne die institusionaliseringskonteks) moet 'n interpretasie van sy bydrae binne hierdie konteks eers gemaak word, alvorens dit geëvalueer kan word. Die vertolking sal gedoen word deur sy verklaring vir die transformasie van politieke instellings teoreties, vakwetenskaplik, wetenskaplik en voorwetenskaplik te interpreteer in terme van die reeds aangeduide metateoretiese raamwerk. Binne elkeen van die metateoretiese kategorieë sal die interpretasie gevolg word deur 'n evaluasie van Huntington se bydrae.

### 3.4.1 Teoretiese konteks

Dit is uit die staanspoor duidelik dat Huntington deur middel van die verrekening van n aantal demokratiseringspatrone (siklies, onderbrekend, en dekolonisasie), soos ertolk in terme van 'n golfbeweging, aan 'n realistiese teorie oor demokratisering eslag gegee het. Binne 'n idioom wat veral geassosieer word met kontemporêre-emokratiseringsdenkers gaan Huntington sterk empiries te werk en vertoon sy erklaring (sy beantwoording van die wat- en waarom-vrae van demokratisering) lemente van 'n beskrywend-verduidelikende verklaring en kan dit nie op dieselfde ak geplaas word as sy kousale verklaring vir politieke ontwikkeling/verval nie. untington (1991: xiii) verklaar immers self die doel van hierdie bydrae as "... primarily planatory. A good theory is precise, austere, elegant, and highlights the relations nong a few conceptual variables ... An explanation, in contrast, is inevitably mplex, dense, messy, and intellectualy unsatisfying... " Waar die werk *Political order changing societies* (1968) aan die vereistes van 'n "teorie" (volgens sy interpretasie ervan) voldoen, is *The third wave : democratization in the late twentieth century* (1991) rder 'n verduideliking oftewel 'n heelwat swakker verklaring (realistiese teorie). ergelyk afdeling 2.5.1 van hoofstuk 2 van hierdie studie vir 'n onderskeid tussen usale en realistiese teorie.) Dit moet egter beklemtoon word dat die meeste ntemporêre demokratiserings-denkers in hul soeke na 'n verklaring vir nokratisering sonder uitsondering aan 'n realistiese teorie (verduideliking - aldus ntington) beslag gegee het. Die monumentale bydraes van Schmitter & O'Donnel s.) (1988) beklemtoon dat die onsekerheid, vloeibaarheid en besondere dinamiek gepaard gaan met die transformasie van politieke instellings, teorievorming in die isale sin bemoeilik indien nie totaal onmoontlik maak nie. Hulle (1988: 3) wys rop dat "(w)e did not have at the beginning, nor do we have at the end of this gthy collective endeavor, a 'theory' to test or to apply to the case studies and natic essays in these volumes." [Vergelyk ook Schmitter & O'Donnel (1988: 3-5).]

Kortom gestel, die wat-vraag te wete die beskrywing van die verskynsel, word baie volledig behandel, maar die verklaring (die beantwoording van die waarom-vraag) voldoen hoogstens aan dit wat met 'n "verduideliking" (aldus Huntington) vergelyk kan word.

Anders as binne die institusionaliseringskonteks waar daar vanuit 'n konserwatiewe radisie op die graad van regering (soos gemeet in institusionaliseringsterme) klem jeplaas word, word daar binne die demokratiese-institusionaliseringskonteks jekonsentreer op die demokratiese owerheidsvorm as uitvloeisel van die eklemtoning van liberale waardes. Vir Huntington is die graad van regering en die andhawing van politieke stabiliteit belangriker as die owerheidsvorm, te wete emokraties/nie-demokraties (vergelyk Huntington, 1991: 10-11, 28). Huntington se 991-bydrae is dus nie 'n weerspreking van sy 1968-bydrae nie, maar slegs 'n walifisering van die institusionaliseringsnorme tot die norme waar die stitusionalisering van demokratiese waardes beklemtoon word. Juis daarom word aar na hierdie konteks as die demokratiese-institusionaliseringskonteks verwys en n die kwalifikasie-verandering verstaan word teen die agtergrond van nuwe aardes, norme en eise eie aan die sewentiger- en tagtigerjare. Van 'n prinsipiële randering van 'n konserwatiewe na 'n liberale tradisie is hier nie sprake nie. ouens, Huntington se denke staan binne 'n konserwatistiese tradisie en meer esifiek 'n Amerikanisme waarin die institusionalisering van demokratiese (liberale) ardes vooropstaan. Juis daarom is vroeër aangedui dat die konserwatiewe tradisie prinsipieel in stryd staan met liberale waardes nie solank dit net aan 'n bepaalde tus quo, in hierdie geval die Amerikaanse status quo, verbind kan word. ntington se 1991-bydrae moet derhalwe beoordeel word as 'n voorsetting van dit arvan die grondslag reeds vroeër gelê is en nie in terme van 'n botsing van daardie ardesisteme wat onderskeidelik aan die konserwatiewe en liberale tradisie verbind word nie.

die evaluasie van sy bydrae aanbetref, moet Huntington gekomplimenteer word sy konsekwentheid ten opsigte van grondliggende vertrekpunte en sy voudige en gemaklike hantering en aanbieding van ingewikkelde stof. In stelling met sy 1965- en 1968-bydraes wat vroeër op epistemologiese gronde itiseer is, verdien Huntington lof vir 'n planmatige en gesistematiseerde bieding van stof in sy 1991-bydrae. Hy verdien ook lof vir die groot hoeveelheid iriese stof wat op 'n deurlopende basis as bewysplase aangebied word. Op 'n atiewe vlak moet Huntington op die volgende gronde gekritiseer word:

- die aanbieding van 'n verklaring/teorie oor demokratisering wat op 'n laer status aanspraak maak;

- die aanwesigheid van 'n historiese relativisme as verklaringsgrondslag in sy denke;

- die onvoldoende toepassing van die hipoteses van golfbewegings in terme van die derde demokratiseringsgolf;

- die afwesigheid van diepgaande toepassings van sy argumente op bepaalde gevallestudies;

- kritiek op die konserwatisme onderliggend aan sy denke.

) As 'n selferkende positivistiese-behavioralis met 'n strewe om wetmatighede vir die politieke wetenskap te formuleer (vergelykbaar met dié van die natuurwetenskappe) is die daarstelling van 'n realistiese teorie 'n standaard waarmee Huntington self nie tevrede sal wees nie en hy is dit ook inderdaad nie. Trouens, hy beklemtoon dan ook dat "(b)oth theorists and historians are hence likely to find it (die 1991-bydrae) unsatisfying. It does not provide the generalizations the former treasure or the depth the latter prefer" (1991: xiii-xiv). Hy (1991: xiv) wys daarop hoe potensiële veralgemenings in hierdie bydrae, byvoorbeeld "Replacements were more violent than transformations" versag moes word tot "Replacements usually were more violent than transformations", aangesien die algemene geldigheid van eersgenoemde stelling nie bo alle twyfel bevestig kan word nie - 'n aspek wat hierdie bydrae in die algemeen kenmerk. Die sterk empiries-beskrywende aard van hierdie bydrae is geneig om die plek in te neem van 'n substantiewe (kousale) verklaring wat die laer status van hierdie verklaring bevestig. Dus, om saam te vat, moet dit beklemtoon word dat die status van hierdie teoretiese konstruk geformuleer rondom die wat- en waarom-vraag van demokratisering van 'n laer status is as dié wat rondom dieselfde vrae binne die institusionaliseringskonteks die lig gesien het - 'n aspek wat self deur Huntington (1991: xiv) erken word. Die beskrywende aard van hierdie teorie en die beperkinge wat hiermee saamgaan, gee beslag aan 'n historiese relativisme eie aan hierdie teoretiese konstruk.

In afdeling 3.3.3 van hierdie hoofstuk waar die Huntington-credo (1991: 38) in terme van ses vertrekpunte uitgelig word, is die historiese relativisme soos wat dit staan teenoor 'n historiese determinisme (soos wat dit geassosieer word

met demokraties-deterministiese denkers) prominent waarneembaar. (Met historiese relativisme word bedoel die beklemtoning van daardie faktore wat in 'n spesifieke historiese konteks demokratisering bevorder en nie as algemeengeldende faktore, dit wil sê ook buite die betrokke konteks, geld nie.) Huntington se beklemtoning van 'n smeltkroes van faktore in kombinasie en wisselwerking met mekaar wat op 'n unieke wyse en op 'n bepaalde tydstip die ontplooiing van demokratiese beginsels in 'n gegewe staat of state moontlik maak, sonder dat algemeengeldende bewyse of veralgemenings hieruit geformuleer word, beklemtoon die histories-relativistiese verklaring wat hy aanbied vir demokratisering. Trouens, eie aan die konserwatiewe idioom van denke, word 'n bepaalde werklikheid (demokratisering as 'n histories-gegewe golfbeweging) aanvaar sonder om dit in die volledige sin van die woord te verklaar. Hierdie klaarblyklike aanvaarding van 'n historiese gegewe sonder om bo alle redelike twyfel 'n verklaring hiervoor aan te bied, is 'n aspek wat geassosieer word met konserwatiewes se aanvaarding van 'n bepaalde historiese gegewe - 'n aspek wat in die 1991-bydrae van Huntington na vore kom en wat ook ooreenkom met die konserwatiewe tradisie waaraan sy denke in die algemeen verbind kan word.

In teenstelling met die vereistes vir 'n goeie teorie, soos self deur Huntington (1991: xiii) uitgespel in positivisties-behavioralistiese terme, verval Huntington se kontekstuele teorie as gevolg van 'n beperkte verklaringspotensiaal in 'n histories-relativistiese verklaring as manifestasie van 'n konserwatiewe lewens- en wêreldbeskouing (aanvaar sonder om volledig te verklaar). Die gevolg hiervan is dat die verklaring in vergelyking met sy vorige verklaring vir politieke ontwikkeling/verval meer tydsgebonde en kontekstueel van aard is - 'n kenmerk wat geassosieer word met swakker teoretiese konstrukte. Die swakheid van hierdie teorie word verder gedemonstreer deur die onvoldoende toepassing van die aanvanklik gestelde hipoteses oor golfbewegings (teoretiese vertrekpunte) in terme van die derde demokratiseringsgolf.

In sy bespreking van golfbewegings as verskynsel in die politiek identifiseer Huntington (1991: 31-34) aanvanklik vier ideaal-tipiese oorsaak-gevolg-relasies. Hierdie relasies, te wete 'n enkel-oorheersende oorsaak, parallelle ontwikkeling, die sneeubaleffek en die sogenaamde "prevailing nostrum" (vergelyk afdeling 3.3.2 van hierdie hoofstuk), word nêrens volledig van toepassing gemaak op die derde demokratiseringsgolf nie. Met die moontlike uitsondering van die sneeubaleffek wat bykans as 'n nagedagte gehanteer word, is die ander ideaal-tipiese oorsaak-gevolg-relasies nie na behore

behandel nie en word dit ook nie uitgebou tot 'n kousale verklaring waar hierdie relasies empiries korrek of verkeerd bewys word nie. Trouens, dit word aan die leser oorgelaat om self te besluit waar en wanneer 'n bepaalde teoretiese vertrekpunt (hipotese in hierdie geval) gepas is of nie. Hierdie aspek beklemtoon weereens die swakker aard van die teoretiese konstruk ter sprake. Ter versagting moet egter daarop gewys word dat demokratisering 'n uiters komplekse verskynsel is met uiteenlopende manifestasies wat van situasie tot situasie kan verskil en wat nie in 'n eenvoudige sin teoreties verklaar kan word nie. Verder moet dit weereens beklemtoon word dat Huntington (1991: xiii) hom slegs verbind tot 'n voorlopige en verkennende "verduideliking" van hierdie verskynsel. Hy beklemtoon verder dat hierdie 1991-bydrae nie die teoretikus in die politieke wetenskap tevrede sal stel nie.

Hierdie kritiekpunt hang saam met die afwesigheid van indringende toepassings van teoretiese vertrekpunte op bepaalde gevallestudies wat ook vroeër in hierdie hoofstuk ten opsigte van sy 1965- en 1968-bydraes aan die orde gekom het.

Die afwesigheid van diepgaande toepassings van teoretiese vertrekpunte op bepaalde gevallestudies is ook 'n kenmerk van sy 1991-bydrae. Soos ook die geval was met sy 1965- en 1968-bydraes is die 1991-bydrae deurtrek met verwysings na state sonder om in 'n diepgaande bespreking betrokke te raak. Hierdie aspek kan gekritiseer word vir sover dit tot oppervlakkige toepassings en veralgemenings lei. Hoewel 'n diepgaande toepassing van teoretiese vertrekpunte op bepaalde gevallestudies dikwels noodsaaklik is vir verifikasie-doeleindes en dit in hierdie bydrae grootliks afwesig is, verdien Huntington andersyds lof vir sy ensiklopediese behandeling van voorbeelde op 'n oorsigtelike wyse. So ver strek sy voorbeelde dat na bykans elke staat in die wêreld verwys word. Trouens, Huntington sou waarskynlik onder die kontemporêre demokratiseringsdenkers uitgesonder kan word as 'n wetenskaplike denker wat van oorweldigende empiriese stof gebruik maak om argumente te staaf. Die afwesigheid van diepgaande toepassings bly egter 'n leemte wat in sy 1991-bydrae, soos ook in sy 1965- en 1968-bydraes, vermeld moet word.

Die laaste kritiekpunt verwys na Huntington se verbondenheid tot daardie waardes wat met 'n konserwatiewe denke geassosieer kan word. Dit is reeds vroeër beklemtoon dat die graad van regering (te make met die vermoë om orde en stabiliteit te handhaaf) vir Huntington belangriker is as die

owerheidsvorm (demokraties - nie-demokraties). In hierdie sin is Huntington se 1991-bydrae (11, 28) 'n voortsetting of dan 'n verdere inkleding van sy 1965- en 1968-bydraes en moet dit daarom aan 'n konserwatiewe tradisie verbind word waar waardes soos die handhawing van orde en stabiliteit vooropgestel word en waar kritiek soos in afdeling 2.4.1 van hierdie hoofstuk van toepassing gemaak kan word. [Vergelyk in hierdie opsig die kritiek deur Kesselman (1973: 142-143); Chilcote (1981: 280-281); Leys (1982: 335-337); en Groth (1979: 207-212, 230).]

/let die interpretasie en evaluasie van Huntington se bydrae binne die teoretiese onteks nou afgehandel, kan hierdie bydrae in 'n vakwetenskaplike sin geïnterpreteer n geëvalueer word.

## .4.2 Vakwetenskaplike konteks

**aradigmatiese verbintenisse:** Paradigmaties gesproke kan Huntington se denke in /ee opsigte vertolk en geëvalueer word, naamlik in 'n spesifieke en in 'n algemene ı wat vervolgens afsonderlik behandel sal word.

Huntington se bydrae binne die demokratiese institusionaliserings-konteks moet gesien word as die voltooiing van die spreekwoordelike gebou waarvan die fondasie reeds vroeër (1965 en 1968) gelê is. Anders gestel, sy 1991-bydrae en ander bydraes wat die terrein hiervoor voorberei het, is die konsekwente uitbouing van bepaalde vertrekpunte eie aan dit wat voorgehou kan word as 'n Huntingtondenkpatroon. Hierdie denkraamwerk kan eiesoortig aangedui word as gevolg van die aanvaarding van bepaalde voorwetenskaplike aannames (veranker in 'n Amerikanisme), domeinaannames (Amerikanisme as 'n tipe konserwatisme), die beslaggewing aan bepaalde teoretiese konstrukte (politieke ontwikkeling/verval en demokratisering) en die gebruik van 'n bepaalde metodologie soos veranker in 'n positivisties-behavioralistiese tradisie wat sy bydraes in albei die onderskeie historiese kontekste kenmerk. Hoewel sy 1991-bydrae en dit wat hierdie bydrae voorafgegaan het, binne 'n eiesoortige historiese konteks staan, blyk dit dat wat sy denke ten grondslag lê dieselfde gebly het en dat hier nie sprake is van fundamentele veranderinge van denke in sy latere bydraes nie. Trouens, institusionalisering (soos gemeet aan die graad van regering) en demokratisering (die beklemtoning van 'n bepaalde vorm van regering) is verbandhoudende sake, wat egter aan die hand van verskillende norme beoordeel word en nie noodwendig 'n fundamentele verandering van denke

hoef te impliseer nie. 'n Geneesheer wat verskillende soorte medikasie aanbeveel vir malaria en griep kan nie noodwendig van inkonsekwente denke/optrede beskuldig word nie. Verder moet dit beklemtoon word dat die aanlê van verskillende kriteria soos orde, stabiliteit en effektiewe regering (institusionalisering) en daardie kriteria wat geassosieer word met die demokrasie (demokratisering) in elk geval ontleen is aan die voorwetenskaplike konteks waarin 'n Amerikanisme prominent aanwesig is. Hoogstens kan daar melding gemaak word van die kwalifikasie van institusionalisering in terme van 'n ideaaltipiese owerheidsvorm (demokrasie) wat myns insiens geïmpliseer word in sy 1965- en 1968-bydraes, maar nie voldoende uitgebou is nie en, wat Huntington (1965 en 1968) dikwels aan kritiek uit demokratiese geledere blootgestel het. Sy jarelange betrokkenheid by en ook aktiewe diens aan die Demokratiese Party in die VSA, veral sy betrokkenheid as veiligheidsadviseur in die Carter-administrasie, bevestig sy verbondenheid tot demokratiese waardes en die menseregte-idee wat ook sterk met hierdie party en administrasie geassosieer word. Hieraan kan toegevoeg word sy betrokkenheid as adviseur van die Brasiliaanse regering en klaarblyklik ook die Suid-Afrikaanse regering ten opsigte van demokratiseringsinisiatiewe, dui op 'n jarelange verbintenis tot die demokratiese ideaal, selfs voor die tyd van sy bydraes binne die demokratiese-institusionaliseringskonteks.

Met sy onderskeie bydraes binne die demokratiese-institusionaliseringskonteks wys Huntington sy kritici van die 1965- en 1968-bydraes dat hy nie gekant is teen demokratiese waardes nie, maar wel teen die naïwiteit en gebrek aan realisme wat geassosieer kan word met denke oor die demokrasie, soos gefundeer in die liberale tradisie en meer spesifiek die liberaal-ekonomiese denke. Waar denkers binne die liberale tradisie die demokratiese owerheidsvorm tot norm verhef, plaas Huntington 'n premie op die graad van regering en is die kwessie van owerheidsvorm (demokraties of nie-demokraties) belangrik, maar ondergeskik aan die graad van regering. Dit is juis hierdie aspek wat Huntington se denke aan misbruik blootstel of deur die selektiewe leser verkeerd geïnterpreteer kan word. Trouens, Huntington (1986: 9-12) het juis die Botha-regering beskuldig van die misbruik van sy denke om magskonsentrasie te bevorder ten koste van demokratiese verandering in die periode 1984-1989 in Suid-Afrika.

Breedweg gesproke hoort Huntington se bydraes binne die demokratiese-institusionaliseringskonteks tuis by daardie paradigma wat as kontemporêr-

demokraties getipeer kan word en wat kenmerke vertoon soos swakker teoretiese kontrukte (meer beskrywend as verklarend), die beklemtoning van onsekerheid wat inherent deel is van demokratiseringsprosesse, die beklemtoning van strategiese aspekte en konsepte, die onsekerheid ten opsigte van die bereiking van die demokratiese ideaal en die moontlikheid van die totstandkoming van 'n brose demokrasie of binne die Huntington-idioom gestel: nie-geïnstitusionaliseerde demokratiese politieke stelsels. (Vir meer besonderhede oor die vertolking van hierdie aspekte kan afdeling 4.3.2 van hoofstuk 3 geraadpleeg word). Hierdie assosiasie met die kontemporêre-demokratiseringsdenke plaas Huntington in dieselfde akademiese dampkring (paradigma) as denkers soos Schmitter, O'Donnel, Whitehead, Przerworski, Karl en Rustow. In dieselfde asem moet daar egter op gewys word dat Huntington in bepaalde opsigte afwyk van die ideaal-tipiese konteks waarbinne demokratiseringsdenkers geplaas is. Daar kan byvoorbeeld verwys word na sy beklemtoning van die graad van regering (institusionalisering) as belangriker as die owerheidsvorm (demokraties of nie-demokraties), sy aanduiding van die demokratiseringsproses as dialekties in terme van golwe en teengolwe in teenstelling met die algemeen aanvaarde sikliese beskouing en sy verbondenheid tot 'n positivisties-behavioralistiese metodologie wat van Huntington 'n kritikus van sy eie werk maak. Laasgenoemde aspek kom ook na vore in Schmitter & O'Donnel (1988: 3-5), maar is nie in dieselfde mate aanwesig as in Huntington se 1991-bydrae nie. Desnieteenstaande kan Huntington se 1991-bydrae in die algemeen geplaas word by daardie kategorie denkers wat as kontemporêr-demokraties beskryf kan word.

n saam te vat, is dit duidelik dat Huntington se bydraes binne die demokratiese-titusionaliseringskonteks 'n voorsetting is van dit waarvan die fondamente in sy 55- en 1968-bydraes (die institusionaliseringskonteks) gelê is. Waar mverskuiwings wel opduik, kan dit histories-kontekstueel verklaar word. ntington se 1991-bydrae is algemeen gesproke deel van daardie denkraamwerk t as kontemporêr-demokraties beskryf kan word. Huntington se beklemtoning van graad van regering, eerder as die owerheidsvorm as vertrekpunt, verbind ntington tot 'n bepaalde tradisie waarop daar vervolgens gefokus sal word.

**demiese tradisie:** Sy bydraes binne die demokratiese-institusionaliseringskonteks, l sy 1991-bydrae, beklemtoon eweneens talle waardes en praktyke wat met die ale tradisie geassosieer kan word. So kan daar verwys word na Huntington 1: xiii-xvii; 5-13, 106-108) se identifisering en assosiasie met die demokratiese al, sy beklemtoning van 'n demokratiese praktyk (verteenwoordiging, verkiesings

en demokratiese prosedures) maar veral sy beklemtoning van politieke leierskap om demokratiese verandering teweeg te bring - om net enkele aspekte uit te sonder. Wanneer hy (1991: 107) dit stel dat "(a) democratic regime is installed not by trends but by people ...", dan is dit 'n vertrekpunt wat 'n appél maak op individuele outonomie en meer spesifiek die politieke leier (as individu) se vermoë om die politieke omgewing te verander in belang en tot voordeel van die totale gemeenskap of samelewing - 'n aspek wat lê aan die hart van die liberale tradisie soos vroeër uitgespel. (Vergelyk afdeling 4.1 van hoofstuk 3 van hierdie studie.) Tog word soortgelyke vertrekpunte ten opsigte van politieke leierskap ook aangetref in van sy vroeëre werke. Huntington (1968: 26-27) verwys na Amerikaanse presidente soos Jefferson, Lincoln, Wilson en Franklyn D. Roosevelt se individuele bydraes tot die uitbouing van die amp van President en dit wat sodoende bygedra het tot die institusionalisering van hierdie amp. Die rol van leierskap, soos aangetref by Mustafa Kemal, ten tyde van ingrypende politieke verandering word ook deur hom beklemtoon (1981a: 16-17). Weereens lê die verklaring vir hierdie skynbare teenstrydigheid (liberale waardes binne 'n konserwatiewe tradisie) in Huntington se verabsolutering van die Amerikaanse politieke tradisie, met wortels veranker in die klassieke liberalisme waar daar 'n besondere premie geplaas word op die inisiatief, bydrae en kreatiwiteit van die individu om 'n goeie orde (status quo) in stand te hou en selfs uit te bou waar nodig. Dus, ten spyte van die aanwesigheid van liberale waardes onderliggend aan Huntington se denke staan hierdie waardes teen die agtergrond van 'n Amerikaanse politieke tradisie en die manifestering hiervan in die Amerikaanse status quo wat net opnuut Huntington se verbondenheid tot 'n konserwatiewe tradisie beklemtoon.

Huntington se verbondenheid aan 'n bepaalde metodologiese tradisie is een van die aspekte wat binne die wetenskaplike konteks geïnterpreteer en geëvalueer sal word.

## 4.3 Wetenskaplike konteks

In terme van die metateoretiese raamwerk, soos ontwikkel in hoofstuk 2 van hierdie studie, is die volgende sake van belang, naamlik die vermoë om orde en struktuur te bewerkstellig, die daarstelling van geldige en betroubare kennis as eis van die wetenskap; die historiese konteks waarbinne wetenskap beoefen is; en die metodologiese en wetenskapsfilosofiese kenmerke van hierdie bydraes. Aan hierdie sake word daar vervolgens aandag gegee.

**Orde en struktuur:** Huntington (1991: 1-106) se vermoë om 'n bepaalde reëlmaat bloot te lê (orde) en stof volgens 'n bepaalde patroon te organiseer

(struktuur) ten opsigte van die wat en waarom van demokratisering (die verskynsel) moet beklemtoon word. Die mate van orde en struktuur wat ten opsigte van die verskynsel bloot gelê word, is egter nie sonder vaaghede en onduidelikhede nie. Soos die geval is met 'n voorlopige verklaring (verduideliking) van dié soort wat in hierdie werk ten doel gestel is (1991: xiii), is die vlak waarop hierdie orde en struktuur bloot gelê word, uiteraard beperk. Daarom wys Huntington (1991: xiii) as sy eie kritikus daarop dat 'n "verduideliking" van hierdie aard is "... complex, dense, messy and intellectually unsatisfying" en dus beperkend in terme van die bloot lê van 'n bepaalde orde en struktuur. Hierdie aspek kan regstreeks herlei word na die swakker teoretiese konstruk (realistiese teorie) wat hier ter sprake is, in vergelyking met dit wat binne die institusionaliseringskonteks op tafel gestel is. Huntington (1991) se vermoë om bepaalde verbande bloot te lê, werp nietemin lig op 'n baie komplekse verskynsel waarop ander teoretiese bydraes binne die kontemporêre-demokratiserings-idioom nie noodwendig meer lig kon werp nie. Trouens, Schmitter & O'Donnel (1988: 3), prominente denkers binne die kontemporêr-demokratiese idioom, erken immers dat hul studie ten opsigte van die transformasie van politieke instellings en meer spesifiek demokratisering, ten spyte van sy omvang, nie aan 'n teorie oor hierdie verskynsel beslag kon gee nie. Dus, Huntington (1991), soos ander denkers van sy tyd, slaag daarin om 'n mate van orde en struktuur ten opsigte van die verskynsel (demokratisering) bloot te lê waarna verwys kan word as samehange en verbande, maar wat nie kan aanspraak maak op algemene geldigheid in terme van positivistiese-behavioralistiese kriteria vir wetenskapsbeoefening nie. Dit wil egter nie sê dat dit nie 'n sinvolle en waardevolle bydrae tot hierdie aspek van studie is nie. Trouens, die verdere ontwikkeling van bepaalde invalshoeke ter verklaring van demokratisering, byvoorbeeld die vasstel van 'n ekonomiese drempelvlak (gemeet aan die per capita inkomste soos bereken in terme van die bruto nasionale produk) en die daarstel van verbande/relasies met ander relevante faktore wat tans grootliks ontbreek, het die inherente potensiaal om tot 'n kousale verklaring ontwikkel te kan word.

Beperkinge ten opsigte van die bloot lê van orde en struktuur het implikasies vir die daarstelling van geldige en betroubare kennis wat vervolgens die aandag verdien.

**Geldige en betroubare kennis:** Laer vlakke van veralgemening oftewel beperkinge op die daarstelling van orde en struktuur dwing Huntington (1991)

om standpunte te kwalifiseer ten einde te voldoen aan die wetenskaplike eis van geldige en betroubare kennis. Juis om hierdie rede kan Huntington se 1991-bydrae en daardie bydraes wat die weg hiervoor gebaan het, aänspraak maak op die daarstelling van geldige en betroubare kennis, maar nie noodwendig kennis as resultaat van hoë vlakke van veralgemening nie. Trouens, dikwels is die geldigheid en betroubaarheid van kennis kontekstueel begrens - 'n kenmerk wat vry algemeen voorkom by die kontemporêre-demokratiseringsparadigma.

'n Verdere aspek wat vermeld moet word, is die groot hoeveelhede empiriese stof wat aangebied word as verifiëring van teoretiese vertrekpunte en wat epistemologies gesproke sinvol en planmatig geïntegreer word wat bepaald dui op 'n hoë vlak van wetenskaplikheid en geldige en betroubare kennis tot hierdie veld van studie - 'n aspek wat ook prominent aanwesig was in sy bydraes binne die institusionaliseringskonteks. Vervolgens word daar kortliks gelet op die historiese konteks van wetenskapbeoefening waarbinne Huntington se gedagtes oor demokratisering staan.

**Die konteks van wetenskapsbeoefening:** Die historiese konteks waarbinne Huntington se 1991-bydrae geplaas moet word, is 'n konteks waarin demokratiese waardes en norme vooropgestel word en 'n rigtinggewende bykans deterministiese krag word wat die koers van die transformasie van politieke instellings rig en bepaal. Demokratiseringsnorme soos gefundeer in 'n liberale tradisie en geïnstitusionaliseer is in onder meer die Amerikaanse status quo, het die maatstaf van die tyd geword. Die beklemtoning van aspekte soos wet en orde, stabiele en effektiewe regering as prominente waardes en norme van die middel en laat sestigerjare (herlei vanuit 'n Westers-Amerikaanse tradisie en wat bepalend ingewerk het op sy institusionaliseringsdenke) het in die sewentiger- en veral die tagtigerjare plek gemaak vir demokratiese waardes en norme. Die demokrasie as ideaal-tipiese owerheidsvorm, ook gerig vanuit 'n Westers-Amerikaanse tradisie (status quo), het sy 1991-bydrae histories kontekstueel beïnvloed. Trouens, die woord *beïnvloed* sou selfs sterker gekwalifiseer kon word met terme soos *rigtinggewende* of *deterministiese* beïnvloeding. Hierdie beklemtoning van demokratiese waardes het 'n hoogtepunt bereik met die ineenstorting van die ou Sowjet-Unie en ander Oosblokstate, wat 'n politieke oorwinning vir demokratiesgesinde state onder leiding van die VSA ingelei het. Diktature, soos veranker in die Kommunistiese en ander ideologieë, is verwerp en die demokrasie as norm vir politieke ontwikkeling met die VSA as die mees

prominente voorbeeld, het selfs sterker as in enige ander periode in die geskiedenis na vore getree. Dit is teen hierdie agtergrond dat Huntington (1991: xiii) na hierdie bydrae verwys met die openingswoorde: "This book is about an important - perhaps the most important - global political development of the late twentieth century: the transition of some thirty countries from nondemocratic to democratic political systems".

Dus, in teenstelling met sy 1965- en 1968-bydraes waar die soeke na orde en stabiliteit die historiese konteks gedomineer het, staan sy 1991-bydrae teen die spesifieke agtergrond van 'n wêreldwye demokratiseringsrewolusie as toonaangewende en oorheersende historiese tendens van sy tyd. Dit is dan ook 'n periode waarin daar meer as in enige ander tyd oor die tema *demokratisering* geskryf is deur vooraanstaande akademici soos Rustow, Apter, Schmitter, O'Donnel, Whitehead, Przerworski en Lowenthal - om net enkeles te vermeld. Dit maak van Huntington 'n produk van sy tyd, 'n wetenskaplike wat in interaksie met sy omgewing bydraes lewer in die soeke na verklarings vir daardie gebeure/verskynsels/probleme wat in 'n bepaalde tydgewrig prominent na vore tree en wat die politieke wetenskaplike in die leidende demokratiese staat in die wêreld, die VSA, net nie kan ignoreer nie.

Laastens word kortliks verwys na Huntington se wetenskapsbeskouing.

**Wetenskapsbeskouing:** Huntington se verbondenheid tot 'n positivisties-behavioralistiese wetenskapsbeskouing en die gevolglike strewe om wetenskap neutraal te beoefen, is soos ook met sy 1965- en 1968-bydraes, prominent aanwesig in sy 1991-bydrae. Trouens, Huntington (1991: xv) verbind hom aan 'n neutrale wetenskapsbeskouing in terme van die skeiding van feite en waardes - 'n beskouing wat in hoofstuk 2 van hierdie studie as ongeldig geïdentifiseer is. In hoofstuk 2 is geargumenteer dat die skeiding tussen feite en waardes 'n valse skeiding is, aangesien alle feite ontspring teen die agtergrond van 'n stel waardes en norme wat ten diepste voorwetenskaplik veranker is. Huntington (1965, 1968, 1991) is geen uitsondering op hierdie reël/vertrekpunt nie. Trouens, algemeen aanvaarde Westerse waardes/norme en meer spesifiek daardie waardes/norme wat ontleen is aan 'n Amerikaanse politieke tradisie en status quo, dien as fundamentele vertrekpunte (voorwetenskaplik gesproke) vir Huntington se denke. Dit is tog net logies dat, wanneer Huntington hom (1991: xv) verbind tot 'n demokratiese orde as norm vir politieke ontwikkeling, dit nie 'n norm is wat waardevry of neutraal is nie. Wanneer hy (1991: 10, 11, 28) beklemtoon dat 'n demokratiese orde boonop

geïnstitusionaliseer moet word, bring dit 'n waardestelsel na die oppervlak wat algemeen Westers en meer spesifiek Amerikaans van aard is. Dus, die aanspraak op neutrale wetenskapsbeoefening oftewel "... (an) analysis as detached as possible from my values ..." (1991: xv) is geen getroue weergawe van die ware toedrag van sake nie.

As wetenskaplike wat staan in die positivisties-behavioralistiese wetenskapstradisie, met die strewe om hoë vlak teoretiese kontrukte daar te stel, is Huntington nie tevrede met dit wat hy in sy 1991-bydrae uitgerig het nie. Trouens, hy (1991: xiv) beklemtoon dat "(in) its approach this study thus differs significantly from several of my other books. In these other works I tried to develop generalizations or theories about the relations between key variables, such as political power and military professionalism, political participation and political institutionalization, and political ideals and political behavior. The propositions about these relationships were generally set forth as timeless truths. In this book (1991-bydrae), however, the generalizations are limited to a discrete class of events of the 1970's and 1980's."

Die feit dat Huntington in sy 1991-bydrae aan 'n laer vlak teoretiese konstruk gestalte gee, doen nie afbreuk aan sy strewe/aspirasies om positivisties-behavioralistiese doelstellings na te streef nie. Sy deurlopende selfkritiek op hierdie bydrae bevestig juis sy verbondenheid aan hoë vlakke van verklaring soos dit binne hierdie wetenskapstradisie met kousale teorie geassosieer kan word. Aan eie standaarde gemeet, is Huntington gevolglik nie tevrede nie. Myns insiens moet dit in ag geneem word dat die politieke wetenskap as 'n geestes- en sosiale wetenskap in die algemeen en op enkele uitsonderings na, hom nie leen tot hoë vlakke van algemeengeldendheid nie. Verder moet daar ook in ag geneem word dat Huntington se 1991-bydrae die lig gesien het in 'n periode wat aangedui kan word as die hoogtepunt in die chaos van die oorgang van een wêreldorde na 'n ander wat belangrike demokratiseringstendense ten grondslag gelê het en waarvan 'n helder beeld van die volledige toedrag van sake moeilik bepaal kon word. Met dit in gedagte is Huntington se selfkritiek ten opsigte van sy eie bydrae waarskynlik ietwat oordrewe. Dit bly egter 'n voldonge feit dat Huntington se 1965- en 1968-bydraes op hoër vlakke van algemeengeldigheid kan aanspraak maak as wat die geval is met sy 1991-bydrae en daardie bydraes wat laasgenoemde voorafgegaan het. Waar eersgenoemde bydraes op die status van 'n kousale verklaring kon aanspraak maak, is laasgenoemde 'n beskrywende (realistiese) verklaring soortgelyk aan ander bydraes binne die kontemporêre-

demokratiseringsparadigma waar vooraanstaande wetenskaplikes ook nie daarin kon slaag om hoë vlakke van algemeengeldigheid daar te stel nie en bykans sonder uitsondering voorsiening moes maak vir uitsonderings op 'n bepaalde reël. In die interpretasie en evaluasie van Huntington se bydrae binne die demokratiese-institusionaliseringskonteks, en meer spesifiek ten opsigte van sy beantwoording van die wat- en waarom-vrae oor demokratisering, is daar telkens na die voorwetenskaplike konteks verwys. Aan hierdie konteks word ten slotte aandag gegee.


### .4.4 Die voorwetenskaplike konteks

oos ook die geval was met sy denke binne die institusionaliseringskonteks, kan untington se denke binne die demokratiese-institusionaliseringskonteks oorwetenskaplik gesproke teruggevoer word na 'n Amerikanistiese lewens- en êreldbeskouing soos veranker in daardie waardes wat geassosieer word met 'n merikaanse politieke tradisie en die institusionalisering hiervan in 'n bepaalde status o. Verder moet hierdie voorwetenskaplike aannames in samehang gesien word et 'n positivistiese wetenskapsfilosofie (inherent Amerikaans) wat poog om in ganistiese en meganistiese terme (in analogie met die natuurwetenskappe) rskynsels te verklaar. [Tot die mate wat daar vanuit die stelsel-analitiese perspektief werk word, vertoon Huntington se wetenskapsbeskouing 'n organistiese inslag urdat politieke verskynsels (soos die institusionalisering van die samelewing) vanuit sisteem-analogie verstaan word. Die voorstelling van demokratisering as lfbeweging dui egter weer op 'n meganistiese wetenskapsbeskouing.] Op hierdie e sake word daar vervolgens gekonsentreer.

ntington se verbondenheid aan die Amerikaanse politieke tradisie en die waardes arop dit gebou is, kom telkens na vore. 'n Sprekende voorbeeld in hierdie verband y verwysing na "... the future of democracy in the world is of special importance to ericans. The United States is the premier democratic country in the modern world, its identity as a nation is inseparable from its commitment to liberal and ocratic values. Other nations may fundamentally change their political systems continue their existence as nations. The United States does not have that option. ce Americans have a special interest in the development of a global environment genial to democracy" (1991: 29-30). Vir Huntington as Amerikaner is die fundering die Amerikaanse politieke orde oftewel dit wat aan daardie orde 'n bestaansreg gitimiteit verleen, juis dit wat in stand gehou, uitgebou en gekonsolideer moet - selfs wêreldwyd. Hierdie orde word veral gekenmerk aan die usionalisering van liberale waardes as manifestasie van 'n breë Westerse

politieke tradisie wat in sy grootste volledigheid in die VSA ontplooi het - aldus hierdie denklyn. Waardes wat in hierdie opsig beklemtoon kan word en wat die norme word waarmee ander samelewings beoordeel word, sluit in individuele outonomie en dit wat hieruit voortspruit met inbegrip van die goeie aard van die individu, sy vermoë tot rasionele en kreatiewe optrede, individuele vryheid en gelykheid, sowel as 'n vooruitgangsgeloof met die individu as sleutel. As waardes wat gekoester word binne die Amerikaanse politieke orde is dit in hierdie orde se direkte belang dat hierdie waardes so wyd moontlik moet inslag vind en nog des te meer so ten opsigte van die handhawing van sy status as die toonaangewende moondheid van die huidige wêreld. Huntington se denke is ten diepste veranker in 'n Amerikanistiese lewens- en wêreldbeskouing in daardie mate dat hy by uitstek beskou kan word as 'n apologeet van die uitbouing en konsolidasie van 'n Westerse en meer spesifiek 'n Amerikanistiese politieke orde. Soos 'n Machiavelli van ouds die Romeinse Imperium as model verabsoluteer het, so verabsoluteer Huntington (die Machiavelli van die moderne tyd) die Amerikaanse politieke orde en bepleit hy ook die uitbouing en onsolidasie van hierdie orde wat sy denke in wese konserwatief rig en bepaal. aarom kan Huntington se denkraamwerk, soos herlei vanuit 'n Westerse en merikanistiese lewens- en wêreldbeskouing, geharmonieer word met 'n onserwatiewe denklyn ten opsigte van die transformasie van politieke instellings aar die geleidelike en inkrementele verandering van 'n bepaalde orde binne die amwerk van aanvaarde en gevestigde waardes (demokraties van aard) en politieke rvorming om bestaande waardes, in hierdie geval demokraties van aard, op 'n eër grondslag te laat inslag vind, ten nouste by sy denkpatroon aangesluit word. ir volledige besonderhede oor die filosofie van politieke verandering eie aan die nserwatisme kan afdeling 3.2 van hoofstuk 3 geraadpleeg word.)

eedens kan daar nie nagelaat word om Huntington se verklaring in organistiese en ganistiese terme, eie aan 'n positivisties-behavioralistiese tradisie, Amerikaans anker, te beklemtoon nie. Sy poging om demokratisering in terme van 'n tafoor/model met golfbewegings (natuurwetenskaplik ingestel) in verband te ng, bevestig die meganistiese beskouing aanwesig in sy denke. Soos die geval s met sy denke binne die institusionaliseringskonteks waar 'n sisteem (ekologie) modelmatige begronding gedien het, is hier weereens sprake van 'n modelmatige ronding in organistiese terme, hoewel nie so sterk uitgebou as wat in die vorige teks die geval was nie, maar opvallend genoeg om dit te beklemtoon. Skematies die meganistiese aard van sy denke met betrekking tot demokratisering so rgestel word:





n Voorstelling van die meganistiese denkpatroon onderliggend aan Huntington
e denke met betrekking tot demokratisering.

Om saam te vat, kan Huntington se denke binne die demokratiese-institusionaliseringskonteks (soos ook die geval was met sy denke binne die institusionaliseringskonteks) teruggevoer word na daardie waardes wat fundamenteel bepalend is vir die Amerikaanse politieke orde en 'n organistiese en meganistiese analogie waardeur gepoog word om 'n verklaring daar te stel afkomstig vanuit die Amerikaans gedomineerde postivisties-behavioralistiese wetenskapsbeskouing.

## 4. 'N ALGEMENE PERSPEKTIEF VAN HUNTINGTON SE BYDRAE TOT DIE ANALITIESE KOMPONENT VAN DIE TRANSFORMASIE VAN POLITIEKE INSTELLINGS

'n Algemene perspektief ten opsigte van Huntington se bydrae tot die wat- en waarom-vrae ten opsigte van die transformasie van politieke instellings in terme van die aangeduide metateoretiese raamwerk, kan diagrammaties so voorgestel word:




4.8 'n Samevattende voorstelling van Huntington se beantwoording van die wat- en waarom-vrae (die analitiese komponent) ten opsigte van die transformasie van politieke instellings

## 5. SAMEVATTENDE PERSPEKTIEF

Huntington se beantwoording van die *wat-* en *waarom*-vrae ten opsigte van die verskynsel van die transformasie van politieke instellings in oorgangstye kry beslag binne die institusionaliseringskonteks enersyds en binne 'n demokratiese-institusionaliseringskonteks andersyds waarin onderskeidelik institusionaliserings- en demokratiese institusionaliserings-norme beklemtoon word.

Met die grondliggende vertrekpunt dat die graad van regering belangriker is as die owerheidsvorm word daar binne 'n institusionaliseringskonteks vorm gegee aan 'n kousale teorie waarin veranderlikes soos sosiale mobilisasie, ekonomiese ontwikkeling, politieke deelname en politieke institusionalisering in terme van oorsaak-gevolg relasies, dialekties opgestel, georden word. As uitbouing van hierdie kousale teorie word daar verder beslag gegee aan 'n verklaring vir dit wat as praetoriaanse samelewings-toestande geïdentifiseer is. Binne 'n teoretiese konteks is Huntington gekritiseer vir sy teenstelling van politieke ontwikkeling/politieke verval en foutiewe aannames en assosiasies wat hieruit kan voortspruit, die afwesigheid van diepgaande toepassings op bepaalde gevallestudies, die onvoldoende verrekening van daardie faktore/determinante wat die transformasie van politieke instellings ...isieer en sy verabsolutering van orde en stabiliteit as onderliggende waardes aan 'n ...onserwatiewe tradisie. In 'n vakwetenskaplike sin kan Huntington se denke aan 'n ...onserwatiewe tradisie verbind word, terwyl hy paradigmaties gesproke die argitek ...as van 'n paradigma-verandering binne die veld van die politieke ontwikkeling. ...etenskaplik gesproke moet Huntington gekomplimenteer word oor sy vermoë om ...de en struktuur ten opsigte van die tema te bewerkstellig en hiermee saam sy ...rmoë om geldige en betroubare kennis as resultaat van hoë vlakke van ...ralgemening te genereer. In die algemeen gesien, kan Huntington se ...tenskapsfilosofie teruggevoer word, na 'n positivisties-behavioralistiese ...nkraamwerk waarin die empiriese verifikasie van teoretiese vertrekpunte ...oropstaan.

...ne 'n demokraties-institusionaliseringskonteks het Huntington gestalte gegee aan ...ealistiese teorie, uiteengesit in terme van 'n verduideliking van daardie faktore wat ...rdie verskynsel (demokratisering) in die hand werk. Ten opsigte van hierdie ...retiese konstruk is Huntington gekritiseer oor die aanbieding van 'n teorie van 'n ... status, die aanwesigheid van 'n historiese relativisme as verklaringsgrondslag in ...denke, die onvoldoende toepassing van die hipoteses van golfbewegings in terme ... die derde demokratiseringsgolf en weereens die afwesigheid van diepgaande ...passings van teoretiese vertrekpunte op bepaalde gevallestudies sowel as die ...serwatisme wat sy denke ten grondslag lê. Vakwetenskaplik gesproke moet

Huntington se beklemtoning van liberale waardes binne die raamwerk van 'n konserwatiewe tradisie, geassosieer met die Amerikaanse status quo, beklemtoon word, sowel as sy status as 'n vooraanstaande denker binne die kontemporêre-demokratiseringsparadigma. In 'n wetenskaplike sin is Huntington gekritiseer oor die beperkte mate waarin hy geslaag het om orde en struktuur ten opsigte van die verskynsel van demokratisering bloot te lê. As uitvloeisel van laasgenoemde is geldige en betroubare kennis die resultaat van lae vlakke van veralgemening. Soos ook binne die institusionaliseringskonteks is Huntington verbind tot positivistiese en behavioralistiese wetenskapsdoelstellings.

Binne 'n voorwetenskaplike konteks kan Huntington se denke binne die institusionaliserings- sowel as die demokratiese-institusionaliseringskonteks teruggevoer word na 'n Amerikanistiese lewens- en wêreldbeskouing as manifestasie van 'n algemene westerse lewens- en wêreldbeskouing. Die Amerikaanse status quo, soos gefundeer in 'n bepaalde politieke tradisie en waardestelsel, figureer prominent binne sy denke. Hiermee saam gaan 'n organistiese en meganistiese wetenskapsbeskouing met fondamente in 'n positivisties-behavioralistiese metodologiese tradisie waarin die strewe na neutrale wetenskapsbeoefening beklemtoon word. Ten opsigte van demokratisering vertoon Huntington se denke ook elemente van 'n meganistiese wetenskapsbeskouing.

Binne elkeen van die onderskeie kontekste waarbinne Huntington bydraes gelewer het, word bepaalde norme beklemtoon, waarna telkens verwys is. Vervolgens word gekonsentreer op Huntington se normatiewe perspektiewe ten opsigte van die transformasie van politieke instellings in oorgangstye.

# HOOFSTUK 5

# NORMATIEWE PERSPEKTIEWE TEN OPSIGTE VAN DIE TRANSFORMASIE VAN POLITIEKE INSTELLINGS

## 1. INLEIDENDE ORIëNTERING

Enige verklaring vir die verstaan van politieke verandering in die algemeen en die ransformasie van politieke instellings in die besonder moet lig kan werp op die *vaarheen-* en *waarom*-vrae ten opsigte van hierdie tendense. Dit is ook 'n eis wat van oepassing gemaak kan word op Huntington se pogings om die transformasie van olitieke instellings in oorgangstye te verstaan. By verskeie geleenthede is daar reeds n die voorafgaande hoofstukke melding gemaak van bepaalde norme in Huntington e denke wat 'n aanduiding gee van die *rigting* wat 'n veranderingsproses kan volg; vatter koers 'n positiewe impak op die proses het; en watter koers 'n negatiewe npak kan hê. Hierdie norme aanwesig in die denke van Huntington vorm die okuspunt van hierdie hoofstuk.

ie twee geïdentifiseerde kontekste van wetenskapsbeoefening in Huntington se enke waarin die probleem/verskynsel van die transformasie van politieke instellings oorgangstye aangespreek word, naamlik die *institusionaliseringskonteks* en die *mokratiese-institusionaliseringskonteks* onderhou bepaalde denkraamwerke waarin derskeidelik bepaalde norme die rigting van geïdentifiseerde randeringsprosesse aandui. Binne elkeen van hierdie kontekste kan bepaalde rme in terme van 'n teenstelling (opposisie) voorgestel word waarin "positiewe rme" teenoor "negatiewe norme" geplaas word. Binne die titusionaliseringskonteks word politieke institusionalisering ('n positiewe norm) laas teenoor politieke verval ('n negatiewe norm). Die koers van verandering word s beoordeel aan die hand van die parameters van politieke institusionalisering rsyds en politieke verval andersyds. Ten opsigte van politieke institusionalisering rd 'n hoë graad van regering beklemtoon en hiermee saam die vermoë van tieke instellings om orde en stabiliteit te handhaaf en 'n effektiewe regering te seker. Hierteenoor staan politieke onstabiliteit en politieke verval soos dit ssosieer word met burgeroorlog, chaos en anargie. Die een pool van die stelling verteenwoordig dit wat hy "civic politics" noem en die ander pool etorian" of "corrupt politics" (1965: 405-417; 1968: 78-92).

Demokratiese owerheidsvorm, in teenstelling tot nie-demokratiese rheidsvorme, word weer binne die demokratiese-institusionaliseringskonteks as

norm beklemtoon. Die owerheidsvorm en meer spesifiek 'n demokratiese owerheidsvorm ('n positiewe norm) vorm binne hierdie konteks die bakens waarin die koers/rigting van politieke verandering in die algemeen en die transformasie van politieke instellings in die besonder deur Huntington aangedui word.

Binne die breë raamwerk van Huntington se denke is hierdie twee stelle norme, soos onderskeidelik verbind kan word aan die graad van regering en die vorm van regering, nie teenstellende norme nie. Trouens, wanneer dit vir Huntington gaan oor politieke stabiliteit word die graad van regering in terme van institusionaliseringsnorme beklemtoon. Indien dit egter oor die keuse van 'n ideale staatsvorm gaan, word demokratiese norme beklemtoon. Huntington (1968: 1) beklemtoon egter dat "(t)he most important political distinction among countries concerns not their form of government but their degree of government".[1] Hierdie grondliggende vertrekpunt word in sy nuutste werk *The third wave : democratization in the late twentieth century* (1991: 11, 28) herhaal, hoewel daar ook op die belangrikheid van 'n demokratiese staatsvorm as norm klem gelê word.

In hierdie hoofstuk word dit as doel gestel om 'n rekonstruksie, interpretasie en evaluasie van Huntington se beantwoording van die waarheen- en waarom-vrae (die normatiewe komponente) te maak. Die onderliggende doelwitte van hierdie hoofstuk lê en soos volg daaruit:

Binne die institusionaliseringskonteks sal Huntington se beskouing, gebou rondom sy visie van institusionalisering, gerekonstrueer word deur te konsentreer op sy beskouing van politieke instellings, die uitspel van kriteria vir institusionalisering, institusionalisering en die handhawing van algemene belang en eventueel die rol wat die party as "voertuig" vir institusionalisering kan speel.

Met die demokratiese institusionaliseringskonteks as 'n verwysingsraamwerk sal Huntington se denke met betrekking tot 'n demokratiese owerheidsvorm as norm gerekonstrueer word.

Hierdie hoofstuk sal afgesluit word met 'n interpretasie en evaluasie van Huntington se normatiewe perspektiewe ten opsigte van die transformasie van

Die kriteria wat deur Huntington uitgespel word om die rigting van die veranderingsproses aan te dui is onderskeidelik *"form of government"* en *"degree of government"*. Wat laasgenoemde aanbetref, word dit vertaal met die *"graad van regering"* en dui dit op die funksionaliteit van politieke instellings binne die institusionele raamwerk. Die begrip owerheid met 'n breër betekenisveld as regering sou waarskynlik meer gepas gewees het. (Die owerheid omsluit die regering.) Aangesien dit problematies is om van die "graad van owerheid" te praat, word daar met die graad van regering as die Huntington-idioom volstaan. *"Form of government"* word vir doeleindes van hierdie studie met owerheidsvorm in verband gebring - dit wil sê 'n breër betekenis as regering word hieraan toegeken.

politieke instellings in oorgangstye aan die hand van die metateoretiese raamwerk soos ontwikkel in hoofstuk 2 van hierdie studie.

## 2. INSTITUSIONALISERING AS NORM VIR DIE TRANSFORMASIE VAN POLITIEKE INSTELLINGS

Huntington (1965: 393-405; 1968: 8-32) se denke oor politieke ontwikkeling as die "institusionalisering van politieke organisasies en prosedures" kan volledig gerekonstrueer word deur aanvanklik te konsentreer op sy standpunte ten opsigte van die plek en rol van politieke instellings in die samelewing. Dit sal dan as grondslag dien vir sy beskouing oor politieke institusionalisering as die norm vir die transformasie van politieke instellings in oorgangstye en ook as teenvoeter vir tendense van politieke verval. Sy standpunte oor die plek en rol van politieke instellings in die samelewing word derhalwe eerste aan die orde gestel.

### 2.1 Die plek en rol van politieke instellings in die samelewing

Huntington (1965: 393-394; 1968: 8-11) se standpunte oor die plek en rol van politieke instellings in die samelewing hang ten nouste saam met sy interpretasie van die verhouding tussen sosiale magte en politieke instellings in 'n betrokke samelewing. Uitgaande van die veronderstelling dat "(t)he level of political community a society achieves reflects the relationship between its political institutions and the social forces which comprise it" (1968: 8) word daar in 'n teoretiese sin 'n onderskeid maar ook 'n samehang tussen sosiale magte en politieke instellings beklemtoon. Vir Huntington (1968: 8-9) is 'n sosiale mag "... an ethnic, religious, territorial, economic or status group" terwyl 'n politieke organisasie of prosedure weer dui op "... an arrangement for maintaining order, resolving disputes, selecting authoritative leaders, and thus promoting community among two or more social forces." In 'n eenvoudige gemeenskap (community) wat bestaan uit 'n enkele sosiale mag (etniese, religieuse of statusgroep) funksioneer hierdie mag dikwels as 'n politieke instelling op sigself en is daar nie 'n noodsaak of behoefte vir hoogs ontwikkelde politieke instellings in onderskeiding van sosiale magte in die samelewing nie. In die verband wys Huntington (1968: 9) daarop dat "(t)he more complex and heterogeneous the society, however, the more the achievement and maintenance of political community become dependent upon the workings of political institutions". Hy (1968: 11) gaan selfs sover om in terme van 'n Hobbesiaanse beskouing van die politiek die bewering te maak dat "(in) simple societies community can exist without politics or at least without highly differentiated political institutions. In a complex society community is produced by political action and maintained by political institutions."

In wese kom Huntington se beskouing oor die plek en rol van politieke instellings in die samelewing daarop neer dat in 'n toestand van perfekte sosiale harmonie, ideaaltipies gesproke, politieke instellings onnodig is, terwyl in toestande van ekstreme konflik en die manifestasie hiervan in geweld soos rewolusie en/of burgeroorlog (dit wil sê die afwesigheid van 'n geordende gemeenskapslewe binne 'n samelewing) die voortbestaan van politieke instellings onmoontlik is (Huntington, 1968: 9). Daarom, hoe groter die aard van die konflik, oftewel die afwesigheid van sosiale harmonie, hoe meer word die samelewing afhanklik van die effektiewe funksionering van legitieme politieke instellings. Op basis van die vertrekpunt dat enige instelling in 'n funksionele sin (al is dit nie-demokraties) beter is as geen nstelling nie, beklemtoon Huntington (1968: 8-11) die belangrike rol van politieke nstellings in komplekse samelewings (ontwrig deur die kragte van modernisasie) in lieselfde opsig as wat Hobbes en Bodin sanksie verleen aan die soewereiniteit van lie staat in belang van orde, stabiliteit en effektiewe regering of, anders gestel, in elang van 'n hoë graad van regering.

luntington (1968: 11) voer sy argument in 'n tipiese konserwatiewe sin verder deur aarop te wys dat in 'n komplekse samelewing politieke instellings histories beslag ekry het uit die interaksie en meer spesifiek die konflik tussen sosiale magte in die amelewing, en die ontwikkeling van prosedures om hierdie konflikte te harmonieer ı suksesvol te besleg wat die weg gebaan het vir die daarstelling van politieke stellings en hiermee saam die vestiging van 'n geordende gemeenskapslewe - 'n oses wat deur Huntington (1965: 393-403; 1968: 12-24) as *politieke stitusionalisering* voorgehou word. Daarom verskaf politieke instellings as die "... havioral manifestation of the moral concensus and mutual interest (of a mmunity)" 'n beginsel, 'n tradisie, 'n mite of 'n gedragskode wat mense saambind tot 'n groter eenheid voer en wat die geordende en gesaghebbende samekoms n mense verseker (Huntington, 1968: 10). Hiervolgens word die stelling gemaak "(t)he coming together ... must ... be institutionalized" (10). Duidelike aansluiting Edmund Burke (1905: 56) se vertrekpunt dat "(i)f civil society be the offspring of ıvention, that convention must be its law" kan in dié verband beklemtoon word, wys op die belangrike plek wat politieke tradisie in terme van die manifestasie van onserwatiewe denkpatroon by Huntington inneem.

bogenoemde as vertrekpunt en grondslag wys Huntington (1968: 8-11) daarop die meeste derdewêreldstate, gekenmerk deur politieke onstabiliteit, 'n leemte ar in terme van dit wat getipeer kan word as 'n beginsel, 'n mite, 'n gedragskode, olitieke kultuur wat vanuit 'n bepaalde politieke tradisie beslag gekry het en wat burgery kan saambind in terme van die bestaan van effektiewe en legitieme

politieke instellings. Die gebrek hieraan lê ten grondslag aan tendense van politieke verval wat alom teenwoordig is binne die geïdentifiseerde statekompleks (derdewêreldstate).

Die algemene toedrag van sake in state waar politieke verval aan die orde is, word so deur Huntington (1968: 11) opgesom: "Social forces were strong, political institutions weak. Legislatures and executives, public authorities and political parties remained fragile and disorganized. The development of the state lagged behind the evolution of society." Die motivering vir hierdie stelwyse kan regstreeks teruggevoer word na sy argumente wat binne die analitiese konteks beslag gegee het aan 'n verklaring vir endense van politieke ontwikkeling/verval (Lesers word verwys na afdeling 2.2 van hoofstuk 4 van hierdie studie). Die afwesigheid van effektiewe en legitieme politieke nstellings skep 'n behoefte aan dit wat Huntington identifiseer as politieke nstitusionalisering en waarop daar vervolgens gekonsentreer sal word.

## .2 Politieke institusionalisering as norm vir die transformasie van politieke instellings

stitusionalisering as konsep het in die Sosiologie sy beslag gekry en word veral eassosieer met die bydraes van Max Weber en Talcott Parsons. Met die breë etekenis van "... the general process of embodying the ideal in on-going human ctivity" (O'Dea, 1963: 76) het hierdie konsep sy weg na die politieke wetenskap evind en was dit veral Huntington wat die konsep "politieke institusionalisering" in 'n ormatiewe sin binne die studieveld van die politieke ontwikkeling laat inslag vind het. r Huntington (1965: 393-405; 1968: 12-32) het politieke institusionalisering tekenis gekry as teenvoeter vir tendense van politieke verval wat hy prominent aargeneem het, in derdewêreldstate in die tydsgewrig, 1965-1968. Politieke titusionalisering ('n positiewe norm) kan binne die denke van Huntington in terme n 'n dichotomie (klassifikasie in terme van 'n tweedeling) geplaas word teenoor litieke verval ('n negatiewe norm) en dit vorm die parameters waarbinne hy die nsformasie van politieke instellings in 'n normatiewe sin beoordeel. Met die gangspunt (1968: 1) dat die graad van regering soos gemeet in terme van orde, biliteit en effektiewe regering en die manifestasie hiervan in terme van politieke itusionalisering dui op politieke ontwikkeling, terwyl chaos, burgeroorlog en rgie (politieke verval) weer dui op die teenpool van politieke ontwikkeling het ntington met 'n nuwe stel norme (kriteria) die aard van politieke verandering lemtoon. Hierdie beskouing verskil ingrypend van die modernisasie-denke (ook oem die liberaal-ekonomiese denke) waarin 'n vergelykbare teenstelling in terme 'n tradisioneel-moderne kontinuum as die besondere norme beklemtoon kan

word. [Vergelyk Palmer & Thompson (1978: 53-59) vir besonderhede oor die tradisioneel-moderne kontinuum as 'n klassifikasiepatroon in terme van die gebruik van 'n teenstelling]. Die aard en betekenis van die aanlê van hierdie kriteria (norme) geplaas teenoor daardie kriteria (norme) eie aan die modernisasie- of liberaal-ekonomiese denkraamwerk lê aan die hart van die paradigmaverandering waarna daar reeds telkens verwys is en wat Huntington as baanbreker na vore laat tree het. Hierdie beskouing van politieke institusionalisering as die noemer vir politieke ontwikkeling, vorm die polsslag van Huntington se denke binne die institusionaliseringskonteks en funksioneer as norm vir sy evaluasie van die transformasie van politieke instellings in oorgangstye as verskynsel en fokus van hierdie studie.

Verskeie definisies, konseptualiserings en besprekings van die begrip nstitusionalisering kan teen die agtergrond van O'Dea (1963: 76) se breë tipering uitgesonder word. [Vergelyk in hierdie verband die bydraes van Parsons (1954: 143, 239) Eisenstadt (1962: 461-472; 1964b: 235-247; 1964a: 375-386) Loomis (1960: 36; 963: 198) en Selznick (1957: 5-22). Dit is veral die denklyn van Loomis (1960: 36; 963: 198) en Selznick (1957: 5-22) wat klaarblyklik 'n belangrike invloed gehad het p Huntington (1965; 1968) se konseptualisering van institusionalisering indien die trekking van argumente vergelyk word. Volgens Loomis (1960: 36) word stitusionalisering voorgehou as "... the process through which organizations are iven structure and social action and interaction are made predictable. It is a global aster process which patterns knowing, feeling, achieving, evaluating, ranking, ontrolling, and sanctioning through the elements and their articulating processes as ell as the master process." In 'n ander bydrae word institusionalisering deur eselfde skrywer (1963: 198) voorgehou as "... the process through which human havior is made predictable and patterned. Through this process social systems are ven their own distinguishing elements of structure and the processes of function." sy beurt wys Selznick (1957: 16) daarop dat "(i)nstitutionalization is a *process*. It is mething that happens to an organization over time, reflecting the organization's n distinctive history, the people who have been in it, the groups it embodies and vested interests they have created, and the way it has adapted to its vironment."

uit 'n struktureel-funksionele perspektief en prosesmatige beskouing van itusionalisering, wat terloops ook voorkom in die denke van Parsons (1951; 1977) ar veral in die denke van Loomis aanwesig is, dien institusionalisering as kriterium Huntington (1965: 393-405; 1968: 12-32) ten einde vas te stel of politieke wikkeling of politieke verval by instellings aan die orde is. Stelsels gekenmerk deur

hoë vlakke van politieke institusionalisering dui op tendense van politieke ontwikkeling terwyl die afwesigheid van politieke institusionalisering ten grondslag lê van politieke verval.

Selznick se prosesmatige beskouing van institusionalisering, maar veral sy beklemtoning van die historiese ontwikkeling, karakter en tradisie van 'n instelling, soos verwerf oor 'n periode heen (histories gesproke), het besonder sterk by Huntington byval gevind. Huntington (1968: 12) se omskrywing van nstitusionalisering as "... the process by which organizations and procedures aquire value and stability" herhinder sterk aan Selznick se konseptualisering van nstitusionalisering sowel as die breër betekenisveld waarin hierdie konsep deur hom aangebied word.

Ten opsigte van Huntington (1965: 394; 1968: 12) se konseptualisering van nstitusionalisering is dit veral sy assosiasie hiervan met politieke stabiliteit en die erband wat gelê word tussen die afwesigheid van institusionalisering en politieke tabiliteit wat besondere vermelding verdien en wat dui op 'n eiesoortige gebruik van ierdie konsep. Sonder om in besonderhede te definieer soos wat dit by Loomis 960: 36; 1963: 198) die geval is, bied Huntington (1968: 12) 'n eiesoortige nskrywing van politieke institusionalisering deur die verband hiervan met politieke abiliteit te beklemtoon. Huntington (1968: 12) wys ook daarop dat die vlak van olitieke ontwikkeling in 'n samelewing bepaal word deur *die graad van ondersteuning* emokraties of nie-demokraties) wat 'n bepaalde instelling geniet en die *vlak van stitusionalisering* - beide sake wat afwesig is wanneer toestande in die meeste rdewêreldstate in oënskou geneem word. Huntington (1968: 32) beklemtoon in dié rband dat "(t)he capacity to create ... institutions ... is in short supply in the world day." Dit is dan ook Huntington se unieke toepassingsveld vir hierdie betrokke nsep te wete die veld van die politieke verandering wat besondere vermelding dien. Ten einde die vlak van institusionalisering van 'n instelling te bepaal, word in uktureel-funksionele terme 'n aantal kriteria uitgesonder wat vervolgens die aandag niet.

## Kriteria vir politieke institusionalisering

ntington (1965: 394-405; 1968: 13-24) identifiseer vier kriteria, voorgestel in terme dichotomieë, wat gebruik kan word om vas te stel of 'n instelling nstitusionaliseerd is of nie. Hierdie dichotomieë verwys na *aanpasbaarheid* teenoor *uigsaamheid* (adaptability / rigidity); *kompleksiteit* teenoor *eenvoud* nplexity / simplicity); *outonomie* teenoor *onderhorigheid*

(autonomy / subordination); en *eenheid (samewerking)* teenoor *verdeeldheid* (coherence / disunity). Hierdie kriteria stel Huntington in staat om die mate waarin instellings geïnstitusionaliseerd is, te kan vasstel, en verskaf verder ook 'n grondslag vir die tref van vergelykings tussen politieke stelsels in hierdie verband. Eerstens word gekyk na aanpasbaarheid versus onbuigsaamheid as kriterium vir die vlak van institusionalisering.

## a) Aanpasbaarheid versus onbuigsaamheid

Huntington (1965: 394; 1968: 13) formuleer sy vertrekpunt ten opsigte van hierdie aspek van institusionalisering as hy beweer dat "(t)he more adaptable an organization or procedure is, the more highly institutionalized it is; the less adaptable and more rigid it is, the lower its level of institutionalization." Die vermoë van 'n instelling tot aanpasbaarheid word veral gereflekteer in die instelling se vermoë om met nuwe eise wat voortspruit uit 'n veranderde omgewing tred te hou. [In hierdie verband kan beklemtoon word dat Selznick (1957: 5) na 'n instelling verwys as "... a natural product of *social* needs and pressures - a responsive, adaptive organism" - 'n konseptualisering wat ooreenstem met die denklyn van Huntington.] Die mate waarin 'n instelling oor 'n tydperk heen (histories gesproke) daarin kon slaag om veranderende eise en omstandighede te kan akkommodeer, is 'n aanduiding van die aanpasbaarheid van sodanige instelling (Huntington, 1965: 395; 1968: 13). [Vergelyk ook Selznick (1957: 16).]

Die opbou van 'n tradisie van vernuwing en aanpassing by 'n veranderde omgewing en die besondere eise wat hiermee gepaard gaan, is die sleutel tot sukses in hierdie verband. In hierdie opsig vind Huntington (1965: 395; 1968: 13) ook aansluiting by Starbuck (1965: 453) wat die mening uitspreek dat "(t)he basic nature of adaptation is such that the longer an organization survive, the better prepared it is to continue surviving". Huntington (1965: 395; 1968: 13) bou hierdie argument ietwat verder uit deur te beweer dat "(i)n general, however, the first hurdle is the biggest one. Success in adapting to one environmental challenge paves the way for successfull adaptation to subsequent enviromental challenges ... The older an organization is, the more likely it is to continue to exist through any specified future time period."

Die opbou van 'n tradisie van aanpassing en heroriëntasie by 'n veranderde omgewing en omstandighede kan in terme van drie kleiner maar verbandhoudende kriteria beoordeel word, te wete die *chronologiese ouderdom van die instelling, sy generatiewe ouderdom* en *'n vermoë tot funksionele aanpassing of heroriëntasie* soos

gemeet in terme van tydsverloop. Aan hierdie aspekte word vervolgens kortliks aandag gegee:

* **Chronologiese ouderdom:** Hoe ouer 'n organisasie is, hoe groter is die moontlikheid dat sodanige organisasie in die toekoms sal bly voortbestaan (Huntington, 1965: 395; 1968: 13-14). Hy wys daarop dat 'n organisasie wat 'n honderd jaar oud is 'n groter mate van sekerheid het om 'n volgende jaar te oorleef as wat die geval is met 'n organisasie wat slegs 'n enkele jaar oud is. Op basis van hierdie vertrekpunt is dit duidelik waarom Westerse politieke stelsels soos aangetref in die VSA, Brittanje, Frankryk en Spanje - state met 'n lang tradisie van staatkundige ontwikkeling en dus hoë vlakke van institusionalisering - gekenmerk word deur politieke stabiliteit teenoor baie ontwikkelende state met bykans geen tradisie van staatkundige ontwikkeling, lae vlakke van institusionalisering en die aanwesigheid van hoë vlakke van politieke onstabiliteit. 'n Verbandhoudende aspek met die chronologiese ouderdom van 'n instelling as kriterium vir institusionalisering is sy generatiewe ouderdom.

* **Generatiewe ouderdom:** Dit is moontlik vir 'n instelling om 'n relatief hoë chronologiese ouderdom te verwerf sonder 'n bepaalde generatiewe ouderdom. Met laasgenoemde word basies bedoel die vermoë van die instelling om te kan voortbestaan te midde van die vervanging van 'n bepaalde generasie van leiers deur nuwes. Huntington (1968: 14) beklemtoon dat "(t)he more often the organization has surmounted the problem of peaceful succession and replaced one set of leaders by another, the more highly institutionalized it is." Veral met die ontstaan en vestiging van 'n nuwe instelling is die generatiewe ouderdom hiervan van besondere belang. Soos 'n instelling chronologies ouer word, word sy generatiewe ouderdom 'n minder belangrike faktor. Huntington (1968: 14-15) wys daarop dat die Chinese Kommunistiese party teen die middel sestigerjare reeds 45 jaar oud was, maar met dieselfde generasie van leiers in beheer van sake - 'n faktor wat afbreuk doen aan die vlak van institusionalisering daarvan. In die Sowjet-Unie staan die leierskapsverandering van Stalin na Chroesjtsjof teen die agtergrond van die vervanging van 'n generasie van leiers deur nuwes wat dui op 'n bepaalde vlak van positiewe institusionalisering (Huntington, 1965: 396; 1968: 15).

**Funksionele heroriëntering:** Die vermoë van 'n instelling om in 'n funksionele sin te heroriënteer ten einde bepaalde funksies te kan vervul, anders as dit waarvoor die betrokke instelling oorspronklik in die lewe geroep is, is 'n

aanduiding van 'n hoë vlak van institusionalisering. In aansluiting by die denklyn van Philip Selznick (1957: 5-22) beweer Huntington (1965: 396; 1968: 15) dat "(a)n organization that has adapted itself to changes in its environment and has survived one or more changes in its principal functions is more highly institutionalized than one that has not. Functional adaptability nor functional specifity, is the true measure of a highly developed organization. Institutionalization makes the organization more than simply an instrument to achieve certain purposes. Instead its leaders and members come to value it for its own sake, and it develops a life of its own quite apart from the specific functions it may perform at any given time. The organization truimphs over its function". [Binne dieselfde idioom beklemtoon Selznick (1957: 20-21) dat "(t)he transformation of expendable technical organizations into institutions is marked by a *concern for selfmaintenance*. A living association blends technical aims and procedures with personel desires and group interests ... (S)elf maintenance becomes more than organizational survival; it becomes a struggle to preserve the uniqueness of the group in the face of new problems and altered circumstances".]

ir Huntington (1965: 396-399; 1968: 15-17) gaan funksionele heroriëntasie in wese aaroor dat 'n instelling 'n tradisie van funksionele aanpassing opbou ten einde te n aanspraak maak op hoë vlakke van institusionalisering. Huntington (1965: 398; 968: 16) is dit met Messinger (1955: 10) eens dat 'n hoë vlak van institusionalisering aarop dui dat dit waarvoor die instelling oorspronklik in die lewe geroep is, op die tergrond geskuif word ten gunste van die handhawing van die instelling op sigself die oorheersende doelstelling - al beteken dit selfs dat die oorspronklike missie n sodanige instelling in die proses verwerp word.

orbeelde van suksesvolle funksionele heroriëntering waarna Huntington 965: 398-399; 1968: 17) verwys, sluit in die plek en rol van die koningshuis in tanje vanaf 'n posisie van absolute mag en gesag tot dit wat as 'n seremoniële rol ipeer kan word; en die funksionele heroriëntasie van die Kongresparty in Indië van itgesproke anti-koloniale instelling na 'n instelling wat die regeertaak moes vervul hiermee saam 'n aanpassing van daardie doelstellings wat aanvanklik die tandkoming van die betrokke instelling in die hand gewerk het. Die volgende ek wat aandag moet kry, is die kwessie van kompleksiteit teenoor eenvoud as rium vir suksesvolle institusionalisering.

## b) Kompleksiteit teenoor eenvoud

'n Perspektief wat algemeen in die literatuur oor modernisasie aangetref word, is dat differensiasie en spesialisasie inherent deel vorm van enige modernisasieproses (Eisenstadt, 1962: 462; Huntington, 1968: 34-35; 1971: 288). Indien modernisasie as wêreldwye proses ontwrigtend inwerk op tradisioneel georiënteerde instellings (vergelyk Huntington, 1968: 18, 35-39) waar differensiasie en spesialisasie afwesig is en hierdie ontwrigting ten grondslag lê aan politieke onstabiliteit en selfs politieke verval, is dit logies dat hoe meer kompleks 'n stelsel is (in terme van differensiasie en spesialisasie) hoe groter is die vermoë van sodanige stelsel om die kragte van modernisasie in 'n omgewing waar politieke stabiliteit oorheers, te laat inslag vind. Anders gestel, hoe meer kompleks 'n instelling is in terme van differensiasie en spesialisasie, hoe meer is die stelsel bestand teen die ontwrigtende kragte van modernisasie soos geassosieer met die oorgang van 'n tradisionele na 'n moderne toestand. Dit vorm in 'n neutedop die agtergrondsperspektief waaruit Huntington die kompleksiteit van 'n instelling voorhou as kriterium vir institusionalisering. In dié verband is Huntington (1968: 17-18; 1965: 399) van mening dat "(t)he more complicated an organization is, the more highly institutionalized it is. Complexity may nvolve both multiplication of organizational subunits, hierarchically and functionally, nd differentiation of seperate types of organizational subunits. The greater the umber and variety of subunits the greater the ability of the organization to secure nd maintain the loyalties of its members. In addition, an organization which has any purposes is better able to adjust itself to the loss of any one purpose than an rganization which has only one purpose".

elfs buite die konteks van dit wat as die modernisasieliteratuur voorgehou kan word, an 'n soortgelyke vertrekpunt reeds by Aristoteles (384-322 v.C.) waargeneem ord. Volgens Aristoteles (1943: 254) is 'n politieke stelsel waar 'n enkeling in beheer n sake is, byvoorbeeld in 'n tirannie, minder standhoudend as 'n stelsel waar litieke mag gestruktureer is volgens die kriteria van differensiasie en spesialisasie os dit voorkom in demokrasieë en oligargieë. Aristoteles (1943: 253) beweer dat verskuiwing van mag vanuit die hande van 'n alleenheerser na 'n "kingly office" teken dat die mag van die instelling verder uitgebou word en impliseer ook dat he power ... will be more lasting". Soos 'n Aristoteles van ouds beklemtoon ook ntington dat die kompleksiteit (dit wil sê die mate van differensiasie en esialisasie) van instellings bydra tot politieke stabiliteit en daarom vir laasgenoemde belangrike kriterium vorm vir die mate waarin 'n instelling geïnstitusionaliseerd is. e meer kompleks die instelling, hoe meer is dit in staat "(to posses) ... within itself means of its own renewal and adaptation" (1968: 19). Huntington (1968: 19)

gebruik die Amerikaanse politieke stelsel as voorbeeld van 'n stelsel wat oor die nodige kompleksiteit beskik wat aanpassing by 'n veranderde omgewing moontlik gemaak het en wat prakties manifesteer in verskillende rolle wat bepaalde instellings soos die President, Senaat en Huis van Verteenwoordigers in bepaalde historiese tydperke gespeel het. Hierteenoor beklemtoon hy (1968: 19) gebrekkige kompleksiteit en 'n onvermoë tot aanpassing wat by die Franse Derde en Vierde Republieke aanwesig was en gevolglik gelei het tot die ondergang van hierdie stelsels. Ten grondslag van hierdie denklyn lê die tipiese konserwatiewe vertrekpunt van geleidelike en inkrementele verandering van instellings as norm uitgespel deur Huntington in terme van die eis vir institusionalisering soos ingebed in die Burkeaanse filosofie van "(a) state without the means of some change is without the means of its conservation ..." (1905: 27). Outonomie teenoor onderhorigheid as kriterium vir suksesvolle institusionalisering word nou onder die vergrootglas geplaas.

### ) Outonomie teenoor onderhorigheid

Derde kriterium wat deur Huntington (1965: 401-403; 1968: 20-22) aangelê word vir uksesvolle politieke institusionalisering is die mate waarin 'n politieke instelling, in nderskeiding van ander sosiale instellings, outonomie aan die dag kan lê. [Hierdie spek verwys na die verhouding tussen sosiale magte en politieke instellings wat in 'n oorafgaande gedeelte (afdeling 2.1) van hierdie hoofstuk aan die orde gekom het.] die ontwikkelde politieke stelsels van die wêreld, dit wil sê waar politieke instellings et hoë vlakke van institusionalisering voorkom, soos aangetref in die VSA, Brittanje Frankryk, is hoë vlakke van institusionele outonomie te bespeur. Hierteenoor word litieke stelsels in talle derdewêreldstate, waar lae vlakke van politieke titusionalisering voorkom, gekenmerk deur lae vlakke van institusionele outonomie dít reflekteer waarna vroeër verwys is as "praetorian politics" of die sogenaamde rrupt polity" (Vergelyk ook afdeling 2.3 van hoofstuk 4 van hierdie studie.)

t institusionele outonomie word basies bedoel "... the extent to which political anizations and procedures exist independently of other social groupings and hods of behavior ... Political institutionalization, in the sense of autonomy, means development of political organizations and procedures that are not simply ressions of the interests of particular social groups. A political organization that is instrument of a social group - family, clan, class - lacks autonomy and tutionalization" (1968: 20). Huntington (1968: 20) vergelyk die outonomie van ieke stelsels met die veronderstelde onafhanklikheid van 'n regbank soos ssosieer met 'n liberaal-demokratiese owerheidsvorm wat by magte moet wees besluite te kan neem sonder beïnvloeding van buite - 'n toedrag van sake wat nie

moontlik is in 'n omgewing waar "praetorian politics" (soos voorkom in talle derdewêreldstate) prominent aanwesig is nie. Weereens kan die VSA en ander toonaangewende Westerse state as rolmodelle voorgehou word ten opsigte van hoë vlakke van institusionele outonomie as kriterium vir institusionalisering.

Ten opsigte van state waar praetoriaanse toestande voorkom, wys hy (1968: 21) daarop dat "(w)here the political system lacks autonomy, ... (new) groups gain entry into politics without becoming identified with the established political organizations or acquiescing in the established political procedures. The political organizations and procedures are unable to stand up against the impact of a new social force". In hierdie verband impliseer institusionele outonomie die vermoë om nuwe kragte en magte suksesvol te assimileer by bestaande prosedures en instellings. 'n Onvermoë sou beteken dat kragte teen die bestaande politieke instellings gemobiliseer word en en grondslag lê aan staatsgrepe, rewolusies en burgeroorloë as vorme van politieke onstabiliteit en die dryfkrag is agter tendense van politieke verval - juis dit wat deur hom in derdewêreldstate waargeneem word. Die Machiavelliaanse filosofie van die uitbouing en konsolidasie van die magsbasis van politieke instellings word in dié erband deur Huntington (1965: 401-403; 1968: 20-22) beklemtoon as kriterium vir uksesvolle institusionalisering, soos afgelei vanuit 'n breë Westerse en meer pesifiek Amerikanistiese tradisie van politieke ontwikkeling. Die vierde kriterium vir uksesvolle politieke institusionalisering wat deur Huntington aangedui word, is enheid (samewerking) teenoor verdeeldheid.

## ) Eenheid (samewerking) teenoor verdeeldheid

ie mate waarin 'n politieke instelling in terme van sy onderskeie dele suksesvol nchroniseer op basis van samewerking wat aan 'n eenheid beslag gee, metafories rgelykbaar met die werking van 'n sisteem, is 'n belangrike kriterium vir suksesvolle stitusionalisering. Huntington (1965: 403; 1968: 22) wys daarop dat "(t)he more ified and coherent an organization is, the more highly institutionalized it is; the eater the disunity of the organization, the less it is institutionalized ... An effective ganization requires, at a minimum, substantial consensus on the functional undaries of the group and on the procedures for resolving disputes which come up hin those boundaries". Begrippe soos konsensus, dissipline, patroonmatigheid en selwerking is beskrywend van dit wat Huntington hier in gedagte het. Hierdie erium hang nou saam met dit wat vroeër deur hom as institusionele outonomie skryf is en kan as twee kante van dieselfde munt voorgehou word.

In aansluiting by Toynbee (1947: 176-177) wys Huntington (1968: 22-23) daarop dat veranderinge ten opsigte van rekrutering en werwing van lede vir bepaalde politieke instellings, veral waar bepaalde tradisies en gebruike opgehef word en waardeur meer mense makliker toegang deur die "poorte" van die stelsel bekom, afbreuk doen aan die eenheid en samewerking binne die stelsel as eis vir institusionalisering. Toynbee (1947: 176-177) beklemtoon dat, indien 'n politieke instelling oopgegooi word vir vreemde elemente, die dissipline en effektiwiteit van die betrokke instelling hieronder sal ly, soos geïllustreer deur die agteruitgang en verval van politieke instellings geassosieer met die destydse Ottomaanse Ryk.

Huntington (1965: 403-405; 1968: 22-24) se beskouing oor eenheid (samewerking) van politieke instellings en komponente van instellings onderling, hang nou saam met 'n militaristiese beskouing wat sterk herinner aan Clauzewitz en andere se denke oor die organisasie van militêre instellings en die wyse waarop dit beslag gekry het in die destydse Pruisiese weermag as voorloper tot latere Duitse weermagte. Vandaar die beskuldiging van 'n "... authoritarian infatuation with Prussian style militarism" wat aan Huntington se denke verbind word (vergelyk Putman, 1986: 840). Huntington (1965: 403-404; 1968: 23) wys in hierdie verband daarop dat "(u)nity, esprit, morale and discipline are needed in governments as well as in regiments. Numbers, weapons and strategy all count in war, but major deficiencies in any one of those may well be counterbalanced by superior coherence and discipline. So also in politics. The problems of creating coherent political organizations are more difficult but not fundamentally different from those involved in the creating of coherent military organizations ... The capacities for coordination and discipline are crucial to both war and politics and historically societies which have been skilled at organizing the one have also been adept at organizing the other".

Soos ook met die voorafgaande kriteria die geval is, kan eenheid (samehang) binne die ontwikkelde politieke stelsels van die wêreld (die VSA, Brittanje) as 'n belangrike kenmerk beklemtoon word, terwyl verdeeldheid (disunity) die oorheersende kenmerk by talle ontwikkelende politieke instellings.

Die vier kriteria vir institusionalisering in terme van wisselwerking en integrasie vorm vir Huntington die maatstaf of 'n politieke stelsel geïnstitusionaliseerd is al dan nie. Met dit as vertrekpunt wys Huntington (1968: 24-32) daarop dat 'n geïnstitusionaliseerde stelsel, in teenstelling met 'n stelsel wat nie geïnstitusionaliseerd is nie, beter by magte is om in die algemene belang van die burgery te kan optree.

## 2.4 Institusionalisering en die algemene belang van die burgery

Op basis van die Hobbesiaanse filosofie dat politieke konflik as resultaat van kompetisie tussen sosiale groeperings (hoe ook al gedefinieer) alleen deur politieke instellings tot orde en harmonie herstel kan word, beweer Huntington (1968: 24) dat "(w)ithout strong political institutions, society lacks the means to define and to realize its common interests. The capacity to create political institutions is the capacity to create public interests." Hy (1968: 24) gaan selfs sover om tot die gevolgtrekking te kom dat "(a) society with highly institutionalized governing organizations and procedures is more able to articulate and achieve its public interest". [Vergelyk ook Friedrich (1963: 150) vir 'n soortgelyke vertrekpunt.]

Huntington (1965: 411-415; 1968: 24-32) se beskouing van institusionalisering en algemene belang in terme van konkreetheid en die algemeen geldendheid hiervan stel hom krities in teenoor ander beskouings van algemene belang. Hy (1968: 24) kritiseer die liberalistiese, Marxistiese en pluralistiese beskouing van algemene belang wat onderskeidelik die fokus laat val op die belange van die individu, die klas en die groep, as te eng, te vaag en te oorvereenvoudig. Dit is veral die liberalistiese beskouing van algemene belang, met as fokus die individu, wat vir kritiek uitgesonder word. Die beskouing verreken volgens hom nie die feit dat politieke instellings belange van hul eie het nie - andersoortig as die belang van die burgery self. In sy soeke na 'n meer aanvaarbare beskouing van algemene belang beklemtoon hy (1968: 25) dat "(t)he public interest is the interest of public institutions. It is something created and brought into existence by the institutionalization of government organizations. In a complex political system, many governmental organizations and procedures represent many different aspects of the public interest. The public interest in a complex society is a complex matter." [Vergelyk ook Schumpeter (1942: 250-58) vir 'n soortgelyke beskouing oor algemene belang wat later in hierdie hoofstuk meer volledig toegelig word.]

...nderliggend aan Huntington se standpunt dat die vermoë om in algemene belang te ...n optree, gesoek moet word in die mate van institusionalisering van politieke ...tellings lê 'n konserwatiewe denklyn om instellings te beskerm, te bewaar, uit te ...u en te konsolideer in terme van 'n beskouing van historiese groei. Hierdie filosofie ...m die raamwerk vir sy standpunt dat die belange van individue korttermyn-...ngeleenthede is, terwyl die belange van instellings meer permanent is en daarom ...rkeur behoort te kry bokant die belang van individue - 'n denklyn wat skerp verskil ... die klassieke liberalistiese denke waar die individu sentraal geplaas word. ...ndaar die perspektief dat "(i)nstitutional interests ... exist through time; the ...ponent of the institution has to look to its welfare through an indefinite future"

(Huntington, 1968: 25). Die metafoor om 'n instelling as 'n organisme voor te stel wat groei en aanpas by veranderde omstandighede - 'n voorstelling eie aan 'n konserwatiewe denkpatroon - word deur Huntington as riglyn voorgehou om te verseker dat daar in algemene belang opgetree word. In terme van dieselfde metafoor as raamwerk staan die stelling wat Huntington (1968: 26) maak dat "(t)hose presidents - Jefferson, Lincoln, the Roosevelts, Wilson - who expanded the powers of their office are hailed as the benificient promotors of the public welfare and national interest. Those presidents, such as Buchanan, Grant, Harding, who failed to defend the power of their institution against other groups are also thought to have done less good for the country. Institutional interest coincides with public interest. The power of the presidency is identified with the good of the polity". Hierteenoor word 'n leier soos Stalin vir wie persoonlike belang sterker gefigureer het as die belang van sy instelling n dieselfde klas geplaas as daardie Amerikaanse presidente wat die spesifieke nstelling (die presidentsamp) verswak het, waardeur 'n onvermoë openbaar is om in lie algemene belang te regeer. Van Stalin sê hy (1968: 27): "He increased his ersonal power, not the governmental power. When he died, his personal power died vith him." Huntington (1968: 28) kom tot die gevolgtrekking dat 'n politieke instelling net 'n lae vlak van institusionalisering nie by magte is om in die algemene belang te an optree nie en vergelykbaar is met 'n korrupte regter en 'n lafhartige soldaat.

teenstelling met die toestande in die ontwikkelde politieke stelsels van die wêreld aar hoë vlakke van institusionalisering en dus die vermoë om in algemene belang te an optree, aanwesig is, is die teenoorgestelde waar ten opsigte van talle rdewêreldstate. Hierdie toedrag van sake spruit voort uit 'n onvermoë van politieke stellings om kompetisie en konflik tussen groeperinge in 'n samelewing op so 'n yse te hanteer dat die handhawing van die algemene belang op die voorgrond aan. Hy vat die toedrag van sake in die ontwikkelende state van die wêreld so am: "Thus in a politically backward society lacking a sense of political community, ch leader, each individual, each group pursues and is assumed to be pursuing its n immediate short-run material goals without consideration for any broader erest" (Huntington, 1968: 31). Wat kortkom in die meeste ontwikkelende state, is nstitusionaliseerde politieke strukture wat in die algemene belang kan optree en t volgens hom (1968: 32) 'n skaars item is in die meeste state van die Derde reld. Huntington (1968: 399-461) neem sy argument verder en wys daarop dat die itieke party die ideale voertuig is vir suksesvolle institusionalisering - 'n aspek wat volgens die aandag geniet.

## 2.5 Die politieke party as voertuig vir politieke institusionalisering

Die ontwrigtende effek van modernisasie op samelewings in terme van die vestiging van oorgangstoestande en disekwilibrium is 'n sentrale aanname in die denke van Huntington [Vergelyk in hierdie verband Huntington (1968: 34-35; 1971: 288).] Die beweging wat Tönnies (1955: 25-28) sou aandui van 'n sogenaamde *Gemeinschaft* (tradisioneel georiënteerde samelewing) na 'n *Gesellschaft* (moderne samelewing) is vir Huntington (anders as vir eersgenoemde) 'n proses van onewewigtige verandering waar disekwilibrium eerder as ekwilibrium op die voorgrond staan. Die aanwesigheid van 'n dinamiese ekwilibrium en selfs disekwilibrium kan veral toegeskryf word aan die afwesigheid van nasionale integrasie in die aangeduide oorgangsamelewings. Vir Huntington (1968: 397-461) is die party daardie instrument (voertuig) wat suksesvolle nasionale integrasie met inbegrip van vertikale en horisontale integrasie teweeg kan bring. Met horisontale integrasie word bedoel die ntegrasie van etniese, religieuse en stamlojaliteite terwyl vertikale integrasie na die ntegrasie van sosiale klasse verwys (Huntington, 1968: 433-461).

luntington (1968: 398) is teen die agtergrond van die gestelde vertrekpunte van ening dat "(t)he principal institutional means for organizing the expansion of political articipation are political parties and the party system" - 'n perspektief wat deur Apter 965: 179) gesteun word. [Apter (1965: 179) beklemtoon dat "(i)n the area of political odernization, no single role is of greater importance than that of the party politician . The political party is such a critical force for modernization in all contemporary ocieties that the particulars of modernization adopted by each is quite often etermined by its parties."] In aansluiting by die klassifikasies van partystelsels soos eredeneer deur Duverger (1951: 206-280), Ranney et al (1956: 155-264) en Epstein 967: 46-76) wys Huntington (1968: 399-461) op die aanwesigheid van npartystelsels, tweepartystelsels en veelpartystelsels in state waar die kragte van odernisasie prominent waarneembaar is. Vir Huntington is die krag van partye leë in die vlak van institusionalisering en die mate van politieke deelname wat mobiliseer kan word. Hy (1968: 402) is van mening dat "'(m)obilization' and ganization' those twin slogans of communist political action, define precisely the ite to party strength. The party and party-system which combine them reconcile itical modernization with political development."

vermoë waaroor 'n party beskik om te organiseer en te mobiliseer, maak dit die ale voertuig vir die suksesvolle institusionalisering van oorgangstoestande. In die verband gee Huntington (1968: 137) voorkeur aan die eenpartystelsel in terme die plek en rol wat dit in die gewese Kommunistiese politieke stelsels vervul het. is egter belangrik om op te merk dat Huntington hom geensins aan die

Kommunistiese politieke ideologie verbind nie, maar slegs tot die organisasie, struktuur en funksionering van sodanige partye.) Huntington (1968: 137) se argument ter ondersteuning van 'n eenpartystelsel lui dat " ... in ... Asia, Africa and Latin America, political systems face simultaneously the needs to centralize authority, to differentiate structure, and to broaden participation. It is not surprising that the system which seems most relevant to the simultaneous achievement of these goals is a one-party system. If Versailles set the standard for one century and Westminister for another, the Kremlin may well be the most relevant model for many modernizing countries in this century." Dit is veral die party se vermoë om gelyktydig mag te sentraliseer en steun te mobiliseer wat dit 'n ideale voertuig vir suksesvolle institusionalisering maak. Vir Huntington, anders as die liberaal-ekonomiese denke, is die uitbreiding en konsolidasie van staatsgesag ooreenkomstig sy beskouing van institusionalisering en die belangrike rol wat die party en partystelsel in die verband kan speel, die goue sleutel tot politieke ontwikkeling. Huntington (1968: 144) kritiseer die liberalistiese denklyn, prominent by talle Amerikaanse denkers, waarvolgens mag n "zero zum terms" (die minimum staatsidee) voorgestaan word. Hierteenoor bepleit y (1968: 144) "(t)he communist approach ... (which) emphazises the 'collective' or xpansible aspect of power. Power is something which has to be mobilized, eveloped, and organized. It must be created." Teenoor die algemeen aanvaarde enklyn in hierdie tydsgewrig waar Amerikaanse denkers met 'n minimum aatsbeskouing opereer, veranker in 'n liberale tradisie, bepleit Huntington 'n aksimum staatsbeskouing wat aanklank vind by die kommunistiese politieke aktyk en veranker is in 'n konserwatiewe tradisie. Dit beklemtoon net weereens die ondliggende denkverandering ten opsigte van politieke verandering in die gemeen en die transformasie van politieke instellings in die besonder wat deur ntington se bydraes teweeg gebring is.

n 'n sterk partystelsel te verseker moet partye geïnstitusionaliseer word. ntington (1968: 412-420) onderskei vier fases in die ontwikkeling van partye en tystelsels naamlik die *faksiestadium, polarisasie*, 'n *verbreding van deelname* en *itusionalisering* wat kortliks die aandag verdien.

die fase wat as die *faksiestadium* voorgehou word, is politieke deelname en itusionalisering van 'n baie lae gehalte. Beperkte deelname van individue en epe aan die politiek, teen die agtergrond van die afwesigheid van 'n tinuerende politieke struktuur soos gegiet in terme van partye en partystelsels, is merkend van hierdie fase. ['n Soortgelyke perspektief as dié van Huntington ten igte van die aanwesigheid van funksies en die afwesigheid van partye en ystelsels in terme van talle derdewêreldstate word ook by Sartori (1976: 1, 13,

244-267) aangetref. Hy wys byvoorbeeld daarop dat "... Africa belongs to the stage of party growth at which the distinction between party and faction - in the classic meaning of the term - remains very thin" - 'n perspektief wat deur Huntington (1968: 412-415) gedeel word.] Die afwesigheid van partye en partystelsels in hierdie fase veroorsaak dat die politiek baie konserwatief is, aangesien "... a state without parties is ... without the institutional means of generating sustained change and of absorbing the impact of such change" (1968: 404). [Duverger (1951: 426) wat beweer dat "(a) regime without parties is of necessity a conservative regime ..." is dieselfde mening as Huntington toegedaan.]

In die *polarisasiefase* vind ontwikkeling van die faksiestadium na die party stadium plaas. Hierdie ontwikkeling word veroorsaak deur wat Huntington (1968: 415-417) noem 'n "polarization of opinion" wat ontstaan deurdat bepaalde politieke kwessies, byvoorbeeld dekolonisasie, op die voorgrond verskyn wat dien as stimulus vir politieke organisering waardeur die terrein voorberei word vir die ontwikkeling van partye en partystelsels. Koalisie- en alliansiesluiting lê ten grondslag van die ontwikkeling van partye en partystelsels en stimuleer *die verbreding van deelname*, die volgende fase, wat dan betree word. Die verbreding van deelname is 'n direkte gevolg van die ontwrigtende effek van modernisasie op die samelewings en die gepaardgaande tendense van sosiale mobilisasie (Vergelyk in hierdie verband afdeling 2.2 van hoofstuk 4 van hierdie studie).

In die fase wat as institusionalisering voorgehou word, word die fondamente van die partystelsel gelê deur die wyse waarop politieke deelname georganiseer en gestruktureer word. 'n Rewolusionêre of nasionalistiese stryd waar deelname binne 'n enkele struktuur georganiseer en gestruktureer word, loop normaalweg uit op 'n eenpartystelsel, terwyl die aanwesigheid van kompeterende kragte aan twee partystelsels, predominante partystelsels en veelpartystelsels beslag kan gee (1968: 419).

Partye en partystelsels moet voldoen aan die eise van institusionalisering soos vroeër uitgespel. Volgens Huntington (1968: 424-428) moet die party of partye binne die partystelsel in belang van politieke stabiliteit, nasionale integrasie bevorder (horisontaal en/of vertikaal) en politieke mobilisasie kontoleer en beheer.

Om saam te vat kan Huntington se beklemtoning van die sleutelrol wat die politieke party vervul in terme van die eis vir politieke institusionalisering uitgelig word sowel as die positiewe vertolking van die georganiseerde en gestruktureerde eenpartystelsel, geassosieer met die gewese kommunistiese politieke stelsels, as voertuig vir politieke institusionalisering in die algemeen. Die volgende voorstelling kan samevattend

Huntington se normatiewe perspektiewe ten opsigte van die transformasie van politieke instellings binne die institusionaliseringskonteks aandui:

| | |
|---|---|
| NEGATIEWE NORM | POSITIEWE NORM |
| POLITIEKE VERVAL | POLITIEKE ONTWIKKELING |
| ◄ | ► |
| "PRAETORIAN-, CORRUPT POLITICS" | "CIVIC POLITICS" |
| swak ontwikkelde olitieke partye; nvermoë om in algemene elang te regeer). | (goed ontwikkelde politieke partye; vermoë om in algemene belang te regeer). |
| E VLAKKE VAN POLITIEKE STITUSIONALISERING | HOE VLAKKE VAN POLITIEKE INSTITUSIONALISERING |
| ONBUIGSAAMHEID (lae chronologiese en generatiewe ouderdom; beperkte vermoë tot funksionele her-oriëntering) | * AANPASBAARHEID (hoë chronologiese en generatiewe ouderdom; 'n hoë mate van funksionele heroriëntering) |
| Eenvoudige politieke instellings | * Komplekse politieke instellings |
| Politieke instellings is ondergeskik aan sosiale magte | * Outonome politieke instellings |
| Versplinterde politieke instellings | * Eenheid en samewerking binne die institusionele raamwerk |

5.1: 'N NORMATIEWE PERSPEKTIEF TEN OPSIGTE VAN DIE TRANSFORMASIE VAN POLITIEKE INSTELLINGS SOOS VOORGESTEL IN TERME VAN 'N TEENSTELLING.

In hierdie hoofstuk word daar nou verder gekonsentreer op die rekonstruksie van Huntington se normatiewe perspektiewe binne die demokratiese-institusionaliseringskonteks.

# 3. 'N DEMOKRATIESE OWERHEIDSVORM AS NORM VIR DIE TRANSFORMASIE VAN POLITIEKE INSTELLINGS

## 3.1 Algemene opmerkings

Wanneer Huntington se beskouing oor die demokrasie as norm vir die transformasie van politieke instellings in oënskou geneem word, met die doel om sy denke te rekonstrueer, moet die volgende algemene perspektiewe as vertrekpunte verreken word. Ten eerste is die owerheidsvorm (dit wil sê demokraties of nie-demokraties) as kriterium vir die transformasie van politieke instellings belangrik, maar ondergeskik aan die graad van regering (gemeet in terme van institusionalisering met politieke stabiliteit as grondliggende norme) binne sy breër denkraamwerk/paradigma. Tweedens kan Huntington se beskouing van die demokrasie as doelwit nie absoluut eïsoleer word van sy beskouing oor demokratisering met verwysing na die roses/strategie nie. Ter wille van 'n konsekwente en sistematiese hantering van stof terme van die metateoretiese invalshoek waarop daar besluit is en waarvolgens nderskeid getref word tussen die analitiese, strategiese en normatiewe komponente die denke oor politieke verandering sal daar min aan aspekte te make met die rategie-komponent aandag gegee word. In hierdie afdeling blyk dit egter nodig te ees om sy beskouing van demokratisering aan te raak ten einde 'n volledige erspektief te gee van sy normatiewe beskouing binne die demokratiese-stitusionaliserings-konteks. Derdens, wat Huntington se beskouing van die emokrasie aanbetref, word daar swaar geleun op die denke van Joseph chumpeter wat dit nodig maak om laasgenoemde se bydrae ter agtergrond te rreken en Huntington se perspektief ten opsigte van hierdie (Schumpeter) skouinge te verreken. In die mate wat dit nodig is om in hierdie afdeling sy skouing van demokratisering (die proses) aan te raak, word daar weer swaar steun op die bydrae van Robert Dahl en moet enkele perspektiewe in hierdie band weergegee word. Laastens geskied die rekonstruksie van Huntington se nke ten opsigte van die ideale owerheidsvorm (demokratiese norme) vanuit twee draes te wete *The third wave: democratization in the late twentieth century* (1991: 5- en sy bydrae *The modest meaning of democracy* (1989: 11-28) wat deel vorm van 'n samelwerk getiteld *Democracy in the Americas: Stopping the pendulum* onder die aksie van Robert A Pastor.

## 3.2 Demokrasie en demokratisering as norm

a) **Demokrasie:** In sy baanbrekersbydrae oor die demokrasie *Capitalism, socialism and democracy* het J.A. Schumpeter (1942: 250-268) in sy kritiek teen die klassieke leer (doktrine) van die demokrasie, soos verankerd in die denke van klassiek-liberaliste (Locke, Rousseau) en utilitariste (Bentham, Mill) 'n nuwe beskouing oor die demokrasie die lig laat sien. Voorgehou as *"another theory of democracy"* (1942: 269-283) kan hierna verwys word as 'n proseduriële of realistiese beskouing oor demokrasie wat veral sedert die Tweede Wêreld-oorlog binne 'n Amerikaanse konteks tot 'n toonaangewende denkraamwerk na vore getree het. Schumpeter se beskouing oor die demokrasie tesame met Robert Dahl se *Polyarchy : participation and opposition* (1971: 1-16) het 'n groot invloed gehad op Huntington se beskouing hiervan en vorm derhalwe belangrike bakens wanneer die rekonstruksie van sy denke aan die orde gestel word.

Binne die klassieke leer van die demokrasie is 'n algemeengeldende beskouing iervan dat dit 'n ooreenkoms tussen owerheid en burgery behels wat grondwetlik eliggaam is en ingestel is op die nastrewing van die wil ("common will") van die urgery deurdat hulle (die burgery) seggenskap verkry in sake wat hul raak deur van rye en algemene verkiesings as politieke meganisme gebruik te maak. Hiervolgens oet verteenwoordigers aangewys word wat die algemene belang van die burgery ommon good) prakties kan verwesenlik (Vergelyk ook Schumpeter, 1942: 250). In ese kom Schumpeter (1942: 250-269) se kritiek teen die klassieke leer van die emokrasie daarop neer dat hierdie leer hom skuldig maak aan oormatige idealisme, opisme, skeefgetrekte verwagtinge ten opsigte van rasionele denke en optrede van dividue (burgers) en ingeboude vaaghede eie aan hierdie beskouing. Schumpeter 942: 250-269) se kritiek teen die klassieke leer van die demokrasie is veral gebou wat voorgehou kan word as 'n aantal foutiewe aannames waarop dit berus. Die lgende sake kan in hierdie verband vermeld word vir verdere aandag ten einde 'n er volledige perspektief op die Huntington denklyn ten opsigte van die demokrasie kan verkry.

> Schumpeter (1942: 250-252) is skerp krities ingestel teenoor die klassieke leer vanweë die gebruik van 'algemene belang' ("common good") as 'n konkrete en eenvoudige saak wat met eenvoudige demokratiese prosedures prakties verwesenlik kan word. Uitgaande van die veronderstelling dat "... to different individuals and groups the common good is bound to mean different things" (1942: 251) beklemtoon hy dat 'algemene belang' 'n uiters komplekse aangeleentheid is wat nooit ten volle nagestreef en veral bereik kan word nie. Die foutiewe aanname wat aanhangers van die klassieke leer maak, is om die

belang van die meerderheid gelyk te stel aan dit wat as 'algemene belang' voorgehou word. Dus, die klassieke leer (klassici) is idealisties en utopies in terme van hul verwagtinge dat 'algemene belang' iets konkreet is waaroor daar konsensus onder die burgery bestaan en wat deur middel van 'n demokratiese meganisme suksesvol nagestreef en bereik kan word.

** Die vertrekpunt dat die individu met 'n rasionele vermoë toegerus is wat hom/haar in staat stel om die algemene belang suksesvol te identifiseer en na te streef en verder dat daar in die breë samelewing hieroor konsensus bestaan onder die meerderheid van rasioneel denkende burgers word deur Schumpeter bevraagteken en gekritiseer. Volgens Schumpeter (1942: 256-264) is dit in die menslike aard om nie altyd rasioneel te dink nie en selfs wanneer daar rasioneel gedink word impliseer dit geensins dat rasionele optrede hieruit sal volg nie. Die burgery is ook subjektief beïnvloedbaar ten opsigte van politieke kwessies op 'n soortgelyke wyse as wat 'n verbruiker deur advertensies beïnvloed word (1942: 257-259). Die vermoë van individue om 'algemene belang' te identifiseer en na te streef, berus dikwels volgens hom op die interpretasie (van die algemene belang) deur elites (verteenwoordigers) as die vernaamste rolspelers in die politiek en nie die massa soos deur die klassieke leer voorgehou word nie. Schumpeter (1942: 260-261) beweer verder dat die burgery dikwels ingestel is op korttermyn-voordele sonder die inagneming van dit, wat op die lang termyn gesien, die algemene belang is. Teen die agtergrond van die gestelde kritiekpunte bevraagteken Schumpeter dit of daar hoegenaamd gepraat kan word van 'n volkswil wat op die algemene belang gerig is. Trouens, hy (1942: 263) is van mening dat "... the will of the people is the product and not the motive power of the political process."

* Schumpeter (1942: 272) is ook van mening dat die klassieke leer van die demokrasie foutiewelik die meerderheidsbelang gelykstel aan dit wat as algemene belang voorgehou word. Hy (1942: 272) beklemtoon dat "... the will of the majority is the will of the majority and not the will of 'the people'." Om alleen die "common will" van die burgery voor te hou as daardie belang, soos verteenwoordig deur 'n meerderheid van individue, is te eng en negeer die belange van minderhede en veral groepe. Die impak van groepsvorming en groepsdinamika op die politiek word nie deur die klassieke leer verdiskonteer nie en moet volgens Schumpeter verreken word.

**** Op basis van die veronderstelling dat daar 'n breë konsensus onder die burgery bestaan ten opsigte van dit wat as die algemene belang getipeer kan word, beskuldig Schumpeter (1942: 250) die klassieke leer van die demokrasie van die toekenning van 'n skeefgetrekte plek en rol aan opposisiegroepe binne die stelsel. Volgens die klassieke leer is politieke verskille, soos georganiseer in die opposisiepolitiek, beperk tot graduele verskille wat bloot te make het met klemverskille en tydsberekening van inisiatiewe en staan dit nie teenoor dit wat as algemene belang voorgehou word nie - 'n standpunt wat deur Schumpeter verwerp word.

Die aard van hierdie kritiek op die klassieke leer van die demokrasie dwing Schumpeter om 'n nuwe beskouing oor die demokrasie die lig te laat sien (1942: 269-263) wat die ware toedrag van sake soos hy dit sien, akkurater reflekteer en waarna verwys kan word as die *realistiese* of *prosedurièle beskouing* van demokrasie. Sodanige beskouing moet empiries kontroleerbaar en deskriptief gerig wees en 'n akkurate beeld reflekteer van die demokrasie as instelling en veral die prosedure verbonde aan die werking van hierdie instelling. Binne die perspektief van Schumpeter is dit belangrik om die volgende aspekte te beklemtoon te wete: *'n demokrasie dui op 'n bepaalde prosedure om 'n regerende elite daar te stel deurdat individue kan deelneem aan algemene en vrye verkiesings; die verteenwoordigers (oftewel die leiers, elites) se rol is primêr teenoor 'n meer sekondêre rol wat aan kiesers (individue) toegeken word; die burgery se denke en optrede kan beide rasioneel en irrasioneel van aard wees, gerig op 'n spektrum van belange waar konsensus meestal afwesig is en waarin korttermyn-voordeel deurslaggewend ; algemene belang word vervang deur 'n geformaliseerde belang, aangebied deur elites wat oog om die algemene belang, ideologies gesproke, te verreken, hoewel dit dikwels nie die are toedrag van sake reflekteer nie; en dat die opposisiepolitiek nie noodwendig staan teen e agtergrond van dit wat as 'n breë konsensus oor algemene belang voorgehou word nie.* e denke van Schumpeter geplaas teenoor die klassieke leer kan skematies so orgestel word:

| KRITERIUM/ KATEGORIE | KLASSIEKE LEER/ DOKTRINE | REALISTIESE/ PROSEDURIëLE BESKOUING |
|---|---|---|
| Denker/s | Locke, Rousseau, Bentham, Mill | Schumpeter, Huntington |
| Motivering vir 'n demokratiese bedeling | Om uitdrukking te gee aan die wil van alle redelike mense ("common will") | Vestiging van 'n prosedure of prosedures om 'n regerende elite daar te stel |
| Doel/strewe van 'n demokratiese bedeling | Om algemene belang ("common good") na te jaag | 'n Versekering van meerderheidsbelang (geformaliseerde karakter) |
| Plek en rol van die opposisie | Graduele verskille teen die agtergrond van konsensus oor algemene belang | Verskille kan ingrypend wees teen die agtergrond van dissensie oor interpretasies van algemene belang |
| Keuse en besluite van burgery | Rasioneel en gerig tot algemene belang (langtermyn gerig) | Rasioneel en irrasioneel op 'n spektrum van belange (korttermyn gerig) |
| Primêre besluitnemers | Burgery (massa) | Verteenwoordigers/ leiers/elites |
| Metateoretiese kenmerke | Idealisties<br>Utopies<br>Rasioneel | Empiries<br>Deskriptief<br>Institusioneel<br>Proseduraal |

5.2 'N VERGELYKING VAN DIE KLASSIEKE LEER VAN DIE DEMOKRASIE MET DIE REALISTIESE/PROSEDURIëLE BESKOUING VAN SCHUMPETER

Ten einde te voldoen aan die gestelde eis van empiries, deskriptief, institusioneel en proseduraal, word 'n demokrasie soos volg deur Schumpeter gedefinieer: "...(T)he democratic method is that institutional arrangement for arriving at political decisions in which individuals acquire the power to decide by means of a competitive struggle for the people's vote" (1942: 269). Voordele van hierdie beskouing van demokrasie sluit in die aanwesigheid van konkrete kriteria om te onderskei tussen demokratiese en nie-demokratiese bedelings; die ruimte wat gelaat word vir die belangrike rol van leierskap en elitisme in die demokrasie; die toekenning van 'n plek aan groepe en groepsbelange in die politieke proses; die sentrale foci wat verskuif na kompetisie om leierskap; 'n demokratiese prosedure om 'n regerende elite daar te stel; die onderskeid wat getref word tussen meerderheids- en algemene belang wat verteenwoordig word en die assosiasie van die demokrasie met eersgenoemde (Vergelyk Schumpeter, 1942: 269-273). Die poging van Schumpeter (1942: 269-273) om 'n beskouing oor demokrasie daar te stel wat empiries konkretiseerbaar, beskrywend, institusioneel en proseduraal van aard is, het veral in 'n Amerikaanse konteks groot byval gevind. Die baanbrekersbydrae van Schumpeter sou deur talle teoretici onder wie Dahl (1971), Kirkpatrick (1981), Powell (1982), Gastill (1985) en Huntington (1984, 1989, 1991) onderskryf word. 'n Institusioneelgerigte en proseduriële beskouing van die demokrasie soos geformuleer deur Schumpeter, het sterk aansluiting gevind by die positivistiese wetenskapsbeskouing wat Huntington se denke onderlê, sowel as sy beskouing van politieke institusionalisering.

lvorens Huntington sy "... institutional definition of democracy" aanbied, identifiseer y drie algemeen geldende benaderings in die literatuur wat handel oor die emokrasie (1989: 12-18; 1991: 6). Ten eerste word verwys na diegene wat die fokus at val op die bronne van owerheidsgesag met die beklemtoning dat 'n demokrasie e algemene wil van die burgery moet reflekteer. Tweedens word denkers gesonder wat klem plaas op die doelstellings en strewes van 'n regering wat gerig hoort te wees op die bereiking van die algemene belang ("common good") van die rgery. Derdens word teoretici uitgesonder wat 'n demokratiese politieke bestel sosieer met 'n bepaalde prosedure of prosedures om 'n regering daar te stel. ntington (1989: 11-18; 1991: 6-7) is krities ingestel ten opsigte van eersgenoemde ee benaderings, oftewel dit wat vroeër deur Schumpeter as die klassieke leer orgehou is. Hierdie kritiek van Huntington wat sentreer rondom die utopiese, ionele en idealistiese aard van die beskouings oor demokrasie, soos aangetref in eerste twee benaderings, stem basies ooreen met Schumpeter (1942) se kritiek n die klassieke leer van demokrasie. Huntington (1989: 11-18; 1991: 6-7) bly egter gebreke om die kritiek in besonderhede te hanteer soos wat dit by Schumpeter getref word. [Vergelyk ook Kirkpatrick (1981: 325-348) vir soortgelyke kritiek teen

dit wat voorgehou kan word as die klassieke leer van die demokrasie). As vertrekpunt stel Huntington (1991: 6) dat "(i)n other governmental systems (nie-demokraties van aard) people become leaders by reason of birth, lot, wealth, violence, coöptation, learning, appointment, or examination. The central procedure of democracy is the selection of leaders through competitive elections by the people they govern". Met hierdie vertrekpunt verbind Huntington hom tot die realistiese of prosedurièle benadering/beskouing tot demokrasie. Hy verklaar immers self dat, "(f)ollowing in the Schumpeterian tradition, this study defines a twentieth-century political system as democratic to the extent that its most powerful collective decision makers are selected through fair, honest and periodic elections in which candidates freely compete for votes and in which virtually all the adult population is illegible to vote" (1991: 7). Vir Huntington (1991: 9) verteenwoordig bostaande 'n minimum definisie, maar 'n definisie wat deurdring tot wat hy sien as die essensie van die prosedurièle benadering tot demokrasie. In hierdie opsig word die beskouing van Schumpeter geartikuleer sonder om in enige besonderhede op laasgenoemde se argumente in te gaan. Trouens, daar word met enkele verwysings na Schumpeter volstaan. Huntington vind dit egter nodig om enkele beskrywende aantekeninge as uitvloeisel van sy benadering tot die demokrasie verder deur te gee ten einde 'n breër perspektief hieraan toe te ken.

Vir Huntington (1991: 9-10) is die sleutel tot die prosedurièle benadering van demokrasie die aanwesigheid van vrye en regverdige verkiesings en verteenwoordig dit die meganiese hartslag van enige demokratiese bedeling. In terme van sy grondliggende filosofie dat die graad van regering, gemeet in institusionaliseringsterme, belangriker is as die owerheidsvorm (demokraties of nie-demokraties), wys hy (1991: 10) daarop dat demokrasie egter nie noodwendig goeie en effektiewe regering veronderstel nie. Trouens, die teendeel kan waar wees en demokratiese owerhede kan hulle skuldig maak aan oneffektiewe regering, kortsigtige optrede en onverantwoordelikheid. Hy beklemtoon dat die genoemde negatiewe kwaliteite "... may make such governments undesirable but they do not make them undemocratic" (1991: 10).

Die prosedurièle benadering tot demokrasie maak dit moontlik om te onderskei tussen demokratiese en nie-demokratiese bedelings (1989: 16-17). Onderskeid kan getref word deur drie kriteria, te wete: die mate waarin leiers volgens 'n demokratiese prosedure, al dan nie, daargestel is; die mate van deelname van die burgery aan verkiesings; en die mate waarin politieke beheer oor ander samelewings-terreine in konkrete terme vasgestel kan word.


Hierdie drie sleutels kan ook ingespan word om politieke bedelings met mekaar te vergelyk (1989: 16).

- Vir Huntington (1991: 10-11) het die stabiliteit van 'n demokrasie, al dan nie, niks te make met hierdie bepaalde owerheidsvorm nie, maar eerder met die mate van institusionalisering. Dit beklemtoon weereens dat die graad van regering belangriker is as die owerheidsvorm in terme van sy beskouing van die transformasie van politieke instellings. Vandaar die perspektief dat "(d)emocratic and non-democratic systems may be created but they may or may not endure" (1991: 11).

- Gegewe die feit dat Huntington se primêre fokus binne die demokratiese-institusionaliseringskonteks die transformasie van nie-demokratiese na demokratiese bedelings is, is sy analises van demokratiseringstendense dichotomies van aard. (Vergelyk Huntington, 1991: 11-13). Hiervolgens word demokratiese en nie-demokratiese bedelings as teenoorstaande ideaaltipes voorgestel. 'n Probleem wat egter ontstaan in die bestudering van die transformasie van politieke instellings binne hierdie konteks, is om vas te stel of progressie of regressie in terme van die genoemde teenstelling (demokraties - nie-demokraties) plaasgevind het. Die uitspel van demokratiese norme as prosedures bied egter slegs beperkte lig in hierdie verband. Dit maak dit nodig om verder te konsentreer op Huntington se beskouing van demokratisering en verbandhoudende prosesse as norme vir die transformasie van politieke instellings in oorgangstye.

) **Demokratisering:** Soos in die vorige afdeling met Schumpeter die geval as, moet Huntington se standpunte oor demokratisering verstaan word teen die gtergrond van Robert Dahl se bydrae wat in 'n neutedop die aandag verdien. esers word ook verwys na afdeling 4.2 van hoofstuk 3 van hierdie studie waar Dahl standpunte oor demokratisering aangeraak is.) Soos die geval met Schumpeter, n ook Dahl se beskouing van die demokrasie in essensie verbind word aan 'n alistiese of proseduriële beskouing. Vir Dahl (1971: 6-10) het demokratisering twee retiese dimensies. Ten eerste verwys dit na die liberalisering van geslote gemonieë tot wat hy noem kompeterende oligargieë - dit wil sê die oopmaak van stelsel deurdat groter vryheid en kompetisie toegelaat word. Tweedens impliseer die verbreding van politieke deelname van 'n eksklusiewe na 'n meer inklusiewe rd - oftewel die beweging van 'n geslote na 'n inklusiewe of oop hegemonie. Die lisering van albei hierdie prosesse beteken dat 'n poliargie oftewel 'n realistiese nokrasie die resultaat is. Met 'poliargie' bedoel Dahl (1971: 6-10) nie noodwendig

die eindpunt van demokratiese ontwikkeling nie. Trouens, verdere groei en ontwikkeling ten opsigte van die geïdentifiseerde dimensies beteken dat poliargie meer volmaak is in terme van die demokratiese ideaal. Skematies kan die denke van Dahl so voorgestel word:




FIGUUR 5.3 'N VOORSTELLING VAN DAHL SE TEORETIESE DIMENSIES VAN DEMOKRATISERING SOOS ONDERSKRYF DEUR HUNTINGTON

As direkte uitvloeisel van 'n proseduriële beskouing oor demokrasie, soos veranker in die denke van Schumpeter, beklemtoon Huntington dat "... democracy involves the two dimensions - contestation and participation - that Robert Dahl saw as critical to his realistic democracy or polyarchy. It also implies that existence of those civil and political freedoms to speak, to publish, assemble and organize that are necessary to political debate and the conduct of electoral campaigns" (1991: 7). Huntington beklemtoon verder dat, deur van Dahl se teoretiese dimensies vir demokratisering gebruik te maak, daar vasgestel kan word in watter mate stelsels demokraties is of besig is om te demokratiseer, terwyl 'n grondslag vir 'n vergelyking tussen politieke stelsels ten opsigte van die verskynsel demokratisering ook moontlik gemaak word.


In ooreenstemming met ander denkers binne die kontemporêre-demokratiseringsparadigma tref Huntington ook 'n onderskeid tussen liberalisering en demokratisering. [Vergelyk ook Schmitter & O'Donnel (1988: 6-13) vir hul onderskeid tussen demokratisering en liberalisering. Lesers word ook verwys na afdeling 4.3.2 van hoofstuk 3 van hierdie studie vir meer besonderhede oor die kontemporêre-demokratiseringsparadigma.] Vir Huntington (1991: 9) verwys liberalisering na "... the partial opening of an authoritarian system short of choosing governmental leaders through freely competitive elections." Demokratisering omsluit liberalisering en beteken vir Huntington (1991: 9) die beëindiging van 'n nie-demokratiese bewind, die skep van 'n demokratiese bedeling en die konsolidering van sodanige bedeling. Soos wat die geval is met Dahl (1971: 6-10) en Schmitter & O'Donnel (1988: 6-13) beklemtoon ook Huntington (1991: 9) dat liberalisering 'n aspek is van die groter demokratiseringsproses.

Met die rekonstruksie van Huntington se normatiewe perspektiewe ten opsigte van die transformasie van politieke instellings binne die twee geïdentifiseerde kontekste nou afgehandel, kan daar oorgegaan word tot 'n interpretasie en evaluasie van sy bydraes.

## DIE INTERPRETASIE EN EVALUASIE VAN NORMATIEWE PERSPEKTIEWE TEN OPSIGTE VAN DIE TRANSFORMASIE VAN POLITIEKE INSTELLINGS

Uit die voorafgaande rekonstruksie is dit in 'n samevattende sin duidelik dat die terme van die *graad van regering* en die *vorm van regering* binne die onderskeie kontekste van wetenskapsbeoefening prominent figureer binne die denke van Huntington. Van hierdie twee stelle norme, soos onderskeidelik veranker in die institusionaliserings- en demokratiese-institusionaliseringskonteks, is die graad van regering (soos gemeet in terme van institusionalisering) die grondliggende norm,

terwyl die owerheidsvorm (demokraties of nie-demokraties) bloot aanvullend en uitbouend is tot eersgenoemde. Wanneer hierdie twee stelle norme gekombineer word, kan vier kategorieë in terme van 'n eenvoudige tipologie daargestel word, te wete 'n *nie-geïnstitusionaliseerde nie-demokratiese kategorie, 'n geïnstitusionaliseerde nie-demokratiese kategorie, 'n nie-geïnstitusionaliseerde demokrasie en 'n geïnstitusionaliseerde demokratiese kategorie.* Laasgenoemde, in terme van die staatspraktyk in die meeste Westerse state en veral die VSA, word tot norm verhef. Die volgende eenvoudige tipologiese voorstelling dui die verskillende prioriteite aan binne 'n geïntegreerde Huntington-denkraamwerk:




4 'n Eenvoudige tipologie van normatiewe prioriteite in die denke van Huntington ten opsigte van die transformasie van politieke instellings in oorgangstye.

Uit die voorafgaande tipologie is dit duidelik dat Huntington, in teenstelling met talle ander denkers wat demokratiese norme grondliggend plaas, aan 'n geïnstitusionaliseerde nie-demokratiese bedeling bokant 'n nie-geïnstitusionaliseerde demokrasie voorkeur gee, aangesien politieke stabiliteit as resultaat van institusionalissering 'n besondere plek in sy denke inneem.

Teen die agtergrond van hierdie samevattende perspektief kan daar nou oorgegaan word tot 'n meer volledige interpretasie en evaluasie van sy denke op basis van die gestelde metateoretiese raamwerk. Vervolgens word daar dan gekonsentreer op die teoretiese konteks as onderdeel van die metateoretiese raamwerk gevolg deur die vakwetenskaplike, wetenskaplike en voorwetenskaplike kontekste binne die denke van Huntington - gerig op die normatiewe komponent van sy denke met as fokus die transformasie van politieke instellings.

## 4.1 Teoretiese konteks

Met die uitspel van normatiewe perspektiewe vir die transformasie van politieke instellings in oorgangstye slaag Huntington daarin om antwoorde te bied vir die *vaarheen-* en *waarom-vrae* van politieke verandering. Anders as die liberaal-ekonomiese denke wat 'n lineêre en progressiewe verandering van 'n nie-demokratiese na 'n demokratiese orde beklemtoon, laat Huntington ruimte vir progressie (institusionalisering en demokratisering) sowel as regressie (politieke verval en nie-demokratiese tendense). Dit beklemtoon die uitgebreide ruimtelike konteks waarbinne Huntington hierdie proses visualiseer teenoor dit wat ander denkers voorstaan, veral diegene wat verbind is tot 'n modernisasiebeskouing van die transformasie van politieke instellings. Soos die geval was met die analitiese konteks binne sy denke, is sy standpunte geensins bokant kritiek verhewe nie en kan beide *formele* en *inhoudelike* kritiek teen sy standpunte ingebring word.

p die formele vlak is Huntington gekritiseer weens die onbehoorlike onseptualisering wat sy teoretisering onderlê - veral binne die stitusionaliseringskonteks. [Vergelyk in hierdie verband Groth (1979: 203) Leys 982: 338) en Duvenhage (1989: 95-96).] Dit is veral Leys (1982: 338) wat klemtoon dat "(on) closer inspection it proved to be vague, tautologous and nfused". Hiermee verwys Leys na die mees prominente bydraes van Huntington nne die institusionaliseringskonteks en die kritiek is van toepassing op beide die alitiese en normatiewe komponente in sy denke. By nadere ondersoek kan hierdie iek binne die volgende perspektief geplaas word. Huntington kan en moet kritiseer word oor die afwesigheid van eksplisiet gedefinieerde konsepte en veral

die konseptualisering wat definiëring vooraf moet gaan. In hierdie verband kan daar veral verwys word na sy konseptualisering van institusionalisering. Deur te volstaan daarmee dat institusionalisering alleen dui op ".... the process by which organizations and procedures acquire value and stability" (1968: 12) en die verdere uitspel van die behandelde kriteria vir institusionalisering sonder om die verband tussen hierdie kriteria uit te klaar en dit as grondslag vir 'n behoorlike definiëring te gebruik, kan Huntington inderdaad van ontoereikende konseptualisering beskuldig word. Bostaande definisie kan bepaald as algemeen, vaag en wydlopend beskryf word. Wat sy hantering van die politieke party - 'n ander sentrale konsep - aanbetref, ontbreek daar 'n konseptualisering van enige soort en verlaat Huntington hom by uitstek op die bydraes van andere (Duverger, Epstein, Ranney). Wat hierdie konsepte aanbetref, is die kritiek bepaald houdbaar en moet daar met Groth (1979: 203) saamgestem word as hy verwys na die "... economy of concepts ..." waarmee Huntington werk. Die mees waarskynlike rede hiervoor is die doelbewuste vermyding van die dikwels eindelose debatte rondom konseptualisering wat die wetenskaplike dikwels nie veel nader bring aan die verklaring vir verskynsels en probleme nie. Behoorlike en indringende verklaring vereis egter doelmatige konseptualisering wat nie totaal by Huntington afwesig is nie, maar wat ook nie in alle opsigte as toereikend beskou kan word nie soos die na verwysde voorbeelde illustreer.

Huntington se bydraes binne die demokratiese-institusionaliseringskonteks dui op voldoende definiëring, hoewel hierdie konseptualiserings swaar steun op die bydraes van veral Schumpeter (demokrasie) en Dahl (demokratisering). Ten opsigte van die formele kritiek binne die institusionaliseringskonteks kan daar tot die slotsom gekom word dat daar 'n gebrek aan eksplisiet gedefinieerde konsepte is, daar 'n minimum gebruik van konsepte voorkom en dat daar onvoldoende konseptualiserings is wat definiëring voorafgaan. Binne die demokraties-institusionaliseringskonteks moet Huntington gekomplimenteer word met sy definiëring, maar ontbreek behoorlike konseptualisering wat eersgenoemde vooraf moet gaan. In teenstelling met sy oorspronklike bydraes binne die institusionaliseringskonteks ontbreek 'n oorspronklike konseptualisering binne die demokraties-institusionaliseringskonteks en word daar swaar gesteun op ander vooraanstaande bydraes (Schumpeter, Dahl).

Huntington verdien egter lof vir sy ensiklopediese gebruik van empiriese stof (vergelyk ook Groth, 1979: 203) - 'n aspek wat Leys (1982: 338-339) onredelik afmaak as oppervlakkige navorsing. Verder kan Huntington gekomplimenteer word vir sy vermoë tot effektiewe en eenvoudige kommunikasie. Die algemene indruk van Leys (1982) dat Huntington se werk binne die institusionaliseringskonteks vaag is,

teenstrydighede bevat en ongeorden is, kan nie sonder meer aanvaar word nie en moet teen die agtergrond van bogenoemde perspektiewe gelees en beoordeel word.

Op die inhoudelike vlak kan die volgende kritiekpunte vir verdere aandag uitgesonder word, te wete: *Institusionalisering is konserwatief en status quo-georiënteerd; institusionalisering verleen sanksie aan diktature; die dichotomie van geïnstitusionaliseerde en nie-geïnstitusionaliseerde samelewings verteenwoordig 'n misplaaste teenstelling; die verband tussen organisering en institusionalisering word onbevredigend gehanteer; geïnstitusionaliseerde mag is nie noodwendig legitieme mag nie; die bepaalbaarheid en konkretisering van institusionalisering in terme van 'n kousale teorie; en die verabsolutering van Westerse waardes en norme.* Aan hierdie aspekte word daar vervolgens aandag gegee.

## a) 'n Konserwatiewe en status quo-oriëntasie

Die beskuldiging dat Huntington se institusionaliseringsvisie konserwatief en status quo-verankerd is, word wyd in die literatuur aangetref. (Vergelyk Leys, 1982: 332-333; Chilcote, 1981: 280-281; Kesselman, 1973: 142-143; Groth, 1979: 207-212). Hierdie kritiek spruit voort uit Huntington se beskouing van 'n geïnstitusionaliseerde orde wat stabiliteit en effektiwiteit as grondliggende waardes veronderstel en wat as norme erhef word vir die transformasie van politieke instellings in oorgangstye. Die tipiese onserwatiewe filosofie van die historiese groei van 'n bedeling in terme van die eis m te beskerm, te bewaar, uit te bou en te konsolideer - in sekere opsigte selfs te estoureer - in terme van 'n Westerse politieke oriëntasie en filosofie, lê aan die hart an Huntington se denke.

et die primêre fokus op orde en stabiliteit as grondliggende waardes laat untington se denke egter ruimte om enige politieke orde (status quo) waarin die aardes van orde en stabiliteit aanwesig is, te sanksioneer (Vergelyk Bill & ardgrave, 1973: 78-79). Teen hierdie agtergrond wys Leys (1982: 335) daarop dat )hroughout ... (Huntington's work) there runs a strong current of dislike for the nfusing, disturbing and contradictory aspirations of the masses, and, an admiration any elite, bureaucracy or leadership capable of containing, channeling and if cessary surpressing them." In dieselfde opsig beklemtoon Kesselman (1973: 142) die goeie samelewing vir Huntington sinoniem is met 'n stabiele samelewing. oth (1979: 220-225) beskuldig Huntington (1965; 1968) weer van die aanvaarding Leninisme as 'n direkte uitvloeisel van sy beskouing van institusionalisering, soos anker is in die waardes van orde en stabiliteit, en met spesifieke verwysing na die angrike rol wat die party as 'n "voertuig" vir institusionalisering moet speel.

Dit is veral die afleiding wat vanuit die institusionaliseringskonteks van sy denke met reg gemaak kan word dat enige orde goed is en enige wanorde sleg, wat verantwoordelik is dat Huntington in 'n konserwatiewe sin voorgehou word as die Machiavelli-figuur van die moderne politiek. Dat Huntington konserwatief en status quo-georiënteerd is, veral ten opsigte van sy bydraes binne die institusionaliseringskonteks, kan nie betwyfel word nie. Hiervoor bestaan daar te veel gegronde kritiek en perspektief wat Huntington aan hierdie tradisie verbind. Die probleem met kritici van Huntington se bydraes is egter dat die aard van sy konserwatisme dikwels verkeerd verstaan en geïnterpreteer word.

Wanneer die status quo onderliggend aan Huntington se konserwatisme ontleed word, blyk dit dat hierdie status quo 'n sterk Westerse en Amerikanistiese inhoud het - dit wil sê ook demokratiese waardes en praktyke word veronderstel. Die beklemtoning van demokratiese waardes word veral bevestig deur sy bydraes binne die demokratiese-institusionaliseringskonteks. Dus, wat beskerm, bewaar, uitgebou, gekonsolideer en selfs herstel moet word, is 'n status quo wat Amerikanistiese en algemene Westerse waardes reflekteer. Dit is gevolglik nie 'n konserwatisme in belang van enige orde nie, maar in belang van 'n bepaalde orde of status quo wat aan Huntington se denke 'n konserwatiewe en status quo-beeld verleen. Wat kritici verkeerd interpreteer, is Huntington se sanksionering van daardie waardes eie aan 'n Westerse politieke tradisie wat ook in ander nie-Westerse politieke bedelings gereflekteer word en om Huntington dan voor te hou as die ondersteuner van enige status quo-bedeling. Dus, Huntington is konserwatief en status quo-georiënteerd maar ten opsigte van 'n algemeen Westerse en Amerikanistiese politieke tradisie van bepaalde waardes (orde, stabiliteit, politieke vryheid) en praktyke wat hieruit voortvloei en nie ten opsigte van enige status quo wat dikwels deur kritici veronderstel word nie.

### ) Die sanksionering van diktoriale bedelings

ie kritiek dat Huntington diktatoriale bedelings sanksioneer, hang nou saam met die orige kritiekpunt en word ook redelik algemeen in die literatuur aangetref. (Vergelyk eys, 1982: 335; Groth, 1979: 209-210; 211-212; Kesselman, 1973: 152). Hierdie itiekpunt kry beslag teen die agtergrond van Huntington (1965: 1968) se eklemtoning van die graad van regering as belangriker as die owerheidsvorm. ortvloeiend uit hierdie sentrale aanname is Huntington se poging om die algemene lang van die burgery te verbind aan die konkrete belang van owerheidsinstellings verder om die rol van die politieke party met voorkeur aan 'n eenpartystelsel te klemtoon as 'n sleutel tot institusionalisering.

In terme van Huntington se beskouing van institusionalisering as 'n hoë graad van regering, wys Groth (1979: 211-212) daarop dat diktatoriale bedelings, soos dié wat aangetref is in die destydse Nazi-Duitsland, Fascistiese Italië en selfs die USSR met sy gewese satellietstate, aanspraak kon maak op 'n hoë graad van regering sonder dat daar in die algemene belang van die burgery opgetree is. Dit is teen dieselfde agtergrond dat Groth (1979: 209) daarop wys dat "Huntington's argument that the public interest of a society is the interest of its public institutions overlooks, in a rather cavalier fashion, both the moral content of public activity and the conflicts of interests, among and within such institutions." Kesselman (1973: 152) wys in dieselfde verband daarop dat "... strong governments may be better able than weak governments to create public interests; they are also, however, better able to *thwart* public interests." Hierdie kritiek blyk gegrond te wees in die mate waarin Huntington nalaat om waarborge te verskaf dat die konsolidasie van staatsmag - ooreenkomstig sy siening van institusionalisering - misbruik kan word vir die legitimering van diktature. Wat egter dikwels deur kritici van Huntington misgekyk word, is die feit dat institusionalisering en die graad van ondersteuning saam bydra tot effektiewe politieke instellings. Met die graad van ondersteuning as grondslag vir effektiewe nstellings word daar wel ruimte gelaat vir die akkommodering van die belange van die burgery. Aangesien die verhouding tussen institusionalisering en die graad van ondersteuning nie duidelik uitgespel word nie en die gedagte van 'n Kommunisties-georiënteerde partystelsel (ooreenkomstig die denke van Lenin) bepleit word, sonder die nodige kwalifikasie in 'n demokratiese sin, is daar bepaalde meriete in dié kritiek. er wille van 'n gebalanseerde perspektief, moet dit egter beklemtoon word dat baie olitieke stelsels van die wêreld, waaronder toonaangewende politieke stelsels soos angetref in Brittanje en Frankryk, bevestig dat politieke institusionalisering emokratisering voorafgegaan het. In die geval van Brittanje het die demokrasie oor periode van meer as 700 jaar totstand gekom (Coetzee, 1985: 9-12). Huntington 981: 20) beklemtoon immers dat binne die Suid-Afrikaanse konteks "(t)he route om a limited uni-racial democracy to a broader multi-racial democracy could run rough some form of autocracy." Dit blyk gevolglik dat die beskouing van Huntington t institusionalisering demokratisering vooraf moet gaan, bepaald meriete het - veral litieke stelsels in derdewêreldstate waar 'n staatbouproses eers relatief onlangs gin het. Hoewel Huntington se bydraes binne die demokratiese titusionaliseringskonteks in terme van 'n breë Westerse ervaring, 'n demokratiese erheidsvorm as norm beklemtoon, is dit tog so dat sy beskouing van titusionalisering sanksie kan verleen aan diktatoriale bedelings.

## c) 'n Misplaaste teenstelling

Huntington se klassifikasie van politieke bedelings in terme van geïnstitusionaliseerd ("civic politics") versus nie-geïnstitusionaliseerd ("praetorian politics") as grondslag vir die onderskeiding van tendense van politieke ontwikkeling of politieke verval en wat onderskeidelik op die Westerse en Derde Wêreld van toepassing gemaak word, word deur Groth (1979: 211-218) gekritiseer. Hierdie kritiek sentreer rondom Huntington se gebruik van bogenoemde teenstelling in 'n misplaaste sin deurdat talle Westerse politieke stelsels ook kenmerke van politieke verval vertoon, terwyl politieke stelsels in sommige derdewêreldstate tendense van politieke ontwikkeling toon. Groth (1979: 214) beklemtoon in hierdie verband dat "Huntington's theory greatly obscures the fragility of industrial, Western societies, while magnifying, and unnecessarily particularizing the vulnerabilities of so-called Third World societies". Groth (1979: 217) gebruik die situasie in Duitsland na die Eerste Wêreldoorlog, Frankryk tydens die vyftigerjare (die val van die Vierde Republiek) en politieke onstabiliteit in Portugal, Spanje en Italië tydens die sewentigerjare as voorbeelde van tendense van politieke verval in die Weste. Groth (1979: 217) kom tot die gevolgtrekking dat "(l)ike the *Titanic*, much larger and stronger, the political ships of the West are not inherently immune to the political icebergs encountered by the younger, smaller, less industrialized or less bureaucratic state vessels. ... Division, strife, stalemate and mutual frustration over concrete issues of policy could threaten the fabric of any regime." Die kritiek van Groth (1979: 211-218) het bepaald meriete en is ook deeglik empiries begrond. Dit is egter te betwyfel of Huntington (1965; 1968) van mening is dat Westerse state immuun is teen tendense van politieke verval. Trouens, in een van sy mees onlangse bydraes, naamlik *If not civilizations, what? paradigms of the post-cold war world* (1993: 190) word die moontlikheid van tendense van politieke verval selfs by die VSA nie uitgesluit nie. Myns insiens poog Huntington om met bogenoemde teenstelling die kwesbaarheid van politieke stelsels in derdewêreldstate te beklemtoon teenoor die meer beperkte kwesbaarheid van politieke stelsels in Westerse state ten opsigte van tendense van politieke verval. Wat wel duidelik is, is dat daar uitsonderings bestaan waarvoor Huntington se klassifikasie nie voorsiening maak nie en wat hom bepaald aan kritiek blootstel soos deur Groth (1979: 211-218) aangedui is. In hierdie verband gesien, het Groth se kritiek inderdaad meriete en dui dit op 'n beperkte vermoë van Huntington om in 'n teoretiese sin hoë vlakke van orde en struktuur tot stand te bring en hiermee saam beperkte geldige en betroubare kennis as eis van die wetenskap te bereik.

## d) Die onbevredigende hantering van die verband tussen organisering en institusionalisering

Binne Huntington (1965; 1968) se beskouing van institusionalisering neem die organisering van die politiek in terme van veral die rol van die politieke party 'n sentrale plek in. Trouens, politieke institusionalisering verwys in wese na die proses waardeur politieke organisasie as metode, die vestiging van prosedures en eventueel die daarstelling van politieke instellings met geloofwaardigheid geklee word. Dus, vir Huntington, is die sluitsteen tot die moderne politiek die vermoë om polities te organiseer ten einde die kwaliteite van orde en stabiliteit - dit waarop hy 'n hoë premie in terme van institusionalisering plaas - moontlik te maak. Die verband tussen politieke organisering as metode en die eventuele doelwit van institusionalisering word egter nie in 'n teoretiese sin deur Huntington uitgeklaar nie. (Groth 1979: 204-206; 230-231). Groth (1979: 230) is van mening dat "... organization can be a vehicle for institutionalizing various kinds of activities and interactions. But organization is not necessarily synonymous with institutionalization. It may promote it, but it would be absurd to argue that promoting and achieving it are one and the same." Hoe daar van organisasie as metode en vertrekpunt beweeg moet word na institusionalisering, word nie teoreties deur Huntington uitgeklaar nie. Dit blyk dat Huntington mag op 'n kunsmatige manier wil fabriseer deur van organisasie-metodes en -tegnieke gebruik te maak en dit dan 'n kleed van legitimiteit om te hang in terme van sy beskouing van institusionalisering soos veranker in Westerse waardes en norme. Dit is juis hierdie aspek wat maak dat Huntington as 'n Leninis voorgehou word (vergelyk Groth 1979: 220). Hierdie kritiekpunt dra bepaald meriete en kan as 'n belangrike teoretiese leemte in Huntington se beskouing van institusionalisering aangedui word. Hierdie kritiekpunt hang nou saam met die kritiek dat Huntington se beskouing van institusionalisering nie noodwendig legitieme mag beteken nie.

## ) Geïnstitusionaliseerde mag impliseer nie noodwendig legitieme mag nie

ie daarstelling van politieke instellings ooreenkomstig die Huntington-visie van stitusionalisering impliseer nie noodwendig dat sodanige instellings oor politieke gitimiteit sal beskik nie. Vir Huntington verkry politieke instellings geloofwaardigheid ur 'n dikwels lang tradisie van effektiewe optrede en politieke suksesse in terme n 'n konserwatiewe beskouing van historiese groei, deur 'n glorieryke rewolusie araan die burgery aktief meegewerk het of deur die restourasie van die politieke lsel deur dramatiese en ingrypende hervormings wat die ondersteuning van die rgery geniet. Die vestiging van nuwe instellings, waar dit ontbreek of benodig word, r van organisasietegnieke en -metodes gebruik te maak, kan neerkom op 'n

meganiese manier van institusionalisering, terwyl legitieme mag eerder van 'n organiese aard is - dit wil sê gesanksioneer vanuit die breë gemeenskap. Dit blyk dat Huntington se beskouing van institusionalisering onder bepaalde omstandighede kan neerkom op magskonsolidasie en nie die daarstelling van legitieme politieke instellings nie. Geen formule word deur Huntington uitgespel, behalwe organisasie en mobilisasie van steun, wat onder alle omstandighede 'n morele integrasie tussen owerheid en burgery - die eis van legitieme mag vir politieke instellings kan bewerkstellig nie. Dit is dan ook die rede waarom Huntington se formule vir institusionalisering deur kritici gesien word as die verlening van sanksie aan 'n diktatuur van die een of ander aard. Die weg na 'n legitieme politieke orde kan nie realiseer deur van kunsmatige en meganiese metodes gebruik te maak om politieke instellings te vestig nie. Dus, Huntington se formule vir institusionalisering in terme van die nakoming van bepaalde vereistes (aanpasbaarheid, kompleksiteit outonomie, eenheid en samehang) het nie noodwendig as eindresultaat 'n legitieme politieke orde waar morele integrasie tussen owerheid en burgery (die eis vir legitimiteit) aanwesig is nie.

## f) Die bepaalbaarheid van institusionalisering en die onderlinge verhouding van kriteria

Hoewel Huntington sy beskouing van institusionalisering uitspel deur die norme van aanpasbaarheid, kompleksiteit, outonomie, eenheid en samehang aan die hand van dichotomieë (dit wil sê klassifikasies in terme van die gebruik van teenstellings) te verduidelik, bestaan daar steeds onduidelikhede en vaaghede. 'n Kernprobleem is om vas te stel watter gewigte aan elk van hierdie kriteria toegeken moet word en hiermee saam die uitspel van die onderlinge verhouding van hierdie kriteria (Vergelyk Groth, 1979: 205-206; Ben-Dor, 1973: 315). Nêrens in sy aanbieding slaag Huntington daarin om 'n bepaalde formule vir institusionalisering in terme van die onderskeie gewigte van die kriteria, dit wil sê die mengsel, uit te spel nie. Trouens, daar word volstaan met die uitspel van kriteria in 'n ideaaltipiese sin, na analogie van die Westerse politieke model. Dus, die bestanddele vir 'n politieke suksesverhaal word geïdentifiseer, maar Huntington bly in gebreke om 'n formule aan te bied om die gestelde ideaal te bereik.

In aansluiting by die voorafgaande kritiek, sou daar in 'n praktiese sin gevra kan word: *Indien 'n stelsel byvoorbeeld meer aanpasbaar geword het, maar ten koste van byvoorbeeld outonomie, kompleksiteit of eenheid en samehang, het hierdie betrokke stelsel institusionaliseer of nie?* Hiervoor bied Huntington se teorie geen duidelike antwoord nie. In 'n praktiese sin is dit moontlik dat die nastrewing van een kriterium die

bereiking van ander uitgespelde kriteria kan belemmer (Groth, 1979: 205-206). Dit is veral die afwesigheid van die uitspel van die onderlinge verhouding tussen kriteria vir institusionalisering in terme van 'n kousale verklaring wat ruimte laat vir onduidelikhede, vaaghede en selfs teenstrydighede. Dus, die onvermoë van Huntington om die onderlinge verhouding van hierdie kriteria aan te dui in terme van die daarstelling van 'n normatiewe (kousale) teorie blyk hier die kernprobleem te wees. Soos ook met die vorige kritiekpunt (geïnstitusionaliseerde mag impliseer nie noodwendig legitieme mag nie) die geval was, doen dit afbreuk aan Huntington se vermoë om in 'n normatiewe sin orde en struktuur te bewerkstellig ten opsigte van die waarheen- en waarom-vrae rakende die transformasie van politieke instellings in oorgangstye.

## g) Die sanksionering van Westerse waardes en norme

Kritici is ook van mening dat politieke waardes eie aan die Westerse ervaring van politieke ontwikkeling deur Huntington tot toonaangewende norm verhef word (Kesselman, 1973: 153-154; Groth, 1979: 213). Kesselman (1973: 153-154) nterpreteer Huntington se denke ten opsigte van hierdie aspek soos volg: "As a esult of Western political and cultural hegemony, the etnocentric notion has been ncouraged that only the West's political development represents a valid model" en erder "Political development and order refer to a particular vision of the nation state: ighly organized, centralized, stratified and controlled (penetrated) by large stitutions (both public aand private)." In 'n soortgelyke sin verwys Groth (1979: 213) a die utopiese voorstelling van Westerse politieke ontwikkeling binne die denke van untington. Hierdie kritiek moet egter ietwat getemper word aangesien tendense van stitusionalisering nie net tot 'n Westerse konteks beperk is nie en aangesien untington van talle voorbeelde buite 'n Westerse konteks gebruik maak om sy gumente te motiveer. Dit is egter ook waar dat Huntington die positiewe aspekte in e-Westerse state identifiseer, byvoorbeeld orde en stabiliteit in die gewese mmunistiese state, wat ooreenstem met daardie waardes wat in 'n Westerse nteks gehuldig word. In dié verband kan verwys word na waardes soos orde, biliteit, effektiwiteit en vryheid met 'n sterk Westerse oriëntasie en inslag. Dat ntington dus Westerse waardes en norme sanksioneer kan nie betwyfel word nie. uens, in essensie is Huntington ingestel op die bewaring, uitbouing en in gevalle fs die herstel van Westerse politieke waardes en norme met inbegrip van orde en biliteit (institusionalisering) en ondergeskik hieraan demokratiese waardes. rgelyk ook afdeling 5 van hoofstuk 3 van hierdie studie en afdeling 2.4.2 en 2.4.4 hoofstuk 4 van hierdie studie vir argumente wat hierby aansluit.)

Dit blyk teen hierdie agtergrond dat Huntington (1965; 1968) se beskouing van ontwikkeling, soos ook die geval is met die meeste modernisasiedenkers, ingebed is in Westerse waardes en norme. Die enigste verskil is die keuse van 'n bepaalde waarde of waardes wat sentraal staan. In die geval van die modernisasiedenke staan ekonomiese groei en demokrasie, veral laasgenoemde voorop, terwyl Huntington orde, stabiliteit en effektiwiteit van politieke instellings tot grondliggende norm verhef (vergelyk O'Brien, 1972: 351-378).

Samevattend kan Huntington se denke binne die teoretiese konteks gekritiseer word vir 'n konserwatiewe status quo-oriëntasie, die sanksionering van nie-demokratiese bedelings as direkte uitvloeisel van sy denke; die gebruik van 'n misplaaste teenstelling (geïnstitusionaliseerd versus nie-geïnstitusionaliseerd); die feit dat geïnstitusionaliseerde mag nie noodwendig legitieme mag is nie; vaaghede en teenstrydighede in sy hantering van institusionalisering; en die verabsolutering van Westerse waardes en norme. Vervolgens word daar gekonsentreer op die interpretasie en evaluasie van Huntington se bydrae binne vakwetenskaplike konteks.

## 4.2 Vakwetenskaplike konteks

Twee sake staan hier sentraal, te wete 'n paradigmaverandering wat deur Huntington se 1965- en 1968-bydraes teweeggebring word, sowel as sy verbondenheid aan 'n konserwatiewe tradisie.

* **Paradigmaverandering:** Huntington (1965; 1968) se gebruik van nstitusionalisering, soos gemeet in terme van die graad van regering, kontrasteer kerp met die liberaal-ekonomiese denkraamwerk waarin 'n demokratiese werheidsvorm binne 'n modernisasieperspektief verhef word tot norm vir die ansformasie van politieke instellings in oorgangstye. Dit vorm 'n belangrike aspek an die paradigmaverandering ten opsigte van politieke ontwikkeling waarvoor untington in die jare sestig verantwoordelik was. Trouens, dit blyk die mees ondliggende verandering tussen hierdie paradigmas te wees en staan in die teken n die verandering van die kernstruktuur van die liberaal-ekonomiese paradigma ten sigte van politieke ontwikkeling - 'n vereiste wat gestel is vir paradigmaverandering die politieke wetenskap (Vergelyk ook afdeling 5 van hoofstuk 3 en afdeling 2.4.2 n hoofstuk 4 van hierdie studie vir ander aspekte wat verband hou met die radigmaverandering).

nne die demokratiese-institusionaliseringskonteks beklemtoon Huntington egter k die demokratiese owerheidsvorm as aanvullende norm, maar ondergeskik aan titusionalisering in terme van 'n hoë graad van regering. Vandaar die kritiek teen

Huntington vir sy sanksionering van nie-demokratiese bedelings en 'n konserwatiewe status quo-oriëntasie. Ongeag die kritiek teen Huntington soos in die vorige afdeling uiteengesit, is Huntington verantwoordelik vir 'n paradigmaverandering, in ooreenstemming met kriteria ontwikkel in afdeling 2.4 van hoofstuk 2 van hierdie studie, en is hy ten minste verantwoordelik vir die daarstelling van 'n mededingende paradigma ten opsigte van die veld van politieke ontwikkeling. Dit blyk egter verder dat verskeie bydraes en opnames oor die aard en omvang van Huntington se bydrae aan hom 'n prominente plek, indien nie 'n dominante staanplek nie, toeken. [Vergelyk Kensky & Kensky, (1975: 567-578); Robey (1982: 199-200); Roettger (1978: 6-12) en Groth (1979: 203) om net enkele bronne aan te dui wat die aard, omvang en bydrae van Huntington evalueer]. 'n Grondliggende verskilpunt tussen die liberaal-ekonomiese paradigma en dié van Huntington is die feit dat laasgenoemde se denke veranker is in 'n konserwatiewe tradisie.

* **'n Konserwatiewe tradisie:** Huntington se verbondenheid aan 'n konserwatiewe tradisie word by uitstek gedemonstreer aan die normatiewe komponent in sy denke. Sy beskouing van politieke institusionalisering met klem op waardes soos orde, stabiliteit en effektiwiteit en die plasing hiervan binne 'n Westers-Amerikanistiese raamwerk, lê ten grondslag aan sy konserwatisme soos dit beslag kry in terme van sy standpunte oor die transformasie van politieke instellings. Uitgaande van die filosofie dat politieke instellings beskerm, bewaar, uitgebou en selfs herstel moet word, op basis daarvan dat bekende en gevestigde instellings verkieslik is bo onbekende en nie-gevestigde instellings en dat inkrementele verandering eerder as radikale verandering die norm moet wees, kan 'n konserwatiewe foci in sy denke geïdentifiseer word. Die uitbouing en konsolidasie van 'n politieke orde en die daarstelling en uitbouing van politieke instellings is 'n belangrike aspek van die Huntington-filosofie. Soos 'n Machiavelli van ouds gevisualiseer het, moet die ruïnes van chaos, wetteloosheid en anargie vervang word deur die monumente van die geskiedenis (in sy geval die Romeinse Imperium) wat orde, stabiliteit en effektiwiteit simboliseer en wat vir Huntington in terme van sy beskouing van institusionalisering n die kriteria wat hiervoor aangelê word, op talle plekke in die wêreld en by uitstek in e Westerse wêreld aangetref word.

ewereine staatsinstellings met spesifieke verwysing na die kriterium van outonome litieke instellings soos wat dit staan teenoor korrupte instellings (in diens van 'n paalde sosiale mag en ten koste van ander magte in die samelewing) artikuleer die nklyne van Bodin en Hobbes. Institusionalisering as historiese groei, dit wil sê eidelike en inkrementele verandering waar ordelike verandering aanwesig is (soos staan teenoor ingrypende politieke verandering met diskontinuïteite) word deur

Huntington tot norm verhef en plaas hom in die dampkring van Edmund Burke. Dit is veral die vertrekpunt dat politieke instellings ontwikkel uit die verlede, en moet aanpas by die hede op basis van kontinuïteit tussen kultuur en struktuur wat via Burke neerslag vind in die denke van Huntington. Hoewel Huntington kontinuïteit, orde en patroonmatigheid tot norme vir die transformasie van politieke instellings verhef, wil dit egter nie sê dat geen ruimte vir diskontinuïteite en disekwilibrium gelaat word nie. Trouens, Huntington laat soos Burke met sy reaksie op die Franse Rewolusie, juis ruimte vir diskontinuïteite en disekwilibrium-tendense soos rewolusie en ander vorme van politieke onstabiliteit. Vir Huntington staan dit egter in die teken van negatiewe politieke ontwikkeling oftewel politieke verval - dit wil sê 'n negatiewe norm. In 'n ideaaltipiese sin word dit geensins tot positiewe norm verhef soos die geval was met denkers soos Sartre, Fanon en andere wat staan binne 'n radikale tradisie nie. Die teendeel is eerder waar soos telkens reeds in hierdie stuk beklemtoon is en wat Huntington se verbondenheid tot 'n konserwatiewe tradisie sonder enige twyfel bevestig.

Soos in die denke van Mosca, Pareto en Michels openbaar Huntington se institusionaliseringsnorme 'n sensitiwiteit vir die belangrike rol van elites, heersersklasse en burokrasieë. Selfs sy beskouing oor die demokrasie, soos wat dit aansluit by veral die denke van Schumpeter, reduseer die demokrasie tot 'n meganisme of prosedure om 'n regerende elite daar te stel. Dit is egter die rol wat Huntington, in ooreenstemming met Lenin, aan die politieke party toeken, sowel as sy beskouing dat staatsinstellings (met verwysing na veral burokrasieë) op basis van 'n georderde sisteem - vergelykbaar met die filosofie waarvolgens militêre instellings bestuur word - wat by uitstek Huntington se beklemtoning aan die rol van elites, heersersklasse en burokrasieë onderskryf en wat sy denke plaas binne hierdie prominente denklyn binne die konserwatiewe tradisie.

n Sikliese beskouing van tendense van politieke ontwikkeling en verval herinner sterk an Spengler en Toynbee se pogings om die beskawingsgeskiedenis in terme van storiese wetmatighede vas te lê. Anders as by Spengler, en in 'n mate Toynbee, is untington nie histories-deterministies ten opsigte van die ontstaan, ontwikkeling, oeitydperk en verval van beskawings nie. Huntington laat binne sy denke ruimte vir ndense van politieke ontwikkeling (institusionalisering) en politieke verval sonder n 'n deterministiese patroon hieraan te verbind. Soos Toynbee, Spengler en eubuhr het Huntington in 'n konserwatiewe sin 'n afkeur van tendense van politieke rval, veral in soverre hierdie tendense die afwesigheid van orde, stabiliteit en ektiwiteit reflekteer.

Uit die voorafgaande gedeelte, soos ook gemotiveer binne die analitiese konteks van sy denke (vergelyk afdeling 2.4.2 van hoofstuk 4), is dit duidelik dat 'n aantal konserwatiewe foci in Huntington se denke aangetref word. Dit bevestig die kritiek teen Huntington dat sy denke as konserwatief status quo-georiënteerd beoordeel moet word. Vir Huntington is 'n geïnstitusionaliseerde demokratiese orde by uitstek dit wat beskerm, bewaar en uitgebou moet word. Vanuit hierdie konteks word waardes soos orde, stabiliteit, effektiwiteit en hiermee saam demokratiese waardes beklemtoon en vorm dit die grondliggende lewens- en wêreldbeskoulike grondslae waaruit aan Huntington se standpunte vir die transformasie van politieke instellings in oorgangstye vorm gegee word.

Wat die metodologiese tradisie van sy denke ten opsigte van die normatiewe komponent van Huntington se denke aanbetref, is dit 'n aspek wat binne die wetenskaplike konteks gehanteer sal word - 'n konteks waarop daar vervolgens gekonsentreer word.

## 4.3 Wetenskaplike konteks

Binne hierdie konteks word daar op die volgende aspekte gekonsentreer: die *wetenskapsbekouing van die denker, sy vermoë om orde en struktuur bloot te lê en geldige en betroubare kennis te genereer, terwyl daar ook na die kontekste van wetenskapsbeoefening verwys sal word.* Die wetenskapsbeskouing waarmee Huntington opereer, word eerste aan die orde gestel.

a) **Wetenskapsbeskouing:** Soos wat die geval was met die analitiese konteks van Huntington se denke (vergelyk afdelings 2.4.3 en 3.4.3 van hoofstuk 4 van hierdie studie) is hy as 'n erkende positivis verbind tot 'n neutrale wetenskapsbeskouing in terme van 'n positivisties-behavioralistiese tradisie waarin die gebruik van empiriese materiaal, dit wil sê 'n empirisme, prominent aanwesig is. Vandaar Huntington se strewe om deur middel van empiriese begronding sy beskouing van institusionalisering as neutraal voor te stel, bevry van die etnosentrisme eie aan die modernisasiedenke [Vergelyk ook Kotzé (1982: 49).] Deur gebruik te maak van die drie prominente benaderings wat teen die agtergrond van die behavioralistiese revolusie in die politieke wetenskap orent gekom het, te wete die struktuurfunksionalisme, sisteembenadering en die histories-vergelykende metode, ingebed in 'n eiesoortige politieke filosofie waarin verandering ontwrigtend en ekwilibrium-gerig kan wees, word sy beskouing van institusionalisering as teenvoeter vir politieke verval gekonseptualiseer en as norm beklemtoon. Dit is veral die struktuur-funksionele benadering met die beklemtoning van bepaalde funksies en

patrone, soos ingebed in die geïnstitusionaliseerde politieke stelsels van die Weste en meer spesifiek die VSA, wat tot norm verhef word. Teen die agtergrond van dieselfde wetenskapsbeskouing word daar gepoog om met die proseduriële benadering vir die konseptualisering van demokrasie en demokratisering soos onderskeidelik ontleen aan Schumpeter en Dahl 'n objektiewe neutrale en algemeengeldende inhoud aan die demokrasie te gee - weg van die abstrakte, wydlopende, ongekonkretiseerde en ideologiese beskouing en konseptualisering van die klassieke leer/doktrine.

Voortspruitend uit 'n positivisties-empiristiese wetenskapsbeskouing en die gepaardgaande strewe om hoë vlakke van orde en struktuur te realiseer vestig die aandag op 'n meganistiese en organiese modelmatigheid wat sy denke reflekteer - 'n aspek wat ook prominent aanwesig is binne die analitiese konteks van Huntington se denke. Sy beskouing van institusionalisering en veral die kriterium van eenheid en samehang, ideaaltipies voorgestel as 'n geroetineerde en gesinchroniseerde militêre masjien, herinner sterk aan die struktuur en funksionering van 'n meganiese instrument. Terselfdertyd herinner sy beskouing van institusionalisering in 'n tipies konserwatiewe idioom aan die stryd om voortbestaan en oorlewing van 'n organisme en tyde van ingrypende omgewingsverandering.

Huntington se poging om institusionalisering as neutraal voor te stel, voortspruitend uit 'n positivisties-behavioralistiese tradisie, kan nie sonder meer aanvaar word nie. In n tipies konserwatiewe sin, gerig op die bewaring en sanksionering van 'n bepaalde tatus quo (Westers-Amerikanisties gedefinieer) plaas Huntington 'n besondere remie op waardes soos orde, stabiliteit en effektiwiteit en hiermee saam, hoewel ndergeskik aan eersgenoemde, demokratiese waardes en norme. Dit beklemtoon, oos vroeër aangetoon (afdeling 2.4.3a van hoofstuk 4), dat Huntington se denke nie eutraal is nie, maar in diens staan van 'n bepaalde orde waarin sekere politieke aardes en norme beklemtoon word.

**Orde en struktuur:** Anders as wat die geval was met die analitiese komponent nne die institusionaliseringskonteks kon Huntington se bydrae ten opsigte van die rmatiewe komponent (binne dieselfde wetenskaplike konteks) nie aanspraak maak dieselfde hoë vlakke van orde en struktuur nie. Die rede hiervoor is dat Huntington gs kriteria identifiseer vir suksesvolle institusionalisering sonder om die verhouding ssen hierdie kriteria ten opsigte van die verskynsel (institusionalisering) aan te dui ergelyk ook in hierdie verband die kritiekpunt wat te make het met die paalbaarheid van institusionalisering en die onderlinge verhouding van kriteria os uiteengesit in afdeling 4(f) van hierdie hoofstuk]. Die gevolg hiervan is 'n rmatiewe teorie uiteengesit in realistiese eerder as kousale terme. Dit impliseer dat

hoë vlakke van orde en struktuur ingeboet word, aangesien die vermoëns van 'n realistiese teorie meer beperk is as dié van 'n kousale teorie en hiermee saam beperkinge op die vlak van geldige en betroubare kennis plaas.

Ten opsigte van demokrasie en demokratisering - konsepte wat vanweë hul omstredenheid en ideologiese geladenheid moeilik tot hoë vlakke van orde en struktuur gebring kon word - slaag Huntington wel daarin om hierdie konsepte op hoë vlakke van orde en struktuur te laat realiseer. Dit kan egter nie as 'n oorspronklike bydrae verreken word nie, soos dit wel die geval is binne die institusionaliseringskonteks van sy denke. Veel eerder is dit te wyte aan die onkritiese hantering en artikulering van hoog aangeskrewe bydraes soos dié van Schumpeter (demokrasie) en Dahl (demokratisering) waarvan die bydraes in die rekonstruksie van Huntington se denke gehanteer is. Dus, hoë vlakke van orde en struktuur word bereik wat aan 'n kousaal georiënteerde teorie beslag gee.[2] Die afwesigheid van 'n oorspronklike bydrae binne die demokraties - institusionaliseringskonteks is kenmerkend van Huntington se werk. Hoë vlakke van orde en struktuur word gerealiseer, aangesien sy invalshoek 'n duidelike onderskeid tussen demokratiese en nie-demokratiese bedelings moontlik maak, deskriptief van aard is, empiries bewysbaar is en demokratiseringstendense meetbaar maak.

) **Geldige en betroubare kennis:** Beperkte vlakke van orde en struktuur dui iteraard op beperkte geldige en betroubare kennis soos wat die geval is met sy enke oor institusionalisering. Die feit dat alle Westerse state nie volledig op stitusionalisering kon aanspraak maak nie (vergelyk die destydse Weimar-epubliek in Duitsland en die Franse Derde en Vierde Republieke sowel as tendense an politieke onstabiliteit in Spanje, Portugal en Italië teenoor tendense van politieke stitusionalisering in sommige derdewêreldstate byvoorbeeld Botswana) bevestig erdie toedrag van sake. [Lesers word verwys na die kritiekpunt in afdeling 4.2(c) n hierdie hoofstuk wat te make het met 'n misplaaste teenstelling en in besonder oth (1979: 211-218) se kritiek in hierdie verband]. Ter versagting moet gewys word die geestes- en sosiale wetenskappe se algemene onvermoë om hoë vlakke van de en struktuur te realiseer, asook die aanwesigheid van uitsonderings op bykans ige teoretiese reël. Feit bly egter staan dat die Huntington-dichotomie van *nstitusionaliseerd* versus *nie-geïnstitusionaliseerd* meer geldige en betroubare kennis nereer as wat die geval is met die modernisasiedichotomie (*modern* versus *nie-dern*) eie aan die modernisasie- of liberaal-ekonomiese paradigma. Groter geldige

Dit verteenwoordig 'n afwyking van die algemene patroon deurdat sy bydrae binne die demokratiese institusionaliseringskonteks 'n kousale teoretiese inslag weerspieël. 'n Soortgelyke afwyking kom ook voor deurdat sy bydrae binne die institusionaliseringskonteks van sy denke weer 'n realistiese karaktertrek openbaar. Lesers word verwys na Afdeling 5(c) en Fig. 5.5 van hierdie studie.

en betroubare kennis is binne die Huntington-paradigma moontlik aangesien sy teorie oor politieke ontwikkeling onderskeid tref tussen politieke ontwikkeling en politieke modernisasie - 'n aspek wat verband hou met die paradigma-verandering waarvoor Huntington verantwoordelik was en wat dit moontlik maak om fyner onderskeidings bloot te lê. So byvoorbeeld kon 'n samelewing volgens die Huntington-beskouing moderniseer sonder om te institusionaliseer en andersom. Anders as die modernisasie- of liberaal-ekonomiese beskouing met die uitgangspunt dat modernisasie oftewel industrialisasie en mobilisasie politieke stabiliteit in die hand werk, wys Huntington daarop dat modernisasie sonder institusionalisering tendense van politieke onstabiliteit en verval in die hand kan werk - 'n vertrekpunt wat hom in staat stel om tendense in talle derdewêreldstate akkurater weer te gee as die modernisasiedenke, waardeur geldige en betroubare kennis as eis van wetenskapsbeoefening verseker word.

d) **Kontekste van wetenskapsbeoefening:** Aangesien hierdie aspek deel vorm van die struktuur en beplanning van hierdie hoofstuk en as sodanig aangeraak is, word daar met enkele opmerkings volstaan. Binne die twee kontekste van wetenskapsbeoefening, te wete die institusionaliserings- en demokratiese institusionaliseringskonteks, word daar onderskeidelik institusionaliserings- en demokratiese norme beklemtoon. Die beklemtoning van hierdie norme spruit regstreeks voort uit bepaalde historiese kontekste waar onderskeidelik politieke onstabiliteit en demokratiseringstendense as probleme/verskynsels die toneel oorheers het en waarvoor Huntington gepoog het om bepaalde verklarings aan te ied. Binne sy breër denkraamwerk word daar egter 'n groter prioriteit aan nstitusionaliseringsnorme as demokratiese norme gegee, aangesien die graad van egering hoër prioriteit as die owerheidsvorm geniet. Hierdie prioriteitskeuse is laarvoor verantwoordelik dat kritiek soos 'n status quo-georiënteerdheid, 'n onserwatiewe lewens- en wêreldbeskouing en sy sanksionering van diktatoriale edelings teen Huntington geopper word. In die finale instansie word 'n eïnstitusionaliseerde demokrasie deur Huntington tot norm verhef wat op bepaalde oorwetenskaplike aannames dui en waarop daar vervolgens gekonsentreer gaan ord.

## .4 Die voorwetenskaplike konteks

oos ook met die analitiese komponent in Huntington se denke die geval was ergelyk afdelings 2.4.4 en 3.4.4 van hoofstuk 4 van hierdie studie), kan Huntington voorwetenskaplike vertrekpunte in 'n politieke sin na 'n algemeen Westerse en eer spesifiek 'n Amerikanistiese politieke oriëntasie teruggevoer word. Trouens,

daardie waardes en norme onderliggend aan 'n Amerikaanse politieke orde in aansluiting by dieselfde waardes wat in 'n breër Westerse konteks en selfs buite hierdie konteks aangetref word, verskaf die prinsipiële begronding vir Huntington se denke oor institusionalisering, en hierdie waardes en norme word binne sy denkraamwerk tot 'n politieke religie verhef. Hierdie prinsipiële begronding soos gefundeer in politieke waardes soos orde, stabiliteit en effektiwiteit, vervleg met demokratiese waardes soos wat dit by uitstek in die Westerse politieke tradisie aangetref word, moet wêreldwyd inslag vind en in 'n konserwatiewe sin bewaar en uitgebou word. Hierdie strewe vorm dan ook in 'n politieke sin die grondmotief in die denke van Huntington. Hierdeur word inhoud gegee aan 'n konserwatiewe lewens- en wêreldbeskouing waarvolgens 'n algemeen Westerse en meer spesifiek 'n Amerikanistiese politieke orde (status quo) tot norm verhef word en waarin bepaalde grondbeginsels vir die daarstelling en ontwikkeling van politieke strukture afgelei word wat dien as normatiewe grondslag vir die beoordeling van politieke instellings sowel as institusionele ontwikkeling wêreldwyd. In 'n tipies konserwatiewe sin moet die Westerse politieke tradisie en praktyk uitgebou en volvoer word om talle replikas van die VSA en ander Westerse politieke modelle oor die wêreld heen te vorm waarvan die hoogtepunt realiseer met die bereiking van 'n geïnstitusionaliseerde demokrasie - soos by uitstek in die VSA aangetref. Anders gestel, die saak van politieke institusionalisering prinsipieel (ontleen aan 'n breë Westerse en Amerikanistiese politieke orde) moet wêreldwyd gesaai word, en die saailinge in terme van 'n konserwatiese gees en tradisie beskerm, bewaar en uitgebou word om eventueel die politieke model van die Weste ('n geïnstitusionaliseerd-demokratiese politieke orde) wêreldwyd te laat realiseer of orent kom. Vandaar die beklemtoning van 'n geïnstitusionaliseerd-demokratiese politieke orde tot toonaangewende norm vir die transformasie van politieke instellings in oorgangstye.

n 'n wetenskapsfilosofiese sin kan daar ook bepaalde voorwetenskaplike aannames geïdentifiseer word. Dit is veral Huntington se neutrale wetenskapsbeskouing in erme van 'n positivisties-behavioralistiese metodologiese tradisie wat hier aandag erdien. (Lesers word ook verwys na afdeling 2.4.4 en 3.4.4 van hoofstuk 4 van ierdie studie waarvan die besonderhede nie hier herhaal kan word nie.) Die strewe ot hoë vlak-teoretiese konstrukte as uitvloeisel van 'n neutrale wetenskapsbeskouing prominent - hoewel nie in alle opsigte deur Huntington gerealiseer nie. Hiermee aam is 'n organistiese modelmatigheid waarvolgens institusionalisering, voorgestel s 'n sisteem, in streng funksionele terme (struktuurfunksionalisme) beoordeel word, strumenteel tot die strewe na hoë vlakke van orde en struktuur en as sodanig emotiveer deur 'n positivisties-behavioralistiese inspirasie soos geanker in 'n utrale wetenskapsbeskouing.

Samevattend kan Huntington se denke in 'n voorwetenskaplike sin enersyds herlei word na 'n stel politieke waardes en norme afgelei vanuit 'n Westerse en Amerikanistiese politieke tradisie wat in normatiewe sin dien as kriteria vir die beoordeling van die transformasie van politieke instellings in oorgangstye. Anders is Huntington se denke veranker in 'n neutrale wetenskapsbeskouing wat via 'n positivisties-behavioralistiese metodologiese tradisie beslag gee aan die strewe om hoë vlakke van orde en struktuur te realiseer in samehang met 'n organistiese modelmatigheid wat sy denke reflekteer. Soos vroeër uitgewys, staan hierdie neutraliteit in diens van 'n bepaalde status quo wat as Westers-Amerikaans voorgehou kan word.

## 5. 'N ALGEMENE PERSPEKTIEF OP HUNTINGTON SE BYDRAE TOT DIE NORMATIEWE KOMPONENT VAN DIE TRANSFORMASIE VAN POLITIEKE INSTELLINGS

'n Samevatting van die belangrikste aspekte van Huntington se denke rakende die waarom- en waarheen-vrae ten opsigte van politieke verandering en meer spesifiek die transformasie van politieke instellings in oorgangstye kan in terme van die metateoretiese raamwerk soos volg voorgestel word:

**VOOR-WETENSKAPLIKE KONTEKS**

* 'n Amerikanistiese en algemeen westerse lewens- en wêreld, mens en staatsbeskouing afkomstig van 'n bepaalde politieke tradisie wat aan institusionaliserings- en demokratiserings norme beslag gee wat wêreldwyd bevorder en instant gehou moet word.

* 'n Organistiese en meganistiese wetenskapsbeskouing as uitvloeisel van 'n positivistiesbehavioralistiese tradisie met die strewe na neutrale wetenskaps-beoefening.

**WETENSKAPLIKE KONTEKS**

* Instutusionaliserings konteks.
* Beperkte realisering van orde en struktuur.
* Beperkings op die daarstelling van geldige en betroubare kennis.
* Positivistiese- behavioralistiese doelstelling (Empiriese verifikasie van teoretiese vertrekpunte).

* Demokratiese institusionaliserings konteks
* Hoë mate van die realisering van orde en struktuur.
* Geldige en betroubare kennis.
* Positivistiese- behavioralistiese doelstelling (Empiriese verifikasie van teoretiese vertrekpunte).

**VAKWETENSKAPLIKE KONTEKS**

* Konserwatiewe tradisie (graad van regering = institusionalisering)
* Die beklemtoning van institusionaliserings teenoor demokratiese norme impliseer die daarstelling van 'n konkurente paradigma.

* Beklemtoon demokratiese waardes as uituitvloeisel van 'n westers-Amerikanistiese politieke tradisie.
* Artikuleer daardie norme eie aan die kontemporêre demokratiserings paradigma.

**TEORETIESE KONTEKS**

'n Realistiese teorie waarvolgens kriteria verbonde aan sy beskouing van institusionalisering as norme uitgespel word.

'n Kousaal georiënteerde teorie waar demokrasie en demokratisering tot norme verhef word soos ontleen aan die teoretiese bydraes van onderskeidelik Schumpeter en Dahl.

**OPERASIONELE KONTEKS**

Die normatiewe komponent ten opsigte van die transformasie van politieke instellings in oorgangstye.

Fig. 5.5 'n Samevattende voorstelling van Huntington se beantwoording van die waarheen en waarom-vrae (die normatiewe komponent) ten opsigte van die transformasie van politieke instellings in oorgangstye.

## 6. SAMEVATTENDE PERSPEKTIEF

Huntington se beantwoording van die *waarheen-* en *waarom-vrae* van politieke verandering, gerig op die tema die transformasie van politieke instellings in oorgangstye, gee gestalte aan dit wat metateoreties voorgehou kan word as die normatiewe komponent van sy denke. Sy beantwoording van bogenoemde vrae kry beslag in terme van twee onderskeibare kontekste in sy denke te wete die *institusionaliserings-* en die *demokratiese-institusionaliseringskonteks*. Binne die institusionaliserings-konteks word politieke institusionalisering ('n hoë graad van regering) tot norm verhef, terwyl 'n demokratiese staatspraktyk ('n demokratiese owerheidsvorm) binne die demokratiese-institusionaliseringskonteks) tot norm verhef word. Vir Huntington is die grondliggende norm vir die transformasie van politieke instellings in oorgangstye die *graad van regering* soos gemeet in politieke institusionaliseringsterme en nie die *owerheidsvorm*, dit wil sê demokraties of nie-demokraties nie. Die owerheidsvorm is bloot 'n aanvullende en kwalifiserende norm tot institusionalisering en dui op 'n sekondêre status wat hieraan toegeken word. Die feit dat Huntington politieke institusionalisering as grondliggende norm beklemtoon, is daarvoor verantwoordelik dat sy denke 'n konserwatiewe en status quo-oriëntasie reflekteer, sy denke sanksie kan verleen aan nie-demokratiese bedelings terwyl die samehang van bogenoemde norme daadwerklik dui op 'n sanksionering van Westerse waardes en norme in die algemeen en 'n Amerikanistiese politieke orde en tradisie in die besonder. Dit vorm die grondliggende rede waarom Huntington se denke binne 'n vakwetenskaplike konteks aan 'n konserwatiewe tradisie verbind kan word wat voorwetenskaplik veranker is in die beklemtoning van algemeen Westerse en meer spesifiek 'n Amerikanistiese politieke orde en die waardes wat hiermee saamgaan as religie.

n 'n wetenskaplike konteks bestaan die strewe by Huntington om hoë vlakke van rde en struktuur te realiseer en hiermee saam die daarstelling van geldige en etroubare kennis as wetenskaplike eis in terme van 'n behavioralistiese etodologiese tradisie. Wat sy beantwoording van die waarheen- en waarom-vrae nne die institusionaliseringskonteks aanbetref, slaag Huntington nie daarin om op eselfde vlak as wat die geval was met die analitiese konteks van sy denke, orde en ruktuur en hiermee saam geldige en betroubare kennis as eis van die wetenskap ar te stel nie. Trouens, hoë vlakke van orde en struktuur en geldige en betroubare nnis as uitvloeisel van eersgenoemde word teen die agtergrond van formele, manente en transendentale kritiek ingeboet. Vandaar die beklemtoning van die listiese of swakker teoretiese bydrae ten opsigte van hierdie komponent van sy

denke. Dit dui op 'n afwyking van die algemene patroon (kousale teorie) soos aangetref binne die institusionaliseringskonteks van sy denke.

Sy beantwoording van dieselfde vrae binne die demokratiese-institusionaliseringskonteks kan wel op hoë vlakke van orde en struktuur en hiermee saam geldige en betroubare kennis as eis van die wetenskap (kousale teorie) aanspraak maak. Dit is ook 'n afwyking van die algemene patroon deurdat sy bydraes binne hierdie betrokke konteks in die algemeen realisties van aard is. Sy bydraes binne hierdie konteks steun egter swaar op die bydraes van beide Dahl en Schumpeter ten opsigte van onderskeidelik demokratisering en demokrasie as norm wat Huntington se bydrae in hierdie verband in die skadu stel. Huntington slaag egter daarin, kritiek ten spyt, om antwoorde vir die waarheen- en waarom-vrae van politieke verandering in die algemeen en die transformasie van politieke instellings in oorgangstye in die besonder te bied wat hom as baanbreker navore laat tree het.

Sy bydrae ten opsigte van die strategiese komponent van politieke verandering met spesifieke verwysing na die transformasie van politieke instellings as verskynsel vorm die fokus van die volgende hoofstuk.

# HOOFSTUK 6

# STRATEGIESE ASPEKTE WAT DIE TRANSFORMASIE VAN POLITIEKE INSTELLINGS TEN GRONDSLAG Lê

## 1. INLEIDENDE ORIëNTERING

In terme van die metateoretiese raamwerk, soos ontwikkel in hoofstuk 2 van hierdie studie, moet daar nog aandag gegee word aan Huntington se beantwoording van die *hoe-* en *waarom-vrae* van politieke verandering. Die strategiese komponent van die metateoretiese raamwerk met as opskrif: *strategiese aspekte wat die transformasie van politieke instellings ten grondslag lê*, vorm die sentrale fokus van hierdie hoofstuk.

Voordat Huntington vir homself naam gemaak het as 'n vooraanstaande wetenskaplike op die veld van die politieke ontwikkeling/verandering is hy reeds erken as 'n gesaghebbende op die gebied van die strategie en die studieveld van die strategiese studies. Met werke soos *The soldier and the state : the theory and politics of civil-military relations (1957), Changing patterns of military politics (1962)* waarvan hy die redakteur was en *Political power : USA/USSR (1959)* wat in samewerking met Brzezinski geskryf is, het Huntington hom as erkende militêre en politieke strateeg gevestig. Sy breë verwysingsraamwerk binne die studieveld van strategiese studies het onvermydelik die stempel gelaat op sy invalshoek tot politieke ontwikkeling/verandering. Trouens, dit is geldig om na Huntington se bydraes met betrekking tot die politieke ontwikkeling/verandering te verwys as 'n strategiese analise van die dinamika/verandering in oorgangsamelewings. Veral sy bydrae *Reform and stability in a modernizing multi-ethnic society* (1981a) bevat juis 'n bloudruk, vergesel van 'n strategiese plan, vir politieke hervorming in Suid-Afrika. Ook in 'n onlangse bydrae *The third wave : democratization in the late twentieth century* (1991) word daar ruim aandag gegee aan strategiese aspekte van demokratisering. Dus, sentraal tot sy denke ten opsigte van die transformasie van politieke instellings in oorgangstye lê veranker 'n poging om antwoorde te verskaf vir die *hoe-* en *waarom-vrae* van politieke verandering. Dit is juis Huntington se pogings om antwoorde op bogenoemde vrae te verskaf in politieke en militêr strategiese terme wat sterk herinner aan die rolmodel van 'n Machiavelli ten tyde van die Renaissance. Soos 'n Machiavelli van ouds homself as 'n politieke en militêre strateeg gevestig het, in 'n periode van ingrypende verandering - beskryf as die Renaissance of ontwakingsperiode in die Europese geskiedenis - bevind Huntington hom in 'n soortgelyke plek en rol teen die agtergrond van die politieke ontwaking (renaissance) van talle derdewêreldstate. Die politieke onstabiliteit van die

sestigerjare sowel as die grondliggende veranderinge van die tagtiger- en negentigerjare, gerig op die demokratisering van samelewings, vorm die agtergrond waarteen sy bydraes van 1965, 1968, 1981a en 1991 die lig gesien het.

Huntington se beantwoording van die *hoe-* en *waarom-vrae* verkry gestalte in terme van die reeds bekende geïdentifiseerde kontekste in sy denke, te wete die *institusionaliserings-* en die *demokratiese institusionaliseringskonteks*. Binne eersgenoemde konteks word strategieë, gerig op politieke stabiliteit (uitgedruk in institusionaliseringsterme), beklemtoon en in laasgenoemde konteks strategieë wat die demokratisering van die samelewing in die hand kan werk.

Hierdie hoofstuk het as doel die rekonstruksie, interpretasie en evaluasie van Huntington se beantwoording van die *hoe-* en *waarom-vrae* (die strategiese komponent) van politieke ontwikkeling. Metodologies gesproke is die rekonstruksie, interpretasie en evaluasie van Huntington se bydrae ten opsigte van die strategiese komponent van politieke ontwikkeling hanteer met betrekking tot daardie kriteria waaraan beslag gegee is binne die metateoretiese raamwerk. Die doelwitte van hierdie hoofstuk sien gevolglik soos volg daaruit:

- Eerstens sal daar aandag gegee word aan 'n rekonstruksie van Huntington se beantwoording van die *hoe-* en *waarom-vrae* binne die institusionaliseringskonteks van sy denke. Hier val die fokus veral op ewolusie en rewolusie as modusse van verandering.

- Tweedens word daar gekonsentreer op Huntington se beantwoording van die *hoe-* en *waarom-vrae* binne die demokratiese institusionaliseringskonteks. Die onderskeie modusse vir demokratisering, te wete transformasie *(transformation)*, regimevervanging *(replacement)* en magsdeling *(transplacement)* vorm die kernmomente in die rekonstruksie van hierdie bydrae. Spesifieke aandag word ook gegee aan Huntington se konkrete voorstelle (politieke riglyne) vir demokratiseerders, sowel as daardie faktore wat die institusionalisering van nuwe demokratiese bedelings bevorder of inhibeer.

- Derdens word Huntington se bydrae in terme van die metateoretiese raamwerk geïnterpreteer en geëvalueer.

ngesien hierdie komponent van Huntington se denke intens vervleg is met beide analitiese en normatiewe komponente van sy denke en 'n herhaling van die handelde stof onvanpas sou wees, word daar telkens na ter sake dele van die

proefskrif verwys ten einde 'n verkapping van sy bydrae uit te skakel en 'n geheelbeeld van sy denke/bydrae moontlik te maak.

## 2. MODUSSE VIR POLITIEKE INSTITUSIONALISERING

Die rekontruksie van Huntington se bydraes ten opsigte van strategieë vir institusionalisering is primêr opgeteken in die werke *Political development and political decay (1965)* en *Political order in changing societies (1968)*. In soverre as wat ewolusionêre hervorming as strategie vir institusionalisering geld, word daar ook addisioneel gekyk na die artikels *Reform and stability in a modernizing multi-ethnic society* (1981a), *Whatever has gone wrong with reform* (1986) asook *One soul at a time: political science and political reform* (1988). Ten opsigte van rewolusionêre verandering as strategie vir institusionalisering is dit veral die hoofstuk *Revolution and political order* in sy 1968-bydrae wat as verwysingsraamwerk gebruik word. Eerstens word daar nou aandag gegee aan Huntington se denke ten opsigte van ewolusionêre verandering as wyse van politieke institusionalisering.

### 2.1 Ewolusionêre hervorming as wyse van politieke institusionalisering

Vir Huntington (1968: 358-359) is ewolusionêre en rewolusionêre verandering verbandhoudende prosesse en kan die een kwalik in volledige isolasie van die ander geplaas word. In realistiese en militêr-strategiese terme erken Huntington dat ingrypende politieke verandering in die meeste gevalle voortvloei vanuit 'n kombinasie van rewolusionêre en ewolusionêre kragte. Hy (1968: 358-359) gaan selfs sover om te beweer dat "(i)n most societies, civic peace is impossible without some reform, and reform is impossible without some violence." Daarom is historiese voorbeelde van politieke ontwikkeling deur rewolusie of ewolusie as die alleen-oorheersende modus baie skaars.

In 'n teoretiese sin is die onderskeid tussen rewolusionêre en ewolusionêre hervorming geleë in wat Huntington (1968: 344) voorhou as "... the speed, scope, and direction of change in the political and social systems". In teenstelling tot ewolusionêre hervorming wat geleidelik, inkrementeel en met die status quo as vertrekpunt opereer, is rewolusionêre hervorming in die algemeen snel en gewelddadig en impliseer dit juis die vernietiging van die bestaande orde en die vestiging van 'n nuwe orde in plek van die bestaande (vergelyk Huntington, 1968: 264-267; 344-347). In terme van 'n ideaaltipiese modus gee Huntington voorkeur aan die ewolusionêre hervorming van politieke instellings as wyse van politieke verandering.

Uitgaande van 'n konserwatiewe lewens- en wêreldbeskouing, met die beklemtoning van historiese waardes en norme, is Huntington (1968: 344-396; 1981a: 8-11) ten gunste van die bewaring en instandhouding, maar veral die ewolusionêre uitbouing van bestaande politieke instellings ten tyde van ingrypende politieke verandering. Ewolusionêre hervorming in hierdie verband beteken vir Huntington die uitbouing van 'n bestaande politieke instelling in terme van bestaande en dus reeds aanvaarde samelewings- en politieke waardes. Vandaar die perspektief van die inkrementele verandering van die politieke stelsel, waar en indien nodig. Politieke hervorming gerig op die uitbouing van 'n status quo in terme van die behoud en uitbouing van 'n bepaalde historiese gegewe word as vertrekpunt deur Huntington aanvaar. (Lesers word verwys na afdeling 3 van hoofstuk 3 van hierdie studie vir 'n analise van die konserwatiewe tradisie. Veral Machiavelli se denklyn in terme van die uitbouing en konsolidasie van 'n politieke orde in afdeling 3.3.1 vind sterk aansluiting by Huntington se denke in hierdie verband.) In omstandighede waar die vestiging van nuwe politieke instellings onvermydelik is, moet nuwe instellings ontwikkel word vanuit die bestaande en gelegitimeer word teen die agtergrond van bestaande waardes, tradisies en gebruike (Huntington, 1981a: 21).

Ten opsigte van die sentrale tema (die transformasie van politieke instellings in oorgangstye) beteken dit die politieke hervorming van instellings as selfverdedigingsaksie op snelveranderde omstandighede (aldus Edmund Burke) met die erkenning en behoud van daardie waardes waarop die instelling berus. Die meer inklusiewe aanvaarding van daardie waardes waarin die stelsel veranker is, word gevolglik in die vooruitsig gestel. Teen hierdie agtergrond beteken ewolusionêre hervorming/verandering vir Huntington (1968: 344) "... a change in the direction of greater social, economic, or political equality, a broadening of participation in society and polity". (Lesers word ook verwys na Hirschman (1963: 267) en Esterhuyse (1982: 2) vir 'n soortgelyke beskouing oor politieke hervorming as dié van Huntington). Die sukses van politieke hervorming al dan nie, word dan volgens Huntington (1981a: 15-24) deur ses faktore/veranderlikes bepaal wat as 'n kontekstuele (realistiese) teorie voorgehou kan word. Hierdie ses faktore sluit in politieke leierskap, strategiese beplanning, die tydsberekening van die inisiatief, die konsolidasie van politieke mag, die wyse waarop sensitiewe politieke kwessies hanteer en beoordeel word en koalisiesluiting. Eerstens val die fokus op politieke leierskap.

### .1.1 Politieke leierskap

sy werk *The prince and the discources* (1940: 21-22) wys Machiavelli daarop dat "... othing (is) more difficult to carry out, nor more doubtful of success, nor more

dangerous to handle, than to initiate a new order of things." Huntington (1968: 344-362) deel hierdie perspektief met Machiavelli en beklemtoon dan verder die belangrike rol van politieke leierskap om 'n nuwe politieke orde, ewolusionêr totstand te bring. Die belangrike rol van politieke leierskap ten tyde van ingrypende verandering, veral waar ewolusionêre hervorming ter sprake is, loop soos 'n goue draad deur Huntington se denke en word in talle van sy werke beklemtoon (vergelyk Huntington 1968: 344-362; 1981a: 16-17; 1988: 3-10; 1991: 106-108). Huntington (1981a: 16-17; 1988: 3-10) wys in hierdie verband op die belangrike rol wat groot leiers soos Kemal (Turkye), Bismarck (Duitsland), De Gaulle (Frankryk) en Geizel (Brasilië) gespeel het ten einde nuwe politieke ordes in die onderskeie state orent te bring. Hy (1968: 345-346) onderskei tussen hervormers met 'n militêre agtergrond (Kemal, De Gaulle, Bismarck) en hervormers met 'n politieke agtergrond (Bentancourt, Belaude, Frei). Huntington (1968: 347-354) het veral groot waardering vir die leierskap van Kemal, 'n hervormer vanuit 'n militêre agtergrond, wat 'n reuse bydrae gelewer het om aan Turkye 'n moderne aansien te gee. Kemal se vermoë om die regte hervormingsinisiatiewe van stapel te stuur, die korrekte taktiese ontplooiing van sy politieke strategie (Fabiaanse strategie met Blitzkriegtaktiek), die korrekte tydsberekenings van politieke inisiatiewe en sy bewese vermoë om sy opposisie te verdeel en verdeeld te hou, het van hom 'n rolmodel as hervormer gemaak soos onder meer nagevolg deur Ayub Khan van Pakistan. [Vergelyk ook Rustow (1970a: 208-243) vir besonderhede oor die leierskap van Mustafa Kemal en sy bydrae ten opsigte van die totstandkoming van 'n moderne Turkye.]

Huntington (1968: 345) wys verder daarop dat die hervormer "... requires a much higher order of *political skill* than does the revolutionary. Reform is rare if only because the political talents to make it a reality are rare." In navolging van die reëls vir die Prins soos uitgespel deur Machiavelli beklemtoon Huntington (1981a: 16-17) dat die politieke hervormer oor 'n vermoë moet beskik om *misleidend te kan optree, geheime inisiatiewe van stapel te stuur en dubbelslagtig te werk te gaan* indien omstandighede dit sou vereis. In terme van misleiding word daarop gewys dat Kemal's success in achieving these reforms depended upon his ability to deal with each (reform) separately and in effect to suggest at the time he was handling one (reform) he had no intention of tackling the others" (1968: 348). Geheimhouding van inisiatiewe ten einde 'n strategiese voordeel oor opponente te verkry impliseer dat die politieke hervormer met die oordeel van 'n vernuftige skaakspeler te werk moet gaan ten einde die sukses van 'n bepaalde inisiatief te verseker en die opposisie vanuit die aanspoor ooreenkomstig sy (die hervormer se) spelpatroon op die agtervoet te bring.

In aansluiting by Machiavelli (s.j.: 22) wat beweer dat "... the reformer has enemies in all those who profit by the old order, and only lukewarm defenders in all those who would profit by the new order ..." beklemtoon Huntington (1968: 344-345; 1981a: 16-17) die vermoë waaroor die hervormer moet beskik om opponerende "gehore" tevrede te stel. In die verband word beweer dat "(t)he reform leader must thus be able to inspire confidence and provide some measure of charismatic leadership, while at the same time having the political ability and adaptability to engage in log-rolling and back-scratching, to shift allies and enemies from one issue to the next, to convey different messages to different audencies, to sense the eddies and tides of public opinion and time his actions accordingly, and to hide his ultimate purpose behind his immediate rhetoric" (1981a: 17). Dus die vermoë tot dubbelslagtige optrede is by uitstek 'n vermoë waaroor die politieke hervormer moet beskik. [Vergelyk ook Hirschman (1963: 275), Esterhuyse (1982: 137) en Olivier (1981: 58-59) vir 'n beklemtoning van die gedagterigting van Huntington]. Vir Huntington 1968: 344-362; 1981a: 16-17) word die kwaliteit van leierskap onder meer gemeet aan die ontplooiing van 'n suksesvolle strategie en taktiek wat vervolgens die aandag verdien.

### 2.1.2 Strategiese beplanning

Kwaliteitsleierskap ten tyde van ingrypende politieke verandering word grootliks bepaal deur die keuse van 'n strategiese plan om hervorming van stapel te stuur sowel as die ontplooiing van hierdie inisiatief met betrekking tot bepaalde taktiese besluite. Die sukses van 'n hervormingstrategie word ook bepaal deur die vermoë van die hervormer om die politieke proses te rig, dit enduit te bestuur, en te alle tye te verseker dat die ondersteuning vir die inisiatief groter is as die steun vir diegene wat die hervormingsinisiatief opponeer (Huntington, 1968: 354). Teen die agtergrond van sy teoretiese en praktiese ervaring as militêre strateeg en politieke adviseur identifiseer Huntington (1968: 346-347; 1981a: 17-18) twee strategiese opsies beskikbaar vir die hervormer, te wete 'n Blitzkrieg- of 'n Fabiaanse strategie. ersgenoemde impliseer "... to make known all his goals at an early time and to press r as many of them as he could in the hope of obtaining as much (goals) as ossible" (1968: 346). Hierteenoor behels die Fabiaanse strategie "... the foot-in-the-oor approach of concealing his aims, separating the reforms from each other, and ushing for only one change at a time" (1968: 346). In 'n taktiese sin bestaan eselfde twee opsies en kan die implementering van strategiese besluitneming of eel (Blitzkrieg) of inkrementeel (Fabiaans) geskied. Vir Huntington (1968: 346) is )he ability to achieve this proper mix of Fabianism and blitzkrieg ... a good test of e political skill of the reformer." Huntington (1968: 348-357) het in die sin veral hoë ting vir die strategiese beplanning van Kemal en Geizel, soos onderskeidelik in

Turkye en Brasilië toegepas. Hiervolgens gee Huntington voorkeur aan 'n Fabiaanse strategie wat met Blitzkrieg-taktiek ten uitvoer gebring word. Hy (1988: 7) wys byvoorbeeld daarop dat "(t)he genius of the Brazilian transition is that it is virtually impossible to pinpoint the time during the twelve years in between when Brazil stopped being a dictatorship and became a democracy. The Brazilian transition to democracy was in many respects a masterpiece of abdicated imcrementalism." Huntington (1986: 19-22) staan egter skerp krities teenoor die hervormingsinisiatiewe van veral die P.W. Botha-bewind in Suid-Afrika tydens die tagtigerjare. Huntington wys onder meer daarop dat die Botha-bewind gebruik gemaak het van 'n Blitzkrieg-strategie wat in terme van Fabiaanse taktiek ontplooi is, en wat syns insiens die verkeerde strategiese opsie vir Suid-Afrika in daardie tyd was.

'n Aspek wat die sukses van strategiese beplanning ten tyde van ingrypende hervorming bepaal, is die tydsberekening van politieke inisiatiewe.

## 2.1.3 Tydsberekening van die inisiatief

Die sukses van ewolusionêre verandering (hervorming) as teenvoeter vir rewolusie, word veral bepaal deur die tydsberekening waarmee hervormingsinisiatiewe van stapel gestuur word. Dit is van die allergrootste belang dat maatreëls in belang van ewolusionêre hervorming op 'n tydstip van stapel gestuur word wanneer die kragte wat teen die bestaande orde werk, se magsbasis beperk is. Dus, hervorming vanuit 'n posisie van krag met die klem op vroeër eerder as later word deur Huntington (1981a: 18-19) tot norm verhef. In die gevalle van Brasilië (1970's) en Turkye (twintiger- en dertigerjare) het die vroegtydige hervorming van die onderskeie stelsels die weg gebaan vir suksesvolle ewolusionêre verandering in die onderskeie state. Hierteenoor het die relatief laat stadium waarop inisiatiewe in Iran van stapel gestuur is, bygedra tot die val van die Sjah en die onvermydelike rewolusie wat daarop gevolg het. Dit is in dié verband dat Huntington (1968: 363) daarop wys dat "(r)eform... may ontribute not to political stability but to greater instability and indeed to revolution self. Reform can be a catalyst of revolution rather than a substitute for it." (Vergelyk ok Tocqueville (1955: 176-177, 188) wat daarop wys dat hervormings in Frankryk oor 1789 bepalend tot die rewolusie bygedra het.) Vir Huntington (1968: 362-369; 981: 18-19) is die tydsberekening waarop 'n hervormingsinisiatief ontplooi word, epalend vir die rigting wat die veranderingsproses gaan inneem (dit wil sê orwegend rewolusionêr of ewolusionêr) en 'n aanduiding of hervorming 'n aasvervanger of 'n katalisator vir rewolusie gaan wees.

Die datum 2 Februarie 1990 kan beskou word as die begin van daardie inisiatief wat tot die onderhandelingsproses en die aanvaarding van 'n oorgangsgrondwet vir Suid-Afrika gelei het. Dit was 'n tydsberekening wat die sukses hiervan (al dan nie) sal bepaal en waaroor 'n oordeel vandag moeilik uitgespreek kan word. Myns insiens was die 2 Februarie-inisiatief een van die laaste geleenthede, indien nie die heel laaste nie, vir die moontlike ewolusionêre verandering van die Suid-Afrikaanse politieke bestel.

'n Verdere faktor wat bydrae tot suksesvolle ewolusionêre verandering, is die konsolidasie van politieke mag ten tyde van ingrypende politieke verandering.

### 2.1.4 Die konsolidasie van politieke mag

Ewolusionêre hervorming gaan meestal gepaard met die konsolidasie en sentralisasie van politieke mag in bestaande ampte en instellings (Huntington, 1981a: 19). Veral waar politieke hervormers met 'n militêre agtergrond na vore tree, is hierdie tendens onmiskenbaar aanwesig by leiers soos Kemal, Bismarck en selfs P.W. Botha - in die mate waarin laasgenoemde kwalifiseer om 'n politieke hervormer genoem te kan word. Politieke hervorming in Suid-Afrika en in die USSR (later voortgesit in onder meer Rusland) lewer getuienis van tendense van konsolidasie en sentralisering van staatsgesag. Die konsolidasie van mag in die amp van President in beide van die genoemde politieke stelsels oor die afgelope dekade, beklemtoon die tendens van die sentralisasie van mag as uitvloeisel van pogings tot die ewolusionêre hervorming van hierdie samelewings.

Twee belangrike redes word deur Huntington (1981a: 19-20) uitgesonder vir die sentralisering van mag ten tyde van ewolusionêre hervorming. Sensitiewe sake soos die hervorming van grondbesitstelsels en die vestiging van 'n nuwe onderwysbedeling kan slegs by wyse van uitsondering gedesentraliseerd hanteer word. Die inisiëring van ingrypende verandering, veral waar dit ongewilde besluite mpliseer, soos die aantasting van gevestigde belange in 'n ou orde, noodsaak die entralisering van mag. Tweedens is die sentralisering van mag belangrik ten einde eheer oor geweld te kan uitoefen - 'n tendens wat algemeen voorkom in tye van ngrypende verandering. Die bekende veiligheidsbestuurstelsel van die tagtigerjare in uid-Afrika is 'n voorbeeld van die sentralisering van mag en die gevolglike ekurokratisering van die samelewing [Vergelyk die werke van Frankel (1984: 28-70) n Grundy (1988) vir die militarisering van die Suid-Afrikaanse politiek in die middel gtigerjare onder die bewind van P.W. Botha.]. Dit is belangrik dat die hervormer eheer moet uitoefen oor radikale, reaksionêre en spontane geweld tot voordeel van

sy eie hervormingsprogram. Dit is in die konteks dat Huntington (1981a: 20) die mening uitspreek dat "... (a) government that is too weak to monopolize counter-revolutionary repression is also too weak to inaugurate counter-revolutionary reform". Weereens beklemtoon dit die belangrikheid van 'n sterk politieke magsbasis, gerugsteun deur bepaalde veiligheidsvermoëns as noodsaaklik vir deurvoer van suksesvolle ewolusionêre hervorming.

Die hantering van sensitiewe politieke kwessies deur 'n bepaalde patroon, ritme en metodiek is ook belangrik vir die sukses van ewolusionêre hervorming.

### 2.1.5 Die hantering van sensitiewe politieke kwessies

Huntington (1968: 347-351) is van mening dat die sukses van Mustafa Kemal se hervormingsinisiatief grootliks toegeskryf kan word aan: (1) 'n inkrementele strategie wat hom in staat gestel het om sensitiewe politieke kwessies van mekaar te skei; (2) aan elke politieke kwessie afsonderlik aandag te gee en politieke steun daarvoor te mobiliseer; en (3) 'n patroon te volg waarvolgens die maklikste (nie-sensitiewe) veranderinge eerste aangebring word ten einde 'n momentum te bekom vir die aanpak van moeilike (sensitiewe) hervormings sonder dat die burgery ten volle ingelig is oor die finale uitkoms van die inisiatief. Hy (1968: 348) beklemtoon dat "... Kemal carefully seperated them (hervormings) one from the other and won acquiescence or even support for one reform from those who would have opposed him on other reforms ... Kemal specifically articulated his strategy of attempting only one thing at a time, while maintaining a discreet veil over his long-range goals" (351). Misleiding ten opsigte van die eindresultaat van hervormingspogings is dikwels nodig om steun vir bepaalde stappe in die hervormingsproses te verkry. Huntington (1981a: 21) wys daarop dat "(t)he reform process may also require at time substantial elements of duplicity, deceit, faulty assumptions, and purposeful blindness. Support for reform may, for instance, depend upon inaccurate assumptions as to its consequences".

Ten opsigte van hierdie aspek is die sentrale riglyn wat Huntington stel dat sensitiewe politieke kwessies op so 'n wyse van mekaar geskei en inkrementeel gehanteer moet word dat die hervormingsproses momentum behou, die opposisie verdeel word en verdere hervorming as vanselfsprekend geag sal word. Die laaste faktor wat deur Huntington uitgewys word vir suksesvolle hervorming is koalisiesluiting ten einde steun vir die hervormingsinisiatief te mobiliseer.

### 2.1.6 Koalisiesluiting

Die organisering en mobilisering van steun vir hervormingsinisiatiewe is van kardinale belang vir die sukses van ewolusionêre verandering in die algemeen. Huntington (1981a: 23) beklemtoon dat "(t)he prime responsibility of the reform leader is to create one or more coalitions with sufficient political strength to insure the enactment and implementation of his reforms". Huntington (1981a: 23) ondersteun Almond (1973: 32) wat dit beklemtoon dat uitstaande politieke leiers groot alliansies of koalisies kan mobiliseer. Die sukses van politieke hervorming, al dan nie, word veral bepaal deur die vermoë om genoegsame steun vir inisiatiewe te vind wat koalisiesluiting van die een of ander aard meestal nodig maak. Myns insiens het die Nasionale Party-regering nie genoeg gedoen om 'n gematigde anti-ANC-koalisie orent te bring nie, wat ten minste gedeeltelik verantwoordelik was vir die party se gemiddelde tot swak vertoning in die verkiesing van 27 April 1994.

Hoewel die ses behandelde faktore wat suksesvolle ewolusionêre verandering in die hand werk analities van mekaar onderskei kan word, is dit prakties gesproke feitlik nie moontlik nie. Die ontplooiing van 'n suksesvolle ewolusionêre hervormingsinisiatief verskil van situasie tot situasie en 'n enkele algemeengeldende wenresep kan moeilik akademies vasgelê word. Huntington openbaar egter bepaalde voorkeure ten opsigte van dit wat histories as suksesvol uitgewys is. In hierdie verband moet daar veral klem gelê word op charismatiese leierskap; 'n Fabiaanse strategie wat met Blitzkrieg-taktiek afgewissel word; die vroegtydige van stapel stuur van 'n ewolusionêre hervormingsinisiatief; die konsolidering van 'n magsposisie wat politieke hervorming moontlik maak; 'n programgerigte hantering van sensitiewe politieke kwessies; en die sluiting van koalisies.

luntington gee in 'n beperkte teoretiese sin erkenning aan eiesoortige mstandighede waarbinne strategieë vir ewolusionêre hervorming geïmplementeer noet word. In hierdie verband word daar 'n onderskeid getref tussen tradisionele en aetoriaanse samelewingstoestande. Aan voorstelle binne hierdie onderskeie olitieke kontekste word daar vervolgens aandag gegee.

## .2 Ewolusionêre hervorming in 'n tradisionele samelewing

adisioneel-georiënteerde samelewings verwys na daardie kategorie van melewings waar die invloed van modernisasie beperk is, maar tog ontwrigtend verk op die bestaande orde met die noodwendige eis van aanpassing en andering. Sonder 'n behoorlike definisie van 'n tradisionele samelewing en in nehang met die denke van Machiavelli (s.j.: 14-15) identifiseer Huntington

(1968: 148) twee breë kategorieë tradisionele samelewings, naamlik burokratiese en feodale samelewings. [Machiavelli (s.j.: 14-15) onderskei hierdie kategorieë soos volg: "I reply that the kingdoms known to history have been governed in two ways: either by a prince and his servants, who, as ministers by his grace and permission, assist in governing the realm; or by a prince and by barons, who hold their position not by favour of the ruler but by antiquity of blood".] Die Turkse stelsel ten tyde van die Ottomaanse Ryk is 'n voorbeeld van eersgenoemde terwyl die Franse absolute monargie 'n voorbeeld van laasgenoemde was (Huntington, 1968: 148). Burokratiese stelsels is piramidaal georganiseer met elemente van 'n meritokrasie terwyl feodale stelsels hiërargies georganiseer is met besondere klem op afkoms en bloedlyn (Huntington, 1968: 149). In ondersteuning van die onderskeie denklyne van Machiavelli (1940: 15) en Mosca (1939: 8-83) beklemtoon Huntington (1968: 149) dat burokratiese stelsels gekenmerk word deur groter spesialisasie van funksies en die konsentrasie van politieke mag, terwyl feodale politieke stelsels gekenmerk word deur die versmelting van funksies en die verdeling van politieke mag.

'n Verdere kriterium vir onderskeid tussen tradisionele samelewings is vir Huntington geleë in die tipe rol wat die monarg kan vervul, naamlik dié van funksionele heersers of seremonieel (passief). Huntington (1968: 149) wys daarop dat in die geval van die passiewe heerser "(h)e reigns and does not rule, but neither popular sovereignty nor party sovereignty is accepted in principle and neither is institutionalized in electoral procedures, parties, and parliaments. The king remain the principal source of legitimacy in the system, but actual power is exercised by a bureaucratic or feudal oligarchy acting in his name." In terme van die twee stelle kriteria word die volgende klassifikasie van tradisionele samelewings gemaak:

| | AKTIEF | PASSIEF |
|---|---|---|
| Burokraties | Die Romeinse Ryk<br>Ethiopië<br>China | Korea<br>Meiji-Japan<br>Thailand |
| Feodaal | Middeleeuse<br>Europa | Tokugawa-Japan |

Fig. 6.1 Huntington se klassifikasie van burokratiese en feodale stelsels.

Huntington (1968: 146) onderskei tradisionele politieke stelsels van moderne politieke stelsels in terme van die hoeveelheid mag (kwantitatief en kwalitatief gesproke) waaroor die betrokke politieke stelsel beskik. Hy (1968: 144) wys daarop dat "(t)he modern polity simply has more power than the traditional polity" en verder "(m)odernization is associated with a market redistrubution of power within the

political system: the breakdown of local, religious, ethnic, and other power centers and the centralization of power in the national political institutions" (142). Met bogenoemde as vertrekpunt is Huntington se hervormingstrategieë vir hierdie samelewings juis ingestel op die konsolidering en sentralisering van politieke mag, die eis wat deur modernisasie gestel word. In hierdie verband beteken hervorming vir Huntington (1968: 140) "... the changing of traditional values and behavior patterns, the expansion of communications and education, the broadening of loyalties from family, village, and tribe to nation, the secularization of public life, the rationalization of authority structures, the promotion of functionally specific organizations, the substitution of achievement criteria for ascriptive ones, and the furthering of a more equitable distribution of material and symbolic resources." Die eis van 'n gemoderniseerde (oorgangs) omgewing bring mee dat nuwe politieke groeperings, wat as gevolg van moderniserende kragte tot stand gekom het, deur die stelsel geassimileer moet word en dat ruimte binne die stelsel vir hul deelname geskep moet word.

In sy formulering van hervormingstrategieë vir tradisionele samelewings, het Huntington waardevolle inligting gaan haal uit gevallestudies van talle lande wat ondermeer insluit Saoedi-Arabië, Iran, Afganistan, Ethiopië, Marokko en Japan. [Lesers word verwys na Huntington (1968: 140-191) vir gedetailleerde besonderhede oor hierdie gevallestudies. In hierdie afdeling word daar slegs in die breë by die belangrikste aanbevelings vir hervorming in tradisionele samelewings stilgestaan]. Die belangrikste politieke kragte wat deur die hervormer in 'n tradisionele konteks in berekening gebring moet word, sluit in die monargie, die kerk, die aristokrasie (grondbesittersklas) en die weermag. Vir Huntington (1968: 159) is dit belangrik dat "... a favorable balance among these social forces" bewerkstellig moet word. Ten einde te kan hervorm, moet die terrein hiervoor voorberei word. Die volgende moet as prioriteite binne 'n tradisionele konteks nagestreef word:

* Die konsolidering en sentralisering van staatsmag in 'n eenpartystelsel met die monarg as moontlike leier. Die steun van die weermag en die burokrasie, gemobiliseer in ondersteuning van die monarg, as teenvoeters vir die kerk en die grondbesittersklas is belangrik vir 'n proses van ewolusionêre verandering.

* 'n Staatbouproses moet geïnisieer word, wat uitdrukking gee aan dit wat in 'n moderne omgewing van 'n staat verwag word. Die klem moet in hierdie verband val op doeltreffende organisasie, verbeterde administrasie, die regulering en verspreiding van ekonomiese welvaart, verbeterde kommunikasie en 'n doeltreffende weermag.

*** Die regulering en beheer van modernisasie (sosiale mobilisasie en politieke deelname as verwante en aaneengeskakelde prosesse) is belangrik in die lig van patrone van politieke onstabiliteit en die rewolusionêre potensiaal in sulke samelewings (Huntington, 1968: 155-160). [Vergelyk ook Huntington (1965: 419-430) vir algemene riglyne wat die hervormer moet gebruik ten einde politieke stabiliteit te verseker. Hy beklemtoon die daarstelling van 'n meer komplekse politieke struktuur (differensiasie), beperkings op kommunikasie in die samelewing, die kanalisering van belange uit die politieke arena en die vermindering van kompetisie tussen elites.]

Huntington gaan sover om enkele praktiese probleme waarmee die hervormer te kampe sal hê, uit te spel. 'n Eis vir politieke institusionalisering is die gelyktydige sentralisering van politieke mag en die verbreding van 'n ondersteuningsbasis. In praktyk kan die gelyktydige hantering van hierdie eise egter 'n dilemma skep. Die sentralisering van mag deur die monarg kan lei tot die verskraling van sy magsbasis (Huntington, 1968: 177). Binne die Huntington-filosofie is die politieke party die ideale meganisme om die sentralisering en die uitbreiding van politieke mag gelyktydig te verseker.

'n Ander praktiese probleem is die strewe na die bevordering van beide politieke en ekonomiese gelykheid (Huntington, 1968: 177). Beide eise is afkomstig vanuit 'n omgewing waarin die kragte van modernisasie werksaam is. Om ekonomiese gelykheid te bevorder deur byvoorbeeld die grondbesitstelsel te verander, is die konsolidering en sentralisering van politieke mag nodig, terwyl politieke gelykheid in terme van die bevordering van die demokratiese ideaal en die assimilasie van nuwe groepe in die politiek die desentralisasie van mag impliseer. Geen algemeengeldende oplossing word deur Huntington in die vooruitsig gestel vir die hantering van hierdie probleme nie. Die uniekheid van omstandighede, leierskap en strategie en taktiek soos vroeër beklemtoon) is belangrike faktore wat die aard en gang van wolusionêre hervorming in hierdie samelewings bepaal.

untington (1968: 177-191) identifiseer drie hervormingstrategieë wat deur 'n monarg evolg kan word, naamlik:

Die beëindiging van die monargie en die vestiging van 'n konstitusionele demokrasie (1968: 177-180).

Die mobilisering van die steun van die volk vir die monargie (Huntington, 1968: 177, 180-185).

*** Die behoud van die monargie deur hervorming (veral die verbreding van deelname) op die agtergrond te dwing en 'n demper op 'n ontwakende politieke bewussyn te plaas.

Eersgenoemde strategie impliseer "... a basic transfer of legitimacy from the sovereignty of the monarch to sovereignty of the people ..." (Huntington, 1968: 178). Waar hierdie transformasie wel suksesvol plaasgevind het, was dit 'n baie tydsame proses en het die rol van die monarg van 'n funksionele (aktiewe) na 'n simboliese passiewe rol verander soos goed geïllustreer in die Britse en Japannese konstitusionele bedelings. 'n Alternatiewe opsie (binne hierdie strategie) is vir die monarg om aktief aan die politiek deel te neem deur die stigting van 'n party in 'n poging om as president of premier aan te bly (Huntington, 1968: 178). (Dit was die strewe van Sihanouk in Kambodja in 1955).

Die mobilisering van die volk se steun vir die monargie (die tweede strategie) is deur verskeie leiers in state probeer. Hier is die strewe om 'n monargale bewind te versoen met 'n volksregering waar steun deur politieke partye gemobiliseer word (Huntington, 1968: 180-181). As gevolg van die uiteenlopendheid van tradisionele en moderne belangesfere en die afwesigheid van sterk partye was die suksesse van hierdie benadering uiters gering in state soos Nepal, Marokko en Iran (Huntington, 1968: 181-185).

Pogings om die monargie in sy bestaande vorm te handhaaf deur veral politieke deelname aan bande te lê (die derde strategie), impliseer die sentralisering van mag wat langs drie weë realiseer. Ten eerste kan die monarg konserwatiewe en liberale leiers in sy regering opneem en daardeur ontevredenheid aan bande lê. Hierdeur kan die behoud van die monargie minstens tydelik gewaarborg word. [Vergelyk die situasie in Iran en Afganistan tydens die sestigerjare (Huntington, 1968: 186).] Tweedens kan die monarg poog om modernisasie aan bande te lê wat impliseer dat die monargie teen vreemde en negatiewe invloede beskerm moet word. Huntington 1968: 188) verwys na Ethiopië (1960) waar hierdie weg met min sukses gevolg is. erdens kan modernisasie bevorder word, maar onstabiliteit wat potensieel hieruit an voortspruit, met mag en geweld onderdruk word. In 'n toenemende mate is die onarg dan aangewese op die "veiligheidsestablishment" om wet en orde te andhaaf. Huntington (1968: 191) beklemtoon dat die logiese weg in geval van die aste opsie opstand en geweld is. Die rewolusie in Iran (1979) is 'n sprekende oorbeeld in hierdie verband.

untington (1968: 191) kom tot die gevolgtrekking dat die toekoms van tradisionele onargieë alles behalwe rooskleurig is. Trouens, die toekoms van tradisionele

monargieë word in drie kategorieë geplaas, naamlik oligargiese monargieë, praetoriaanse samelewings of die moontlikheid van rewolusionêre verandering. Aan ewolusionêre hervorming in 'n praetoriaanse samelewing word daar vervolgens aandag gegee.

## 2.3 Ewolusionêre hervorming in 'n praetoriaanse samelewing

In afdeling 2.3 van hoofstuk 4 van hierdie studie is daar reeds aandag aan praetoriaanse samelewingstoestande gegee met spesifieke verwysing na die onderskeie fases van praetorianisme. (Lesers word na bogenoemde afdeling verwys met die oog op volledige besonderhede ten einde onnodige herhaling te voorkom.) Die behandelde gedeelte in hoofstuk 4 het veral betrekking gehad op die afdeling *praetorianism and political decay* (1968: 192-263). Binne hierdie afdeling val die fokus op die strategiese aspekte van politieke hervorming in praetoriaanse samelewings met spesifieke verwysing na die rol wat militêre instellings speel om die ewolusionêre verandering van politieke instellings moontlik te maak. Hierdie rol wat militêre instellings in belang van orde, stabiliteit en ewewigtige verandering kan speel, met as taak die beskerming en beveiliging van die politieke stelsel, kom veral na vore tydens die fases van radikale en massapraetorianisme. Eerstens word daar gefokus op die rol van militêre instellings ten tyde van radikale praetorianisme.

Die skepping van 'n middelklas, 'n hoogs onstabiele proses wat veral in die stede manifesteer, is kenmerkend van hierdie fase. Radikale praetorianisme word gekenmerk deur 'n stryd tussen middelklaselemente (wat insluit arbeidersgroepe, intellektuele en studente) en die regering van die dag - dit wil sê 'n stryd tussen maghebbers en nuut gemobiliseerde groepe in die politieke samelewing. Huntington (1968: 197) verwys in hierdie opsig na 'n stryd tussen, wat hy tipeer as "... institutional and occupational groups". Die onvermoë van enige van hierdie twee groepe om die stryd na 'n bepaalde kant toe te dwing en die gepaardgaande politieke onstabiliteit forseer die weermag om in belang van orde en stabiliteit beheer oor te neem. Op basis van die uitgangspunt dat "(m)onks and priests can demonstrate, students riot, and workers strike, but no one of these groups has, except in most unusual circumstances, demonstrated any capacity to govern" (Huntington, 1968: 217) word beklemtoon dat militêre instellings die enigste groepering in ontwrigte samelewings is wat orde en stabiliteit kan herstel. Huntington (1968: 216-217) beklemtoon verder dat "(m)ilitary intervention then serves to halt the rapid mobilization of social forces into politics and into the streets... Military intervention... often marks the end of a sequence of violence in politics."

In hierdie fase voer die weermag 'n staatsgreep uit om die politieke mag te bekom en speel 'n progressiewe rol deurdat dit 'n deelnemer in die belang van middelklasgroepe is en vervul verder ook die rol van arbiter tussen kompeterende sosiale groepe (1968: 221). Dus, ten tyde van radikale praetoriaanse toestande in samelewings kan die weermag en ander militêre instellings die rol van hekwagter vervul wat aan 'n groeiende middelklas toegang en 'n staanplek in die politiek waarborg.

Wanneer sosiale mobilisasie en politieke deelname groepe vanuit die laer klasse van die samelewing tot die politiek mobiliseer, dit wil sê politieke mobilisasie en deelname op 'n veel meer uitgebreide skaal, word 'n toestand van massapraetorianisme betree (Huntington, 1968: 222). Hierdie fase word deur grootskaalse politieke onstabiliteit gekenmerk met die moontlikheid van rewolusie sterk op die voorgrond. In teenstelling met die progressiewe rol wat militêre instellings ten tyde van radikale praetorianisme vervul, kan die rol tydens die fase van massapraetorianisme as konserwatief beskryf word. Huntington (1968: 222) sien die "historiese taak" van militêre instellings in toestande waar praetorianisme aanwesig is, as die groep wat die politieke deure vir die middelklas oopmaak en dit vir die laer klasse toesluit. Tydens die fase van massapraetorianisme kan 'n tweërlei rol by militêre instellings onderskei word, naamlik die rol van politieke arbiter met 'n vetoreg en as beskermheer (guardian) van die politieke stelsel (Huntington, 1968: 222-226). Hierdie onderskeibare rolle wat militêre instellings potensieel kan vervul, kan reeds in die fase van radikale praetorianisme na vore tree.

### 2.3.1 Die vetorol van militêre instellings

Die vetorol wat militêre instellings kan uitoefen, kom tot uitdrukking onder verskillende omstandighede. Indien militêre instellings ontevrede is met 'n groepering wat 'n algemene verkiesing wen, kan dit op 'n staatsgreep uitloop (Huntington, 1968: 223). Tweedens is 'n staatsgreep 'n moontlikheid wanneer militêre instellings in stryd verkeer met die regering van die dag ten opsigte van algemene beleidsrigtings. Huntington (1968: 233-237) identifiseer verskillende wyses waarop militêre instellings 'n vetorol kan vervul. In dié verband word daar van verskillende rolmodelle gebruik gemaak waarin militêre instellings 'n vetorol vervul het.

) **Die Aramburu-opsie (teruggee en beperk):** 'n Bewindsoorname deur die weermag, met as doel die verwydering van ongewenste elemente uit die politieke stelsel, waarna politieke mag aan 'n gematigde groep teruggegee word, is kenmerkend van hierdie opsie. Die weermag behou egter die opsie om teen groepe

wat die stelsel bedreig, te kan optree. In uiterste gevalle kan militêre instellings toetree en die bewind oorneem, indien die verkeerde politieke weg gevolg sou word. Generaal Arambura het hierdie weg in Argentinië gevolg met die beëindiging van die bewind van Juan Peron (Huntington, 1968: 233).

b) **Die Gurzel-opsie (teruggee en uitbrei):** 'n Bewind met 'n beperkte ondersteuningsbasis word deur militêre instellings in 'n staatsgreep oorgeneem. Sosiale groepe wat vroeër verbied is (tydens die militêre oorname of voor die tyd) word toegelaat om aan die politiek deel te neem in 'n poging om die politieke orde te normaliseer. Dikwels word 'n nuwe politieke elite deur 'n verkiesing aan bewind gestel. Hierdie opsie is deur generaal Gurzel in Turkye (1961) uitgeoefen (Huntington, 1968: 234-235).

c) **Die Castello Branco-opsie (die behoud van mag en die plasing van beperkings op politieke deelname):** Hierdie opsie beteken dat militêre instellings deur middel van 'n staatsgreep politieke mag oorneem, en hierdie politieke mag behou, waardeur sosiale mobilisasie en politieke deelname aan bande gelê word. Generaal Castello Branco het in 1965 hierdie opsie in Brasilië gevolg (Huntington, 1968: 235-236).

d) **Die Peron-opsie (die behoud en uitbreiding van politieke mag):** Na die uitoefening van 'n staatsgreep poog die militêre leier of elite om sy/hul posisie te konsolideer. Die stigting van 'n party om volksteun te molibiseer is nie uitgesluit nie. Hierdie opsie is deur beide Juan Peron in Argentinië en Rojas Pinilla in Colombia gevolg (Huntington, 1968: 236-237).

Die tweede rol wat die weegmag in 'n fase van massa-praetorianisme kan vervul, is dié van beskermheer, suiweraar en bouer van die politieke stelsel.

### 2.3.2 Militêre instellings as beskermheer, suiweraar en bouer van politieke instellings

In toestande van geweldige ontwrigting van 'n samelewing, soos aangetref in die fase van massapraetorianisme, kan militêre instellings genoodsaak word om in belang van orde en stabiliteit die rol van beskermheer, suiweraar en bouer van die politieke stelsel te vervul. Huntington (1968: 225, 232-233) tipeer die rol van militêre instellings in hierdie fase as "... the guardians and perhaps the purifiers of the existing order... The guardian role of the military is based on the premise that the causes of military intervention arise from temporary and extraordinary disruption of the political system." Die militêre instelling se politieke rol word deur Huntington (1968: 225) as dié van 'n oogdelike instelling beskryf.

Die taak van beskermheer van die politieke stelsel kan ook meebring dat militêre instellings die rol van institusiebouer kan vervul (Huntington, 1968: 237-261). Met "institusiebouer" word bedoel dat militêre instellings die omgewing stabiliseer waarin politieke institusionalisering dan kan plaasvind. Huntington (1968: 239, 242-243) maak die stelling dat "(c)olonels can run a government; students and monks cannot" en verder "(u)nlike a charismatic leader or the leader of a particular social force, the military leaders do not face an insoluble dilemma in the development of political institutions. As a group, the military junta can retain power at the same time that they institutionalize it ... They can, in a sense, convert military *intervention* in politics into military *participation* in politics" (1968: 242-243).

In oorgangstoestande van hierdie aard, waar politieke onstabiliteit op die voorgrond staan en 'n moontlike rewolusie wink, kan militêre instellings die grondslag vir politieke institusionalisering verskaf. Indien militêre instellings nie meer hierdie rol kan vervul nie, word rewolusie 'n werklikheid.

## 2.4 Rewolusionêre hervorming as wyse van politieke institusionalisering

Die begrip rewolusie, die sentrale fokus in hierdie afdeling, is 'n term waaraan daar verskillende betekenisse geheg word - veral in 'n era wat as *"the age of revolution"* bekend staan. Desnieteenstaande bestaan daar breë konsensus by politieke wetenskaplikes oor wat met rewolusie in die politieke sin van die woord bedoel word, hoewel verskillende manifestasies van die fenomeen uiteraard onderskei word. Rewolusie as begrip is afgelei van die Latynse woord *revolutio* wat omwenteling, terugwenteling of rotasie beteken. Dit was egter die Franse Rewolusie van 1789 wat in 'n politieke sin meer konkrete betekenis aan die begrip "rewolusie" gegee het. Pettee (1971: 96) wys daarop dat "(t)he French revolution was the revolution which cracked the modern conciousness and made men realize that revolution is a fact, that a great revolution may occur in a modern progressive society". Volgens Huntington (1968: 265) het die Franse Rewolusie 'n bewustheid van rewolusie wêreldwyd laat posvat. In die periode sedert die Tweede Wêreldoorlog het verskeie denkers en skrywers die fokus laat val op rewolusionêre oorlogvoering oftewel moderne rewolusies soos wat dit prakties gemanifesteer het in China, Viëtnam en Kuba.

Binne die denke van Huntington kan klassieke rewolusies van moderne rewolusies onderskei word in terme van die patroon van verandering in die algemeen en veral die verskillende stappe in die veranderingsproses. Twee patrone van rewolusie, naamlik 'n Westerse en 'n Oosterse word deur Huntington (1968: 267-274)

onderskei. Die Westerse patroon van rewolusie begin met die ineenstorting van bestaande politieke instellings deur die minimum aanwending van politieke mag. Huntington (1968: 267) onderskryf ten opsigte van die Westerse patroon van rewolusie Pettee (1971: 100) se standpunt dat die besef bykans oornag posvat dat die staat in sy ou vorm nie meer kan voortbestaan nie. [Pettee (1971: 100) verklaar: "The revolution does not begin with the attack of a powerful new force upon the state. It begins simply with the sudden recognition by almost all the passive and active members that the state no longer exist."] Die tweede stap in die klassieke patroon van rewolusionêre verandering is die mobilisasie van nuwe groepe in die politiek wat potensieel kan lei tot die skepping van nuwe politieke instellings. Beide die Franse en Russiese rewolusies kan as voorbeelde van die Westerse patroon (die klassieke rewolusie) voorgehou word.

In teenstelling met die Westerse patroon van rewolusie word die Oosterse patroon in die eerste plek deur die uitbreiding van politieke deelname en die vestiging van alternatiewe politieke strukture gekenmerk (Huntington, 1968: 271). Dit word gevolg deur die konsolidering van politieke mag in 'n rewolusionêre elite wat in beheer staan van 'n rewolusionêre organisasie. 'n Stryd ontwikkel tussen die regering en die rewolusionêre en slegs beperkte grond bestaan vir gematigdes soos wat die posisie van die destydse politieke leier in Rhodesië, Abel Muzerewa, tereg aandui. Soos wat die rewolusionêre proses voltrek word, verdwyn die middelgrond en 'n direkte konfrontasie tussen die owerheid en die rewolusionêre word afgedwing (Huntington, 1968: 272). Aanvanklik neem die stryd die vorm van 'n guerilla-oorlog aan met terroriste-aktiwiteite, propaganda en intimidasie. Hoe sterker die rewolusionêre beweging, hoe minder word daar van intimidasie en geweld gebruik gemaak, aangesien genoegsame steun reeds gemobiliseer is (Huntington, 1968: 274). 'n Belangrike doelwit van die rewolusionêre is die vestiging van beheer oor sekere dele van die land wat dan as militêre basisse ingerig word (vergelyk die Viëtnamese en Chinese rewolusies). Die platteland vorm die fokuspunt vir die organisasie en mobilisasie van steun en dien as basis of basisse vir die finale konvensionele aanslag. [Vergelyk ook Sarkesian (1975: 1-19) vir dieselfde perspektief as die van Huntington.] Die ineenstorting van die ou regime dui op die einde van die rewolusionêre stryd en word gevolg deur 'n rewolusionêre oorname en die vestiging van gesag deur 'n rewolusionêre party soos wat in China en Viëtnam plaasgevind het (Huntington, 1968: 272). Met bogemelde twee patrone van rewolusie in gedagte definieer Huntington (1968: 264) 'n rewolusie as "(a) rapid, fundamental and violent domestic change in the dominant values and myths of a society, in its political institutions, social structure, leadership and government activity and policies" [Vergelyk ook Pettee (1971: 3) se beskouing van rewolusie as "... a reconstitution of the state ..." wat

ooreenstem met die denke van Huntington]. Anders as wat die geval was met sy konseptuele analise van sosiale mobilisasie en selfs institusionalisering bied Huntington 'n gesaghebbende definisie vir rewolusie aan wat op algemene erkenning aanspraak maak. Binne sy beskouing van rewolusie word dit onderskei van rebellies, staatsgrepe en onafhanklikheidsoorloë as gevolg van die groter omvang daarvan sowel as die verreikende implikasies wat dit vir bestaande instellings inhou.

Soos wat die geval met ingrypende ewolusionêre hervorming is, is rewolusie nie 'n verskynsel wat algemeen voorkom nie. Trouens, rewolusie is vir Huntington 'n verskynsel wat afhanklik is van bepaalde omstandighede in samelewings - veral samelewings wat deur die kragte van modernisasie ontwrig is en waar oorgangstoestande aanwesig is. Huntington (1968: 264-265) plaas besondere klem op die verband tussen rewolusie en modernisasie en wys daarop dat rewolusie as uitdrukking van 'n gemoderniseerde lewens- en wêreldbeskouing 'n resultaat is van die moderne mens se oortuiging dat hy 'n reg het om sy omgewing te verander en ook oor die vermoë beskik om dit te kan doen. Vandaar die stelling: "Revolution is ... an aspect of modernization. It is not something which can occur in any type of society at any periode in its history. It is ... an historically limited phenomenon" (Huntington, 1968: 265).

Vir Huntington (1968: 265-266) manifesteer rewolusies in omstandighede waar hoë vlakke van sosiale mobilisasie en politieke deelname bestaan terwyl lae vlakke van institusionalisering aan die orde van die dag is. Trouens, Huntington verklaar die verskynsel van rewolusie teen die agtergrond van sy analitiese perspektief ten opsigte van 'n verklaring vir politieke ontwikkeling/verval en slaag daarin om 'n kousale teorie oor rewolusie daar te stel. Daarom beklemtoon hy (1968: 266) dat "(t)he political essence of revolution is the rapid expansion of political consciousness and the rapid mobilization of new groups into politics at a speed which makes it mpossible for existing political institutions to assimilate them. Revolution is the xtreme case of the explosion of political participation". (Lesers word vir volledige esonderhede oor Huntington se analitiese model verwys na afdeling 2.2 van oofstuk 4 en veral figuur 4.3 van hierdie studie.) Vir Huntington (1968) is 'n rewolusie lus niks anders nie as 'n "ontploffing" van politieke deelname wat gepaard gaan met ie onvermoë van politieke instellings om hierdie deelname, teweeggebring deur nelle mobilisasie, institusioneel te akkommodeer.

terme van sy kriteria vir politieke ontwikkeling/verval (vergelyk afdeling 2.2 van oofstuk 4) word daar 'n onderskeid tussen onvolledige en volledige rewolusies tref. 'n Onvolledige rewolusie is 'n toestand waar die "ontploffing" van politieke

deelname plaasgevind het, maar dit nie aan politieke instellings ooreenkomstig sy kriteria vir politieke institusionalisering beslag gegee het nie. Die Franse Rewolusie van 1789 is volgens die Huntington-kriteria 'n voorbeeld van 'n onvolledige rewolusie. Hierteenoor word 'n volledige rewolusie gekenmerk deur snelle mobilisasie en deelname wat aan die institusionalisering van 'n nuwe politieke orde beslag gee. Huntington (1968: 266) wys daarop dat "(a) full-scale revolution thus involves the rapid and violent destruction of existing political institutions, the mobilizations of new groups into politics, and the creation of new political institutions".

In samehang met die kousale verklaring vir rewolusie soos hierbo uiteengesit (volgens sy teorie van politieke ontwikkeling/verval) vind Huntington dit nodig om algemene omstandighede dit wil sê 'n aanvullende realistiese verklaring vir die voorkoms van rewolusie aan te bied. Aan hierdie aspek word daar vervolgens aandag gegee.

### 2.4.1 Omstandighede wat rewolusie bevorder

Op basis van die uitgangspunt dat "... aspiring groups and rigid or inflexible institutions are the stuff of which revolutions are made" beklemtoon Huntington (1968: 275-277) dat praetoriaanse samelewings, veral toestande eie aan radikale praetorianisme, onderskei kan word van samelewings waar rewolusie voorgekom het, deur die fokus op die aard van opposisie teen regimes te laat val. In praetoriaanse samelewings is opposisie meestal beperk tot die stede of is dit die sentrale fokus van opposisie teen 'n regime terwyl rewolusie deur 'n kombinasie van landelike en stedelike kragte moontlik gemaak word. (Laasgenoemde standpunt word deur beide Johnson (1964: 5) en Pettee (1971: 12) onderskryf. Pettee wys byvoorbeeld daarop dat "... a revolution can only be carried out by an alliance of several classes under the leadership of mainly one of them, and occurs only when almost the entire society has reached the point of concent to the destruction of the old state.") Drie besondere faktore wat rewolusie in die hand werk, word deur Huntington (1968: 277) beklemtoon, naamlik:

* Die mate waarin die middelklas politieke deelname ontsê word;

* Die uitsluiting van die landelike groeperings van die politieke besluitnemingsprosesse;

* 'n Samewerkingsband tussen bogenoemde kategorieë waarin die middelklas as die brein en die landelikes as die skoktroepe optree. (Vergelyk ook Duvenhage, 1989: 131-132; 1992: 48).

Dit is veral die derde faktor wat rewolusie as verskynsel onderskei van radikale praetorianisme, dit wil sê onstabiliteit in die stede en massapraetorianisme, die voorloper tot rewolusie. Laasgenoemde impliseer die mobilisering van steun in die stede sowel as die platteland [Vergelyk Huntington (1968: 198-237) vir besonderhede oor sy onderskeid tussen radikale en massapraetorianisme.] Die orkestrering van landelike en stedelike kragte ten tyde van massapraetorianisme is 'n kombinasie van kragte wat rewolusie onafwendbaar maak.

Addisioneel tot hierdie drie faktore beklemtoon Huntington (1968: 300-308) dat nasionalisme 'n bepalende bydrae kan lewer om groeperinge met uiteenlopende behoeftes, belange en lewens- en wêreldbeskouing in 'n eenheid saam te snoer teen die bestaande regime. Dit is veral 'n gemeenskaplike nasionalisme wat samewerking tussen die middelklas en die landelikes bevorder wat rewolusie onafwendbaar maak. Nasionalisme as bydraende faktor tot rewolusie is prominent waargeneem in gebiede wat onder eksterne of koloniale beheer was soos die dekolonisasieproses in sommige derdewêreldstate van getuig. [Die Algerynse Rewolusie van 1962 is 'n sprekende voorbeeld in hierdie verband. Vergelyk Kuper (1974), (1977) vir besonderhede oor hierdie rewolusie.] Die persepsie dat 'n gemeenskaplike vyand in die buiteland verantwoordelik is vir 'n onaanvaarbare binnelandse situasie bevorder 'n middelpuntsoekende strewe by groeperinge met uiteenlopende belange, behoeftes en strewes wat olie op die vuur van rewolusie kan wees. Huntington (1968: 308) kom tot die gevolgtrekking dat "(n)ationalism is the cement of the revolutionary alliance and the engine of the revolutionary movement." As kwalifikasie wys hy (1968: 305) daarop dat buitelandse invloede nie in 'n deterministiese sin tot rewolusie hoef by te dra nie, aangesien rewolusies plaasgevind het waar buitelandse invloede beperk was soos waarvan die Franse en Russiese rewolusies sprekende voorbeelde is. Die omstandighede wat rewolusie bevorder, word verder verduidelik deur op die onderskeie rolle van akteurs te konsentreer.

## .4.2 Politieke akteurs en die rewolusie

en tyde van ingrypende politieke verandering waar die transformasie van politieke stellings ter sprake is, speel bepaalde politieke akteurs onder verskillende mstandighede wisselende en selfs uiteenlopende rolle. Die eiesoortige aard van wolusionêre verandering veronderstel egter ideaaltipiese optredes en veronderstel e uitlewing van bepaalde rolle deur akteurs. Huntington (1968: 278-300) onderskei ssen akteurs binne die landelike en die stedelike komponente van die samelewing at in 'n meerdere of mindere mate 'n bydrae tot rewolusionêre verandering kán

lewer. Eerstens val die fokus op akteurs binne die stedelike komponent van die samelewing se bydrae tot rewolusie.

### 2.4.2.1 Die stedelike komponent

Binne hierdie komponent tref Huntington onderskeid tussen die lumpenproletariaat, die fabriekwerkers en middelklas-intellektuele. In hierdie afdeling word daar kortliks stilgestaan by die onderskeie rolle van hierdie akteurs en hoe dit tot die rewolusionêre verandering van politieke instellings kan meehelp.

a) **Die lumpenproletariaat:** Hierdie kategorie verwys na die arm klas in stede met beperkte politieke aspirasies en klassebewussyn. Volgens Huntington (1968: 278) is die lumpenproletariaat as stedelike groep nie ingestel op die rewolusionêre verandering van die samelewing nie. Die gedrag van hierdie groep word as status quo-georiënteerd beskryf, dit wil sê basies konserwatief, en verskillende redes word hiervoor aangebied. Ten *eerste* word aangevoer dat hierdie groepering se lewenstandaard met die verhuising na die stad verbeter het wat hul positief instel teenoor die bestaande orde. *Tweedens* is die sosiale struktuur van hierdie kategorie sterk tradisioneel gebonde en familie-georiënteerd. Dit het as resultaat onderlinge verdeeldheid met 'n gebrekkige solidariteit en groepsbewussyn as kenmerk wat 'n onbevredigende grondslag vir rewolusie daarstel, aangesien eendragtige en solidêre optrede tydens rewolusie vereis word. *Derdens* is 'n bondgenootskap met die stelsel in die belang van hierdie kategorie met betrekking tot hul strewe om basiese behoeftes te bevredig. In hierdie verband beklemtoon Huntington (1968: 280) dat "(h)e who is concerned about eating is unlikely to be concerned about revolting".

Huntington (1968: 278-282) kom tot die gevolgtrekking dat die lumpenproletariaat deaaltipies gesproke, hoofsaaklik as gevolg van 'n konserwatiewe oriëntasie, 'n anti-ewolusionêre akteur is. Boonop kan ontevredenheid binne hierdie kategorie maklik deur hervormingsmaatreëls ondervang word en kan die stelsel die simpatie van ierdie groep daardeur behou.

) **Die fabriekswerkers:** Waar vakbonde op 'n relatief laat stadium in die Wes-uropese modernisasieproses na vore getree het, teen die agtergrond van rbeidsonrus en politieke onstabiliteit, is die teenoorgestelde waar van onwikkelende tate (Huntington, 1968: 284). Die relatief vroeë tydstip waarop vakbonde in die ntwikkelende state orent gekom het, het hierdie strukture deel van die bestaande olitieke orde gemaak. Dit is binne hierdie verband dat Huntington (1968: 285) aarop wys dat "... labour (is) less radical because unions are formed early, but the ions themselves also tend to be less radical because they are often outgrowths of

the establishment rather than protests against the establishment" en verder "(t)he labour movement in these countries is, in general, a much more conservative force than it was in the early stage of industrialization in the West."

Huntington (1968: 283-288) kom tot die gevolgtrekking dat fabriekswerkers, selfs meer as wat dit die geval met die lumpenproletariaat is, 'n konserwatiewe, status quo-georiënteerde krag is wat rewolusie inhibeer. Hy (1968: 288) bevestig dat "(l)abour organizations were created by politics and are active in politics: their goals, however, are not political but economic."

c) **Die middelklas en intellektuele:** Die uitgangspunt dat die middelklas 'n stabiliserende invloed op 'n samelewing kan hê, soos wat deur denkers binne die liberaal-ekonomiese denke aanvaar word (vergelyk Tocqueville, 1953: 3-16; 46-54; Moore, 1966: 413-432), word ook deur Huntington (1968: 289) onderskryf. Hy kwalifiseer egter hierdie opvatting deur daarop te wys dat die totstandkoming van 'n middelklas as gevolg van industrialisasie en modernisasie, dit wil sê dit wat in talle ontwikkelende state in wording is, 'n hoogs onstabiele proses is met 'n sterk rewolusionêre potensiaal. Vandaar die stelling dat "(t)he creation of a middel class, like economic growth ... is often a highly destabilizing event" (1968: 289). As uitbouing van sy argument word dit beklemtoon dat ten tyde van die ontstaan van 'n middelklas in 'n samelewing dit meestal radikaal en rewolusionêr van aard kan wees. Soos die middelklas egter groei en meer mense deel van hierdie klas word, word dit 'n konserwatiewe groep (Huntington, 1968: 289). Met hierdie opvatting bring Huntington nuwe perspektief en insig tot die verstaan van die transformasie van politieke instellings in oorgangstye en beklemtoon dit sy sentrale vertrekpunt dat sodanige veranderingsproses deur onstabiliteit en onewewigtigheid gekenmerk kan word. Trouens, sy beskouing oor die rol van die middelklas ten tyde van ingrypende verandering werp daarop lig oor waarom Westerse state met 'n groot en gevestigde middelklas deur politieke stabiliteit gekenmerk word, terwyl talle ontwikkelende state waar 'n middelklas in wording is deur politieke onstabiliteit en onewewigtigheid gekenmerk word. Hierdie nuwe perspektief staan in die teken van die paradigma-verandering ten opsigte van die verstaan van die transformasie van politieke instellings in oorgangstye waarvoor Huntington (1965; 1968) verantwoordelik was. [Vergelyk afdeling 5 van hoofstuk 3 van hierdie studie vir besonderhede oor die aard en kenmerke van hierdie paradigmaverandering.]

Akademici en studente vorm vir Huntington die intellektuele komponent in die middelklas en het volgens hom wêreldwyd belangrike bydraes tot rewolusionêre verandering gelewer. Dit is juis die feit dat hierdie groep los staan van die "politieke

establishment" wat hul krities daarteenoor instel. Huntington (1968: 289-290) kom tot die gevolgtrekking dat "(t)he true revolutionary class in most modernizing societies is, of course, the middle class ... The city is the centre of opposition within the country; the middle class is the focus of opposition within the city; the intelligentsia is the most active oppositional group within the middle class; and students are the most coherent and effective revolutionaries within the intelligentsia".

### 2.4.2.2 Die landelike komponent

Die opvatting dat die landelike kategorie van 'n oorgangsamelewing 'n deurslaggewende rol kan speel om rewolusionêre verandering mee te bring, word wyd in die literatuur aangetref (Vergelyk Sarkesian, 1975: 3-18; Tse Tung, 1973: 359). Veral die argitekte van moderne rewolusies soos Mao Tse Tung, Giap, Guevara en Castro identifiseer die landelike bevolking as die sleutel tot sukses in die rewolusionêre verandering van politieke instellings. Volgens Huntington (1968: 291-300) is geen rewolusie moontlik sonder die deurslaggewende bydrae van die landelike kategorie in die samelewing nie. Huntington (1968: 291) beweer selfs dat "(t)he overthrow of a government by urban groups ... does not normally mean the overthrow of the political and social system. It is a change within the system, not of the system ... (The creation of a revolution) requires the active participation of rural groups". Vandaar die perspektief dat wie ook al in 'n oorgangsamelewing die ondersteuning het van die landelike bevolking ook die vermoë het om die land te kan regeer en sodoende politieke stabiliteit te verseker (Huntington, 1968: 291-292). Vir Huntington (1968: 291-292) is die stedelike kategorie met spesifieke verwysing na die middelklas en die intellektuele (en in 'n mindere mate die lumpenproletariaat en fabriekswerkers) bronne en potensiële bronne van opposisie teen die bestaande politieke stelsel. Die landelike komponent, in teenstelling tot die stedelike komponent, is meestal status quo-georiënteerd. Wanneer laasgenoemde komponent egter polities gemobiliseer word in terme van dit wat deur Huntington (1968: 219-237) as massapraetorianisme voorgehou word, word die terrein vir rewolusie voorberei. Huntington (1968: 291-300) poog egter om die redes vir die landelike komponent se betrokkenheid by die politiek in die algemeen en ten opsigte van rewolusionêre verandering in die besonder te verklaar.

Die grondliggende rede vir die politieke mobilisering van landelikes moet volgens Huntington (1968: 298-300) op die invloed van modernisasie op hierdie bevolkingsdeel gesoek word. Modernisasie en die strewe na moderniteit skep verwagtinge by hierdie komponent en dien as grondslag vir hul mobilisering in die politiek. (Hoewel nie uitgespel nie, val Huntington terug op sy kousale teorie vir

politieke ontwikkeling/verval in oorgangsamelewings. Lesers word vir besonderhede hieroor verwys na afdelings 2.1 en 2.2 van hoofstuk 4 van hierdie studie). Ten einde aan die verwagtinge van hierdie mense te voldoen, moet die sosiale struktuur in die landelike gebiede met inbegrip van die grondbesitstelsel ingrypend verander word - 'n proses wat soms gewelddadig kan plaasvind en minstens oor 'n groot rewolusionêre potensiaal beskik. Bogenoemde impliseer immers verreikende veranderinge aan die bestaande sosio-politieke en sosio-ekonomiese orde. Hiermee saam word ontwrigting en 'n konflikpotensiaal in die vooruitsig gestel. Vandaar die potensiaal vir diskontinuïteite, onewewigtighede en selfs rewolusie in dit wat as oorgangsamelewings beskryf kan word.

Die landelike komponent in 'n oorgangsamelewing verkeer in die situasie dat die totale sosio-politieke orde verander moet word ten einde verwagtinge en frustrasies van hierdie groepering polities en institusioneel te kan akkommodeer. Daarom wys Huntington (1968: 299) daarop dat "... the peasant, unlike the industrial worker, has no alternative but to attack the existing system of ownership and control. Land reform, consequently, does not mean just an increase in the economic wellbeing of the peasant. It involves also a fundamental redistribution of power and status, a reordering of the basic social relationships which had previously existed between landlord and peasant." Vandaar die besondere rol wat die landelike komponent kan speel om rewolusionêre verandering in 'n bestaande orde teweeg te bring. Dit verklaar dan ook waarom Huntington (1968: 291-300) so 'n hoë premie plaas op die potensiële rol wat die landelike kategorie kan en moet speel om rewolusionêre verandering teweeg te bring. Hy verwys na talle gevallestudies, met inbegrip van Frankryk (1789) en Rusland (1917), om sy argumente in hierdie verband te motiveer.

In die finale instansie beklemtoon Huntington (1968: 277-278) dat die gekombineerde kragte van die middelklas en die landelikes as diegene wat die rewolusie op die grond voer, sleutelkomponente is in die rewolusionêre verandering van politieke instellings. Met sy analise van die potensiële rolle wat akteurs ten tyde van rewolusie kan speel, slaag Huntington daarin om vanuit die teoreties-abstrakte wêreld te beweeg na die terrein van die real-politiek deur konkrete rolle aan akteurs toe te ken.

'n Aspek wat tot dusver in die rekonstruksie van Huntington se bydrae onvoldoende hanteer is, is die uitspel van die verhouding tussen rewolusie as strategie en institusionalisering as norm. Hierop word vervolgens gekonsentreer.

## 2.4.4 Rewolusie as strategie en institusionalisering as norm

Vroeër in hierdie hoofstuk (afdeling 2.3) is daar reeds verwys na Huntington se onderskeid tussen *volledige* en *onvolledige* rewolusies. Huntington (1968: 313) wys daarop dat rewolusies deur die geskiedenis heen 'n drieërlei doel gedien het, naamlik *die herstel van tradisionele strukture en gesag; die vestiging van militêre diktature;* en *die daarstelling van nuwe gesagstrukture* as die resultaat van ingrypende politieke verandering. Die bewinde van Lodewyk XVIII (Frankryk) sowel as dié van die Ayatolla Khomeini (Iran) is voorbeelde van eersgenoemde, terwyl die militêre bewind van Napoleon Bonaparte (1795-1815) na afloop van die Franse Rewolusie 'n voorbeeld van die tweede kategorie is. Die derde kategorie oftewel die sogenaamde volledige rewolusie is vir Huntington by uitstek 'n produk van die twintigste eeu soos onder meer aangetref in Mexiko (1910), Rusland (1917) en China (1948) en word gekenmerk deur wat hy (1968: 313) noem "... the creation of a political party system". Laasgenoemde, oftewel die volledige rewolusie beteken vir Huntington (1968: 308) die vernietiging van bestaande politieke instellings; die mobilisering van nuwe groepe in die politiek; die herdefiniëring van die politieke gemeenskap in terme van 'n nuwe politieke identiteit; die aanvaarding van nuwe waardes, norme en bronne van legitimiteit; die oorname van politieke mag deur 'n nuwe politieke elite; en die daarstelling en vestiging van nuwe en sterker politieke instellings (Huntington, 1968: 308). Laasgenoemde aspek het te make met sy eis vir politieke institusionalisering en het veral betrekking op die ontwikkeling van 'n politieke party en partystelsel as "... the engine of political change" (1968: 338). Huntington (1968: 313) artikuleer Bertrand de Jouvenel (1962: 218) se denklyn dat rewolusie swak regering deur sterk regering vervang, maar gaan dan verder deur te beklemtoon dat volledige rewolusies sterk en effektiewe regering deur nuwe politieke instellings impliseer waarin die politieke party die sleutelrol vervul. (Lesers word verwys na afdeling 2.5 van hoofstuk 5 vir besonderhede oor Huntington se beskouing van die politieke party as meganisme vir politieke institusionalisering.)

'n Onvolledige rewolusie beteken dat politieke modernisasie oftewel 'n uitbreiding van politieke deelname wel plaasgevind het, maar dit nie afgerond en voltooi is met die daarstelling van politieke instellings ooreenkomstig die eis vir politieke institusionalisering nie. Huntington (1968: 308) verklaar immers dat "(a)ll revolutions involve modernization in the sense of the expansion of political participation; some revolutions also involve political development in the sense of the creation of new patterns of political order" en verder "(t)he triumph of the revolution is the triumph of party government" (315).

Huntington (1968: 315-334) maak van twee gevallestudies gebruik naamlik Mexiko (as voorbeeld van 'n volledige rewolusie) en Bolivië (as voorbeeld van 'n onvolledige rewolusie) om sy teoretiese vertrekpunte te verifieer en te motiveer [Vergelyk Duvenhage (1989: 143-147) vir 'n rekonstruksie van Huntington (1968) se denke oor bogenoemde twee rewolusies.] Huntington (1968: 335) wys daarop dat "(b)efore the Bolshevic revolution no revolution was politically complete because no revolutionary leaders had formulated a theory explaining how to organize and to institutionalize the expansion of political participation which is the essence of revolution." Inteenstelling met die aanvaarde denklyn dat die kommuniste se bydrae tot die politiek gesetel is in die vernietiging van bestaande regerings deur politieke onstabiliteit en rewolusie, beklemtoon Huntington (1968: 335) egter dat hul bydrae, en meer spesifiek die bydrae van Lenin, eerder geleë is in sy argumente rondom die organisasie en mobilisasie van steun vir die totstandkoming van politieke instellings wat voldoen aan sy kriteria vir politieke institusionalisering. Volgens Huntington (1968: 335-343) is die grondslag vir 'n teorie oor volledige rewolusie deur kommunistiese denkers en in besonder Lenin gelê - 'n bydrae waarvoor eersgenoemde groot waardering het. Huntington (1968: 334-343) beskou Lenin as die vaderfiguur en inspirasie agter die 1917-rewolusie, as die grondlegger en argitek van die "volledige rewolusie". Dit is veral die rol wat Lenin aan die politieke party as rewolusionêre instelling toegeken het, naamlik die vermoë van hierdie instelling om politieke mobilisasie institusioneel volgens die gestelde vereistes vir institusionalisering te akkommodeer en af te rond, wat vermelding verdien. (Huntington se eis vir politieke ontwikkeling, naamlik die beklemtoning van politieke institusionalisering as norm vir die transformasie van politieke instellings, maak dat laasgenoemde groot waardering toon vir die bydrae van eersgenoemde). Vandaar Huntington (1968: 340) se beskouing dat "(t)he Bolshevik concept of the political party, moreover, provides a concious and explicit answer to the problem of mobilization vs. institutionalization". (Vergelyk ook Lenin (1929: 41-106) Meyer (1957: 37-56) en Zuidema (1978: 144-149) vir meer besonderhede oor eersgenoemde se beskouing oor die party en die rol hiervan ten tyde van rewolusie).

Vanuit Huntington se perspektief vir politieke institusionalisering (en die kriteria wat hieruit voortvloei vir die transformasie van politieke instellings in oorgangstye) word verskeie aspekte in bv. die denke van Lenin, beklemtoon, in onderskeiding van ander denkers binne die radikale tradisie, wat verder kwalifisering verdien. In teenstelling met Marx, wat rewolusie verbind het aan 'n ontwakende klassebewussyn, beklemtoon Lenin (1929: 41, 67-68, 76-77, 81-82, 105-106) die politieke party as die wegbereider vir rewolusionêre verandering as die skepper van 'n politieke bewussyn en 'n instelling van rewolusionêres wat die organisasie en mobilisasie van steun

orkestreer om dit wat Huntington as 'n volledige rewolusie tipeer, tot stand te bring. Binne die denke van Lenin (1929: 41, 67-68, 81-82) triomfeer die politieke party oor die sosiale klas en voldoen eersgenoemde aan die kriterium vir institusionele outonomie - 'n belangrike eis vir institusionalisering soos deur Huntington (1968: 20-22) beklemtoon.

Vanuit die perspektief van Lenin, maar geïntegreer met die denkraamwerk van Huntington (veral laasgenoemde se beskouing van institusionalisering), is dit belangrik dat mense vanuit alle strata van die samelewing binne die politieke party geakkommodeer moet word. Trouens, Huntington (1968: 336, 339) gaan sover om te beweer dat Lenin "... elevated a political institution, the party, over social classes and social forces" en verder "... (a) political organization, the party, thus becomes the summum bonum, and end in itself, its needs overriding those of individual leaders, members, and social groups."

Dit is juis die Leninistiese konsep van die politieke party wat deur Huntington (1968: 341-343) voorgehou word as die instrument vir suksesvolle politieke institusionalisering. Die vermoë van die politieke party om hoë vlakke van sosiale mobilisasie (eie aan 'n oorgangsamelewing) suksesvol te organiseer en te mobiliseer, beteken vir Huntington dat potensiële onstabiliteit en chaos met stabiliteit en orde vervang kan word. Waar die absolute monargie ten tyde van die 17de eeu 'n instelling en meganisme vir politieke institusionalisering in talle Wes-Europese state gewees het, is die politieke party by uitstek geskik om hierdie rol in die ontwikkelende state van die twintigste eeu te vervul. Trouens, hy (1968: 342) beklemtoon selfs dat "... the party is a far more flexible and broad-gauged institution for modernization than the absolute monarchy. It is capable not only of centralizing power but also of expanding it. This is what makes the Leninist theory of political development relevant to the modernizing countries of Asia, Africa and Latin America."

Veranker in die beskouing van Lenin beklemtoon Huntington dus die belangrike rol van die politieke party as instelling om die volledige rewolusie moontlik te maak deur politieke mobilisasie (as uitvloeisel van modernisasie) te institusionaliseer en onstabiliteit deur stabiliteit te vervang. Hoewel Huntington geen voorstander van rewolusie is nie, aangesien die ekonomiese koste te hoog is en politieke vryheid meestal nie hieruit voortvloei nie, erken hy immers dat "(r)evolution is one means of political development, one way of creating and institutionalizing new political organizations and procedures, of strengthening the political sphere in relation to social and economic forces" (1968: 315). Hierdie perspektief beklemtoon die realpolitieke inslag in die denke van Huntington waarna daar reeds telkens verwys is.

Met die rekonstruksie en gedeeltelike interpretasie van Huntington se bydrae binne die institusionaliseringskonteks van sy denke nou afgehandel, word daar vervolgens aandag gegee aan sy bydrae ten opsigte van demokratiseringstrategieë.

## 3. STRATEGIEë VIR DIE DEMOKRATISERING VAN POLITIEKE INSTELLINGS

Huntington (1991) se analise van strategieë vir demokratisering kan moeilik losgemaak word van die analitiese en normatiewe komponente in sy denke. Verder is sy analise van strategie vir demokratisering ook veranker binne die institusionaliseringkonteks van sy denke wat in die voorafgaande gedeelte gerekonstrueer is. Vir doeleindes van hierdie rekonstruksie val die sentrale fokus op strategieë vir demokratisering, en waar daar belangrike raakpunte bestaan met die analitiese en normatiewe komponente van sy denke binne die demokratiese institusionaliseringskonteks, sowel as die institusionaliseringskonteks, sal daar met verwysings na relevante dele in hierdie proefskrif volstaan word.

Tweedens kan Huntington (1991) se ensiklopediese gebruik van voorbeelde asook gevallestudies nie in hierdie rekonstruksie verreken word nie en sal daar slegs na enkele prominente gevalle en voorbeelde verwys word.[1] Die hoofdoelwit van hierdie rekonstruksie is die blootlê van die sentrale teoretiese raamwerk wat Huntington (1991) gebruik vir die verstaan van strategieë, wat gerig is op die demokratisering van politieke instellings. Trouens, ten einde hierdie afdeling vir doeleindes van die studie te begrens, val die fokus op die teoretiese raamwerk en nie die empiriese materiaal eie aan sy bydrae nie. Die uitbouing van daardie komponente, wat relevant is vir die verstaan van strategiese aspekte wat die demokratisering van politieke instellings onderlê, vorm derhalwe die fokus in hierdie afdeling. Vanuit hierdie perspektief is die rekonstruksie ingestel op 'n identifikasie, onderskeiding en verduideliking van die modusse vir demokratisering en riglyne vir die institusionalisering van nuwe demokrasieë.

### 3.1 Modusse vir demokratisering

Alvorens Huntington (1991: 109-163) die modusse vir demokratisering eie aan die derde demokratiseringsgolf identifiseer, vergelyk hy die tipe nie-demokratiese bedeling wat tydens die onderskeie golfbewegings gedemokratiseer het, in 'n poging om 'n verband tussen die status quo en die aard van modus, indien dit wel bestaan,

1. Aangesien die doelstelling van hierdie studie eerder teoreties as empiries van aard is, val die klem op eersgenoemde, terwyl daar aan laasgenoemde 'n kleiner gewig toegeken word. Wat die empiriese gedeelte aanbetref, word daar met voorbeelde sowel as verwysings na Huntington (1991) se oorspronklike teks volstaan.

aan te dui. Huntington (1991: 110) wys in hierdie verband daarop dat die onderskeie owerheidsvorme tydens die eerste demokratiseringsgolf oorwegend absolute monargieë, feodale aristokrasieë en politieke stelsels was wat tot stand gekom het teen die agtergrond van wat as voormalige kontinentale ryke voorgehou word. Tydens die tweede demokratiseringsgolf was die owerheidsvorme oorwegend fascisties georiënteerd, met 'n koloniale agtergrond of waar militêre diktators aan bewind was. Laasgenoemde kategorie het meestal oor 'n baie beperkte demokratiese tradisie beskik. Hierteenoor was politieke stelsels wat tydens die derde demokratiseringsgolf gedemokratiseer het hoofsaaklik eenpartystelsels, militêre regimes en diktature (Huntington, 1991: 110-111). [Dit is egter interessant dat Huntington (1991: 111-112) na Suid-Afrika as 'n rasse-oligargie verwys wat onderskei kan word van bogenoemde kategorieë. Nietemin voorspel Huntington (1991: 111-112) dat omstandighede binne Suid-Afrika gunstig is vir demokratisering volgens 'n patroon wat raakpunte vertoon met daardie state wat tydens die eerste demokratiseringsgolf (dit wil sê die Westerse politieke stelsels) gedemokratiseer het.]

Hoewel Huntington (1991: 110-121) nie daarin kon slaag om 'n absolute verband tussen die karakter van die nie-demokratiese bedeling en die modus van demokratisering vas te lê nie, beklemtoon hy nietemin dat sekere modusse by bepaalde nie-demokratiese bedelings sterker aanwesig is ten spyte van uitsonderings wat telkens na die oppervlak kom. So word dit beklemtoon dat buitelandse invloede en veral dekolonisasie (imposisie) prominent was tydens die tweede demokratiseringsgolf. Tydens die derde demokratiseringsgolf was dit egter net Grenada, Panama en enkele voormalige Britse kolonies (Antigua, Barbuda, Belize, Saint Christoper-Nevis, Saint Lucia, Saint Vincent, die Solomon-eilande, Tuvalu, Vanuata, Kiribati en Grenadines) wat as gevolg van eksterne faktore soos dekolonisasie en militêre inmenging (imposisie) gedemokratiseer het (Huntington, 1991: 112-113).

Huntington (1991: 114) argumenteer dat drie modusse, naamlik *transformasie* (transformation), *regimevervanging* (replacement) en *magsdeling of gesamentlike besluitneming* (transplacement) verantwoordelik was vir die vestiging van nuwe demokrasieë. Hierdie onderskeiding van modusse toon ooreenkomste met dit wat deur ander denkers binne die kontemporêre demokratiseringsparadigma geïdentifiseer is, hoewel ander konsepte en benamings ingespan word soos wat die volgende diagram illustreer:

| HUNTINGTON | LINZ | SHARE/MAINWARING | KARL |
|---|---|---|---|
| Transformasie | Reforma | Skikking (transaction) | Hervorming |
| Regime-vervanging | Ruptura | Regime-ineenstorting (breakdown) | Rewolusie[2] |
| Gesamentlike besluitneming/ Magsdeling | Ruptforma | Uitredding (Extrication) | Pakt |
| Imposisie | - | - | Imposisie |

(Huntington, 1991: 114; Karl, 1990: 9; Linz, 1978: 35; Share & Mainwaring, 1987: 177-179)

Fig. 6.2 Die gebruik van konsepte deur denkers binne die kontemporêre-demokratiseringparadigma om die modusse vir demokratisering aan te dui.

In terme van sy onderskeiding van daardie modusse/prosesse wat demokratisering ten tyde van die derde demokratiseringsgolf moontlik gemaak het, word dit beklemtoon dat "... historical cases of regime change did not necessarily fit neatly into theoretical categories. Almost all transitions, not just transplacements, involved some negotiations - explicit or implicit, overt or covert - between government and opposition groups. At times transitions began as one type and then became another" (1991: 114). Huntington (1991: 115) verdedig egter sy tipologie deur dit te beklemtoon dat "(v)irtually every historical case, however, more clearly approximated one type of process than others".

Huntington se onderskeid tussen transformasie, magsdeling en regimevervanging berus op verskillende rolle wat aan bepaalde akteurs ten tyde van 'n bepaalde veranderingsproses (modus) toegeken word. So word daar byvoorbeeld tydens 'n demokratiseringsproses, waar die modus transformasie is, veronderstelde rolle toegeken aan konserwatiewe-, liberale- en demokratiese hervormers in 'n regeringskoalisie en gematigde demokrate en rewolusionêre ekstremiste binne 'n opposisie. In die geval van regimevervanging word ander rolle by die geïdentifiseerde akteurs veronderstel as wat die geval is tydens transformasie. Dit is veral drie verhoudingsituasies, naamlik dié tussen regering en opposisie, tussen konserwatiewes en hervormingsgesindes binne die regeringskader, en dié tussen

2. Binne die denke van Huntington is daar bepaald onderskeid tussen regimevervanging en rewolusie aangesien die vlakke van geweld by eersgenoemde meer beperk is en die regime ook nie totaal vernietig word nie.

gematigdes en ekstremiste binne die opposisie, wat die aard en vorm van die demokratiseringsproses bepaal (Huntington, 1991: 123). Hierdie rolle wat die onderskeie akteurs binne elk van die geïdentifiseerde modusse speel, word vervolgens onder die vergrootglas geplaas. Eerstens val die fokus op transformasie.

### 3.1.1 Tranformasie

Transformasies oftewel reforma (Linz) en hervorming (Karl) impliseer dat die regerende elite oor 'n sterk genoeg magsbasis beskik om demokratisering in eie reg ten uitvoer te bring. Dit veronderstel dat die regering sterker as die opposisie moet wees en dat hervormingsgesindes en nie konserwatiewes in beheer van sake moet wees. Verder stel transformasie as eis dat die gematigdes in die opposisie sterker moet wees as die ekstremiste (Huntington, 1991: 124). Huntington (1991: 125) beweer selfs dat "(t)he leaders of these countries had the power to move their countries toward democracy if they wanted to." Huntington (1991: 124-125) identifiseer sestien voorbeelde van politieke stelsels waar transformasie die modus vir demokratisering was. Hieronder tel Spanje, Brasilië, Hongarye, Taiwan en Mexiko, terwyl hierdie modus ook 'n moontlikheid is in wat vandag as Rusland bekend staan. Huntington (1991: 125-126) wys daarop dat die transformasies in Spanje en Brasilië, veral eersgenoemde, as rolmodelle vir hierdie betrokke modus uitgesonder kan word. Ten opsigte van Spanje word daar klem gelê op die leierskap van Suarez en sy aanvanklike Blitzkrieg-strategie wat later deur 'n Fabiaanse strategie, afgewissel met Blitzkrieg-taktiek, vervang is om Spanje tot 'n volwaardige demokrasie te transformeer. Wat die Brasiliaanse transformasie aanbetref, word daar weer klem gelê op die leierskap van presidente Geisel en Figueiredo en hul ontplooiing van 'n Fabiaanse strategie wat met Blitzkrieg-taktiek afgewissel is. Dit is juis hierdie strategiese plan wat deur Huntington as 'n wen-resep vir transformasies van hierdie aard uitgewys word. [Vergelyk Huntington (1968: 344-362; 1981a: 17-18) vir sy beklemtoning van leierskap en strategiese beplanning vir die sukses van hervormingsinisiatiewe met verwysing na transformasies. Lesers word ook verwys na afdeling 2.1.1 en 2.1.2 van hierdie hoofstuk vir 'n bespreking van leierskap en strategiese beplanning as faktore wat suksesvolle ewolusionêre hervorming bepaal. Vir meer besonderhede oor Spanje en Brasilië as gevallestudies waar transformasies prominent was, kan die werke van Share & Mainwaring (1986) en Preston (1986) geraadpleeg word.]

Huntington (1991: 127-141) beklemtoon vyf prominente fases waardeur transformasies beweeg, naamlik die *verskyning van hervormingsgesindes op die politieke toneel;* die *bewindsoorname en die verkryging van politieke mag;* die *doodloopstraat van*

*liberalisering; regimeverbrokkeling en die soeke na legitimiteit;* en laastens die *koöptasie van die opposisie.* Hierdie onderskeie fases word kortliks aangeraak.

a) Hervormingsgesindes op die politieke toneel: Die bewindsoorname van 'n nuwe generasie hervormingsgesinde leiers lei gewoonlik daartoe dat hervormingsinisiatiewe gepropageer word. Faktore wat volgens Huntington (1991: 127-129) bydra tot die besluit om te hervorm is opsommenderwys die volgende: (1) die politieke en ekonomiese kostes om aan bewind te bly het te hoog geword; (2) die risikos (persoonlik en andersins) om aan bewind te bly het realistiese perke oorskry; (3) die geloof dat 'n demokratiese verkiesing in elk geval gewen kan word; (4) die vooruitsig van groter internasionale ondersteuning (ekonomies en polities) en (5) 'n leierskap wat daarvan oortuig is dat 'n demokratiese bedeling in die beste belang van die staatsorde in die algemeen is. Ongeag van watter rede of redes deurslaggewend is, word 'n beleid van hervorming deur 'n nuwe generasie van leiers bepleit.

b) Die bewindsoorname en die verkryging van politieke mag: Vir 'n transformasieproses om suksesvol te wees, moet 'n hervormingsgesinde leier die bewind oorneem en sy politieke magsbasis konsolideer. Volgens Huntington (1991: 130-131) kan politieke mag op drie wyses bekom word, naamlik die afsterwe van die nie-demokratiese leier (Franco in Spanje), leierskapverandering binne die nie-demokratiese bewind (Geizel in Brasilië) of deur die uitoefening van 'n staatsgreep (Bermudez in Peru).

c) Die doodloopstraat van liberalisering: Leiers midde in 'n transformasieproses wat bereid is om te liberaliseer, dit wil sê om groter politieke, ekonomiese en ander vryhede toe te laat, sonder om oor te gaan tot volwaardige demokratisering se bewinde kan dikwels van 'n korte duur wees. So 'n kortstondige bewind is te wyte aan politieke onstabiliteit as uitvloeisel van liberalisering met volwaardige demokratisering as eis. In sommige gevalle, soos wat die onderskeie bewindstermyne van P.W. Botha en Gorbatsjof illustreer, word liberale hervormers deur demokratiese hervormers vervang (Huntington, 1991: 134). Huntington (1991: 136) beklemtoon in hierdie verband dat "(i)t seems probable that neither Botha nor Gorbatsjof, however, wanted fundamental change in their political systems."

As erkende strateeg met sterk realpolitieke vertrekpunte wys Huntington (1991: 134) op die moontlikheid dat liberalisering tot stygende verwagtinge en politieke onstabiliteit kan lei wat op sy beurt, anders as die gevalle Botha en Gorbatsjof, die terugkeer tot 'n nie-demokratiese bewind kan beteken. Trouens, die vervanging van Papadopoulos deur Ioanidis, 'n konserwatis in Griekeland, moet juis teen hierdie

agtergrond beoordeel word. Huntington (1991: 137) kom tot die gevolgtrekking dat "... liberalization stimulated the desire for democratization in some groups and the desire for repression in others. The experience of the third wave strongly suggests that liberalized authoritarianism is not a stable equilibrium, the halfway house does not stand."

d) Regimeverbrokkeling en die soeke na legitimiteit: 'n Verskynsel wat algemeen voorkom ten tyde van hervorming is die reaksie van konserwatiewe elemente teen die hervormingsproses. [Vergelyk ook Machiavelli (s.j.: 22) vir 'n beskrywing van hierdie dilemma waarmee die hervormer gekonfronteer word.] Die ontstaan van die Konserwatiewe party in 1982 sowel as die gepoogde staatsgreep teen die bewind van Gorbatsjof in die destydse Sowjet-Unie, moet in hierdie verband gelees word. Huntington (1991: 137) beskryf hierdie tendens met die stelling dat "(i)n the government, military and party bureaucracies standpatters worked to stop or slow down the processes of change" en gebruik dan talle voorbeelde onder meer Brasilië, Spanje, Nigerië en Suid-Afrika om hierdie standpunt te motiveer.

Hervormingsgesinde regerings neem verskeie teenmaatreëls om konserwatiewe reaksie teen hervorming tee te werk. Die sentralisasie en konsolidasie van politieke mag, 'n belangrike voorvereiste vir suksesvolle hervorming, word van stapel gestuur om die politieke inisiatiewe onder beheer te kry en om sodoende minder kwesbaar te wees teen konserwatiewe teenreaksies (Huntington, 1991: 135-136). [Lesers word ook verwys na Huntington (1981a: 19-20) vir die beklemtoning van die sentralisasie van mag as vereiste vir suksesvolle politieke hervorming binne die Suid-Afrikaanse konteks]. Die uitbouing en konsolidasie van mag in die amp van President in die destydse USSR (Gorbatsjof) en Suid-Afrika (P.W. Botha) is manifestasies van hierdie tendens. 'n Tweede teenmaatreël is die vervanging van konserwatiefgesinde burokrate in die party, staatsadministrasie en veral die veiligheidsinstellings deur hervormingsgesindes. Derdens moet pogings van stapel gestuur word om die bewind en hervormingsinisiatiewe te legitimeer deur enersyds die nuwe orde as 'n produk van die ou orde voor te hou en andersyds die bydrae van die ou orde tot die skepping van nuwe orde te beklemtoon. Huntington (1991: 138) verwys hierna as *"backward legitimacy"* waardeur gepoog word om "legitieme" aansprake van konserwatiewes en regsgesindes nek om te draai. Hoewel Huntington nie hierna verwys nie, was Gorbatsjof se pogings om sy beleid te legitimeer vanuit die perspektiewe van Lenin en F.W. de Klerk se beklemtoning van die idee van "Suid-Afrika eerste" (aldus J.B.M. Hertzog) juis dit wat Huntington met "backward legitimacy" bedoel.

e) Koöptasie van die opposisie: Na die bewindsoorname deur demokratiese hervormers word die demokratisering van die samelewing as prioriteit voorgehou. Volgens Huntington (1991: 139) impliseer dit 'n tipe ooreenkoms en samewerking as uitvloeisel van formele of informele onderhandeling met opposisiegroepe soos aangetref in onder meer Spanje, Peru, Nigerië en Brasilië. Hoewel Huntington (1991) nie na Suid-Afrika verwys nie, kan hierdie perspektief bepaald op die huidige veranderingsproses in die Suid-Afrikaanse politiek van toepassing gemaak word.

Vanuit sy analise van transformasie as modus vir demokratisering soos veral afgelei vanuit die Spaanse en Brasiliaanse ervarings formuleer Huntington (1991: 141-142) bepaalde riglyne vir die suksesvolle deurvoer van hierdie modus, naamlik: *(1) Konsolideer die politieke magsbasis en plaas ondersteuners van demokratisering in sleutelposisies. (2) Legitimeer die bewind en inisiatiewe deur regses te paai. en indien nodig 'n beleid van twee tree voorwaarts een tree terug te ontplooi. (3) Bou aan 'n ondersteuningsbasis wat demokratiesgesind is. (4) Wees voorbereid op reaksionêre optrede, moedig dit selfs aan, en kry sodoende die geleentheid tot drastiese optrede teen sulke groeperings. (5) Poog om die inisiatief vir die demokratiseringsproses te alle tye te behou. (6) Hou politiek en ander verwagtinge so laag as moontlik. (7) Bevorder die ontwikkeling van 'n gematigde opposisiegroep. (8) Bou aan die persepsies van die leierskorps om die onomkeerbaarheid van politieke verandering te aanvaar.*

Vervolgens word daar verder gefokus op regimevervanging as modus vir demokratisering.

### 3.1.2 Regimevervanging

Regimevervanging, in teenstelling met transformasies, verwys na regimes waarin hervormingsgesindes, indien hoegenaamd aanwesig, baie min is en waar die magsbasis van die opposisie sterker is as die ondersteuningsbasis van die betrokke regime. Dit lei daartoe dat 'n bestaande politieke bedeling (as gevolg van volgehoue druk vir hervorming deur opposisiegroepe) ineenstort en 'n nuwe politieke bedeling tot stand kom. Huntington (1991: 142) wys in hierdie verband daarop dat "(d)emocratization consequently results from the opposition gaining strength and the government losing strength until the government collapses or is overthrown." Teen 1990 het slegs ses uit die vyf en dertig state waarin demokratisering voorgekom het, regimeverandering as modus ervaar. Hiervan was drie diktature (Portugal, die Filippyne en Roemenië) twee militêre diktature (Griekeland en Argentinië) en een (Oos-Duitsland) 'n eenpartystelsel (Huntington, 1991: 143). Drie prominente fases word binne hierdie betrokke modus onderskei naamlik: *die aanloop tot regime-*

*ineenstorting; die ineenstorting; en die stryd na afloop van die ineenstorting.* Hierdie drie fases word vervolgens kortliks onder die loep geneem.

* Die onvermoë tot prestasie, veral militêre prestasie, wat delegitimerend ingewerk het op bepaalde regimes, was 'n sleutelfaktor wat tot regimevervanging tydens die derde demokratiseringsgolf aanleiding gegee het. As voorbeelde kan daar verwys word na die militêre nederlae van Griekeland (teen Turkye) en Argentinië (teen Brittanje) en die onvermoë van die Filippyne en Portugese (ten opsigte van Mosambiek en Angola) om die rewolusionêre oorloë waarin hul onderskeidelik betrokke was, te wen (Huntington, 1991: 143). In Roemenië was die regime die slagoffer van politieke besluite wat die ondersteuningsbasis hiervan verskraal het. Oos-Duitsland, wat in 'n mate 'n uitsondering op hierdie reël was, het ten spyte van beperkte politieke en ekonomiese suksesse nooit die vergelyking met die suksesverhaal van Wes-Duitsland kon vryspring nie, wat eersgenoemde polities ondermyn het.

In vyf politieke stelsels, te wete in Oos-Duitsland, die Filippyne, Roemenië, Griekeland en Portugal, was regimevervanging regstreeks te wyte aan die feit dat ontevrede militêre instellings teen die regime gedraai en die opposisie ondersteun het.

** Grootskaalse ontevredenheid, gemobiliseer teen die betrokke regimes en wat manifesteer in massademonstrasies, stakings en boikotte, het in Oos-Duitsland, die Filippyne en Roemenië tot regimevervanging aanleiding gegee (Huntington, 1991: 146). In die Filippyne, Portugal, Roemenië en Griekeland het die bestaande bedelings vinnig tot 'n val gekom, terwyl leiers in Argentinië en Oos-Duitsland aan mag vasgeklou het in 'n poging om 'n onderhandelde skikking te beding.

Tydens regimevervanging word bestaande leiers dikwels vinnig en soms gewelddadig van die politieke toneel verwyder. Marcos (Filippyne) en Caetano (Portugal) is verban, terwyl Honecker (Oos-Duitsland) 'n tuiste in Chili gevind het en Ceausescu (Roemenië) tereggestel is (Huntington, 1991: 147).

*** Voor die ineenstorting van die bewind is die opposisie verenig, maar daarna tree ernstige verskille op die voorgrond. In al ses die state waar regimevervanging aan die orde was, het verdeeldheid, of simptome hiervan, na die val van die ou regime na vore getree (Huntington, 1991: 148).

In 'n strategiese en taktiese sin beklemtoon Huntington (1991: 150-151) bepaalde riglyne of spelreëls vir die suksesvolle volvoering van regimevervanging. In die verband word agt aspekte beklemtoon naamlik: *(1) Fokus op sake soos korrupsie en brutale optrede wat die regime in 'n swak lig kan stel. (2) Moedig afvallige groepe aan om die demokrasie as alternatief vir die regime te ondersteun. (3) Vestig en bou goeie bande en betrekkinge met militêre instellings, aangesien hul ondersteuning belangrik is vir regimevervanging. (4) Volg 'n strategie van nie-geweld, aangesien dit die goeie gesindheid van sekurokrate en veiligheidsinstellings kan verseker. (5) Gebruik elke moontlike geleentheid om opposisie teen die regime te monster met inbegrip van verkiesings. (6) Verkry die simpatie en ondersteuning van internasionale organisasies wat jou politieke saak internasionaal kan dra. (7) Bevorder eenheid onder opposisiegroepe deur van die stigting van sambreelorganisasies gebruik te maak. (8) Wanneer die regime tot 'n val kom, moet die politieke vakuum wat gelaat is so vinnig moontlik gevul word.*

Die derde demokratiseringsmodus te wete magsdeling (gesamentlike besluitneming) is vervolgens die fokuspunt van rekonstruksie.

### 3.1.3 Magsdeling (gesamentlike besluitneming)

Waar transformasies enersyds en regimevervanging andersyds as uiterstes of teenpole in die modusse vir demokratisering voorgehou kan word, impliseer magsdeling 'n kompromie oftewel 'n tussenposisie op hierdie spektrum. Huntington (1991: 159) beklemtoon dat "(i)n transplacements, unlike transformations and replacements, government leaders often negotiated the basic terms of the regime change with opposition leaders they had previously under arrest..." en verder "(i)n transplacements democratization is produced by the combined actions of government and opposition" (151). Anders as transformasies waar die regering die inisiatief behou, en regimevervanging waar die opposisie die inisiatief verkry, impliseer magsdeling 'n relatiewe balans van kragte wat 'n onderhandelde skikking moontlik maak. Magsdeling impliseer verder dat demokratiese hervormers binne die regering in beheer van sake moet wees, terwyl gematigde demokrate die inisiatief by die opposisie moet beheer (Huntington, 1991: 151). Dikwels moet bogenoemde twee groeperings mekaar se hande sterk ten einde seker te maak dat magsdeling as 'n suksesvolle modus ontplooi kan word (Huntington, 1991: 160).

Volgens Huntington (1991: 151) het elf van die vyf en dertig politieke stelsels in state wat tydens die derde demokratiseringsgolf (tot en met 1990) gedemokratiseer het, dit op basis van magsdeling gedoen. Voorbeelde in hierdie verband sluit in Pole, die voormalige Tseggo-Slowakye, Nicaragua, Mongolië, Uruguay, Bolivië, Honduras, El

Salvador en Korea, terwyl Suid-Afrika en Nepal in die proses was om ooreenkomstig hierdie modus te demokratiseer.[3]

Van die elf politieke stelsels wat ooreenkomstig die magsdelingsmodus gedemokratiseer het, was vier stelsels (Pole, Tseggo-Slowakye, Nicaragua en Mongolië) voormalige eenpartystelsels, Nepal, 'n voormalige persoonlike diktatorskap en vyf stelsels (Uruguay, Bolivië, Honduras, El Salvador en Korea) vantevore militêre regimes, terwyl Suid-Afrika die status van 'n rasse-oligargie gehad het (Huntington, 1991: 113, 151-153).

Vir magsdeling as demokratiseringsmodus word 'n relatiewe gelyke akteursterkte veronderstel of minstens die onvermoë van die een dominante akteur om ander prominente akteurs totaal te oorheers. Trouens, Huntington (1991: 160) argumenteer dat dit in die belang van die suksesvolle ontplooiing van hierdie modus is dat opponerende akteurs hande neem en mekaar se saak sterk. Samewerking deur opponerende groepe, soos deur Huntington bepleit, is telkens in Suid-Afrikaanse opset in die aanloop tot die algemene verkiesing van 27 April 1994 waargeneem. (Vergelyk Mandela se pogings om blankes te oortuig om die Nasionale Party te ondersteun, terwyl De Klerk eersgenoemde ondersteun het, teen radikale elemente binne die ANC wat gekant was teen gesprek met Buthelezi en ander IVP-leiers in belang van 'n vreedsame skikking.)

Algemeen gesproke kan daar vier onderskeibare fases binne hierdie betrokke modus geïdentifiseer word. Die *eerste fase* het betrekking op liberaliseringstendense en die delegitimering van nie-demokratiese regimes. *Tweedens* is die identifisering van swakhede in die regering en die mobilisasie van opposisiesteun aan die orde. *Derdens* lei die mobilisering van opposisiesteun tot sterk optrede deur die regering en word die opposisie aan bande gelê. *Vierdens* tree daar vanuit 'n skaakmatsituasie onderhandeling en gesamentlike besluitneming na vore wat lei tot 'n skikking van een of ander aard. Huntington (1991: 153-163) motiveer hierdie betrokke ontwikkelingspatroon deur na gevallestudies in Pole, Uruguay, Chili en Korea te verwys. Spesifieke melding word gemaak van Suid-Afrika wat teen 1990 midde-in sodanige proses gestaan het. Die onderskeie fases van liberalisering, konsolidering van opposisiekragte, die onderdrukking van die opposisie en uiteindelik onderhandeling word teen die agtergrond van die resente Suid-Afrikaanse politieke geskiedenis uitgespel. 'n Demokratiese bedeling deur middel van die

3. Dit moet beklemtoon word dat dit die stand van sake was teen 1990 met die voltooiing van die werk van Huntington en dat die situasie in sommige state waaronder Tjeggo-Slowakye (partisie) en Suid-Afrika (volwaardige demokratisering) ooreenkomstig die magsdelingsmodus in proses is om plaas te vind.

magsdelingsmodus word selfs vir Suid-Afrika in die vooruitsig gestel (Huntington, 1991: 154-155; 156-157; 160-161).

Soos wat die geval was met die vorige twee modusse bou Huntington sy argumente uit tot die formulering van strategiese en taktiese spelreëls vir die suksesvolle volvoering van hierdie modus. Vir demokratiese hervormers binne die regering geld die volgende spelreëls: *(1) Konsolideer politieke mag deur beheer oor belangrike politieke instellings te verkry en die mag van konserwatiewes aan bande te lê. (2) Verkry die inisiatief, vang die opposisie op die verkeerde voet, en maak toegewings sonder dat dit blyk dat dit die resultaat van politieke druk van die kant van die opposisie is. (3) Bekom legitimiteit vir die politieke inisiatief by vooraanstaande militêre leiers. (4) Bevorder die gesag en aansien van jou belangrikste opponent waarmee daar onderhandel word. (5) Skep kanale en strukture vir die onderhandeling van sleutelkwessies met die opposisie. (6) Aangesien die regering na alle waarskynlikheid na afloop van die onderhandelings deel van die opposisie gaan wees, moet waarborge beding word vir die regte van die opposisie en groepe wat die regering ondersteun het.*

(Huntington, 1991: 162).

Ten opsigte van gematigdes in die opposisie word die volgende taktiese spelreëls uitgesonder: *(1) Mobiliseer steun deur middel van demonstrasies en optogte en verswak sodoende die steun van konserwatiewes binne die regering. Te veel hiervan kan egter die opposisie versterk, jou mede-onderhandelaars se posisie verswak, en 'n teenreaksie by die middelklas bevorder. (2) Wees gematigd en poog om die beeld van staatsmanskap uit te dra. (3) Onderhandel en maak toegewings indien nodig. Die hou van 'n vrye verkiesing is egter ononderhandelbaar. (4) Verreken die feit dat die opposisie (dit wil sê jou eie groepering) heel moontlik die nuwe regering gaan wees. Vermy gevolglik alle politieke kwessies wat dit vir jou bewind in die toekoms moeilik kan maak.*

(Huntington, 1991: 162).

Riglyne vir beide die regering en 'n demokratiesgesinde opposisie is die volgende: *(1) Die geleentheid vir onderhandeling bestaan nie vir altyd nie. Gebruik die geleentheid en beweeg so vinnig moontlik vorentoe. (2) Wees te alle tye bewus daarvan dat die sukses van onderhandeling vir 'n demokrasie die toekoms van alle belanghebbendes regstreeks kan raak. (3) Bied weerstand teen eise en verwagtinge binne eie geledere wat die onderhandelingsproses bedreig of jou onderhandelingsvennoot in gevaar kan stel. (4) Wees oortuig daarvan dat die ooreenkomste bereik, die enigste alternatief is waarvoor daar genoegsame politieke steun beding kan word, ongeag die houding van ontevredenes aan*

*albei kante. (5) Waar onsekerheid bestaan moet kompromieë gesluit word.*

(Huntington, 1991: 162-163).

So akkuraat is hierdie strategiese en taktiese riglyne wat deur Huntington uitgespel word dat dit net sowel die onderskeie agendas van die Nasionale Party en die ANC kon gewees het tydens die onderhandelingsproses (1989-1993) hier ter plaatse.

Samevattend kan daardie politieke stelsels wat tydens die derde demokratiseringsgolf ooreenkomstig die onderskeie modusse gedemokratiseer so voorgestel word:

| PROSES | EENPARTY-STELSELS | PERSOON-LIKE DIKTATURE | MILITêRE REGIMES | RASSE - OLIGARGIE |
|---|---|---|---|---|
| TRANSFOR=MASIE | Taiwan*<br>Hongarye<br>Mexiko<br>USSR<br>Bulgarye | Spanje<br>Indië<br>Chili | Turkye<br>Brasilië<br>Peru<br>Equador<br>Guatemala<br>Nigerië**<br>Pakistan<br>Soedan** | |
| 16 | 5 | 3 | 8 | |
| MAGS=DELING | Pole<br>Tsjeggo=Slowakye<br>Nicaragua<br>Mongolië | Nepal | Uruguay<br>Bolivië<br>Honduras<br>El Sal=vador<br>Korea | Suid-Afrika |
| 11 | 4 | 1 | 5 | 1 |
| REGIME=VERVANGING | Oos-Duits=land | Portugal<br>Fillippyne<br>Romenië | Griekeland<br>Argentinië | |
| 6 | 1 | 3 | 2 | |
| INTER=VENSIE | Grenada | | Panama* | |
| 2 | 1 | | 1 | |
| TOTALE | | | | |
| 35 | 11 | 7 | 16 | 1 |

* State waar liberalisering plaasgevind het, maar nie volwaardige demokratisering nie.

** State wat na afloop van demokratisering teruggeval het op 'n nie-demokratiese owerheidsvorm.

Fig. 6.3 'n Klassifikasie van state in terme van politieke stelsel en modus wat tussen 1974 en 1990 gedemokratiseer het of in proses was om te demokratiseer.

(Huntington, 1991:113)

Oorhoofs gesien, identifiseer Huntington (1991: 164-207) drie algemene kenmerke van die derde demokratiseringsgolf wat volgens hom hierdie veranderingsproses gefasiliteer het en wat interessant genoeg ook prominent aanwesig was in die Westerse ervaring van demokratisering. Hierdie algemene kenmerke is: *(1) Die aanwesigheid van onderhandeling ten tyde van verandering, met kompromieë en ooreenkomste as belangrike onderdeel van die demokratiseringsproses. (2) Die belangrike rol wat verkiesings in die demokratiseringsproses gespeel het. (3) Die lae vlakke van geweld wat demokratisering in hierdie fase gekenmerk het.* Elkeen van hierdie aspekte word vervolgens kortliks aangeraak.

## 3.2 Kenmerke van die derde demokratiseringsgolf

a) Onderhandeling, kompromieë en ooreenkomste: Vir Huntington (1991: 164-174) is onderhandeling, kompromieë en ooreenkomste tussen deelnemers in die politiek, in teenstelling tot politieke geweld, onstabiliteit en rewolusie, die boustene vir nuwe en bestaande demokrasieë. In hierdie verband word dit beklemtoon dat "(democracies) ... were made through demonstrations, campaigns, and elections, and through the non violent resolution of differences ... They were made by leaders in government and opposition who had the wisdom to recognize that in politics no one has a monopoly on truth and virtue" (Huntington, 1991: 165). Oor die aard en vorm wat onderhandeling as voorloper tot demokratisering ingeneem het, bestaan daar uiteraard verskille. In die algemeen wissel dit van voorlopige en ongeskrewe verstandhoudings (soos aangetref in Brasilië, Peru en Ecuador) tot formeel gestruktureerde onderhandelings en geskrewe kompromieë (Huntington, 1991: 165-166). Laasgenoemde was prominent waarneembaar in die Suid-Afrikaanse politiek tydens die onderhandelingsproses en in die aanloop tot die verkiesing van 27 April 1994.

Dit is insiggewend dat Huntington (1991: 167) dit beklemtoon dat onderhandelings en die sluiting van ooreenkomste makliker is wanneer gesprekke in die geheim deur 'n beperkte getal onderhandelaars gevoer word. Tydens die onderhandelingsproses het Suid-Afrika op eie bodem die gevolge van omslagtige besluitneming en mediabetrokkenheid ten opsigte van Kodesa I, Kodesa II en in 'n mindere mate die Veelpartykonferensie ervaar wat die vinnige bereiking van ooreenkomste aan bande gelê en tydskale in die wiele gery het.

Dit is belangrik vir die totstandkoming van nuwe demokrasieë dat daardie ooreenkomste wat tydens onderhandelings bereik is, aan die toets van die burgery onderwerp sal word.

b) Verkiesings: Met die vertrekpunt dat "(t)he central procedure of democracy is the selection of leaders through competitive elections ..." ken Huntington (1991: 6) 'n besondere plek toe aan verkiesings as onderdeel van die groter demokratiseringsproses. Huntington (1991: 174) beklemtoon dit selfs dat verkiesings "... were a vehicle of democratization as well as the goal of democratization." Tydens die derde demokratiseringsgolf was verkiesings instrumenteel tot die daarstelling van nuwe demokrasieë. Die uitslag van die eerste verkiesings is meestal moeilik voorspelbaar en akkommodeer soms 'n verrassingselement wat beide regering en opposisie onkant kan vang. (Vergelyk in hierdie verband Huntington (1991: 175-178) se voorstelling van die merkwaardige en dikwels onvoorsiene verkiesingsuitslae tydens die derde demokratiseringsgolf in state soos Brasilië, Indië, Peru, Uruguay, Argentinië, Turkye, Korea, Pakistan, Chili, Pole en Algerië.)

Vir Huntington (1991: 191-192) is verkiesings die metode om van 'n nie-demokratiese bewind ontslae te raak. Die enigste alternatief vir verkiesings is rewolusie wat op sy beurt geen waarborge bevat dat 'n demokratiese bedeling hieruit orent sal kom nie. Trouens, Huntington (1991: 192) gaan sover om te beweer dat "(i)n the third wave the 'electoral dynamic' led from authoritarianism to democracy; the 'revolutionary dynamic' led from one form of authoritarianism to another". Vanuit Huntington se breëre denkraamwerk is dit duidelik dat hoë vlakke van geweld, soos wat geassosieer word met rewolusie, en die vestiging van nuwe demokrasieë, sake is wat nie met mekaar versoen kan word nie. [Vergelyk ook Karl (1990: 8) en Share (1987: 533) vir 'n soortgelyke perspektief as die van Huntington.]

c) Lae vlakke van geweld: Beperkte of lae vlakke van geweld is op enkele uitsonderings na kenmerkend aan die derde demokratiseringsgolf. Vir Huntington is lae vlakke van geweld essensieel vir die daarstelling van 'n nuwe demokratiese bedeling. (Verskeie denkers onder wie Share (1987: 533) en Karl (1990: 8) staan soos Huntington (1991: 192) negatief teenoor die moontlikheid dat rewolusie, geassosieer met hoë vlakke van geweld, nie bevorderlik is vir die vestiging van nuwe demokrasieë nie.) Huntington (1991: 207) gaan sover om te beweer dat "(t)hroughout history armed revolts have almost never produced democratic regimes ... Governments produced by violence ruled by violence."

Verskillende redes word deur Huntington (1991: 196-200) aangebied vir die aanwesigheid van lae vlakke van geweld, tydens die derde demokratiseringsgolf. *Ten eerste* het state vanuit die ervaring van ander state geleer dat geweld negatief inwerk op pogings om politieke stelsels te demokratiseer. *Tweedens* was bykans die helfte van die transformasies onder die leiding van demokratiese hervormers met 'n nie-

gewelddadige ingesteldheid wat die inisiatief vir geweld aan bande gelê het. *Derdens* was die onwilligheid van konserwatiewes om veiligheidsmagte in konfliksituasies aan te wend 'n faktor wat die omvang van geweld en teengeweld beperk het. *Vierdens* het die meeste opposisiegroepe van nie-gewelddadige maniere gebruik gemaak om politieke doelwitte te bereik. Dit is egter interessant dat Huntington (1991: 193) Suid-Afrika naas Nicaragua uitsonder as die staat waar politieke geweld die mees prominente plek tydens die demokratiseringsproses ingeneem het, met 9 500-10 000 mense wat tussen 1976 en 1990 gesterf het. (Vergelyk ook Anstey (1991: 1-2) vir die omvang van politieke geweld in Suid-Afrika teen die agtergrond van onderhandeling en hervorming.)

Binne die Huntington-denkraamwerk beteken nuut gevestigde demokrasieë geensins dat hier van stabiele demokrasieë, soos aangetref in die meeste Westerse state, sprake is nie. Trouens, die institusionalisering of konsolidering van nuwe demokrasieë is 'n verdere eis wat ten slotte in hierdie afdeling aan die orde gestel word.

## 3.3 Probleme, uitdagings en strategieë vir die institusionalisering van nuwe demokrasieë

Die identifisering van probleemvelde, uitdagings en strategieë vir die institusionalisering van nuwe demokrasieë vloei regstreeks voort vanuit die transformasieproses ter sprake en verskaf dan ook die raamwerk waarbinne Huntington (1991) se perspektiewe staan. Twee algemene probleemvelde, naamlik dié met 'n *politieke strekking* en *breër kontekstuele probleme*, word deur Huntington (1991: 211-258) aangespreek, terwyl strategieë vir probleemhantering ook geformuleer word. Aan hierdie aspekte word daar vervolgens aandag gegee.

### 3.3.1 Probleme met 'n politieke strekking

Binne hierdie kategorieë kan twee kleiner probleemvelde onderskei word, naamlik strafmaatreëls teen voormalige elites van die ou regime ten opsigte van die skending van menseregte (menseregteoortredings) en die vestiging van 'n lojale weermag (die praetoriaanse probleem).

a) Menseregte-oortredings: Een van die eerste sake waarmee 'n nuwe demokratiese regering gekonfronteer word, is die kwessie van die skending van menseregte in die regeerfase van die vorige nie-demokratiese bewind. Politieke stelsels wat tydens die derde demokratiseringsgolf gedemokratiseer het, het bykans sonder uitsondering met menseregte-oortredings te doen gehad, soos onder meer

aangetref in Argentinië, Chili, Brasilië, Roemenië en Suid-Afrika. [Vergelyk Huntington (1991: 211-212) vir besonderhede oor die aard en omvang van die skendings van menseregte in hierdie state.] Sterk argumente, gebaseer op eise vir reg en geregtigheid, morele aanspreeklikheid, gelykheid voor die reg, ter wille van afskrikking, die bevordering van die legitimiteit van die nuwe bewind en die beklemtoning van demokratiese waardes en norme (teen die agtergrond van 'n geskiedenis van menseregte-oortredings) is van die belangrikste redes wat nuwe regerings tot sodanige optrede dwing. Hierteenoor kan die behoefte aan rekonsiliasie, die strewe na 'n nuwe begin, die feit dat alle partye menseregte-oortredings begaan het, bevolkingsondersteuning vir oortredings en aansprake op amnestie aangevoer word as belangrike redes waarom daar juis nie opgetree moet word nie (Huntington, 1991: 213-214). Ten einde hierdie probleem te hanteer, maak Huntington die volgende voorstelle:

* Waar die modus van verandering, transformasie of magsdeling is, is die politieke prys vir optrede wat die wandade van die verlede moet regstel ("regstellende optrede") te groot en moet dit sover moontlik vermy word.

* Waar regimevervanging die modus is, kan "regstellende optrede" geïnisieer word, maar dit moet vinnig geskied, en beperk wees tot enkele vooraanstaande en prominente lede van die vorige regime.

* Alle misdade waarvan daar kennis gedra word, moet openbaar word.

* Die beste weg is dikwels geen "regstellende optrede" nie, maar terselfdertyd maatreëls om te verseker dat die verlede nie vergeet word nie (Huntington, 1991: 231).

b) Die praetoriaanse probleem: 'n Sentrale probleem rakende die stabiliteit van nuwe demokrasieë is die verhouding tussen bestaande militêre instellings en nuut gevestigde politieke instellings. Hierdie verhoudingsituasie waarna ook verwys kan word as die *"civil-military relations"* is een van die belangrikste faktore wat die voortbestaan van 'n nuut gevestigde demokrasie kan bedreig. Hiervan getuig die talle staatsgrepe en gepoogde staatsgrepe, soos uitgeoefen in talle nuut gevestigde demokrasieë. Sewe gepoogde staatsgrepe in Griekeland, dieselfde getal gepoogde staatsgrepe en militêre opstande in die Filippyne, vyf staatsgrepe of gepoogde staatsgrepe in Argentinië, en drie in Spanje beklemtoon die kwesbaarheid van nuut gevestigde demokrasieë (Huntington, 1991: 233).

Een van die onmiddellike uitdagings vir die nuwe demokrasie blyk te wees die depolitisering van militêre en veiligheidsinstellings en die integrering hiervan by die nuwe regime (Huntington, 1991: 244). Voorstelle vir die depolitisering en die inskakeling van die weermag by die nuwe politieke regime behels *die vestiging en ontwikkeling van 'n professionele militêre kode; die beklemtoning van 'n nuwe militêre missie; leierskap en organisatoriese ontwikkeling; die grootte van die weermag en die voorsiening van toerusting; en die uitbouing van die status van die weermag*. By elkeen van hierdie faktore word daar kortliks stilgestaan.

* 'n Professionele militêre kode: Met 'n professionele militêre kode bedoel Huntington (1991: 243) "... a conservative military outlook that recognizes the limited functions of the military and is compatible with civilian control." In a fase van oorgang is die depolitisering van die weermag, die bevordering van 'n professionele kode en hiermee saam 'n "nie-politieke etiek" prioriteite wat nagestreef moet word. Trouens, Huntington (1991: 244) beklemtoon dat "(t)he replacement of these highly political outlooks by a nonpolitical professional ethic was a top priority for the new democratic governments. Achieving it required immense effort, much time, and some risk". 'n Belangrike meganisme om 'n professionele kode te bevorder is die hersiening en aanpassing van militêre opleiding en militêre onderrigprogramme - 'n prioriteit wat deur leiers van nuwe demokrasieë oorweeg moet word.

* 'n Nuwe missie: Aangesien militêre magte ten tyde van die voorafgaande nie-demokratiese bedeling dikwels in nie-militêre rolle, en soms in hoogs omstrede politieke rolle aangewend is, is een van die eerste take van die leiers in 'n nuutgevestigde demokrasie om 'n nuwe taak en missie aan militêre instellings op te dra. Die beklemtoning van 'n nuut geformuleerde missie het as primêre funksie die depolitisering van militêre instellings. In die aanwesigheid van 'n militêre bedreiging is die heroriëntasie van militêre instellings en die bepaling van 'n missie veel makliker as wat die geval is wanneer 'n vyand afwesig is (Huntington, 1991: 246).

Vir die voortbestaan van 'n nuwe demokrasie en as direkte uitvloeisel van die eis vir 'n nuwe missie is die herorganisasie van die weermag nodig met as fokus militêre beveiliging en sekuriteit sowel as die uitskakeling van enige potensiële bedreiging vir die nuwe regering. Dikwels is die ontbinding van militêre eenhede en selfs die verskuiwing van militêre basisse nodig om die praetoriaanse probleem na behore te ontlont (Huntington, 1991: 247). Die verskuiwing van die sogenaamde Eerste Weermag van Argentinië weg van die hoofstad Buenos Aires het juis ten doel gehad om 'n potensiële militêre bedreiging uit hierdie oord te verhoed.

* Leierskap en organisasie: Die vervanging van militêre leiers en elites deur diegene wat lojaal is aan 'n nuwe bewind, is volgens Huntington (1991: 248) normaal van transformasieprosesse wat op demokratisering uitloop. 'n Lojale veiligheidsestablishment is van besondere belang ten tyde van ingrypende verandering soos baie state tydens die derde demokratiseringsgolf ervaar het. Vandaar die vervanging van militêre leiers en elites deur persone lojaal aan 'n nuwe bewind soos wat dit in Griekeland, Spanje, Portugal, die Filippyne en Nicaragua voorgekom het. Die aanstelling van Joe Modise as die nuwe Minister van Verdediging in Suid-Afrika moet in hierdie lig beskou word, terwyl die behoud van Generaal George Meiring van die gewese Suid-Afrikaanse Weermag (tans die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag) as hoof van hierdie instelling, 'n poging tot kompromie en skikking van die kant van president Mandela en die Regering van Nasionale Eenheid, gesien moet word. Myns insiens is die behoud van Generaal Meiring as die hoof van die weermag 'n belangrike stap om die weermag en ander militêre instellings te kalmeer en sodoende die praetoriaanse probleem (potensieel of reëel) daadwerklik aan te spreek.

Ander maatreëls wat deur demokratiese leiers van stapel gestuur is om 'n potensiële en/of reële praetoriaanse probleem te hanteer, sluit in nuwe beheermaatreëls soos die vestiging van gesamentlike hoofde van staf van die weermag, 'n nuwe instelling soos wat in Spanje na 1977 beslag gekry het, en persoonlike beheer oor die weermag deur die President soos in Nicaragua en Griekeland die geval was. In Spanje en Portugal is admiraals in senior militêre posisies aangestel om die invloed van veral die leër te beperk en daarmee saam potensiële staatsgrepe te vermy (Huntington, 1991: 248-249).

* Die grootte van die weermag en die voorsiening van toerusting: Volgens Huntington (1991: 249) is die weermagte van die meeste nie-demokratiese bedelings getallegewys te veel en bykans sonder uitsondering ontoereikend van toerusting voorsien. Politieke stelsels in Spanje, Argentinië, Nicaragua, Peru, Uruguay en Portugal het na afloop van demokratisering militêre begrotings aansienlik ingekrimp met die gevolg dat weermagte verklein moes word. In uitsonderlike gevalle het nuwe demokratiese bedelings weermagte gemoderniseer en nuwe toerusting hiervoor aangekoop. Die rasionaal agter hierdie optrede is enersyds die bevordering van 'n nuwe militêre oriëntasie/kultuur ten opsigte van eksterne bedreigings en andersyds pogings om die weermag tevrede en in bedwang te hou. Dit was die toedrag van sake in Griekeland, Spanje en Argentinië (Huntington, 1991: 250). Hierdie pogings blyk effektief te wees om die praetoriaanse probleem aan te spreek en die bedreiging

wat veiligheidsinstellings vir 'n brose nuwe bedeling inhou, te verminder of selfs heeltemal uit te skakel.

* Die uitbouing van die status van die weermag: Soos die geval is met die meeste staatsamptenare is die militêre establishment uiters besorg oor hul materiële status soos gemeet in terme van salarisse en byvoordele. Deur die materiële status van bevelvoerders, offisiere en manskappe te verbeter, kan die lojaliteit van die militêre establishment letterlik gekoop word (vergelyk Huntington, 1991: 250-251). Noue skakeling tussen nuwe politici en die militêre establishment, soos wat die geval was met Karamanlis en Papandreou in Griekeland, is bevorderlik vir die moraal van die weermag en verseker ook goeie kommunikasie wat die praetoriaanse probleem kan verminder (Huntington, 1991: 250-251).

Huntington (1991: 251) kom tot die gevolgtrekking dat: "Overall, between 1975 and 1990 third wave governments were generally successful in defeating coups d'etat, reducing coup attemps, gradually cutting back military political influence and nonmilitary roles, developing military political influence and nonmilitary roles, developing military professionalism, and inaugurating patterns of civil-military relations similar to those existing in Western industrialized democracies." Soos in die vorige hoofstuk tereg aangedui is, is die normatiewe grondslag van Huntington se perspektiewe veranker in 'n verabsolutering van die Westerse ervaring en tradisie in die algemeen (soos wat dit by uitstek in 'n Amerikaanse konteks tot wasdom gekom het) (Vergelyk afdeling 4.4 van hoofstuk 5 van hierdie studie). Die uitspel van politieke beleid op strategiese en taktiese vlak om die praetoriaanse probleem te hanteer, het Huntington (1991: 251-252) op die volgende riglyne laat besluit: *(1) Verwyder vooraanstaande en dislojale militêre offisiere uit die politieke arena sowel as militariste wat in die toekoms 'n gevaar vir die nuwe bedeling kan en mag inhou. (2) Tree drasties op teen enige deelnemers aan staatsgrepe of gepoogde staatsgrepe. (3) Vestig doeltreffende bevel en beheer oor die weermag en beklemtoon dat politici en nie-militariste in beheer van sake moet wees. (4) Verklein die grootte van die weermag tot wat bekostigbaar is en toereikend van toerusting voorsien kan word. (5) Gebruik geld wat bekom word met die verkleining van die weermag om die materiële status van oorblywende weermaglede te verbeter. (6) Heroriënteer die weermag ten opsigte van militêre en nie-politieke sendings. Hoewel dit eties beter is om internasionale konflikte te vermy, mag sodanige konflikte bruikbaar wees vir die nodige heroriëntasie van die weermag. 'n Weermag sonder 'n missie kan by die plaaslike politiek tot die nadeel van die demokrasie betrokke raak wat die opsie van betrokkenheid by 'n internasionale konflik verkieslik maak. (7) Vermeerder die troepekonsentrasie by en rondom die hoofstad ten einde 'n militêre bedreiging vir die nuwe demokrasie te verminder. (8) Voorsien "speelgoed" aan die weermag soos nuwe toerusting*

*waarmee hulle besig kan bly - wat betrokkenheid op die terrein van die politiek 'n laer prioriteit sal maak. (9) Nuwe politieke leiers moet hulle sover moontlik met die militêre en ander veiligheidsinstellings identifiseer. (10) Vestig en hou organisatoriese strukture in die omgewing van die hoofstad gereed, wat, indien nodig en wanneer 'n staatsgreep of potensiële staatsgreep plaasvind, mense in die strate van die hoofstad kan mobiliseer ten gunste van die nuwe demokrasie.*

Vervolgens word daar verder aandag gegee aan kontekstuele probleme wat die voortbestaan van nuwe demokrasieë in gevaar kan stel.

### 3.3.2 Kontekstuele probleme

Waarskynlik die grootste uitdaging vir nuwe demokrasieë is geleë in hul vermoë om bepaalde kontekstuele probleme suksesvol aan te spreek. Van die belangrikste probleme waarmee nuutgevonde demokrasieë worstel, is die aanwesigheid van *insurgensiemagte, etniese konflikte, armoede, sosio-ekonomiese ongelykhede, chroniese inflasie, buitelandse skuld, terrorisme en sosialistiese beleid en praktyk* (Huntington, 1991: 253-254). Ten einde hoë vlakke van legitimiteit te behou, moet nuwe demokrasieë kontekstuele probleme, soos aangetref in spesifieke state, suksesvol hanteer sodat dit 'n positiewe bydrae tot die institusionalisering (konsolidering) van nuwe demokrasieë kan lewer. In samehang met sy vorige argumente ten opsigte van die institusionalisering van politieke stelsels (1968: 12-24) moet nuwe demokrasieë bewys lewer van die suksesvolle hantering van bepaalde vraagstukke om sodoende legitimiteit te bekom. Dit is volgens Huntington (1991: 255-257) nie uitgesluit nie dat die onvermoë van 'n nuwe demokratiese owerheid om kontekstuele probleme suksesvol aan te spreek die weg kan baan vir die herstel van 'n nie-demokratiese bewind. Hierdie perspektief van Huntington word juis bevestig deur die swak prestasie van nuwe demokrasieë in talle derdewêreldstate wat gevolg het op dekolonisasie en wat gelei het tot die vestiging van nie-demokratiese bedelings. Ghana, Kenia, Tanzanië, Zambië en Zaire is enkele voorbeelde wat in hierdie verband genoem kan word. In 'n gees van pessimisme eie aan die realisme-filosofie, kenmerkend van militêre en politieke strateë, wys Huntington (1991: 255) daarop dat "(i)n the overwhelming majority of cases, however, it seems highly likely that third wave democratic regimes will not handle these problems effectively and that they will, in all probability, be no more or less successfull in doing this than their authoritarian predecesors ... The workings of democracy and the failure of new democratic governments to resolve these problems endemic to society generated indifference, frustration, and disillusionment". Politieke stelsels in state soos Spanje, Portugal, Argentinië en Brasilië het die aanvanklike hoë verwagtinge van die burgery wat

gevolg het op demokratisering, vinnig plek gemaak vir ontnugtering, verwarring, kritiek, frustrasie en selfs woede. Huntington (1991: 250) beklemtoon dan ook dat die aanvanklike positiewe persepsies van die burgery jeens nuwe demokratiese leiers meestal vinnig vervang word deur die siening dat hul arrogant, onbekwaam of korrup is.

Die periode na die bewindsoorname deur nuwe demokratiese leiers word ook dikwels gekenmerk aan die verbrokkeling van demokratiese koalisies, oneffektiewe regering en 'n groeiende besef dat die demokrasie op sigself geen kitsoplossing is vir die geïdentifiseerde kontekstuele probleme nie (Huntington, 1991: 256-257). Huntington (1991: 257-258) verwys ook na die "nostalgie" wat na vore tree en wat 'n premie plaas op die voormalige nie-demokratiese bedelings in 'n tyd waar die nuwe regering se prestasievermoë as ontoereikend geag word.

Teen die agtergrond van pessimisme soos hierbo uitgespel, beklemtoon Huntington egter dat die ontwikkeling van 'n demokratiese politieke kultuur 'n bydrae tot die konsolidering/institusionalisering van nuwe demokrasieë kan lewer.

## 3.4 Die ontwikkeling van 'n demokratiese politieke kultuur

In die bydrae van Diamond, Linz & Lipset (1988: 231) word daarop gewys dat nuwe demokratiese bedelings 'n legitimiteitsprobleem het wat effektiwiteit inhibeer en/of 'n effektiwiteitsprobleem het wat legitimiteit inhibeer. Hierdie pessimistiese vertrekpunt is egter nie vir Huntington (1991: 259-265) in die geheel aanvaarbaar nie. Trouens, Huntington (1991: 258-259) bevraagteken veral die relasie dat lae effektiwiteit noodwendig lae legitimiteit in die hand sal werk en wys dan daarop dat "(t)he legitimacy of authoritarian regimes (including in the end, communist regimes) came to rest almost entirely on performance. The legitimacy of democratic regimes clearly rests in part on performance. It also rest, however, on processes and procedures. The legitimacy of particular rulers or governments may depend on what they can deliver; the legitimacy of the regime derives from the electoral processes by which the governments are constituted."

Vir Huntington (1991: 251) is dit veral twee faktore wat die stabiliteit (oftewel die mate van institusionalisering) van demokratiese bewinde bepaal. Ten eerste word daar melding gemaak van die mate waarin elitekonsensus aanwesig is met betrekking tot kernvraagstukke in die politiek. Konsensus ten opsigte van die modus operandi om hierdie sake te hanteer, verskaf ook 'n belangrike grondslag vir die stabiliteit van nuwe demokratiese bedelings. Tweedens is die vermoë van die burgery om te onderskei tussen die regering en die regime van kardinale belang vir die legitimiteit

van die nuut gevestigde demokratiese bedeling. Huntington (1991: 261-262) wys verder daarop dat talle politieke stelsels wat onlangs gedemokratiseer het, soos aangetref in Spanje, Portugal en Peru, bewys gelewer het van ontevredenheid met die onderskeie regerings, maar nie met die demokratiese stelsel as sodanig nie. Huntington (1991: 263) kom tot die gevolgtrekking dat "(d)emocracies become consolidated when people learn that democracy is a solution to the problem of tyranny, but not necessarily to anything else" en verder "(e)nthusiasm for democracy, participation in electoral politics, and the popularity of democratic leaders all declined significantly. Yet in the first fifteen years of the third wave, in no country did a large-scale mass political movement develop challenging the legitimacy of the new democratic regime and posing an explicit authoritarian alternative to that regime... (T)he consensus on the desirability of democracy seemed to be overwhelming."

Anders as Diamond, Linz & Lipset (1988: 231) wat die effektiwiteitskrisisse van nuwe demokrasieë as rede aanvoer vir hul onvermoë om legitiem te wees, toon Huntington juis aan dat effektiwiteitsnorme nie oormatig beklemtoon moet word nie. Trouens, demokratiese prosedures en meganismes verseker juis dat daar in ooreenstemming met die wil van die burgery geregeer word - wat 'n legitimiteitskrisis waarna Diamond, Linz & Lipset (1988) verwys, onwaarskynlik maak. Hierdie insig van Huntington is 'n aanduiding van 'n skerp kritiese vermoë wat gepaard gaan met die daarstelling van hoë vlakke van orde en struktuur as wetenskaplike eis ten opsigte van strategieë vir die suksesvolle institusionalisering van demokrasieë.

Ten slotte word daar in hierdie afdeling gelet op gedragspatrone na afloop van demokratisering en die konsolidering van nuwe demokrasieë.

## 3.5 Gedragspatrone na afloop van demokratisering en die konsolidering van nuwe demokrasieë

Ontnugtering na afloop van die bewindsoorname van nuwe demokratiese bedelings kan volgens Huntington (1991: 265-270) aan die hand van vier gedragspatrone onderskei word. Hierdie gedragspatrone het te make met die onttrekking van politici en politieke groeperings na die bewindsoorname, sowel as verlaagde vlakke van politieke betrokkenheid van die burgery; 'n legitimiteitskrisis vir nuwe bedelings; 'n anti-establishmentreaksie en die opkoms van buiteparlementêre groepe; en anti-stelselaktiwiteite in uitsonderlike gevalle. Huntington se tipering van hierdie gedragspatrone word kortliks aangespreek.

- Die bedanking van vooraanstaande politici, die onttrekking van politieke groeperinge uit die formele politiek asook laer vlakke van burgerlike

betrokkenheid by die politiek is dikwels kenmerkend van die periode wat volg op 'n demokratiese oorname. Huntington (1991: 265) beklemtoon met reg dat hierdie gedragspatroon geen gevaar inhou vir die voortbestaan van nuwe demokratiese bedelings nie.

- Ontnugtering kom dikwels tot uitdrukking in die verwerping van die bona fides van die nuwe politieke elite sonder dat die legitimiteit van die demokratiese stelsel as sodanig hierdeur aangetas word. Hierdie gedragspatroon lei daartoe dat 'n tweede demokratiese verkiesing meestal deur die party wat die eerste verkiesing gewen het, verloor word (Huntington, 1991: 265).

- Ontevredenheid met die nuwe demokratiese owerheid het soms 'n anti-establishmentrespons, tot dié mate dat groot dele van die burgery hul steun aan buite-parlementêre groepe toesê. Dit is veral die resultaat van ontnugtering met bestaande politieke partye wat binne die politieke stelsel werksaam is. Veral in presidensiële stelsels kan die tendens daartoe lei dat 'n kandidaat van buite tot 'n volgende president verkies word. Hierdie tipe reaksie van die burgery op die "politieke establishment" is volgens Huntington (1991: 266) normaal aan enige demokratiseringsproses en 'n aanduiding dat demokratiese prosedures besig is om te institusionaliseer. Vandaar die perspektief dat "... a democracy may be viewed as consolidated if the party or group that takes power in the initial election at the time of transition loses a subsequent election and turns over power to those election winners ..." (Huntington, 1991: 266-267). Dit word beklemtoon dat in ses van die agt politieke stelsels waar demokratisering uitgeloop het op twee of meer verkiesings, daardie partye wat die eerste verkiesing gewen het, die tweede verkiesing verloor het (Huntington, 1991: 267-268).

- Laastens kan ontnugtering en ontevredenheid met die demokratiese proses tot anti-stelselaktiwiteite lei wat beteken dat die totale stelsel (met inbegrip van die demokratiese proses) bedreig word. Dit kan die weg baan vir die herstel van 'n nie-demokratiese bewind. In Nicaragua en El Salvador het anti-stelselgroeperings na afloop van die demokratiseringsproses na vore getree en gepoog om die demokratiese proses te ontwrig. Huntington (1991: 269-270) kom tot die gevolgtrekking dat "(a)t some point, publics could become disillusioned not only with the failures of democratic governments but also with the failures of democratic processes ... If democratic options appeared to be exhausted, ambitious political leaders would have powerful incentives to produce new authoritarian alternatives."

Ten slotte identifiseer en evalueer Huntington omstandighede wat die konsolidering of institusionalisering van nuwe demokrasieë begunstig of inhibeer. *Ten eerste* beklemtoon hy die aanwesigheid van vorige demokratiese bedelings, dit wil sê historiese ervaring van demokratiese strukture, as belangrik vir die konsolidering van demokratiese bedelings (Huntington, 1991: 270-271). In ooreenstemming met sy beskouing dat die ouderdom van 'n instelling 'n bydraende faktor tot institusionalisering is (1968: 13-17), beklemtoon Huntington dat politieke stelsels soos aangetref in Uruguay, die Filippyne, Indië, Turkye en Chili, met twintig of meer jare se ondervinding van demokrasie, 'n beter kans op suksesvolle konsolidasie het as Roemenië, Soedan en Mongolië - politieke stelsels met geen vorige demokratiese ondervinding nie (1991: 270-271).

*Tweedens* is die vlak van ekonomiese ontwikkeling binne 'n staat van kritieke belang om te bepaal of die demokrasie gaan konsolideer of nie (Huntington, 1991: 271). Huntington (1991: 271-272) beklemtoon immers dat "(a) more industrialized, modern economy and the more complex society and educated populace it entails are more conducive to the inaguration of democratic regimes than are their opposites." Hierdie vertrekpunt van Huntington waar ekonomiese ontwikkeling as vereiste (maar nie as voorvereiste nie) vir 'n stabiele demokrasie voorgehou word, artikuleer die gedagtegang van die kontemporêre-demokratiseringsparadigma eerder as dié van die deterministe. [Vergelyk afdeling 4.3.1 en 4.3.2 van hoofstuk 3 van hierdie studie vir 'n onderskeid tussen die genoemde paradigmas. Vergelyk ook Rustow (1970: 342) vir sy onderskeid tussen vereistes en voorvereistes vir die totstandkoming van 'n demokratiese bedeling.] Die uitspel van voorvereistes word geassosieer met die deterministiese denke terwyl die identifisering van vereistes weer aan die kontemporêre-demokratiseringsdenke verbind kan word. Met dit as vertrekpunt word daarop gewys dat state soos Spanje, die voormalige Oos-Duitsland, Hongarye, Bulgarye en wat vroeër as Tsjeggo-Slowakye bekend gestaan het, se kanse op stabiele demokratiese bedelings veel groter is as byvoorbeeld Indië, Pakistan, Nigerië en Soedan (Huntington, 1991: 272-273).

*Derdens* word daar klem gelê op 'n gunstige eksterne omgewing as faktor wat 'n stabiele demokratiese bedeling tot gevolg kan hê. As vertrekpunt beklemtoon Huntington (1991: 273-274) dat politieke stelsels in die omgewing van 'n demokratiese invloedsfeer 'n beter kans op oorlewing het as nuwe demokrasieë wat hulle buite so 'n omgewing bevind. Vandaar sy optimisme ten opsigte van Oos-Duitsland (tans deel van 'n verenigde Duitsland), Spanje, Portugal en Griekeland (binne die invloedsfeer van die VSA en die Europese Unie) en sy pessimisme ten

opsigte van Indië, Nigerië, Soedan, Brasilië en Mongolië (buite die betrokke invloedsfeer) (Huntington, 1991: 273).

*Vierdens* word die tydsberekening waarop demokratisering tydens die golfbeweging plaasgevind het, as 'n omstandigheid wat tot 'n stabiele demokrasie kan bydra, uitgesonder. Hoe vroeër daar tydens die golfbeweging gedemokratiseer is, hoe beter is die kans op stabiliteit. Die mate waarin endogene faktore (dit wil sê faktore van binne byvoorbeeld die vlak van ekonomiese ontwikkeling) eerder as eksogene faktore (dit wil sê faktore van buite byvoorbeeld die sneeubaleffek) deurslaggewend was in die demokratiseringsproses, is 'n belangrike faktor wat stabiele demokrasieë kan verseker. Normaalweg het politieke stelsels wat as gevolg van endogene faktore gedemokratiseer het, dit vroeër eerder as later gedoen terwyl dit met eksogene faktore net die omgekeerde was. In hierdie verband wys Huntington (1991: 275) daarop dat die laat stadium waarop demokratisering in Suid-Afrika plaasgevind het (soos gemeet binne die verloop van die derde demokratiseringsgolf) en die rol wat eksogene faktore (buitelandse druk) hierin gespeel het, ongunstig op die voortbestaan van 'n nuwe demokratiese bedeling mag inwerk.

*Vyfdens* beklemtoon Huntington (1991: 276) die aanwesigheid van 'n nie-gewelddadige veranderingsproses (ewolusionêr georiënteerd) as grondslag vir die konsolidering van 'n nuwe demokratiese bedeling. Hiervolgens sal die transformasie en magsdelingsmodusse vir demokratisering gunstig inwerk op die voortbestaan van nuwe demokratiese bedelings, terwyl regimevervanging en eksterne inmenging minder gunstige resultate tot gevolg behoort te hê.

*Sesdens* word die vermoëns van nuwe demokrasieë om kontekstuele probleme suksesvol te hanteer aangedui as 'n belangrike faktor wat tot stabiele demokrasieë kan bydra (Huntington, 1991: 276-277). Addisioneel tot bogenoemde faktore verwys Huntington (1991: 276-278) ook na ander faktore wat die konsolidering van nuwe demokratiese bedelings kan bevorder soos die mate van sukses behaal deur die vorige nie-demokratiese bedeling; die reaksie van politieke elites op die hantering van sensitiewe politieke vraagstukke; die tipe regime wat die demokratiese bewind voorafgegaan het; en die tipe demokratiese instelling wat tot stand gekom het. Ten opsigte van laasgenoemde aspek word 'n parlementêre demokrasie bo 'n presidensiële stelsel verkies.

Huntington (1991: 278-279) kom tot die gevolgtrekking dat, gemeet aan bostaande kriteria, die kans vir suksesvolle konsolidering deur demokratiese bedelings wat tydens die derde demokratiseringsgolf gedemokratiseer het, wissel van ongunstig tot

baie gunstig. Die volgende is 'n poging om state te klassifiseer wat suksesvol of onsuksesvol sal wees as nuwe demokrasieë, gemeet aan bostaande kriteria.

| BAIE ONGUNSTIG | ONGUNSTIG | BEPERK GUNSTIG | GUNSTIG TOT BAIE GUNSTIG |
|---|---|---|---|
| Soedan | Guatemala | Tseggo-Slowakye* | Portugal |
| Roemenië | Grenada | Chili | Spanje |
| | Nigerië | Ecuador | Oos-Duitsland* |
| | El Salvador | Bolivië | Uruguay |
| | Pakistan | Peru | Turkye |
| | Nicaragua | Honduras | |
| | Bulgarye | Argentinië | |
| | Mongolië | Brasilië | |
| | | Filippyne | |
| | | Indië | |
| | | Pole | |
| | | Hongarye | |

* State wat tans nie meer bestaan nie, as gevolg van partisie (Tseggo-Slowakye) of samesmelting (Oos-Duitsland).

**Fig. 6.4 'n Klassifikasie van state wat volgens Huntington-kriteria suksesvol, onsuksesvol of beperkte sukses behoort te behaal in terme van die konsolidasie van demokratiese bedelings.**

Hoewel Huntington nie eksplisiet na Suid-Afrika verwys nie, kan dit verwag word dat hy Suid-Afrika behoort te plaas by daardie kategorie wat hoogstens as beperk gunstig aangedui word. Redes hiervoor sluit in die laat stadium waarop demokratisering plaasgevind het, die rol wat eksogene eerder as endogene faktore gespeel het om demokratisering teweeg te bring, die swak prestasie van die Suid-Afrikaanse ekonomie oor die afgelope dekade of meer, en die ernstige aard van kontekstuele probleme waarmee die nuwe demokrasie gekonfronteer gaan word. Aan die positiewe kant kan verwys word na die aanwesigheid van 'n demokratiese tradisie en die kwesbaarheid van die Suid-Afrikaanse ekonomie vir druk van buite. In

die algemeen gesien kan 'n rooskleurige toekoms vir 'n Suid-Afrikaanse demokrasie vanuit die Huntington perspektief nie ongekwalifiseerd voorspel word nie.

Met die rekonstruksie van Huntington se bydrae binne die demokratiese institusionaliseringskonteks nou afgehandel, word daar nou gekonsentreer op 'n interpretasie en evaluasie van sy bydrae binne albei die geïdentifiseerde kontekste.

## 4. 'N INTERPRETASIE EN EVALUASIE VAN HUNTINGTON SE BYDRAE TEN OPSIGTE VAN DIE STRATEGIESE KOMPONENT

Die voorafgaande rekonstruksie beklemtoon die komplekse beskouing van Huntington rakende strategieë binne die onderskeie kontekste. Dit is duidelik dat Huntington komplekse verklarings vir komplekse verskynsels aanbied. Samevattend kan sy algemene teoretiese raamwerk binne beide die onderskeie kontekste so voorgestel word:

## STRATEGIEë VIR INSTITUSIONALISERING

A) Ewolusionêre hervorming
(Strategiese faktore: leierskap-strategie en -taktiek, tydsberekening, konsolidasie van politieke mag, hantering van sensitiewe kwessies en koalisiesluiting).

* Tradisionele samelewing
(Sentralisasie en konsolidasie van politieke mag as uitvloeisel van modernisasie)

** Praetoriaanse samelewing
(Vetorol van die weermag; weermag as institusiebouer)

B) Rewolusionêre hervorming

* Westerse patroon (Frankryk en Rusland)

Oosterse patroon (China, Vietnam, Kuba)

** Volledige rewolusie (met institusionalisering)
Onvolledige rewolusie (sonder institusionalisering).

## DEMOKRATIESE-INSTITUSIONALISERINGS KONTEKS

## STRATEGIEë VIR DEMOKRATISERING

A) Transformasie

B) Regimevervanging

C) Magsdeling

* Faktore wat die institusionalisering van nuwe demokrasieë kan bevoordeel.

- Vorige demokratiese ervaring
- Hoë vlakke en ekonomiese ontwikkeling
- Konstruktiewe rol van leier/eties
- 'n Gunstige eksterne omgewing
- Goeie tydsberekening
- Nie-gewelddadige veranderingsproses
- Vermoë om kontekstuele probleme suksesvol te hanteer

** Faktore wat die institusionalisering van nuwe demokrasieë kan benadeel

- Beperkte of geen vorige demokratiese ervarings
- Waarheidskommissies
- Die Praetoriaanse-probleem
- Kontekstuele probleme
- Elite konfrontasies
- 'n Ongunstige eksterne omgewing
- Swak tydsberekening
- Gewelddadige veranderingsproses



Fig. 6.5 Die teoretiese raamwerk van Huntington se beantwoording van die hoe- en waarom-vrae ten opsigte van die transformasie van politieke instellings in oorgangstye.

'n Belangrike perspektief wat nie uit die oog verloor moet word nie, is dat die aangeduide strategieë voortvloei uit sy analitiese perspektiewe en as doelwitte het dit wat tot norme verhef is, binne die onderskeie kontekste van sy denke. Uiteraard beteken dit dat daardie kritiekpunte wat vantevore ten opsigte van sy analitiese en normatiewe perspektiewe aangeteken is, ook op die strategiese aspekte van sy denke van toepassing gemaak sou kon word. In hierdie verband kan daar verwys word na die konserwatiewe en status quo-oriëntasie in sy denke, die potensiële sanksionering van nie-demokratiese bedelings en sy verabsolutering van Westerse waardes en norme. (Ten einde onnodige herhaling te voorkom, word lesers na afdeling 2.4 van hoofstuk 4 en afdeling 4 van hoofstuk 5 verwys vir besonderhede oor hierdie kritiek teen Huntington.)

Soos ook vroeër die geval was, word die interpretasie en evaluasie gedoen aan die hand van 'n metateoretiese raamwerk en val die klem eerstens op die teoretiese konteks van sy bydrae.

## 4.1 Teoretiese konteks

Huntington (1965; 1968; 1981a; 1991) slaag daarin om in geen onsekere taal antwoorde te bied vir die *hoe-* en *waarom-vrae* rakende die transformasie van politieke instellings. Trouens, binne elk van die onderskeie kontekste slaag Huntington daarin om volledige verklarings te gee. In so 'n mate dat sy bydrae binne die institusionaliseringskonteks as ingrypend (rewolusionêr) voorgehou kan word, soos wat dit staan in die teken van 'n paradigmaverandering waarna vroeër verwys is [Vergelyk afdeling 5 van hoofstuk 3 van hierdie studie sowel as Duvenhage (1989: 34-40; 1992: 23-30) vir besonderhede oor die aard van hierdie denkverandering soos deur Huntington teweeggebring.] Dit is veral sy perspektief dat die ingrypende verandering van politieke sisteme onewewigtigheid (disekwilibrium) tot gevolg kan hê, wat ten grondslag lê aan hierdie denkverandering en wat tereg in sy analise van die strategiese aspekte rakende die transformasie van politieke instellings na vore kom. Sommige stelselanaliste en ook diegene wat aan die liberaal-ekonomiese denklyn verbind kan word, het 'n sterk ekwilibriumbeskouing van politieke verandering aangehang. Eisenstadt (1964: 235) Bill & Hardgrave (1973: 82), Merkl (1977: xvii-xviii), Ball (1983: 13) en Young (1968: 37-48) het die onvermoë van stelselanaliste en veral struktuurfunksionaliste aangedui om disekwilibriumverandering in state/sisteme in perspektief te stel.

Binne die demokraties-institusionaliseringskonteks van sy denke beweeg Huntington (1991) verder as ander denkers binne daardie raamwerk van denke wat vroeër as die

kontemporêre-demokratiseringsparadigma aangedui is (Vergelyk afdeling 4.3.2 van hoofstuk 3 van hierdie studie vir besonderhede oor hierdie paradigma). Dit is veral Huntington se vermoë om vanuit 'n strategiese perspektief taktiese spelreëls te formuleer wat hom onderskei van ander kontemporêre demokratiseringsdenkers soos Karl (1990: 8-12), Schmitter & O'Donnél, (1988: 3-5; 37-47) en Share (1987: 528-534). Myns insiens slaag Huntington (1965, 1968, 1981a en 1991) daarin om deelteorieë binne die onderskeie kontekste van sy denke te formuleer wat as hoogtepunte in sy totale bydrae op hierdie terrein aangedui moet word. Sy akademiese onderlegdheid as militêre strateeg en sy praktiese ervarings as politieke strateeg en -adviseur het duidelik 'n belangrike rol tot die daarstelling van hierdie bydraes gespeel. Dit is veral sy vermoë om militêr strategiese idees om te bou en dit op die politiek van snelveranderde samelewings van toepassing te maak wat die meeste beïndruk. In 'n algemene sin is die volgende kenmerkend van sy bydraes binne die strategiese konteks: *die ontwikkeling van komplekse teoretiese raamwerke, kousaliteit of elemente daarvan in die konstruering van verklarings; die sterk realpolitieke inslag in sy denke; die hoë mate van empiriese verifikasie van teoretiese vertrekpunte; en die praktiese toepassingswaarde van sy strategiese analises.* By elkeen van hierdie aspekte word daar kortliks stilgestaan.

a) Komplekse teoretiese raamwerke: Dit is vanuit die rekonstruksie duidelik dat Huntington komplekse verklarings bied vir strategieë rakende institusionalisering en demokratisering. Sy strategieë vir institusionalisering vloei direk voort vanuit die analitiese konteks van sy denke. Sy onderskeiding tussen ewolusionêre en rewolusionêre verandering vloei regstreeks voort vanuit 'n vermoë van 'n owerheid om orde en stabiliteit te handhaaf ten tyde van ingrypende verandering (ewolusie) en 'n onvermoë om dit te handhaaf (rewolusie). Vandaar die perspektief dat 'n rewolusie 'n "ontploffing" van politieke deelname is wat bestaande instellings van die politieke toneel verwyder (Vergelyk figuur 4.3 van hoofstuk 4 van hierdie studie vir perspektief oor Huntington se beskouing van rewolusie gemotiveer vanuit die analitiese konteks).

Hoewel Huntington in 'n realpolitieke sin rewolusie as modus vir institusionalisering verreken, en selfs aansluiting vind by aspekte in die denke van Lenin (vergelyk Huntington 1968: 334-343) is dit duidelik dat sy simpatie eerder lê by ewolusionêre verandering. Trouens, die feit dat Huntington selfs vorme van militêre inmenging ten tyde van radikale en massapraetorianisme beklemtoon, dui op sy besondere sensitiwiteit vir orde en stabiliteit, 'n status quo-oriëntasie en daarom voorkeur aan ewolusie. Die feit dat Huntington op grond van die vertrekpunt van ewolusionêre verandering verskillende strategieë formuleer vir tradisionele samelewings; praetoriaanse samelewings en selfs multikulturele samelewings (met spesifieke

verwysing na Suid-Afrika) beklemtoon dit dat Huntington geen eenvoudige antwoorde probeer gee vir komplekse verskynsels nie. Veel eerder is dit komplekse antwoorde vir komplekse verskynsels/probleme, maar waarin die sentrale teoretiese vertrekpunte in sy denke gehandhaaf word. [Vergelyk Huntington se perspektiewe vanuit die analitiese konteks, afdeling 2 van hoofstuk 4 van hierdie studie, wat 'n grondslag verskaf vir beide die verstaan van ewolusionêre en rewolusionêre verandering. Dieselfde teoretiese vertrekpunte, hoewel nie volledig uitgespel nie, dien as grondslag vir sy (1981a: 14-24) voorstelle vir politieke verandering binne die Suid-Afrikaanse konteks].

Binne die demokratiese institusionaliseringskonteks stem Huntington se klassifikasie van modusse breedweg ooreen met dit wat deur Karl (1990: 9), Linz (1978: 35), Share & Mainwaring (1987: 177-179) en Share (1987: 528-534) beklemtoon word. Soos bogenoemde denkers slaag Huntington ook daarin om die onderskeie modusse teoreties van mekaar te onderskei. Hierdie onderskeiding berus op spesifieke rolle wat onder bepaalde omstandighede aan akteurs (soos konserwatiewes, asook liberale hervormers binne die regering enersyds en gematigde demokrate en rewolusionêre ekstremiste binne die opposisie andersyds) toegeken word (vergelyk Huntington, 1991: 123). Afhangende van die rolle, vertolk deur bogenoemde akteurs, kan transformasie as modus van magsdeling en regimevervanging onderskei word. Huntington se realistiese filosofie waarin daar pragmaties ruimte gelaat word vir veranderde magskonstellasies ten tyde van ingrypende politieke verandering (byvoorbeeld die regering se magsbasis verswak en die van die opposisie versterk) dwing hom om ruimte te skep vir modusverandering byvoorbeeld van transformasie na magsdeling in die oorgangstyd. Huntington (1991: 114-115) beklemtoon juis dat wat in Suid-Afrika as transformasie begin is deur middel van magsdeling as modus voortgesit is.

Soos wat dit enige goeie strateeg betaam, veral diegene wat vanuit die realismefilosofie opereer, hou Huntington te alle tye die agterdeur oop vir onvoorsiene omstandighede in 'n tyd van vloeibaarheid en ingrypende verandering. Sy vermoë om demokratisering in 35 state aan die hand van 4 modusse te onderskei, verdien bepaald lof. Die feit dat geen goeie klassifikasie/model/teorie in die geestes- en sosiale wetenskappe op absolute kennis kan aanspraak maak nie, beklemtoon waarom Huntington geforseer word om agterdeure oop te laat en standpunte te kwalifiseer ten einde teorie en praktyk nouer bymekaar te laat aansluit. Daarom dat sekere gevallestudies nader kom aan die ideaaltipiese modus as wat met ander gevallestudies die geval is. Nietemin blyk dit dat Huntington met hierdie klassifikasie besondere sukses behaal het. Veral die element van kousaliteit (die rol van akteurs

as bepalend tot die sukses van 'n spesifieke modus) verdien vermelding. Huntington se beantwoording van die *hoe-* en *waarom-vrae* binne die onderskeie kontekste word gekenmerk deur die beklemtoning van kousale verhoudings (oorsaak-gevolg-relasies).

b) Kousaliteit: Die formulering van strategieë binne die institusionaliseringskonteks van Huntington se denke (te wete ewolusionêre en rewolusionêre hervorming) is manifestasies van kousale verhoudings waarin sosiale mobilisasie, politieke deelname en politieke institusionalisering sleutelveranderlikes is in die bepaling of verandering ewolusionêr of rewolusionêr gaan wees. Ewolusie as die strukturele akkommodering van uitgebreide politieke deelname en rewolusie as 'n ontploffing van politieke deelname word vanuit die analitiese perspektief van sy denke binne hierdie betrokke konteks gemotiveer. (Vergelyk afdeling 2 van hoofstuk 4 van hierdie studie vir Huntington se verklaring vir politieke ontwikkeling/verval en die uitspel van kousale verhoudings wat rewolusie en ewolusie motiveer). In hierdie opsig moet Huntington erkenning kry vir die blootlegging van hoë vlakke van orde en struktuur as eis van die wetenskap.

Die uitspel van vereistes vir suksesvolle ewolusionêre verandering as alternatief vir rewolusie te wete leierskap, strategie en taktiek, die konsolidering van politieke mag, die hantering van sensitiewe kwessies en koalisiesluiting kan egter hoogstens as 'n realistiese teorie oftewel 'n swakker normatiewe verklaring uitgesonder word. Huntington se onvermoë om die onderlinge verhoudings van hierdie kriteria uit te klaar en duidelik te maak beperk hoë vlak-verklaring. Nietemin is die uniekheid van elke situasie van so 'n besondere aard dat die uitspel van dieselfde strategiese en taktiese vereistes onmoontlik in Suid-Afrika, Brasilië, Chili en Lesotho kon werk as gevolg van die uiteenlopenheid van elkeen van hierdie situasies. Huntington se verklaring in hierdie verband moet daarom as algemeen eerder as spesifiek gerig op 'n bepaalde situasie gesien word. Dit blyk nietemin dat dieselfde strategiese plan met veranderinge op die taktiese of toepassingsvlak onder verskillende en selfs uiteenlopende omstandighede bruikbaar kan wees. Vandaar die waarde van sy perspektiewe binne die Brasiliaanse konteks in die jare sewentig sowel as die impak van sy 1981a-bydrae op die Suid-Afrikaanse politiek in die jare tagtig vanuit dieselfde teoretiese raamwerk.[4]

---

4. Hoewel geen studie tot dusver op die impak van Huntington se denke op politieke verandering in Suid-Afrika gemaak is nie, blyk dit tog dat Huntington wel invloed in hierdie verband uitgeoefen het. Aangesien dit buite die bestek van hierdie studie lê om hierdie invloed te bepaal word enkele tendense uitgesonder wat as motivering hiervoor dien:
(1) Sy kontak met vooraanstaande politici en burokrate.
(2) Sy vertroudheid met die Suid-Afrikaanse politiek.
(3) Sy verskillende besoeke aan Suid-Afrika.

Die beklemtoning van politieke mobilisasie van die middelklas enersyds en die landelikes andersyds met 'n samewerkingsband waarin nasionalisme 'n deurslaggewende rol speel, dui ook op 'n kousale verklaring van rewolusie in terme van voorskriftelike rolle wat geld vir geïdentifiseerde akteurs. [Vir die identifikasie en beklemtoning van hierdie rolle word die leser verwys na afdeling 2.3.2 en 2.3.2 van hierdie hoofstuk, sowel as Duvenhage (1992: 47-49).] Die baanbrekerswerk wat Huntington in hierdie verband verrig het kan nie genoeg beklemtoon word nie. [Vergelyk ook Leys (1982: 332-347) wat ten spyte van ernstige kritiek teen Huntington in die algemeen sy bydrae (hoe onaanvaarbaar dit ook al vir hom is) erken.]

Dieselfde of minstens vergelykbare kousale verhoudings waarin spesifieke rolle aan geïdentifiseerde akteurs (konserwatiewes, liberale hervormers, gematigde demokrate en ekstremiste) toegeken word om 'n bepaalde demokratiseringstrategie (transformasie, magsdeling, regimevervanging) te verwerklik, word ook binne die demokraties-institusionaliseringskonteks van sy denke aangetref. (Vergelyk afdeling 3.1 van hierdie hoofstuk.) Die feit dat transformasie afhanklik is van 'n sterk regering en 'n swak opposisie waarin hervormingsgesindes in die regering die septer moet swaai, terwyl die gematigdes die opposisie moet beheer, maak dit moontlik om die veranderingsproses te voorspel en selfs te verklaar in terme van oorsaak-gevolg-relasies. Presies dieselfde kan ook ten opsigte van regimevervanging en magsdeling gesê word.

Die uitspel van vereistes vir die suksesvolle institusionalisering van demokrasieë (vergelyk afdeling 3.3 van hierdie hoofstuk) vertoon ook elemente van kousaliteit. Die feit dat Huntington met vereistes eerder as voorvereistes werk, temper die oorsaak-gevolg-relasie en dui eerder op 'n realistiese teoretiese vertrekpunt [vergelyk Rustow (1970: 342) vir die onderskeid tussen vereistes en voorvereistes]. In hierdie verband is Huntington 'n tipiese eksponent van dit wat vroeër as die kontemporêre-demokratiseringsparadigma (afdeling 4.3.2 van hoofstuk 3) van hierdie studie voorgehou is.

Dit blyk gevolglik dat Huntington se beantwoording van die *hoe-* en *waarom-vrae* ten opsigte van die transformasie van politieke instellings sterk kousaal georiënteerd is of ten minste elemente van kousaliteit bevat wat 'n aanduiding is van hoë vlakke van verklaring in die algemeen.

---

(4) Beskuldigings vanuit regse politieke oorde dat die argitek van "skelm politieke hervorming" vir P.W. Botha en F.W. de Klerk adviseer.

(5) Beskuldigings dat die strategiese plan verbonde aan sy 1981a-bydrae slaafs deur P.W. Botha gevolg is en waarop Huntington (1986) kommentaar gelewer het.

'n Kenmerk van Huntington se bydrae op die strategiese vlak is 'n sterk mate van pragmatisme wat aansluit by 'n realpolitieke beskouing.

c) 'n Realpolitieke beskouing[5]: 'n Oorheersende kenmerk van Huntington se bydrae op die gebied van die politieke strategie is die aanwesigheid van 'n sterk realpolitieke inslag. Soos 'n Machiavelli het Huntington militêre beginsels, soos wat dit vanuit die Realisme-paradigma afgelei word, nie net op die militêre terrein nie, maar ook op die politieke terrein van toepassing gemaak. Dit manifesteer by uitstek in sy beskouing van die strategiese aspekte rakende die transformasie van politieke instellings in oorgangstye. Veranker in 'n pragmatisme waarin die status quo (soos geassosieer met 'n bepaalde feitelike stand van sake) rasioneel geïnterpreteer word, word daar aan strategiese en taktiese beginsels vir die transformasie van politieke instellings vorm gegee. Werklikhede en veranderde werklikhede in tye van oorgang dien as vertrekpunt vir die formulering van strategiese beginsels. Hierdie realpolitieke invalshoek het binne die Huntington-denkraamwerk gefokus op dit wat bestaan as die sentrums van mag of potensiële mag (ten tyde van verandering). In hierdie verband word daar klem gelê op die rolle en potensiële rolle van akteurs om 'n bepaalde strategie ten uitvoer te bring. Hierdie aspek is kenmerkend van sy bydraes binne die institusionaliserings- en demokratiese-institusionaliseringskonteks. Die interaksie van akteurs, dikwels meganisties voorgestel (in terme van hul onderskeie magsbasisse) maak 'n voorspelbare resultaat moontlik. Huntington se voorkeur vir 'n ewolusionêre veranderingsproses (in teenstelling tot 'n rewolusionêre veranderingsproses) kan in terme van die realpolitieke beskouing wat hier geïdentifiseer is as konserwatief beskou word. Die konserwatisme wat kenmerkend is van Huntington se denke binne die analitiese en normatiewe komponente van die onderskeie kontekste word ook binne die strategiese komponent van sy denke waargeneem. (Wanneer die voorwetenskaplike vertrekpunte van Huntington se denke ten opsigte van die strategiese komponent later in hierdie hoofstuk aan die orde kom, sal daar in groter besonderhede aan sy realpolitieke beskouing as onderdeel van 'n konserwatiewe lewens- en wêreldbeskouing aandag gegee word).

Kenmerkend van 'n realpolitieke aanslag is 'n sensitiwiteit vir empiriese werklikhede wat algemeen in Huntington se bydraes te bespeur is.

---

5. Hierdie beskouing van die politiek kan sover teruggevoer word as die werke van Thucydides en later ook Machiavelli en Hobbes. In die twintigste eeu het 'n realpolitieke beskouing in die Internasionale Politiek bekend as die Realismeparadigma tot stand gekom. In reaksie op die idealisme het denkers soos Carr, Morgenthau, Thompson, Niebuhr en Kissinger bydraes gelewer. Op die veld van die strategiese studies is strateë soos Brzezinski en Huntington hierdeur beïnvloed in wat die Koue Oorlog-fase genoem kan word. Hierdie denklyn is bekend vir die fokus op politieke mag, pragmatisme asook konserwatisme. Vir meer besonderhede oor hierdie denkwyse word lesers verwys na Garnett (1976: 9-12) Kegley & Wittkopf (1989: 15-18) en Viotti & Kauppi (1993: 5-7, 35-44, 61-73).

d) Empiriese verifikasie van teoretiese vertrekpunte: 'n Deurlopende kenmerk van al Huntington se bydraes binne die onderskeie kontekste is die rykdom aan empiriese voorbeelde wat gebruik word om teoretiese vertrekpunte te verifieer; in so 'n mate dat daar ten opsigte van demokratiseringstrategieë na nie minder nie as 35 voorbeelde verwys word (Huntington, 1991: 113). Presies dieselfde styl word ook in sy vroeëre bydraes (1965; 1968) aangetref. Ten opsigte van laasgenoemde bydraes word daar na talle voorbeelde, waarvan sommige ver teruggaan in die geskiedenis, verwys. Dit blyk dat Huntington nie net met die kontemporêre politiek vertroud is nie, maar ook met die geskiedenis in die algemeen wat as empiriese bewysgrond ingespan word om teoretiese vertrekpunte te motiveer. Sy beklemtoning van die politieke strategie van Mustafa Kemal (Huntington, 1968: 348-357) kan voorgehou word as 'n voorbeeld uit die kontemporêre geskiedenis wat as bewysgrond gebruik word vir die ontplooiing van 'n Fabiaanse strategie wat met Blitzkrieg-taktiek toegepas word. Die toepassing van sy teoretiese vertrekpunte oor rewolusie op Bolivia ('n voorbeeld van 'n onvolledige rewolusie) en Mexiko ('n voorbeeld van 'n volledige rewolusie) is kenmerkend van Huntington se styl as teoretikus.

Die feit dat Huntington se teoretiese bydraes oor empiriese bewysplase beskik, kan nie betwyfel word nie. Oor die akkuraatheid van sy interpretasies en sy oorvloedige bykans ensiklopediese gebruik van empiriese stof, sonder om van indringende gevallestudies gebruik te maak, het hom opgestel as 'n skyf vir kritiek (vergelyk Leys, 1982: 338-339). Hoewel Huntington met reg gekritiseer kan word oor die afwesigheid van diepgaande besprekings van gevallestudies, kan sy empiriese stof nie sonder meer as onakkuraat afgemaak word nie. Trouens, die afwesigheid van gevallestudies moet verreken word teen die agtergrond van die strewe om 'n algemene eerder as 'n spesifieke perspektief op institusionaliserings- en demokratiseringstrategieë te verwerf. Deur teoretiese vertrekpunte empiries te verreken, waarin daar diepgaande toepassings op gevallestudies gemaak is, kon Huntington die kwaliteit van sy bydraes verder verhoog het.

Kenmerkend van Huntington se analises op die strategiese vlak, is die praktiese toepassingswaarde hiervan.

e) Praktiese toepassingswaarde: Dat Huntington se bydraes binne albei die onderskeie kontekste aansluiting vind by dit wat tans in Suid-Afrika asook ander wêrelddele (vasgevang in ingrypende politieke verandering) aan die orde is, ly geen twyfel nie. Die treffende van veral sy 1968- en 1991-bydraes, ten minste in so verre dit sekere kernaspekte aangaan, is dat dit lees soos 'n handboek wat vir Suid-Afrikaanse omstandighede in 'n tyd van ingrypende verandering geskryf is. Die werklikhede van

onewewigtigheid, soos geassosieer met 'n rewolusionêre of ewolusionêre veranderingsproses, word by uitstek in die denke van Huntington gemotiveer. Verder was die magsdelingsmodus vir demokratisering sedert 1990 prominent waarneembaar binne die Suid-Afrikaanse demokratiseringsproses. Dit was juis dié proses wat aan die huidige oorgangsgrondwet beslag gegee het. Die strategiese beplanning en taktiek soos wat dit aan die magsdelingsmodus verbind kan word (vergelyk Huntington, 1991: 159-162) is by uitstek deur prominente akteurs in die Suid-Afrikaanse onderhandelings- en oorgangsproses benut.

Met die uitspel van voorwaardes vir die suksesvolle institusionalisering van nuwe demokrasieë word kriteria geskep/daargestel waaraan die sukses van demokratisering hier ter plaatse beoordeel kan word. Vanuit hierdie kriteria beoordeel (vergelyk Huntington, 1991: 270-279) het Suid-Afrika in vergelyking tot ander nuwe demokrasieë 'n gemiddelde kans op sukses (Vergelyk ook diagram 6.2 vir 'n vergelyking van die sukses van nuwe demokrasieë).

Dat Huntington 'n bruikbare teoretikus is vir die verstaan van politieke verandering (met inbegrip van politieke ontwikkeling) in Suid-Afrika kan nie betwyfel word nie. Trouens, my aanvanklike motivering vir 'n analitiese studie oor Huntington is juis hierdeur geïnspireer. Dit is veral sy vermoë om die onewewigtige aard van ingrypende politieke verandering in perspektief te stel, meer so as enige vooraanstaande teoretikus waarvan ek bewus is, wat aan Huntington die status van 'n baanbreker besorg. Hierdie baanbrekerswerk word by uitstek in sy analises van strategieë binne die onderskeie kontekste van sy denke gemotiveer. Gegewe dit wat tans eerstehands in die Suid-Afrikaanse situasie waargeneem word, bied Huntington se teoretiese vertrekpunte lig op 'n baie komplekse veranderingsproses.

Waarskynlik die grootste bate van Huntington se bydrae is die aanwesigheid van 'n teoretiese kernstruktuur wat by magte is om die aard van verandering in bykans enige samelewing in perspektief te plaas. Dit beskik oor 'n kwalitatiewe en kwantitatiewe vermoë om te klassifiseer, te voorspel en sover moontlik ook te verklaar.

Om saam te vat, kan Huntington se teoretiese bydrae tot die verstaan van strategieë vir institusionalisering en demokratisering gekenmerk word aan: komplekse teoretiese raamwerke; kousaliteit of elemente daarvan in die konstruksie van verklaring; 'n sterk realpolitieke inslag in sy denke; hoë vlakke van empiriese verifikasie van teoretiese vertrekpunte en 'n praktiese toepassingswaarde van sy strategiese analises. Hierdie teoretiese bydraes staan binne 'n bepaalde vakwetenskaplike perspektief wat vervolgens aan die orde gestel word.

## 4.2 Vakwetenskaplike konteks

Binne hierdie konteks is drie aspekte van belang, te wete die paradigma-verandering wat met sy 1965- en 1968-bydraes teweeggebring is; sy artikulering en uitbouing van dit wat as die kontemporêre-demokratiseringsparadigma voorgehou word; en die realpolitieke inslag wat aansluiting vind by 'n breëre konserwatiewe lewens- en wêreldbeskouing.

a) Paradigma-verandering: Hierdie aspek is ook beklemtoon binne die analitiese en normatiewe komponente van sy bydrae binne die institusionaliseringskonteks [Vergelyk afdeling 2.4.2 van hoofstuk 4 en afdeling 4.2 van hoofstuk 5. Lesers word ook verwys na Duvenhage (1992: 23-30) vir algemene besonderhede oor die aard van die paradigma-verandering ter sprake]. Dit is beklemtoon dat Huntington verantwoordelik was vir die verandering van die kernstruktuur van dit wat as die liberaal-ekonomiese paradigma voorgehou is en die vestiging van 'n kompeterende paradigma wat vinnig groot aansien verwerf het [Vergelyk Groth (1979: 203-204), O'Brien (1972: 351-378), Putman (1986: 837-846) en Kenski & Kenski (1975: 567-578) vir status wat Huntington se 1968-bydrae bereik het]. Ten opsigte van die strategiese komponent in sy denke is dit veral die vertrekpunt wat die onewewigtige aard van ingrypende verandering reflekteer (in terme van ewolusie en rewolusie as onderskeibare modusse) wat vermeld moet word. In teenstelling tot die liberaal-ekonomiese paradigma van denke (vergelyk afdeling 4.3.1f en 5 van hoofstuk 3 van hierdie studie waar ewolusionêre en ekwilibrium-verandering tot norm verhef is) beklemtoon Huntington juis die onewewigtige en soms rewolusionêre aard van 'n transformasieproses. Uitgaande van die veronderstelling dat ekonomiese modernisasie tot politieke ontwikkeling of politieke verval kan lei, word ingrypende politieke verandering vanuit 'n disekwilibrium-perspektief beoordeel. Met hierdie insig en perspektief uitgebou tot 'n volwaardige verklaring/teorie was Huntington verantwoordelik vir dit wat as 'n paradigmaverandering op die terrein van die politieke ontwikkeling voorgehou kan word. (Vergelyk afdeling 2.4 van hoofstuk 2 van hierdie studie vir die uitgespelde kriteria waaraan 'n paradigmaverandering moet voldoen).

b) Die artikulering en uitbouing van die kontemporêre demokratiseringsparadigma: Binne die demokratiese institusionaliserings-konteks van sy denke artikuleer Huntington 'n veelheid van modusse (transformasie, magsdeling, regimevervanging en imposisie) wat breedweg ooreenstem met dit wat deur ander denkers binne die kontemporêre demokratiseringsparadigma uitgewys is [Vergelyk Karl (1990: 9), Linz (1978: 35), Share & Mainwaring (1987: 177-179) en Share (1987: 528-534)]. Huntington gaan egter verder as voorgenoemde denkers deur spesifieke taktiese spelreëls (1991: 141-142, 149-151, 162-163, 231, 251-253) te identifiseer wat die

mees waarskynlike en ideale rolmodelle vir die geïdentifiseerde akteurs binne die onderskeie modusse uitspel. Met die formulering van hierdie spelreëls tree die Machiavelli-karakter in die denke van Huntington sterk na vore en word daar letterlik advies gegee aan die "Prins"(e) van die kontemporêre politiek. Soos by 'n Machiavelli van die Renaissance is 'n realpolitieke beskouing, kenmerkend van die Huntington-denkraamwerk.

c) 'n Realpolitieke beskouing: Met die status quo as vertrekpunt word daar in 'n pragmatiese sin met werklikhede omgegaan en verskaf dit die verwysingsraamwerk vir sy beklemtoning van bepaalde strategieë. In teenstelling met die optimisme en idealisme van denkers soos Lipset, Deutsch en Lerner, (verbonde aan die liberaal-ekonomiese paradigma) wat dit beklemtoon dat politieke verandering ewolusionêr behoort te wees, wys Huntington in realpolitieke terme op die moontlikhede van ewolusionêre en rewolusionêre verandering. Dit is veral die voorkeur wat Huntington gee aan inkrementele verandering, waar die status quo as vertrekpunt dien, wat sy konserwatiewe lewens- en wêreldbeskouing by uitstek demonstreer.

Dieselfde realpolitieke vertrekpunt waarin alle beskikbare moontlikhede voorsien en verduidelik word, is ook binne die demokratiese institusionaliseringskonteks van sy denke aanwesig. Binne hierdie konteks wys Huntington (1991: 276) daarop dat daardie modusse waar lae vlakke van geweld aanwesig is, te wete transformasie en magsdeling (dit wil sê vorme van ewolusionêre verandering) 'n groter kans het op die vestiging van geïnstitusionaliseerde demokrasieë as wat die geval is met regimevervanging of selfs rewolusie waar hoër vlakke van geweld veronderstel word. [Verskeie denkers binne die kontemporêre demokratiseringsparadigma waaronder Karl (1990: 8), Huntington (1991: 192) en Share (1987: 533) beklemtoon dat rewolusie as modus tot dusver onsuksesvol was in die vestiging van 'n stabiele demokratiese bedeling]. Huntington se voorkeur aan vorme van ewolusionêre verandering (oftewel 'n inkrementalisme) waarin die status quo die vertrekpunt vorm, beklemtoon die konserwatisme aanwesig in sy denke (Vergelyk afdeling 3 van hoofstuk 3 van hierdie studie vir Edmund Burke se beskouing van inkrementele verandering binne 'n konserwatiewe lewens- en wêreldbeskouing wat sterk ooreenkomste vertoon met die beskouing van Huntington).

Vervolgens word Huntington se bydrae binne die wetenskaplike konteks geïnterpreteer en geëvalueer.

## 4.3 Wetenskaplike konteks

Binne hierdie konteks van die metateoretiese raamwerk word daar gefokus op Huntington se vermoë om orde en struktuur as eis van die wetenskap bloot te lê en geldige en betroubare kennis te ontwikkel. Die kontekste waarbinne hy sy wetenskap beoefen, sowel as die wetenskapsbeskouing wat sy denke onderlê, word ook vir aandag uitgesonder. (Lesers word verwys na hoofstuk 2 van hierdie hoofstuk vir meer besonderhede oor die aard en inhoud van die genoemde kriteria.)

a) Orde en struktuur: Die ontdekking van reëlmaat (orde) en die organisering van stof volgens 'n bepaalde vorm of patroon (struktuur) is, in die algemeen gesien, van 'n hoë standaard. Dit blyk die geval te wees hoewel onderskeibare komponente van sy verklarings binne die onderskeie kontekste nie in alle opsigte op kousaliteit kan aanspraak maak nie. Hoewel kousaliteit (oftewel die aanduiding van oorsaak-gevolg-relasies) ten opsigte van die onderskeiding tussen rewolusie en ewolusie, sowel as die verskillende demokratiseringsmodusse aangetref word, bestaan daar ook uitsonderings op hierdie reël. Realistiese konstrukte (dit wil sê 'n swakker tipe verklaring) met betrekking tot die uitspel van vereistes vir suksesvolle ewolusionêre hervorming (1981a: 14-24) en daardie faktore wat die institusionalisering van demokrasie bevoordeel of benadeel (1991: 270-279) beperk die bloot lê van hoë vlakke van orde en struktuur. Die feit dat hy in sy 1991-bydrae, in teenstelling tot sy 1965- en 1968-bydraes, telkens gedwing word om bepaalde uitsonderings aan te dui, beklemtoon die aanwesigheid van laer vlakke van orde en struktuur. Dit is dan ook die rede waarom Huntington in sy 1991-bydrae gedwing word om teoretiese vertrekpunte te kwalifiseer en dit nie as algemene wetmatighede voor te hou nie. Huntington (1991: xiv) erken immers self dat "... almost no proposition (teoretiese vertrekpunt) even applied to all third wave cases". In die algemeen gesien, kan Huntington se bydraes binne die strategiese komponent van sy denke rakende die institusionaliseringskonteks op hoër vlakke van orde en struktuur aanspraak maak as wat die geval is met sy bydraes binne die demokratiese institusionaliseringskonteks. Dit wil egter nie sê dat sy bydrae binne die demokratiese institusionaliseringskonteks noodwendig van 'n swakker gehalte is nie. Trouens, dit vergelyk goed met die beste wat binne die kontemporêre demokratiseringsparadigma gelewer is, en wat die formulering van taktiese speelreëls aanbetref, oortref dit enige bydrae binne die genoemde paradigma.

Wanneer die kompleksiteit van strategie vir institusionalisering en demokratisering in oënskou geneem word en hiermee saam die wete dat die sosiale en geesteswetenskappe (anders as die natuurwetenskappe) hoogstens op die aanduiding van samehange en verbande kan aanspraak maak, plaas dit sy bydrae in

perspektief. Gegewe hierdie beperkings en met inagneming van dit wat ander denkers soos Schmitter & O'Donnel, Share, Linz en Diamond bereik het, verdien Huntington lof vir die akkuraatheid van sy vertrekpunt en sy vermoë om uitsonderings veral binne sy 1991-bydrae aan te dui. In die algemeen gesien, moet Huntington (1965; 1968; 1991) aangeprys word vir sy vermoë om hoër vlakke van orde en struktuur ten opsigte van hierdie terrein te kon bereik. Dit blyk egter dat sy bydraes binne die institusionaliseringskonteks op hoër vlakke van orde en struktuur kan aanspraak maak as wat die geval is met sy bydraes binne die demokratiese institusionaliseringskonteks. Die implikasie van hoër vlakke van orde en struktuur, in die algemeen gesien, is die ontwikkeling van geldige en betroubare kennis.

b) <u>Geldige en betroubare kennis</u>: Hoë vlakke van orde en struktuur dui outomaties daarop dat daar geldige en betroubare kennis ontwikkel is. Binne albei kontekste van sy denke is hier sprake van geldige en betroubare kennis. Binne die institusionaliseringskonteks van sy denke is dit egter meer geldig en betroubaar as wat die geval is met sy bydrae binne die demokratiese institusionaliseringskonteks. Die rede hiervoor is dat daar ten opsigte van strategieë vir institusionalisering van 'n veel groter empiriese bewysgrond gebruik gemaak word en dus aanspraak op groter algemeengeldendheid gemaak kan word. Ten opsigte van strategieë vir demokratisering word daar slegs in terme van akademiese geldigheid aanspraak gemaak op die periode 1973-1990 oftewel daardie periode wat as die derde demokratiseringsgolf aangedui word.

Die feit dat Huntington (in die algemeen gesien) nie van gevallestudies gebruik maak waar groter detail/kwantifisering aangedui word nie, doen afbreuk aan hoë vlakke van orde en struktuur en daarom ook aan geldige en betrokke kennis. Sy oorsigtelike gebruik van voorbeelde waarin besonderhede slegs aangeraak word, beïndruk egter wanneer die getal (voorbeelde) in aanmerking geneem word. Sy ensiklopediese gebruik van voorbeelde, maar waarvan die besonderhede ontbreek, is egter 'n kritiekpunt wat teen Huntington gehandhaaf kan word. [Vergelyk ook Leys (1982: 332-349).] Die bydraes van Huntington ten opsigte van die transformasie van politieke instellings, verkry gestalte binne die verskillende kontekste aanwesig in sy groter denkraamwerk waarop daar vervolgens gekonsentreer word.

c) <u>Kontekste vir wetenskapsbeoefening</u>: Soos vanuit die rekonstruksie afgelei kan word, kry Huntington se denke ten opsigte van die strategiese komponent daarvan óók beslag binne die twee nou reeds bekende kontekste. (Vergelyk afdeling 5 van hoofstuk 3, afdeling 2.4.3 en 3.4.3 van hoofstuk 4 en afdeling 4.3 van hoofstuk 5 vir 'n aanduiding van hierdie kontekste sowel as die onderskeie fokusse ten opsigte van

die analitiese en normatiewe komponente in Huntington se denke.) 'n Onstabiele omgewing in die sestigerjare, met omstandighede van politieke verval (aangetref in talle derdewêreldstate) gee daartoe aanleiding dat Huntington ewolusionêre en rewolusionêre wyses van verandering beklemtoon - gerig op politieke institusionalisering as norm.

In die sewentigerjare, met tendense van demokratisering aan die orde van die dag, formuleer Huntington strategieë vir demokratisering. Die institusionaliserings- en die demokratiese institusionaliseringskonteks vorm sodoende die fokuspunte vir die rekonstruksie van Huntington se bydraes binne die strategiese komponent soos ook die geval was met die analitiese en normatiewe komponente aanwesig in sy denke.

Onderliggend aan sy denke binne die onderskeie kontekste lê 'n bepaalde wetenskapsbeskouing en metodologie wat vervolgens die aandag verdien.

d) Wetenskapsbeskouing en metodologie: Huntington se verbintenis aan 'n positivisties-behavioralistiese wetenskapsbeskouing is, soos wat die geval was met die analitiese en normatiewe komponente van sy denke binne albei bogenoemde kontekste, ook prominent waar te neem binne die strategiese komponent van sy denke. Kenmerkend van behavioraliste soos Huntington en Easton is die beklemtoning van die onderskeid tussen feite en waardes en sodoende die strewe na neutraliteit. Binne die veld van strategiese studies kry hierdie denklyn in terme van die realisme-paradigma oftewel die realpolitiek beslag. 'n Denklyn waarmee die meeste vooraanstaande strateë onder andere Machiavelli, Von Clausewitz en ook Huntington geassosieer kan word. Kenmerkend van die realpolitieke beskouing is die strewe na morele neutraliteit oftewel dit waarna Garnett (1976: 12) verwys as "(t)he clinical, cool, unemotional way in which strategists analyse modern war...". Soos Machiavelli sy strategiese beginsels op die terrein van die politiek toepas, gebruik ook Huntington strategiese beginsels, afgelei vanuit 'n realpolitieke konteks, vir sy analise van strategieë rakende die transformasie van politieke instellings in oorgangstye. Wanneer Huntington (1991: XV) daarop aanspraak maak dat sy oordeel op feite en nie op waardes berus nie, is 'n neutrale wetenskapsbeskouing 'n belangrike voorveronderstellings by hom. Huntington se aansprake op rasionaliteit en morele neutraliteit, soos die geval met alle positivistiese behavioraliste, blyk egter ver van die waarheid te wees. Eie aan 'n realpolitieke beskouing, lê 'n stuk konserwatisme (vergelyk Garnett, 1976: 9) wat kenmerkend is van veral militêre strateë. Op hierdie reël is Huntington geen uitsondering nie. Dit vorm egter deel van 'n lewens- en wêreldbeskouing wat voorwetenskaplik veranker is en waarop daar in die volgende afdeling gefokus sal word.

'n Deurlopende kenmerk van al Huntington se bydraes, en dus ook sy bydrae binne die strategiese komponent van sy denke, is die gebruikmaking van 'n histories-vergelykende metode. Hoewel sy benadering nie alleen histories-vergelykend is nie, maar ook elemente van sisteemanalise en struktuurfunksionalisme bevat, is eersgenoemde benadering bepaald oorheersend. Vandaar die feit dat Huntington in sommige kringe as 'n historikus beskou word [Vergelyk Salamon (1978: 339-360), Chandler (1993: 13)]. Hoewel Huntington ook van ander benaderings gebruik maak, gaan dit nie vir Huntington primêr om die geskiedenis nie en vorm dit hoogstens empiriese materiaal vir die verifikasie en formulering van verklarings. Salamon en Chandler se beskrywing van Huntington as 'n historikus is myns insiens net gedeeltelik waar. Dit is meer korrek om na Huntington as 'n teoretikus te verwys wat van histories-gelaaide empiriese materiaal gebruik maak ten einde teoretiese vertrekpunte te verifieer.

Vervolgens word daar aan die voorveronderstellings van Huntington se bydrae ten opsigte van die strategiese komponente in sy denke aandag gegee.

## 4.4 Die voorwetenskaplike konteks

Ten diepste is Huntington se denke, insoverre dit die strategiese komponent aangaan, veranker in 'n realpolitieke beskouing wat deel vorm van 'n groter konserwatiewe lewens- en wêreldbeskouing (Vergelyk afdeling 3 van hoofstuk 3 van hierdie studie vir 'n uiteensetting van die konserwatiewe tradisie en bydraes in hierdie verband). 'n Realpolitieke beskouing soos wat dit ontwikkel is deur Thucydides, Machiavelli, Hobbes en denkers van die realisme-paradigma binne die internasionale politiek en strategiese studies (Morgenthau, Thompson, Niebuhr, Kissinger en Brzezinski), vorm die raamwerk vir die verstaan van Huntington se bydraes op die terrein van die politieke strategie. [Vir meer besonderhede oor die realpolitieke beskouing en die Realisme-paradigma kan Garnett (1976: 9-12); Kegley & Wittkopf (1989: 15-18) en Viotti & Kauppi (1993: 5-7, 35-44, 61-73) geraadpleeg word.]

Vir die verstaan van Huntington se voorwetenskaplike aannames ten opsigte van die formulering van politieke strategieë (ten tyde van ingrypende verandering) kan die volgende vertrekpunte eie aan 'n realpolitieke beskouing uitgelig word:

- die beklemtoning van die inherent slegte aard van die mens, sy selfsugtigheid en strewe om mag te bekom;

- die aanvaarding van die permanente aard van konflik in die politiek, en die manifestasie hiervan in politieke magstryde tussen politieke akteurs;

- die gebruik van die status quo as vertrekpunt vir die formulering van strategiese beginsels.

Huntington se akademiese vormingsjare binne die studieveld van strategiese studies het juis plaasgevind in 'n omgewing wat deur Garnett (1976: 11) beskryf word as die "... grim mood and temper of international politics in the cold war era". Garnet (1976: 11) gaan self so ver en beklemtoon dat "(t)hose American strategists who laid the foundations of contemporary strategic thought in the late 1950's and early 1960's operated in an environment where realism was the orthodoxy, and almost without exception they swallowed its precepts." Hoewel Garnett (1976: 11) nie direk na Huntington verwys nie, is dit tog tiperend van sy denke ten opsigte van politieke strategie. Vandaar die raakpunte tussen die bydraes van Huntington en dié van ander denkers soos Machiavelli, Hobbes en Niebuhr wat ook as realpolitieke denkers beskou kan word. (Vergelyk afdeling 3 van hoofstuk 3 van hierdie studie vir die konserwatisme aanwesig by al bogenoemde denkers, sowel as die realpolitiek-beskouing wat binne hierdie denkpatroon ingebed is). Wat Huntington (1965, 1968, 1991) onderskei van Amerikaanse strateë binne die realisme-paradigma is die toepassing van hierdie filosofie op die terrein van politieke verandering en meer spesifiek die transformasie van politieke instellings in oorgangstye. Bogenoemde drie vertrekpunte kan dan ook prominent waargeneem word binne die denke van Huntington rakende die transformasie van politieke instellings. Sy beklemtoning van die konflikterende aard van die politiek en die strewe van akteurs (regeringsgesinde groepe en opposisiegroepe) loop soos 'n goue draad deur Huntington se denke. Trouens, Huntington se beskouing van die politiek in tye van ingrypende verandering vertoon duidelike ooreenkomste met die Hobbesiaanse beskouing (1946: 64) van "... a restless struggle for power which ceaseth only in death".

Die konflikterende aard van die politiek en magstryde tussen akteurs (binne die geïdentifiseerde modusse) herinner sterk aan die Darwinistiese "survival of the fittest" met Huntington as strategiese en taktiese adviseur vir strydende partye - selfs meer konkreet as Machiavelli se advies aan die "Prins".

Die gebruik van die status quo as vertrekpunt kan nie net herlei word tot 'n konserwatiewe vertrekpunt nie, maar verskaf ook sanksie aan 'n status quo waar Huntington se simpatie lê. Dit is dan ook die rede waarom denkers soos Kesselman (1973: 142-1433), Chilcote (1981: 280-281), Leys (1982: 332-349) en Groth (1979: 207-212, 230) kritiek opper teen die status quo-oriëntasie in Huntington se denke - kritiek wat bepaald meriete dra. Binne die strategiese konteks kan die spesifieke aard van die status quo wat Huntington ondersteun, nie presies bepaal

word nie. Wanneer die normatiewe komponent van sy denke egter in oënskou geneem word, blyk dit dat Huntington 'n voorkeur gee aan 'n geïnstitusionaliseerde demokratiese orde wat ooreenstem met die bestaande Amerikaanse politieke orde (Vergelyk afdeling 4.4 van hoofstuk 5 van hierdie studie).

Soos wat die geval was met die analitiese en normatiewe komponente in sy denke kan voorwetenskaplike aannames in 'n wetenskapsfilosofiese sin ook vasgestel word. In hierdie verband moet daar melding gemaak word van sy neutrale en meganistiese wetenskapsbeskouing as uitvloeisel van 'n positivisties-behavioralistiese metodologiese tradisie (Vergelyk ook afdeling 2.4.4 en 3.4.4 van hoofstuk 4 en afdeling 4.4 van hoofstuk 5 van hierdie studie vir besonderhede oor die meganistiese wetenskapsbeskouing in Huntington se denke). Dit is veral die interaksie van politieke akteurs, met as resultaat 'n bepaalde modus van verandering, wat ten opsigte van die strategiese komponent 'n meganistiese wetenskapsbeskouing na vore bring. Wat hierdie komponent van sy denke aanbetref, kan hier eerder van 'n meganistiese as 'n organistiese wetenskapsbeskouing sprake wees.

## 5. 'N ALGEMENE PERSPEKTIEF VAN HUNTINGTON SE BYDRAE TOT DIE STRATEGIESE KOMPONENT VAN DIE TRANSFORMASIE VAN POLITIEKE INSTELLINGS

In 'n neutedop kan Huntington se bydrae tot die *hoe-* en *waarom-vrae* van die transformasie van politieke instellings teen 'n metateoretiese raamwerk so voorgestel word:

**VOORWETENSKAPLIKE KONTEKS**

* 'n Realpolitiekevertrekpunt as deel van 'n groter konserwatiewe lewens- en wêreldbeskouing.
* 'n Meganistiese wetenskapsbeskouing gefundeer in 'n positivistiese behavioralistiese tradisie - met die strewe na neutrale wetenskapsbeoefening.

**Wetenskaplike konteks**

Institusionalseringskonteks.
* 'n Hoë mate van die realisering van orde en struktuur (uitsonderings bestaan)
* Geldige en betroubare kennis op basis van hoë vlakke van veralgemening.
* Positivisties - behavioralistiese doelstellings (Empiriese verifikasie van teoretiese vertrekpunte).

Demokratiese institusionaliseringskonteks
* 'n Hoë mate van orde en struktuur (uitsonderings bestaan)
* Geldige en betroubare kennis op basis van hoë vlakke van veralgemening.
* Positivisties - behavioralistiese doelstellings (Empiriese verifikasie van teoretiese vertrekpunte)

**Vakwetenskaplike Konteks**

* Realpolitieke denke wat deel vorm van 'n konserwatiewe tradisie
* Paradigmaverandering (beklemtoon die onewewigtige-aard van politieke verandering)

* Realpolitieke denke ten opsigte van demokratisering (Konserwatief in terme van die beklemtoning van 'n Westers-demokratiese tradisie)
* Die artikulering en uitbouing van kontemporêre verandering)

**Teoretiese konteks**

'n Kousale deelteorie waarvan dele van die konstruk realistiese kenmerke vertoon.

'n Kousale deelteorie waarvan dele van die konstruk realistiese kenmerke vertoon.

**Operasionele konteks**

Die strategiese komponent ten opsigte van die transformasie van politieke instellings in oorgangstye.

Fig. 6.6. 'n Samevattende voorstelling van Huntington se beantwoording van die hoe- en waarom-vrae (die strategiese komponent) ten opsigte van die transformasie van politieke instellings in oorgangstye.

## 6. SAMEVATTENDE PERSPEKTIEF

Huntington se beantwoording van die *hoe-* en *waarom-vrae* van politieke verandering met as tema die strategiese aspekte wat die transformasie van politieke instellings ten grondslag lê, het die fokus gevorm van hierdie hoofstuk. Huntington se kennis van die militêre strategie en sy ervaring as veiligheids- en politieke adviseur het daartoe bygedra dat hy met groot oortuiging antwoorde op bogenoemde vrae kon verskaf. Sy vermoë om teoretiese vertrekpunte van toepassing te maak op die politiek van die dag sowel as sy konserwatiewe lewens- en wêreldbeskouing dra by tot sy beeld as die Machiavelli-figuur van die moderne politiek.

Sy beantwoording van die *hoe-* en *waarom-vrae* ten opsigte van die transformasie van politieke instellings in oorgangstye, (soos ook die geval was met die analitiese en normatiewe komponente van sy denke) kry beslag binne die onderskeie kontekste van sy denke. Binne die institusionaliseringskonteks van sy denke het die klem op ewolusionêre en rewolusionêre verandering van politieke instellings geval. Sy beklemtoning van tradisionele en praetoriaanse samelewings en die formulering van strategieë vir ewolusionêre verandering, verdien vermelding, terwyl Huntington ook 'n strategiese plan aangebied het vir die ewolusionêre verandering van die Suid-Afrikaanse politieke orde in die tagtigerjare. Ten opsigte van rewolusionêre verandering is daar gefokus op die Westerse en Oosterse patrone van rewolusie, sowel as 'n onderskeiding tussen volledige en onvolledige rewolusie. Wat die volledige rewolusie, oftewel die rewolusie wat aan 'n geïnstitusionaliseerde politieke bedeling beslag gee, aanbetref, vind Huntington aansluiting by die denke van Lenin.

Die onderskeie modusse van transformasie, regimevervanging en magsdeling vorm die teoretiese kern van sy bydrae binne die demokratiese institusionaliseringskonteks. Sy analise van daardie faktore wat die institusionalisering van nuwe demokratiese bedelings bevorder of inhibeer, dui op 'n realpolitieke beskouing. In beide kontekste word Huntington se formulering van strategieë vir die transformasie van politieke instellings (onderskeidelik gerig op institusionalisering en demokratisering) gekenmerk aan die identifikasie van sleutelakteurs en die vertolking van uitgespelde rolle om aan 'n bepaalde modus gestalte te gee. Sy spesifisering van rolmodelle vir bepaalde akteurs stel hom in staat om modusse van mekaar te onderskei en dit dan kousaal (in terme van oorsaak-gevolg-relasies) te verklaar.

Die voorwetenskaplike konteks van Huntington se bydrae ten opsigte van die strategie-komponent in sy denke weerspieël 'n realpolitieke vertrekpunt as deel van 'n groter konserwatiewe lewens- en wêreldbeskouing. 'n Militaristiese filosofie soos veranker in die realisme-paradigma eie aan die denke van talle politieke strateë vorm

die basis van Huntington se denke ten opsigte van die formulering van politieke strategie. Sy onderskeiding, interpretasie en verklaring van die verskillende modusse binne die onderskeie kontekste moet geplaas word teen die agtergrond van 'n konserwatiewe lewens- en wêreldbeskouing waarin 'n realpolitieke beskouing en 'n militaristiese filosofie wat hiermee saamhang, prominent waarneembaar is. 'n Meganistiese wetenskapsbeskouing (anders as wat met die analitiese en normatiewe komponente van sy denke die geval is) is ook prominent in sy denke waar te neem binne die strategiese komponent van al sy bydraes. Dit is die manifestasie van 'n positivisties-behavioralistiese metodologie met 'n strewe om wetenskap neutraal te beoefen.

Binne die wetenskaplike konteks slaag Huntington daarin om hoë vlakke van orde en struktuur en geldige en betroubare kennis op basis van hoë vlakke van veralgemening op tafel te plaas. Uitsonderings op hierdie reël bestaan egter, soos aangedui in hierdie hoofstuk. As uitvloeisel van 'n positivisties-behavioralistiese doelstelling is die empiriese verifikasie van teoretiese vertrekpunte en die gebruikmaking van 'n histories-vergelykende metode kenmerkend van al sy bydraes.

Vakwetenskaplik gesproke dui die aanwesigheid van 'n realpolitieke inslag in Huntington se denke op 'n verbondenheid aan 'n konserwatiewe tradisie wat ook kenmerkend is van sy bydraes ten opsigte van die analitiese en normatiewe komponente in sy denke. Hierdie aspek vorm deel van 'n lewens- en wêreldbeskouing wat voorwetenskaplik veranker is soos vroeër aangedui. Huntington se vertrekpunt binne die institusionaliseringskonteks dat die aard van politieke verandering onewewigtig van aard is (in terme van die onderskeie modusse van ewolusie en rewolusie) staan in die teken van 'n paradigmaverandering. Sy bydrae binne die demokratiese-institusionaliseringskonteks is die artikulering van die komtemporêre demokratiseringsparadigma, asook die uitbouing hiervan in terme van die formulering van taktiese spelreëls. Sy formulering van taktiese spelreëls herinner aan 'n politieke handleiding, opgestel vir die prinse en aspirant-prinse van die moderne politiek, waarin politieke spelreëls verduidelik word en strategiese en taktiese inisiatiewe verduidelik word.

Teoreties gesproke gee Huntington gestalte aan 'n kousale deelteorie waarvan dele van die konstruk realistiese kenmerke vertoon. Hierdie kenmerk geld beide kontekste van sy denke. Karaktereienskappe van sy bydrae sluit in die ontwikkeling van komplekse teoretiese raamwerke, elemente van kousaliteit in sy verklarings; 'n realpolitieke beskouing; die empiriese verifikasie van teoretiese vertrekpunte en die praktiese toepassingswaarde daarvan.

In die algemeen gesien, het Huntington ten opsigte van die strategiekomponent waarskynlik sy grootste enkele bydrae gelewer in die verstaan van die transformasie van politieke instellings in oorgangstye. Sy konserwatiewe oriëntasie, ingebed in die verabsolutering van die Westers-Amerikanistiese politieke tradisie, is wat die Machiavelli-figuur van die moderne politiek poog om te beskerm, te bewaar en uit te bou.

# HOOFSTUK 7

## SAMEVATTENDE PERSPEKTIEWE

Die periode na afloop van die Koue Oorlogfase word gekenmerk aan ingrypende politieke verandering in die totstandkoming van dit wat allerweë as 'n nuwe wêreldorde voorgehou word. Snelveranderde omstandighede, as uitvloeisel van 'n nuwe wêreldorde, het verreikende implikasies vir bestaande instellings en politieke strukture ingehou. Hierdie veranderingsproses is onder meer gekenmerk deur die ineenstorting van kommunistiese bewinde in die voormalige USSR en Oosblokstate, die wêreldwye demokratiseringsrewolusie en die vestiging van die VSA as die onbetwiste wêreldleier met betrekking tot die Internasionale Politiek. 'n Herskikking van politieke kragte internasionaal, asook in die interne politiek van talle state, was die resultaat van die totstandkoming van 'n nuwe wêreldorde. Bykans oornag het die ongekende politieke stabiliteit eie aan die na-oorlogse wêreld plek gemaak vir tendense van politieke onstabiliteit en demokratisering met verreikende implikasies vir individuele state op 'n wêreldwye skaal. Hierdie gebeure het min state onaangeraak gelaat en sedert die laat tagtigerjare het ook Suid-Afrika 'n proses van ingrypende verandering beleef.

'n Moderne politieke denker wat daarin geslaag het om perspektief te bring op die terrein van die transformasie van politieke instellings in oorgangstye is die omstrede en soms ongewilde S.P. Huntington. Huntington wat trouens geen onbekende in Suid-Afrika is nie, het meer as enige ander kontemporêre denker daarin geslaag om lig te werp op die terrein van politieke ontwikkeling in die algemeen en die transformasie van politieke instellings in die besonder, met waardevolle perspektiewe vir die Suid-Afrikaanse politiek in die huidige tydsgewrig. Huntington se bydraes tot die verstaan van die transformasie van politieke instellings in oorgangstye was enersyds gerig op politieke stabiliteit/onstabiliteit (die institusionaliseringskonteks van sy denke) en demokratisering (die demokratiese-institusionaliseringskonteks van sy denke) andersyds. Hierdie studie was daarop ingestel om 'n rekonstruksie, interpretasie en evaluasie van Huntington se bydrae tot die verstaan van die transformasie van politieke instellings in oorgangstye te maak.

As motivering vir hierdie studie het gedien:

* *Die aktualiteit van sy bydraes in 'n tyd van ingrypende politieke verandering.*

* *Die status wat sy teorie verwerf het wat vir Huntington as 'n baanbreker navore laat tree het.*

* *Die leemte wat bestaan binne bestaande literatuur ten opsigte van die rekonstruksie, interpretasie en evaluasie van Huntington se bydraes aan die hand van uitgespelde metateoretiese kriteria.*

* *Die leemte met betrekking tot bestaande navorsing ingestel op die rekonstruksie, interpretasie en evaluasie van sy bydraes binne beide bogenoemde kontekste van sy denke aan die hand van uitgespelde metateoretiese kriteria.*

Die bydrae van hierdie studie is geleë in:

* Die ontwikkeling van 'n metateoretiese raamwerk waarmee bydraes ten opsigte van die politieke ontwikkeling in die algemeen en die van Huntington in die besonder gerekonstrueer, geïnterpreteer en geëvalueer is.

* Die aanduiding van Huntington se plek binne die geïdentifiseerde studieveld en die besondere bydrae wat deur hom gelewer is.

* Die rekonstruksie, interpretasie en evaluasie van Huntington se verskillende bydraes soos gelewer binne die geïdentifiseerde kontekste van sy denke met gebruikmaking van die metateoretiese raamwerk soos ontwikkel vir hierdie studie.

Metodologies gesproke, het die rekonstruksie geskied aan die hand van die onderskeiding van die geïdentifiseerde kontekste aanwesig in sy denke en die beklemtoning van die *analitiese*, *normatiewe* en *strategiese* komponente met betrekking tot die verstaan van die veld van politieke verandering in die algemeen en die transformasie van politieke instellings in die besonder. Die interpretasie en evaluasie van sy bydrae het plaasgevind ten opsigte van die geïdentifiseerde *teoretiese*, *vakwetenskaplike*, *wetenskaplike* en *voorwetenskaplike kriteria*. Samevattend kan die volgende aspekte, georganiseer in terme van die metateoretiese raamwerk, beklemtoon word:

<u>Die institusionaliseringskonteks van sy denke</u>: Met die vertrekpunt dat politieke verandering in die algemeen en die transformasie van politieke instellings in die besonder in terme van 'n patroon van dinamiese ewewigtigheid (ekwilibrium) en selfs onewewigtigheid (disekwilibrium) kan plaasvind, het Huntington 'n nuwe invalshoek tot die studieveld van die politieke verandering en in besonder die transformasie van politieke instellings geopen. Hierdie vertrekpunt verskil ingrypend van dié van

sommige stelselanaliste, struktuurfunksionaliste en verál liberaal-ekonomiese denkers wat poog om die transformasie van politieke instellings in terme van stabiele ekwilibrium, harmonie, patroonhandhawing en sisteemgerigte verandering te verstaan. Dit was veral die liberaal-ekonomiese denklyn se beklemtoning dat ekonomiese modernisasie tot politieke ontwikkeling in die Westerse sin van die woord sou lei, wat deur Huntington (1965, 1968) bevraagteken is. Volgens Huntington kan ekonomiese modernisasie tot politieke verval lei - 'n tendens wat hy in talle derdewêreldstate waargeneem het. Met hierdie vertrekpunt as kern, die ontwikkeling van 'n verklaring vir hierdie tendens, die beklemtoning van institusionalisering as norm vir politieke ontwikkeling en die formulering van strategieë vir politieke institusionalisering, slaag Huntington daarin om 'n kompeterende paradigma vir die verstaan van die transformasie van politieke instellings in oorgangstye te ontwikkel. Sy denkraamwerk met as fokus die transformasie van politieke instellings in oorgangstye het in 'n baie kort tydsbestek 'n toonaangewende status verwerf en Huntington as 'n baanbreker na vore laat tree.

Demokratiese-institusionaliseringskonteks: Teen die agtergrond van 'n wêreldwye demokratiseringsrewolusie in die laat tagtigerjare, formuleer Huntington teoretiese vertrekpunte vir die verstaan van demokratisering as wyse waarop politieke instellings verander. Sy denke vorm deel van dit wat voorgehou word as die kontemporêre demokratiseringsparadigma en vertoon raakpunte met die bydraes van onder meer Schmitter & O'Donnel, Linz, Karl, Diamond, Share en Mainwaring. Huntington se vermoë om die verskynsel van demokratisering in terme van inisiërende kragte, modusse en institusionalisering van demokratiese ordes te verduidelik, maak van Huntington 'n leidende figuur ten opsigte van die kontemporêre demokratiseringsdenke en in die algemeen van die verstaan van die transformasie van politieke instellings in oorgangstye. So universeel het die beskouinge van Huntington inslag gevind dat hy in verskillende hoedanighede as adviseur vir politici in fases van ingrypende verandering opgetree het. Dit, tesame met sy konserwatiewe vertrekpunte en sy vermoë om strategies te werk te gaan aan die hand van uitgespelde teoretiese vertrekpunte, het aan Huntington die reputasie van die Machiavelli-figuur van die moderne politiek besorg. Die grondslag van Huntington se verstaan van die transformasie van politieke instellings is egter geleë binne die institusionaliseringskonteks van sy denke en sy verduideliking van demokratiseringstendense is bloot 'n aanvullende konteks, soos veranker in eersgenoemde. Huntington se formulering van verklarings binne die onderskeie kontekste verkry gestalte in terme van die verskillende komponente in sy denke, te wete die analitiese, normatiewe en strategiese komponente.

Analitiese komponent: Met betrekking tot die institusionaliseringskonteks van sy denke, slaag Huntington daarin om 'n kousale teorie vir die verklaring van tendense van politieke ontwikkeling/verval aan te bied. Hierdie verklaring word selfs aangewend om toestande wat hy as praetorianisme aandui, mee te verklaar. Hoewel hierdie verklaring as een van die mees uitstaande van sy totale bydrae uitgesonder kan word, was daar tog ook belangrike kritiekpunte. Ten opsigte van die normatiewe komponent van sy denke word 'n sterker realistiese inslag oftewel 'n swakker verklaring wat afwyk van die algemene patroon aangedui. Sy verabsolutering van orde en stabiliteit as grondliggende waardes met betrekking tot die transformasie van politieke instellings in oorgangstye wat sy denke aan 'n konserwatiewe tradisie met 'n status quo-orientasie verbind, kan as die belangrikste punte van kritiek teen Huntington se bydrae (binne hierdie konteks) uitgesonder word. Formele kritiek ten opsigte van die afwesigheid van indringende toepassings van teoretiese vertrekpunte op gevallestudies, asook ten opsigte van epistemologiese kenmerke van sy 1965- en 1968-bydraes is uitgewys.

Binne die demokratiese-institusionaliseringskonteks van sy denke slaag Huntington daarin om 'n realistiese verklaring ('n verduideliking) vir demokratiseringstendense aan te bied. In hierdie verband word die belangrikste aanleidende faktore tot die derde demokratiseringsgolf aangedui en verduidelik om sodoende aan 'n kontekstuele verklaring gestalte te gee. Beide die strategiekomponent en die normatiewe komponent in sy denke vertoon egter in stryd met die algemene patroon, 'n sterker kousale inslag. Hierdie elemente van kousaliteit blyk egter swakker te wees as dit wat algemeen binne die institusionaliseringskonteks van sy denke aangebied word. Ten opsigte van hierdie bydrae is Huntington gekritiseer vir sy aanbieding van 'n teorie van 'n laer status; die aanwesigheid van 'n historiese relativisme as verklaringsgrondslag in sy denke; die onvoldoende toepassing van die aangeduide hipoteses vir golfbewegings in die politiek ten opsigte van die derde demokratiseringsgolf; en die onvoldoende uitklaring van teoretiese vertrekpunte ten opsigte van geïdentifiseerde gevallestudies. Alhoewel van 'n laer status as sy bydraes binne die institusionaliseringskonteks slaag Huntington tog daarin om 'n komplekse verskynsel duidelik te maak. Sy onvermoë om demokratiseringstendense volledig kousaal te verklaar, blyk hier 'n belangrike tekortkoming te wees.

Normatiewe komponent: Binne die institusionaliseringskonteks van sy denke verhef Huntington institusionalisering as norm vir politieke ontwikkeling. Kriteria soos die aanpasbaarheid, kompleksiteit, outonomie en eenheid (samehang) van politieke instellings word gebruik om die mate van geïnstitusionaliseerdheid en dus ook die vlak van politieke ontwikkeling aan te dui. Die mate waarin 'n politieke stelsel

geïnstitusionaliseerd is, is vir Huntington 'n direkte aanduiding van die vermoë van die betrokke instelling om in algemene belang te kan optree. Die politieke party as instrument om politieke steun te organiseer en te mobiliseer, dien vir Huntington as meganisme om suksesvolle politieke institusionalisering teweeg te bring. Teen Huntington se beskouing van institusionalisering is verskeie kritiekpunte ingebring. Ten spyte van formele kritiek teen sy 1965- en 1968-bydraes is Huntington ook ten opsigte van hierdie komponent gekritiseer vir die konserwatiewe status quo-georiënteerdheid wat in sy denke opgesluit is; die Amerikanistiese karaktertrekke wat sy verabsoluteerde status quo voorgestel het; die sanksionering van nie-demokratiese bedelings wat binne sy beskouing van institusionalisering moontlik is; die aanwesigheid van 'n misplaaste teenstelling onderliggend aan sy denke; sy onbevredigende hantering van die verband tussen organisasie en institusionalisering; die feit dat geïnstitusionaliseerde mag nie noodwendig legitieme mag beteken nie; die bepaalbaarheid van en die onderliggende verhouding tussen geïdentifiseerde kriteria wat onduidelik is; en sy verabsolutering van Westerse waardes en norme ten opsigte van die algemene strekking van sy werke. Ten opsigte van hierdie komponent in sy denke word 'n realistiese teoretiese inslag bespeur wat afwyk van die kousale inslag van teoretiese denke wat algemeen voorkom binne die betrokke konteks.

Binne die demokratiese-institusionaliseringskonteks van sy denke het Huntington geen oorspronklike bydrae gelewer soos wat in die vorige konteks die geval was nie. Daarvoor het Huntington te veel gesteun op Schumpeter se beskouing van die demokrasie en Dahl se standpunte oor demokratisering. In die algemeen gesien is die normatiewe komponent van Huntington se denke (gerig op die verstaan van die transformasie van politieke instellings in oorgangstye) die komponent wat die swakste ontwikkel is. In aansluiting by Dahl en Schumpeter vertoon Huntington se denke egter 'n kousale inslag wat afwyk van daardie patroon van teoretisering (realisties van aard) kenmerkend van sy bydrae binne hierdie konteks. Dit is opvallend dat Huntington ook die minste aandag aan hierdie komponent van sy denke gegee het en dat dit ook die faset is wat die meeste gekritiseer is. Laasgenoemde is veral opvallend wanneer sy bydrae binne die normatiewe komponent van sy denke vergelyk word met sy bydrae ten opsigte van die strategiese komponent.

Strategiese komponent: Binne die institusionaliseringskonteks van sy denke onderskei Huntington tussen rewolusionêre en ewolusionêre verandering as wyses waarop die transformasie van politieke instellings plaasvind. Sy ontwikkeling van teoretiese invalshoeke vir die verstaan van ewolusionêre en rewolusionêre verandering in tradisionele, praetoriaanse, sowel as multi-kulturele samelewings (met verwysing na

Suid-Afrika) verdien om spesiaal vermeld te word. So ook die onderskeid tussen volwaardige en nie-volwaardige rewolusies ooreenkomstig sy beskouing van institusionalisering, wat raakpunte vertoon met die denklyn van Lenin en spesifiek wat laasgenoemde in Rusland na 1917 tot stand gebring het. Huntington se perspektief op rewolusionêre en ewolusionêre verandering van politieke instellings in oorgangsamelewings beklemtoon die disekwilibrium-aard van politieke verandering wat staan in die teken van die paradigma-verandering wat deur hom bewerkstellig is.

Binne die demokratiese-institusionaliseringskonteks van sy denke onderskei Huntington tussen die modusse van transformasie, regimevervanging en magsdeling as wyses waarop demokratisering plaasvind. Huntington slaag ook daarin om daardie faktore wat stabiele (geïnstitusionaliseerde) demokratiese bedelings tot gevolg het, te identifiseer en dit stel hom in staat om voorspellings rakende die sukses al dan nie van nuwe demokratiese bewinde te maak. Toegespits op Suid-Afrika as 'n voorbeeld van 'n nuwe demokrasie dui dit geensins op 'n rooskleurige toekoms nie, maar eerder 'n moeilike weg wat tot die institusionalisering van 'n demokratiese orde sal lei.

In die algemeen gesien moet Huntington se bydrae met betrekking tot die strategiekomponent as 'n hoogtepunt uitgesonder word. Trouens, van die gehanteerde drie komponente het Huntington myns insiens sy grootste bydrae juis hier gelewer. Sy identifikasie van sleutelakteurs en hierdie akteurs se vertolking van uitgespelde rolle ten einde 'n bepaalde modus moontlik te maak, is kenmerkend van sy bydraes binne albei die geïdentifiseerde kontekste en vertoon bydraes binne beide kontekste 'n kousale inslag. Die aksie en interaksie van bepaalde akteurs om 'n modus van verandering te laat realiseer, beklemtoon nie net elemente van kousaliteit in sy konstrukte nie, maar dit dui ook op hoë vlakke van orde en struktuur, sowel as geldige en betroubare kennis as eis van die wetenskap soos deur hom tot stand gebring.

Huntington se agtergrond as militêre strateeg met 'n sterk realpolitieke inslag (afkomstig van die tydsgees van die Koue Oorlogfase) sowel as sy ombouing van militêr strategiese en taktiese spelreëls (Blitzkrieg en Fabianisme) tot politiek-strategiese en taktiese spelreëls is kenmerkend van sy bydrae binne albei kontekste van sy denke. Dit is juis sy uitlewing van 'n militêre filosofie, realpolities gesproke, en die toepassing hiervan op die politiek van oorgangsamelewings, wat die Machiavelli-karakter in die denke van Huntington na vore bring. In die geheel gesien, is Huntington se bydrae ten opsigte van die strategiese komponent myns insiens groter as wat die geval is met die ander komponente aanwesig in sy denke.

Vakwetenskaplike konteks: In terme van die kriteria vir paradigma-verandering, soos ontwikkel in hoofstuk 2 van hierdie studie, was Huntington binne die institusionaliseringskonteks van sy denke verantwoordelik vir die ontwikkeling van 'n konkurrente (kompeterende) paradigma vir die verstaan van die transformasie van politieke instellings in oorgangstye. Sy bydrae tot die studieveld en die status wat sy bydraes in 'n relatief kort tyd verwerf het, word deur talle analiste, kritici en vakgenote erken, onder wie O'Brien, Putman, Salamon, Kesselman, Groth, Mayer, Bill & Hardgrave, Kenki & Kenki, Robey en Roetger uitgesonder kan word. Sy beklemtoning van politieke verandering in terme van disekwilibrium, soos gemanifesteer in die modusse van ewolusionêre en veral rewolusionêre verandering en die ontwikkeling hiervan in 'n eiesoortige teorie, veranker in konserwatiewe tradisie, lê aan die wortel van hierdie denkverandering wat deur Huntington teweeggebring is.

Paradigmaties gesproke bevind Huntington se bydraes oor demokratisering hulle binne die kontemporêre-demokratiseringsparadigma en kan sy bydraes as tiperend van hierdie kategorie van denke beskou word. Binne hierdie paradigma kan Huntington selfs as 'n pionier voorgehou word, aangesien hy verantwoordelik was vir die uitbouing hiervan in terme van die formulering van taktiese spelreëls soos aangetref in die strategie-komponent van sy denke.

In die algemeen gesien, moet Huntington se totale bydrae tot die verstaan van die transformasie van politieke instellings in oorgangstye binne 'n konserwatiewe tradisie geplaas word. Huntington se poging om daardie waardes, afkomstig vanuit 'n Westers-Amerikanistiese politieke tradisie, soos herlei tot 'n beskouing van institusionalisering en demokratisering te beskerm, te bewaar en wêreldwyd uit te bou, beklemtoon sy verbondenheid met 'n konserwatiewe tradisie. Sy konserwatisme word ook onderskryf deur die status quo-oriëntasie onderliggend aan sy denke, 'n voorkeur aan die ewolusionêre verandering van politieke instellings en 'n realpolitieke inslag aanwesig in sy denke. Sy agtergrond as militêre strateeg wat realpolitiek bedryf en die waardestelsel hieraan verbonde, soos van toepassing gemaak op die terrein van die politieke verandering en meer spesifiek die transformasie van politieke instellings, is 'n verdere aanduiding van 'n konserwatiewe lewens- en wêreldbeskouing. Hierbenewens vind Huntington in 'n teoreties-filosofiese sin aansluiting by denkers soos Machiavelli, Hobbes, Bodin, Burke, Niebuhr, Toynbee en Spengler wat bekendheid verwerf het vir hul konserwatiewe en realpolitieke oriëntasie.

Wetenskaplike konteks: Die feit dat teorieë in die geestes- en sosiale wetenskappe, anders as die natuurwetenskappe, in die algemeen deur die beperkte realisering van orde en struktuur as eis van die wetenskap gekenmerk word, moet as vertrekpunt gestel word. Met inagneming hiervan moet Huntington aangeprys word vir die mate waarin hy daarin geslaag het om orde en struktuur op hierdie terrein bloot te lê. 'n Hoër vlak van orde en struktuur, en hiermee saam geldige en betroubare kennis, is kenmerkend van sy vroeëre bydraes in vergelyking met latere bydraes. Die groter prominensie van kousaliteit in sy verklarings binne die institusionaliseringskonteks van sy denke teenoor die sterker realistiese inslag in sy latere bydraes (binne die demokratiese institusionaliseringskonteks van sy denke) beklemtoon bogenoemde standpunt. Nietemin moet Huntington in die algemeen gekomplementeer word vir die bloot lê van hoë vlakke van orde en struktuur, wat myns insiens een van die moeiliker, indien nie die heel moeilikste nie, terreine van die politieke wetenskap is. Sy uitgebreide bykans ensiklopediese gebruik van empiriese materiaal dra by tot 'n standaard wat baie moeilik geëwenaar sal kan word. Dit is duidelik dat Huntington ten opsigte van hierdie terrein 'n standaard gestel het wat nie oornag herhaal sal word nie en wat as baken op hierdie studieveld uitgesonder kan word.

Huntington se wetenskapsbeskouing is veranker in 'n positivisties-behavioralistiese tradisie waarin daar 'n besondere premie op neutrale wetenskapsbeoefening, die realisering van hoë vlakke van orde en struktuur en die empiriese verifikasie van teoretiese vertrekpunte geplaas word. Die onvermoë van enige wetenskaplike om neutraal te staan, met inbegrip van Huntington, is ten opsigte van hierdie studie uitgespel. Huntington se verbondenheid aan orde en stabiliteit as onderliggende waardes in sy denke, 'n status quo-oriëntasie as vertrekpunt en die manifestasie hiervan in 'n konserwatiewe lewens- en wêreldbeskouing, dui alles behalwe op 'n neutrale wetenskapsbeskouing soos deur talle behavioraliste in die vooruitsig gestel is. Sy realisering van hoë vlakke van orde en struktuur sowel as die bykans ensiklopediese verifikasie van teoretiese vertrekpunte verdien egter bepaald lof. Huntington se verbondenheid aan 'n positivisties-behavioralistiese tradisie lê ten grondslag van 'n organistiese wetenskapsbeskouing en in bepaalde gevalle (demokratisering sowel as die strategiekomponent in sy denke) 'n meganistiese wetenskapsbeskouing.

Hoewel Huntington nie uitsluitlik van 'n histories-vergelykende metode gebruik maak nie, is dit nietemin prominent aanwesig in sy bydraes. Die mate waarin institusionalisering en demokratisering in funksionele sin beoordeel word, dui op elemente van struktuur-funksionalisme terwyl 'n sisteemgerigte invalshoek, soos dit prakties vergestalt is in sy beskouing van institusionalisering, ook waarneembaar is.

Sy beklemtoning van histories-empiriese materiaal blyk egter die oorwig te hê. Vandaar die perspektief dat Huntington historisties te werk gaan. Die perspektief is egter nie aanvaarbaar nie, aangesien Huntington slegs historiese materiaal aanwend om teoretiese vertrekpunte te verifieer. Huntington moet egter bepaald gekomplimenteer word vir sy deeglike en begronde kennis van sowel die klassieke as die moderne geskiedenis.

Voorwetenskaplike konteks: Ten diepste is Huntington se denke rakende institusionalisering en demokratisering (met betrekking tot die transformasie van politieke instellings in oorgangstye) veranker in die verabsolutering van waardes soos orde, stabiliteit en politieke vryheid. Hierdie politieke waardes vertoon 'n Westerse en meer spesifiek 'n Amerikanistiese karakter en inslag. In terme van 'n konserwatiewe lewens- en wêreldbeskouing moet dit wat tot norm binne sy denke verhef is, wêreldwyd beskerm, bewaar en uitgebou word. Hiervolgens moet 'n geïnstitusionaliseerde-demokratiese politieke orde met 'n Westers-Amerikanistiese inslag wêreldwyd bevorder en uitgebou word. In samehang met hierdie konserwatiewe lewens- en wêreldbeskouing lê 'n realpolitieke beskouing waarin 'n status quo (hoe ook al gedefinieer) as vertrekpunt tot politieke verandering voorgehou word. Vandaar die formulering van vertrekpunte soos: *Die uitbouing van bestaande instellings met die inagneming van aanvaarde historiese waardes; die legitimering van nuwe strukture in terme van bestaande waardes; die beklemtoning van kontinuïteit tydens die veranderingsproses; die herdefiniëring van eksklusiewe regte en voorregte tot 'n inklusiewe status sonder dat die status van heersende groepe noodwendig in gedrang kom; en die beklemtoning van leierskap en elite-rolle tydens 'n hervormingsproses.*

Verder openbaar Huntington 'n organistiese en meganistiese wetenskapsbeskouing waarin daar gepoog word om politieke verskynsels/probleme soos politieke stabiliteit/onstabiliteit en demokratisering so te verklaar na analogie van natuurwetenskaplike konsepte en/of verskynsels. Hierdie aspek is 'n direkte uitvloeisel van 'n positivisties-behavioralistiese wetenskapstradisie met 'n strewe om wetenskap neutraal te beoefen soos self deur Huntington erken.

Die kernbevindings van hierdie studie sentreer om die volgende:

* **Die beklemtoning en motivering van die baanbrekersbydrae wat Huntington gelewer het met betrekking tot die verstaan van die transformasie van politieke instellings in oorgangstye.**

* **Die onderskeiding van die institusionaliserings- en demokratiese institusionaliseringskonteks aanwesig in Huntington se denke en waarvolgens sy**

bydraes met betrekking tot die transformasie van politieke instellings in oorgangstye gekategoriseer kan word.

* Die identifisering van Huntington se bydraes binne die institusionaliseringskonteks as bepalend vir sy verstaan van die transformasie van politieke instellings in oorgangstye.

* In die algemeen gesien die bereiking van hoë vlakke van orde en struktuur sowel as die daarstelling van geldige en betroubare kennis as eis van die wetenskap met betrekking tot die tema van studie. (Ter kwalifikasie moet dit beklemtoon word dat hierdie perspektief sterker op sy bydraes binne die institusionaliseringskonteks van sy denke van toepassing gemaak kan word as wat die geval is met bydraes gelewer binne die demokratiese institusionaliseringskonteks met inagneming van uitsonderings soos aangedui.)

* Huntington se verbondenheid aan 'n konserwatiewe tradisie en die raakpunte wat bestaan met konserwatiewe denkers soos Machiavelli, Hobbes, Burke, Niebuhr, Toynbee en Spengler is 'n kernbevinding van hierdie studie. Huntington se konserwatisme blyk egter verankerd te wees in 'n Westers-Amerikanistiese waardestelsel waarvolgens 'n geïnstitusionaliseerde demokratiese politieke orde wêreldwyd beskerm, bewaar en uitgebou moet word.

* Metodologies gesproke kan Huntington se bydraes aan 'n positivisties-behavioralistiese tradisie verbind word met die strewe na neutrale wetenskapsbeoefening, die formulering van kousale teorie en die empiriese verifikasie van teoretiese vertrekpunte. Huntington se aansprake op neutrale wetenskapsbeoefening is (metateoreties gesproke) in terme van sy beklemtoning van Westers-Amerikanistiese waardes onderliggend aan sy denke sowel as 'n status quo-oriëntasie as ongeldig uitgewys.

* Sy gebruik van 'n histories-vergelykende benadering met betrekking tot die empiriese verifikasie van teoretiese vertrekpunte is kenmerkend van al sy bydraes, hoewel elemente van struktuurfunksionalisme en 'n sisteemgerigte benadering ook waarneembaar is in die formulering van empiriese teorie.

* Die aanwesigheid van 'n organistiese en meganistiese wetenskapsbeskouing as manifestasie van 'n positivisties-behavioralistiese tradisie met die strewe na die formulering van kousale teorie, staan sentraal binne die Huntington-denkraamwerk.

* Huntington se verbondenheid aan die realisme-filosofie (kenmerkend van militêre strateë wat ten tyde van die Koue Oorlogfase bydraes gelewer het) loop soos 'n

**goue draad deur sy belangrikste bydraes. Dit manifesteer by uitstek in die strategiese komponent aanwesig in sy denke. In samehang met hierdie vertrekpunt beklemtoon Huntington juis militêre beginsels, ontleen aan die realisme-paradigma, en word dit van toepassing gemaak op die terrein van die politieke verandering met betrekking tot oorgangsamelewings.**

*** Die praktiese toepassingswaarde van sy teoretiese konstrukte en sy betrokkenheid by die politiek van die dag verleen aan Huntington die beeld van die Machiavelli-figuur van die moderne politiek.**

Dat Huntington 'n fenomenale bydrae tot die verstaan van die transformasie van politieke instellings in oorgangstye gelewer het, kan nie betwyfel word nie. Trouens, hiervan getuig sy status as vooraanstaande teoretikus sowel as sy praktiese betrokkenheid by veranderingsprosesse .in state. Wanneer sy bydraes binne die studieveld van die strategiese studies en die Amerikaanse politiek boonop in berekening gebring word, kan Huntington met reg as 'n baanbreker in die klas van Easton, Almond en Morgenthau gereken word. Trouens, wanneer die praktiese toepassingswaarde van sy standpunte ten opsigte van die transformasie van politieke instellings in oorgangstye beoordeel word, kan Huntington selfs op 'n hoër status aanspraak maak. Die bruikbaarheid van sy teoretiese vertrekpunte ten opsigte van politieke verandering in die algemeen maak van Huntington heelwat meer as net 'n bruikbare teoretikus en politieke strateeg. Sy betrokkenheid as adviseur in verskeie state het aan Huntington die beeld van 'n politieke strateeg gegee wat op basis van militêre vertrekpunte opereer en het aan hom 'n omstrede status besorg. Vir sommige kritici was Huntington die adviseur vir die prinse van die moderne politiek, die argitek vir die beskerming en instandhouding van politieke bedelings wat nie altyd die goedkeuring geniet het nie. Dus, tesame met die status van baanbreker, word die omstrede kleed van die Machiavelli-figuur van die moderne politiek hom aangetrek. Dit is veral toe te skryf aan sy konserwatiewe status quo-orientasie, sy verabsolutering van Westers-Amerikanistiese waardes en norme, maar bowenal sy betrokkenheid by die politiek van die dag.

Vir talle politici en veral konserwatiewes is Huntington die spreekwoordelike vuurtoring in 'n onstuimige en gevaarlike see, maar terselfdertyd die balk in die oog van talle normatiewe teoretici wat hoë politieke ideale en verwagtinge koester. Tans is hierdie vooraanstaande denker, teoretikus en strateeg besig om die spelreëls en dinamika van 'n nuwe wêreldorde te ontleed en poog hy om antwoorde te bied vir die *wat-*, *hoe-* en *waarom-vrae* van 'n nuwe wêreldorde en die rol wat die VSA in hierdie verband kan/moet speel.

Ten spyte van omstredenheid kan sy fenomenale bydrae nie misken word nie. Trouens, sy bydraes vergelyk goed met die beste wat die politieke wetenskap sedert die Tweede Wêreldoorlog opgelewer het. Huntington verdien om deel te wees van 'n handvol uitgesoekte teoretici wat die politieke wetenskap in onlangse tye opgelewer het. Die kontemporêre aard en aktualiteit van sy bydraes, ook ten opsigte van politieke verandering in Suid-Afrika, maak van hom 'n bykans onmisbare teoretikus waar omstandighede van ingrypende verandering en die transformasie van politieke instellings aan die orde van die dag is.

* * * * *

# ABSTRACT


| | |
|---|---|
| **SUBJECT:** | The transformation of political institutions during times of transition - a reconstruction, interpretation and evaluation of the theoretical contribution of S.P. Huntington. |
| **CANDIDATE:** | André Duvenhage |
| **DEGREE:** | Ph.D. (Political Science) |
| **UNIVERSITY:** | University of the Orange Free State. |

When the present state of affairs in world politics is being reviewed, the single predominant characteristic that emerges is the fundamental and radical political changes that occured during recent years. The development from an old world order to a new one, with by implication, the transformation of political institutions in countries, is demonstrated, inter alia, both by the collapse of communist governments in the USSR and in prominent East Bloc countries, and by a worldwide process of democratization. South Africa, too, is at present caught up in a process of drastic political change which, particularly since 2 February 1990, has had far-reaching implications for existing structures and political institutions. Indeed, South Africa, as is the case with numerous other countries worldwide, illustrates the fact that the transformation of political institutions during transitional periods is a prominent feature of present times.

A theorist that made an enormous contribution towards understanding the transformation of political institutions during periods of transition is the controversial S.P. Huntington. In numerous contributions dating back to the late fifties and particularly to the 1960's, Huntington succeeded in explaining theoretically the phenomenon of the transformation of political institutions during periods of transition and in so doing he clarified a topical and complex phenomenon in world politics. Huntington's contribution is regarded as being of such importance that he is considered to be one of the foremost political scientists of the post World War II period.

The following factors served as motivation for this study which has the following title: *The Transformation of Political Institutions during periods of transition - A reconstruction, interpretation and evaluation of the theoretical contributions of S.P. Huntington:*

1. The topicality of his contributions during a time of sweeping political changes.

2. The status (importance) that his theories attained which resulted in Huntington emerging as a pioneer in his field of study.

3. The gap that exists within contemporary literature as regards the reconstruction, interpretation and evaluation of all the Huntington's contributions with reference to the phenomenon of the transformation of political institutions during periods of transition.

This study attempts to make a contribution towards:

* The development of a metatheoretical framework by means of which political change in general and Huntington's theories in particular may be reconstructed, interpreted and evaluated.

** Determining Huntington's position within the identified field of study in the light of the particular contributions made by him.

*** The reconstruction, interpretation and evaluation of Huntington's contributions by applying the metatheoretical framework as developed for use in this study.

## BIBLIOGRAFIE

Ackron, F. 1982. **Konservatisme.** (*In* Van Vuuren, D.J. & Kriek, D.J. *reds.* Politieke alternatiewe vir Suid-Afrika - grondslae en perspektiewe. Johannesburg : Macmillan. : 32-41.)

Almond, G.A. & Verba, S. 1963. **The civic culture : political attitudes and democracy in five nations.** Princeton : Princeton University Press.

Almond, G.A. 1956. **Comparative political systems.** *Journal of politics*, 18(3) : 391-409.

Almond, G.A. 1960. **Introduction: a functional approach to comparative politics.** (*In* Almond, G.A. & Coleman, J.S., *eds*. The politics of the developing areas. Princeton: Princeton University Press. : 3-64.)

Almond, G.A. 1966. **Political theory and political science.** *The American political science review*, LX(4) : 869-879.

Almond, G.A. 1969. **Determinacy-choice, stability-change: some thoughts on a contemporary polemic in political theory.** *Government and opposition*, 5(1) : 22-40.

Almond, G.A. 1973. **Approaches to developmental causation.** (*In* Almond, G.A., Flanagan, S.C. & Mundt, P. *eds*. Crises, Choice and Change. Boston: Little Brown. : 11-53.)

Almond, G.A. 1988. **Separate tables: schools and sects in political science.** *Political science and politics*, Fall. : 828-842.

Almond, G.A., Flanagan, S.C. & Mundt R.J. *(eds.)* 1973. **Crises, choice and change : historical studies of political development.** Boston : Little Brown.

Anstey, M. 1991. **Negotiating conflict.** Cape Town : Juta.

Apter, D.E. 1955. **The Gold Coast in Transition.** Princeton : Princeton University Press.

Apter, D.E. 1965. **The politics of modernization.** Chicago : University of Chicago Press.

Aristoteles, 1943. **Politics.** New York: Random House.

Bacon, F. 1889. **Novum Organum.** Oxford : Claredon Press. (2nd. corrected ed.)

Ball, A.R. 1983. **Modern politics and government.** London : MacMillan.

Ball, T. 1976. **The workshop - from paradigms to research programs: towards a post-Kuhnian political science.** *American Journal of political science*, XX(1) : 151-177.

Baradat, L.P. 1979. **Political ideologies : their origins and impact.** London : Prentice Hall.

Beardsley, P. 1974. **Political science: the case of the missing paradigm.** *Political theory*, Feb. : 46-61.

Ben-Dor, G. 1975. **Institutionalization and political development : a conceptual and theoretical analysis.** *Comparative studies in society and history*, 17(3) : 309-325.

Bill, J.A. & Hardgrave, R.L. 1973. **Comparative politics: the quest for theory.** Columbus, Ohio. : A. Bell & Howell.

Binder, L., Coleman, J.S., Lapalombara, J., Pye, L.W., Verba, S. & Weiner, M., *(eds.)* **Crises and sequences in political development.** Princeton : Princeton University Press.

Black, C.E. 1966. **The dynamics of modernization : a study in comparative history.** New York : Harper & Row.

Bluhm, W.T. 1965. **Theories of the political system.** Englewood Cliffs, N.J.: Prentice Hall.

Bodin, J. 1977 (1583). **Les six livres de la republique.** Germany : Scienta Verlag Aanlen.

Bollen, K.A. 1979. **Political democracy and the timing of development.** *American Sociological Review*, 44 : 572-587.

Botha, M.E. 1987. **Grondslae-ondersoek: die blootlegging van die onderliggende filosofiese sisteem van wetenskaplike teorieë.** (*In* Paradigmas in die wetenskappe - 'n christelike perspektief. Potchefstroom: PU vir CHO. : 6-20.)

Braithwaite, R. 1955. **Scientific explanation.** Cambridge: Cambridge University Press.

Brecht, A. 1968. **Political theory: approaches.** (*In* Encyclopedia of the social sciences, 12 : 307-318.)

Bryce, J. 1921. **Modern democracies.** London : Macmillan. (vol.I.)

Burke, E. 1905. **Reflections on the French Revolution.** London : Methuen.

Cardoso, F.H. 1973. **Associated-dependent development : theoretical and practical implications.** (*In* Stephen, A. *ed.* Authoritarian Brazil. New Haven : Yale University Press. : 142-178.)

Chandler, N. 1993. **Cultivate generals, says American expert.** *The Star*: 27, Jul.: 13.

Chilcote, R.H. 1981. **Theories of comparative politics : the search for a paradigm.** Boulder, Colo. : Westview.

Coetzee, J.H. 1985. **Eienskappe van en raakpunte tussen Westerse en Suider-Afrikaanse politieke kulture.** Pretoria : RGN. (Verslag pol-18).

Cohen, M. 1956. **A preface to logic.** New York: Meridian.

Crane, D. 1972. **Invisible colleges.** Chicago: University of Chicago Press.

Dahl, R.A. 1971. **Polyarchy : participation and opposition.** New Haven : Yale University Press.

Dahl, R.A. 1992. **The behavioral approach in political science: epitaph for a monument to successful protest.** (*In* Susser, B. *ed.* Approaches to the study of politics. New York: Macmillan. : 27-46.)

de Concordet, M.J.A.N.C. 1955. (1795) **Sketch for a historical picture of the progress of the human mind.** London : onbekend.

De Crespigny, A.R.C. 1987. **Thomas Hobbes.** (*In* Faure, A.M., Gey van Pittius, Kriek, D.J., Louw, A. du P., & Wainwright, E.H. *reds.* Die westerse politieke tradisie. Pretoria : Academica. : 230-252.)

De Jouvenel, B. 1962. **On power.** Boston : Beacon.

Deutsch, K.W. 1961. **Social mobilization and political development.** *American political science review*, 45(3) : 493-514.

Diamond, L., Linz, J.J. & Lipset, S.M. 1988. **Democracy in developing countries: facilitating and obstructing factors.** (*In* Gastil, R.D. *ed.* Freedom in the world: political rights and civil liberties 1987-1988. New York: Freedom House. : 218-243.)

Dooyeweerd, H. 1953. **A new critique of theoretical thought.** Amsterdam: Uitgeverij H.J. Paris. (vol.I.)

Du Plessis, L.J. 1941. **Die moderne staat.** Stellenbosch: Pro Ecclesia.

Du Toit, P.V.D.P. 1987. **Liberale demokrasie.** (*In* Esterhuyse, W.P., Du Toit, P.V.D.P., & Van Niekerk, A.A. *reds.* Moderne politieke ideologieë. Johannesburg : Southern. : 37-62.)

Duvenage, B. 1983. **Roeping en wetenskap.** Potchefstroom : Bentoti.

Duvenhage, A. 1989. **Politieke institusionalisering in oorgangsamelewings : 'n analise van Huntington se standpunte.** Potchefstroom (M.A.-graad - PU vir CHO).

Duvenhage, A. 1992. **Die transformasie van politieke instellings in oorgangstye - 'n analise van Huntington se denke.** *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis*, 17(2) : 20-59.

Duverger, M. 1954. **Political parties : their organization and activity in the modern state.** London : Methuen.

Easton, D. 1953. **The political system - an inquiry into the state of political science.** New York : Alfred A. Knopf. (1st. ed.)

Easton, D. 1965. **A systems analysis of political life.** New York: John Wiley & sons.

Easton, D. 1965a. **A framework for political analysis.** Englewood Cliffs, N.J.: Prentice Hall.

Easton, D. 1967. **The political system - an inquiry into the state of political science.** New York : Alfred A. Knopf. (8th. ed.)

Easton, D. 1968. **Political science.** (*In* Encyclopedia of the social sciences, 12 : 282-298.)

Eisenstadt, S.N. 1962. **Initial institutional patterns of political modernization.** *Civilisation*, 12 : 461 - 472.

Eisenstadt, S.N. 1964. **Breakdowns of modernization.** *Economic development and cultural change*, 12(4) : 345-367.

Eisenstadt, S.N. 1964a. **A Social change, differentiation and evolution.** *American sociological review*, 24 : 375-386.

Eisenstadt, S.N. 1964b. **Institutionalization and change.** *American sociological review*, 14 : 235-247.

Emmerson, R. 1967. **From empire to nation : the rise to self-assertion of Asian and African peoples.** Cambridge, Mass. : Harvard University Press.

Epstein, L.D. 1967. **Political parties in western democracies.** New York : Praeger.

Esterhuyse, W.P. 1982. **Die pad van hervorming: beskouings oor die noodsaaklikheid van strukturele hervorming in Suid-Afrika.** Kaapstad : Tafelberg.

Faure, A.M. 1991. **Metapolitics.** (*In* Venter, A. & Johnston, A. *eds*. Politics: an introduction for Southern African students. Cape Town: Oxford University Press. : 18-48.)

Fick, J.C. 1970. **Contemporary trends and issues in the theory of development.** *Politikon*, 6(2) : 172-192.

Frank, A.G. 1966. **The development of underdevelopment.** *Monthly review*, 18(2) : 17-31.

Frankel, P.H. 1984. **Pretoria's praetorians: civil-military relations in South Africa.** London: Cambridge University Press.

Friedrich, C.J. 1937. **Constitutional government and democracy : theory and practice in Europe and America.** Boston : Little Brown.

Friedrich, C.J. 1963. **Man and his government.** New York : McGraw-Hill.

Gagiano, J.I.K. 1987. **Niccolo Machiavelli.** (*In* Faure, A.M., Gey van Pittius, A.G.A., Kriek, D.J., Louw, A. du P., & Wainwright, E.H. *reds*. Die westerse politieke tradisie. Pretoria : Academica. : 165-181.)

Garnett, J. 1976. **Strategic Studies and its assumptions.** (*In* Baylis, J., Booth, K., Garnett, J. & Williams, P. *eds*. Contemporary strategy: theories and. policies. London: Croom Helm. : 3-22.)

Gastil, R.D. 1985. **Freedom in the world : political rights and civil liberties, 1984 - 1985.** Westport, Conn. : Greenwoord Press.

Gilbert, F. 1986. **Machiavelli : the renaissance of the art of war.** (*In* Paret, P. *ed*. Makers of modern strategy : from Machiavelli to the nuclear age. Princeton : Princeton University Press. : 11-31.)

Gorrel, J.M. 1981. **The explanatory, heuristic and meaning-constituting functions of theoretical models.** Provindence, R.I. (Ph.D. - Brown University.)

Gouldner, A. 1971. **The coming crisis of western sociology.** New York: Basic books.

Groth, A.J. 1979. **The institutional myth : Huntington's order revisited.** *Review of politics*, 41(2) : 203-234.

Grundy, K.W. 1988. **The militarization of South African politics.** New York: Oxford University Press.

Hallowell, J.M. 1946. **The decline of liberalism as an ideology.** London : Paul Trench and Trutner.

Hattersley, A.F. 1930. **A short history of democracy.** Cambridge : Cambridge University Press.

Hirschman, A.O. 1963. **Journeys toward progress: studies of economic policy-making in Latin-America.** New York: The Twentieth Century Fund.

Hobbes, T. 1904. **Leviathian**. Cambridge : Cambridge University Press.

Hobbes, T. 1946. **Leviathan.** Oxford: Basil Blackwell.

Hobbes, T. 1949. **The civic.** New York : Appleton century crofts.

Hobbes, T. 1969. **Elements of law.** London : Cass. (2nd. ed.)

Honderich, T. 1990. **Conservatism.** Boulder : Westview.

Huntington, S.P. 1957. **Conservatism as an ideology.** *American political science review*, 51(2) : 454-473.

Huntington, S.P. 1957. **The soldier and the state: the theory and politics of civil-military relations.** Cambridge, Mass. : Harvard University Press.

Huntington, S.P. *(red.)* 1962. **Changing patterns of military politics.** New York : The Free Press.

Huntington, S.P. 1964. **Conservatism as an ideology.** (*In* Stankiewics, W.J. *ed.* Political thought since World War II. New York : The Free Press. : 356-376.)

Huntington, S.P. 1965. **Political development and political decay.** *World politics*, 17(2) : 386-430.

Huntington, S.P. 1968. **Political order in changing societies.** London : Yale University Press.

Huntington, S.P. 1971. **The change to change: modernization, development and politics.** *Comparative politics*, 3(3) : 283-322.

Huntington, S.P. 1981. **American politics : the promise of disharmony.** Cambridge, Mass. : Harvard University Press.

Huntington, S.P. 1981a. **Reform and stability in a modernizing, multi-ethnic society.** *Politikon*, 8(2) : 8-26.

Huntington, S.P. 1984. **Will more countries become democratic?** *Political Science Quarterley*, 99(2) : 193-218.

Huntington, S.P. 1986. **Whatever has gone wrong with reform?** *Die Suid-Afrikaan*, (8) : 19-22.

Huntington, S.P. 1988. **One soul at a time : political science and political reform.** *American political science review*, 82(1) : 3-10.

Huntington, S.P. 1989. **The modest meaning of democracy.** (*In* Pastor, R.A. *ed*. Democracy in the Americas : stopping the pendulum. New York : Holmes & Meier. : 11-28.)

Huntington, S.P. 1991. **The third wave : democratization in the late twentieth century.** London : University of Oklahoma Press.

Huntington, S.P. 1993. **If not civilizations, what?** *Foreign Affairs,* 72(5) : 186-194.

Huntington, S.P. 1993. **The clash of civilizations.** *Foreign Affairs,* 72(3) : 22-49.

Huntington, S.P. 1993. **The next battleground.** *The Time*. 28 June 1993 : 41.

Huntington, S.P. & Brzezinski, Z. 1959. **Political power : USA/USSR.** New York : Viking Press.

Huntington, S.P. & Moore, C.H. 1970. **Authoritarian politics in modern society : the dynamic of a one-party system.** New York : Basic Books.

Huntington, S.P., Crozier, M. & Watanuki, J. 1975. **The crises of democracy.** New York : New York University Press.

Huntington, S.P. & Nelson, J.M. 1976. **No easy choice : political participation in developing countries.** Cambridge, Mass. : Harvard University Press. (2nd. ed.)

Huntington, S.P. & Dominguez, J.I. 1979. **Political development.** (*In* Greenstein, F.I. & Polsby, N.W., *eds*. Handbook of political science. Boston. Mass. : Addison-Wesley. : 1-113.) (vol.2.)

Huntington, S.P. & Weiner, M. *(eds)* 1987. **Understanding political development.** Boston : Little Brown.

Johnson, C.J. 1964. **Revolution and the social system.** Stanford : Hoover Institution.

Karl, T.L. 1990. **Dilemmas of democratization in Latin-America.** *Comparative politics,* 23(1) : 1-21.

Kaufman, F. 1944. **Methodology of the social sciences.** New Jersey: Humanities Press.

Kebschull, H.G. 1969. **Book reviews: Political order in changing societies.** *The Journal of Politics,* 31(3) : 841-843.

Kenski, H.C. & Kenski, M.C. 1975. **Teaching political development at American Colleges and Universities : a survey.** *Western Political Quarterly*, 28 : 567-578.

Kerlinger, F.N. 1979. **Behavioral research: a conceptual approach.** New York: Holt, Rinehart & Winston.

Kerlinger, F.N. 1986. **Foundations of behavioral research.** New York : CBS.

Kesselman, M. 1973. **Order or movement? the literature of political development as ideology.** *World Politics*, 26(1) : 139-154.

Keyley, C.W. & Wittkopf, E.R. 1989. **Worldpolitics : trend and transformation.** New York: MacMillan.

Kirkpatrick, J.J. 1981. **Democratic elections, democratic government, and democratic theory.** (*In* Butler, D., Penniman, H.R. & Ranney, A. Democracy at the polls. Washington: American Enterprise Institute. : 335-336.)

Kriek, D.J. 1984. **Almond.** (*In* Faure, A.M. & Kriek, D.J. *reds*. Die moderne politieke teorie. Pretoria : Butterworth. : 539-554.)

Kuhn, T.S. 1962. **The structure of scientific revolutions.** Chicago: The University of Chicago Press.

Kuhn, T.S. 1970. **The structure of scientific revolutions.** Chicago : The University of Chicago Press. (2nd. enl. ed.)

Kuhn, T.S. 1970a. **Reflections on my critics.** (*In* Lakatos, I. & Musgrave, A. *eds*. Criticism and the growth of knowledge. Cambridge: Cambridge University Press. : 231-278).

Kuhn, T.S. 1973. **Objectivity, value judgement and theory choice.** (*In* Kuhn, T.S. *eds*. The essential tension. Chicago: The University of Chicago Press. : 320-339).

Kuper, L. 1974. **Race, class and power.** London : Duckworth.

Kuper, L. 1977. **The pity of it all : polarization of racial and ethnic relations.** Minneapolis : Minnesota Press.

Labuschagne, G.S. 1987. **Jean Bodin.** (*In* Faure, A.M., Gey van Pittius, A.G.A., Kriek, D.J., Louw, A. du P., & Wainwright, E.H. *reds*. Die westerse politieke tradisie. Pretoria : Academica. : 210-220.)

Lakatos, I. 1970. **Falcification and the methodology of scientific research programmes.** (*In* Lakatos, I. & Musgrave, A. *eds*. Criticism and the growth of knowledge. Cambridge: Cambridge University Press. : 91-196.)

Laswell, H.D. 1941. **The garrison state.** *American journal of Sociology,* 46(4) : 455-468.

Lawson, K. 1985. **The human polity : an introduction to political science.** New Jersey : Houghton Mifflin.

Lenin, V.I. 1929. **What is to be done?** New York: International Publishers.

Lerner, D. 1958. **The passing of traditional society.** New York : Free Press.

Leys, C. 1982. **Samuel Huntington and the end of the classical modernization theory.** (*In* Alavi, H. & Shanin, T., *eds.* Introduction to the sociology of developing societies. London: MacMillan. : 332-349.)

Linz, J.J. 1978. **Crises, breakdown, and reequilibration.** (*In* Linz, J. & Stephan, A., *eds.* The breakdown of democratic regimes. Baltimore. John Hopkins University Press. : 3-123.)

Lipset, S.M. 1960. **Political man.** New York : Double Day.

Livingstone, A. 1939. **Introduction.** (*In* Mosca, G. The ruling class. New York : McGraw-Hill : ix-xii.)

Loomis, C.P. 1960. **Social systems essays : on their persistence and change.** New York : Van Nostrand.

Loomis, C.P. 1963. **Social change and social systems.** (*In* Tiryakian, E.A. *ed.* Sociological theory, values and sociocultural change. London : Collier-MacMillan. : 185-215.)

Machiavelli, N. 1891. **History of Florence.** London : Routledge and sons.

Machiavelli, N. 1908. **The Prince.** New York : Dutton.

Machiavelli, N. 1940. **The Prince and the discourses.** New York : The modern library.

Machiavelli, N. 1958. **The Prince.** London : Dent.

Machiavelli, N. 1965. **The art of war.** New York : Bobbsmerril.

Machiavelli, N. 1970. **Discourses.** Harmondsworth : Pengium books.

Machiavelli, N. 1988. **Florentine history.** Princeton : Princeton University Press.

Machiavelli, N. s.j. **The Prince.** New York: Clark.

Marcridis, R.C. 1980. **Contemporary political ideologies.** Cambridge : Winthrop.

Marcridis, R.G. 1992. **Major characteristics of the traditional approach.** (*In* Susser, B. *ed.* Approaches to the study of politics. New York: MacMillan. : 16-26.)

Mayer, L.C. 1972. **Comparative political inquiry : a methodological survey.** Homewood. : ILL. : The dorsey press.

Meehan, E.J. 1967. **Contemporary political thought : a critical study.** Homewood, ILL. : The dorsey Press.

Meehan, E.J. 1978. **Philosophy and epistemology: are they compatible?** Paper read at symposium on Philosophy of the Social Sciences, Wooster College.

Mentz, J.C.N. 1983. **Capitalism in Botswana.** (*In* Kotzé, D.A., *red.* Development policies and approaches in Southern Africa. Pretoria : Academica. : 113-127.)

Merkl, P.H. 1967. **Political continuity and change.** New York : Harper & Row.

Merkl, P.H. 1977. **Modern comparative politics.** Hinsdale : Dryden Press. (2 nd. ed.)

Messinger, S.L. 1955. **Organizational transformation : a case study of a declining social movement.** American Sociological Review, 20 (Feb.) : 10.

Meyer, A.G. 1957. **Leninism.** Cambridge, Mass. : Harvard University Press.

Michels, R. 1910. **Zur Soziologie des Parteiwesens in der modernen demokratie.** Leipzig : Klinkhardt.

Michels, R. 1959. **Political parties: a sociological study of the oligarchial tendencies of modern democracy.** New York : Dover.

Moore, B. 1966. **Social origins of dictatorship and democracy.** Boston : Beacon.

Mosca, G. 1896. **Elementi di scienza politica.** Roma : Fratelli Bocca.

Mosca, G. 1939. **The ruling class.** New York : McGraw-Hill.

Mouton, J. & Marais, H.C. 1990. **Basiese begrippe: metodologie van die geesteswetenskappe.** Pretoria : RGN.

Mouton, J. 1987. **Thomas. S. Kuhn.** (*In* Snyman, J.J. & Du Plessis, P.G.W. *reds.* Wetenskapsbeelde in die geesteswetenskappe. Pretoria: RGN. : 57-80.)

Murray, A.H. 1987. **Inleiding.** (*In* Faure, A.M., Gey van Pittius, A.G.A., Kriek, D.J., Louw, A. du P. & Wainwright, E.H. *reds.* Die westerse politieke tradisie. Pretoria: Academica. : 11-26.)

Nagel, E. 1961. **The structure of science: problems in the logic of scientific explanation.** London: Routledge & Kegan Paul.

Niebuhr, R. 1959. **Nations and empires : recurring patterns in the political order.** London : Faber.

O'Brien, D.G. 1972. **Modernization, order and the erosion of a democratic ideal : American political science 1960-70.** *Journal of Development Studies,* 8(2) : 351-378.

O'Dea, T.F. 1963. **Sociological dillemmas : five paradoxes of institutionalization.** (*In* Tiryakian, E.A. *ed*. Sociological theory, values an sociocultural change. London : Collier-MacMillan. : 71-89).

O'Donnel, G. 1973. **Modernization and bureaucratic-authoritarianism.** Berkeley : University of California - Institute for International Studies.

O'Sullivan, N.K. 1976. **Conservatism.** New York : St. Martins Press.

Ogg, F.A. 1934. **European governments and politics.** New York : MacMillan. (1st. ed.)

Ogg, F.A. 1939. **European governments and politics.** New York : MacMillan. (2nd. ed.)

Olivier, G.C. 1979. **Conflict regulation in South Africa: options open to the Afrikaner power establishment.** *Politikon*, 6(1) : 3-12.

Olivier, G.C. 1981. **Hervormingstrategieë in Suid-Afrika.** Politikon, 8(2) : 57-69.

Olivier, G.C. 1984. **Huntington.** (*In* Faure, A.M. & Kriek, D.J., *reds.* Die moderne politieke teorie. Pretoria : Butterworths. : 168-190.)

Organski, A.F.K. 1965. **The stages of political development.** New York : Knopf.

Palmer, M. & Thompson, W. 1978. **The comparative analysis of politics.** Johannesburg : Peacock.

Pareto, V. 1935. **The mind and society.** New York : Harcourt.

Parsons, T. 1947. **Max Weber : the theory of social and economic organization.** New York : Oxford University Press.

Parsons, T. 1951. **The social system.** London : Routledge.

Parsons, T. 1954. **Essays in Sociological theory.** Glencoe, Ill. : The Free Press.

Parsons, T. 1977. **Social systems and the evolution of action theory.** New York : The Free Press.

Perlmutter, A. 1966. **The praetorian state and the praetorian army : towards a taxonomy of civil-military relations in developing politics.** (*In* Finkle, J.L. & Gable, R.W., *eds.* Political development and social change. New York : Wiley. : 305-324.)

Perlmutter, A. 1977. **The military and politics in modern times.** London : Yale University Press.

Pettee, G.S. 1971. **The process of revolution.** New York: Howard Fertig.

Phenix, P.H. 1969. **The disciplines as curriculum content.** (*In* Vandenberg, D. *ed.* Theory of knowledge and problems of education. London: University of Illinois Press. : 189-196.)

Popper, K.R. 1968. **The logic of scientific discovery.** London : Hutchinson.

Popper, K.R. 1972. **The poverty of historicism.** London : Routledge & Kegan Paul.

Potgieter, P.J.J.S. 1979. **Die sogenaamde post-behavioralistiese rewolusie: 'n oplossing vir die krisis in die Amerikaanse Staatsleer?** Potchefstroom. (D.Phil. Proefskrif - PU vir CHO).

Powell, G.B. 1982. **Contemporary democracies.** Cambridge : Harvard University Press.

Preston, P. 1986. **The thruimph of democracy in Spain.** London: Methuen.

Przerworski, A. 1988. **Some problems in the study of the transition to democracy.** (*In* Schmitter, P.G., O'Donnel, G. & Whitehead, L. *eds*. Transitions from authoritarian rule : comparative perspectives. London : The Johns Hopkins University Press. : 47-63.)

Putman, R.D. 1986. **Samuel P. Huntington : an appreciation.** *American political science quarterley*, 14(4) : 837-846.

Pye, L.W. 1962. **Armies in the process of political modernization.** (*In* Johnson, J.J. *ed*. The role of the military in underdeveloped countries. Princeton : Princeton University Press. : 69-90.)

Pye, L.W. 1966. **Aspects of political development.** Boston : Little Brown.

Radnitsky, G. 1968. **Contemporary schools of metascience.** Chicago: Henry Regenery.

Ranney, A. & Kendall, W. 1956. **Democracy and the American party system.** Westport, Conn. : Greenwood Press.

Ranney, A. 1990. **Governing : an introduction to political science.** Berkeley : Prentice Hall.

Ranney, A. Willmore, K. & Latham, E. 1956. **Democracy and the American party system.** New York : Harcourt.

Riggs, F.W. 1967. **The theory of political development.** (*In* Charlesworth, J.C. *ed*. Contemporary political analysis. New York : The Free Press. : 317-349.)

Robey, J.S. 1982. **Reputations vs. citations : who are the top scholars in political science.** *PS.*, Spring 15 (2) : 199-201.

Roettger, W.B. 1978. **Strata and stability : reputations of American political scientists.** *PS.*, Winter 11(1) : 6-12.

Rousseau, J.J. 1954. **The Social contract.** Chicago : Henry Regenery.

Rousseau, J.J. 1975 (1762). **Du Contrat Social - et autres oeuvres politiques.** Paris : Garnier Fréres.

Rudner, R.S. 1966. **Philosophy of social science.** Englewood Cliffs, N.J. : Prentice Hall.

Rudolph, L.I. & Rudolph, S.H. 1967. **The modernity of tradition : political development in India.** Chicago : University of Chicago Press.

Rustow, D.A. 1967. **A world of nations : problems of political modernization.** Washington : Brookings Institution.

Rustow, D.A. 1970. **Transitions to democracy - toward a dynamic model.** *Comparative politics,* 2 (April) : 337-373.

Rustow, D.A. 1970a. **Attaturk as founder of a state.** (*In* Rustow, D.A. *ed.* Philosophers and Kings. New York : George Braziller. : 208-243).

Rustow, D.A. 1990. **Democracy : a global revolution.** *Foreign Affairs*, 69(4) : 75-91.

Rustow, W.W. 1960. **The Stages of economic growth.** Cambridge : Cambridge University Press.

Sabine, G.H. & Thorsun, L. 1973. **A history of political theory.** Hinsdale, Ill : Dryden press. (4th. ed.)

Salamon, L.M. 1978. **Comparative history.** (*In* Lewis, P.G., Potter, D.C. & Casteles, F.G. *eds.* The practice of comparative politics. London. Longman. : 339-360.)

Sarkesian, S.C. 1976. **Revolutionary guerilla warfare : an introduction.** (*In* Sarkesian, S.C., *ed.* Revolutionary guerilla warfare. Chicago : Precedent. : 1-21.)

Sartori, G. 1976. **Parties and party systems : a framework for analysis.** London: Cambridge University Press.

Schapiro, J.S. 1958. **Liberalism : its meaning and history.** New York : D. van Nostrand.

Schmitter, P.G. & O'Donnel, G. 1988. **Transitions from authoritarian rule : tentative conclusions about uncertain democracies.** London : The Johns Hopkins University Press.

Schumpeter, J.A. 1942. **Capitalism, Socialism and Democracy.** London : George Allen & Unwin.

Scruton, R. 1982. **A dictionary of political thought.** London : MacMillan.

Scruton, R. 1984. **The meaning of conservatism.** Hong Kong : MacMillan.

Selznick, P. 1957. **Leadership in administration : a sociological interpretation.** Evanston, ILL. : Row, Peterson and company.

Share, D. & Mainwaring, S. 1986. **Transition through transaction : democratization in Brazil and Spain.** (*In* Selcher, W.A. *ed.* Political liberalization in Brazil: dynamics and future prospects. Boulder, Colo.: Westview Press. : 163-192.)

Share, D. 1987. **Transitions to democracy and transition through transaction.** *Comparative Political Studies,* 19(4) : 525-548.

Shibutani, T. & Kwan, K.M. 1965. **Ethnic stratification.** London : MacMillan.

Sicker, M. 1991. **The genesis of the state.** New York : Praeger.

Spengler, O. 1922. **The decline of the West : perspectives of world history.** London : Allen & Unwin. (vol.1 & 2.) (sec. ed. 1934.)

Spengler, O. 1923. **Der untergang des Abendlandes.** Munchen : Oskar Beck. (vol.1 & 2.)

Starbuck, W.H. 1965. **Organizational growth and development.** (*In* March, J.G. Handbook of organizations. Chicago : Rand McNally. : 451-533.)

Stegmüller, W. 1977. **Collected papers on epistemology, philosophy of science and history of philosophy.** Dordrecht: Reidel.

Stoker, H.G. 1961. **Beginsels en metodes in die wetenskap.** Potchefstroom: Pro Rege.

Strong, C.F. 1960. **Modern political constitutions.** London : Sidgwick & Jackson.

Sykes, J.B. *(ed.)* 1976. **The concise oxford dictionary.** Oxford : Claredon (6th. ed.)

Tocqueville, A. de 1835. **Démocratie en Amerique.** Paris : Rue Saint-German-Des-Prés. (vol. 1) (vol. 2 - 1840.)

Tocqueville, A. de 1953. **Democracy in America.** New York : Alfred A. Knopf (vol. I.)

Tocqueville, A. de 1955. **The old regime and the French revolution.** Gloucester. Mass. : Peter Smith.

Toffler, A. 1968. **Future shock.** London : Pan books.

Tönnies, F. 1887. **Gemeinchaft und Gesellschaft.** Berlin : Frederich Baulfen.

Tönnies, F. 1955. **Community and association.** London : Routledge.

Toynbee, A. 1947. **A study of history.** New York : Oxford University Press. (vol.i-vi.)

Toynbee, A.J. 1955. **A study of history.** London : Oxford University Press. (vol.i-vi.)

Tse Tung, M. 1973. **Revolutionary war in China.** (*In* Kaplan, L., *red.* Revolutions: comparative study. New York: Random House. : 355-367.)

Van Niekerk, P.J. 1986. **Tradisie en vernuwing - kontinuïteit en diskontinuïteit in Afrikanerdenke.** Potchefstroom: Instituut vir Politieke en Afrikastudie, PU vir CHO.

Vasquez, J.A. 1983. **The power of power politics : a critique.** New Brunswick, N.J.: Rutgers University Press.

Viotti, P.R. & Kauppi, M.V. 1993. **International relations theory: realism, pluralism, globalism.** New York : MacMillan.

Von Glahn, G. 1970. **Law among nations: An introduction to Public International Law.** London : MacMillan.

Wallerstein, I. 1991. **Unthinking social science.** Oxford: Polity Press.

Weiner, M. 1967. **Party building in a new nation : the Indian National Congress.** Chicago : University of Chicago Press.

Young, O.R. 1968. **Systems of political science.** New Jersey : Englewood Cliffs.

Zolberg, A.R. 1966. **Creating political order : the party states of West Africa.** Chicago : McNully.

Zuidema, S.U. 1978. **Communisme in ontbinding.** Wageningen: Zuiver & Klaar.